

**DIE TRADISIONELE WÊRELDBESKOING
VAN DIE KHOEKHOEN**

deur

ANSIE (J.A.) HOFF

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van
die vereistes vir die graad

D.Phil. (Volkekunde)

in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte
Universiteit van Pretoria

Pretoria

November 1990

-i-

DANKBETUIGINGS

Talle persone het op direkte en indirekte wyse tot die voltooiing van hierdie proefskrif bygedra. Ek erken met dank en waardering die hulp van die volgende persone:-

Prof RD Coertze onder wie se bekwame en deeglike leiding die proefskrif voltooi kon word.

Die Khoekhoe-informante vir hulle onmisbare bydrae, vriendskap, gasvryheid en entoesiasme.

Die Rooms-Katolieke sendingstasies te Gabis, Heiraxabes, Kakamas, Pella, Upington en in besonder Karasburg vir huisvesting wat aan my verskaf was en die besonder gasvrye wyse waarop ek voortdurend ontvang is. U voorbeeld het 'n blywende indruk op my gemaak.

Mnr Alwyn Cornelissen, vader Edmund Fuchs, sr. Paule-Elizabeth en prof Bill van Niekerk vir hul belangstelling in hierdie studie en die Khoekhoen in die algemeen.

Prof Wilfrid Haacke en dr Kuno Budack vir inligting in verband met die skryfwyse en betekenis van Namawoorde.

Mev San Stone vir die besonder noukeurige wyse waarop sy die manuskrip getik het en die bereidwilligheid waarmee sy dit gedoen het.

Mnr Louis Krüger wat 'n rekenaarprogram deur hom ontwikkel aan my beskikbaar gestel het.

My gesin, Hans, Evert en Huibré, vir hul volgehoue opoffering, aanmoediging en belangstelling.

Pretoria
Oktober 1990

Ansie Hoff

Geldelike bystand gelewer deur die Instituut vir Navorsingsontwikkeling van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir hierdie navorsing word hiermee erken. Menings in hierdie publikasie uitgespreek en gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die outeur en moet nie noodwendig aan die Instituut vir Navorsingsontwikkeling of die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing toegeskryf word nie.

INHOUDSOPGAWE

<u>HOOFSTUK I</u>	1
<u>INLEIDING</u>	1
1. DOELSTELLING	1
2. AFBAKENING VAN TERREIN	3
2.1 Geografies en etnografies	3
2.2 Teoreties	6
3. METODE	19
4. TEGNIESE BESONDERHEDE	27
<u>HOOFSTUK II</u>	29
<u>DIE WÊRELDBESKOULIKE IN DIE RELIGIE</u>	29
1. BONATUURLIKE WESENS	29
1.1 Gode	29
1.1.1 Gevolgtrekkinge	40
1.2 Die mens na die dood	43
1.2.1 Die siel	43
1.2.2 Die gees	46
1.2.2.1 Die bose gees	46
1.2.2.2 Die goeie gees	47
1.2.2.3 Die /hās	51
1.2.2.3.1 Kenmerke	51
1.2.2.3.2 Terminologie	52
1.2.2.3.3 Verkryging van die /hās	52
1.2.2.3.4 Handelingne	53
1.2.3 Gevolgtrekkinge	56
1.3 Ander bonatuurlike wesens	59
1.3.1 Die Grootslange	59
1.3.1.1 Die Grootslang van die veld	60
1.3.1.1.1 Blyplekke	60
1.3.1.1.2 Kenmerke en gewoontes	60
1.3.1.1.3 Slagoffers en aanvalmetodes	63
1.3.1.1.4 Optrede teen die Veldslang	66
1.3.1.2 Die Grootslang van die rivier	68
1.3.1.2.1 Blyplekke	68
1.3.1.2.2 Kenmerke en gewoontes	69

1.3.1.2.3	Slagoffers en aanvalmetodes	72
1.3.1.2.4	Optrede teen die Rivierslang	75
1.3.2	<u>Turus</u>	77
1.3.3	Die Fonteinslang	79
1.3.4	<u>!Ganan!gūb</u>	79
1.3.5	Die dassie-adder	80
1.3.6	Die Witslang	81
1.3.7	Gevolgtrekkinge	82
2.	ONPERSOONLIKE BONATUURLIKE KRAG	87
2.1	Selfwerkende krag by mense	87
2.1.1	Selfwerkende krag tydens oorgangstadiums	87
2.1.2	Selfwerkende krag van bloed	88
2.1.3	Natuurlike geluk by die mens	91
2.1.3.1	Toetse en kenmerke	92
2.1.3.2	Wyses om geluk te vermeerder	95
2.1.3.3	Gesindhede teenoor gelukkige en ongelukkige persone	97
2.1.3.4	Die wyer konsep van geluk	99
2.1.4	Gevolgtrekkinge	100
2.2	Die manipulering van onpersoonlike bonatuurlike krag	104
2.2.1	Goedgekeurde handelinge	104
2.2.1.1	Waarsegging deur persone	104
2.2.1.1.1	Gevolgtrekkinge	109
2.2.1.2	Waarsegging deur voortekens	109
2.2.1.2.1	Gevolgtrekkinge	112
2.2.1.3	Die gebruik van middele en persone vir voorspoed	112
2.2.1.3.1	Gevolgtrekkinge	116
2.2.1.4	Handelinge om voorspoed te verseker	117
2.2.1.4.1	Assosiëring	117
2.2.1.4.1.1	Gevolgtrekkinge	127
2.2.1.4.2	Analogiehandelinge	129
2.2.1.4.2.1	Gevolgtrekkinge	131
2.2.1.4.3	Verbodsbepalinge	131
2.2.2	Afgekeurde magiese handelinge	132
2.2.2.1	Redes vir kwaadwillige benadeling	133
2.2.2.2	Bewyse van kwaadwillige benadeling	134
2.2.2.3	Wyses van kwaadwillige benadeling	135

2.2.2.4	Metodes om kwaadwillige benadeling te voorkom	137
2.2.2.5	Behandeling teen kwaadwillige benadeling	139
2.2.2.6	Gevolgtrekkings	140
 <u>HOOFSTUK III</u>		 143
 <u>DIE WÊRELD-BESKOULIKE IN DIE SOSIALE ORGANISASIE</u>		 143
1.	DIE MENS-LIKE LIGGAAM	143
1.1	Die bloed	143
1.2	Winde	147
1.3	Die lewer	147
1.4	Die maag-aar	147
1.5	Die lewensare	148
1.6	Die baarmoeder	148
1.7	Die kruis	151
1.8	Die milt	152
1.9	Die kop-are	153
1.10	Die fontanel (<u>nam!nâs</u>)	153
1.11	Gevolgtrekkings	154
2.	BEREIKING VAN FISIËSE RYPHEID	156
2.1	Die puberteit-seremonie van die Khoekhoe-meisie	156
2.1.1	Aankondiging van menstruasie	156
2.1.2	Reëlings in verband met die seremonie	157
2.1.3	Doel van die seremonie	160
2.1.4	Die kwesbare posisie van die meisie	161
2.1.5	Die negatiewe invloed van die meisie	164
2.1.6	Prosedure gedurende afsondering	165
2.1.6.1	Voeding	165
2.1.6.2	Gesondheid	168
2.1.6.3	Skoonheidsorg	169
2.1.6.4	<u>Sâ-i</u> , grimeermiddels, versierings en geskenke	171
2.1.6.5	Liggaamsafval	171
2.1.6.6	Besoekers	172
2.1.6.7	Toetse	172
2.1.7	Die voltooiing van die seremonie	177
2.1.7.1	Die finale slagtery	177
2.1.7.2	Besoekers	177
2.1.7.3	Die verskyning van die meisie	177
2.1.7.4	Assosiëring	179

2.1.7.5	Die eerste dae na haar afsondering	185
2.1.8	Verandering	185
2.1.9	Gevolgtrekkinge	186
2.2	Die puberteitseremonie van die Khoekhoe-seun	189
3.	MENSTRUASIE	189
3.1	Die nut van menstruasie	190
3.2	Die kwesbare posisie van 'n menstruerende vrou	190
3.3	Die negatiewe invloed van 'n menstruerende vrou	192
3.4	Gevolgtrekkinge	194
4.	HUWELIKSLUITING	195
4.1	Vereistes by huweliksluiting	195
4.2	Die verhouding	196
4.3	Die huweliksprosedure	197
4.4	Huwelikslewe	205
4.4.1	Inwoning na die huwelik	205
4.4.2	Statusverandering	205
4.4.3	Huweliksprobleme en ontbinding van die huwelik	206
4.4.4	Sluiting van 'n nuwe huwelik	206
4.5	Gevolgtrekkinge	207
5.	GESLAGSOMGANG	209
5.1	Die rol van bloed by geslagsomgang	209
5.2	Kwesbaarheid by geslagsomgang	212
5.3	Die negatiewe invloed van persone tydens en na geslagsomgang	213
5.4	Gevolgtrekkinge	216
6.	SWANGERSKAP	217
6.1	Bevrugting	217
6.2	Voortplanting en swangerskap	220
6.3	Die kwesbare posisie van die swanger vrou en haar baba	224
6.4	Die negatiewe invloed van 'n swanger vrou	227
6.5	Gevolgtrekkinge	229
7.	GEBOORTE	231
7.1	Reëlings in verband met geboortes	231
7.2	Die kwesbare posisie van die vrou	232
7.3	Die negatiewe invloed van 'n kraamvrou	232
7.4	Die kraamproses	233
7.5	Versorging na die bevalling	235
7.6	Prosedure nadat sy opgestaan het	238

7.7	Gevolgtrekkings	239
8.	VERHOUDINGE	240
8.1	Die verhouding tussen man en vrou	240
8.2	Die verhouding tussen ouers en kinders	241
8.3	Die verhouding tussen broers en susters	242
8.4	Die verhouding met ander bloedverwante	244
8.5	Die verhouding met aanverwante	246
8.6	Verhoudings met ander persone	247
8.7	Faktore wat verhoudings bevorder	249
8.8	Gevolgtrekkings	252
9.	DOOD EN BEGRAFNIS	254
9.1	Voorbodes en bekendmaking van sterfgevallen	254
9.2	Begeleiers	256
9.3	Die dood van 'n persoon	256
9.4	Afsondering van die agterblywendes	259
9.5	Die kwesbaarheid van die agterblywendes	260
9.6	Die negatiewe invloed van die agterblywendes	264
9.7	Die lyk	265
9.8	Besoekers by die lyk	266
9.9	Slagtery	267
9.10	Vorbereiding vir die begrafnis	269
9.11	Die begrafnis	270
9.12	Handelings pas na die begrafnis	273
9.12.1	Hande was	273
9.12.2	Ete	273
9.13	Die reiniging van die agterblywende	279
9.13.1	Reiniging en aanwending van oker	279
9.13.2	Behandeling van die fontanel	282
9.14	Behandeling van tuiste	283
9.15	Assosiëring	287
9.16	Verdeling van die klere	288
9.17	Verdere handelings vir geluk	289
9.18	Reëlins vir die behoud van die gesin	289
9.19	Die verhouding met die oorledene na die begrafnis	289
9.19.1	Geantisipeerde behoeftes	290
9.19.2	Bekendgemaakte behoeftes	292
9.20	Gevolgtrekkings	293
10.	DIE <u>!GAO#GOM</u> -SEREMONIE	298
10.1	Betrokkenes	298

-viii-

10.2	Doel en redes	299
10.3	Reëlings in verband met die seremonie	301
10.4	Die kwesbare posisie van die paartjie	302
10.5	Die negatiewe invloed van die paartjie	303
10.6	Die prosedure	304
10.6.1	Die metode	304
10.6.2	Voedsel	306
10.6.3	Reiniging	306
10.6.4	Assosiëring	307
10.7	Gevolgtrekkings	308
 <u>HOOFSTUK IV</u>		 313
<u>DIE WÊRELDBESKOULIKE IN GESONDHEIDSBEVORDERING</u>		313
1.	INLEIDING	313
2.	VREEMDE KRAG IN DIE EIE LIGGAAM	314
2.1	Kwaadwillige invloede	314
2.2	Vuil bloed	315
2.3	Nadelige invloede vanuit die natuur	316
2.4	Die behandeling van hierdie siektes	318
2.4.1	Uitwerping deur bloedlaat	318
2.4.2	Uitwerping deur teruggawe	319
2.4.3	Uitwerping deur massering	320
2.4.4	Uitwerping deur gebruik van natuurmedisyne	321
2.4.5	Gebruik van menskrag vir behandeling en immunisering	322
3.	VERSKUIFDE LIGGAAMSDELE	323
3.1	Behandeling van die verskuifde liggaamsdele	324
4.	BELEMMERING VAN DIE KRAGKOMPONENT IN DIE BLOED	325
4.1	Behandeling van die bloed	325
5.	VERSEKERING VAN SUKSES IN BEHANDELINGS	326
6.	OPVATTINGE IN VERBAND MET BEHANDELINGS	327
7.	GEVOLGTREKKINGE	328
 <u>HOOFSTUK V</u>		 331
<u>DIE WÊRELDBESKOUING VAN DIE KHOEKHOEN</u>		331
1.	INLEIDING	331
2.	DIE SAMEHANG IN DIE HEELAL	333

2.1	Die hoër orde	333
2.2	Die aardse orde	334
3.	DIE MENS	338
3.1	Die mens en sy liggaam	338
3.2	Die mens as kragentiteit	340
3.3	Die mens teenoor ander mense	342
3.4	Die mens teenoor die bonatuurlike	345
4.	DIE NATUUR	347
5.	OORSAAKLIKHEID EN KLASSIFIKASIE	348
6.	BEVINDINGE	350
	<u>BIBLIOGRAFIE</u>	353
	<u>NAMAWOORDELYS</u>	373
	<u>OPSOMMING</u>	x
	<u>SUMMARY</u>	xii
	<u>KAART VAN NAVORSINGSGBIED</u>	xiv

OPSOMMING

Die Khoekhoe-wêreldbeskouing is aan die hand van literatuurnavorsing, waarneming en ondervraging van informante ondersoek. Informante uit die twee Khoekhoe-hoofgroepe naamlik die Kaapse Khoekhoen en die Nama, is betrek. Vanweë die effek van verwestersing kon slegs gegewens oor die wêreldbeskoulike in die religie, die sosiale organisasie en die gesondheidsbevordering bekom word.

Daar is gevind dat die beginsel van lewenskrag die basis van die Khoekhoe-wêreldbeskouing vorm. Hiervolgens sou die entiteite in die heelal, insluitende bonatuurlike wesens, die mens en die natuur, met krag belaaï wees, en sou elke entiteit oor 'n bepaalde hoeveelheid krag beskik volgens sy plek in 'n kraghiërargie. 'n Vermeerdering in krag by 'n bepaalde entiteit sou die balans tussen kragte in die heelal en dus die verhouding tussen entiteite versteur. Die siening is gehuldig dat die mens die grootste hoeveelheid lewenskrag in die oggend en net na 'n oorgangstadium besit, en daagliks asook van een oorgangstadium tot die volgende kragverlies sou ondervind.

In ooreenstemming met die gedagte dat entiteite in die heelal slegs verskillende manifestasies van lewenskrag sou wees, is die geheel as belangriker as die besondere beskou en is weinig onderskeid tussen natuurlik en bonatuurlik of menslik en niemenslik gemaak.

Die mens sou 'n natuurlike band met sy of haar geboorteplek hê. In teenstelling hiermee is die aardse omgewing buite die geboorteplek as vyandig ervaar. Groot nadruk is geplaas op die verkryging van harmonie met die omringende omgewing deur middel van handeling van assosiëring.

Die Khoekhoen het duidelik tussen goed en kwaad onderskei. Die goeie het gesondheid, lewe en vooruitgang ingesluit. Hierteenoor het die kwaad siekte, dood en agteruitgang omvat. Die goeie is toegeskryf aan Tsui//Goab, die goeie god, en die kwaad aan //Gâunab, die slegte god. Albei die wesens is as die fundamentele oorsaaklike faktore beskou.

-xi-

Die Khoekhoen beskou die teenwoordige en die verlede as die twee belangrike tydsektore. Deur waarneming van die geografiese omgewing is tyd as 'n ossillerende proses beskou.

SUMMARY

The world view of the Khoekhoen is examined on the basis of literature study, observation and interviewing of informants. Informants were selected from the two main Khoekhoe groups, namely the Cape Khoekhoen and the Nama. On account of the influence of Westernization only data on world view as it concerns religion, social organization and the promotion of health could be obtained.

It was found that the principle of vital force constitutes the basis of the world view of the Khoekhoen. This implies that the entities in the universe, including supernatural beings, man and nature, are indued with power and that each entity commands a specific amount of power according to its positioning in a power-hierarchy. An increase in the power of a particular entity supposedly disturbs the balance between powers in the universe, and consequently the relationship between entities. It is believed that man possesses the greatest amount of vital force in the morning and immediately after a transitional stage, and that his vital force diminishes every day as well as in the times between transitional stages.

In accordance with the idea that entities in the universe merely constitute different manifestations of vital force, the whole is viewed as being of greater importance than the particular, and the natural and supernatural or human and non-human are not distinguished to any significant extent.


Man has a natural affinity with his or her place of birth. In contrast, the physical environment outside the place of birth is experienced as dangerous. Great emphasis is placed upon the acquisition of harmony with the environment through actions of association.

The Khoekhoen distinguished clearly between good and evil. The good included health, vitality and prosperity. In contrast, evil comprises illness, death and degeneration. Good is ascribed to Tsui//Goab, the benevolent god, and evil to //Gâunab,

-xiii-

the wicked god. Both beings were regarded as fundamental causative factors.

The Khoekhoen considered the present and past as the two important sectors of time. Through observation of the geographical environment time was regarded as an oscillating process.



NAVORSINGS GEBIED

HOOFSTUK I

INLEIDING

1. DOELSTELLING

Die doel met hierdie studie is eerstens om 'n vakkundige kennisleemte te vul aangesien tot dusver, benewens die navorsing van Hoernlé en Budack, weinig gedetailleerde etnografiese navorsing oor die Khoekhoen gedoen is en geen navorsing oor hul wêreldbeskouing as sulks uitgevoer is nie. Dit was tot onlangs die tendens by volkekundige navorsers van Afrikakulture om, ten koste van die wêreldbeskouing, aandag te skenk aan bepaalde ander aspekte van die kultuur soos die politieke organisasie of die ekonomiese struktuur (vgl. Forde 1954:viii-x). Inligting uit die literatuur oor die Khoekhoen was dus onvoldoende. Hierbenewens was die wêreldbeskouing van die Khoekhoen onbekend.

Tweedens is navorsing oor die Khoekhoen dringend noodsaaklik geag aangesien langdurige kontak met die Westerse kultuur wye veranderinge in die Khoekhoe-kultuur tot gevolg gehad het. Disintegrasie van die meer opvallende fasette van die kultuur het ingetree deur die mense se betrokkenheid by die Westerse ekonomie en politiek asook as gevolg van die aanname van die Christelike geloof. Die tradisionele Khoekhoe-kultuur kan dus as 'n verbygaande lewenspatroon beskou word en hierdie navorsing is moontlik een van die laaste geleenthede om 'n gedetailleerde studie daarvan te maak. Die ontworteling van die Khoekhoen het meegehelp dat drankmisbruik en sedelike verval ingetree het en begrip van die tradisionele wêreldbeskouing is nodig om die probleme wat ontstaan het as gevolg van 'n botsing tussen die tradisionele en Westerse wêreldbeskouings te verklaar. Inligting oor tradisionele norme sal dus kan bydra tot die herstel van 'n gevoel van menswaardigheid soos reeds die laaste vier jaar bewys is met die viering van kultuurfeeste.

Omdat daar gepoog is om 'n breë sowel as diepgaande beeld van die Khoekhoe-kultuur te verkry, is op die wêreldbeskouing as studieterrein besluit. Begrip van 'n etnos se wêreldbeskouing

beteken outomaties begrip van hul kultuur as geheel aangesien 'n wêreldbeskouing samehang vertoon met elke faset van 'n kultuur en enkele algemeen geldende lewensreëls die kultuur rig. Kearney is van mening dat indien hierdie lewensreëls of aannames verstaan word 'n navorser in die posisie sou wees om optredes en betekenis wat aan sake geheg word te voorspel en die verband daartussen te verstaan (Kearney 1984:53).

Kultuur word aanvaar as die totale lewenspatroon van 'n sosiaal-organiese verband onder mense. Die grootste sosiaal-organiese verband waarin mense 'n eie lewenswyse, geo-politiese verband en identiteitsbewussyn openbaar, is die etnos. Dit is duidelik dat die etnosverdelinge onder die Khoekhoen reeds in 'n groot mate ten gevolge van akkulturasie en politieke onderwerping verval het. Daar moet dus na 'n ander verband gekyk word.

Etnieë met taalkundige en historiese verband vertoon dikwels ooreenstemmende lewenspatrone, soos die geval is by die etnieë wat die Tswanasprekendes vorm, by die Xhosasprekendes ensovoorts. Hierdie groothede is aanduibaar volgens breë ooreenstemmende lewenspatrone en ooreenstemmende waardestelsels by die kleiner eenhede. 'n Afbakening van hierdie aard neem ook breë verskille in lewenstyl in ag soos dié tussen die Westerse beskawing en die Oosterse beskawings.

Dit is dus moontlik om aan te dui dat die lewenswyse van die Khoekhoe-etnieë 'n breë verband verteenwoordig soos die verband in die lewenswyse van Bantoetaalsprekende etnieë of die draers van die Westerse beskawing. Die breë afbakening van die Khoekhoen berus dus op taalkundige gronde (vgl. Schapera 1930:45; Westphal 1963:251) en op historiese verband (vgl. onderskeiding van Kaapse Khoekhoen en Nama) soos later aangedui sal word. Dit is dus 'n aanname dat daar sprake is van 'n ooreenstemmende wêreldbeskouing by die Khoekhoen as etnieë met 'n verbandhoudende kultuurpatroon.

'n Wêreldbeskouing word as die basis (Foster 1973:19; Forde 1954:viii; Honigmann 1963:189; Möller 1976:1; Tempels 1959:23) en integratiewe faktor van 'n kultuur beskou (Möller 1976:1;

Foster 1973:19; Kearney 1984:53). In die woorde van Wallace : 'A world view is not merely a philosophical by-product of each culture, like a shadow, but the very skeleton of concrete cognitive assumptions on which the flesh of customary behaviour is hung' (Wallace 1970:143). Hierbenewens is die wêreldbeskouing van 'n volk of verbandhoudende volke dié faset van hul lewenswyse wat na bewering by akkulturasie die laaste verander (Malan 1988:61; Van Rooy 1978:1; Möller 1976:7; Forde 1954:viii) en sou as sodanig nog bestudeerbaar wees as die res van die lewenspatroon reeds in belangrike opsigte verander het.

Dit is 'n bekende feit dat die lewenswyse van die Khoekhoe-etnieë ernstig deur oorrompeling en beïnvloeding vanuit die Westerse kultuur verander is oor 'n periode van bykans drie eeue. Dit moet dus aanvaar word dat die bestaan van 'n eie Khoekhoe-wêreldbeskouing na al die jare 'n bewys van besondere verknogtheid aan die eie kultuurgoed sal wees. Daar kan reeds veronderstel word dat die wêreldbeskouing as 'n samehangende waarde-oordeel en kosmologie nie sonder invloed in 'n Westerse rigting bly voortleef het nie.

Aangesien die bestudering van wêreldbeskouings in vergelyking met ander fasette van kultuur in die Volkekunde nog geringer aandag ontvang het, kan gegewens oor 'n Khoekhoe-wêreldbeskouing bydra tot die daarstelling van 'n wyer vakteoretiese basis (Smith 1982:1).

2. AFBAKENING VAN TERREIN

2.1 Geografies en etnografies

Die Khoekhoen geniet as taalgroep 'n wye verspreiding in die RSA en Namibië en woon in 'n breë gordel vanaf Sesfontein in Damaraland tot by die Visrivier in die Oos-Kaap, met inbegrip van dié deel van Namibië ongeveer suid van 'n lyn tussen Windhoek en Gobabis. Geografies sou die Khoekhoen met die blanke volksplanting aan die Kaap volgens hulle woongebiede in twee hoofgroepe, met verdere indeling in stamme, verdeel kon word naamlik, eerstens die Nama in Namibië en in Klein Namakwaland in die RSA en, tweedens, die Kaapse Khoekhoen wat die gebied

suid van Klein Namakwaland tot by die Visrivier in die Oos-Kaap bewoon het. So 'n indeling toon ooreenstemming met die taalkundige klassifikasie van Westphal (1963:251). Die Nama van Namibië was en is nog steeds in stamme verdeel met die !Kharakaikhoen as die mees senior Namastam. Die ander Namastamme naamlik die !Gâmi≠nûn, ≠Aonîn, !Gomen, !Kharakaikhoen, //Habopen, //Ökain, //Khau/gôan en Kharo!oan het gespruit uit sibbes wat van die !Kharakaikhoen afgestig het (Budack 1972a:18). Van hierdie stamme het die //Ökain as selfstandige politieke eenheid heeltemal verdwyn en woon die meerderheid van die !Kharakaikhoen tans in Botswana (Budack 1972:18). Uit oorlewing skyn dit of die noordelike Nama van Klein Namakwaland nog altyd deel van die !Gâmi≠nû-stam uitgemaak het en dat daar moontlik ook afstammelingen van die //Habopen en //Khau/gôan in noordelike Klein Namakwaland verteenwoordig mag wees. Geen gegewens oor stamname by die suidelike Nama van Klein Namakwaland kon egter tot dusver uit oorlewing of in die literatuur opgespoor word nie.

Die Kaapse Khoekhoen het stamme ingesluit soos die Goringhaiqua, Kochoqua, Grigriqua, Gorachoqua, Hessequa en Outeniqua (Schapera 1930:45; Maingard 1931:491, 492). Lede van die Gorachoqua en die Grigriqua het onderskeidelik teen die einde van die sewentiende eeu en die middel van die agtiende eeu die binneland begin intrek en later as die Korana en Griekwa bekend gestaan (Schapera 1930:46). Nasate van die Korana word tans aangetref aan die suidekant van die Oranjerivier ongeveer van Kakamas tot by Prieska en ook verder suidwaarts asook ooswaarts tot in die Oos-Vrystaat (vgl. Engelbrecht 1936:233-236). Nasate van die Griekwa woon veral in die omgewing van Griekwaland-Wes en Griekwaland-Oos, maar baie families kom verspreid tussen die Nama van Klein en Groot Namakwaland voor (vgl. Stow 1905:316-403). Benewens die Korana en Griekwa het groepe na wie as Oorlamse verwys word vanaf die Kaap die binneland ingetrek en hul uiteindelik in Namibië gevestig. Hulle sluit in die !Aman, //Aixa//aen, Kai/Khauan, /Hai/Khauan en /Khopesen-stamme (Budack 1972a:18). Die term 'Oorlamse' verwys na afstammelingen wat voortgespruit het uit biologiese vermenging tussen Kaapse Khoekhoen en Blankes (Hoernlé 1918:65)

en na Khoekhoen wat op blanke plase gebore is en groot geword het en dus meestal Nederlands kon verstaan en praat (Albrecht 1918:99). Van die Kaapse Khoekhoen gebruik slegs die Korana, Griekwa en Oorlamse nog hul stamname as onderskeidingsterminologie en is die !Aman, /Hai/Khauan en /Khopesen van Namibië die enigste van die oorspronklike Khoekhoen van die RSA wat nog as stamme met stamsentra voorkom. Die !Kharakaikhoen en //Aixa//aen het reeds feitlik uitgesterf (Budack 1972a:18).

In die keuse van navorsingsterreine, (vgl. meegaande kaart), is gepoog om informante wat verteenwoordigend is van die twee Khoekhoe-hoofgroepe, dit wil sê van die Nama en Kaapse Khoekhoen, te betrek en is tradisievastheid as 'n belangrike kriterium gebruik. As verteenwoordigende stam van die Nama van Namibië is op die /Gamiñnûn besluit. Navorsing oor hulle is vanuit Karasburg op Hairaxabes, Gabis, Ubib en Warmbad gedoen, asook in die Richtersveld en op Steinkopf. Die !Aman te Kosis naby Bethanie in Namibië, families van Oorlamse afkoms in die Richtersveld, enkele Korana op Keimoes en Kakamas, en enkele Griekwa by Ubib en Keimoes het die Kaapse Khoekhoen verteenwoordig. Hierbenewens is by Upington behalwe Nama van verskillende herkomste ook informante wat oorspronklik afkomstig is van Riemvasmaak aangetref. Die Riemvasmakers, só vernoem na die gebied noord van die Oranjerivier en oos van die oosgrens van Namibië waar hul eers woonagtig was, is 'n groep van gemengde afkoms waaronder persone van Herero-, Damara-, Nama- en Korana-verband ingetrou het. Hulle het as groep egter 'n besliste Khoekhoe-kultuur en het as gevolg van hul eertydse relatiewe isolasie 'n besondere tradisievastheid ontwikkel (vgl. Zaby 1982:37, 38). Hulle het hulle dus as baie goeie informante onderskei. Nie slegs genealogiese afkoms en geografiese verspreiding is dus as kriteria vir die bepaling van geskikte informante gebruik nie. Tradisievastheid was 'n verdere belangrike vereiste. Daar is ook gevind dat hoewel die Oorlamse, Griekwa en Riemvasmakers in die verlede almal aan vreemde kultuurinvloede onderworpe was, by laasgenoemde twee groepe 'n groter tradisiebewustheid voorkom.

2.2 Teoreties

Die begrip wêreldbeskouing kan op verskillende wyses geïnterpreteer word. Daar is die wêreldbeskouings van enkelinge of filosowe, die wêreldbeskouings van beskawings byvoorbeeld die Westerse wêreldbeskouing, wêreldbeskouings wat net oor die estetiese handel byvoorbeeld die Romantiese wêreldbeskouing oor argitektuur, kuns, musiek, ensovoorts. Hierbenewens is daar die wêreldbeskouings van etnieë, dit wil sê gedeelde opvattinge in etnosverband (vgl. Macnamara 1980:17) oor die samehangende verhouding tussen onderdele van die skeppingsorde, waarmee hierdie studie gemeed is.

Hoewel die bewoording van definisies by skrywers verskil, sou 'n gemiddelde definisie van die begrip in volkekundige verband wêreldbeskouing beskryf as die basiese gedagtes, ook na verwys as aannames, voorstellings of kognitiewe oriëntasies, van 'n groep mense op bewuste en onbewuste vlak oor hul wêreld of lewenswerklikheid (Forde 1954:viii; Foster 1973:19; Hammond-Tooke 1981:xiii; Honigmann 1963:189; Kearney 1975:24; Kearney 1984:10, 41, 44, 46; Macnamara 1980:21, 25; Mbiti 1969:2; Möller 1976:1; Redfield 1952:39). Die begrip basiese gedagtes verwys hier na gedagtes oor die betekenis, (Stoker 1961:113) oorsprong, doel en sin (Hessen 1950:277; Stoker 1961:113) van die totale werklikheid. Dit wil sê dit is 'n kulturgebonde interpretasie van die totale lewenswerklikheid (Foster 1973:19; Hammond-Tooke 1981:viii; Redfield 1952:30). Wêreldbeskoulike gedagtes berus dus op waarde-oordele (Forde 1954:x; Herskovits 1962:140; Hessen 1950:290; Mendelson 1968:576; Möller 1976:3).

Die ontwikkeling van die begrip wêreldbeskouing as studieveld in die Volkekunde het gepaard gegaan met 'n strewe op verskillende terreine in die moderne wetenskap om die geheel of konfigurasie te beklemtoon teenoor ontleding van slegs die dele. Wilhelm Dilthey (1833-1911) het die aandag gevestig op die relatiewiteit van wêreldbeskouings in die verskillende filosofiese sisteme en dit gesien as uitdrukkinge van verskeie 'Lebensstimmungen' wat nie een in terme van die ander beoordeel kan word nie (Benedict 1934:36, 37). In die geskiedenis het Oswald Spengler in sy The Decline of the West (1926-1928) gewys op die

kontrasterende konfigurasies van die Westerse beskawing, naamlik die Apollo- en Faust-tipes (Benedict 1934:37, 202; Kearney 1984:23-25; Macnamara 1980:5). Wêreldbeskouings staan as afsonderlike sisteme langs mekaar. Dit is egter 'n feit dat elke lewenspatroon of lewenstyl naas ander fasette 'n besondere wêreldbeskouing vertoon.

Binne die Volkekunde het die studie van die geheel van lewenspatrone saamgegaan met 'n reaksie op die historiese neiging in die evolusionistiese en kultuur-historiese rigtings. Voortaan sou studies nie uitgevoer word slegs om die wetmatigheid in die ontwikkeling van kultuur vas te stel nie, maar sou die aandag gevestig word op sinkroniese studies om wetmatigheid ten opsigte van strukturering af te lei (Bidney 1967:366-367; Lowie 1937:237; Malinowski 1944:27-35, 141, 149). Hierdie verandering in belangstelling is begin deur die sieninge van persone soos Comte, 'n sosioloog, en Spencer, 'n evolusionis, oor struktuur en sosiale organismes (Penniman 1965:58-60, 101-104). Hieruit het onder andere die strukturalisme ontwikkel wat belang gestel het in vorm, orde en sistematiese werking. Die wetenskaplike doel was om die werklike wêreld te ontdek agter die uiterlike gedrag van en verduideliking van informante : '..... to find out what lay behind the secondary rationalization of informants because it was believed that behaviour was governed by implicit premises and rules which the subject intuitively apprehended but did not comprehend' (Voget 1975:309, 313, 314, 359).

Die geografiese en historiese verband tussen onderdele van kultuur het die kultuurhistorici gelei tot denke oor algemene kultuurintegrasie. Hierop volg Boas (beïnvloed deur Bastian se Elementar- en Völkergedanken, 1859) en Frobenius gevolg deur Adolf Jensen, Redfield en Benedict met konsepte soos 'culture area, culture pattern, configuration', persoonlikheidstipes en wêreldbeskouing, asook teorieë oor die funksionele integrasie van kultuurkomponente (Voget 1975:313, 351, 401).

Daar het na die Tweede Wêreldoorlog die neiging tot kulturele vergelyking per kulturfaset en dus tot vakkundige spesialisasie ontstaan. Vakgeleerdes het bekend geraak as spesialiste

sodat die vergelykende bestudering van kultuurfasette soos die politieke organisasie of die kennissistiem aanleiding gegee het tot benaminge soos Politieke en Kognitiewe Antropologie. Sodanige spesialisasierigtings leen vryelik konsepte van ander dissiplines soos byvoorbeeld van die Staatsleer in die geval van Politieke Antropologie (Honigmann 1976:259).

Die soeke na die bewuste en onbewuste verklaring van gedrag het gelei tot die bestudering van denkstrukture as sodanig. Belangstelling het opgevlam in die bestaan van 'ethno-science' (verkryging van kennis oor verskillende sisteme van kategorisering veral deur die bestudering van taal) en 'ethno-semantics' (begripsklassifikasie by verskillende kulture). Hierdie spesialisasieveld het aanleiding gegee tot die benaming Kognitiewe Antropologie as 'n samevattende aanduiding van 'ethno-science' en 'ethno-semantics' (Honigmann 1963:301; Kearney 1975:24). In hierdie sin sou 'n studie van wêreldbeskouings egter nie as 'n onderdeel van Kognitiewe Antropologie beskou kan word nie aangesien die studie van wêreldbeskouings nie slegs van taalanalise vir begripsvorming gebruik kan maak nie maar ook 'n studie moet maak van nie-verbale gedrag en die normatiewe daaragter omdat die wêreldbeskouing ook met die waardestruktuur verband het. In 'n sekere sin het wêreldbeskouings egter 'n besliste verband met, 'ethno-science' en 'ethno-semantics' en sou dit vir sommige deel kon uitmaak van Kognitiewe Antropologie as studieveld van kennis (Kearney 1975:247; Kiernan 1981:6). Diesulkes beredeneer nie die normatiewe element wat in die wêreldbeskoulike opgesluit lê nie.

Ewe-eens sou dit verkeerd wees om wêreldbeskouing uitsluitlik te verbind met religie as die basis van 'n waardestruktuur (vgl. Jonas 1986:58) soos vroeër die tendens was by mense soos Forde, Fortes en Dieterlen, Hammond-Tooke, Stoker (Kiernan 1981: 4, 6; Möller 1976:1) en Van Rooy (Van Rooy 1978:29). Laasgenoemde is baie eksplisiet hieroor : 'It should be clear that the African world view is a religious one. There are no secular compartments in it'. Daar kan akkoord gegaan word met Kiernan dat wêreldbeskouing elemente van die religieuse maar ook van die sekulêre sal insluit (Kiernan 1981:6). Dit

is duidelik dat wêreldbeskouing in soverre dit 'n onderliggende waarde-oordeel aandui alle aspekte van kultuur sal ondervang.

Die eerste publikasies waarin wêreldbeskouing as 'n volkekundige konsep uitdruklik en noukeurig uitgewerk is, word deur Mendelson aangetoon as twee publikasies van Redfield (The Folk Culture of Yucatan, 1941 en The Primitive World View, 1952) asook een van Tax (World View and Social Relations in Guatemala, 1941). Redfield se belangstelling het ontstaan as gevolg van 'n besorgdheid oor die verandering in die Indiaanse kultuur na kontak met die Spaanse, terwyl Tax waargeneem het dat die Guatemala-Indiane steeds waarde heg aan 'n primigene wêreldbeskouing ten spyte van 'n mark-georiënteerde sisteem van sosio-ekonomiese verhoudinge (Mendelson 1968:16, 576, 577).

Kearney (1984) kan egter beskou word as die eerste volkekundige wat gepoog het om 'n omvattende teoretiese raamwerk vir die bestudering van 'n wêreldbeskouing op te stel. Hy besin onder andere oor die ontstaan van wêreldbeskoulike gedagtes, oor die universalia in die wêreldbeskoulike en behandel bepaalde wêreldbeskouings.

Benewens Kearney het weinig ander volkekundiges hulle oor die ontstaan van wêreldbeskouings uitgelaat. Indien egter die minimum definisie van wêreldbeskouing in ag geneem word, naamlik basiese gedagtes of besinning van 'n etnos oor hulle wêreld of lewenswerklikheid, is dit duidelik dat veral die intellektuele wesensaard van die mens vir die ontstaan van kennissisteme van hierdie aard verantwoordelik is. Waarneming en logiese interpretasie van die werklikheid lei tot die opbou van 'n sisteem van kennis (Coertze 1980:44). Evaluering van verskynsels in die lig van die moontlike waarde wat dit vir bestaan het, lei tot die opbou van 'n waardesisteem wat 'n noue band met die kennissisteem vorm (Coertze 1980:44; vgl. Herskovits 1962:140; Möller 1976:3).

Kearney stel dit dat 'n wêreldbeskouing altyd verband het met die waargenome werklikheid maar ook die resultaat is van die aard van die menslike verstandswerking wat die werklikheid interpreteer en dat ondervinding by die formulering van hierdie

oordele die deurslaggewende faktor is. Gedagtes en oordele ontstaan as gevolg van voorafgaande bewuste en onbewuste waarneming deur die sintuie, interpretasie van die werklikheid (Coertze 1980:44; Foster 1973:19; Kearney 1984:44) en die herkominering van die inligting met reeds verkreë kennis wat in die geheue geberg is. Die reeds verkreë kennis kan verander om by die nuwe aan te pas (Kearney 1984:47). Die verband tussen waarneming, verstandswerking, wêreldbeskouing en handeling blyk daaruit dat laasgenoemde die omgewing kan beïnvloed wat weer 'n verandering in waarneming en gevolglike wêreldbeskoulike gedagtes tot gevolg kan hê (Kearney 1984:121; vgl. Forde 1954:vii).

Die verstand klassifiseer die aannames en voorstellings as gevolg van ondervinding in verskillende universele kategorieë (Kearney 1984:47, 48). Kearney onderskei sewe van hierdie universalia nl. die siening van die Self en die Ander, die verhouding tussen Self en Ander, 'n sisteem van kategorisering of klassifikasie, en beskouinge oor die begrippe ruimte, tyd en oorsaaklikheid. Hierdie wêreldbeskoulike kategorieë is universeel by die mens, maar verskil tussen volke na inhoud (Kearney 1984:44).

Sommige aannames en voorstellings wat op die bogenoemde wyse ontwikkel, geskied op bewuste vlak en kan maklik deur proefpersone aan navorsers beskryf word (Foster 1973:20; Kearney 1984:48) soos besinninge oor geloofsopvattinge (Kearney 1984:48) terwyl ander op 'n kultuurbepaalde maar onbewuste vlak plaasvind (Foster 1973:20; Kearney 1984:48; Tempels 1959:21; Van der Walt 1976:3, 5, 6) byvoorbeeld opvattinge oor tydsverloop (Kearney 1984:48). Laasgenoemde onbewuste opvattinge oefen na die oordeel van Kearney 'n groter invloed uit op gedrag (vgl. Foster 1973:20), vorm volgens Kearney die kern van 'n wêreldbeskouing en word deur hom 'first order' voorstellings en aannames genoem. Die universalia van opvattinge oor Tyd, Ruimte en Oorsaaklikheid bevat gewoonlik baie van hierdie aannames. (Kearney 1984:48).

Kearney beskryf 'n wêreldbeskouing verder as 'n geïntegreerde en relatief konsekwente sisteem van opvattinge omdat dit intern logies saamhang en struktureel geïntegreerd is (Kearney

1984:52, 61, 62), asook ekstern versoenbaar is met die omgewing. Dit wil sê dit is 'n refleksie van die wêreldsiening by die betrokke volk (Kearney 1984:5, 52). In teenstelling met wat voorheen beweerd is deur persone soos Lévy-Bruhl (1926:17-23) is die denke van primigene volke vir Kearney nie pre-logies nie maar vertoon die gedagtes 'n interne logiese op-eenvolging (Kearney 1975:249, 262). Indien 'n bepaalde volk byvoorbeeld van mening sou wees dat die wêreld onvoorspelbaar is, sou die logiese uitvloeisel wees dat hulle nie sou glo in waarsêery of die bestaan van natuurwette nie (Kearney 1984:61). Die idees van die primigene mens is dus nie onlogies of irrasioneel nie, maar mag so voorkom vir die buitestaander wat onkundig is oor die geldende aannames in die kultuur van die betrokke volk (Honigmann 1963:189; Kearney 1984:60; Smith 1982:18). Hierbenewens sou sy wêreldbeskouing vir 'n besondere volk die waarheid wees, hoewel dit miskien nie 'n wetenskaplik bewysbare empiriese waarheid is nie. Die waarheidsoordele wat by 'n bepaalde volk geld, is altyd die gevolg van sy eie interpretasie van die werklikheid (Coertze 1980:44 e.v). Dit kan algemeen aanvaar word dat die kenvermoë en interpretasie van die logika in die wêreldbeskouing by informante sal verskil. Forde (1954:vii) verwys selfs na die afwesigheid van 'a single system of beliefs or basic ideas'. Dit word dan die taak van die navorser om hierdie variasie in 'n verbandhoudende begripsgeheel te pas (Kearney 1984:61). Daar moet egter gewaak word teen oorrasionalisering (Kearney 1984:62) omdat die denkstruktuur van die wêreldbeskouing nie noodwendig een logiese of rasonele geheel vorm nie. Daar kan kompartemente wees waarin die verband op analoogvlak geleë nie in die logika bewys kan word nie.

Kearney voer juis aan dat daar binne een wêreldbeskouing analoog-weergawes van 'n bepaalde 'patroon' onderskei sal kan word, byvoorbeeld verskillende weergawes van hiërargiese ordening gebaseer op 'n onverbonde voorstelling van hiërargie soos wanneer 'n onafhanklike rangstruktuur tussen gode, kastes en liggaamsdele aangedui word. Hy verwys na hierdie herhaling van dieselfde patroon as strukturele integrasie (Kearney 1984:62; Forde 1954:vii). Hoewel die inhoud van elke patroon van rang-

orde verskil, sal die komponente se plasing teenoor mekaar nogtans intern logies wees (Kearney 1984:62).

'n Wêreldbeskouing is dus vanuit sy eie samestelling nie altyd 'n heeltemal konsekwente eenheidsstelsel nie. Daar is egter ook ander redes waarom 'n interne logiese inkonsekwentheid in een wêreldbeskouing verwag moet word. Die belangrikste hiervan is die gevolg van kultuurkontak en die aanvaarding van vreemde gedagtes wat hoewel logies onversoenbaar tog naas die oorspronklike opvattinge aanvaar word. Dit lyk dan soms asof die inherente botsende beskouing diegene wat die kultuurverandering deurmaak nie pla nie. Dit is byvoorbeeld die geval met die aanvaarding van die Christendom onder Swartes sonder om die geloof in en diens aan voorouergeeste prys te gee. Die nuwe religieuse gedagtes bestaan naas die oue as 'n afsonderlike denksistelsel. Die gevolglike botsings van opvattinge op kognitiewe vlak verskaf nie 'n probleem nie (Möller 1976:61; Malan 1988:63, 64). Bascom en Herskovits wys ook daarop dat vreemde kultuurelemente dikwels slegs as byvoegsels en nie as plaasvervangers nie oorgeneem word (Möller 1976:7). Benewens kontak met ander volke, onder andere as gevolg van oorrompeling en oorloë, kan klimatologiese veranderinge wat die landskap dramaties verander, of epidemies wat intree, ensovoorts, ook dwingende veranderinge in die omgewing teweeg bring en veroorsaak dat die inwoners dit op 'n nuwe wyse waarneem en beoordeel (Kearney 1984:53, 54, 58, 59, 121). Aannames wat dan uit 'n vorige tydperk kom en wat eintlik nie meer pas nie kan ook verantwoordelik wees vir inkonsekwensies in die heersende wêreldbeskouing (vgl. Forde 1954:vii, viii). 'n Mens moet dus versigtig wees om die bestaande wêreldbeskouing as een samehangende logiese geheel te probeer aanbied.

'n Algemeen geldende wêreldbeskouing by een volk impliseer ook nie dat almal in die gemeenskap al die elemente van dieselfde wêreldbeskouing in dieselfde mate in ag sal of kan neem nie (Kiernan 1981:10). Die leefwêreld van mans en vrouens asook bepaalde sosiale groepe soos smede of ouderdomsgroepe verskil van mekaar en daarom sal sulke groepe besondere fasette van dieselfde wêreldbeskouing anders beklemtoon (vgl. Foster

1973:19). Daar kan egter, soos in die geval van kultuurfasette, aanvaar word dat daar altyd 'n korpus van wêreldbeskoulike elemente sal wees wat dieselfde universele belangrikheid vir alle seksies van 'n volk sal hê (vgl. Pauw 1981:14).

Veranderde omstandighede soos kontak met ander volke lei, soos reeds aangedui is, tot die aanvaarding van nuwe idees (Honigmann 1963:190; Malan 1985:8) en ook tot die aanvaarding van nuwe instellings en materiële goedere waarin hierdie nuwe idees beliggaam word (Malan 1985:8). Die wêreldbeskouing verander gewoonlik stadiger as fasette soos materiële skeppinge (Möller 1976:7; Forde 1954:vii; Van Rooy 1978:1). Möller haal Bascom en Herskovits aan om aan te dui dat sekere kultuurelemente slegs as 'additives' oorgeneem kan word en nie as 'substitutes' nie. Hierdie byvoeginge is dan as uiterlike en oppervlakkige gemeenskaplike ooreenstemminge sigbaar en raak veral alledaagse situasies wat nie as 'waarheid- en krisis-situasies' beskou kan word nie. Oppervlakkig beskou mag dit daarom voorkom asof kultuurkontak groot veranderinge in die basiese beskouinge laat intree het. In 'waarheids- en krisis-situasies', waarna Möller verwys as 'situasies wat nader aan die kern van die lewensbestaan is', kan egter verwag word dat die ouer en dieperliggende en ware wêreldbeskouing weer na vore sal tree (Möller 1976:7). Daar is dus dikwels konflik tussen die ideologie en oppervlakkige praktyk gedurende fases van vin-nige kultuurveranderinge (Forde 1954:viii). Daar is ouer aannames of wêreldbeskoulike elemente wat mettertyd verwerp sal kan word en in die huidige tyd innovasie ontmoedig (Foster 1973:21). Hierdie verskynsel impliseer dat daar by 'n studie van die wêreldbeskouing aandag gegee moet word aan 'n moontlike ouer en 'n jonger vlak in die heersende opvattinge veral waar, soos in die geval van die Khoekhoen, snelle akkulturasie plaasgevind het.

Honigmann is van mening dat 'n kleinskaalse samelewing stadiger en minder opsetlik by hul idees oor die werklikheid byvoeg en dus oor die algemeen stadiger verander. Die afwesigheid van skrif en dus gebrekkige kommunikasie en kontak na buite sal hier 'n bydraende faktor wees (Honigmann 1963:190). Ander

determinante wat die stabiliteit of veranderbaarheid van 'n wêreldbeskouing kan bepaal, sal waarskynlik saamhang met die mate van vryheid van keuse wat aan die individu binne 'n kultuurpatroon gelaat word en die wisselende psigiese vermoëns soos intellek en aanleg by die lede van 'n bepaalde volk (vgl. Coertze 1980:64).

Dit is dus duidelik dat die veranderlikes in 'n bestaande wêreldbeskouing bepaal word deur die innerlike aard daarvan (subvariasie en vryheid), die begaafdhede van die kultuurgenote en ook deur die aard van invloede van buite soos die fisiese omgewing en kontak met ander volke en hulle lewenspatrone.

Ondanks hierdie moontlike interne variasie verwys 'n wêreldbeskouing tog na die samehangende ordening van die werklikheid (Honigmann 1963:190). Kearney onderskei daarom sewe wêreldbeskoulike universalialia wat by die beskrywing van hierdie samehang gebruik kan word, naamlik die Self, die Ander, die verhouding tussen Self en Ander, beginsels vir klassifikasie, en die wyse waarop ruimte, tyd en oorsaaklikheid onderskei word (Kearney 1975:248). Hierin stem hy in hoofsaak met Redfield ooreen, behalwe dat Kearney verhoudings tussens die Self en Ander asook die onderskeiding van oorsaaklikheid as afsonderlike universalialia byvoeg (vgl. Redfield 1952:30, 31). Kearney skryf die voorkoms van hierdie universalialia in alle wêreldbeskouings toe aan die psigiese eenvormigheid van die mens en aan die patroon van toenemende bewuswording by kinders (Kearney 1984:67, 71, 72, 85, 98). Sommige van die universalialia is in 'n groot mate ongeartikuleerde konsepte by die volk wie se wêreldbeskouing bestudeer word, maar word om tegniese redes deur die navorser in sy sistematiek gebruik (Kearney 1984:71). Al hierdie universele verbande kan natuurlik in die wêreldbeskouing van die Weste duidelik aangedui word.

Kearney voer aan dat die mens by alle volke bewus is van die bestaan van die Self. Die mens (Self) vorm eintlik vir die individu die middelpunt in die heelal en ook dus in die wêreldbeskouing, dit wil sê, die mens in verhouding tot die ander komponente van die heelal (Möller 1976:4; Redfield 1952:30). Die Self onderskei homself dus van die Ander, (Redfield 1952:30)

maar is ook in staat om dele van die Self van mekaar te skei (Redfield 1952:30; Mendelson 1968:576). Die Self kan op verskillende wyses beleef word, byvoorbeeld dat die liggaam nie 'n geheel vorm nie soos in 'My tooth hurts me' en dat die siel die liggaam tydelik of permanent kan verlaat. Die siening dat die siel beperk is tot die liggaam is tipies van moderne tegnologies ontwikkelde gemeenskappe. Die skaal waarvolgens die Self gesien word, kan varieer van assosiëring met die kosmos tot die siening van 'n krimpende Self by psigopate (Kearney 1984:69, 70).

Met die begrip Ander word die komponent aangedui wat nie die Self is nie, byvoorbeeld ander mense, die bonatuurlike of die natuur. Kearney verwys hierna as die 'primary conceptual cleavage of perceived reality' (Kearney 1984:71). Die graad van onderskeiding tussen die verskillende fasette in die Ander kan geweldig wissel, byvoorbeeld die graad van onderskeid tussen mens en natuur of tussen bonatuurlike en natuurlike (Redfield 1952:30, 32). Wanneer die proses van toenemende bewuswording van die Ander as afsonderlik van die Self nog nie heeltemal voltooi is by die individu nie, is daar die neiging om aan die Ander gedagtes en gevoelens toe te dig wat aan die Self behoort, dit wil sê, die Ander word 'n projeksie van die Self. Dit sou volgens Kearney meer algemeen wees waar 'n empiriese wetenskap wat verskynsels in terme van natuurwette verduidelik, ontbreek (Kearney 1984:88, 89, 117).

Kollektiewe ondervinding in die verlede ten opsigte van die interaksie tussen die Self en die Ander sal die vorm bepaal wat die verhouding tussen die Self en die Ander aanneem, en hierdie verhouding sal weer die optrede teenoor die Ander bepaal. Kearney bespreek twee soorte verhoudings tussen die Self en die Ander naamlik die 'ekologiese' verhouding en individualisme. Laasgenoemde het betrekking op moderne Westerse gemeenskappe. In 'n ekologiese verhouding sien 'n gemeenskap hulself as intiem betrokke by die Ander en hulle welsyn as gekoppel aan die welsyn van die Ander. Hierdie soort verhouding is volgens Kearney tiperend van bendes en stamme (Kearney 1984:73, 74). Twee fasette word onderskei naamlik die verhouding van die Self

met ander mense en die verhouding van die Self teenoor die Natuur. Alle verhoudings en verbande word volgens Kearney beskou as die resultaat van variërende konsentrasies en vorms van 'n alomteenwoordige energiebegrip, en dus as deel van 'n netwerk van verhoudinge wat afhanklik is van hierdie energie. Die Self word slegs gesien as deel van 'n groep en as 'n faset in die verhoudingsstelsel binne die groep. Dieselfde geld ten opsigte van verhoudings teenoor die Natuur. Die eenheid van die heelal is volgens dié siening afhanklik van die mens wat die middelpunt vorm en wat deur sy verhoudings met ander mense en die Natuur die balans en harmonie daarin moet verseker. Hierdie balans word verkry en behou deur respek vir die samebindende beginsel van krag- of energie-uitruiling tussen alle geskape vorme. Alle waarneembare geskape vorme word dus gesien as manifestasies van 'n fundamentele krag- of energiebeginsel wat die skepping in 'n eenheid saamsnoer (Kearney 1984:74, 75).

Hoewel Kearney nie hierna verwys nie, kan die beginsel van "the limited good" 'n rol in so 'n geskakelde kragstelsel, speel. Die begrip "limited good" of beperkte gunstigheid verwys nie in die eerste plek na materiële goedere nie, maar na lewenskrag, mag, prestige, gesindheid, geluk, ensovoorts (Foster 1973:37; Van Rooy 1978:7). Hiervolgens sal die hoeveelheid gunstige krag wat 'n persoon beheer of dra slegs kan vermeerder ten koste van 'n ander (Foster 1973:35; Van Rooy 1978:7). Indien dit lyk of 'n persoon se lewenskrag verminder, is dit dus 'n 'bewys' dat dit na elders weggetrek word (Van Rooy 1978:7). Die stamhoof is 'n uitsondering. Indien hy magtig en ryk word, beteken dit nie dat hy sy krag vermeerder ten koste van die stam nie. Hy sou slegs hiervan verwyd word indien hy nie sy verpligtinge van resiprositeit teenoor die stam nakom nie (Van Rooy 1978:7). Die aanvaarding van hierdie beginsel van beperkte gunstigheid as bepalende faktor in 'n wêreldbeskouing ontmoedig noodwendig inisiatiefneming en vooruitgang volgens Westerse oordeel (Foster 1973:30, 39). Dit skyn of hierdie stremende patroon van beperkte gunstigheid in die natuur die oorsaak is vir die stadige aanvaarding aan ontwikkelingstimulus by kleinboere. Dit gaan by hierdie begrip van beperkte gunstig-

heid dus om die bewaring van die afgeslotenheid van die groep by wie dit aangetref word.

Die onderskeiding van beginsels vir klassifikasie sou wees om die belangrikste kategorieë wat deur 'n gemeenskap self erken word, die inhoud daarvan en die kriteria waarvolgens die inhoud van hierdie kategorieë saamgroepeer word, vas te stel. Kearney beskou klassifikasie as 'n resultaat van die verstand se interaksie met die eksterne wêreld waaruit die bewuswording van die Self teenoor die Ander te voorskyn gekom het en beskou die splitsing en erkenning van die bestaan in hierdie twee domeine as die eerste instansie van klassifisering (Kearney 1984:78, 81). Verder noem hy dat die kategorieë wat onderskei word dikwels nie noodwendig deur die betrokke mense selfstandig benoem word nie. Uit transkulturele vergelyking blyk dit dat daar 'n groot mate van willekeurigheid bestaan in die klassifisering wat aangetref word en dus dat die kategorieë Self, Ander en Heelal dalk die enigste universele kategorieë mag wees (Kearney 1984:81). Baie kategorieë is dus onderskeidend van en beperk tot bepaalde kulture. Daar is reeds gewys op die bestaan van 'n gebrek aan onderskeid tussen die natuurlike en bonatuurlike by sommige volke. Bepaalde groeperinge in 'n kultuur kan lig werp op die ander wêreldbeskoulike universalie. Indien byvoorbeeld gevind word dat spoke, geeste en die duiwel saamgegroepeer word as bronne van siekte en sonde sou so 'n groepering insig kon bied in verhoudinge by die bepaalde volk en in hul siening van oorsaaklikheid (Kearney 1984:82).

Kearney wys daarop dat alle klassifikasies nie noodwendig op dieper kognitiewe oriëntasies gebaseer hoef te wees nie, maar bloot die gevolg kan wees van taalbeperkinge. Daarom moet daar gedragspatrone teenwoordig wees wat aandui dat die kategorieë op dieper aannames berus voor dit as sodanig aangedui kan word (Kearney 1984:84).

Kearney is die eerste volkekundige om die onderskeiding van oorsaaklikheid as 'n universele faset van wêreldbeskouings te benoem. Hy beskou dit as 'n faset wat uit die siening van die Self en die Ander spruit en wat met die bewuswording by die kind vorm aanneem (Kearney 1984:84). Hy stem saam met Durkheim

se definisie van oorsaaklikheid as 'the idea of efficacy, of productive power, of active force something capable of producing a certain change' (Kearney 1984:84, 85). Daar kan aanvaar word dat 'n konstante erkenning van verband tussen oorsaak en gevolg onderliggend is aan die ekonomiese, religieuse en ander aspekte van die kultuur by alle volke (Kearney 1984:84, 85). Die besondere verklarings vir die oorsaaklikheid verskil egter onderling tussen kulture.

Kearney en Redfield wys albei op die verband tussen die onderskeiding van ruimte en mense se voorstelling daarvan (Kearney 1984:93; Redfield 1952:31). Dit word gereflekteer in rigtinggewende oriëntasies en ander aannames oor die geografiese omgewing, asook in die benutting van ruimte en handeling in bepaalde ruimtes soos by vestigingspatrone (Honigmann 1963:196; Jonas 1986:64; Kearney 1984:93) en die waardetoesegging aan ruimte (Honigmann 1963:196).

Oor die onderskeiding van tyd as 'n universele komponent in die wêreldbeskouing van volke het heelwat skrywers hul uitgelaat (Honigmann 1963:193; Mbiti 1969:14; Kearney 1984:95; Kiernan 1981:10; Redfield 1952:31). Minstens twee benaderings tot die tydpersepsie van volke kan onderskei word, naamlik die bepaling van die tydsektore dit wil sê verlede, hede, of toekoms waarvan die groep die meeste bewus is en waarmee hul die meeste gemoed is (Honigmann 1963:194) en tweedens, die bepaling van voorstelling van tyd as 'n proses. Met betrekking tot laasgenoemde verwys Kearney na twee voorstellinge, naamlik 'n ossillerende en lineêre tydbelewing. Beide is in alle kulture teenwoordig, maar een van die twee begrippe sal gewoonlik deurslaggewend wees. Kearney haal Leach aan as hy aandui dat ossillerende tyd na die begrip van herhaling verwys soos in die pendelswaai van 'n metronoom en dat hierdie tydbegrip waarskynlik ontstaan het uit die waarneming van herhalende verskynsels in die natuur, maar ook binne die lewensduur van 'n individu sodat min ont-plooiende verandering waarneembaar sou gewees het. So 'n tydbegrip is algemeen by tegniese eenvoudige gemeenskappe. Na ossillerende tyd word ook dikwels verwys as sikliese tyd, maar beide Leach en Kearney redeneer dat sikliese bewegings feitlik

heeltemal afwesig was in tradisionele gemeenskappe en dat tyd daar eerder beleef word as 'n nie-kontinuerende ossillerende proses. Lineêre tydsbegrip daarenteen is gebaseer op die idee van nie-herhaling en het waarskynlik ontstaan uit die waarneming van die lewe as 'n onomkeerbare proses van geboorte, ouderdom en dood (Kearney 1984:98-99).

Kearney wys daarop dat die universalia van wêreldbeskouing wat in die voorafgaande dele aangedui is in mindere of meerdere mate 'n geïntegreerde geheel vorm (Kearney 1984:106, 107).

Dit spreek dus vanself dat die samehangende aanbieding van die wêreldbeskouing van die Khoekhoen aan elkeen van die voornoemde universalia aandag sal moet gee en ook sal moet verwys na die patrone van interne samehang. Daar kan ook verwag word dat invloede van die akkulturasieproses in 'n Westerse rigting aangetref sal word.

3. METODE

Die navorsing vir hierdie studie is gegrond op literatuurstudie, veldwerk en waarneming. In die literatuurstudie is eerstens van verskillende veldwerkmetodes en -tegnieke in die werke van Bothma (Eloff & Coertze 1972:15-35), Coertze (Dreyer 1983:87-110), Lewis (1953:452-475), Malinowski (1932:xix-xli) asook Pelto en Pelto (1978) kennisgeneem. Hierna is 'n literatuurstudie ter oriëntering ten opsigte van wêreldbeskouing in die algemeen en die wêreldbeskouinge van besondere volke, uitgesonderd die Khoekhoen waarvan die beskrywing ontbreek het, onderneem. Die literatuur wat reeds oor wêreldbeskouing verskyn het, kan in die volgende kategorieë verdeel word :

- Algemene teoretiese beskrywings wat net oor wêreldbeskouing handel of wat inligting oor wêreldbeskouing bevat soos dié van Hammond-Tooke, Honigmann, Kearney, Kiernan, Redfield (Hammond-Tooke 1981:xi-xiv; Honigmann 1963:189-215; Kearney 1984; Kiernan 1981:3-11; Redfield 1952:30-36).
- Algemene beskrywings van Afrikavolke se wêreldbeskrywings soos beskryf deur Hammond-Tooke, Mbiti,

Tempels, Van Rooy en Verryn (Hammond-Tooke 1974:318-344; Mbiti 1969; Tempels 1959; Van Rooy 1978; Verryn 1976).

- Wêreldbeskouings van bepaalde volke soos beskryf deur Malan oor die Swazi, Mönnig oor die Pedi en Vorster oor die Tswana (Malan 1985; Mönnig 1967:48-54; Vorster 1981:35-59).
- Besprekings van fasette wat nou aan wêreldbeskouing gekoppel word soos denkwyses (Horton 1967:201-226; Parrat 1977:117-126; Van der Walt 1976:1-38), identiteitsontplooiing (Coertze 1985:5-24; Kiernan 1981:3-11), sielkundige samestelling (Benedict 1934; Macnamara 1980:23; Redfield 1952:33), en kultuurtypes soos gebonde teenoor oop kulture (Coertze 1980:82; Kiernan 1981:6, 7).
- Klassifikasie van wêreldbeskouings, byvoorbeeld volgens die deel van die werklikheid wat die belangrikste is vir 'n volk (Redfield 1952:32), of volgens gebondenheid en oopheid van die kultuur (Kiernan 1981:6, 7).
- Wêreldbeskouing en kultuurverandering soos na verwys deur Foster en Kiernan (Foster 1973:42-174; Kiernan 1981:4).

'n Studie van bogenoemde literatuur het getoon dat hoewel daar in die verlede navorsing oor wêreldbeskouing as onderwerp gedoen is en daar by outeurs 'n redelike ooreenstemming was oor die definiëring daarvan, Kearney die enigste outeur is wat gepoog het om 'n omvattende teoretiese basis vir die bestudering van wêreldbeskouinge daar te stel en dus ondersoek in te stel oor onderwerpe soos die ontstaan van wêreldbeskouings en wêreldbeskoulike universalialia, asook redes vir verskille tussen wêreldbeskouings. Tog spreek Kearney nie alle fasette van wêreldbeskouing aan nie. Vir inligting oor watter komponente van kultuur ondersoek moet word om wêreldbeskoulike gegewens te bekom, is die werk van outeurs soos Kiernan en Mbiti nuttig ge-

vind terwyl gegewens oor die klassifikasie van wêreldbeskouings bekom is van die werk van Redfield en Kiernan, en besonderhede oor die invloede van kultuurverandering op 'n wêreldbeskouing van die studies van Foster en Kiernan.

Die navorser het hiernaas sedert 1977 'n studie van alle publikasies oor die Khoekhoen gemaak. Hierdie literatuur omvat, benewens Schapera se kompilasiewerk (Schapera 1930), onder andere Kolb (Kolben 1731), Grevenbroek (1933), Hahn (1881), Hoernlé (1913; 1918; 1922; 1922-1923; 1923; 1925) en Schultze (1907) se redelik uitvoerige besprekings van die Khoekhoen, die oorsigtelike beskrywings van sendelinge soos Barnabas Shaw (1915), verwysings na die Khoekhoen in reisbeskrywings van byvoorbeeld Alexander (1838) en Wikar (1935), asook resente werke oor die Nama soos dié van Budack (1965; 1972) en Du Pisani (1976). Hoewel waar moontlik van die oorspronklike bronne gebruik gemaak is, is Schapera se werk nuttig gevind omdat dit 'n oorsigtelike beeld verskaf van literatuur wat tot 1930 beskikbaar was. Slegs die werke van Hahn en Hoernlé is voldoende gedetailleerd sodat wêreldbeskoulike gedagtes hieruit bekom kon word. Dit het weer eens gewys op die besondere leemte wat daar in die literatuur bestaan.

Die literatuur oor die Khoekhoen het ook duidelik getoon dat dié kultuur lank reeds aan verwestersing blootgestel is. Hoernlé (1918:66) verwys reeds in 1918 na die Khoekhoen as 'a passing people, who have practically given up the struggle of keeping alive their own traditions', en Budack (1972a:11) kom tot die gevolgtrekking dat die kultuurverandering van die Khoekhoe-kultuur die navorser weinig geleentheid tot direkte waarneming bied sodat 'n weergawe van hul kultuur 'n rekonstruksie van die verlede sal moet wees. In die lig hiervan en aangesien na bewering die wêreldbeskouing van 'n groep veel stadiger as die res van hul kultuur verander (vgl. I:1), is 'n studie van die wêreldbeskouing van die Khoekhoen as besonder geskik geag.

Vir die bestudering van die wêreldbeskouing van die Khoekhoen was dit belangrik om 'n databasis daar te stel. Dit is gedoen deur die toepaslike gegewens oor die wêreldbeskoulike wat ter-

loops in die literatuur oor die Khoekhoen genoem is uit te sif sodat dit gekontroleer kon word en daarop uitgebou kon word.

Daar is gevind dat daar in die literatuur oor die teorie van wêreldbeskouing weinig aandag geskenk is aan die aanduiding van die fasette van kultuur wat as die belangrikste bronne vir die bestudering van 'n volk se wêreldbeskouing sou kon dien. Aangesien die menslike intellek 'n deurslaggewende rol speel in die skepping van alle fasette van kultuur (Coertze 1980:32) kan verwag word dat wêreldbeskoulike gedagtes in al hierdie fasette sal voorkom. Die afleiding is dus gemaak dat die hele kultuur van 'n volk as bron vir wêreldbeskoulike gedagtes bestudeer behoort te word om 'n wettige geheelbeeld te bekom. So 'n stellingname is in ooreenstemming met die sieninge van Malan (1988:63) dat die kulturele instellinge van 'n volk in 'n groot mate die uiterlike manifestasies van wêreldbeskoulike aannames is, en ook met die standpunt van Van der Walt (1976:5, 6) dat navorsers gewoonlik 'n wêreldbeskouing konstrueer uit die totale kultuur van 'n volk, en met die oordeel van Kiernan (1981:6) dat sowel die sekulêre as die religie vir wêreldbeskoulike gedagtes in aanmerking geneem behoort te word.

Daar is egter besluit om slegs die fasette met betrekking tot die religieuse orde, sosiale struktuur en gesondheidsbevordering van die Khoekhoen na te gaan vir die basiese denklyne. Soos daar met die veldwerk gevorder is, het dit duidelik geword dat die belangrikste oordele van die Khoekhoen inderdaad in hierdie kulturelfasette raakgevat kon word. Daar is dus in hoofsaak op 'n studie van dié kulturelfasette gekonsentreer. Dit was ook duidelik dat hierdie fasette goed aansluit by die twee belangrikste kategorieë in Kearney se uiteensetting van wêreldbeskoulike universalialia waarna hy verwys as die 'primary conceptual cleavage of perceived reality', naamlik die Self (dit wil sê die mens) en die Ander (dit wil sê ander mense, die bonatuurlike en die natuur) (Kearney 1984:71) aangesien die sosiale, religieuse en gesondheidsfasette besinning oor die mens, die bonatuurlike en die natuur insluit.

Hierdie selfde klemplasing kom ook in die studie van ander navorsers na vore wanneer hulle vrugbare terreine vir die be-

paling van die wêreldbeskoulike aandui. Veral die religie, maar ook gesegdes en mondelinge oorleweringe (Mbiti 1969:22; Forde 1954:vii), inisiasieseremonies (Hammond-Tooke 1981:xiv) en alle lewenskrisissituasies (Möller 1976:7; Fischer 1981:33) is aangedui. Hammond-Tooke koppel wêreldbeskouing ook in die eerste plek aan religie en verwys daarna as 'n sisteem van gelowe sowel as handeling (1974:318, 319), maar beweeg dan wyer as die religie wanneer hy wêreldbeskoulike gedagtes as die basis vir morele norme aandui (1974:359-363). Dit impliseer dat hy menslike gedragspatrone as 'n bron vir wêreldbeskoulike gedagtes beskou. Hiervolgens wil dit dus voorkom of hierdie navorsers religie, taal, die opvoedingstelsel en die sosiale faset van kultuur as bronne bedoel.

Dit was verder uit die veldwerk duidelik dat kultuurfasette soos die politieke organisasie en ekonomiese struktuur van die Khoekhoen ernstig deur die proses van verwestersing aangetas is. Waar nodig het die nuwe begrippe wat so ingevoer is kursoriese aandag ontvang.

Die insameling van gegewens by wyse van waarneming in die veld en die ondervraging van informante het oor 'n periode van twaalf maande van 1985 tot 1989 geskied en twaalf besoeke aan die navorsingsterrein ingesluit. Daar is voortgebou op navorsing wat in die verlede gedoen is vir 'n magisterverhandeling (Hoff 1981) en 'n artikel oor die Nama (1983:9-15).

Informante is gekies om verteenwoordigend te wees van die oorspronklike twee hoofgroepe van die Khoekhoen naamlik die Nama en die Kaapse Khoekhoen. Daarom is daar op die Karasburg omgewing, die Richtersveld en Upington besluit om inligting van die Nama te bekom, en op Kosis, die Richtersveld, Keimoes en Kakamas om met informante van Kaapse Khoekhoe-afkoms te gesels.

Benewens andere is twintig hoofinformante ondervra waarvan agtien reeds pensionarisse was en vier van hulle hulle inkomste deur kleinskaalse veeboerdery aangevul het. Die hoofinformante het tien informante van die Kaapse Khoekhoen en tien Namainformante ingesluit. Vyftien van hierdie informante was reeds bo sewentig terwyl Lyntjie Springbok van Keimoes en Maria

Swartbooi van Gabis reeds bo negentig was. Beide laasgenoemdes is vanweë hul kennis van die tradisionele leefwyse as besonder waardevolle informante beskou. Hierbenewens is Lyntjie Springbok 'n lid van die Korana, 'n Khoekhoe-groep wat lank reeds versplinter het en waarvan relatief min informante opgespoor kon word.

Veertien van die hoofinformante is sover vasgestel kon word, van suiwer Khoekhoe-afkoms. Daar moet egter ook onthou word dat die Khoekhoen vir 'n minimum van 'n honderd jaar reeds aan ernstige verwestersing onderhewig is en veral dié in die RSA ook dikwels biologies vermeng het met veral Blankes en Kleurlinge. By die keuse van informante is dus in die eerste plek op die mate van kennis van die Khoekhoe-kultuur gelet. Daar is in die RSA die uitsonderlike situasie aangetref dat sommige informante wat die resultaat was van biologiese vermenging, oor uitstekende kennis van die tradisionele Khoekhoe-lewenswyse beskik het. Die kennis is gewoonlik van hulle Khoekhoe-moeders aan hulle oorgedra.

By die keuse van informante is verder daarop gelet of die persone deur hulle gemeenskappe as bewaarders van die tradisie beskou is en of hulle oor die kundigheid om dit mee te deel, beskik het. Daar is gevind dat veral die ouer vroue oor al hierdie vereistes beskik onder andere vanweë hul betrokkenheid as voorgangers tydens seremonies. Vyftien van die twintig hoofinformante was dus vroue.

Die eerste kontak met informante het geskied deur sendelinge van die Rooms-Katolieke Kerk te Karasburg, Gabis, Hairaxabes, Keimoes, Kakamas en Upington wat in 'n besonder goeie verhouding met die Khoekhoen staan. Hiernaas moet 'n predikant van die Nederduits-Gereformeerde Kerk te Bethanie asook Khoekhoeleiersfigure te Kosis, Steinkopf en in die Richtersveld genoem word. Om te verseker dat 'n informant 'n afspraak vir 'n onderhoud sou nakom, is die onderhoude gewoonlik by die tuiste van die informant gevoer, hoewel dit ook elders plaasgevind het indien gereken is dat die onderhoude nie sonder steurnis sou verloop nie. Informante is individueel en afsonderlik ondervra aangesien die onderwerpe waarvoor gevra is dikwels van 'n per-

soonlike aard was. Tydens 'n eerste onderhoud met 'n informant is, om hom of haar op die gemak te stel, eers oor sake uitgevra waaroor die informant geen beswaar sou kon hê nie, is foto's getoon van informante op ander plekke wat aan die projek deelneem, is bande met Khoekhoe-sang en -musiek gespeel, is moontlike gevoelens van minderwaardigheid oor hul kultuur oorkom deur die uniekheid van elke kultuur in die aanpassing by die omgewing te verduidelik, en is waarborge van vertroulikheid gegee aan dié wat dit vereis het. Hierbenewens is deurgaans sorg gedra dat die ondervragingstyd nie met die behoeftes van die informante bots nie en is enige onkoste wat deur hulle aangegaan is in aanmerking geneem. Daar is egter nooit enige vergoeding vir inligting betaal nie, maar wel verversings verskaf of 'n klein geskenk soos 'n foto gegee. By geleentheid van 'n kultuurfees te Ubib is 'n slagding aan die gemeenskap geskenk.

Daar is as gevolg van die lang tydsverloop van die navorsing na my mening daarin geslaag om 'n besondere vertrouensverhouding met die informante te vestig wat onder andere daaruit blyk dat persoonlike gegewens asook dié van 'n religieus-magiese aard sonder skroom aan my verskaf is en dat ek verskeie kere as eregas na kultuurfeeste genooi was. Dit is insiggewend dat hierdie kultuurfeeste wat in Namibië deur die Nama Onderwysdepartement gereël is veel bygedra het tot 'n gevoel van trots op die eie wat grootliks by die Khoekhoe-nasate in die RSA ontbreek. 'n Jaarlikse kultuurfees is vanuit die invloed van die navorsing by Ubib, 'n gemeenskap van pensionarisse, ingestel.

By die ondervraging van informante is van 'n ondervragingskedule gebou op literatuurgegewens oor die Khoekhoen gebruik gemaak. Dit is gegrond op reeds beskikbare gesistematiseerde vakkennis oor die verloop van die lewe van die individu. Die stelsel van universalia wat deur Kearney voorgestaan word, het geblyk nie geskik te wees as onderwerpe vir ondervraging nie aangesien die informante nie gemaklik die abstrakte afbakening wat die teoretiese behandeling vereis, begryp het nie. Ondervraging volgens dié afbakening was uiters moeilik tensy konkrete voorbeelde gebruik kon word. Daar is dus besluit om die

ondervraging te doen aan die hand van informante se lewensloop binne die kultuurfasette waar die ervaring en handelingse besonderere lig op die kategorieë van Kearney kon werp.

Nadat 'n aanvanklike raamwerk van gegewens saamgestel is, is meer gedetailleerde vraelyste om antwoorde oor besondere probleemareas te bekom, gebruik.

Vrae is op so 'n wyse gestel dat dit nie die antwoorde kon suggereer nie. Onderhoude is in Afrikaans gevoer omdat al die informante Afrikaans magtig was. Sodoende is dit voorkom om van 'n tolk gebruik te maak en is die moontlikheid van foutiewe interpretasies verminder en selfbewustheid voor 'n tolk uitgeskakel. Daar is gevind dat die informante eiesoortige uitdrukkinge in Afrikaans gebruik. So word byvoorbeeld met iemand wat 'aangedoen' is, iemand bedoel wat kwaadwillig benadeel is. Besonderhede is sover moontlik verbatim aangeteken. Hierdie metode het onder meer die voordeel dat dit 'n databasis verskaf wat later, indien nodig, deur ander navorsers herinterpreteer kan word, en dat dit 'n besondere insig gee in die informant se gedagteproses en wêreldbeskouing (vgl. Reyneke 1986:41). Die verbatim-metode is deur die Bleeks in verband met die /Kham-San gebruik en het baie later aan Lewis-Williams die geleentheid verskaf om die betekenis van gegewens wat vroeër nie verklaar kon word nie, uit te lê. Sodoende is die uitdrukkinge 'om te sterf' en 'onder water' later deur hom herinterpreteer as respektiewelik 'om in 'n beswyming te gaan' en 'die gevoel om in 'n beswyming te wees' (Lewis-Williams 1981:34).

Naas ondervraging is deur waarneming inligting bekom. Sodoende is byvoorbeeld by die aanhoor van 'n gesprek tussen twee Khoekhoe-persone inligting oor kenmerke wat aan die dood toegeskryf is, verkry, en is die trots op die eie tydens kultuurfeeste waargeneem.

Die gegewens wat by een informant verkry is, is altyd by ander geverifieer. Soms is die feite wat 'n informant verskaf het na enkele maande by die persoon self geverifieer deur weer dieselfde vraag te stel. Hierbenewens dien die wêreldbeskouing self as toetsapparaat vir die bevredigende beskrywing van 'n

kultuur. Ruth Benedict (1934) het in hierdie verband reeds aangedui dat die onderdele van een lewenspatroon harmonies saamskakel rondom een of meer sentrale temas. Wanneer 'n kultuurbeskrywing dus hierdie sentrale denklyne in 'n kultuurpatroon na vore laat tree, sou dit in die toets van inherente kongruensie slaag (Coertze 1983:108). Ook Kearney wys op hierdie onderlinge integreerbaarheid deur aan te dui dat aannames in een kategorie die ander wêreldbeskoulike universaliala beïnvloed (Kearney 1984:107).

4. TEGNIESE BESONDERHEDE

Vir besondere sake soos die korrekte skryfwyse van Namawoorde en mediese terme is van die kundigheid van deskundiges gebruik gemaak. Dr KFR Budack en prof Wilfrid Haacke was met die Nama-skryfwyse behulpsaam en dr Johan Op't Hof met die mediese terme. Die stamname van die Nama- en Oorlamse stamme is volgens die Nama-ortografie geskryf. Vanweë die groot variasie in spelwyses wat in die verlede in verband met die stamname van uitgestorwe Kaapse Khoekhoe-stamme gebruik is (vgl. Nienaber 1989) is besluit om, wat die Kaapse Khoekhoe-stamname betref, by die spelwyse van die bron wat gebruik word, te hou.

Die outeur wat in die teks van hierdie verhandeling as Kolb aangedui word omdat dit die algemeen aanvaarde skryfwyse vir sy naam is, word in die literatuurlys en die verwysings na verwys as Kolben aangesien sy naam so op die oorspronklike titelblad van sy werk (Kolben 1731) verskyn het.

Waar gegewens op 'n man of vrou betrekking kon hê, is om omslagtigheid te vermy, meermale slegs van die manlike vorm in die derde persoon enkelvoud gebruik gemaak.

Die name van informante word in die teks aangedui slegs waar inligting 'n informant nie in die verleentheid sou stel nie of waar anonimiteit nie deur die informant as vereiste vir samewerking gestel is nie.

HOOFSTUK II

DIE WÊRELDBESKOULIKE IN DIE RELIGIE

Die navorsing vir hierdie proefskrif het reeds baie vroeg getoon dat die wêreldbeskouing van die Khoekhoen deur 'n begrip van bonatuurlike kragwerking beheers word. Aangesien die kragbeginsel met die religie verband hou, word met beskouinge oor hierdie kultuurfaset begin. Die religie leen homself uitstekend daartoe om gegewens oor die geestelike komponent van die mens en kragentiteite in die algemeen te bekom.

1. BONATUURLIKE WESENS1.1 Gode

In die literatuur word drie gode vermeld wat in die besonder deur die Khoekhoen vereer is. Tsui//Goab was die goeie god wat met besondere respek bejeën is as skepper van die aarde en die mens (Wikar 1935:95; Hahn 1881:62, 64), die mag wat die son laat opkom, en gewer van reën (Hahn 1881:61, 64; Hoernlé 1922-1923:28) en die plante na die reën (Hahn 1881:64). Hy is ook met die donderweer geassosieer (Hahn 1881:38, 64).

Tsui//Goab sou die eerste Khoekhoe gewees het waaruit die ander Khoekhoen ontstaan het en word deur die Khoekhoen as hul voorvader beskou (Hahn 1881:58, 61, 62). Hy was 'n belangrike en ryk stamhoof wat groot hoeveelhede beeste besit het. Hierbenevens was hy 'n vername kragdokter. Hy kon die toekoms voorspel en die genesing van siekes en versekering van gesondheid is aan hom toegeskryf (Hahn 1881:61, 62; Vedder 1928:130). Hy sou met //Gâunab, 'n ander stamhoof wat sy mense doodgemaak het, geveg het en hom oorwin het (Hahn 1881:61). Hy het verskeie kere gestarf en weer herleef (Hahn 1881:61).

Oorlog en kwaad (Hahn 1881:42; Wikar 1935:93), asook siektes en die dood (Hoernlé 1923:520) is aan //Gâunab toegeskryf. Slegte voorbodes (Hahn 1881:89), die warrelwind wat siekte en die dood bring, die bose geeste wat vir siekte en dood verantwoordelik sou wees (Hoernlé 1923:519), asook die vermoë van toornaars (Wikar 1935:93) sou met //Gâunab verband gehou het.

Die woonplek van Tsui//Goab is as 'n pragtige hemel en rooi lug beskryf, terwyl na die woonplek van //Gâunab as 'n donker hemel en swart lug verwys is (Hahn 1881:61, 62).

Haitsi Aibeb, die mitiese heldefiguur, is ook voorgestel as die oorgrootvader van die Khoekhoen en 'n ryk stamhoof wat baie beeste en skape besit het. Hy sou die vermoë gehad het om deur berge te beweeg. Hierbenewens sou hy eienskappe soortgelyk aan dié van Tsui//Goab gehad het. Hy sou 'n wyse man, magtige stamhoof en kragdokter gewees het, sy vyande wat sy mense doodgemaak het, oorwin het, by magte gewees het om die toekoms te voorspel en in die ooste (Hahn 1881:52, 55, 56; Vedder 1928:131, 132) gewoon het.,

Haitsi Aibeb sou, soos Tsui//Goab, verskeie kere gesterf en weer herleef het (Hahn 1881:56). Sy graftes is met klipstapels aangedui waarop elke Khoekhoe 'n klippie of iets dergeliks gooi wanneer hy verbyloop (Hahn 1881:52, 56). Skynbaar is geen seremonies in groepsverband in verband met hom uitgevoer nie, maar is hy wel deur individue by sy graftes vir hulp in die jag- en versamelaksie genader (Hahn 1881:69).

Hahn (1881:86) spekuleer dat //Gâunab moontlik die oudste god en die oorspronklike god van die Khoekhoen was voordat laasgenoemde van die San afgeskei het, aangesien hy ook as godheid by die San voorgekom het, terwyl Tsui//Goab en Haitsi Aibeb by hulle onbekend was. Hierby voeg Vedder (1928:131) die moontlikheid dat eienskappe wat oorspronklik op //Gâunab van toepassing was vermoedelik later aan Tsui//Goab toegeskryf is.

Dit is vandag feitlik onmoontlik om aanvullende gedagtes tot die literatuur oor Tsui//Goab en //Gâunab van informante te bekom. Die Khoekhoe-stamme is reeds tussen een- tot driehonderd jaar aan die kersteningsproses blootgestel. Die Khoekhoe-religie het hom uitstekend tot kerstening geleen vanweë die aanwesigheid van die begrip van 'n goeie en slegte god. Die oorspronklike Khoekhoe-benaminge van hierdie gode is vir die Christelike God en vir die duiwel gebruik. Hierbenewens het die verering van Haitsi Aibeb in onbruik geraak, moontlik omdat 'n derde figuur in die Christelike patroon oorbodig was. Daar

is daarom gepoog om uit beskrywings van gebruike wat tot in die onlangse verlede of hede volgehou is en moontlik op hierdie gode lig kon werp inligting te verkry. Dit was egter feitlik slegs in verband met Tsui//Goab moontlik.

Aangesien Tsui//Goab as die gewer van reën beskou is, en met donderweer geassosieer was, is eerstens hierdie kenmerk ondersoek vir inligting waarna stellings soos dat Tsui//Goab met die oostekant geassosieer was en dat daar aan hom geoffer was, by informante getoets is.

Wat die reën betref, is skaarsheid daaraan onder andere toegeskryf aan Tsui//Goab wat nie meer reën sou stuur nie en wel as straf omdat die mense in resente tye die sprinkane, wat vroeër 'n voedselsoort van die Khoekhoen was en wat van die veld moes gebruik maak, met gifstowwe begin uitroei het. Om te verseker dat dit reën, is vroeër gereeld gedans en is die kinders aangemoedig om dieselfde te doen. Daar moes gedans word dat die stof staan. Die doel hiermee was veelvoudig naamlik sodat Tsui//Goab kon sien dat die mense vrolik is, sodat die stof wat opslaan die behoefte aan reënwolke kon simboliseer en sodat die stof reguit kon optrek na Tsui//Goab. Indien die reën egter wegbly, is die reënseremonie uitgevoer.

Die reënseremonie is slegs in droogtetye uitgevoer en nie as 'n jaarlikse gebeurtenis nie. Daar was wel 'n resente gebruik om tussen Kersfees en Nuwejaar te slag en 'n groot fees te vier, maar dit was nie 'n reënseremonie nie.

Volgens die Nama van die Richtersveld het die !Gâmi≠nû-vlugtelinge uit Namibië wat in 1925 die Richtersveld binnegekom het gereeld die reënseremonie uitgevoer, maar was dit by die plaaslike inwoners onbekend. Ander informante van Namibië asook Lyntjie Springbok, is wel hiermee bekend en twee het 'n reënseremonie persoonlik bygewoon.

Die reënseremonie was primêr 'n offerande aan Tsui//Goab sodat hy reën sou gee. Dit is enige tyd van die jaar uitgevoer en die volle seremonie (dans, gebede, slagtery) het aangehou tot dit gereën het. Een vrou onthou van 'n seremonie by Warmbad in

Namibië wat drie weke lank geduur het. Dit is altyd in die veld by 'n bepaalde groot boom langs 'n lopies gedoen. 'n Matjieshuis waarin die mense kon eet, is spesiaal opgerig.

'n Lid van die stamraad of enige volwassene wat die behoefte voel, kon die seremonie reël. Dit kon 'n groot byeenkoms wees wat ook deur mense van ander plekke bygewoon is, of kon slegs in gesinsverband gedoen gewees het.

Indien hulle kon, het elke gesin 'n dragtige bok, skaap of bees gebring wat dan geslag is. Daar is langs die lopies vuurgemaak, volgens een informant met 'n hoë stapel hout van ongeveer 1,5 meter hoog.

'n Man, volgens sommige 'n ou man, by wie se geboorte dit gereën het, het as slagter opgetree. Hy het die diere se koppe in die lopies afgesny sodat die bloed kon weglou en het die baarmoeder uitgeslag en in die lopies oopgesteek sodat ook die vrugwater in die lopies kon afloop. Dit is gedoen om te simboliseer hoe die reënwater later sou vloei. Hierna is die baarmoeder met die inhoud in die grond van die lopies begrawe. Volgens Lyntjie Springbok kon 'n ou vrou ook die baarmoeder uitslag en die res doen, solank die persoon wat dit doen in die reën gebore was. Volgens een informant het twee ou mense mekaar met die vrugwater natgespat terwyl hul op en af in die lopies gedans het soos die water sou vloei, terwyl Lyntjie Springbok meld dat die vrugwater ook in die veld gespat is.

Enige persoon kon die slaggoed afslag en uitmekaar sny. Die vleis kon gekook of gebraai word en enigeen kon enige van die dele eet.

Die netvet is oor die houtstapel gedrapeer, die vuur is aangesteek en die rou vet en uitgebraaide vet is in die vuur gegooi. Daar kon ook van die rou vleis in die vuur gegooi word. Hierdie dele wat in die vuur geplaas is, is volledig verbrand en moes rook maak wat na Tsui//Goab moes opgaan. Indien die rook reguit opgegaan het en nie net onderlangs gedwarrel het nie, sou Tsui//Goab die offer ontvang het en sou dit reën. Sou dit egter net onderlangs dwarrel, moes die prosedure herhaal word.

Behalwe dat die rook 'n offer vir Tsui//Goab was en daar as 'n rookoffer (/an/an//quibas of khau//quibas) na verwys is, het dit wolke gesimboliseer en sou werklike wolke en dus reën op die seremonie volg. Daar is volgens die informante nooit, soos deur Hoernlé vermeld (Hoernlé 1922:20, 21), melk in die vuur gegooi nie aangesien dit slange sou aanlok.

By die seremonie sou die mense ook tot Tsui//Goab gebid het vir reën, terwyl die ou mense met hulle kieries na bo gewys het. Die noodsaak vir water sodat die vee voedsel sou hê, is in die gebede beklemtoon, byvoorbeeld: 'Dit is die lewe wat ek soek. Die lewe is die lewe van my diere' of: 'Ons is honger, ons is dors, ons diere het nie water nie. Hoekom bly jy so lank weg. Het jy dan vir ons gelos?' of: 'Ons brand dood, ons diere dood van maerte. Stuur vir ons reën'. Een informant meld dat twee ou mense 'n harde beesvel vasgehou en met stokke daarop geslaan het om daardeur die verlangde donderweer te simboliseer terwyl hul sê: 'Hoekom kom jy nie meer met die donderweer soos jy altyd gekom het nie?'.

Dans was 'n belangrike faset van die seremonie. Volgens die informante is die algemene Namastapdanse gedans. Daar moes gedans word dat die stof staan. Die doel met die danse was, soos reeds vermeld, om Tsui//Goab te behaag en om deur middel van die stof wolke te simboliseer. Daar is aangehou dans al het dit al begin reën en al was die mense later papnat, want hoe meer die mense dans, des te meer sou dit reën. Daar is ook gesing, maar ongelukkig kon die inhoud van die liedere nie vasgestel word nie aangesien in resente tye Christelike liedere gesing is.

Al die vleis moes tydens die seremonie opgeëet word. Die bene, en volgens een informant selfs die mis, moes verbrand word aangesien die offerande vir Tsui//Goab bedoel was, en sodat die rook sou opstyg. Daar is aangehou met slag, bid en dans tot dit gereën het.

Wanneer dit wel begin reën het, is Tsui//Goab geprys sodat die reën sou aanhou. Daar is byvoorbeeld na hom verwys as: 'Jy wat die weeskinders grootmaak en die maer kinders vet maak'.

Volgens informante op Kosis sou twee volwasse persone 'n gemsbokriem tussen hulle geswaai het terwyl ander persone heen en weer daaroor gespring en aan die grond geraak het. Hoewel hulle nie die betekenis kon aandui nie, het die funksie miskien raakvlakke met die riem wat tydens donderweer in die middel van die hut moes ahang en aan die grond raak, volgens een informant as aanduiding van hoe die water tot by die grond sou loop.

Indien dit na 'n droogtetyd begin reën het, het die mense volgens een informant weer by die stamhoofkwartier bymekaar gekom en 'n dankoffer geslag en vet in die vuur gegooi. Hierdie keer was dit egter nie 'n dragtige dier nie.

Tsui//Goab is behalwe met reën ook met donderweer verbind. Dit is as die handeling of 'werk' van Tsui//Goab beskou. Na die blitse is verwys as Tsui//Goab se lig of vuur, na die wind as sy asem, en na die dreuning en die donder as sy stem. Volgens twee informante was die donderweer besonder hard wanneer Tsui//Goab vir die mense kwaad was. Lyntjie Springbok meld selfs ontevredenheid met 'n enkele persoon en dat die weerlig dan naby daardie persoon sou slaan.

Verskeie verbodsbepalings wat op eerbied vir Tsui//Goab dui, het tydens donderweer gegeld. Persone moes nie tydens swaarweer lê nie. Ouers het hul kinders wakker gemaak om regop te sit aangesien dit as ongeskik beskou is om te lê terwyl Tsui//Goab werk. Daar moes nie gepraat word en veral nie geraas word nie terwyl dit swaarweer was nie, omdat geglo is dat Tsui//Goab alleen moes praat.

Vee of 'n houer melk wat deur die weer raakgeslaan is, moes nie geëet of gedrink word nie omdat dit ≠khau!nâ (bederf) sou wees vir die mense aangesien 'Tsui//Goab sy hand daaraan gesit het'. So 'n dier moes verbrand of begrawe word en die melk moes weggegooi of vir die honde gegee word. Die verbranding van die dier was waarskynlik die ouer handeling, want Anna Velskoen meld dat dit verbrand is omdat dit aan Tsui//Goab behoort. Dit is in ooreenstemming met 'n ander verwysing van haar na 'n dier wat as offer aan Tsui//Goab 'uitgebrand' sou gewees het. Die as van 'n matjieshuis wat as gevolg van die weerlig verbrand

het, moes volgens Lyntjie Springbok begrawe word. Twee informante weet elk van 'n geval van 'n man wat deur die weerlig raakgeslaan is en wat net daar en nie by die ander grafte nie, begrawe is.

Bepaalde dinge en mense het die weerlig aangetrek. Sâ-i (fyn gemaalde welriekende plantmateriaal) sou as gevolg van die reuk daarvan die weerligslae aangetrek het en 'n sâ-i-bos wat reeds deur die weerlig getref was, sou makliker weer raakgeslaan word, volgens Lyntjie Springbok omdat Tsui//Goab dit reeds aangeraak het. Ander plante met 'n sterk reuk wat maklik raakgeslaan is, was die gifmelkbos en die kanab. 'n Nuwe matjieshuis sou dieselfde aantrekkingskrag gehad het omdat die biesies nog vars was en 'n reuk afgegee het.

Die weer sou geslaan het op die Grootslange, vee, honde, rou vleis, bloed en melk. Die rede sou in die geval van die vee, honde, rouvleis en bloed die reuk daarvan wees. Die meeste informante kon nie 'n rede verstrek vir die feit dat melk weerlig sou aantrek nie, maar een informant meld die 'rou reuk' en 'n ander die 'staal' in die melk. Diere wat pas gepaar het, sou besonder sterk ruik en dus besonder vatbaar gewees het om deur die weerlig raakgeslaan te word.

Sommige mense sou die weerlig aantrek. Alle ongelukkige persone sou 'n reuk gehad het en dus die weerlig aangetrek het. Hierbenewens was swanger vroue die belangrikste mense om weerlig aan te trek. Daarom moes hul nie in die swaarweer buite wees nie. Die rede hiervoor is vir meeste informante onbekend, maar twee meld 'n reuk wat die vrou sou hê en 'n ander die opgegaarde bloed by haar. Volgens sommige sou slegs ongelukkige swanger vroue raakgeslaan word.

Ook menstruerende vroue is as mense wat die weerlig aantrek genoem. Dit sou wees as gevolg van die menstruele bloed en die gepaardgaande reuk. Dit was dus belangrik vir vroue om hulself gereeld te reinig en menstruele afval te begrawe. Volgens sommige sou slegs ongelukkige menstruerende vroue die swaarweer aantrek of makliker as gewone menstruerende vroue raakgeslaan

word. Ook vroue wat 'n baba soog, sou die weerlig as gevolg van die melkreuk wat aan hul kleef, aangetrek het.

Dit dien vermeld te word dat die term 'rou reuk' dikwels gebruik is om die reuk te beskryf waarop die weerlig slaan en wel in verband met rou vleis, vee- of mensbloed en melk.

'n Baba is na geboorte buite die deur van die matjieshuis neergelê om onder andere die kind te toets vir geluk ten opsigte van swaarweer. Sommige persone sou dus van nature ongelukkig wees ten opsigte van die swaarweer en meer geneigd om raakgeslaan te word.

Pogings is ook aangewend om benadeling deur die swaarweer te verhoed of verminder. 'n Baba is in die eerste reën na sy geboorte buite gelê om met die swaarweer onder andere te assosieer sodat hy nie later daarvan sou koue vat, daarvoor sou skrik, daarvan sou siek word of daardeur doodgeslaan sou word nie. Hy sou sodoende 'uitskrik'. Hierdie handeling van assosiering is na verwys as om te 'tuteba' (vgl. II:2.2.1.4.1). Ook 'n puberteitsinisiënt is met die reën en swaarweer geassosieer deurdat sy buite daarin rondgejaag is. Dit was om te verhoed dat sy later, wanneer sy in sulke omstandighede buite moes werk, koue sou vat, dat die weerlig haar raakslaan en dat sy later vir die swaarweer sou skrik. 'n Volledige uiteensetting van hierdie handeling word by 'n bespreking van die puberteitseremonie gegee (vgl. III:2.1.7.4). As algemene voorbehoedmiddel kon 'n persoon grond van 'n plek waar die weerlig pas geslaan het, op sy kop strooi sodat die weerlig nie op hom sou slaan nie. 'n Persoon wat deur die weerlig raakgeslaan is, moes homself met die reënwater van daardie storm afwas, andersins sou hy weer deur die weerlig raakgeslaan word. Sodoende is die persoon ge-tuteba of 'gedokter' (behandel).

Wanneer die swaarweer opgesteek het, is die sâ-i-voorraad en klere wat na sâ-i geruik het, asook medisyne soos ƙanab wat sterk ruik diep en dig weggebêre en is sulke middels nie gebruik nie sodat die weerlig nie op die huis en mense sou slaan nie. Hierdie middels kon egter ook vroegtydig behandel (ge-tuteba) word deur dit in die swaarweer buite te plaas sodat dit

daarna onbevrees binne gehou kon word. Informante is uitgevra oor die oënskynlike teenstelling in verband met die plantmateriaal wat ge-tuteba is en dan nie meer die swaarweer sou aantrek nie, teenoor die siening dat nie vuurgemaak moes word nie met 'n bos wat op natuurlike wyse in die veld raakgeslaan is omdat dit dan juis die swaarweer sou aantrek. Slegs een informant het dit probeer verklaar. Volgens haar is dinge en mense nooit tydens die tuteba-behandeling raakgeslaan nie en sou dus nie later die swaarweer aangetrek het nie. Daar moes ook nie tydens swaarweer met 'n sâ-i-bos of -boom vuur gemaak word nie aangesien die hitte sou veroorsaak dat die reuk meer intens sou wees. Hierbenewens moes daar nie vuur gemaak word met enige boom en bos of sâ-i versamel word van 'n boom of bos wat reeds deur die weerlig getref is nie aangesien die boom, bos of sâ-i makliker weer getref sou word, volgens Lyntjie Springbok omdat Tsui//Goab dit reeds aangeraak het.

Sorg moes gedra word dat daar nie vee of honde in swaarweer naby 'n persoon kom nie en dat die bloed na 'n slagtery begrawe is.

Tydens swaarweer moes persone waar hulle hul ookal bevind, vuur maak, volgens een informant sodat die lig van die hemel en dié van die aarde bymekaar kon kom en die weerlig kon bedaar. In resente tye is ligte aangesteek of aangeskakel. Dit was waarskynlik 'n poging tot assosieëring met die weerlig om versagting daarvan te bewerkstellig.

Verskillende middels kon in die vuur gebrand word om die weer te laat bedaar. Die kloue en horings van vee, nat of vars takke van die huni-boom (witgatboom), die //opo-boom ('n groter soort witgatboom) of die drieringbos is in die vuur gegooi en sou 'n afwerende reuk en rook afgegee het. 'n Meer resente toevoeging en 'n aanduiding van respektiewelik kerklike en Westerse invloed is die gebruik van palmtakke en buitebande om mee rook te maak. Hierbenewens kon die pronkhare van die springbok gebruik word en, volgens een informant, dassiehare om in die vuur te gooi. Informante kon nie die analogie hieraan verbonde verklaar nie. Ook 'n persoon wat in die swaarweer gebore is, of iemand wat as baba nie vir die swaarweer geskrik

het nie se hare kon gebruik word. Daar is spesifiek gevra of dié middels gebruik is om die swaarweer op 'n bepaalde plek naamlik die vuur te laat slaan, maar die antwoord was dat die rook en reuk van bogenoemde middels vir Tsui//Goab bedoel was sodat die swaarweer sou bedaar.

'n Riem kon binne die matjieshuis aan die middelste geboogde paal opgehang word sodat dit die grond raak. Dit is volgens een informant gedoen sodat die weerlig daarmee kon afkom en volgens 'n ander om te wys dat dit nie te hard moet reën nie, maar net sodat die water in die grond sou insak. Een informant meld dat 'n knoop in die vorm van 'n lus in die riem gemaak is waardeur die weerlig die huis kon verlaat. 'n Resente gewoonte is om die Katolieke rosekrans (bidsnoer) buite die deur op te hang.

Lyntjie Springbok meld dat 'n olienhoutkierie by die deur uitgegooi is sodat dit voor die deur lê. Die hout het nie 'n reuk nie, maar was 'gelukkig' ten opsigte van swaarweer om dit te laat bedaar. Die olienhout is 'n 'gelukkige boom' genoem. Ander informante was nie met die gebruik vertrouwd nie.

Om die swaarweer te bedaar is ook op 'n springbok- of bees-horing geblaas waarna die swaarweer gevra is om te bedaar. Dit is aangespreek as Tsui//Goab en soms gevly met woorde soos : 'Jy wat die weeskinders grootmaak' sodat dit genoeg sou reën.

Die swaarweer is gevra om 'stadig te kom' en vertel dat sy 'stem te hard is'. Daar is gesê : 'Praat tog sag'; 'Trek tog jou stem af as jy kom', of 'Jou asem (die wind) is die mense oor. Hoe sal hul jou stem kan staan?'. Hierdeur is die vrees vir die klank van die swaarweer beklemtoon. Die swaarweer is gevra om genadig te wees, byvoorbeeld : 'U het 'n werk om te doen, maar doen dit tog genadiglik dat ons kan bestaan'.

Die nietigheid en weerloosheid van die mens is beklemtoon, deur te sreek : 'Ons is te klein, ons raak te bang, trek van ons die swaarweer terug', of : 'Gaan weg van die mense wat kaal is', of dikwels : 'Ons is swak mense'.

Die swaarweer is ook gevra om weg te gaan : 'Gaan dreun vorentoe'; 'Trek van ons die swaarweer terug'; 'Loop dreun soontoe'; 'Jy kan maar praat, maar vorentoe'; 'Hierdie bietjie wat jy vir ons gegee het, dis nou genoeg'; 'Gaan dreun daar oorkant'; 'Loop maar so dreun-dreun (weg)'.

Iemand wat in die swaarweer gebore is, sou beter met die swaarweer kon praat asook iemand wat nie as baba vir die swaarweer geskrik het nie.

Hierop sou die weer bedaar en weggetrek het. Twee informante stel dit as volg : 'Die reën en die dreuning sou saggies en stadig weggetrek het tot dit heeltemal bedaar het'.

Die aanduidings dat Tsui//Goab met die oostekant geassosieer is, word bevestig deur die inligting van verskeie informante. Twee informante waaronder Lyntjie Springbok, meld dat die ou mense gesê het dat Tsui//Goab aan die kant waar die son opkom bly en dat dit deur hom is dat die son opkom. //Gáunab sou aan die 'donker kant' bly. Hierbenewens is 'n persoon begrawe met die kop na die weste sodat die gesig sonop sou kyk en nie na die donker se kant nie. Ook vroeër toe 'n persoon in 'n sitgende posisie begrawe is, was die gesig sonop gekeer. Lyntjie Vos vertel dat haar spieël jare terug gebreek het en dat dit sewe jaar van ongeluk sou beteken. Haar ouma het haar die raad gegee om dit teen 'n bossie te begrawe sodat ongewenste persone nie daaroor kon stap en haar benadeel nie, en wel aan die sonopkant omdat daardie kant gelukkig sou wees. Hierbenewens moes daar volgens haar slegs aan die sonopkant van 'n medisynebos van die wortels uitgetrek word, aangesien 'die geluk aan sonop se kant sou lê'. Aanvullend hierby meld Lyntjie Springbok dat indien 'n sprinkaan op 'n persoon gaan sit het of in die vuur geval het, die sprinkaan dan in die sonoprigting gegooi moes word omdat die geluk in daardie rigting sou lê.

Daar is aanduidings dat daar benewens offerandes vir reën en dankoffers ook by ander geleenthede tot Tsui//Goab geoffer is. Een informant vertel dat daar volgens die ou mense tot Tsui//Goab geoffer is deur 'n dier net dood te steek en dit dan op die vuur te laat uitbrand, terwyl 'n ander erken het dat sy

steeds wanneer sy iets van Tsui//Goab verlang 'n bietjie vet in die vuur gooi.

1.1.1 Gevolgtrekkinge

Die gegewens wat ingewin is, dui daarop dat die woonplekke van Tsui//Goab en //Gâunab as bonatuurlike wesens, wat deur vorige outeurs en waarnemers onderskeidelik na verwys is as 'n pragtige hemel en 'n rooi lug teenoor 'n donker hemel en swart lug (Hahn 1881:61, 62), respektiewelik die oostekant (sonopkant) en westekant (sononderkant) verteenwoordig. As gevolg hiervan is aan die oostekant die konnotasie van geluk geheg en aan die westekant dié van ongeluk. Hierbenewens is die ruimtelike oriëntasie van êrens bo in die lug aan Tsui//Goab verbind. Daarom moes die rook van die rookoffers optrek en het die mense met hul kieries na bo gewys wanneer hulle bid vir reën.

Die godewêreld van die Khoekhoen het slegs mansfigure, naamlik Tsui//Goab, //Gâunab en Haitsi Aibeb, ingesluit. Dit is duidelik dat die Khoekhoen, in die onlangse verlede altans, Tsui//Goab as die belangrikste van die drie gode beskou het. Hy word beskou as die skepper van die aarde en die mens en was die eerste Khoekhoe, waaruit die Khoekhoen ontstaan het. Hy is die gewer van die reën waarvan die bestaan van die mens en plante na die reën afhanklik is. Hy was 'n vername stamhoof en kragdokter. Hy kon die toekoms voorspel en siektes genees. Gesondheid is aan hom toegeskryf. Hy het besondere eerbied van die mense ontvang. Seremonies is tot sy eer uitgevoer. Hierbenewens openbaar die offerandes aan hom 'n houding van afhanklikheid en ervaar die mense hulself as nietig teenoor hom.

Verskillende elemente in die natuur hou met Tsui//Goab verband. Hy word beskou as die personifikasie van die natuurkragte wat verantwoordelik is vir die reën waarvan die voortbestaan van die plante, diere en die mens afhanklik is. Hy het ook die voedselbronne van die mens, soos die sprinkane, beskerm.

Tsui//Goab is beskou as 'n godheid wat daarvan hou dat die lewe van die mense voorspoedig moes wees en dat hulle tevrede moes wees. Tsui//Goab sou egter ook bestraffend teenoor die mens

optree in welke gevalle hy die reën sou kon terughou, die donderweer besonder hard sou wees of naby die skuldige persoon sou slaan.

Die gemeenskap moes goeie verhoudinge met Tsui//Goab behou om sodoende genoegsaam reën en dus lewensmiddele te verseker. Tsui//Goab kon egter wel in 'n mate deur die mense beïnvloed word. Dit is gedoen deur offerandes, gebede, smeking, deur hom te prys en te vly, deur gebruik te maak van analogie en deur gebruik van bepaalde gunstige reuke. Persone wat as gelukkig beskou is ten opsigte van die swaarweer, sou die swaarweer kon vra om te bedaar. Daar was dus wedersydse kontak tussen Tsui//Goab en die mense moontlik. Tsui//Goab is nie as 'n god wat afsydig teenoor die mens staan, bejeën nie.

Dit wil voorkom of //Gâunab, vir minstens 'n tyd in die geskiedenis van die Khoekhoen, as 'n antitese van Tsui//Goab voorgestel is. Anders as Tsui//Goab sou hy aan die donkerkant (sonderkant) woonagtig gewees het, vir oorlog en die bose, siektes en die dood verantwoordelik gewees het, en met slegte voorbodes, bepaalde warrelwinde, bose geeste en toornaars verband gehou het. Die afleiding kan gemaak word dat Tsui//Goab en //Gâunab die teenstelling tussen lewe (goed) en dood (kwaad) verteenwoordig het.

Haitsi Aibeb skyn volgens Carstens (1975:83) 'n resenter toevoeging tot die gode van die Khoekhoen te wees. Vele positiewe kenmerke is aan hom toegeskryf. Die Khoekhoen het hom egter nie as 'n godheid van dieselfde prominensie as Tsui//Goab en //Gâunab beskou nie, maar eerder as 'n mitiese heldefiguur. Carstens spekuleer dat die gedagte van geluk en ongeluk gekoppel aan individue met hom in verband staan (Carstens 1975:82). Sy woonplek is, in teenstelling met dié van Tsui//Goab en //Gâunab, nie bo aards — nie, maar op die aarde.

Vanuit hierdie bonatuurlike wesens het besondere omvangryke kragvermoë uitgegaan wat die natuur beheers het en die lewe van die mense op onstuitbare wyse beïnvloed het.

Daar was egter ook beperkte kragkomponente aan elke persoon op aarde verbonde. Mense kon 'n negatiewe kragkomponent verbonde aan die persoonlikheidskenmerk van ongelukkigheid besit wat ook in hul reuk geleë sou wees en in welke geval die weerlig hul makliker sou kon raakslaan. Hierteenoor sou gelukkige mense nie so maklik raakgeslaan word nie. Daar was ook 'n kragkomponent in die reuk van swanger, menstruerende en sogende vroue, en in die teenwoordigheid van bloed by swanger vroue en menstruerendes aanwesig wat die swaarweer teen hulle sou laat optree het. Dit wil voorkom of negatiewe kragte uit die bonatuurlike en die omgewing veral die swanger, menstruerende en swanger vroue sou getref het omdat hulle self as kragtiger as gewoonlik beskou is, hulle meer krag as gewoonlik vrygelaat het en hul kragveld en aantrekkingskrag dus sterker as gewoonlik sou gewees het.

Daar kan nie uit die literatuur of die uiteensetting die afleiding gemaak word dat daar 'n besondere verband tussen die groot bonatuurlike kragte en die kragveld van mense bestaan het nie. Alleen in soverre die skepper alle mense en ander skepsele gemaak het, sou 'n mens kon aflei dat hy hulle ook na hulle aard met 'n kragveld of inherente beïnvloedingsvermoë geskape het.

Daar was in die natuur, benewens die reën en swaarweer wat aan Tsui//Goab verbind was, ook ander inherente kragkomponente teenwoordig. Sekere plante het kragkomponente besit. By die witgatbome en driedoringbosse was dié kragkomponent veral aan die reuk van die plante gekoppel. Hoewel 'n olienhoutkierie skynbaar nie 'n reuk gehad het nie sou ook dit 'n kragkomponent bevat het. Ook sekere produkte wat van diere afkomstig is soos die kloue en horings van vee, die pronkhare en horings van die springbok en die hare van die dassie sou kragkomponente met 'n positiewe uitwerking bevat het.

Ander verskynsels in die natuur soos bepaalde plante (byvoorbeeld die gifmelkbos, sâ-i, kanab en vars geplukte bessies) en diere (byvoorbeeld vee en honde) asook produkte van diere afkomstig soos rou vleis, bloed en melk, en diere wat pas gepaar het, sou 'n kragkomponent teenwoordig in die reuk daarvan bevat

het wat die weerlig kon aantrek. Die Grootslange in die natuur sou, vanweë hul reuk, dieselfde uitwerking op die swaarweer tot gevolg hê. Dit wil voorkom of die aggressiwiteit van die weerlig teenoor hierdie entiteite, nie sonder meer toegeskryf kan word aan negatiewe kragvelde by al hierdie entiteite nie. Die kragveld van byvoorbeeld sâ-i word definatief nie deur die Khoekhoen as negatief beskou nie. Die reaksie van die weerlig op hierdie entiteite sou eerder aan te kragtige kragvelde verbode aan hierdie entiteite toegeskryf kan word. Dit het waarskynlik die balans van kragte in die heelal versteur. Die kragvelde van die Grootslange is hier die enigste wat as inherent negatief beskou is.

Benewens kragkomponente in plante en diere was daar dus ook ander kragkomponente in die natuur teenwoordig, naamlik in ander bonatuurlike wesens soos die Grootslange (vgl. I:1.3.1).

Dit skyn of, volgens Khoekhoe-opvatting, geglo is dat wanneer daar 'n band tussen verskynsels in die heelal bestaan daardie verskynsels mekaar nie sou kon benadeel nie. Mense het nie 'n natuurlike band met die swaarweer gehad nie. So 'n band kon egter bewustelik, deur bepaalde handeling, bewerkstellig word. Sommige persone, naamlik ongelukkiges, sou buite hierdie orde geval het aangesien die weerlig hulle ten spyte van handeling van assosiëring sou kon raakslaan.

Dit is uit die beskikbare gegewens duidelik dat eintlik slegs die skepper, Tsui//Goab, deur sy beheersing van die swaarweer en invloed op die reën alomteenwoordige krag kon uitoefen. Die kragvermoë van natuurverskynsels soos plante en diere is van beperkte omvang. Dit hou egter nie verband met die lewe nie aangesien byvoorbeeld hout of dierprodukte dieselfde of soortgelyke geluk of kragvermoë as die lewende komponente het.

1.2 Die mens na die dood

1.2.1 Die siel

Die Khoekhoen het onderskei tussen die siel en gees van 'n persoon. Die siel sou daardie entiteit wees wat by die sterwe van 'n persoon die liggaam verlaat. Daar sou byvoorbeeld gesê word

: 'Hierdie siekte is so ernstig dat dit die pasiënt se siel sal uithaal'. Die siel is dikwels met die wind in die natuur vergelyk. Een informant meld dat die siel soos 'n wind in die liggaam sou versprei het en dat die mens, maar net 'n wind of siel sou wees. Ander beskryf dit as 'n wind wat by die mens uitgaan wanneer 'n persoon sterf.

Daar is aanduidings dat gemeen is dat die siel van 'n baba met die fontanel op die kop verband kon hê. Volgens een informant sou dit die plek wees waar die 'siel uitgaan' terwyl 'n ander van gedagte is dat die siel van 'n baba aanvanklik by die fontanel geleë sou wees voor dit in die liggaam versprei.

'n Afgestorwene se gal sou na drie dae gebars het. 'n Lyk moes dus begrawe word voor drie dae om was aangesien dit gou sou bederf as die gal eers gebars het. 'n Persoon wat verdrink het se lyk sou na drie dae wanneer die gal gebars het, uit die water opkom. Baie informante meld egter dat die gal eers na agt dae sou gebars het. Wanneer die gal breek, sou 'n wind begin waai het. Sommige beskryf dit as 'n gewone wind, terwyl dit volgens ander 'n warrelwind sou wees. Lyntjie Springbok meld dat die graf terselfdertyd effens sou induik. Hierdie verskynsel het nie verband gehou met die wind of reën wat deur die oorledene ge-/hōa (vgl. II:2.1.3) kon word nie of wat voorgekom het om die spore van die dood uit te wis nie. Die wind sou opgekom het omdat die laaste deeltjie, dit wil sê die gal van die oorledene, gesterf het en die persoon dan dus 'heeltemal gesterf het'. Daar is dus 'n skynbare verband tussen 'n siel en die wind. Die siel is soms as 'n wind beskryf. Wanneer die siel die liggaam dan verlaat, sou dit met 'n wind gepaard gaan. Volgens een informant te Kosis sou die siel vertrek wanneer die gal gebars het. Dit is in ooreenstemming met die siening dat die siel nie dadelik nie, maar eers na die begrafnis, sou vertrek. Ander informante meld egter dat die siel sodra die persoon sterf, sou vertrek. Dit skyn of die vertrek van die siel in twee handelingte verdeel kan word. Eerstens het die siel die liggaam verlaat. Dit het gepaard gegaan onder andere met 'n wind wat opgekom het wanneer die persoon sterf en waarin die siel dan sou vertrek het, asook met die eerste slag-

ding wat direk na die afsterwe van die persoon geslag is onder andere moontlik met die oog op die vertrekkende siel. Tweedens sou die siel nadat dit die liggaam verlaat het, volgens sommige informante, nie dadelik nie, maar eers na die begrafnis vertrek het en sou die oorledene dus kon sien hoe die agterblywendes optree.

Dit skyn of daar geglo is dat die siel na 'n bepaalde bestemming sou gaan. Daar is byvoorbeeld vae verwysings na gebede sodat die siel by Tsui//Goab sou uitkom. Informante langs die Oranjerivier, byvoorbeeld sommiges van Riemvasmaak, meld in hierdie verband dat die eerste slagding geslag (vgl. III:9.9) is onder andere om die siel te 'vergesel'. Volgens Lyntjie Springbok het die ou mense gesê dat dit gedoen is sodat die siel 'veilig by die groot werf sou uitkom'. Beide verwysings suggereer 'n reis en 'n plek van aankoms, en Lyntjie Springbok is die enigste wat die plek van aankoms as 'die groot werf' aandui. Sy kon egter geen verduidelikings oor die lokaliteit daarvan verstrek nie. Beide beskrywings suggereer dus 'n offerande. Dit vind aanklank by die besonderhede wat een informant van 'n ou Namaman verkry het dat die eerste slagding bedoel was om die guns van al die afgestorwenes te wen. Dit kon ook met die gebed aan 'n opperwese gepaard gegaan het. Afleidings hieruit oor of dit wel 'n offerande was en vir wie dit gedoen was, sou egter op spekulasie berus. Dit mag ook wees dat ons hier met invloed vanuit die Tswanakultuur te doen het. Lyntjie Springbok is van mening dat dit gedoen is om aan die oorledene te toon dat dit goed gaan met die agterblywendes sodat die oorledene nie deur bekommernis oor laasgenoemdes verhinder sou word om by die 'groot werf' uit te kom nie. Hoewel sy die enigste informant is wat die eerste slagding koppel aan die bekommernis van die agterblywendes oor die onwilligheid van die siel om te vertrek, is dit in ooreenstemming met die gegewens van ander dat indien iets die oorledene voor sy dood sou gepla het, die siel nie onmiddellik sou vertrek nie. Lyntjie Springbok se gegewens dui op die direkte betrokkenheid van die agterblywendes by die siel van die afgestorwene. Dit word bevestig deur 'n begeerte om 'n harmoniese verhouding met die af-

gestorwene te handhaaf deur byvoorbeeld die aanbied van water aan die sterwende.

1.2.2 Die gees

Die entiteit wat die liggaam verlaat en wat daarna sou vertrek is altyd deur informante 'n siel genoem. Wanneer hierdie entiteit egter met die agtergeblewe mense kontak gemaak het deur verskyning of deur blyke van ontevredenheid het die informante hierna verwys as 'n gees. Die dooie wat nou 'n gees genoem is, kon dus met die lewendes in verbinding tree. Na 'n siel wat nie onmiddellik vertrek het nie, word verwys as 'n lastige gees, nie 'n lastige siel nie. Die gees kon hom of haar manifesteer as 'n bose of 'n goeie (goedgesinde) gees.

1.2.2.1 Die bose gees

'n Bose gees sou swart van kleur wees. Dit is ook beskryf as 'n swart skaduwee, 'n geraamte met prominente ribbene, of 'n spook. Die term //qâuab, deur informante vertaal met duiwel, word in verband met so 'n bose gees gebruik, byvoorbeeld //qâuagagab dit wil sê duiwelgees of ≠nū//qâuab (swart duiwel). Vuur kon by sy mond uitkom. Bose geeste sou veral in die omgewing van hul grafte opgetree het, maar ook by nabygeleë woonplekke. Bose geeste sou enige mens, nie net verwante of bekendes nie, bedreig het.

'n Bose gees kon in sigbare gestalte verskyn of kon onsigbaar wees en net gehoor word deurdat hy byvoorbeeld sou mompel of artikels sou omstamp. Hy sou nooit in 'n droom of in 'n warrelwind verskyn nie. 'n Bose gees sou net snags bedrywig wees en sou aggressief wees. Hy sou persone teen wie hy 'n aksie gehad het, jaag, met hulle baklei, of hulle probeer doodmaak. Hy het nie met die slagoffer gepraat nie.

'n Persoon sou 'n bose gees word indien hy baie kwaad was vir iemand toe hy gesterf het byvoorbeeld omdat hy vermoor is (vgl. Schultze 1907:317), of indien hy 'n bose lewe gevoer het. Informante is nie bewus daarvan nie dat persone wat in vreeslike lyding gesterf het, bose geeste sou geword het soos deur Schultze (1907:317) vermeld. Die boosheid van die gees was dus

nie net teen bepaalde persone gemik nie, maar was inherent aan sy geaardheid.

Een informant meld dat wanneer iemand aanvoel dat 'n bose gees agter hom is, hy nooit oor sy regterskouer na die gees moes kyk nie, maar eerder oor sy linkerskouer aangesien die linkerskouer die swakker kant van 'n mens is. Andersins sou die geluk van die persoon se goeie kant weggeneem word. Weinig kon meer teen 'n bose gees gedoen word. Twee informante noem die hou van 'n stukkie van die //āe-jakkals se niertjie of die vetknop by die /gī-jakkals se stert om die bose gees weg te dryf, maar ander ontken dat dit kon help. Dit sou ook nie help om met die bose gees te probeer redeneer nie aangesien hy net een doel voor oë sou gehad het naamlik om te baklei of dood te maak. 'n Mens kon net wegvlug. Hieruit kan afgelei word dat die bose gees nie 'n onbeperkte bewegingsruimte gehad het nie.

1.2.2.2 Die goeie gees

'n Gees met goeie bedoelinge sou soos 'n gewone mens lyk, sou kon praat en sou in 'n wit gedaante verskyn het. So 'n gees kon onsigbaar wees sodat net die stem gehoor word of kon as 'n gestalte, of in 'n droom verskyn of kon iemand in die vorm van warrelwind besoek. Een informant beskryf laasgenoemde as 'n lang sares (warrelwind) wat aan die bokant soos 'n rokie gelyk het, terwyl dit volgens ander soos 'n gewone warrelwind gelyk het maar daar aangevoel kon word dat dit 'n gees is. So 'n gees wat in die vorm van 'n warrelwind verskyn het, het nooit gepraat nie. Dit wil voorkom of die gees net in 'n warrelwind gekom het as hy bekommerd was oor die agterblywende of na laasgenoemde verlang het. Hoewel goeie geeste ook bedags kon optree, was ook hulle veral snags bedrywig. Die goeie gees kon in aanraking kom met die agterblywendes, veral met nabye verwante, ongeag waar die lewendes hulself bevind.

'n Goeie gees sou aan die agterblywendes, veral nabye verwante, verskyn het of die agterblywendes sou net sy stem gehoor het wanneer hy of sy oor hulle bekommerd was, na hulle verlang het, of oor iets ontevrede was. Andersins kon hy slegs sy ontevredeheid getoon het, en wel deur nie te verskyn nie maar deur

ekonomiese teëspoed vir die agterblywendes te stuur of hulle gesondheid te benadeel, deur te veroorsaak dat hulle gedurig aan die oorledene dink. Die ontevredenheid kon ook getoon word deurdat die gees sy graf sou laat insak. Die ontevredenheid van 'n goeie gees het die agtergeblewenes dadelik laat handel.

Verskeie faktore kon daartoe lei dat 'n siel nie onmiddellik na die dood vertrek nie of dat die gees later sou terugkom. So 'n gees kon onrustig, ontevrede, en lastig wees en kon ook die agterblywendes benadeel ten opsigte van hul gesondheid of die ekonomie. Daar is egter 'n verskil tussen so 'n gees wat iets het wat hom pla, maar goeie bedoelinge het, dit wil sê, 'n goeie gees, en die bose gees waarna reeds verwys is. Die goeie gees kon onrustig wees omdat hy of sy moontlik nie op die sterfbed water gegee is om te drink nie, die belangrike eerste slagding nie geslag is nie, die vleis van die slagding gebraai en nie gekook is nie, die as van die eerste slagding nie begrawe is nie, die lykwaak nie gehou is nie; sekere naasbestaan-des die begrafnis nie bygewoon het nie, die graf nie besoek of gegroet het nie, of onbedagsaam opgetree het deur byvoorbeeld oor die graf te loop; of omdat 'n kwaadwillige die graf besoek het (vgl. III:9.8, 9.9, 9.11, 9.12.2). Andersins kon die agterblywende verwante dalk treur of te veel aan die oorledene dink. Hierbenewens kon onopgeloste probleme of onafgehandelde sake die oorledene pla, byvoorbeeld indien hy voor sy dood verontreg en nie om vergifnis gevra is nie, 'n rusie nie besleg is nie of die oorledene nie vergewe is nie, sy skuld nie deur die agterblywendes vereffen is nie, of laasgenoemdes nie hul skuld teenoor hom vereffen het nie. Die oorledene kon na die agterblywendes verlang, oor die agterblywendes, byvoorbeeld 'n kind, bekommerd wees, of na sy vee verlang omdat daar 'n besondere band tussen hom en sy vee was. Die goeie gees sou onrustig bly solank dit wat hom onrustig maak, dit wil sê die probleem, saak of persoon nog teenwoordig was. Indien daar byvoorbeeld 'n besondere band was tussen die oorledene en 'n verwant wat nog lewe, sou die oorledene steeds oor dié persoon bekommerd bly solank laasgenoemde leef. 'n Persoon het as gees skynbaar veral betreklik kort na sy dood met die lewendes in verbinding ge-

tree. Dit wil ook voorkom of slegs met verwante wat die oorledene as lewendes geken het in verbinding getree is.

Wanneer die gees dan sy ontevredenheid wys, kon deur verskillende handeling 'n harmoniese verhouding verkry word. Indien hy aan die agterblywendes verskyn of met die agterblywendes praat, kon die probleem met hom bespreek word. As hy in 'n warrelwind kom, kon gesê word : 'Ek leef nog, gaan in vrede' en kon, volgens twee informante water na die warrelwind gespat word, waarskynlik as voorsorg teen moontlik benadeling (vgl. III:9.3), terwyl ander van mening is dat dit net gedoen is met 'n warrelwind wat 'n siel kom haal of deur 'n toornaar gestuur is. Hierna sou die gees of warrelwind verdwyn. Indien die graf insak, moes 'n agterblywende verwant dit eiehandig herstel en indien die agterblywende weet wat dit is wat die disharmonie veroorsaak, moes dit uit die weg geruim word. Een informant van Kakamas meld dat deur jou met 'n lastige gees te assosieer harmonie verkry kan word. Dit is gedoen deur van die graf se grond te drink of daarmee voor die kop te 'streep'. Ander informante is onbekend met hierdie gebruik. Hierbenewens kon ontevredenheid by die oorledene uit die weg geruim word deur die graf te besoek.

Ten spyte daarvan dat 'n gees goedgesind kon wees, is geglo dat die dooie en lewende 'nie saamwerk nie' omdat die dooie 'nie van hierdie wêreld' sou wees nie en die agterblywende wel. Daar is dus gepoog om die gees tevrede te hou deur korrek op te tree en enige probleme tussen die dooie en agterblywendes so gou moontlik af te handel.

Derhalwe is tot Tsui//Goab gebid dat die siel by hom sou uitkom en in vrede sou weggaan. Hierbenewens moes die nodige handeling, soos die slagtery, uitgevoer word. Die huis moes geskuif word sodat die gees dit nie sou terugvind nie, en die agterblywende nabye verwante moes solank hulle leef die graf besoek om vas te stel of die oorledene nog tevrede is en die graf dus nie ingeval het nie. Die behoeftes van die afgestorwene moes geantisipeer word, of aan voldoen word indien die gees reeds lastig was. Dit het ingesluit dat drinkwater op die graf geplaas of gesprinkel moes word asook die plasing van geliefkoosde

items op die graf omdat die oorledene tydens sy siekte te siek was om dit te gebruik, omdat hy dit voor sy heengaan baie gebruik het en geantisipeer is dat hy 'n voortdurende behoefte daaraan sou ondervind, omdat dit skulde is wat hom toekom, of omdat dit, byvoorbeeld hare van die agterblywende, sy verlange na die agterblywende sou stil. Dit skyn egter of die klem hier nie soseer op 'n behoefte by die oorledene geplaas is nie, maar op die bereidwilligheid om iets vir die oorledene te doen en sodoende goeie verhoudinge te handhaaf. Ook is, indien nodig, vergifnis gevra byvoorbeeld indien 'n naasbestaande nie die begrafnis kon bywoon nie.

Hierbenewens moes eerbiedig teenoor die oorledene opgetree word deur slegs met teruggebuijgde vingers na 'n graf te wys en nie oor 'n graf te loop nie, 'n graf te groet (dit wil sê iets soos 'n klippie daarop te gooi), en bekendes se grafte te besoek. Wanneer die graf besoek is, is by die oorledene om vrede tussen die dooie en lewendes gepleit en die dooie voorspoed toegewens.

Hoewel ander informante onbewus is hiervan, is volgens twee informante langs die Oranjerivier kos op gereelde basis vir die dooies uitgestrooi. Indien kos per abuis uitval, moes dit nie opgeskep word nie aangesien dit 'n teken sou wees dat die dooies dit wou hê. Indien dit gereeld gedoen word, sou die agterblywendes gelukkig wees. Aangesien die meeste informante onbekend was met hierdie gebruike, is dit waarskynlik dat dit op Tswana-invloed dui.

Die oorledene sou kon waarneem of die agterblywendes in hom belangstel, byvoorbeeld of die graf besoek word. Sommige het gemeld dat die oorledene die gebruiksmiddele wat by die koppenent van die graf geplaas word, gebruik het, terwyl volgens ander hy net sou waargeneem dat dit daar geplaas is en dan tevrede sou wees.

Daar is in die daaglikse gang van sake hulp van gestorwenes by hul grafte gevra. 'n Voorbeeld is genoem van 'n vrou wat by haar suster se graf gaan hulp vra het met die opvoeding van die afgestorwene se weerbarstige dogter. In 'n ander geval het 'n

dogter na haar ouers se grafte gegaan om aan hulle te vertel dat haar man haar mishandel.

Benewens die vermoë van 'n goeie gees om by 'n agterblywende betrokke te wees soos hierbo beskryf is, kon 'n gees ook met die afsterwe van 'n persoon verbind word. In sommige gevalle het die gees vir dié doel in die vorm van 'n warrelwind verskyn. 'n Gees kon 'n agterblywende 'kom haal' indien laasgenoemde te veel oor hom treur, indien die gees te veel na die agterblywende verlang, of indien die agterblywende 'n onaangename lewe lei. In al hierdie gevalle wat genoem is, was die gees 'n direkte verwant byvoorbeeld 'n eggenoot of eggenote, 'n kind of ouer van die slagoffer. Een sterwende vrou sou van 'n lang warrelwind wat bo die huis gehuiwer het, gesê het dat dit haar oorlede man is wat haar kom haal.

Volgens enkele informante langs die Oranjerivier sou 'n persoon se voorouers hom in die reël kom haal het wanneer hy sterf, terwyl ander informante onbewus was hiervan. So 'n gedagte mag dus oorgeneem gewees het van die Tswana waar voorouergeeste 'n meer prominente rol gespeel het.

1.2.2.3 Die /hās

Die /hās kan as 'n goeie gees beskryf word wat aan 'n bepaalde persoon gebonde sou wees. Etlike persone in 'n gemeenskap kon elk met so 'n gees verbind wees.

1.2.2.3.1 Kenmerke

Die /hās sou 'n vroulike gees wees, meer bepaald die gees van 'n voorouer in die 'grootjie' generasie, en sou 'n persoon opgepas het. Informante beskik nie oor kennis oor watter soort persoon na haar dood 'n /hās kon word nie.

Die /hās sou meestal die vorm aanneem van 'n hasie wat volgens twee informante vaal van kleur sou wees en volgens Lyntjie Springbok 'n streep sou gehad het van die oë tot die neus. Sommige meld besonder lang ore. Die hasie sou baie vinnig wees en nie gevang kon word nie. 'n Persoon sou weet dat dit die /hās is en nie 'n gewone haas nie omdat sy altyd naby die per-

soon sou wees wat sy beskerm, veral as die persoon haar nodig het. Die /hās kon egter ook die gedaante van 'n mens aanneem en byvoorbeeld as 'n ou vrou stout kinders langs die pad inwag.

Insidente wat informante met die /hās sou gehad het, speel gewoonlik in die aand of nag af. Op 'n direkte vraag in dié verband het informante egter geantwoord dat die /hās snags sowel as bedags kan optree.

Die /hās sou 'n skree-geluid maak met 'n uitgerekte 'whaa'-klank gevolg deur korter soortgelyke klanke. Indien iemand gestorf het, sou sy steungeluide maak. Sy sou geen spore laat nie.

Wanneer sy haar vererg, sou sy klippe of sand opgeskop het of die skuldige teen die grond gegooi het, volgens twee informante, omdat geeste bomenslike krag sou hê.

1.2.2.3.2 Terminologie

Dit is nie duidelik wat die term /hās beteken nie. Hoewel die /hās ook soos die uil as 'n nuusdraer (~~hōas~~) bekend was, en die uitspraak van die twee woorde bykans dieselfde is, is dit twee verskillende terme. Omdat die /hās dikwels die vorm van 'n haas aanneem, maar soos 'n jakkals skree, is soms daarna verwys as die haasjakkals. Die ou mense sou vroeër na haar verwys het as kai/giras (groot jakkals).

Die /hās moes as 'ouma /hās' aangespreek word omdat sy 'n ou vrou sou wees en as sulks geëer moes word. Indien sy nie so aangespreek is nie, sou sy kwaad word en die oortreder omgegooi en met sand gegooi het of, as dit 'n kind was, die kind geslaan het.

1.2.2.3.3 Verkryging van die /has

Daar is gesê 'n persoon 'het' die /hās dit wil sê die /hās assosieer met daardie persoon. Nie alle mense sou dus die /hās hê nie.

Die /hās is verkry deur vererwing vanaf die moeder of grootmoeder na die kind. Op spesifieke navraag aan informante word

altyd geantwoord dat 'n manlike persoon wel die /hās kon erf, hoewel dit meestal vroue beskore was omdat vroue weerloser as mans sou wees. Sommige is van mening dat kinders wat hul moeders vroeg verloor het die /hās erf om hul op te pas. Persone wat die /hās erf, moes daarin glo anders sou die /hās nie die persoon oppas nie.

'n Persoon wat die /hās het, sou op die sterfbed die /hās kon versoek om 'n kind op te pas. Die persoon wat die /hās erf, sou weet dat sy dit ontvang het omdat sy sou merk dat sy opgepas word deurdat sy die /hās naby haar sou hoor skree en deurdat sy sou aanvoel dat die /hās by haar is.

Volgens sommige informante sou die /hās net in sekere families geërf word. Een informant meld dat dit net dié families wat van die leeu afstam, sou wees. Haar skoonfamilie sou hierdie verbintenis hê omdat lank gelede 'n jongman 'n leeuvel omgesit het om vir die pret die beeste skrik te maak en toe regtig in 'n leeu verander en 'n kalf gevang het. Waar hy gelê en vreet het, het 'n ou vrou toe sâ-i onder sy neus gestrooi en sodoende het hy weer na 'n mens terug verander. Hierdie verhaaltjie is in ooreenstemming met die gegewens van een ander informant en die bewering van Carstens (1966:182) dat persone vroeër as bewys dat hul die /hās het, hulself in 'n ander wese sou kon verander en dan terug na 'n mens deur middel van sâ-i. Ander informante reken dat die gewoonte nie verband hou met die /hās nie.

Die /hās sou slegs terwyl 'n persoon leef met haar of hom assosieer. 'n Kind kon die /hās 'stuur' (dit wil sê haar gebruik) sodra sy oud genoeg is om dit te kon doen.

Sommige vroulike informante skryf die voorspoed en gesag wat hul geniet aan hul verbinding met die /hās toe.

1.2.2.3.4 Handelinge

Indien die /hās haar vir die persoon met wie sy assosieer, sou vererg, kon sy haar van die persoon onttrek, byvoorbeeld indien die persoon met iemand wou trou wat nie haar goedkeuring wegdra nie, of indien die persoon nie geantwoord het op haar skree

nie. Die persoon moes dan eers om verskoning vra, of die versugting slaag : 'Ek wens tog sy wil weer kom'.

Die /hās is dus deur 'n bepaalde persoon geërf en het haarself dan met die persoon geassosieer. Die /hās sou vanself op sekerre wyses opgetree het, maar die persoon wat haar 'het', kon ook van die /hās sekere handeling vra.

In verband met eersgenoemde was die vernaamste funksie van die /hās dié van beskermer wat gekenmerk is deur 'n diepe bekommernis oor die persoon en gedurige nabyheid aan die persoon. Sy kon die persoon teen homself beskerm byvoorbeeld as hy iets verkeerd wou doen. In hierdie geval kon sy dan naby die persoon skree om hom te waarsku. Sy kon die persoon ook teen ander beskerm wat hom leed kon aandoen deur hom te waarsku oor komende gevaar byvoorbeeld wanneer die persoon op pad was deur die persoon telkens van gevaar vorentoe af te keer. Indien die persoon reeds deur 'n ander benadeel is, of die ander besig is om hom te benadeel, sou sy met die skuldige baklei het deur hom op die grond te gooi. Sy sou 'n kind beskerm het deur aan die ouers te vertel (dit wil sê by hulle te skree) as die kind in gevaar is. Sy sou ook die kinders van die persoon met wie sy assosieer, opgepas het en sou baie lief gewees het vir klein kindertjies.

Hierbenewens was die /hās bekend as verskaffer van inligting, vandaar dat sy ook as nuusdraer bekend was. Sy sou vanself die persoon in kennis stel van komende teëspoed byvoorbeeld die siekte van 'n kind of eggenoot en die sterftes van verwante. Wanneer die persoon self sterf, sou die /hās die ander mense, veral verwante, daarvan in kennis gestel het. Dit het sy gedoen deur by die betrokke persone te skree. Die /hās van 'n !Gāmiꞑnū-stamhoof sou by geleentheid op dié wyse die mense van Steinkopf van die stamhoof se dood in kennis gestel het. Volgens enkele informante sou die /hās ook aankomende besoekers aangekondig het.

Die /hās sou met haar beskermling se gevoelens kon saamvoel. Sy sou hartseer geskree het wanneer dié persoon hartseer was. Hierbenewens sou sy 'n behoefte gehad het aan vrolike sosiale

verkeer en nader gegaan het wanneer die mense vrolike musiek maak.

'n Verdere bewys van die mensgewoontes van die /hās word weerspieël in die opvattinge dat die /hās van haar beskermling se gebruiksgoedere gebruik het. Indien 'n pyp skielik wegraak, moes die eenaar nie kwaad word vir die /hās nie, maar mooi-praat. Dan sou sy dit terugkry. Een informant meld dat die /hās baie lief sou wees vir tabak. Lyntjie Springbok beskryf haar dan ook as 'n 'dier met mens gewoontes'. Die /hās sou baie geheg geraak het aan die persoon waarmee sy assosieer en na die persoon se dood vir 'n tydlank by die graf gebly en gekree het omdat sy na die persoon verlang.

Soos hierbo vermeld is, kon die persoon wat die /hās 'het', haar 'stuur' dit wil sê sekere handeling van haar versoek. 'n Persoon kon die /hās 'stuur' deur haar direk aan te spreek of 'n wens te uiter, byvoorbeeld : 'Ek wens my ouma (dit wil sê die /hās) maak jou seer'.

Indien die persoon wat die /hās kan stuur, oor 'n ander bekommerd was, kon hy die /hās stuur om te kyk hoe dit met die ander gaan, om die ander deur sy teenwoordigheid te troos, om sy ontevredenheid oor iets te wys deur naby die ander te skree of om die ander teen gevaar, byvoorbeeld die polisie, te waarsku of om die ander persoon op te pas. Die persoon kon ook die /hās stuur na byvoorbeeld 'n kind om laasgenoemde in kennis te stel dat eersgenoemde siek is. Volgens enkele informante kon geld, twak of suiker aan die /hās gegee word sodat sy dit voor 'n bepaalde persoon se deur kon gaan plaas as bewys dat dit goed gaan met die persoon wat die gebruiksmiddel gestuur het. Die onverklaarbare verskyning van hierdie goedere sou 'n bewys wees dat dit deur die /hās besorg is. Die persoon wat die /hās 'het', maak daarop aanspraak dat sy die goedere fisies aan die /hās kan oorhandig.

Wanneer die persoon wat die /hās het, self te na gekom is, kon sy die /hās vra om die skuldige te straf. Redes vir sodanige straf sou wees 'n man wat sy vrou sleg behandel, ongehoorsaamheid teenoor 'n ouer of volwassene, en 'n kind wat 'n ander af-

knou. Die /hās kon die skuldige straf deur hom te laat skrik wanneer die /hās byvoorbeeld as 'n ou vrou langs die pad sit, deur hardop naby die skuldige te skree, of deur die skuldige onderstebo te gooi.

Die optrede van die /hās spreek van besorgdheid oor die persoon waarmee sy assosieer en oor die beskermling se verwante. Wanneer die /hās inligting verskaf het deur te skree, byvoorbeeld wanneer sy 'n persoon in kennis gestel het van komende gevaar, siekte, sterfte, 'n verwant wat reeds in gevaar was, komende besoekers, of haar gevoelens van ontevredenheid of hartseer te kenne gegee het, moes die boodskap erken word deur te antwoord : 'Ja ouma, ek hoor'. Wanneer sy bekommerd was oor 'n persoon se welstand, moes sy gerusgestel word : 'Ouma, dit gaan goed met my'. Straf moes erken word deur mondelings van die /hās vergifnis te vra en 'n belofte om dit nie weer te doen nie.

Indien die /hās se optrede so erken is, sou sy weggaan en opgehou het met skree by die persoon, maar indien die persoon nie op haar reageer nie, sou sy daar gebly het, aangehou het met skree, of kwaad geword het en klippe of sand opgeskop het, of die persoon onderstebo gegooi het.

1.2.3 Gevolgtrekkings

Die Khoekhoe-opvattinge oor die mens wys duidelik dat daar geglo is dat die mens uit 'n liggaam en siel bestaan (vgl. II:1.2.1). Die liggaamlike kenmerke van die mens sal later aandag geniet (vgl. III:1). Die siel is met die wind in die natuur vergelyk en sou verband hou met die fontanel by 'n baba en die gal by 'n volwassene (vgl. II:1.2.1). Die verwysings na die siel wat sou vertrek sodra die liggaam begrawe is (vgl. II:1.2.1), dui op 'n band tussen die siel en menslike bestaan. Hierdie band met die lewe van die mens word bevestig deur die gemoeidheid van die siel met die agterblywende mense (vgl. II:1.2.1). Die siel kon dus kontak met die mense behou.

Schopera (1930:367), met die getuienis tot sy beskikking, meld dat die Khoekhoen skynbaar alle geeste gevrees het, maar dat dit onseker is of die Khoekhoen tussen bese en goeie geeste

onderskei het. Hoernlé (1923:518) het by haar informante 'n verskil in houding ten opsigte van grafte en geraamtes bespeur aangesien sommige dit gevrees het en ander nie. Die gegewens uit my eie navorsing toon 'n baie duidelike onderskeid by die Khoekhoen tussen bose en goeie geeste.

Die bose gees verskil uiterlik (swart en prominente ribbebene) en in geaardheid van die goeie gees (vgl. II:1.2.2.1, 1.2.2.2). Hy is die vyand van die mens wat laasgenoemde se lewe wil beëindig en toon 'n verbintenis met die //Gáunab, die kwaadaardige godheid (vgl. II:1.2.2.1). Bose geeste sou met die grafte verband gehou het en dus 'n aardse bestaan gevoer het (vgl. II:1.2.2.1) 'n Persoon sou 'n bose gees geword het indien hy 'n gewelddadige dood gesterf het of 'n bose lewe gevoer het (vgl. II:1.2.2.1). Volgens laasgenoemde verwysing sou die mens se lewe op aarde dus sy lewe na die dood beïnvloed het. Dit is egter moontlik dat ons hier met beïnvloeding vanuit die Christelike lewensbeskouing te doen het. Die verwysings dat daar nie met 'n bose gees gekommunikeer kon word nie (vgl. II:1.2.2.1), toon dat daar geen band bestaan het tussen die bose geeste en die mens nie. Die feit dat die mens hom nie eintlik teen die bose geeste kon verweer nie (vgl. II:1.2.2.1) impliseer verder 'n mag veel groter as dié van die mens.

'n Goeie gees, daarenteen sou menslike eienskappe gehad het (vgl. II:1.2.2.2) en 'n band van toegeneentheid met die agtergeblewenes, veral met nabye verwante van die gees, en selfs met sy vee, behou het (vgl. II:1.2.2.2). 'n Goeie gees het geen verband met kwaadwilligheid nie (vgl. II:1.2.2.2). Negatiewe optrede van 'n goeie gees teenoor die mens sou die gevolg gewees het van die mens se verkeerde gedrag en nie vanweë 'n inherente kenmerk van boosheid by die gees nie (vgl. II:1.2.2.2). Ofskoon 'n goeie gees ook 'n mens se dood kon veroorsaak, was dit nie vanweë kwaadwilligheid nie, maar vanweë toegeneentheid jeens die persoon (vgl. II:1.2.2.2). Hoewel mense uit eerbied vir die dooie versigtig moes optree teenoor alle grafte is die grafte van bekende persone wat goedgesinde geeste sou wees, nie gevrees nie en is daar selfs by sulke grafte om hulp gevra en gebid (vgl. II:1.2.2.2). Dit wil

voorkom of slegs die goeie geeste met die 'groot werf' en Tsui//Goab verbind was (vgl. II:1.2.2, 1.2.2.2).

Hoewel die Khoekhoen wel sporadies by die grafte van gestorwe verwante soos 'n suster, vader of moeder gaan bid het, was daar nooit by hulle van gereelde voorouerdiens sprake nie.

Die /hās is met haar verwante in die vroulike lyn verbind, en veral aan die weerloses soos die vroue en kinders (vgl. II:1.2.2.3.3). Sy sou 'n besondere welwillendheid en diepe besorgdheid teenoor die beskermling openbaar (vgl. II:1.2.2.3.4). Anders as die gewone goeie geeste sou sy die persoon met wie sy haar verbind, in kennis stel van komende teëspoed, vanself met die persoon se gevoelens assosieer, deurentyd naby die persoon teenwoordig wees en na die persoon verlang as laasgenoemde sterf (vgl. II:1.2.2.3.4). Haar welwillendheid strek egter ook verder as die beskermling. Daarom stel sy die verwante van die beskermling in kennis as iets met die persoon verkeerd is of as die persoon gesterf het, en andersom (vgl. II:1.2.2.3.4).

Daar skyn dus 'n band te wees tussen die goeie geeste en die mens. Geen sodanige band sou met die bose geeste, wat die mens se lewe bedreig, bestaan nie. Hierdie siening sluit direk aan by die gedagte dat die dood en lewe teenoor mekaar staan (vgl. II:1.2.2.2). Dit lei ook tot 'n verdere teenstelling, naamlik dié tussen die goeie en die bose. Hierbenewens skyn dit of swart en wit as teenstellings beskou is aangesien swart die bose en wit die goeie verteenwoordig het (vgl. II:1.2.2.1, 1.2.2.2). Ook die ruimtelike oriëntasies van links en regs is as teenstellings van swak en sterk beleef (vgl. II:1.1.2.1).

Die wind in die natuur sou soms 'n vertrekkende siel gehuisves het (vgl. II:1.2.1) en die warrelwind in die natuur sou soms 'n goeie gees gehuisves het. Sulke warrelwinde is nie gevrees nie (vgl. II:1.2.2.2). Sommige warrelwinde sou egter siekte en dood kon veroorsaak en het skynbaar met //Gâunab verband gehou (vgl. II:1.1). Die haas het soms 'n voorouergees gehuisves (vgl. II:1.2.2.3). Sekere produkte uit die natuur, soos dié afkomstig van die //āe- of //qī-jakkals sou 'n besondere sterk

kragkomponent bevat het, selfs sterk genoeg om 'n bose gees te verdryf (vgl. II:1.2.2.1).

Dit is dus duidelik dat die persoonlike geeskomponent in die mens primêr met die goeie gees verband het. Dit is minder duidelik of bose geeste met die slegte god verband het of hulle geaardheid aan hom ontleen. Hiernaas moet die bestaan van 'n bonatuurlike kragkomponent in natuurverskynsels erken word. Daar moet egter onthou word dat daar soms sprake van 'n inwonende krag is soos 'n wind of die haas wat 'n voorouergees kon huisves, en dat plante en diere soms oor inherente bonatuurlike kragkomponente beskik het.

1.3 Ander bonatuurlike wesens

1.3.1 Die Grootlange

Uit die literatuur en gesprekke skyn dit dat navorsers tot dusver onbewus daarvan was dat die Khoekhoen na twee verskillende reuse slange verwys wanneer hulle van die Grootlang (Kai/aob) praat, naamlik die Grootlang van die veld en die Grootlang van die rivier. Dus word die gegewens oor die twee slange dikwels verwar. Hierbenewens beskou die meeste Blankes die Grootlang as 'n karakter in stories, legendes of mites, terwyl dit vir die Khoekhoen twee bonatuurlike wesens is wat volgens hulle werklik voorkom.

Behalwe die term Grootlang verwys die Khoekhoen na beide slange as Kai-aob (grootman). Die Grootlang van die veld word beskryf as die Veldslang (!Garó anib/anis), Bergslang, Spieël-kop of Grootkol en 'die groot oupa van die veld', terwyl na die Grootlang van die rivier verwys word as !Garib anis/anib (Rivierslang) of Kai!Garib anis/anib (Grootrivier se slang), die Waterslang (//Gam/aob), Spieëlkop en 'die groot oupa van die rivier'. Een rede vir die verskeidenheid benaminge is dat geglo is dat indien van enige slang as sulks gepraat sou word, die feit dat daarna verwys word die slang na die spreker sou laat kom.

Dit is opvallend dat alle informante self 'n ontmoeting met een van die slange sou gehad het of van so iemand weet.

1.3.1.1 Die Grootlang van die veld

1.3.1.1.1 Blyplekke

Die Veldslang sou altyd in dieselfde omgewing as mense gebly het byvoorbeeld op verskeie plekke in die Richtersveld (Doringpoort, Ploegberg, Skilpadsand, Springklip en andere), en by Pella, Steinkopf, Hairaxabes, Gabis, Ubib, ensovoorts. Uit die meer besondere aanduidings van die blyplekke kan afgelei word dat dit plekke is wat mense as potensieel gevaarlik beskou soos berge, kranse, klowe, koppe, rotsagtige plekke en gate in die grond of waar dit baie dig bebos is. Volgens een informant sou 'n mens indien jy skielik bang word, geweet het dat jy naby die Veldslang se blyplek was. Drie informante meld dat die slang by huidige of ou veewerwe aangetref is, maar volgens ander sou diegene die Veldslang verwar met Goma~~kh~~hâseb (die Beesslang) wat in legendes voorkom en onder die mis in die kraal sou bly. 'n Verdere aanduiding van die Veldslang se woonplek sou die afwesigheid van wild gewees het aangesien die wild vir hom sou vlug omdat hy hulle doodmaak. Hierbenewens sou dit by die woonplek stink en daar baie vlieë wees. In teenstelling met die Rivierslang word die blyplekke van die Veldslang nie so noukeurig beskryf nie.

Genoemde gevoelens van vrees, ontmoetings met die Veldslang, onverklaarbaarhede soos 'n lig of spoor sou as bewyse gedien het vir die bestaan van die slang.

1.3.1.1.2 Kenmerke en gewoontes

Daar sou nie net een Veldslang wees nie, maar heelparty. Naby elke gemeenskap was daar gewoonlik een. Hulle sou mannetjies en wyfies gewees het wat afsonderlik woon en net saamgekom het wanneer hulle paar. Hulle sou ook by mense voortplant wat sou veroorsaak het dat die kleintjies se bolywe soos dié van 'n mens gelyk het en die onderlywe soos 'n slang. Die Veldslang was sterflik.

Die Veldslang sou baie lank wees, van tien meter tot so lank soos 'n trein. Wanneer die voorlyf reeds teen die rante uitklim, sou die agterlyf nog in die laagte gewees het en as hy

opgerol lê, sou hy soos 'n klipkoppie gelyk het. Gepaardgaande hiermee sou hy baie sterk gewees het.

Uit elf informante het nege die Veldslang as bont beskryf, en vier meer bepaald as geelbont. Vier ander het hom as 'n swart slang beskryf. Daar word gesê dat dit 'n baie mooi ding sou wees waaraan 'n persoon hom sou kon verwonder en dat die slang hom selfs in verskillende kleure kon vertoon.

Die Veldslang sou 'n baie slegte reuk hê wat as vrot beskryf word, en daar sou daarom altyd vlieë om hom wees. Die reuk sou mense siek maak sodat hulle opblaas en selfs daarvan kon sterf. Die reuk sou ook veroorsaak dat die weerlig op die Veldslang sou geslaan het.

Die Veldslang sou 'n lig op die voorkop hê wat snags gesien is en met stootbewegings op en af saam met die slang beweeg. Volgens ander sou dit 'n besonder sterk lig wees wat soms soos die lig van 'n aankomende trein sou lyk. Dit sou saans in die berge skyn. Die lig word beskryf as 'n steen en meer bepaald 'n diamant of ster. Die slang sou die lig nodig gehad het om snags mee te sien wanneer hy wei. Hoewel baie informante dit ontken het, beweer sommige dat die slang die lig sou kon afhaal, skynbaar veral bedags.

Die steen sou gesog wees en volgens sommige sou mense al probeer het om dit te steel. Dit sou gedoen gewees het deur nat beesmis wat die steen kon bedek daaroor te gooi sodat die slang nie sou sien hoe die steen gesteel word nie, of deur die slang dood te maak en dan die steen te neem. Volgens een informant het die ou Namamense sekere middels wat die slang aanlok in 'n sak geplaas sodat hy daarin sou kruip en wanneer hy die reuk van die middels kry homself met sy tong sou doodsteek. Volgens twee ander informante is die slang op die 'kol' geskiet waarna die steen geneem is. Die een het verduidelik dat die slang op die leë kol geskiet is wanneer hy die steen afgehaal het. Die ander het verduidelik dat hy op die steen geskiet is omdat dit 'sy krag' was. Dit is in ooreenstemming met die siening van enkele informante dat die lig sy krag sou wees wat hy sou verloor indien die lig sou wegraak. Volgens een informant sou die

gedagte deel wees van 'n 'ou storie' (legende). Enkele informante meld dat die lig gesog sou gewees het omdat mense dit as medisyne gebruik het. Hierbenewens is dit in resente tye as 'n diamant met die gepaardgaande kommersiële waarde beskou.

Die vorm van die Veldslang se kop sou dié van 'n slang wees en benewens die lig is die belangrikste kenmerk sy uitstaande of 'toesteeke'-wenkbroue, dit wil sê, wenkbroue wat teenmekaar kom. Volgens slegs een informant sou die slang klein krom horinkies gehad het, en volgens ander baard by sy bek. Twee informante verwys na 'n kam of maanhaar op die rug maar ander ontken dit.

Die Veldslang sou 'n breë spoor laat waarin die bosse plat getrap was en wat vergelyk kon word met 'n voetpad of die spoor van 'n groot vragmotor, groot trekker en selfs 'n padskraper. Volgens sommige informante sou daar in die spoor 'n slootjie wees wat gemaak word deur die punt van sy stert waarop 'n ystertjie of haak sou wees. Ander ontken die voorkoms van 'n slootjie in die spoor. Die reuk van die slang sou aan die spoor kleef sodat maaiers daarop gelê en brommers daarop gepak het.

Wanneer die Veldslang beweeg, sou sy lyf op en af gekronkel het of hy sou in stootbewegings met sy voorlyf in die lug beweeg het. Sy beweging sou klippe laat val en die stof laat staan het.

Die Veldslang sou gewoonlik bedags rus en wel in 'n opgerolde posisie met sy kop bo-op sodat hy 'n hoë keël van een meter hoog, of so hoog soos 'n kleinerige koppie gevorm het. Hy kon egter bedags rondbeweeg indien hy iemand gewaar of indien hy nadat hy in die nag gewei het laat, dit wil sê in die dag, teruggekeer het. Hy sou in sy slaap snork, volgens een informant met 'n brullende geluid as hy nog nie vas slaap nie, en andersins met 'n gesuis deur sy baard.

Hy sou snags wei, jag en rondbeweeg en sou heuning, rosyntjie-bessies en volgens sommige sekere medisyne soos die kanab, wat deur mense vir verkoue en stimulering van menstruasie gebruik is, eet asook plante en veral die blomme in groen veld waar hy

dikwels gesien kan word. Hy sou hierdie veldprodukte as sy eiendom beskou en nader gekom het as mense daarvan wou neem. Die gevaar vir mense het dus in die dinge wat hulle in die veld gesoek het, geskuil. Enkeles noem dat hy wildsbokke sou gejag het, maar ander ontken die vang van wilde diere en vee.

Die Veldslang sou van een plek na 'n ander agter weiveld aan trek. Dit sou in die nag plaasgevind het. Hy sou byvoorbeeld in die Richtersveld van Kuboesberg na Ploegberg en dan na Springklip ('n afstand van ongeveer 50 kilometer) in een nag getrek het of van Grootberg na Springklip. Sy lig sou in die proses waargeneem gewees het.

Volgens sommige informante sou die Veldslang 'n fluitgeluid maak wanneer hy 'n mens gewaar. Ander skryf die fluitgeluid toe aan die sweep slang wat as die Veldslang se handlanger sou opgetree het. Indien die sweep slang 'n persoon in die veld teëgekome het, en hy geweet het dat die Veldslang naby was, sou hy die persoon se voete met sy lyf vasgepen het en gefluit het om die Veldslang nader te roep. Wanneer die Veldslang homself uit sy opgerolde posisie losgedraai het sou die beweging 'n dreungeluid gemaak het asook klapgeluide soos sy litte uitrek. In aantog sou 'n suisgeluid hoorbaar gewees het. Indien die Veldslang wou aanval, sou hy homself kon opblaas en deur die lug vlieg of 'trek'.

Die Veldslang sou geweet het wanneer daar reën aan die kom was en sou dan probeer vasstel van watter kant die reën kom deur sy voorlyf in verskillende rigtings te draai. Hy sou volgens een informant in die reën rondloop en volgens 'n ander na die reën in die groen veld rondbeweeg.

1.3.1.1.3 Slagoffers en aanvalmetodes

Die Veldslang sou mense aanval wanneer hulle rosyntjiebessies pluk en heuning uithaal, of wanneer hulle dit geëet en daarvan in die vuur laat val het. Alle slange, ook die Veldslang, sou nader gekom het as melk of suiker in die vuur val, volgens een informant omdat dit 'n 'werfreuk' afgegee het. Veral ongelukkige persone moes ten opsigte van bogenoemde versigtig wees.

Hy sou mense aanval indien hy hulle reuk gekry het. Sommige informante is van mening dat die slang vroue wat met sâ-i gepoeier was sou probeer vang, terwyl ander meld dat sâ-i gebruik is om hom weg te dryf of mak, dit wil sê nie aggressief nie, te maak.

Die Veldslang sou veral menstruerende en swanger vroue aanval. Menstruerende vroue moes hulself dus gereeld reinig sodat die Veldslang nie hul reuk sou kry nie. Een informant meen dat die slang jaloers is omdat die swanger vrou nie van hom swanger is nie. Die houding van die Veldslang skyn egter in ooreenstemming te wees met die aggressiwiteit wat persone in bepaalde toestande of oorgangstadiums ondervind het (vgl. II:2.1.1, 2.1.2). Volgens sommige informante sou hy slegs ongelukkige menstruerende en swanger vroue aanval, terwyl ander van mening is dat vroue wat menstrueer of swanger is en daarnaas ook ongelukkig is nog makliker gevang sou word as gewone menstruerende of swanger vroue.

Die Veldslang kon op 'n mens en meer bepaald 'n jongmens verlief geraak het. Hoewel informante op spesifieke navraag altyd antwoord dat die slang op iemand van die teenoorgestelde geslag verlief sou raak, word in voorbeelde van persone waarop die slang verlief geraak het, spontaan veral na 'n mannetjieslang verwys wat op 'n meisie verlief geraak het. Indien hy iemand van dieselfde geslag sou vang, sou dit gewees het om dood te maak. Hierbenewens sou die slang veral in ligter gekleurde mense of 'rooi mense' dit wil sê Khoekhoen, nie swart mense nie, belanggestel het. Die Veldslang sou baie van mense met 'toesteek'-wenkbroue, dit wil sê wenkbroue wat in mekaar loop, en mense met moesies gehou het.

'n Persoon kon egter ook op die slang verlief raak aangesien die slang homself in verskillende kleure kon vertoon om vir die persoon aantreklik te wees of sy slegte reuk kon verander om vir sy slagoffer aanvaarbaar te wees.

Indien 'n meisie op die slang verlief raak, sou sy skielik vir tydgies van die huis af begin wegbly het, byvoorbeeld met die verskoning dat sy elke dag moet gaan hout haal. Sy sou hom

gereeld besoek het omdat sy 'n begeerte sou ontwikkel het om by hom te wees en hy andersins na haar sou kom soek. Sy sou ook pogings aangewend het om haar vir hom aantreklik te maak deur baie sâ-i te gebruik. Wanneer hy die persoon reeds in sy mag het, sou hy haar liefkoos deur om haar te kronkel en sy kop teen hare te hou. Hy sou dan die persoon 'span', indien hy verlief was, dit wil sê hy sou sy liggaam om dié van die persoon gedraai en sy kop teen dié van die persoon hou. Volgens een informant sou die slang en die persoon soos twee toue inmekaar gedraai gewees het.

Sy moes elke keer as sy hom besoek die klere aantrek wat sy met haar eerste ontmoeting aangehad het sodat haar reuk nie vir hom onbekend sou wees en hy haar dus sou doodmaak nie.

Indien die Veldslang 'n persoon waarop hy verlief is in sy mag gehad het, het hy die persoon na sy blyplek geneem. Volgens een informant sou hy die persoon se hare en wenkbroue in strepe weggelek het. Die slang en die persoon kon dan kinders kry. Die kinders sou soos reeds vermeld is, half mens, half slang wees met mens bolywe en slang onderlywe. Nadat sy vir 'n tydperk saam met hom gewoon het, sou sy aan sy kos gewoond wees en die mense se kos haar nie meer laat groei nie. 'n Persoon wat kontak gehad het met die slang sou dieselfde reuk as die slang kry en dus vir ander gevaarlik gewees het sodat hulle kon opblaas of sterf. Indien die vrou wel op een of ander wyse by haar mense sou terugkom, moes sy eers skoongemaak word van die slangreuk sodat sy weer tussen mense kon bly.

Wanneer die slang 'n mens gewaar het en wou aanval, het hy met sy bolyf in die lug probeer bepaal waar die persoon hom bevind. Om 'n persoon nader aan hom te lok, sou hy, soos reeds vermeld is, homself agtereenvolgens in verskillende kleure kon vertoon waaroor die persoon hom sal verwonder. Die slang sou egter nie soos die Rivierslang van vorm verander nie. Hy het dit gedoen om 'n slagoffer te vang of iemand op hom verlief te maak.

Wanneer 'n persoon op 'n bereikbare afstand van die slang was, kon hy hom nader trek deur 'n draad met die kleure van die

reënboog wat hy uitskiet en wat aan die persoon se lyf sou vasgesit het.

Indien hy 'n persoon wou doodmaak, sou hy met sy gif na hom spoeg. Die aanraking met die spoeg sou tot die onmiddellike dood van die persoon gelei het. Hy sou nooit mis gespoeg het nie en die gif sou van 20 tot 100 meter ver kon trek. Net een druppel van die spoeg sou genoeg wees om 'n persoon te laat sterf. Soos vroeër vermeld is, sou ook die reuk van die slang mense laat opblaas en sterf. Hoewel twee informante meld dat die Veldslang ook sy slagoffer kon doodsteek, ontken ander dit.

Indien hy iemand doodgemaak het, sou hy naby die graf van die slagoffer gebly het. Volgens een informant moes so 'n lyk dus liewers nie in 'n begraafplaas of naby die huis begrawe word nie.

By dié informante wat beweer het dat die slang vee sou doodmaak, is daar geen eenstemmigheid oor die metode waarvolgens die slang dit sou doen nie. Een is van mening dat die vee doodgesteek is, maar het nie verdere besonderhede oor die presiese wyse kon gee nie. 'n Ander het gemeen dat hy die vee doodgespoeg het. Die slang het egter nie die diere geëet nie, maar net so gelaat.

1.3.1.1.4 Optrede teen die Veldslang en hulp aan die slagoffer

Gevaarlike plekke (vgl. II:1.3.1.1.1) is, veral in die donker, vermy. Optrede is teen die Veldslang uitgevoer om sy aggressiwiteit en gif te neutraliseer, om hom weg te hou, om 'n potensiële slagoffer te verlos, of die slang dood te maak.

Indien 'n persoon met iets van die slang behandel is, sou die slang wel die persoon opsoek, maar nie op die persoon verlief raak of hom aangeval het nie, want die persoon het hom deur die behandeling met die slang geassosieer. Twee informante noem in hierdie verband die vleis van die slang wat ingesny of ingesmeer kon word. Die vleis van die slang is van 'n kragdokter verkry. Volgens die informante weet niemand hoe die kragdokter dit bekom nie. Aangesien die gegewens in verband met die krag-

dokters se kontak met die Grootslange van Griekwa- en Korana-informante verkry is, mag dit op beïnvloeding vanuit die Tswanakultuur dui.

Hoewel baie van mening is dat ander middels nie teen die Veldslang sou help nie meld enkele informante dat mense hulself met die vleis van die ≠nobos kon laat insny. Die ≠nobos is 'n klein baie skaars en vinnige akkedissie wat moeilik te kry is maar waarvan die gif sterker sou wees as dié van die Veldslang en sou voorkom dat die slang die persoon aanval of dat sy spoeg die persoon benadeel. Dit kon gedoen word deur 'n kragdokter of iemand wat reeds self 'ingesny' was, of enige ander persoon met kennis. 'n 'Ingesnyde' persoon het net nodig gehad om sy sweet 'in te sny' aangesien die effektiwiteit van die ≠nobos in sy sweet was.

Twee informante meld die gebruik van sâ-i wat sou veroorsaak dat die slang mak sou word en sy aggressiwiteit sou laat verdwyn. Ander betwis dit en argumenteer dat sâ-i die slang sou aanlok. Een meld selfs dat sâ-i sou veroorsaak dat die slang verlief sou raak op die persoon. Hierbenewens sou ≠kanab in die vuur die Veldslang weghou. Ook dit is in teenstelling met ander bewerings dat die slang dus ≠kanab sou geëet het.

Indien die slang reeds besig was om sy slagoffer met die drade in te trek, moes die drade met 'n stok deurgekap word. Die slang sou die persoon dan so skielik los dat die slagoffer sy balans verloor.

Die aggressiewe slang se aandag kon afgelei word deur beeste na hom te jaag sodat hy na hulle spoeg en die mens vergeet.

Volgens ander sou niks die slang keer indien die slang reeds van die persoon bewus was nie en indien hy reeds die slagoffer het, sou niks laasgenoemde kon red nie. Enkele ander is van mening dat indien die slang op die slagoffer verlief is, maar laasgenoemde nog nie pal by hom gebly het nie, die slagoffer met ≠kanab gewas en ingesmeer moes word en medisyne ingegee moes word om die kwaad uit te braak.

Sommige is van mening dat die slang wel doodgemaak sou kon word, byvoorbeeld deur hom op die kol van die kop te skiet, terwyl ander dit betwyfel omdat 'n mens as gevolg van sy aggressiwiteit nie naby genoeg aan hom sou kon kom nie. Een informant meld dat hy net geskiet kon word as hy nie die mense se reuk gekry het nie, dit wil sê nog nie van die mense bewus was nie. Mense wat met iets van die Veldslang 'ingesny' is, sou hom kon doodmaak, omdat hulle mos 'sy mense' was. Een informant meld 'n besondere metode. Indien die slagoffer waarop hy verlief was nog nie pal by hom gebly het nie, maar nog gereeld huis toe gegaan het, moes die mense wegtrek en hulle huise verbrand met 'n bos wat die slang sou aantrek sodat by na die vuur sou gaan en ook sou verbrand.

1.3.1.2 . Die Grootlang van die rivier

1.3.1.2.1 Blyplekke

Die Rivierslang se blyplek sou hoofsaaklik beperk gewees het tot die Oranjerivier. Die plekke waar die Rivierslang hom sou bevind, was plekke wat vir die mens gevaar kon inhou as gevolg van die geografiese geaardheid daarvan of omdat dit gewilde besoekpunte was.

Die Rivierslang kon verwag word in draaikolke wat dikwels aan die voet van watervalle was, in kuile, onder rotse en rotsbanke, maar ook langs die rivier in rotsgate of plekke waar die rivier nou was en waar hy mense wat deurgaen, dus maklik sou kon vang. In teenstelling met bogenoemde gegewens oor plekke wat gewoonlik as 'lelik' beskryf is, kon die slang hom ook op 'n mooi plek bevind het, byvoorbeeld waar die water rustig was en daar blomme was.

Aangeduide lokaliteite was onder andere veral watervalle soos die Augrabies- en die Kum-kumwaterval; draaikolke soos dié by Ochta, Blokwerf en Kum-kum; kuile soos dié by Sanddrif en Bokse-dam by Kanoneiland; rotsagtige plekke soos dié stroomaf van De Hoop en Ochta, asook nou plekke soos dié by Onseepkans.

Die Rivierslang sou egter ook soms uit die rivier gegaan het, byvoorbeeld om medisynbosse te kry vir medisynemaak, om te

eet, of omdat die slang se blyplek langs die rivier was. Vir bewoners naby die rivier sou die Rivierslang 'n groter probleem as die Veldslang gewees het.

Volgens enkele informante sou die Rivierslang ook by waterplekke in die veld voorgekom het. Een informant wat naby Ariamsvlei ver van die Oranjerivier woon, meld in hierdie verband 'n ondergrondse gang uit 'n put. Ander noem diep kuile in die veld. In die Richtersveld is die wondergat naby Kuboes as 'n woonplek genoem. Dit is egter moontlik dat Turus, die Waterslang, hier bedoel is en die informante in gebreke gebly het om tussen die Rivierslang en Turus te onderskei.

Die Rivierslang se woonplek sou, hoewel dit gewoonlik onder die water is, altyd droog wees omdat dit 'n syopening sou hê en met klei uitgesmeer is. Dit sou geskitter het van die diamante. Volgens een informant sou die slang daar op 'n diamant gelê het.

Twee informante langs die Oranjerivier meld dat die slang 'n likkewaan sou gehad het wat sy bediende was en dat die slang met 'n mensmaat van die teenoorgestelde geslag daar gewoon het. Waar die Rivierslang woon, sou geen vis wees nie.

Bewyse vir die bestaan van die Rivierslang sou wees kennis verkry deur persoonlike ondervinding met die slang, 'n onverklaarbare lig saans by die rivier, die mistigheid by Augrabies, verdrinkte persone wie se lyke nie gevind is nie, of wel gevind is maar sonder bloed was, of met die nek gebreek gevind is. Hierbenewens sou die afwesigheid van vis en 'n gevoel van vrees wat 'n persoon skielik oorweldig het, bewyse van die slang se teenwoordigheid wees.

1.3.1.2.2 Kenmerke en gewoontes

Daar sou vroulike en manlike Rivierslange wees. Die Rivierslang kon voortplant en daar was dus heelparty Rivierslange. 'n Rivierslang kon ook by 'n mens voortplant en die kinders sou dan half-slang, half-mens wees, met mens bolywe en slang onderlywe.

Die Rivierslang sou sterflik wees. Daar word vertel dat mense al op dooie Rivierslange afgekom het en dit dan verbrand het, skynbaar omdat die karkas as giftig beskou is. Een informant meld dat enige slanggraat giftig sou wees.

Die Rivierslang sou so lank wees dat hy, wanneer hy swem, 'n pad in die water gelaat het. Een informant beskryf sy lengte as vyf tot sewe meter. Sy lyf sou baie dik wees. Een informant meen so dik soos die lyf van 'n kapater en 'n ander so dik soos 'n matjieshuis omdat hy 'n bees kon insluk. Wanneer hy opgerol gelê het met sy kop bo sou die keël een meter hoog gewees het.

Die meeste informante meld dat die Rivierslang swart is, maar daar is ook ander wat bontes noem. Hy sou baie mooi wees en ook oor die vermoë beskik het om van kleur te verander sodat 'n persoon hom aan die slang sou verwonder en laasgenoemde hom sodoende kon vang. Die Rivierslang sou 'n slegte reuk hê wat nadelig vir mense sou wees. Sy reuk sou dan ook die weerlig aangetrek het.

Sy kop sou soos die kop van 'n slang lyk, maar hy kon hom in die gedaante van 'n mens vertoon het. Hy sou 'n lig op die voorkop gehad het wat as 'n kol, ster, diamant of spieël beskryf word en saans sigbaar sou wees. Indien die lig sou weg-raak, sou die slang nie snags kon sien nie en dus nie kon rond-beweeg en wei nie, en dus sterf. Lyntjie Springbok meld dat die slang self die lig sou kon afhaal en dat dit al gebeur het dat mense dit dan probeer steel het.

Die Rivierslang sou pikswart wenkbroue wat inmekaar loop en 'toesteek-wenkbroue' gevorm het, gehad het. Volgens Lyntjie Springbok sou hy twee lang tande gehad het en volgens 'n ander 'n baard om die mond.

Hy sou 'n 'maanhaar' op die rug gehad het, nie van hare nie, maar soos die rugvin van 'n vis. Een informant beskryf dit as 'saagriffels' en verwys na die Rivierslang as die Saagslang.

'n Lig wat aanhoudend op en af beweeg, sou die Rivierslang aandui wat deur die water beweeg. Wanneer hy vinnig deur die

water beweeg, sou die water 'n boog gemaak het. Sy beweging deur die water word met 'n wind vergelyk. Een informant sê dat die ou mense vroeër daarna as die rivierwind verwys het en dat dit 'n warrelwind sou gewees het. Indien iemand in die pad van die wind sou kom, sou dit die persoon meegevoer het.

Die slang sou op en af in die rivier beweeg het en soms, veral snags, uit die water gekom het. Hierbenewens het hy soms in die nag van een plek na 'n ander getrek. Somtyds sou die slang bo-op die water gespeel het deur rond te rol. Rivierslange sou dit graag gedoen het wanneer twee van hulle bymekaar was. Dit sou dan geklink het asof klippe in die water val. Volgens twee informante sou die slang dan water opgesuig en in die lug opgespuit het. Wanneer hy sy litte uitrek sou dit 'n kraakgeluid gemaak het.

Een informant het die mistigheid by die Augrabiese waterval wat in die winter so ver as Kakamas gesien kon word (35 kilometer), verduidelik as die asem van die Rivierslang wanneer hy kwaad was. Hy sou bedags gerus en snags gewei of getrek het. Buite die water sou hy hom in 'n keël opgerol het met die kop bo-op.

Dit skyn of die Rivierslang veral vis geëet het. Een informant meld dat hy ook vir sy slagoffer daarvan sou gee en dat laasgenoemde sere om die mond van die skerp grate sou kry. Hierbenewens sou die slang vee in die water intrek maar net die bloed uitgesuig het. Hoewel enkeles meld dat hy uit die water gegaan het om te wei, is sy kossoorte onbekend.

Daar bestaan verskillende menings oor die geluide wat die Rivierslang sou maak. Twee informante meld dat hy 'n hol geluid maak wanneer die rivier afkom. Dit is vergelyk met die geluid wanneer in 'n kalbas geblaas is of met die geluid van 'n trompet. Hierbenewens sou hy net voor hy aanval, 'n hoë fluit gegee het.

Die Rivierslang sou oor voorkennis beskik oor wanneer die rivier sou afkom en dan die water tegemoet geswem het om daarmee saam af te kom of vooruit te swem. Die slang sou dikwels te

sien gewees het wanneer die rivier vol was. Wanneer die rivier afgekom het, sou die slang nie die mense gepla het nie.

Volgens drie informante sou die Rivierslang oor vermoëns wat met kragmedisyne verband hou, beskik. Die een informant meld dat hy soms die rivier verlaat het om medisynebosse te kry wat hom in staat sou stel om 'n slagoffer te vang en die helpers te laat wegvlug. Lyntjie Springbok noem dat die diamant in sy voorkop medisinale kwaliteite sou gehad het en 'n Griekwa-informant meld dat 'n kragdokter na die Rivierslang sou gaan vir opleiding in die gebruik van medisyne. Alle ander informante is egter onbekend hiermee en een is van mening dat dit waarskynlik 'n eie siening van die Rivierslang verteenwoordig. Die kontak van die Griekwa en Korana met die Tswana maak dit 'n waarskynlikheid.

Die gedroogde vleis van die Rivierslang is volgens twee informante deur 'n kwaadwillige vir homself 'ingesny' om sodoende ander te kon benadeel. Indien so 'n persoon dan 'n ander byt, sou die plek bederf, vrot word en die slagoffer sterf.

1.3.1.2.3 Slagoffers en aanvalmetodes

Volgens Lyntjie Springbok kon 'n kwaadwillige kragdokter 'n onwetende pasiënt met die mis van die Rivierslang 'insny' en sou die persoon dan uitgelewer wees aan die slang. Daarom sou mense altyd voordat hulle die rivier oorsteek, gevra het of daar iemand by is wat 'ingesny' is aangesien so 'n persoon dus onwetend die slang kon aanlok. Volgens ander persone kan hierdie gegewens nie korrek wees nie aangesien so 'n persoon juis met die slang geassosieer sou wees. So 'n persoon sou dan 'paar' met die slang (dit wil sê die slang sou die persoon as 'n vriend beskou) en dus die slang dikwels teëkom, maar die slang sou nie verder in die persoon belangstel nie.

Uit die spontane inligting wat verkry is, is dit duidelik dat die Rivierslang nie aangetrek is deur reuke soos dié van besies wat in die vuur val nie en dat die reuk van persone nie so 'n belangrike rol gespeel het soos by die Veldslang nie. Een informant meld dat sâ-i die slang sou aanlok terwyl ander van

mening is dat die reuk van sâ-i hom sou weghou. Die Rivierslang sou besonder belangstel in meisies wat menstrueer veral indien hulle ook ongelukkig sou wees, maar soms net indien hul ongelukkig was. Volgens een informant sou hy swanger vroue vanweë hul opgegaarde bloed aanval.

Die slang sou op iemand van die teenoorgestelde geslag verlief kan raak, maar uit die voorbeelde van persoonlike ondervindings skyn dit gewoonlik die manlike slang te gewees het wat op 'n meisie verlief raak. Hy sou in besonder in jongmense belangstel veral mense met moesies en met wenkbroue wat inmekaar loop. Volgens Khoekhoe-siening sou sulke mense die mooiste wees. Indien iemand van dieselfde geslag gevang is, sou die slang die persoon doodmaak. 'n Persoon, gewoonlik 'n vrou, kon ook op die slang verlief raak.

Die slang sou die persoon liefkoos deur om haar te kronkel en haar te lek. 'n Persoon wat op die slang verlief was, sou gedurig rivier toe wou gaan en later vir rukkies, byvoorbeeld 'n hele nag, wegbly. Indien sy die slang nie gereeld besoek nie, sou hy na haar kom soek. Aanvanklik sou sy vir rukkies terug kom na haar eie mense, maar as die slang haar eers in sy mag het, het hy haar na sy blyplek onder die water geneem. Hier sou hy vir haar kos gee, byvoorbeeld vee wat hy ingetrek het of dassies en klipbokke. Later sou die slang by die vrou kinders hê.

So 'n persoon wou dan nie meer by mense - wees en het 'wild' geraak vir mense, selfs vir haar eie ma. Sy sou 'mak raak' vir die slang en by hom wou wees. Die slagoffer sou 'n wilde reuk soos die van die slang kry. Volgens een informant sou sy selfs vyandig word teen mense. Sy sou net die Rivierslang se kos eet. Ander kos sou haar nie meer voed nie. Sy sou selfs soos 'n slang begin lyk het. Volgens een informant sou haar onderlyf in dié van 'n slang kon verander. Hierbenewens sou die meisie lang swart hare kry en sou sy later altyd by die slang se woonplek bly.

Die slagoffer sou nie kon ontvlug nie, want die slang sou haar altyd gaan haal. Wanneer sy egter nog vir rukkies terugkom na

haar mense, moes sy vasgemaak word en daar medisyne by die slang se woonplek ingegooi word waarmee hy hom kon dood baklei. Die meisie kon na 'n kragdokter geneem word vir behandeling maar het gewoonlik gesterf omdat sy na die slang bly verlang het en die kos van mense haar nie meer kon voed nie.

Die Rivierslang sou, wanneer hy sy oog op iemand het, met sy voorlyf regop in die water gestaan het en wanneer hy uit 'n opgerolde posisie wou aanval, sy kop skielik uitgeskiet het.

Die slang sou 'n persoon met 'n draad wat hy uitskiet, in die water kon intrek. Dieselfde metode sou op vee of op 'n skuit gebruik kon word. Informante meen dat die draad by die slang se mond uitgekom het en dat dit meer as een draad sou gewees het. Volgens die verskillende beskrywinge sou die draad onsigbaar of blink wees of die kleure gehad het van die reënboog. Die slang kon die slagoffer hiermee omsingel en intrek of die draad kon aan die slagoffer vasklou sodat hy daarmee ingetrek kon word. Een informant uit die omgewing noord van Ariamsvlei vertel oor die slang wat in gelokaliseerde water in die veld sou bly dat die drade by sy anus sou uitkom en dat die drade selfs soos spinnekopdrade in 'n put gespan kon wees. Sodra die slagoffer dan daaraan raak sou die slang daarvan bewus wees en die persoon kon aftrek. Hierdie vertellinge kan moontlik na die Turus en na San-invloed verwys. 'n Slagoffer moes die drade van die Rivierslang met 'n stok, riet of mes deurkap. Die persoon sou dan so skielik loskom dat hy sy balans verloor.

'n Belangrike aanvalsmetode van die Rivierslang was om hom soos iets anders voor te doen, naamlik iets waaraan die potensiële slagoffer hom sou verwonder, wat hy sou begeer of waaraan hy hom nie sou steur nie. Die slang sou homself in verskillende kleure kon vertoon, of lyk soos 'n stok wat teen die stroom dryf, 'n man met 'n witborshemp, 'n meisie, 'n kalfie, 'n lam-mertjie, 'n waatlemoen, 'n spanspek, 'n vol bottel bier, 'n koppie, of 'n stok, blare of rots in die water. Hierbenewens sou die slang ook net sy kop kon verander in dié van 'n baber of 'n donkie of net sy bolyf in die van 'n mens. Hy kon ook die vorm aanneem van een van die potensiële slagoffer se besittings byvoorbeeld 'n kopdoek soos dié wat die slagoffer dra.

Lyntjie Springbok verduidelik dat die slang dit sou doen sodat hy en die slagoffer oënskynlik by mekaar pas. Sou die persoon die voorwerp dan probeer neem of te gerus naby kom, is die persoon gevang.

Indien die slang iemand van dieselfde geslag as hyself gevang het of indien hy vir 'n persoon kwaad was, sou hy hom doodgemaak het. Een informant meld dat hy die slagoffer sou insluk, enkeles dat hy hom met sy tong sou doodsteek, terwyl ander van mening was dat hy die slagoffer se bloed en harsings by sy neus sou uitsuig. Een informant meld in verband met laasgenoemde metode dat wanneer osse deur die rivier loop hy hulle bloed deur die neus sou kon uitsuig.

Indien die lyk van 'n persoon wat verdrink het, nie gevind word nie of wel gevind is, maar daar geen water of bloed in die liggaam is nie of die harsings uit die kop sou wees, sou dit tekens wees dat die persoon nie verdrink het nie, maar deur die Rivierslang doodgemaak is.

1.3.1.2.4 Optrede teen die Rivierslang

Die Khoekhoen het die Rivierslang gevrees. Verskeie voorkomende handelingte kon egter uitgevoer word, byvoorbeeld om nooit alleen na die rivier te gaan nie. Sommige meen dat sâ-i die slang sou wegdryf en dat 'n persoon haarself daarmee kon poeier of daarvan in die water kon gooi. Een informant beskryf dit as medisyne teen die Rivierslang en om te 'dokter' teen die Rivierslang. Daarom moes die puberteitsinisiant sulke handelingte uitvoer. In teenstelling hiermee meld ander dat die slang juis mense wat sâ-i gebruik, sou vang. Die puberteitsinisiant moes as verdere voorkomingsmaatreël met 'n stok op die water slaan sodat dit op haar spat. Sodoende het sy haar met die water waarin die slang kon wees, geassosieer en is sy veilig gemaak vir die Rivierslang.

Hierbenewens kon 'n persoon met die slang assosieer deur homself met die slang se mis te laat 'insny' of daarmee te laat insmeer. Hoe dikwels die persoon dan die slang ookal sou teëkom sou die slang niks aan die persoon doen nie omdat die

persoon en die slang 'paar'. Hierdie metode sou gebruik gewees het om die diamant (vgl. II:1.3.1.2.2) in die slang se blyplek te steel.

Wanneer die Rivierslang probeer het om 'n slagoffer of die skuit waarop die slagoffer is, in te trek, kon die slang gebruik word deur vir hom iets te gee wat van die persoon afkomstig is en dus die plek kon inneem van die persoon. Die slang sou dan tevrede wees. Hierdeur sou die persoon 'losgemaak' gewees het. Die slagoffer kon dit doen deur die hande af te spoel, sweet onder die arms af te vee en die hande in die water af te spoel of 'n klippie in die armholte te plaas en dan in die water te gooi, 'n kledingstuk of deel daarvan of 'n ander item waarmee die persoon in aanraking was soos sy vislyn en hoek in die water te gooi. Sodoende sou die slang dus met die slagoffer geassosieer word. Hierop sou die slang die slagoffer of skuit so skielik los dat die slagoffer en skuit weggeskiet is.

Wanneer die Rivierslang 'n slagoffer of 'n skuit met sy draad gevang het, moes die betrokke die draad met 'n stok, riet of mes probeer deurkap. Volgens een informant sou 'n riet besonder geskik wees omdat dit ook 'van die water' is. Die slang sou die betrokkes so skielik los dat hulle deur die lug trek.

Twee informante is van mening dat die slang van kant gemaak kon word deur hom op die kol voor die kop te skiet.

Hoewel die informante van mening is dat 'n slagoffer nie teruggekry kon word wanneer die slang reeds van hom besit geneem het nie, word verskeie pogings tog genoem, hoewel die fyner besonderhede gewoonlik ontbreek. Die kragdokter kon sekere magiese middels verskaf wat in die water gegooi kon word. Die medisyne kon met die klere van die slagoffer gemeng en dan in die water gegooi word. Dit sou tot gevolg hê dat die slang homself doodgemaak het. Een informant beskryf dit as 'doodbaklei' met die reuk van die medisyne en volgens ander sou hy homself as gevolg van die werking van die medisyne self doodpik. Die medisyne kon ook veroorsaak dat die slang sy sinnigheid in die slagoffer verloor.

Hierbenewens sou die slagoffer teruggekry kon word deur 'n lewendige dier byvoorbeeld 'n vers of 'n bok by die blyplek van die Rivierslang in te stoot. Twee informante meld dat die dier swart moes wees, een dat die bok wit moes wees. Volgens 'n ander moes die swart dier 'n wit kol voor die kop hê. In die geval van 'n vroulike slang moes dit 'n manlike dier wees. Volgens twee informante kon dit ook 'n geslagte dier wees. Een informant meld dat slegs iemand, soos 'n kragdokter, wat met die Rivierslang 'ingesny' is die dier sou kon afgelewer het. Sodoende sou die gevangene dan 'teruggekoop' kon word.

1.3.2 Turus

Dit skyn of Turus dieselfde wese kon wees as die Reën- of Waterdier van die San wat in 'n waterbron sou woon en deur die San aan 'n lang riem rondgelei kon word. Daar is geglo dat dit sou reën oral waar hierdie dier gaan (vgl. Schmidt 1979:201-205). Die informante beskryf Turus as 'n slang, en noem dit die Waterslang wat duidelik onderskei moet word van die Rivierslang. Die siening bots met die gegewens wat Schmidt (1979:212) by die /Khopesen versamel het waar Turus as 'n koei beskryf word, maar is in ooreenstemming met die tweeledige beskrywing deur die San wat die Reëndier as 'n koei of slang beskou (Schmidt 1979:201). Schmidt lei uit die verspreiding van die uitbeelding van Turus as 'n Waterkoei af dat dié voorstelling veral by Khoekhoen voorkom wat suid van die Oranjerivier woonagtig is of was, en dat dit daarom by die /Khopesen, 'n Oorlamse stam oorspronklik van suid van die Oranje, sou voorkom (Schmidt 1979:212). Hoewel die benaming Reëndier of Waterkoei onbekend is by my informante wat hieroor uitgevra is, meld een wel dat Turus 'n slang is wat soos 'n bees lyk. Die enkele informante wat wel 'n beskrywing kon gee, het Turus beskryf as 'n ronde voorwerp soos 'n wiel of klip, 'n ronde dik slang, 'n slang wat nie so lank sou wees soos die Rivierslang nie, 'n ronde voorwerp met 'n kop weerskante van die liggaam en 'n slang met horinkies.

Turus sou as Waterslang in 'n groot fontein of in 'n rivier bly en sou daar beland met 'n donderslag uit swart donderwolke tydens 'n wolkbreuk en weer met 'n donderslag in die wolke op

geneem kon word. Wanneer dit baie warm is, sou Turus buite die water op die kweek lê.

Een informant meld in ooreenstemming met die geslagsaanduiding in die woord dat Turus altyd vroulik sou wees, maar volgens 'n ander sou mannetjies ook gekry word.

Turus sou volgens een informant baie wreed en aggressief wees, meer so as die Grootslange. Volgens sommige sou Turus mense van beide geslagte doodmaak, maar volgens 'n ander net vroue en dat sy met 'n man kon saamleef.

Verskillende aanvalsmetodes word deur die informante vermeld. Turus sou haarself in verskillende kleure kon vertoon om mense se aandag te trek, sy sou 'n slagoffer met drade nader getrek het (vgl. ook Schmidt 1980:228, 229), sy sou water 'gepomp' het en dit dan na die slagoffer gegooi het, sodat hy na haar toe sou spoel (vgl. ook Schmidt 1980:229), sy sou 'n klomp water gesluk het en dit dan na die slagoffer gespoeg het sodat hy nader spoel, sy sou haar soos 'n klip vertoon en wanneer die vroue daarop was, begin uitrys en hulle gevang het. Laastens stem die meeste informante saam dat Turus 'n slagoffer sou kon insluk.

Dat daar 'n verband is tussen Turus en die watervoorraad blyk uit die gewoonte om, wanneer die water opraak, Turus te vra om water te 'pomp' sodat die water sou afkom. Schmidt (1980:229) meld dat Turus ook water sou ingesuiig en dan in die lug uitgespuit het. Die informante het dit nie in verband met Turus nie, maar die Rivierslang vermeld. Dit sou dan waarskynlik 'n verklaring bied vir die stygende of dalende watervoorraad.

Dit lyk of daar heelwat verwarring is tussen die gegewens in verband met Turus en die Rivierslang. Een informant meld byvoorbeeld dat die Rivierslang met 'n donderslag in 'n fontein of die rivier kon beland en 'n ander meld dat Turus en die Rivierslang dieselfde wese is. Uit die kenmerke en gewoontes blyk talle ooreenkomste : beide die Rivierslang en Turus vertoon hulself in verskillende kleure, beide trek hul slagoffers in met 'n draad, en beide hou verband met die watervoorraad.

Kultuurverandering kan 'n moontlike oorsaak vir die verwarring in verband met die kenmerke van Turus en die Rivierslang wees. Daar is egter ook duidelike verskille tussen Turus en die Riverslang sigbaar ten opsigte van fisiese vorm en handelinge. Hierbenewens dui die wyse waarop Turus sou aangekom het, naamlik in 'n donderstorm, en die meeste aanvalsmetodes op 'n besondere verband met water.

1.3.3 Die Fonteinslang

'n Derde slang wat met die water in verband sou staan, is die Fonteinslang waarna ook as die Waterslang (//Gam/aob) verwys is. Die Fonteinslang sou in 'n fontein, gora of boorgat waar sterk water is, aangetref gewees het, sou bruin van kleur wees en het die grootte gehad van 'n gewone dunnerige slang. Die slang sou 'n 'goeie' slang wees wat nie mense aanval nie.

Die aanwesigheid van water in 'n fontein sou aan die teenwoordigheid van die Fonteinslang gekoppel kon word. Indien die slang sou wegtrek na 'n ander bron of sou sterf, byvoorbeeld wanneer hy dood gemaak is, sou die bron opdroog. Die Fonteinslang sou soms die fontein vir 'n rukkie verlaat, byvoorbeeld as dit koel was en mense moes dit dan nie doodmaak nie. Een informant kon haar herinner dat haar moeder gesê het : 'Dit is oor hierdie slang dat ons water drink'.

1.3.4 !Ganan!gub

Een informant verduidelik die term !Ganan!gūb met '!Ganan' wat die naam sou wees van die dier en '!gūb' wat 'iets wat sleep' sou beteken.

Die !Ganan!gūb sou soos 'n likkewaan gelyk het, en sou twee teelsakke gehad het wat op die grond sleep en dan twee voortjies in die grond maak. Hoewel twee informante op 'n direkte vraag geantwoord het dat daar wyfies ook kon wees, is daar volgens die ander informante nooit in vertellings na 'n vroulike dier verwys nie. Die !Ganan!gūb sou 'n 'kam' gehad het. Oor die kleur van die !Ganan!gūb kon feitlik geen inligting verkry word nie. Volgens een vrou sou hy bruin gewees het.

Die !Ganan!qūb is gevrees omdat hy vroue sou jaag, en volgens enkele informante sou 'n wyfie 'n man jaag. Een informant meld dat hy die 'mooiste hout sou gemaak het' en wanneer 'n persoon daarvan wou neem, die persoon sou bestorm het. Die persoon moes dan weghardloop en 'n kledingstuk vir die !Ganan!qūb los, byvoorbeeld haar onderrok of broekie wat hom dan tevrede sou stel.

Dit is nie duidelik presies wat hy sou doen as hy die slagoffer gevang het nie. Volgens een vrou sou hy met die persoon geslagsomgang gehad het en volgens 'n ander sou hy hom styf om die slagoffer 'gespan' het.

Gedetailleerde inligting ontbreek in die vertellinge, maar met elke vertelling is na die seksuele konnotasie van die !Ganan!qūb verwys, naamlik dat hy teelsakke sou gehad het en dat hy tevrede sou gewees het wanneer hy iets van die vrou bekom het. Hierbenewens is weer eens die gevaar geïllustreer verbonde aan alledaagse en noodsaaklike funksies soos hout versamel.

1.3.5 Die dassie-adder

Die dassie-adder, in Nama !āu!gaes genoem, sou 'n slang wees wat in die berge of koppies bly dit wil sê waar dit klipperig is, waar daar skeure is en waar daar dassies is.

Die informante beskik oor weinig gedetailleerde inligting in verband met sy fisiese voorkoms en die beskrywings is dikwels teenstellend. Hoewel hy nie baie lank sou gewees het nie, skynbaar maar een meter, was hy dikker as 'n gewone slang. Daar is egter geen instemming tussen informante oor die kleur van die dassie-adder nie. Twee informante meld egter dat hy bruin sou gewees het. Dit sluit aan by die beskrywing dat sy kop soos dié van 'n dassie sou gelyk het, met ore soos 'n dassie, en dat indien 'n persoon net sy kop sou sien hy maklik met 'n dassie verwar kon word.

Volgens enkelesou hy 'n 'kam' op die rug gehad het, maar nader besonderhede ontbreek. Hy sou lang tande, asook 'n pen

gehad het, maar weer eens kon geen nadere besonderhede verkry word nie.

Die dassie-adder sou dassies geëet het wat hy heel insluk. Volgens een informant sou hy die dassie lewendig ingesluk het en volgens 'n ander eers doodgebyt het.

Die dassie-adder sou besonder aggressief wees, selfs meer as die Grootslange. Hy sou op sig aanval sonder dat hy eers die persoon geruik het. Een informant vertel dat 'n vlieg wat op 'n mens gesit het en dan weer op die dassie-adder gaan sit het voldoende was om hom te laat aanval.

Die dassie-adder sou mense aanval as hul in sy omgewing kom en wel deur die persone te jaag. Hy sou dit gedoen het deur deur die lug te trek of te 'skiet', of te 'vlieg'. Hiervoor moes hy homself egter eers oppomp. Volgens sekere informante sou hy homself in 'n opgerolde posisie opgepomp en deur die lug getrek het, terwyl ander meld dat hy dit in 'n reguit posisie sou gedoen het. Hy het mense altyd vanaf 'n hoër posisie aangeval omdat 'n mens wat bergklim geneig is om nie gedurig op te kyk nie.

Dit is nie duidelik presies hoe die dassie-adder sy slagoffer van kant sou maak nie. Sommige meen dat hy sou gepik het en een meld dat hy die slagoffer met 'n pen sou geskiet het. Hy sou egter baie giftig gewees het.

Aangesien die dassie-adder nie opdraend kon 'skiet' nie, moes 'n slagoffer nie afdraend weghardloop nie, maar opdraend.

1.3.6 Die Witslang

Hierdie spierwit slang sou besonder gevaarlik gewees het, en volgens een informant die gevaarlikste van al die slange. Indien hy 'n persoon gewaar, sou hy onmiddellik aanval en sou die persoon sekerlik doodmaak. Hy sou baie vinnig aangeval het in teenstelling met die Grootslange wat stadiger sou wees, en was dus besonder gevaarlik.

Dit was 'n lang slang met 'n dikkerige lyf, 'n klein koppie die grootte van 'n persoon se vinger. Volgens een informant sou hy in 'n boom gebly het.

Hy sou wanneer hy aanval dwars-deur 'n persoon se liggaam 'geskiet' het en dan die persoon so laat sterf het. Hiervoor sou hy 'n 'staal' bek, dit wil sê 'n ystertjie aan sy bek, gehad het. Hy kon deur 'n persoon se liggaam skiet en anderkant uitkom of hy kon wanneer hy die liggaam van 'n persoon deurboor het, homself voor en agter teen die liggaam van die persoon knoop en so bly tot die persoon dood is.

Hoewel hy ook deur bome kon skiet, sou hy dit nie deur 'n ka-meeldoringboom kon doen nie en was dit dus veilig om agter so 'n boom te skuil.

Om hom dood te maak, is 'n paar koeie, byvoorbeeld drie, in 'n ry naby sy blyplek vasgemaak sodat die breedte van die koeie tot gevolg sou hê dat, wanneer hy deur hulle skiet, hy nie weer kon uitkom nie.

1.3.7 Gevolgtrekkinge

Hoewel die woonplekke van Tsui//Goab, //Gâunab en die goeie geeste en Turus bo-aards was (vgl. II:1.1, 1.3.2), het Haitsi Aibeb (vgl. II:1.1), die /hās (vgl. II:1.2.2.3), die Groot-slange en ander slange of slangagtige diere met bonatuurlike vermoëns saam met die mens op die aarde voorgekom. Turus was die enigste uitsondering en sou van die swart donderwolke afkomstig wees (vgl. II:1.3.2). Die Groot-slange en die ander slange of slangagtige diere is as werklike diere in die natuur beskou hoewel met bonatuurlike vermoëns. Die Khoekhoen onderskei nie altyd duidelik tussen die bonatuurlike en die natuurlike nie.

Die teenstelling van goed en kwaad is uitgebeeld enersyds deur Tsui//Goab (vgl. II:1.1) en die goeie mensgeeste (vgl. II:1.2.2.2) en, andersyds, deur //Gâunab (vgl. II:1.1), die Groot-slange (vgl. II:1.3.1), bepaalde ander slange of slangagtige diere (vgl. II:1.3.2-1.3.6) asook die bose mensgeeste (vgl. II:1.2.2.1).

Dit is duidelik uit die kenmerke wat die Khoekhoen aan die Grootlange toeskryf (vgl. II:1.3.1.1.2, 1.3.1.2.2) dat dié slange inherente bonatuurlike krag van buitengewone omvang sou besit. Die krag van 'n Grootlang sou veral in die steen voor sy kop gekonsentreer wees (vgl. II:1.3.1.1.2, 1.3.1.2.2). Daarbenewens was dit ook in die reuk van die Grootlange (vgl. II:1.3.1.1.2, 1.3.1.2.2) en in die gif van die Veldslang geleë (vgl. II:1.3.1.2.2). Die negatiwiteit van die krag blyk, volgens die informante uit die slegte reuk van die Grootlange (vgl. II:1.3.1.1.2, 1.3.1.2.2).

Die Grootlange kon klaarblyklik hul krag aanvul deur inname van medisyne plante (vgl. II:1.3.1.1.2, 1.3.1.2.1, 1.3.1.2.2) en, in die geval van die Rivierslang, deur die bloed van mense en vee (vgl. II:1.3.1.2.3).

Die krag van die Grootlange wat in hul reuk, vleis en gif geleë is, sou 'n negatiewe (siekmakende) uitwerking op mense gehad het (vgl. II:1.3.1.1.2, 1.3.1.2.2). Hierbenewens sou die reuk van die Grootlange tot gevolg gehad het dat die weerlig teen hulle optree (vgl. II:1.3.1.1.2, 1.3.1.2.2). Die krag in die steen voor die kop van 'n Grootlang kon die mens, dier en plante skynbaar nie benadeel nie (vgl. II:1.3.1.1.2, 1.3.1.2.2).

Die Grootlange se verhouding met die mens getuig van negatiwiteit. Die Veldslang sou alle mense aangeval het as hy hul reuk kry. Die Grootlange sou teenoor menstruerende en swanger vroue as gevolg van die vroue se reuk en teenoor ongelukkige persone aggressief opgetree het (vgl. II:1.3.1.1.3, 1.3.1.2.3). Ook sou die Grootlange in persone van die teenoorgestelde geslag tot nadeel van so 'n persoon belanggestel het (vgl. II:1.3.1.1.3, 1.3.1.2.3).

Hoewel enkele handelingte teen die Grootlange genoem is, is daar geglo dat die mens nie veel verweer teen die Grootlange het nie, behalwe om hulle te vermy (vgl. II:1.3.1.1.4, 1.3.1.2.4).

Daar is ook 'n baie duidelike tendens om 'n meer seksuele konnotasie aan die Rivierslang te verleen. Slegs die Rivierslang sou van vormverandering gebruik gemaak het om mense te probeer nader trek, en het dus hiervoor, onder andere, van die begeerte by mense gebruik gemaak (vgl. II:1.3.1.2.3). Meer besonderhede is oor die aantreklikheid en dus aanloklikheid van die Rivierslang se blyplek verskaf (vgl. II:1.3.1.2.1) en meer informante het inligting verskaf oor die seksuele konnotasie van die Rivierslang. Die verband is daarin geleë dat die puberteitsinisiënt bewustelik met die Rivierslang geassosieer moes word (vgl. II:1.3.1.2.4). Hierbenewens kon net die Rivierslang met iets van die slagoffer tevrede gestel word (vgl. II:1.3.1.2.4). Metodes van hoe om 'n slagoffer uit die mag van die slang te kry, is net in verband met die Rivierslang genoem (vgl. II:1.3.1.2.4) en dui moontlik op 'n meer seksuele en minder aggressiewe konnotasie.

Dit is, vanweë vreemde kultuurinvloede in die verlede op die kultuur van die Khoekhoen, baie moeilik om 'n geheelbeeld van die Khoekhoen se beskouinge oor die bonatuurlike te bekom, en dus moeilik om vas te stel of daar 'n verband bestaan tussen die Grootslange en Turus, en tussen ander bonatuurlike wesens onderling. Dit is by die verkryging van so 'n geheelbeeld belangrik om die gegewens van die San, met wie die Khoekhoen vir baie lank in kontak was en ondertrou het, in ag te neem (vgl. Nurse et al 1985:94 et seq; Deacon 1984:323).

In sy kompilasiewerk oor die kulture van die San en die Khoekhoen kom Schapera tot die slotsom dat die gode soos Huwe en Thora van die verskillende Sangroepe deur die San as skeppers beskou is en as bronne van heilsame reën asook van geluk in die jag- en versamelaksie. Hierteenoor sou die San die term //gâua, //gâuab of Gâuna eerstens met die bose geeste van die dooies en tweedens met 'n gepersonifieerde wese, wat as die oorsaak van siekte en dood (dood veroorsaak deur onder andere donderweer en weerlig) beskou is, verbind het. Schapera wys egter daarop dat die bogenoemde afleidinge, vanweë weinig gegewens oor die religie van die San, net as 'n opsomming van die kenmerke van die bonatuurlike wesens beskou moet word en

nie as gevorderde interpretasies oor dié wesens nie (Schapera 1930:195). Hierbenewens bied die San se siening van Gâuna punte van ooreenkoms met die siening van reën as 'n gepersonifiseerde wese by die Kaapse San. Die Kaapse San het dikwels die reën as 'n gepersonifiseerde wese in die vorm van 'n dier, en meer bepaald 'n bul of eland, voorgestel. Die reën is ook algemeen voorgestel as 'n dier wat in 'n watergat leef, en daar is geglo dat waar dié dier gaan, dit sou reën. Reën is dus voorgestel as 'n heilsame krag wat reën bring en dus vir lewensmiddele sorg. Hierteenoor kon die reën egter ook menselewens deur donderweer en weerlig vernietig en is dit dus ook as 'n gevreesde en skadelike krag beskou (Schapera 1930:178, 179). Volgens San-opvattinge kan reën of water dus heilsaam, maar ook vernietigend wees.

Uit die veldwerk vir hierdie studie wil dit voorkom of, volgens Khoekhoe-opvattinge, die Grootlange, (veral die Rivierslang) en Turus enersyds 'n positiewe verband met water gehad het (vgl. II:1.3.1.1.2, 1.3.1.2.1, 1.3.1.2.2, 1.3.2) en andersyds vernietigend teenoor die mens kon optree (vgl. II:1.3.1.1.3, 1.3.1.2.3, 1.3.2). Hierdie dualistiese siening, word ook by die San, in verband met die gepersonifiseerde voorstelling van reën, gevind (Schapera 1930:178, 195). Hierbenewens beskou die San skynbaar vir //Gâunab (deur die San Gâuna genoem) as 'n bron van kwaad wat deur middel van donderstorms en weerlig die mens kon vernietig (Schapera 1930:195). Die koppeling tussen die bose en weerlig het die informante nie gemaak nie.

Verder moet in verband met Turus gelet word op die spekulاسie deur Schmidt dat kenmerke wat die San aan Turus toegeskryf het, moontlik vroeër met die Waterslang verband gehou het en dat met die bekendstelling van beeste in Suidelike Afrika die siening van 'n Reënbul kon ontstaan het. Volgens Schmidt sou die vele ooreenkomste tussen die Waterslang en die Reënbul hieruit verklaar kan word. Die belangrikste ooreenkoms is waarskynlik die feit dat beide met die reën verband hou (vgl. Schmidt 1979:219).

In ag genome dat die Khoekhoen geen kwaad aan Tsui//Goab toeskryf nie (vgl. II:1.1) kan die invloed van San-beskouinge oor

die reën en die bose //Gâunab nie uit die oog verloor word nie. Daar kan tot die slotsom gekom word dat die sieninge van die Khoekhoen oor die Grootlange en Turus geen verband met Tsui//Goab gehad het nie, maar moontlik wel met die San se sieninge van reën as 'n gepersonifieerde wese en met hul siening dat //Gâunab die weerlig en donderweer kon beheer.

Betreffende die mens het die Khoekhoen geglo dat die menslike liggaam die vermoë besit om middels op te neem en dat hierdie middels dan deel van die sweet of aura van die persoon kon word en hom kon beskerm teen gevaarlike invloede (vgl. II:1.3.1.1.4, 1.3.1.2.4). Uit die gegewens in verband met die Grootlange blyk dit dat bepaalde kenmerke van mense hulle as moontlike slagoffers uitgesonder het. Dit het ingesluit 'n ligte velkleur, moesies en aaneenlopende wenkbroue (vgl. II:1.3.1.1.3, 1.3.1.2.2).

Daar het ook kragkomponente buite die Grootlange in die natuur voorgekom. Die warrelwind sou soms 'n bonatuurlike wese, naamlik die Rivierslang, gehuisves het (vgl. II:1.3.1.2.2). 'n Swart bok (vgl. II:1.3.1.2.4) en veral 'n bepaalde akkedis (≠nobos) (vgl. II:1.3.1.1.4) sou besonder baie krag besit het. Ook plante soos die ≠kanab skyn 'n kragkomponent bevat het (vgl. II:1.3.1.1.4). Hierdie kragkomponente word oënskynlik nie uit enige van die persoonlike bonatuurlike wesens of die mens herlei nie.

Hoewel die mens nie 'n natuurlike band met die Grootlange gehad het nie, kon so 'n band deur middel van bepaalde handeling van assosiering verkry word om die mens sodoende teen die Grootlange te beskerm (vgl. II:1.3.1.1.4, 1.3.1.2.4). Dit is asof die handeling van assosiasie die moontlike slagoffer immun maak teen aantasting.

Ten slotte moet aangedui word dat die Grootlange en al die ander slange uitgesonderd die Fonteinslang met een of ander bedreiging vir die mens in verband gestaan het (vgl. II:1.3), dat !Ganan!gûb en die Rivierslang op die gevaar verbonde aan geslagsrypheid gewys het (vgl. II:1.3.4, 1.3.1.2) en dat Turus, die Fonteinslang en die Rivierslang 'n besondere verband getoon

het met die watervoorraad (vgl. II:1.3.2, 1.3.3, 1.3.1.2). Hierbenewens is dit insiggewend dat al hierdie diere slange of slangagtig was en dat almal as deel van die normale natuurorde voorgekom het.

2. ONPERSOONLIKE BONATUURLIKE KRAG

2.1 Selfwerkende krag by mense

2.1.1 Selfwerkende krag tydens oorgangstadiums

Persone sou volgens die informante 'n negatiewe uitwerking gehad het by die bereiking van puberteit, na 'n sterfgeval, met die !gaoʒgom-behandeling ('n behandeling met 'n hertroue uitgevoer om die betrokkenes se bloed onder andere met mekaar te assosieer) en na geslagsomgang. Hierdie negatiewe uitwerking kon 'n effek hê op die lewensbronne en die natuur.

Die kontak van sulke persone met lewensbronne soos die weiveld en veldvoedsel soos rosyntjiebessies, die melk, en die vee kon veroorsaak dat die weiveld en rosyntjiebessies verbrand, die melk bloederig word en die vee agteruitgaan of vrek. Niemand is egter in die resente verlede as gevolg van so 'n moontlike invloed verbied om van hierdie voedselsoorte in te neem nie.

Hierbenewens sou persone wat die negatiewe werking kon openbaar in die natuur die bye, roofdiere, slange en die Grootlange aggressief teenoor hulle gestem het en selfs veroorsaak het dat riviere en die see hulle wou meesleur. Verder sou die wild en vis sku gewees het wanneer hulle gaan jag of gaan visvang het. Die redes vir hierdie negatiewe reaksies wat so 'n persoon sou ontlok het sou in die geval van die oorgangstadiums die ou liggaamsvullis op die persoon voor reiniging gewees het, en die verandering wat die persoon as mens by oorgangstadium ondergaan het byvoorbeeld van dogter na vrou, van getroude tot weduwee of wewenaar, en van nie-behandelde tot 'n persoon wat die !gaoʒgom-behandeling ontvang het. Die lewensbronne en natuur sou nie meer die persoon 'geken' het nie omdat die persoon 'n 'nuwe mens' geword het met 'n nuwe reuk.

Dit is uit die voorgaande duidelik dat mense by die Khoekhoen met 'n besondere kragkomponent bedeel was. Die werking van hierdie kragvermoë was nie aan menslike wilsbesluite onderhewig nie en moet dus as onpersoonlik beskou word. Die kragpotensiaal van hierdie algemene bonatuurlike vermoë van mense het sterker na vore getree by oorgangsfases of krisismomente in die eie lewe en dan 'n besondere bedreiging vir die ander mense en die natuur geword. Dit wil voorkom of daar 'n inherente balans in kragvelde tussen mense asook tussen mense en die natuur bestaan het en dat hierdie balans by die bogenoemde geleenthede versteur geraak het sodat die kragvermoë van individue, of die gebrek daaraan en gevolglike kwesbaarheid, duidelik sigbaar geword het.

2.1.2 Selfwerkende krag van bloed

Menstruerende vroue en persone wat die !gao#gom-seremonie deurloop het se vuil bloed was vir ander mense gevaarlik : 'n Menstruerende vrou sou kon veroorsaak dat 'n man se geslagsdele opswel, hy verstop sodat hy nie kon urineer nie, sy geslagsdele uitsak, en hy sere op die bene kry. 'n Baba sou as gevolg van kontak met 'n menstruerende vrou, sere onder die neus kon ontwikkel. Persone wat die !gao#gom-behandeling gekry het, (vgl. III:10.2) sou kon veroorsaak dat ander die 'afsaksiekte' waaraan hulle ly, kry en dat enige seerplek sou sweer. Hulle sou 'n vrou se //haus (heup- en kruisbeen) en swanger en menstruerende vroue se kruis kon benadeel het en kon veroorsaak dat 'n ongebore baba sieklik sou wees.

Menstruele bloed en die groot hoeveelheid bloed van 'n swanger vrou is as kragtig of sterk beskryf. Daarom sou 'n menstruerende vrou volgens een informant kon veroorsaak dat 'n man verlam raak en, volgens 'n ander informant, 'n swanger vrou die litte van 'n //âudas-lyer ('n siektetoestand in die litte) heeltemal uitmekaar kon laat trek. Die invloed wat persone wat pas geslagsomgang gehad het op siekes kon hê en op persone wat pas die !gao#gom-behandeling deurloop het, asook die invloed van persone wat die !gao#gom-behandeling gehad het op siekes, kan moontlik deels aan die teenwoordigheid van bloed buite die liggaam en dus ook aan 'n besonder sterk kragveld toegeskryf

word. Na geslagsomgang en na die !qaoꝯgom-behandeling sou daar bloed buite op die liggaam aanwesig wees. Volgens Khoekhoe-opvatting maak die teelvloeistof deel uit van die bloed van die mens.

Menstruerende vroue se reuk sou vir 'n man gevaarlik wees en die reuk van menstruerende en swanger vroue sou kon veroorsaak dat siekes se siektetoestand vererger het.

Hierbenewens kon die natuur vanweë die invloed wat van die bloed uitgegaan het negatief beïnvloed word. Die teenwoordigheid van bloed op die oppervlakte van die vel en die reuk van bloed aldaar in die geval van menstruerende vroue, persone wat pas die !qaoꝯgom-behandeling voltooi het, en persone wat pas geslagsomgang gehad het, het 'n negatiewe uitwerking op die natuur tot gevolg. Die groot hoeveelhede opgegaarde bloed by swanger vroue het dieselfde gevolg. Volgens Khoekhoe-opvatting is bloed 'n setel van lewenskrag en veroorsaak die bloed in bogenoemde gevalle 'n sterker kragkomponent en kragveld (onder andere reuk) by die mens as gewoonlik. Dit het dieselfde negatiewe uitwerking op die natuur tot gevolg as wat mense in oorgangstadiums veroorsaak deurdat dit 'n siekmakende uitwerking op die lewensbronne het, en veroorsaak dat kragte in die natuur na die persoon aangelok word en teen hom optree (vgl. III:3.2, 3.3, 5.2, 5.3, 6.3, 6.4, 10.4, 10.5).

Persone in sekere toestande, naamlik menstruerende (vgl. III:3.3), asook kraamvroue, en swanger vroue (vgl. III:6.4), persone wat pas geslagsomgang gehad het en hulself nog nie gereinig het nie (vgl. III:5.3), of persone wat pas die !qaoꝯgom-behandeling ondergaan het en wie se snyplekke nog nie genees was nie (vgl. III:10.2), sou op kwesbare persone met wie hulle in kontak kom 'n nadelige uitwerking kon hê. Wanneer die verskillende uitwerkinge vergelyk word, blyk dit eerstens dat die belangrikste oorsaaklike element die bloed van 'n persoon was en dat tweedens, die kragtigheid van bloed (vgl. II:2.1.2.1) en 'n analogiese uitwerking verbonde aan bloed, 'n besonder belangrike plek in die Khoekhoe-gedagte-wêreld inneem. Hierbenewens sou die reuk van persone ook 'n rol gespeel het.

Dit is dus nie altyd moontlik om met volle sekerheid te sê watter van die kenmerke 'n bepaalde reaksie sou veroorsaak nie.

Dit skyn of analogie verantwoordelik was vir die volgende uitwerkinge. 'n Menstruerende vrou sou kon veroorsaak dat 'n baba se oë rooi word, dat mede-menstruerendes aanhoudend vloei, 'n swanger vrou 'n miskraam kry, 'n swanger vrou se bevalling vroeg word of dat 'n kraamvrou onophoudelik sou vloei (vgl. III:3.3).

'n Swanger vrou sou kon veroorsaak dat 'n puberteitsinisiënt of kraamvrou se maandstondes wegslaan en 'n geboorte vertraag word. Indien sy iets van iemand anders begeer het sou laasgenoemde 'n karkaattjie kon kry en indien sy langer swanger was as 'n mede swanger vrou sou sy laasgenoemde se swangerskap kon verleng het (vgl. III:6.4).

Persone wat pas die !gao#gom-behandeling deurgegaan het en van wie die snyplekke dus nog nie genees was nie, kon veroorsaak dat 'n menstruerende vrou se maandvloei staak, dat 'n swanger vrou 'n miskraam kry, en dat 'n baba te vroeg gebore word (vgl. III:10.5).

Menstruerende en swanger vroue (vgl. III:3.3, 6.4), persone wat pas die !gao#gom-behandeling ondergaan het en wie se snye nog nie genees is nie (vgl. III:10.5), asook persone wat pas geslagsomgang gehad het en hulself nog nie gereinig het nie (vgl. III:5.3), sou kon veroorsaak dat lyers aan ernstige siektes soos //âudas en kanker se toestand vererger. Menstruerende en swanger vroue sou kon veroorsaak dat die snye van persone wat pas die !gao#gom-behandeling deurloop het, nie sou genees nie. Hoewel die reuk van menstruerende en swanger vroue as redes genoem is asook die bloed van 'n swanger vrou wat te kragtig sou wees en byvoorbeeld die litte van 'n //âudas-lyer heeltemal uitmekaar sou trek, wil dit voorkom of analogie hier 'n rol gespeel het, naamlik dat die analogie verbonde aan rou bloed tot gedagtes oor rou wonde of ongeneesde siektes gelei het.

Baie informante meld dat die maandstondes van menstruerende vroue sou kon staak na kontak met mede-menstruerendes of per-

sone wat pas die !gao#gom-behandeling deurloop het en wie se snye nog nie genees is nie. Die verduideliking van Lucia Laberlot vir die staking van 'n puberteitsinisiant se maandvloei na kontak met 'n menstruerende vrou, naamlik dat laasgenoemde reeds besig was om te vloei en haar maandstonde dus besig was om verby te gaan, mag lig werp hierop.

Daar sou egter ook aan ander toestande analogie verbonde gewees het wat tot 'n parallele reaksie by 'n kwesbare persoon kon aanleiding gee. 'n Baba was besonder kwesbaar in die verband. Daarom kon ongelukkige (vgl. II:2.1.3.1; III:6.3) en ongesonde vroue (vgl. III:6.3) veroorsaak dat 'n baba ook ongelukkig of ongesond word.

2.1.3 Natuurlike geluk by die mens

Die Khoekhoen heg besondere waarde aan die begrippe geluk (!gâi!õ : 'luck') en ongeluk (tsû!õ : 'badluck'). Hulle onderskei tussen geluk of ongeluk wat inherent kenmerkend sou wees van sekere persone, en ander geluk of ongeluk wat op gebeure of handeling sou volg. Na eersgenoemde persone word verwys as persone wat van nature gelukkig of ongelukkig sou wees.

'n Persoon kon as synde gelukkig of ongelukkig gebore word. Oorerwing en borsvoeding kon 'n rol speel, maar was nie noodwendig bepalende faktore by die aanwesigheid van geluk en ongeluk nie. Ongeluk kon deur geslagsverkeer na die huweliksmat oorgedra word. 'n Vroedvrou met 'ongesonde hande' kon veroorsaak dat 'n baba ongelukkig sou wees en 'n man kon in die jag permanent ongelukkig word indien hy die wapens van 'n ongelukkige man sou gebruik, sy wapens aan 'n ongelukkige man sou uitleen of 'n ongelukkige persoon oor sy wapens sou loop. Persone kon ook as gevolg van towery ongelukkig word en op fasette van die ekonomie 'n nadelige uitwerking hê. Geluk of ongeluk kon dus enersyds aangebore word of deur besondere gebeurtenisse verkry word.

2.1.3.1 Toetse en kenmerke

Aangesien geluk of ongeluk nie net die persoon self nie, maar die hele gemeenskap beïnvloed, is noukeurig gelet op enige tekens daarvan en gesindhede daarvolgens bepaal. Daar is toetse uitgevoer om te bepaal of 'n persoon gelukkig of ongelukkig is.

'n Vrou het gedurende haar eerste maandstone, dit wil sê met haar puberteitseremonie, en soms ook tydens swangerskap, en met die geboorte van haar eerste kind, toetse ondergaan om haar invloed op sekere fasette van die ekonomie te bepaal. Die toetse op die swanger en kraamvrou het egter net op enkele fasette soos die jag of die vee betrekking gehad en is gewoonlik deur haar eggenoot gedoen. Dit was besonder belangrik dat 'n vrou tydens haar puberteitseremonie getoets moes word. Die rede daarvoor was waarskynlik dat sy tydens die puberteitseremonie 'n volwasse vrou en dus 'n 'nuwe' mens geword het, en dat sy as volwasse vrou voortaan sou menstrueer en kon swanger word tydens welke toestande die ongeluk van 'n ongelukkige vrou sou vererger en besonder nadelig kon wees vir die gemeenskap. Die toetse moes dus uitgevoer word sodat die gemeenskap van haar inherente toestand van geluk of ongeluk kon kennis dra. Seuns en mans is nie aan verpligte toetse onderwerp nie, maar party ouers het enkele toetse op hul seuns uitgevoer terwyl sommige seuns en mans hulself getoets het.

Seuns het hulle vroeër self getoets deur muise te skiet met pyl en boog, voëls te vang met melkbosgom, en hase of bokkies te jag met honde en kieries. Wanneer 'n seun die eerste keer as jagter suksesvol was, moes hy die vleis net met sy huismense deel sodat onbekende ongelukkige persone nie moontlik 'n nadelige uitwerking op sy toekomstige jaggeluk sou hê nie. Ook 'n man het somtyds sy geluk in die jag getoets. Indien hy onsuksesvol was, kon hy sy geluk probeer vermeerder deur homself en sy wapens met water waarin naukuis (redmelkbos) gekook is te was en die wapens van 'n gelukkige man te leen. Wanneer hy die wapens teruggegee, het ook die eienaar dit met hierdie water gewas om enige nadelige invloed van die ongelukkige man te kanselleer. Vervolgens het die ongelukkige man homself en

sy wapens 'n laaste keer gewas en indien hy wild sou kry, het hy die bloed gedrink om sy geluk te versterk. In die Richtersveld is in enkele gevalle 'n huwelikspaar se geluk in die jag getoets.

Die kenmerke van gelukkige en ongelukkige persone word vervolgens aangedui. Aan die basis van die konsepte geluk en ongeluk lê die betekenis wat aan die kwaliteite van 'n persoon se bloed geheg is. 'n Gelukkige persoon sou 'goeie', onbedorwe, gesonde bloed en gesonde (zuru) hande gehad het. So 'n persoon sou nie 'n nadelige uitwerking op die bestaanswyse hê nie maar was suksesvol en sou nie gevaar inhou vir ander persone nie. Die negatiewe uitwerking van 'n ongelukkige persoon is deur sy blote nabyheid of aanraking, insluitende dié van die persoon se skaduwee, en deur inname van voedsel ontketen.

Daarenteen sou 'n ongelukkige persoon se bloed 'nie goed nie', bedorwe (//gao hâ), en onsuier, ongesond, en giftig wees. So iemand sou giftige, ongesonde hande gehad het, en was dus gevaarlik ('onveilig' en 'verbode') vir fasette van die ekonomie en ander persone. So 'n persoon is onsuier en alles wat hy of sy aanraak, sou bederf. Omdat hulle bloed 'nie goed' was nie, sou hulle 'n slegte reuk gehad wat weer kon veroorsaak dat hulle slange en die weerlig aantrek.

Bogenoemde terme in verband met bloed word nie in dieselfde mate in alle lokaliteite gebruik nie. So is die beskrywing 'bedorwe' bloed meer algemeen in die Richtersveld as in Namibië.

Gelukkige en ongelukkige persone sou respektiewelik oor die algemeen ekonomiese voorspoed of teëspoed in die hand gewerk het. Hulle sou, veral met geboorte, puberteit, huwelik en die dood die weer kon beïnvloed het. Reën, misreën, mis en koelte by 'n geboorte sou daarop gedui het dat die baba gelukkig kon wees, terwyl oostewind, hitte en droogte tekens van ongeluk sou wees. Daar is gesê die baba bring (//hôa) die reën. Die kraamvrou self kon egter ook 'n invloed hierop hê. Mense kon ook die weer beïnvloed het as hulle hul liggame, hare of klere gewas het.

Gelukkige persone sou ekonomies voorspoedig wees en ekonomiese voorspoed aan ander bring. Hulle sou altyd voedsel gevind het en baie geskenke ontvang het. Dit was nie 'n ongelukkige persoon beskore nie. So 'n persoon sou eerder kon veroorsaak dat produkte wat wel daar is, agteruitgaan, byvoorbeeld dat die melk bederf, die veldkos verbrand, die water opdroog, die vee vermaer, dat die diere nie aanteel nie, en die plante se groei-vermoë benadeel word. Hy sou 'n negatiewe uitwerking op gedomestiseerde lewensbronne sowel as die in die natuur gehad het. 'n Ongelukkige persoon sou 'n ander se vee kon benadeel indien hy of sy die rou afval of harslag daarvan hanteer.

Persone met ongesonde hande kon sekere lewensbronne benadeel na liggaamlike kontak daarmee, maar daar is nie eenstemmigheid oor kontak deur inname nie. Dit het voorgekom asof die informante eers wanneer hul deur 'n vraag gedwing word om daaroor te dink hieroor rasionaliseer. Die spontane gegewens hieroor dui altyd op die kontak van veral die hande. Die afleiding kon dus gemaak word dat kontak met die hande die vername faktor was. Volgens baie informante sou persone wat van nature ongelukkig was se hande ongesond wees. Die kenmerke van 'n persoon met ongesonde hande is dat die tuin en veldkosplante nie voorspoedig sou wees na kontak daarmee nie en dat so 'n persoon 'n ram of bul kon benadeel wanneer hy dit byvoorbeeld kastreer. Wanneer die persoon 'n dier se kop afsny, sou die vleis 'n slegte smaak kon kry en ongesond wees sodat die eters daarvan sou opblaas of diarree kry. Kontak met die spene van 'n dier kon die uier benadeel of melk produksie laat afneem. Daar is dus gewaak teen die kontak van persone met ongesonde hande.

Hierbenewens sou 'n ongelukkige persoon selfs ten opsigte van produksiemetodes onsuksesvol kon wees. 'n Stok sou byvoorbeeld in sy jaghond se oog kon steek, 'n koeël agtertoe getrek het en die ongelukkige jagter self getref het, of 'n roofdier sou die jagter aangeval het. Laasgenoemde is in ooreenstemming met die aggressiwiteit wat die natuur teenoor 'n ongelukkige persoon sou kon openbaar. Ook die weerlig sou aggressief gewees het. Skerpioene, slange, roofdiere en die Grootlange sou so 'n persoon aangeval het, en selfs die Oranjerivier en die see sou on-

stuimig geword het en die persoon kon intrek. Gedomestiseerde diere sou wanneer 'n ongelukkige persoon met hulle werk, wild geword het.

Tydens maandstondes en swangerskappe sou die negatiewe kenmerke by ongelukkige vroue vererger sodat hulle dan as uiters nadelig beskou is. Volgens Maria Swartbooi sou 'n ongelukkige, menstruerende vrou, insluitende 'n menstruerende puberteitsinisi-ant, en 'n kraamvrou, op die eerste dag van haar menstruasie, besonder nadelige uitwerking kon hê omdat sy dan nog 'vars' sou wees. Dit skyn of 'n gelukkige persoon se geluk dienooreenkomstig tydens maandstondes en swangerskappe vermeerder het.

In teenstelling met die rustige, saggearde en mededeelsame ge-aardheid van 'n gelukkige persoon sou 'n ongelukkige humeurig en kwaadwillig wees. Gelukkige persone sou dus in teenstelling met ongelukkiges, as gevolg van hul ekonomiese vooruitstrewendheid, maar ook as gevolg van hul karaktertrekke 'n aanwins vir 'n gemeenskap gewees het en sou dus meegehelp het tot harmonie in die gemeenskap.

2.1.3.2 Wyses om geluk te vermeerder

'n Jagter kon sy geluk vermeerder deur die kop, harslag, vleis-sop en veral die bloed van die bok wat hy neergevel het in te neem. Gelukkige meisies en vroue is in sekere stadia en toe-stande soos die bereiking van puberteit asook met swangerskap en geboortes hierdie produkte aangebied en gelukkige weduwees het hiervoor gevra aangesien hulle dit nie meer van hul mans kon ontvang nie. Dit was 'n groot eer om hierdie dele te ont-vang en dit is uit vrees vir benadeling van die jag slegs aan gelukkige persone geskenk. Die vleis is gekook sodat dit 'n souserige, vullende gereg sou wees, maar ook omdat geglo is dat gebraaide vleis 'vurigheid' sou veroorsaak.

Ongeluk kon verdryf word deur gebruik van /naukuis (redmelk-bos). Dit sou sukses in die jag vermeerder het en 'n voldoende voedselvoorraad verseker het. Takkies hiervan is in water ge-kook en die vloeistof is gebruik om wapens, kieries en jaghonde mee te was. Mense het ook hulself daarmee gewas, dit buite en

binne hul wonings gesprinkel, daarvan gedrink en die takkies in hul wonings gehang of gebrand. Die plant is volgens informante doeltreffend omdat dit 'n sterk reuk het en dus kragtig is. Wanneer takkies van die bos afgebreek is, moes sorg gedra word dat die persoon se skaduwee nie op die plant val nie en dat dit nie langs 'n voetpad staan nie sodat die bos nie deur die baie skaduwees wat daarop val kragteloos sou wees nie. Ook moet die bos 'betaal' word met iets wat aan die persoon behoort soos 'n knoop of 'n stukkie van 'n kledingstuk. Hoewel daar, as gevolg van die beskerming van die klein hoeveelheid wild nie meer vandag gejag word nie, word naukuis nog gebruik om genoegsame voedselvoorrade in die huise te verseker.

Indien 'n jaghond onsuksesvol was omdat 'n man se ongelukkige vrou menstrueer, het die Richtersveldse jagter sy hond met die !galisa-bos 'ingesny'. Om te verhoed dat die vrou sou vloei tot sy daarvan sterf indien sy sou eet van die wildsvleis wat die ingesnyde hond gevang het, moes sy ook met hierdie plant 'ingesny' word.

'n Ongelukkige jagter het somtyds sy honde met kruit 'ingesny' om sy jaggeluk te vermeerder of die wapens van 'n gelukkige persoon geleen. Die sâ-i wat as reukmiddel dien, kon geluk vermeerder en is, soos reeds vermeld is, dikwels gebruik. Aangesien plante wat vir sâ-i gebruik word in die grond groei, sou dit groei bevorder. Dit is ook oor die huwelikspaar gestrooi. Volgens een informant het dit 'n 'verkoelende' uitwerking. Hierbenewens kan die middels of rate van 'n kruiedokter ongeluk verdryf.

Die sweet en liggaamsvullis van 'n gelukkige persoon kon vir ongelukkige kinders en volwassenes ingesny word, byvoorbeeld op die skouerknoppe, agter die nek en op die kruis. Dit is deur gelukkige persone gedoen, byvoorbeeld deur gelukkige grootouers op hul kleinkinders of deur 'n suksesvolle kruiedokter en het as voorbehoedmiddel of behandeling gediens. Hierbenewens kon 'n gelukkige persoon 'n ongelukkige gelukkig maak deur van haar of sy sweet aan die ongelukkige te smeer. Jagters het die sweet gemeng met pap of brood en vir hul jaghonde ingegee as laasgenoemde vanweë die invloed van 'n ongelukkige persoon ongelukkig

was. Voordat 'n ongelukkige wildsvleis eet, kon 'n gelukkige persoon laasgenoemde met die rou vleis 'streep', dit wil sê met die rou vleis 'n streep op sy liggaam trek.

Deur aan mense geskenke te gee, is hul geluk vermeerder. Mense verwys daarna as 'geluk gee'. Dit wil voorkom of geskenkgewing veral met oorgangsfases soos geboorte en puberteit voorgekom het.

Gelukkige mense is gevra om die graafstok aan te raak of aan te gee of om 'n jagter se wapens te hanteer. Hierdeur sou die resultaat van die jag of die versameling van veldkos suksesvol gemaak word.

Die kai taras (ouer volwasse vrou) en sprekers wat tydens 'n huwelikseremonie optree, moes gelukkige persone wees. Hierbenewens moes mense wat ander insny asook vroedvroue gesonde hande hê. Dieselfde het vroeër gegeld vir voorgangers by die puberteit- en !gao/gom-seremonie. Gelukkige persone is gebruik in die toetse by puberteitseremonie en geboortes en as die voorgangers by die tradisionele reënseremonies.

2.1.3.3 Gesindhede teenoor gelukkige en ongelukkige persone

Dit is 'n klagte van informante dat die huidige verval van die puberteitseremonie tot gevolg het dat ongelukkige vroue nie meer so maklik uitgewys kan word nie.

Gelukkige persone is hoog geag, as geliefde mense beskryf, geprys, het dikwels geskenke ontvang, en daar is graag van hul dienste gebruik gemaak. Hulle is gesogte dele van die wild aangebied. Hierbenewens is so 'n persoon gevra om onbeheerbare trekdier in te span en wilde koeie te melk. Dit is verkies dat persone met gesonde hande die vee melk of kastreer, en in die algemeen met die vee of in die groentetuin werk, of mense 'insny'. 'n Gelukkige meisie is gevra om vir haar broers of vader kos voor te berei.

Ongelukkige mense is vermy en daar is indien moontlik nie van hul dienste gebruik gemaak nie.

'n Ongelukkige baba se hare is nie verbrand nie aangesien dit droogte tot gevolg kon hê, maar is onder warm as begrawe.

Die negatiewe reaksie van 'n ongelukkige persoon beïnvloed ander indien die ongelukkige byvoorbeeld die produkte van 'n ander aanraak of saam met hul gaan jag of versamel. As voorsorgmaatreëls is gewaak teen die kontak van ongelukkige persone met die produkte, apparaat of lewensbronne van 'n ander. Daar is byvoorbeeld nie aan 'n ongelukkige persoon veldkos gegee om te eet nie, die persoon is nie toegelaat om met die veldprodukte te werk nie, en is nie saamgeneem nie as uitgegaan is om veldkos te versamel. Ongelukkige persone is nie versoek om in die groentetuin of met veewerk behulpsaam te wees nie. Hulle is nie gevra om jagwapens aan te gee of saam te gaan jag nie, en vir hulle is nooit wildsvleis of die kop en harslag van die wild, die melk van 'n jong koei of heuning as geskenk gegee nie. Eintlik is sulke geskenke veiligheidshalwe aan geen vroue wat nog maandstondes kry gegee nie.

Aangesien ongelukkiges slange kon aantrek onder andere wanneer hulle melk of suiker of heuning in die vuur stort, is eerder gelukkige vroue en meisies gevra om drinkgoed te maak. Omdat 'n ongelukkige vrou 'n nadelige uitwerking op die persoon wat voedsel eet wat deur haar berei is kon hê, is verkies dat sy nie vir haar broers en vader kos maak nie. 'n Eggenoot sou egter gewoon geraak het aan die kos wat 'n ongelukkige vrou berei.

Ongelukkige persone is nie by 'n puberteitsinisiënt, 'n kraamvrou en mense wat die !gao/gom-seremonie deurloop, toegelaat nie.

Ongelukkige menstruerende en swanger vroue is vanweë 'n vermeerdering in ongelukkigheid aan besondere verbodsbepalings onderwerp. Hulle is as 'onveilig' beskou.

Sulke vroue het 'n nadelige uitwerking op die vee gehad en is dus verbied om koeimelk te drink en met die beeste te werk. Met die waardevermeerdering van bokke is hulle later slegs verbied om die melk van jong koeie en in meer resente tye die melk

van jong bokooie te drink, en is hul nie veroorloof om die bokke te hanteer nie. Hierbenewens moes sulke vroue nie die melkhouers aanraak of die melk hanteer nie. Dit was ook vir hulle verbode om heuning en wildsvleis te eet. Hulle mans het ook nie gaan jag nie. Sulke vroue moes nie by die groente- en vrugtetuin of koringlande, in die veld of by natuurlike waterbronne kom nie. Resente droogtes is deur informante toegeskryf aan die oortreding van veral die laasgenoemde verbodsbepalinge.

Aangesien ongelukkige menstruerende en swanger vroue 'n groter uitwerking op slange en ander negatiewe natuurkragte kon hê, moes hulle nie by die vuur werk nie. Dit was ook tot hul eie voordeel om nie by die fonteine, Oranjerivier en die see te kom nie aangesien respektiewelik die Rivierslang of die see hulle kon intrek. Gedurende hierdie ongelukkige tydperk moes so 'n vrou ook nie vir 'n man, en veral nie 'n vreemde man wat nie aan haar uitwerking gewoond was nie, voedsel berei of water by 'n natuurlike waterbron skep nie aangesien dit tot gevolg sou hê dat hy kon opblaas.

Vanweë die besondere nadelige uitwerking van sulke vroue is veiligheidshalwe slegs gelukkige vroue wat by hul oorgangsjare verby was toegelaat om 'n puberteitsinisiënt, kraamvrou en die mense wat die !gao/gom-seremonie deurloop te besoek.

2.1.3.4 Die wyer konsep van geluk

Dit is uit die voorgaande duidelik dat benewens die inherente kragkomponente wat aan menswees verbonde is en die gevaarvolle konsentrasies daarvan tydens oorgangstadiums en ander lewens-toestande, die besit van geluk of ongeluk 'n verdere inherente kragkenmerk by mense verteenwoordig. Die besit van geluk dui op 'n aangebore vermoë wat nie net die negatiewe potensiaal tydens oorgangstadiums kon neutraliseer nie, maar enige alledaagse lewensituasie positief kon laat verloop. Dit het die balans van die bonatuurlike kragpotensiaal in die skepping in jou guns geswaai. Iemand wat ongelukkig is, het hierdie balans in beginsel tot sy nadeel versteur en moes daarom baie versigtig wees.

Net soos in die geval van die ander kragkomponente by mense kon geluk ook bevorder word en ongeluk beperk word deur die kragwerking van besondere plante en dele van wild (bv. die harslag en vleissop). Daar is dus ook kragkwaliteite verbonde aan items in die natuur.

Die begrippe geluk en ongeluk het volgens informante nie net verwys na inherente kwaliteite van mense nie, maar is ook met 'n wyer inhoud gebruik.

Die term !khorab is gebruik om die toestand van ongeluk en omvangryke nadeel aan te dui wat 'n agterblywende na 'n sterfgeval kan tref (vgl. III:9.5). Hierdie term is net in verband met die dood en nie in verband met ander oorgangstadiums nie gebruik. Dit het egter wel na die oorgangstadium waarin die persoon hom of haar na 'n sterfgeval bevind het, verwys.

Die nalaat van sekere morele optredes of voorgeskrewe gebruike sou ook algemene ongeluk tot gevolg kon hê. Ongeluk sou persone getref het wat nie hul ouers vereer nie. Dieselfde sou ten opsigte van die gemeenskap gegeld het indien tradisionele instellings soos die puberteitseremonie of die huwelik nie uitgevoer is nie of nie volledig uitgevoer is nie. Dit is moontlik dat die rede vir hierdie ongeluk nie as die effek van selfwerkende kragte beskou moet word nie, maar as straf van die bonatuurlike.

2.1.4 Gevolgtrekkings

Volgens Khoekhoe-opvatting het Tsui//Goab, //Gâunab, die goeie geeste en Turus êrens in die lug gewoon. Haitsi Aibeb, die /hās, die bese geeste, die Grootlange en die ander slange of slangagtige diere (uitgesonderd Turus) het saam met die mens die aarde bewoon. Elk van hierdie wesens is 'n afsonderlike bonatuurlike en selfwillende persoonlikheid met besondere krag.

Die inherente kragveld van elkeen van hierdie persoonlikhede verskil egter aansienlik. Dit is slegs Tsui//Goab en //Gâunab wat ten volle as alomteenwoordig beskou kan word. Die invloed-sfeer van die ander kragte is tot 'n beperkte lokaliteit rondom hulle woonplek ingeperk.

Daar is ook 'n inherente en ongesiene kragkomponent aan elke mens en aan die skaduwee van elke mens verbonde wat sterker is as die kragkomponent in sekere plante (vgl. II:2.1.3.2). Hierdie kragkomponent was ook in die kragveld rondom die mens teenwoordig. Wanneer 'n individu in 'n oorgangstadium verkeer, moes so 'n persoon se ou reuk en liggaamsvullis, dit wil sê sy ou aura of kragveld, verwyder word sodat sy of haar nuwe reuk of aura kon deurkom omdat gereken is dat die nuwe kragveld van 'n persoon beter was as 'n ou kragveld (vgl. II:2.1.1). Dit is in ooreenstemming met 'n algemene siening by die Khoekhoen dat dit wat nuut is, goed is. Waarneming deur die navorser van verskeie gesprekke tussen informante het hierdie uitgangspunt bevestig. Die beskouing dat dit wat nuut is, goed is, is volgens baie informante 'n belangrike rede vir die vreedsame aanvaarding van verwestersing deur die Khoekhoen. Hierdie uitgangspunt verklaar ook waarom die Christelike godsdiens wat 'n nuwe lewe beklemtoon gemaklik die ou godsdiens vervang het.

Die rede waarom 'n nuwe kragveld van 'n persoon as beter as die oue beskou is, is waarskynlik te vinde in die gedagte dat 'n persoon se krag algaande verminder. Dit kan op 'n daaglikse basis geskied (vgl. IV:6) of oor 'n langer tydsverloop (vgl. II:2.1.1). Dit impliseer dat 'n 'nuwe' mens, veral een wat 'n oorgangstadium deurloop het, besonder kraghebbend sou wees.

Wanneer volgens Khoekhoe-opvatting, die bloed van 'n persoon en die reuk van die bloed buite op die liggaam aanwesig is (dit wil sê tydens menstruasie, na geslagsomgang en na die !gao#gom-behandeling) of wanneer die liggaam tydens swangerskap besonder baie bloed bevat, sou dit 'n siekmakende uitwerking op die lewensbronne kon hê en daarbenewens kon veroorsaak het dat groot kragte in die natuur angelok word om teen die persoon op te tree (vgl. II:2.1.2). Aangesien die kragkomponent van 'n individu aan onder andere sy bloed en reuk gekoppel is (vgl. II:2.1.2) impliseer bloed buite op die liggaam 'n sterker kragveld as wat gewoonlik die persoon omring. So 'n kragveld sou enersyds te sterk wees vir die lewensbronne en dit dus benadeel; andersyds sou dit veroorsaak dat die groot kragte in die natuur teen die persoon optree. Dit wil dus voorkom of die

toestand waarin 'n persoon hom of haar bevind 'n sterker kragveld as gewoonlik om die persoon tot gevolg het en dat dit die balans tussen die krag van die mens en die kragte in die natuur sou kon versteur. Dit veronderstel dat geglo is dat aan elke entiteit in die heelal 'n bepaalde hoeveelheid krag toebe-deel is.

Daar was dus tydens toestande soos swangerskap, (wanneer 'n vrou meer bloed as gewoonlik sou gehad het), of tydens menstruasie, na geslagsomgang, en na die !gao#gom-behandeling (wanneer bloed buite op die liggaam teenwoordig is), 'n sterker kragkomponent en kragveld verbonde aan 'n persoon. Hierdie besonder kragtige kragveld sou 'n negatiewe uitwerking op kwesbare persone kon hê. Hierbenewens sou die analogie verbonde aan die bloed ander mense benadeel het (vgl. II:2.1.2, 2.1.2).

Benewens 'n neutrale kragkomponent het die mens ook oor positiewe en negatiewe kragkomponente beskik wat hulle in bepaalde persoonlikheidseienskappe van geluk of ongeluk manifesteer en met die eienskappe van 'n persoon se bloed verband gehou het (vgl. II:2.1.3.1). Hierdie positiewe of negatiewe kragkomponent was ook in die hare van 'n persoon (vgl. II:2.1.3.2), in die sweet of liggaamsvullis op die vel van die persoon (vgl. II:2.1.3.1, 2.1.3.2), en in die kragveld om die liggaam van die persoon (dit sluit die reuk van die persoon in) aanwesig (vgl. II:2.1.3.2). Aangesien 'n meisie met bereiking van puberteit veranderinge ondergaan en dus eintlik 'n 'nuwe' mens word, kon haar toestand van geluk ook verander (vgl. II:2.1.3.1).

Die inherente vermoë van geluk of ongeluk kon ten dele verwerf word (vgl. II:2.1.3) en die vermoë tot geluk kon deur medisyne bevorder word (vgl. II:2.1.3.1, 2.1.3.2).

Hierdie positiewe of negatiewe kragkomponent verbonde aan persoonlikheidseienskappe sou by vroue tydens menstruasie en swangerskap duidelik meetbaar geword het, en by mans en vroue by hul geboorte, puberteitsbereiking, huwelik en dood (vgl. II:2.1.3.1). 'n Persoon kon dus onwillekeurig tydens hierdie toestande en stadiums die weer beïnvloed (vgl. II:2.1.3.1).

'n Persoon sou sy of haar positiewe of negatiewe kragkomponent aan alles waarmee hy of sy in kontak gekom het, oorgedra het. Daarom sou 'n ongelukkige man se besittings soos sy wapens ook nie suksesvol aangewend kon word nie (vgl. II:2.1.3.1, 2.1.3.2).

Persone ondergaan tydens oorgangstadiums veranderinge. Hierdie veranderinge kan liggaamlik wees of kan veranderinge in status wees. Die ou reuk en liggaamsvullis (aura of kragveld) van so 'n persoon is egter nog op daardie persoon (vgl. II:2.1.1). Dit alles veroorsaak dat geglo is dat 'n persoon wat in 'n oorgangstadium verkeer vreemd en onbekend is aan die omgewing. Die persoon se band met die omgewing is dus, as gevolg van die oorgangstadium waarin hy of haar hul bevind, verbreek. Dit kom daarop neer dat geglo is dat 'n persoon wat onbekend is aan 'n omgewing 'n negatiewe uitwerking op die omgewing sou hê. Hierdie negatiewe uitwerking van 'n persoon vanweë onbekendheid manifesteer enersyds in 'n siekmakende uitwerking op die lewensbronne en andersyds daarin dat groot kragte in die omgewing teen die persoon optree. Na die oorgangstadium is die persoon weer as 'n 'nuwe' mens onbekend aan die omgewing en word dieselfde negatiewe reaksie by die omgewing ontlok (vgl. II:2.1.1).

Daar was ook kragkomponente buite die mens, in die natuur aanwesig. Bepaalde plante soos /naukuis en sâ-i sou 'n kragkomponent met 'n positiewe uitwerking op die mens bevat (vgl. II:2.1.2, 2.1.3.2). Die kragkomponent in plante kon verminder vanweë die mens se nabyheid of wanneer die mens se skaduwee daarop val (vgl. II:2.1.3.2). Volgens een informant was dié kragkomponent in plante geleë in die analogie verbonde aan die beginsel van die groei in plante (vgl. II:2.1.3.2). Benewens plante sou ook wilde diere 'n kragkomponent bevat wat veral in die bloed, kop, harslag en vleissop gekonsentreer is (vgl. II:2.1.3.1, 2.1.3.2).

2.2 Die manipulering van onpersoonlike bonatuurlike krag

2.2.1 Goedgekeurde handeling

2.2.1.1 Waarsegging deur persone

Waarsegging was een van die belangrikste goedgekeurde handeling waarby die aanwending van onpersoonlike bonatuurlike krag ter sprake was.

Eerstens was daar persone wat die vermoë tot waarsegging sou gehad het omdat hulle met die helm gebore is. Dit wil voorkom asof die kragdokter (≠gai-aob) die belangrikste waarseër was.

Vanweë die teenwoordigheid van Westerse medisyne, geneeshere en die Christelike godsdiens in die navorsingsgebiede is dit vandag baie moeilik om gegewens oor kragdokters te bekom. Teen 1984 het daar nog een kragdokter op Port Nolloth en een op Lekkersing gepraaktiseer, maar beide is voordat hulle ondervra kon word, oorlede. Informante skryf hul eie gebrek aan kennis oor kragdokters toe aan die geheimsinnigheid waarmee kragdokters hul werksaamhede omhul het.

Die hoof funksie van die kragdokter was waarsegging en die genesing van siektes. Vanweë sy gemoedheid met medisyne is die terme kruie- of bossiedokter ook vir 'n kragdokter gebruik. Hierbenewens is 'n kragdokter soms xoma≠gai-aob (dit wil sê die ≠gai-aob wat die kwaad bymekaar maak en verwyder) genoem.

Daar is onderskei tussen 'n goedgesinde kragdokter ≠kain (goeie) of anu (regte) ≠gai-aob, en 'n kwaadwillige kragdokter (toornaar), ook genoem 'blikdraer'.

Volgens die Khoekhoen sou toormiddels asook kennis in verband met magiese handeling wat van die San verkry is besonder effektief wees. Een vrou vertel van 'n ≠gai-aob wat vroeër naby Gabis gewoon het en sy kuns van die San geleer het.

Hoewel volgens die meeste informante sowel mans as vroue kragdokters kon wees, meld enkele informante dat net mans vroeër kragdokters was. Dit wil voorkom of die voorbeelde en die man-

like uitgang by die benaminge dit bevestig. 'n Voornemende kragdokter het na 'n volwaardige kragdokter gegaan vir opleiding wat 'n paar weke geduur het. 'n Persoon wat 'n kragdokter wou word, moes die persoonlikheidseienskap van geluk besit. Die praktiserende kragdokter het die leerling teen kwaadwillige benadeling geïmmuniseer omdat laasgenoemde in die toekoms baie aan kwaadwillige benadeling blootgestel sou word. Dit is gedoen deur 'n middel in te sny, byvoorbeeld die sweet van die praktiserende kragdokter. Sodoende sou die inisiant nie benadeel kon word nie en sou die snytjie 'verklik', deur byvoorbeeld te 'spring', indien iemand die persoon wou benadeel. Een informant meld dat 'n kragdokter nie met koue water moes was nie omdat koue water die middels waarmee hy ingesny was, onaktief sou maak.

Dit was belangrik dat die pasiënt in die vermoëns van die kragdokter moes glo, anders sou sy behandeling nie help nie.

'n Kragdokter kon deur waarsegging inligting verskaf oor die plek waar 'n verlore persoon hom bevind, of so 'n persoon nog leef en waar verlore vee is, en kon vasstel of 'n persoon se siekte of kwaal te wyte was aan natuurlike oorsake, of aan kwaadwillige benadeling. 'n Ongekende toestand soos 'n persoon wat skielik bomenslik sterk en onbeheerbaar word, is byvoorbeeld gewoonlik aan bose towery toegeskryf.

Vir waarsegging is van waarseggingstukke gebruik gemaak. Hierdie waarseggingstukke het ingesluit krale, gewoonlik groot krale en van verskillende kleure, asook dolosbeentjies, naamlik die lidbeentjies van kleinvee en wild, besondere klippies en stukkies hout, (ongeveer twee cm lank). Een informant beskryf laasgenoemde as 'medisynehoutjies', dit wil sê plantaardige medisyne. Een informant het verwys na 'n stokkie met 'n wit en swart kant. Twee ander informante het vermeld dat skulpe soms ingesluit is en een meld spesifiek mosselskulpe.

Die verskillende kleure van die krale sou simbolies gewees het, byvoorbeeld rooi vir bloed, swart vir die dood, wit vir geluk, die lewe, en vrede. Hierby meld een informant dat blou 'n Swartman en geel 'n Bruinman sou voorgestel het. Volgens een

informant sou die dolosbeentjies twee leeubeentjies, een jag-luiperdbeentjie en een olifantbeentjie ingesluit het, terwyl 'n ander die beentjies van die springbok en kleinvee noem. Eersgenoemde informant het self so 'n Namakragdokter besoek en gesê dat sy stel twee mosselskulpe asook leeu, luiperd- en olifantbeentjies ingesluit het, maar geen krale of houtjies nie.

Hierdie waarseggingstukke is gewoonlik in 'n velsakkie gehou. Een informant het 'n harige dassievelsakkie gesien. Die sakkie het met 'n riempieskuif toegemaak en die velletjie waarop die stukke uitgegooi is, is ook hierin bewaar of opgerol daaraan vasgemaak.

Volgens een bejaarde informant sou die waarseêr onder die persone se 'lug' (reuk) gesit het om die waarsegging te doen, maar die ander was onbewus van so 'n gebruik.

Die kragdokter sou op die stukkie in sy hand geblaas het en dit geskommel het deur dit tussen sy hande te vryf, dit in sy hande te skud, of van een hand na die ander te gooi terwyl hy met die stukke praat. Hy sou aan hulle beveel het om die 'waarheid te vertel'. Volgens twee informante sou wat hy gesê het onverstaanbaar gewees het.

Hierop is die stukke op die velletjie neergegooi. Alle informante is dit eens dat die bepaalde steentjies wat na die besoeker se kant gerol het op hom betrekking sou gehad het. Een vrou meld dat die beentjies wat regopstaan van towery sou vertel het. Soos reeds vermeld is, was daar analogiewerking aan die steentjies verbonde, maar is die inligting hieroor ongelukkig onvolledig aangesien die rol van die kragdokter grootliks verdwyn het. In verband met die stokkie noem die informant dat indien dit met die swart kant bo gelê het, dit sou beteken het dat die besoeker sou sterf. Volgens Elias Links was die buitelyn van die gebied waarbinne die stukke kon val, ingedeel in onsigbare verwysingspunte met benaminge soos gemsbok, eland, leeu, wildeperd, aap, bobbejaanspinnekop. Die betekenis hiervan kon hy nie verklaar nie. Die prosedure is minstens twee maal herhaal om die uitslag te verifieer.

Daar is ook van ander waarseggingswyses gebruik gemaak, maar skynbaar slegs as aanvulling tot die dolosse. Een informant meld dat 'n tou gebruik is om te sê waar 'n verlore kind is. Daar is 'n mengsel van medisyne en vet aan die tou gesmeer en laasgenoemde is dan neergegooi. Die punt van die tou wat in die rigting waar die verlore persoon hom bevind, wys, sou dan begin bewe.

In verband met 'n siektetoestand is somtyds van 'n kalbassie met sâ-i gebruik gemaak. Indien die siekte aan kwaadwillige benadeling te wyte was, sou die kalbassie aan die pasiënt vasgekleef het.

Die insnuif van sekere middels sou heldersiendheid bewerkstellig het. Sekere plantmateriaal wat op 'n kool verhit is of 'n bepaalde soort snuif is onder die neus van die pasiënt gehou sodat hy dit kon insnuif en dan spontaan die naam van die skuldige sou uitroep. Hierbenewens kon 'n kragdokter deur middel van 'n kledingstuk van 'n bepaalde persoon vasstel waar so 'n persoon hom bevind, of aan watter siekte so 'n persoon ly, en dan die persoon op 'n afstand behandel.

Die vergoeding van die kragdokter was skynbaar volgens die moeilikheidsgraad van die geval. Vee en geld is genoem. Anna Velskoen het in 1944 f1 betaal en Elias Links R3-00 in 1980. Hierbenewens moes 'n klein bedraggie vooruitbetaal word 'om die sak (waarseggingsakkie) oop te maak'. Volgens een informant sou die kragdokter andersins nie so helder kon 'sien' nie.

Die kragdokter moes dan 'n verklaring gee vir die toestand, die toestand omskryf en die persoon behandel en versorg. Hy het skynbaar nooit 'n bepaalde persoon as die skuldige vir kwaadwillige benadeling uitgewys nie, maar die persoon vaagweg omskryf, byvoorbeeld iemand wat donker van kleur sou wees. Die kwaad wat deur kwaadwillige benadeling veroorsaak is, kon die vorm aanneem van lewendige goed soos 'n sprinkaan of 'n item soos 'n naald wat in die pasiënt se liggaam geplaas is. Siektes of afwykende gedrag kan ook so veroorsaak word. Die kwaad is 'bymekaar gesmeer' en die pasiënt is medisyne gegee sodat die maag dit sou uitwerk of om die persoon dit te laat uit

braak. Daar is dan gelet op die inhoud van die braaksel. !Aro-pitte (blinkblaar-wag-'n-bietjie) en naalde word in hierdie verband as voorwerpe wat in sulke braaksel voorgekom het, genoem. Ook snuif is gebruik om ongewenste items uit 'n persoon te verwyder. Een pasiënt meld 'n bepaalde voorbeeld waar snuif sou gehelp het om 'n vlieg wat deur towery in 'n persoon se kop geplaas is, uit te nies. Die kwaad kon ook, nadat die kragdokter dit 'bymekaar gesmeer' het, deur hom by 'n snytjie met sy mond of met 'n horing uitgesuig word. Hierdie metode is skynbaar gebruik om artikels soos 'n naald, 'n sprinkaan en 'n slang of onsuiverhede in die bloed te verwyder. Die horing se wye kant het teen die pasiënt se vel gerus en die nou kant met 'n klein gaatjie daarin, teen die kragdokter se mond. Hy het gesuig en die artikels of bloed mettertyd uitgespoeg. Een informant meld dat sy gesien het dat die kragdokter eers sâ-i wat besonder lekker geruik het, uit 'n kalbassie gegooi het en onder sy neus gehou het voordat hy gesuig het. Die kwaad kon ook uit 'n bepaalde liggaamsdeel getrek word deur 'n medisinaal behandelde tou om die betrokke deel te bind sodat die kwaad in die tou sou intrek.

Items wat uit 'n persoon se liggaam verwyder is, kon teruggestuur word na die kwaadwillige sodat dit hom sou benadeel.

Die pasiënt kon ook behandel word teen moontlike toekomstige benadeling deur hom te !qao (snytjies in die vel te maak) en medisyne in die snytjies te plaas. Dit sou voorkom het dat die persoon benadeel word, maar sou ook die persoon gewaarsku het indien iemand hom wou benadeel deurdat die snytjie sou begin jeuk het. Volgens een informant is 'n persoon sô ge-!qao op die liggaamsdele wat vir hom die meeste waarde gehad het in sy voortbestaan. Iemand wat baie met sy hande werk, sou daarop ingesny kon word. Laastens is die pasiënt medisyne gegee om heeltemal te kon herstel.

Benewens die genesing van siektes wat as gevolg van kwaadwillige benadeling ontstaan het, het die !gai-aob ook siektes as gevolg van natuurlike oorsake genees. Hy sou vasstel of die oorsaak kwaadwillig of natuurlik was en dan die persoon daarvolgens behandel het.

2.2.1.1.1 Gevolgtrekkinge

Dit was vanweë gebrek aan kennis hieroor by informante en in die literatuur (vgl. Schapera 1930:389), nie moontlik om vas te stel hoe die kragdokter, aan sy vermoë gekom het nie. Die literatuur vermeld wel dat Tsui//Goab en Haitsi Aibeb vername kragdokters was en dat Tsui//Goab die mens geskape het (vgl. II:1.1) Dit is egter duidelik dat daar 'n kragkomponent in die asem en sweet van die kragdokter teenwoordig was. Persone wat met die helm gebore is, het oor 'n inherente kragkomponent om te kan waarsê beskik.

Die kragdokter het 'n persoon van kwaad gereinig deur middel van die uitwerping van die kwaad, byvoorbeeld deur braking, nies en uitsuiging.

Die kragdokter het vir medisyne en vir waarsegging onder andere van kragkomponente in die natuur gebruik gemaak. Plante, byvoorbeeld sâ-i, produkte afkomstig van diere byvoorbeeld die vee, die leeu, jagluiperd, olifant, springbok, gemsbok, eland, wildeperd, aap en bobbejaan, spinnekop, en skulpe, asook klip-pies, en koue water sou 'n kragkomponent bevat het. Skygbaar het analogie 'n belangrike rol gespeel.

Dit wil voorkom of geglo is dat die San oor meer krag as die Khoekhoen beskik het.

2.2.1.2 Waarsegging deur voortekens

Waarsegging is ook deur gewone mense deur die interpretasie van voortekens gedoen. Eerstens is daar gelet op die posisie van entiteite of op die tyd van die dag. Die handeling van sekere diere in bepaalde posisies of op 'n sekere tyd is ook as voortekens beskou.

Indien 'n //nananab ('n sprinkaansoort), 'n uil, of die nuusdraervoël naby die huis skree, is dit as 'n doodstyding beskou. Volgens Lyntjie Springbok kon die //nananab ook op die koms van besoekers dui. Sou die //nananab of uil aan die 'reënkant'

(dit is waar die reën vandaan kom) geskree het, sou dit op die koms van reën dui.

Hoewel 'n haas in die vroeë literatuur vir die Khoekhoen as simbool van ongeluk aangedui is, het hierdie siening van die haas skynbaar verdwyn. Volgens 'n mite sou die maan vir die luis na die mense gestuur het met die boodskap van ewige lewe, is die boodskap deur die haas onderskep, en is 'n verkeerde boodskap, naamlik dat die mense sal sterf, toe aan die mense oorgedra (Schutze 1907:448, 449). Die informante meld vandag dat indien 'n haas voor 'n persoon opspring dit op geluk in die jag sou dui. Die verandering in sienswyse oor die haas hou waarskynlik verband met die feit dat die haas vir 'n baie lang tyd as voedsel beskou is. Slegs een informant het dit as 'n teken van ongeluk vermeld. Geluk sou ook met 'n koggelmander wat voor 'n persoon oor die pad hardloop, verband hou.

Indien die 'wit spinnekop' binne die huis of voor die voordeur aan sy draadjie afgekom het, sou 'n besoeker opdaag wat lanklaas gesien is.

Sou 'n hotnotsgot op 'n persoon gaan sit, is dit as 'n voor tyding van siekte of dood vertolk. Dieselfde sou volgens Lyntjie Springbok ten opsigte van die //nananab gegeld het.

As 'n by vroegoggend om 'n persoon bedrywig was, sou dit goeie nuus byvoorbeeld besoekers of 'n brief voorspel, maar teen die middag sou dit op slegte nuus dui.

Benewens diere sou die sterre ook as voortekens kan dien. Een informant meld dat indien 'n sekere ster aan die noordekant sigbaar was, dit op reën sou dui, terwyl 'n ander weer reken dat indien die sterre baie helder was, dit 'n aanduiding was dat dit baie sou reën.

Benewens diere en die sterre kon die besondere rigting van 'n warrelwind betekenisvol wees. Wanneer 'n warrelwind, volgens een informant 'n klein warrelwindjie, reguit na 'n huis aangekom het en voor die voordeur bly draai, sou dit op die koms van besoekers, en meer bepaald besoekers wat vir 'n lang tyd

nie gesien is nie, dui. Volgens een informant sou die wind op die pad waarmee die persoon sou aankom, teruggegaan het.

Die linkerkant van 'n persoon het skynbaar 'n konnotasie van ongeluk gehad. Indien 'n persoon dus met sy linkerbeen sou struikel, sou dit op ongeluk dui, terwyl 'n struikeling van die regterbeen op geluk sou dui. In eersgenoemde geval, moes die persoon dan met die linkerbeen agtertoe skop sodat die ongeluk agter die persoon sou lê.

Een informant meld dat indien 'n persoon 'n hotnotsgot wat op hom gaan sit het, wou doodmaak hy dit met sy linkerhand ('die hotnotsgot se kant') moes doen. Andersins sou die persoon net soos die hotnotsgot word, dit wil sê onredelik en 'n duiwel en sou die hotnotsgot die geluk van die persoon se regterhand (werkshand) weggeneem het. Indien 'n koggelmander of steenbok van regs na links voor 'n persoon die pad oorsteek, sou dit op voorspoed dui.

Die posisies vorentoe en agtertoe sou op geluk en ongeluk dui, byvoorbeeld indien 'n haas vorentoe opspring of 'n koggelmander voor 'n persoon die pad oorsteek, dui dit op geluk. Iets wat op ongeluk kon dui, moes agtertoe gewerp word, byvoorbeeld wanneer 'n persoon met sy linkerbeen struikel, is agtertoe geskop en 'n hotnotsgot wat op iemand gaan sit, is agtertoe gegooi. Dieselfde sou vir 'n sprinkaan gegeld het. Dit is gedoen omdat geglo is dat die geluk voorkant is.

Tweedens sou parallelle belewenisse as voortekens gedien het. Persone wat in die reën gebore is, sou druppels op die vel voel indien reën aan die kom was.

Derdens sou besondere verskynsels in verband met die hemelliggame as voortekens gedien het. 'n Kring om die maan of son sou op oorlog dui. Lyntjie Vos verduidelik dat die kring analogies was aan die skans van klippe wat vroeër in oorlogstyd gepak is. Wanneer die son of maan 'n kring sou gehad het, sou die ou mense vroeër gesê het : 'Kyk, die skans is gepak, daar gaan oorlog wees'. Indien die kring met stippel- en strepieswolkies gevorm is, sou dit respektiewelik Khoekhoe- en San-haartjies voorge-

stel het, dit wil sê die twee groepe sou dan teen mekaar veg. 'n Verskietende ster sou aangedui het dat 'n belangrike persoon gesterf het.

2.2.1.2.1 Gevolgtrekkinge

Dit is duidelik dat aan bepaalde verskynsels in die natuur 'n bonatuurlike konnotasie ten opsigte van voorbodes toegeskryf was. Skynbaar is aan sommige verskynsels soos die hotnotsgot en 'n verskietende ster 'n deurentydse negatiewe konnotasie geheg, terwyl die konnotasie wat aan ander verskynsels geheg was, met hul posisies verband gehou het.

Wat die hotnotsgot betref, is dit interessant dat die konnotasie deur die San (Schapera 1930:178, 180) van beide voorspoed en teespoed, by die Khoekhoen deur slegs teespoed vervang is. 'n Verskietende ster dui ook by die San daarop dat iemand sterf (Schapera 1930:167).

Volgens Hahn was bepaalde negatiewe voorbodes soos 'n kring om die maan, die verskyning van die ster Aurora australis of 'n komeet aan //Gâunab toegeskryf (Hahn 1881:89).

Ruimtelike oriëntasies het 'n belangrike rol by die interpretasie van voorbodes gespeel. Vanweë die fisiese vermoë van mense is 'n konnotasie van voorspoed en teespoed onderskeidelik aan regs en links geheg. Die konnotasie wat aan die ruimtelike oriëntasie van vorentoe en agtertoe geheg is, moes, tesame met die gedagte dat dit wat nuut is, goed sou wees (vgl. II:2.1.4) 'n belangrike uitwerking op die toekomspersepsie en op kultuurverandering by die Khoekhoen uitgeoefen het.

2.2.1.3 Die gebruik van middele en persone vir voorspoed

Eerstens skyn dit of die skaarsheid van 'n middel die waarde en effektiwiteit daarvan sou bepaal het. In hierdie verband is die ≠nobos as besonder belangrik beskou. Die ≠nobos sou 'n soort akkedis wees, maar die beskrywings daarvan wissel van plek tot plek omdat verskillende soorte akkedisse hulle op verskillende plekke sou bevind. Die vleis van die ≠nobos is gedroog, gemaal en dan 'ingesny' om te verhoed dat slange en

skerpioene 'n persoon sou aanval. Dit sou 'n slang en skerpioen 'mak' maak. Hierbenewens meld twee informante dat ≠nobos in die huis ekonomiese voorspoed sou verseker. Die ≠nobos sou moeilik gevind gewees het omdat dit baie wild was en, volgens Lyntjie Springbok, in 'n barsie onder die grond sou woon.

Dit wil voorkom of sout in dieselfde kategorie val. Dit was waarskynlik vroeër skaars en daarom 'n waardevolle besitting. Hierbenewens kon die onontbeerlikheid daarvan 'n rol gespeel het. Dit is as ekonomies gelukkig beskou om sout in die huis te hê. Dit is ook in die vuur gegooi indien die mense bekommerd was dat hul vee nie sou huis toe kom nie en die jakkals die diere sou vang. Wanneer die sout in die vuur gegooi is, kon die persoon sê : 'Mag die jakkals se tande stomp raak sodat hul nie die vee doodbyt nie'. Hierbenewens is dit oor die blikke van 'n toornaar (die blikdraer) (vgl. II:2.2.2.6) gegooi om die kwaad te kanselleer.

Sekere middele is om die analogiewerking daarvan in kontakmagie gebruik. Om te verseker dat 'n persoon terugkeer, is grond van sy laaste voetspoor geneem en in 'n sakkie by die deur opgehang. Om te verseker dat die vee wat moes uitslaap sou terugkeer, is van die laaste mis of mis van die voorbok in 'n sakkie opgehang. Om 'n gekwete bok of iemand soos 'n dief aan te keer, kon grond van die voetspoor in die lug opgegooi word. Dit sou verseker dat die bok of die persoon gekry word. 'n Bietjie hare van 'n persoon wat in die somer gebore is, is in die vuur gegooi sodat die lug warmer sou word as dit koud is en andersom. 'n Klipbok se gal en die kopbeen van 'n dassie of /gi-jakkals sou verseker dat dieselfde soort wild gevang word.

Ander middele wat vanweë die analogiese magiese kwaliteite daarvan gebruik is, was die //haus (heup- en kruisbeen) van veral vroulike diere (vgl. III:2.1.6.1, 4.3) om voortplanting by 'n vrou te bevorder, geskenke en sâ-i (vgl. II:2.1.3.2) om geluk te verseker. Klipsout sou 'in die are werk' en daarom die ingesnyde bloed en sweet van die paartjie wat die !gao≠gom-behandeling moes ondergaan, lei om dieselfde te doen (vgl. III:10.6.1), en !gare sâ-i sou as gevolg van die rooi kleur daarvan effektief in die bloed werk (vgl. III:10.6.1).

'n Nuwe vuur na 'n oorgangstadium het die aanvang van 'n nuwe lewe gesimboliseer, en lewendige vee het lewe voorgestel en kon dus geslag word om sterftes onder die vee te beëindig (vgl. III:9.5). Dragtige vee het vrugbaarheid en voortplanting gesimboliseer, en is dus in verband met die reënseremonie (vgl. II:1.1) gebruik.

Sekere middels is as gevolg van die besondere eienskappe daarvan gebruik. Die kragtigheid van 'n middel sou 'n belangrike faktor gewees het. In hierdie verband is herhaaldelik na die //āe-niertjie of -lewer verwys, byvoorbeeld om 'n toornaar te verdryf. Waarskynlik was die koudheid van water die rede waarom dit gebruik is om kwaadwillige kragte te neutraliseer. Dit is oor die blikke van 'n toornaar (vgl. II:2.2.2.6) en oor homself gegooi. Die afgeskilde en gedroogde wortel van die grashoutbos is met rou bokvet gesmeer en die punt daarvan is dan aan die brand gesteeke wanneer vee weggeraak het. Die rigting waarin die rook trek, sou aandui waar die verlore vee sou wees. Vroeër het die mans altyd 'n stukkie van die wortel by hul gedra ingeval die vee sou wegraak. 'n Stukkie kon ook in die vuur gegooi word sodat 'n rokie trek. Dit is gedoen vir geluk wanneer 'n persoon byvoorbeeld wou gaan geld vra by 'n ander. Takkies van die /naukuis (redmelkbos) is in water gekook en die vloeistof dan gebruik om 'n persoon se geluk te vermeerder deur die wapens, kieries, en jaghonde asook 'n persoon self daarmee te was, en dit binne en buite die woning te sprinkel.

Hierbenewens is takkies in die huis opgehang of in die huis gebrand. Die plant was volgens informante doeltreffend omdat dit 'n sterk reuk sou gehad het.

Plantmateriaal afkomstig van sekere soorte bome soos die ka-meeldoringboom, van struik soos die vyebos, asook opslag, mos en gras soos kweek, en sekere swamme is vir die maak van sâ-i gebruik. Hiervan is die bas, die kern van 'n stomp hout, blare, gom, wortels, takkies ensovoorts tot 'n welriekende poeier fyn gemaal. Benewens die gebruik daarvan om onaanvaarbare reuke soos die reuk van 'n menstruerende vrou en 'n lyk te verwyder, is dit ook vir magiese doeleindes aangewend. Dit is

gebruik om die geluk van 'n persoon te vermeerder, veral na 'n oorgangstadium. Sodoende is gepoog om tydens assosiering met die lewensbronne 'n gelukkige begin as nuwe mens vir die persoon te verseker. Hierbenewens is dit skynbaar in dieselfde verband aan die skaamdele van seuntjies gesmeer sodat die maandvloei van die puberteitsinisiant onder andere nie hul voortplantingsvermoë sou benadeel nie (vgl. III:2.1.6.1).

Hierbenewens sou sâ-i ook 'n invloed op die uiterlike vorm van 'n persoon kon hê. Willem de Wet van Kuboes vertel dat 'n vrou vroeër haarself met sâ-i bestrooi het, dan in 'n leeu verander, die gemsbokke bekruip het en een gevang het. Haar man wat hul-le kind vasgehou het, het intussen uit vrees vir die leeu in 'n boom geklim. Hierop het die leeu na haar man gegaan en hom gevra om haar lūros (houer gemaak van 'n skilpaddop) met sâ-i vir haar aan te gee, maar omdat hy vir haar bang was, wou hy dit nie doen nie. Sy het dit toe self gekry, haarself daarmee gepoeier en weer in 'n mens verander. 'n Ander informant het vertel dat 'n jong man eendag 'n leeuvel omgehang het, om vir die pret die beste skrik te maak. Hy het toe egter regtig in 'n leeu verander en 'n kalf gevang. Hierop het 'n ou vrou die leeu terwyl hy lê en vreet het onder die neus met sâ-i gepoeier sodat hy weer in 'n mens verander het. Die vermoë om in 'n ander wese te verander sou volgens sommige in verband gestaan het met persone wat die hās sou besit het. Dit skyn of geglo is dat sâ-i verandering van 'n toestand kon teweeg bring. Moontlik moet die gebruik van sâ-i by siekes, vir die verwydering van reuke, en vir geluk dan ook in hierdie lig gesien word.

Benewens vee as offerande tydens die reënseremonie is ook van ander diere gebruik gemaak sodat dit kon reën. 'n Verkleurman-netjie of, volgens een informant, 'n bloukopkoggelmander is op sy rug diep in 'n droë lopies begrawe. Twee informante meld dat die diertjie lewendig moes wees maar volgens twee ander is dit eers doodgemaak. Die rede vir die gebruik van hierdie diertjies was volgens twee informante dat dit die gewoonte sou hê om die kop op en af te knik as die reën wegbly en dat die mense die gewoonte as 'n gebed om reën beskou het. 'n Doodgemaakte reënvoël is in 'n lopies begrawe, volgens een informant op die

rug. Die rede vir die gebruik van hierdie bepaalde voël kon nie vasgestel word nie. Volgens een informant kon enige persoon die voël begrawe. Een vrou meld dat as die reënvoël skree, die mense sê dat hy vir reën skree. Die geluid sou wees soos dié van 'n bromponie. Geen verklaring is gevind vir die gebruik om bogenoemde diere op die rug te begrawe nie.

Daar is sorg gedra dat slegs persone wat van nature gelukkig is as voorgangers by seremonies, waarvan die reënseremonie in hierdie opsig die belangrikste is, optree. Die gunstige verloop van sake is deur hulle gelukkige lewenskwaliteit verseker. Hulle is ook gevra om die graafstok of wapens aan te raak voordat uitgegaan is om te versamel en jag. Die voorganger by die puberteit- en huwelikseremonies en die vroedvrou moes vrugbare vroue wees wat geen probleme met haar eie bevallings ondervind het nie sodat die inisiant en die kraamvrou net so voorspoedig sou wees. Daar is van persone met gesonde hande gebruik gemaak in verband met byvoorbeeld die puberteitsinisiant en die partytjie wat die !gao-gom-behandeling moes ondergaan, terwyl persone met voorspoedige huwelike in verband met die huwelikseremonie gebruik is.

2.2.1.3.1 Gevolgtrekkinge

Volgens Khoekhoe-opvattinge sou bepaalde verskynsels in die natuur kragbelaai wees en kon dit deur 'n kundige persoon aangewend word om voorspoed te verseker.

Uit die dierewêreld is onder andere deur gewone mense van die vleis van die !nobos ('n soort akkedis), die niertjies of lewer van die //āe-jakkals en die gal van 'n klipbok gebruik gemaak. Daar is geglo dat die lewer en niertjie van dié jakkals en die gal van 'n klipbok 'n konsentrasie van krag bevat (vgl. II:2.2.1.3).

Die reuk of kragveld van plante soos die /naukuis en die verskillende soorte waarvan sâ-i vervaardig is, is benut.

Ook mense kon gebruik word om voorspoed te verseker. Daar is dan van die inherente kwaliteit van geluk by sommige mense gebruik gemaak (vgl. II:2.2.1.3).

2.2.1.4 Handelinge om voorspoed te verseker

2.2.1.4.1 Assosiëring

Die Khoekhoen maak dikwels van analogie- of simpatiese magie gebruik. Simpatiese magie veronderstel analogiewerking en is gebaseer op ooreenstemmende verbande tussen voorwerpe. Dit sluit nabootsende of homeopatiiese magie in (Myburgh 1981:136, 137). Simpatiese magie is by die Khoekhoen onder andere deur middel van assosiëring met 'n entiteit beoefen. Dit was in ooreenstemming met 'n algemene denkpatroon. 'n Bepaalde entiteit is deur sekere handelinge soos 'n ander entiteit gemaak, dit wil sê eenders gemaak met die ander entiteit. Die uitdrukkinge 'paar met', 'maats gemaak met' of 'pas bymekaar', is in verband hiermee gebruik. Die twee entiteite kon 'n mens, 'n entiteit in die natuur, of 'n bonatuurlike wese insluit. Een van die betrokke entiteite is met die oog op beskerming teen die ander ge-tuteba of 'gedokter' (behandel). Die belangrike element was die kontakhandeling wat uitgevoer is om die een met die ander entiteit te kon laat assosieer. Hoewel die vorm van die handelinge kon verskil, het dit in essensie ooreengestem.

Persone wat vir die eerste keer 'n sekere woonplek besoek, moes hulle met die plek assosieer. Dit sou veral vir vroue en kinders vanweë hul fyngewoentheid nodig gewees het. Eerstens moes 'n volwassene wanneer hy of sy die plek nader sê: 'Ek het jou eerste gesien. Jy het my nog nie gesien nie'. Indien dit nie gedoen is nie, kon die plek die persoon siek maak. Lyntjie Vos verduidelik dat die plek die persoon anders met siekte sou 'groet'. Voordat die plek dus op die persoon kon reageer, moes die persoon daarmee mondelinge kontak maak. Hierna is met die grond van die plek geassosieer. 'n Baba is met die grond vertikaal tussen die wenkbroue 'gestreep' dit wil sê daarvan is aan die vinger geneem en 'n streep daarmee getrek. 'n Volwassene kon hom of haar self op byvoorbeeld die been 'streep', van die grond agtertoe oor die skouer gooi, of 'n bietjie grond in die mond neem en uitspoeg. Hierbenewens kon 'n persoon wat van 'n vreemde plek af tuis kom ook 'n bietjie van die vreemde plek se grond tuis uitgooi indien hy of sy reeds aan die vreemde plek gewoond geraak het. Indien persone en veral kinders, hul-

le nie sou laat assosieer met vreemde plekke nie, sou hulle siek raak, byvoorbeeld van verkoue, omdat 'die lug' van daardie plek aan hul onbekend was, dit 'n 'ander lug' was en hulle nie aan die plek gewoond was nie. Een informant het verwys na die 'gis' van die plek. Dit is aanvanklik as gevolg van haar uitspraak as 'gees' verstaan. Sy het egter verduidelik dat dit hoegenaamd nie die geval is nie. Moontlik kon Hoerné (1923:520) se verwysing dat daar met die bese geeste van 'n plek geassosieer moes word in hierdie lig vertolk word. Lyntjie Vos meld dat hierdie handeling veral by 'n klein kindjie belangrik was 'omdat sy lug nog nie gewoond is aan daardie plek se lug nie'. Voordat 'n persoon van 'n vreemde plek se water drink, moes hy homself oor die gesig met water vee sodat die water nie sou veroorsaak dat hy diarree ontwikkel nie.

Gelukkige swanger vroue moes liefsvleis ook nie veldvoedsel, veral doringboomgom, heuning en wildsvleis eet nie omdat dit die baba kon benadeel. Indien 'n gelukkige swanger vrou egter wel veldkos wou eet, moes sy haar eers self met die veldvoedsel assosieer deur byvoorbeeld oor die heuningstok of vislyn te tree of haarself met die veldvoedsel te 'streep'. Laasgenoemde was nodig omdat hierdie produkte die ongebore baba kon benadeel met byvoorbeeld winderigheid omdat die baba onbekend was met die kosse. Selfs 'n sogende moeder moes nie haira (doringboomgom), heuning en wildsvleis eet nie omdat dit haar en die baba se mae kon affekteer. Sy kon dit voorkom deur haarself en die baba daarmee op die maag te 'streep' of daarvan op die baba se boudjies te spuitspoeg. Dit sou so 'n uitwerking hê op die baba omdat hy dit nie ken nie. Die jong moeder moes ook nie geroosterde vleis eet nie sodat die baba nie seer, rooi of slegte oë sou kry nie. Indien dit tog gerooster gaan word, moes eers die pootjies in die vuur gebrand word en van die swartsel aan die baba se oë gesmeer word sodat sy oë nie benadeel sou word nie.

Met die eerste besoek van 'n baba aan 'n vreemde huis, moes die moeder die baba tussen die wenkbroue 'streep' met die as van daardie huis of grond van die plek of daarvan in die kombesie

gooi sodat hy deur hierdie aksie van assosiasie daar welkom, tuis en nie vreemd sou voel nie.

Met die eerste besoek van 'n kind aan 'n begraafplaas, of met sy eerste bywoning van 'n begrafnis, moes die volwasse metgesel die kind met grond van die begraafplaas 'streep', byvoorbeeld vertikaal tussen die wenkbroue, of, indien die moeder die kind abba, moes grond oor die moeder se skouer en die kind se rug gegooi word sodat hy die 'reuk' van die begraafplaas sou kry. Dit was nodig omdat 'n kind fyngevoelig sou wees en sonder hierdie assosiasie handeling dus siek sou word as gevolg van die 'sig' van die begraafplaas en omdat die liggame die lewendes 'graf toe sou trek'.

Wanneer 'n volwasse vrou vir die eerste keer met 'n baba deur 'n leegte of rivier moes stap, moes die kind eers daarmee geassosieer word, byvoorbeeld deur sand oor die rug van die baba in die dravel te gooi, die baba op die voorkop te 'streep', of hom 'n bietjie grond te laat eet. Dit is gedoen sodat die lug van die leegte die kind nie sou siek maak nie. Lyntjie Vos praat van die koel lug van 'n leegte en meld verder dat 'n moeder met haar baba as gevolg van die koue nie na sonder deur leegtes moes loop nie. Anna Velskoen verduidelik dat die leegte droog lyk, maar dat 'die water en sig mos binne lê'. Indien 'n kind nie by 'n leegte 'gestreep' word nie sou die plek hom nie 'aanneem' nie en sou hy siek word. Dit is ook gedoen sodat dit nie later vir die baba gevaarlik sou wees om die rivier oor te steek nie byvoorbeeld deurdad die rivier skielik sou afkom.

Die puberteitsinisiënt is, wanneer dit reën terwyl sy nog in die kharu-oms ('n afgekorte gedeelte binne die matjieshuis waarin die meisie afgesonder is) was, na die leegtes geneem waar sy haar hand in die water moes steek en oor haar gesig moes vee of water in haar mond geneem en dit uitgestuif het. Sy moes dit doen omdat sy nou 'n nuwe mens' was en dus haar as sulks met die leegtes moes assosieer. Sy is ook na die poele geneem waar sy 'gestreep' is. Dit is gedoen sodat die nattigheid haar nie later sou benadeel as sy natreën nie en om vas te stel of dit na die kontak tussen haar en die water, sou reën.

Hierbenewens is sy na 'n rivier geneem indien daar een naby was en ook daar 'gestreep'. Dit is gedoen sodat die kontak tussen haar en die rivier die reën nie sou laat wegbly en die Rivierslang nie aggressief teenoor haar sou laat wees nie.

Wanneer 'n persoon vir die eerste keer of na 'n lang tyd, byvoorbeeld 'n paar maande, by 'n groot rivier kom, moes hy hom daarmee assosieer. Volgens twee informante was dit nie vir mans nodig nie omdat hulle nie fyngvoelig sou wees nie terwyl 'n ander meld dat 'n man hom ook moes assosieer. Wanneer 'n persoon die eerste aansig kry van 'n rivier, moes hy sê : 'Ek het jou eerste gesien' sodat hy nie van die onbekende lug siek sou word nie. As die rivier die persoon eerste 'sien', sou hy laasgenoemde siek kon maak. 'n Persoon kon hom verder met die rivier assosieer deur homself op die been te 'streep', op die water te slaan sodat dit in sy gesig spat, die hande of gesig te was, of die mond uit te spoel en die water dan uit te spoeg. Hierna kon die persoon van die water drink of deurgaen. Indien die persoon hom nie met die rivier geassosieer het nie sou die 'klimaat' of 'sig' van die rivier die persoon siek maak, die rivier kon skielik afkom sodat die persoon nie kon deurgaen nie, of die rivier kon die persoon meesleur wanneer dit afkom, en die Rivierslang kon die persoon intrek. Deur hom met die water te assosieer, assosieer die persoon hom dus ook met dit wat in die water is. Lyntjie Vos meld in verband met die 1988-vloed dat die rivier baie dooie goed soos lyke en dooie diere afgebring het en dat sy dus sou moes 'streep' wanneer sy daar kom sodat kontak met die rivier haar nie sou siek maak nie.

Wanneer 'n persoon vir die eerste keer by die see kom, of lanklaas daar was, moes hy hom daarmee assosieer, volgens een informant omdat die see die persoon se 'sweet' kon kry. Dit is gedoen deur die hande en gesig in die seewater te was, van die seewater te drink, die mond met seewater uit te spoel en dit uit te spoeg, die bene met seewater of nat sand te 'streep', of van die seesand in die see te gooi. Hiermee sou die persoon die see 'mak gemaak het'. Indien die persoon dit nie sou doen nie, sou die see 'kwaai' kon raak en die persoon intrek. Twee

informante beskryf die see as 'n lewendige ding wat nes 'n mens optree en weet wanneer 'n persoon 'n 'vreemde mens' sou wees.

'n Baba is na die geboorte in swaarweer neergelê om hom daarmee te laat assosieer. Wanneer 'n kind vir die eerste keer met hael in aanraking kom, is hy ook daarmee 'gestreep'. 'n Puberteitsinisiant is in die swaarweer rondgejaag. Hierdie assosiering is gedoen sodat die persoon nie later wanneer hy of sy in sulke weersomstandighede buite moes wees, koue sou vat, vir die donderslae sou skrik, of deur die weer raak geslaan sou word nie. Volgens enkele informante kon 'n persoon as voorsorg teen die gevaar dat die weerlig hom sou raakslaan grond van 'n plek waar die weerlig reeds geslaan het, op sy bene smeer, of op sy kop gooi. Dit sou verhoed dat die weerlig die persoon in die toekoms tref. Ander informante was onbekend met die gebruik. Indien 'n persoon een maal deur die weerlig raak geslaan is, sou dit die persoon weer raakslaan. As voorsorg hierteen moes die persoon van daardie storm se water neem en daarmee was of van die modder van daardie storm neem en homself daarmee 'streep'. Die weerlig sou die persoon dan nie weer raakslaan nie, maar volgens een informant tog altyd, tot die swawel reuk uit die persoon was, opsoek en naby die persoon gedreun het. Sâ-i en ≠kanab moes as gevolg van die reuk daarvan met die swaarweer geassosieer word sodat die weerlig nie daarop sou slaan in die huis waar dit geberg is nie. Hoewel 'n boom wat deur die weerlig raak geslaan is, nie vir vuurmaak gebruik moes word nie, aangesien dit voortaan die weerlig sou aantrek, kon sâ-i en ≠kanab wel gebruik word as dit met die weerlig geassosieer was.

Indien 'n persoon lanklaas produkte uit die veld geëet het, moes hy hom eers self daarmee assosieer. Hierdie produkte het items ingesluit soos rosyntjiebessies, die veldaartappel (//habas), heuning en wildsvleis. Die persoon kon hom daarmee op die maag of bo die nael 'streep' of daarvan kou en uitspoeg. Indien die persoon hom nie met die produk sou assosieer nie, sou hy maagpyn of diarree kry wanneer hy daarvan eet. Dit sou gebeur omdat die persoon ongewoond was aan die produk.

Persone in oorgangstadium moes na afsondering eers op nuut met die natuur geassosieer word alvorens normale kontak daarmee hervat kon word. Die was nodig omdat diesulkes 'nuwe mense' geword het dus vreemd was vir die lewensbronne en omgewing en dit kon benadeel of die aggressiwiteit daarvan kon ontlok. Hulle is daarom opnuut met die vee, die veld en veldvoedsel, die water, die groentetuin asook die take in verband daarmee geassosieer. Hierdie assosiërings sou egter nie vir ongelukkige persone help nie, hulle bly in beginsel ongelukkig. Hulle sou daarom steeds 'n negatiewe uitwerking op die omgewing en lewensbronne gehad het. Die uitvoerigste beskrywings van die assosiëringsprosedure is in verband met die puberteitseremonie (vgl. III:2.1.7.4) gegee omdat die seremonie tot met die nalaat daarvan in die onlangse verlede in volle besonderhede uitgevoer is. Die puberteitsinisiant is met die werf en huisvure geassosieer deurdat die rook en reuk daarvan in haar gesig moes kom en deur haar met die as te 'streep'; sy is met die vee geassosieer deur haar met die mis te 'streep', mis oor haar voete te strooi of deur mis in haar hand te neem of die vee te hanteer; sy is met die tuin geassosieer deur haar met die groente te 'streep', dit aan te raak, te kou en uit te spoeg; sy is met die waterbron geassosieer deur haar daarop te laat slaan sodat dit in haar gesig spat, haar daarmee te 'streep', of water in haar mond te neem en dit uit te spoeg; sy is met die veld geassosieer deur die plante aan te raak, te kou en uit te spoeg asook onder die arms en bene te vryf. Hierbenewens is sy met haar take geassosieer deur haar daaraan voor te stel.

'n Agterblywende na 'n sterfgeval is opnuut met die vee geassosieer deur die persoon met die mis te 'streep', selfs onder die neus en deur water oor die vee te sprinkel; die persoon is met die tuin-groente geassosieer deur hom of haar daarmee te 'streep', dit te laat aanraak of water uit te spoeg oor die groente; die persoon is ook opnuut met die waterbron geassosieer deur hom of haar daarmee te 'streep' of op die water te slaan sodat dit in die persoon se gesig spat; die persoon is met die veld geassosieer deur haar bessies te laat afstroop of haar met die sap daarvan te 'streep'. Hierbenewens is die

agterblywende opnuut aan die normale dagtake voorgestel en so-
doende daarmee geassosieer.

Persone wat die !gao#gom-behandeling ondergaan het, is daarna opnuut met die vee geassosieer deur hulle met mis te 'streep' of mis in die mond te laat neem en dit uit te spoeg; so 'n behandelde is met die groente geassosieer deur haar daarvan te laat pluk, te kou en uit te spoeg; die persoon is ook met die waterbron geassosieer deur haar daarop te laat slaan sodat dit in haar gesig spat. Sy is ook met die veldplante laat assosieer deur bessies af te stroop, dit te kou en uit te spoeg. Hierbenewens is diesulkes ook opnuut met hul dagtake en met die Rivierslang geassosieer.

'n Gelukkige persoon kon 'n ongelukkige se geluk vermeerder deur van die eie sweet aan die ongelukkige te smeer (vgl. II:2.1.3.2). Indien die ongelukkige 'n produk soos wildsvleis wou eet, kon 'n gelukkige persoon die ongelukkige tot laasgenoemde se voordeel met die rou vleis 'streep' (vgl. II:2.1.3.2). Assosiëring met veldvoedsel sou nie vir 'n ongelukkige menstruerende vrou voordeel gebring het nie en daarom is sy kontak daarmee verbied. 'n Ongelukkige swanger vrou is ook daarom nie toegelaat om veldvoedsel te versamel of te eet nie. Soms is ongelukkige menstruerende en swanger vroue egter wel toegelaat om hierdie voedsel te eet indien hulle hulleself eers met 'n gelukkige persoon en daarna met die voedsel geassosieer het (vgl. II:2.1.3.2).

Indien 'n persoon met iets van die Veldslang, byvoorbeeld sy vleis, behandel is (byvoorbeeld daarmee 'ingesny' of ingesmeer is) sou die slang wel die persoon opsoek, maar nie op die persoon verlief raak, of die persoon aanval nie. 'n Persoon kon hom- of haarself ook met die Rivierslang assosieer deur hom of haar met sy mis te laat insny. So 'n persoon sou die slang dan dikwels kon teëkom, sonder dat hy iets aan die persoon doen, want die persoon en die slang 'paar'. Indien die Rivierslang probeer het om 'n persoon of skuit in te trek, moes die slagoffer sy hande afspoel of eers onder sy arms vee en dan sy hande afspoel, 'n klippe onder die arm plaas en dan in die water gooi of iets van hom soos 'n kledingstuk of vislyn in die

water gooi (vgl. II:1.3.1.1.4, 1.3.1.2.4). Sodoende het 'n persoon hom deur middel van sy eie sweet met die Rivierslang geassosieer om laasgenoemde vreedzaam te stem. 'n Puberteitsinisiant is met die water geassosieer om haar 'veilig te maak' met betrekking tot die Rivierslang (vgl. III:2.1.7.4). Dit was waarskynlik ook een van die doeleindes by die ander oorgangseremonies. Wanneer 'n persoon deur die !Ganan!qūb aangeval is, moes die slagoffer haar onderklere vir hom los (vgl. II:1.3.4).

Indien 'n baba geval het, is hy met die grond waarop hy geval het, 'gestreep' (vgl. IV:2.4.2). Dit is moontlik dat 'n rede vir die !hū//haru-behandeling (vgl. IV:2.4.2) assosiëring met die grond kon gewees het. Die proses van benadeling deur die grond is dus verander na hulp omdat die baba met die grond 'maats gemaak het'. 'n Swanger vrou kon deur middel van 'n garedraadjie om haar vinger verhoed dat die gare waarmee sy werk nadelige analogiese gevolge op die naelstring van die baba sou hê (vgl. III:6.3).

Weerlig is na 'n vuur wat vir die doel in die veld gemaak is, gelok om daarmee te assosieer sodat dit nie by die mense sou slaan nie (vgl. II:1.1)

Een persoon kon ook met 'n ander persoon wie se invloed hy oor hom wil vestig assosieer. Daar is reeds na die assosiëring van ongelukkige persone met gelukkiges verwys. Indien 'n vrou 'n karkaṭtjie gekry het, omdat 'n swanger vrou iets van haar begeer het, moes die swanger vrou van haar eie maagvullis aan die ander se oë smeer (vgl. III:6.4). 'n Vrou wat nie kon kinders kry nie, moes die voorskoot of onderrokband van een wat baie kinders gehad het, ombind (vgl. III:6.1), terwyl 'n vrou wat 'n miskraam gehad het die onderrokband moes ombind van 'n vrou wat geen miskrame gehad het nie, klere met haar moes uitruil, of laasgenoemde moes vra om haar te masseer. Menstruerende vroue kon 'n baba se oë benadeel. Hulle is dus kontak met 'n baba verbied, maar indien 'n menstruerende vrou tog met 'n baba kontak sou hê, moes sy van haar maagvullis aan die baba se oë smeer (vgl. III:7.2). Indien 'n menstruerende of swanger vrou die puberteitsinisiant wou besoek, moes hulle van hul eie maag-

vullis aan die meisie se maag smeer (vgl. III:2.1.4). In lyn met die waarde wat aan assosiëring geheg is, is geglo dat getroudes se 'bloede' moes 'paar' en dat die wat reeds getroud was, en weer trou, met die nuwe lewensmaat geassosieer moes word (vgl. III:10.2). Die paartjie moes dus met mekaar se bloed 'ingesny' word. Hierbenewens moes hul ook met persone wat reeds die !gao#gom-behandeling ondergaan het, assosieer deur van die voorganger se sweet vir hulle te laat insny. Hierdeur sou die paartjie vry wees van die 'afsaksiekte', maar ook deel wees van alle mense wat die !gao#gom-behandeling ondergaan het.. Hulle sou almal bymekaar gepas het en mekaar nie kon benadeel nie. 'n Persoon wat reeds 'n siekte soos //âudas gehad het en daarvan genees is se bloed en/of sweet kon vir 'n ander ingesny word om te verhoed dat laasgenoemde die siekte kry of dit 'n tweede keer kry (vgl. IV:2.4.5). 'n Praktiserende kragdokter het van sy sweet vir 'n leerling ingesny sodat ook laasgenoemde nie kwaadwillig benadeel sou kon word nie (vgl. II:2.2.1.1).

Na 'n sterfgeval kon slegs van die eerste slagding se vleis geëet word, indien persone eers met die bloed van die eerste slagding 'gestreep' was (vgl. III:9.1 2.2). Dit was waarskynlik nodig omdat die eerste slagding vir die oorledene geslag was. Indien 'n gees na 'n agterblywende verlang het, moes iets van laasgenoemde by die graf begrawe word, en indien die graf insak, moes die agterblywende dit met eie hande regmaak (vgl. II:1.2.2.2). Persone het hulle, soos reeds vermeld is, na afloop van oorgangseremonies deur middel van 'n gelukkige kai taras wat voorgegaan het, met geluk en dan met die omgewing geassosieer.

Verskeie metodes van assosiëring kan onderskei word, waarvan die belangrikste die gebruik was om te 'streep'. Persone is veral op die bene 'gestreep' omdat dit met die bene is wat hul rondbeweeg en waarmee hulle dus eerste kontak sou maak met die entiteite waarmee hulle geassosieer is. Geen verklaring kon gevind word vir die gewoonte om 'n persoon vertikaal tussen die wenkbroue te 'streep' nie. Om te verhoed dat voedsel 'n persoon benadeel is op die maag 'gestreep'. Hierbenewens is as

oor die hele liggaam en grond oor die rug, kop of buik gestrooi, in laasgenoemde geval sodat die baba in die buik van die swanger vrou nie benadeel sou word nie. Daar is ook met bepaalde water gewas of die gesig is daarmee afgevee. Veldkos, water en mis is in die mond geneem en uitgespoeg. Veldplante en groente is aangeraak of afgestroop. Daar is op water geslaan sodat dit in die gesig spat. Kontak met die sweet, bloed, maagvullis of die klere van 'n persoon met wie geassosieer moes word, is dikwels gebruik. Daar is ook met woorde geassosieer : 'Ek het jou eerste gesien. Jy het my nog nie gesien nie'. Soms is van kontak sonder bykomende handeling gebruik gemaak soos die kontak van die liggaam met die reën en die kontak van die graf met die hande wat dit herstel. In sommige gevalle is nie fisiese kontak gemaak nie, maar was die nabyheid van een entiteit aan 'n ander voldoende, byvoorbeeld soos wanneer 'n gelukkige persoon gevra is om oor 'n heuningstok te tree.

Deur jou vroegtydig met 'n bepaalde entiteit te assosieer is sekere nadele wat andersins op kontak kon volg dus afgeweer. Die gedagte van assosiëring was ook in die res van die Khoekhoe-kultuur aangetref hoewel die Khoekhoen self nie in terme van assosiëring daarna verwys het nie. In gesprekvoering is byvoorbeeld altyd gepoog om met die ander persoon ooreen te stem deur saam te stem. Die doel hiermee was om goeie verhoudinge te handhaaf en nie onnodig aggressief te wees nie.

Die Rivierslang sou die vorm aangeneem het van een van sy beoogde slagoffer se besittings byvoorbeeld 'n kopdoek soos dié wat die slagoffer op het sodat hy en die slagoffer oënskynlik bymekaar sou kon pas. Volgens een informant sou 'n riet besonder geskik gewees het om die drade van die Rivierslang mee deur te kap aangesien 'n riet soos die Rivierslang 'van die water is'. Laastens wyt Lyntjie Springbok haar seer oë daaraan dat haar oë nie met die stof in die lug 'paar' nie.

In alle gevalle is die aksie van assosiasie daarop gemik om te keer dat die kragtiger invloed uit die omgewing nie 'n persoon of persone sou benadeel nie. Slegs een voorbeeld is gevind waar 'n persoon ('n ongelukkige menstruerende of swanger vrou)

vanuit 'n eie kragtiger vermoë die omgewing (die lewensbronne) kon benadeel en daarom eers met 'n gelukkige persoon en dan met die lewensbronne moes assosieer.

2.2.1.4.1.1 Gevolgtrekkinge

Die algemene ingesteldheid om deur assosiatiewe handeling 'n wedersydse aanvaarbaarheid, maar veral van 'n mindere se posisie teenoor 'n meerdere te erken vorm 'n belangrike komponent in die Khoekhoe-denkpatroon.

Die enigste uitsondering hierop is die versteurde en versteurende kragveld van 'n ongelukkige persoon en veral 'n ongelukkige menstruerende of swanger vrou. Die krag wat van so 'n persoon uitgaan, is sterk genoeg om die bestaande natuurbalans geheel te versteur.

Buite die werf waar 'n persoon gebore is, is kragte in die natuur wat opgesluit is in die aardbodem self (die grond en kragveld), wat opgesluit is in entiteite op die aarde soos sekere veldkos (byvoorbeeld haira, heuning, wildsvleis), fonteine, riviere, die see, die Grootslange en die !ganan!qūb, asook krag wat opgesluit is in die reën. Hierdie kragte sou negatief ingestel wees teenoor 'n persoon waarmee hulle nie bekend is nie omdat daar nie 'n outomatiese band tussen hierdie kragte en die mens bestaan nie. So 'n band moes dus bewerkstellig word.

Uitgesonderd die veldkos, kon die mens gewoonlik nie hierdie kragte benadeel nie. Dit wil dus voorkom of die aardbodem, die fonteine, riviere, die see, die Grootslange en die !ganan!qūb as kragtiger as die mens beskou is. Moontlik is die seksuele konnotasie van die Grootslang en !ganan!qūb die rede waarom hulle hul kragte net teen volwassenes, en nie teen babas of kinders nie, ingespan het. Gedomestiseerde lewensbronne soos die vee en groente kon nie die mens benadeel nie.

Die handeling van assosiëring geskied dus net teenoor kragte wat groter of sterker as die mens geag word. Dit is opvallend dat 'n positiewe assosiasiehandeling nie teenoor die opperwese uitgevoer is nie. Die assosiasiehandeling geskied feitlik al-

tyd sodat die natuur nie die mens sou benadeel nie. Natuurkragte is dus as kragtiger as mense beskou.

Die aardbodem, leegtes en riviere sou met 'sig' of met 'n 'lug', dit wil sê met 'n kragveld omring word. Hierdie kragveld kon die mens benadeel indien die mens nie deur 'n doelgerigte handeling, en daarna deur voortdurende kontak daarmee bekend was, en dus daarmee 'n band ontwikkel nie. Die see is deur een informant as 'n lewendige ding wat nes 'n mens optree', beskryf.

Die mens sou die lewensbronne (die vee, tuin, water, veldplante ensovoorts) kon benadeel indien die mens vreemd daaraan was. Die mens sou slegs met oorgangstadiums en as 'n 'nuwe' mens, vreemd geword het vir die lewensbronne, en dus skadelik daarvoor. Die mens sou dus nie van nature die waterbronne, vee, tuin, veldplante ensovoorts, benadeel het nie, maar die water en bepaalde veldkos soos haira sou wel die mens benadeel.

Indien deur middel van assosiëring 'n band tussen die mens en die kragte in die natuur bewerkstellig is, sou die band slegs deur voortdurende kontak met die kragte behoue bly. Indien die mens dus nie voortdurend met hierdie kragte kontak behou nie, vanweë afwesigheid of omdat die mens 'n 'nuwe' mens geword het, word die opgeboude band met die natuur verbreek, word die mens vir die natuurkragte 'n vreemdeling, en tree die kragte dus negatief teenoor die mens op. Daar moet dus van meet af 'n band met hierdie gevare bewerkstellig word. Hiernaas moet 'n meisie haar met bereiking van puberteit met die Rivierslang assosieer.

Indien dit gebeur het dat 'n persoon nie voorheen doelbewus met hierdie fasette geassosieer is nie, moes die persoon hom met eerste kontak daarmee assosieer.

Met sommige fasette, soos die !ganan!gūb is nie as voorsorg geassosieer nie, maar net wanneer direkte kontak daarmee gemaak word. Daar is skynbaar nooit met die warrelwind en die bose geeste geassosieer nie. Hoewel die dood asook die Rivierslang en die Veldslang sekerlik as ewe gevaarlik vir die mens beskou

is, is wel daarmee geassosieer. Die kragdokter kon die bestanddele afkomstig van die Grootslange aan 'n persoon verskaf.

Volgens die mensbeskouing van die Khoekhoen sou daar 'n kragkomponent in die 'sig' en sweet van die mens teenwoordig wees. Die kragkomponent en kragveld of aura ('sig' en reuk) van 'n persoon word nie met sy of haar dood beëindig nie en bly steeds aan die lyk verbonde. Hierdie kragveld bly voortbestaan in die begraafplaas waar die lyk begrawe is en in die bloed van die weduwee of wewenaar (vgl. III:9.12.1, 9.13.1, 10.2).

Die mens is nie net in die natuur teenwoordig nie, maar ook in 'n menslike omgewing. Hoewel die mens van geboorte outomaties 'n band met sy of haar eie huismense gehad het, was daar nie 'n band met ander mense nie. 'n Kind kon by sy of haar vader se verwante (gesinnegroep) of by dié van sy moeder gebore word (vgl. III:4.4.1, 8.2). Beide groepe was nie as vreemde mense beskou nie. Die baba moes egter met vreemde mense buite die werf geassosieer word.

Ook kon die menslike omgewing vir die mens gevaarlik wees. Tydens sekere toestande en stadiums was daar 'n gevaarlike kragkomponent aan vroue verbonde wat ander kon benadeel. Hierbenewens kon faktore soos siektetoestande, onvrugbaarheid en die kontaminasie van die dood, asook die mens na die dood, die mens negatief beïnvloed. Hoewel die mens nie 'n band met die dood begeer het nie (vgl. III:9.13), kon wel met die dooies geassosieer word om nadele vir die mens te verhoed.

Daar was egter ook positiewe elemente in die menslike omgewing teenwoordig wat deur die mens benut kon word, byvoorbeeld gelukkige persone, persone wat voorspoedig kinders kry, en 'n kragdokter wat oor immuniteit teen kwaadwillige benadeling beskik.

2.2.1.4.2 Analogiehandelinge

Simpatiese magie speel 'n belangrike rol by handelinge vir die versekering van sukses. Een informant in die Richtersveld asook Lyntjie Springbok meld dat die mis van die versamelvoël gebruik is om iemand verlief te maak. Klem word geplaas op die

feit dat die voël se nes soos 'n huis sou lyk en volgens die Richtersveldse informant is die mis van die mannetjie en wyfie verskillend en moes dit gemeng word vir die resultaat. Hierna is dit met sâ-i gemeng en deur die persoon op sy liggaam of sakdoek gebruik. Die samevoeging van die verskillende soorte mis en die huisvorm van die nes skyn deurslaggewende simbole te wees.

Indien 'n baba gedra sou word in 'n abbavel gemaak van springbokvel sou hy net so rats wees soos 'n springbok. 'n Baba wat met die helm gebore is, is weer van die gedroogte helm ingegee sodat hy sy waarseggingsvermoë sou behou.

Terwyl 'n man jag, moes sy vrou voorbereidings tref asof sy seker is daarvan dat hy vleis sou terugbring. Sy moes byvoorbeeld die vuur brandend hou, die potte gereed hê en solank water in en oor die matjieshuis sprinkel sodat dit koel sou wees vir die ophang van die vleis. 'n Pleister wat vir 'n siekte gebruik is, is sonderkant begrawe sodat die siekte soos die son sou ondergaan.

Sommige handeling is uitgevoer as voorbeeld van 'n soortgelyke handeling wat later uitgevoer sou word. By 'n geboorte en na 'n sterfgeval is sekere dele van die eerste slagding dus ge-rooster sodat dieselfde met die res van die slagding gedoen kon word (vgl. III:7.5, 9.12.2) .

Indien 'n persoon in die reën gebore is, kon sy hare in die vuur gegooi word wanneer dit droog is sodat dit sou reën. Indien 'n persoon in die donderweer gebore is, is sy hare in die vuur gegooi om die donderweer te laat bedaar. 'n Baba wat nie vir die swaarweer geskrik het nie se hare kon ook gebruik word. 'n Bietjie hare van 'n persoon wat in die somer gebore is, is in die vuur gegooi sodat die lug warmer sou word as dit koud was, en andersom. Wanneer dit aanhoudend gereën het, en dit omstandighede bemoeilik het, kon 'n per^soon wat in droë tye gebore is se hare in die vuur gegooi word om die reën te staak. Daar was dus 'n kragkomponent in die hare van sulke persone teenwoordig.

Gedurende die reënseremonie is van verskeie analogie-handelinge gebruik gemaak. Daar is gedans en vet is in die vuur gegooi sodat die stof en wasem wolke sou voorstel, die koppe en baarmoeders van die slaggoed is in 'n lopies oopgesny sodat die bloed en baarvloeistof soos reën sou weglou, en daar is op 'n harde beesvel geslaan om donderweer uit te beeld (vgl. II:1.1).

Woorde kon 'n analogiese uitwerking hê. Indien in die jagveld van 'n roofdier gepraat is, sou die dier verskyn en 'n wens soos dat die jakkals se tande stomp sou word, kon vervul word.

2.2.1.4.2.1 Gevolgtrekkinge

Analogie het 'n belangrike plek in die denkwêreld van die Khoekhoen ingeneem. Die Khoekhoen het dus van vele handelinge wat 'n analogiewerking veronderstel, gebruik gemaak.

Die belangrikste voorbeeld is seker die handelinge tydens die reënseremonie waar wolke, lopende water en donderweer deur analogie-handelinge voorgestel word. Die assosiasie van mense met die weersomstandighede by hulle geboorte bring hiernaas as verdere voorbeeld die moontlikheid mee om soortgelyke of analoë weersgesteldhede deur die benutting van hulle hare te verkry.

2.2.1.4.3 Verbodsbepalings

Verskeie verbodsbepalings het gegeld uit vrees vir die simpatiese uitwerkinge van sekere handelinge. Die vleis van vee wat in verband met kwesbare persone soos die puberteitsinisiante geslag is, moes nie gerooster word nie om 'vurigheid' in die liggaam te vermy (vgl. III:2.1.6.1), terwyl die vleis van 'n eerste slagding wat na 'n sterfgeval geslag is nie gerooster moes word nie omdat dit sou voel of die dooie gerooster word (vgl. III:9.12.2). Die as van laasgenoemde slagding moes begrawe word sodat dit nie sou voel of oor die dooie geloop word nie, en moes op een plek begrawe word sodat die voorspoed van die agterblywendes nie soos die as sou verstrooi nie (vgl. III:9.12.2). Die nageboorte moes op 'n bepaalde wyse begrawe word sodat die baarmoeder van die moeder nie sou omdraai nie (vgl. III:7.4). 'n Swanger vrou moes nie haar hare en naels sny nie sodat die baba nie daarsonder gebore sou word nie (vgl.

III:6.3), en indien die kraamvrou 'n kleinpensie sou eet, moes dit nie omgedop word nie sodat die baba nie as gevolg daarvan sou braak nie (vgl. III:7.5).

Die toestand en stadium waarin persone hul bevind, soos 'n toestand van ongeluk en 'n oorgangstadium, het aanleiding gegee tot verbod op die verbruik van waardevolle voedselsoorte vanweë die selfwerkende krag verbonde aan sulke persone. Hierdie selfwerkende krag sou 'n negatiewe uitwerking op die lewensbronne kon hê (vgl. II:2.1.1, 2.1.2.)).

Dit is uit die voorgaande duidelik dat die Khoekhoen die bestaan van onpersoonlike krag geken het wat deur die nakoming van taboebepalings in bedwang gehou is. Nalating of oortreding van die bepalinge het ongeluk of ander negatiewe effekte op die dader losgelaat.

2.2.2 Afgekeurde magiese handeling

Magiese handeling met kwaadwillige gevolge is deur die gemeenskap veroordeel. Normaalweg word kwaadwillige towery by primigene mense deur 'n kundige bedryf wat sy kennis volgens die oordeel van die gemeenskap negatief aanwend. Dit sal onthou word dat dit nie moontlik was om praktiserende kragdokters vir ondervraging te betrek nie. 'n Mens was dus aangewese op die effens diffuse oordeel van leke op die terrein van die aanwending van towerkrag.

Dit is ook moontlik om bose towerkrag vanuit 'n aangebore vermoë te rig en selfs te benut. Dit is duidelik dat die informante meer van hierdie tweede moontlikheid as van die eerste geweet het. Albei aanwendingsmoontlikhede het egter in die verlede onder die Khoekhoen voorgekom (vgl. Schapera 1930:389, 390).

Sommige kundige persone het kennis gehad van die nadelige uitwerking van sekere middels en het dit dan aangewend om ander mee te benadeel. Enkele informante meld dat slange en die vleis van 'n verkleurmannetjie hieronder geressorteer het. Volgens die meeste informante egter, sou net 'n toornaar kennis

gehad het van middels wat vir kwaadwillige benadeling gebruik kon word.

'n Persoon kon dus ander op eie inisiatief en uit eie kennis, of met die hulp van 'slegte' ≠gai-aob benadeel. Laasgenoemde het dikwels as 'n goedgesinde ≠gai-aob geposeer, hoewel hy eintlik kwaadwillig was. Soos reeds vermeld is (vgl. II:2.2.1.1), is na 'n kwaadwillige ≠gai-aob verwys as 'n //khoa tama ≠gai-aob of blikdraer, in laasgenoemde geval omdat hy gewoonlik nadelige middels in blikke sou rond dra. Voorbeelde van sulke middels is stukkie van 'n slang, naalde met hardevet gemeng, hardevet met stokkie in waarvan die punte blou of rooi was, rooi kraletjies en ander kruie medisyne. Indien 'n blikdraer 'n blik met middels verloor het en iemand dit sou vind, moes laasgenoemde dit nie eens probeer aanraak nie, maar met stokke optel en verbrand terwyl hy sorg dra om nie onder die wind te kom nie. Een informant meld dat sout gewoonlik daarop gegooi is voor dit verbrand is. Daar kon ook koue water of koue sout water oor die blikke gegooi word. Langs die Oranje-rivier is die term hamib vir 'n kwaadwillige ≠gai-aob gebruik maar in Namibië is dit onbekend.

'n Kwaadwillige ≠gai-aob kon daaraan uitgeken word dat hy sou spog met alles wat hy kon vermag terwyl 'n goeie ≠gai-aob sou stil bly, maar die resultaat sou uit sy werk geblyk het. Die kwaadwillige ≠gai-aob kon in opdrag van iemand optree, maar ook uit sy eie byvoorbeeld indien hy iemand op homself verlief wou maak. 'n Toornaar het sy kuns by 'n ander toornaar geleer. Dit wil voorkom of dit meestal mans was wat vroeër toornaars was.

2.2.2.1 Redes vir kwaadwillige benadeling

Die belangrikste rede vir kwaadwillige benadeling volgens informante was jaloesie oor byvoorbeeld die ekonomiese voorspoed van 'n ander, of oor 'n liefdesverhouding van 'n bepaalde persoon met 'n ander, asook gekrenkte gevoelens, byvoorbeeld omdat 'n bepaalde persoon nie met die onderhawige persoon wou trou nie, of omdat 'n ander die veronregte gevloek het. Hebsug, wanneer die eiendom van 'n ander begeer is, of selfs wanneer

iemand 'n ander op hom of haar verlief wou maak, is ook as bekende oorsaak genoem. Die kwaadwilligheid was dus van 'n nabye en goedbekende persoon te wagte.

2.2.2.2 Bewyse van kwaadwillige benadeling

Bewyse van kwaadwillige benadeling deur 'n ander sou 'n kwaal wees soos 'n onverklaarbare druising in die kop of die voel van 'n beweging in die ingewande. Daar was gewoonlik sprake van 'n siekte by 'n persoon of sy vee waarvoor geen gewone behandeling wou help nie sodat daar dus na 'n kragdokter gegaan moes word vir hulp. 'n Verdere bewys dat 'n siekte deur kwaadwillige benadeling teweeg gebring sou wees, is dat die smeervrou se hande sou kramp wanneer sy die siek persoon smeer. Die sieke moes dan die smeervrou se vingers na die punte toe smeer om sodoende die benadeling terug te trek na die reeds benadeelde siek persoon. Hierbenewens kon 'n skielike verandering in die houding van 'n persoon 'n aanduiding wees dat hy langs bonatuurlike weg aangetas is. Voorbeelde hiervan kon wees 'n skielike verandering in 'n persoon se gevoel van geneentheid vir 'n ander of 'n heer wat sy bediende skielik en sonder rede sou wegjaag.

'n Kwaadwillige kon dus by sy slagoffer 'n ernstige siekte of kwaal veroorsaak byvoorbeeld 'n lewerkwaal, verlies van verstand, en die intrede van kreupelheid en pyn. Hy kon 'n menstruerende vrou se maandstonde laat wegslaan, en die voortplantingsvermoë van sy slagoffer aantas.

Hierbenewens kon hy lewendige dinge soos 'n padda, slang, sprinkaan, akkedis, verkleurmannetjie en 'n by, of lewelose dinge soos menshare, ystervarkpenne, wildshare en stokkies in sy slagoffer se liggaam geplaas het, byvoorbeeld in die persoon se maag of kop. Indien dit in die kop van die slagoffer geplaas is, kon dit veroorsaak dat die persoon van sy verstand raak en, indien dit elders in die liggaam geplaas is, kon die slagoffer baie siek word. Beide uitwerkinge kon tot die dood van die slagoffer lei.

Hierbenewens kon 'n kwaadwillige ook sy slagoffer ekonomies benadeel. Sy vee kon onverklaarbaar siek word, dikwels van 'n onbekende siekte of die jakkalse kon die vee vang.

2.2.2.3 Wyses van kwaadwillige benadeling

Toornaars en ander kwaadwilliges is nie met bepaalde eienskappe soos ongesonde hande gebore wat hul dan kwaadwillig kon aanwend nie, maar het van allerlei metodes, waarin hulle opgelei moes word, gebruik gemaak om mense te benadeel. Eerstens is van kontakmagie gebruik gemaak. Kontakmagie berus op die opvatting dat kontak tussen dinge veroorsaak dat hulle mekaar beïnvloed selfs op 'n afstand of na lang skeiding (Pauw 1981:136, 137). Enige iets wat van die slagoffer bekom kon word, kon dus gebruik word om die bonatuurlike benadeling op hom te rig. Die liggaamsvullis van persone wat ge-//am was soos 'n kraamvrou, of van 'n paartjie wat die !gao#gom-behandeling ondergaan het, of van die agterblywende na 'n sterfgeval, asook menstruele bloed, die nageboorte, urine en ander afskeiding van 'n man of 'n vrou, asook die grond uit 'n persoon se voetspoor kon vir hierdie rigtingaksie gebruik word. Hierbenewens kon ook die huisvullis gebruik word om kwaadwillige towery teen 'n huis te rig.

Die belangrikste metode vir kwaadwillige benadeling was om toormedisynie by die rigtinggewer, die 'iets' wat van die slagoffer verkry is, te voeg. Daar is selfs verwys na 'n doring wat in die gaatjie, wat in die grond gevorm het wanneer iemand ge-urineer het, gedruk is om hom steekpyne te gee. Die ware werking van die middels kon nie verklaar word nie omdat die toornaar sy middels geheim hou.

Toormiddels het natuurlik sterker gewerk as dit in die slagoffer se liggaam geplaas kon word. Dit kon bereik word deur so 'n middel in die slagoffer se drinkgoed of voedsel te gooi, aan die kwaadwillige se hande te smeer en dan die slagoffer aan te raak, dit vir 'n niksvermoedende slagoffer in te sny, byvoorbeeld tydens die !gao#gom-behandeling, of wanneer hy die gai-aob besoek het vir 'n siekte.

Die kundige kwaadwillige kragdokter kon sy medisyne ook op 'n ander wyse rig. Hy kon byvoorbeeld 'n jakkalskop by 'n veewerf begrawe om die vee wild te maak. Hy kon sy medisyne in die wind stuur om iemand of sy vee te benadeel. Volgens sommige informante sou dit 'n warrelwind wees. Dit kon 'n groot wilde wind wees of anders 'n klein warrelwindjie wat in 'n slagoffer se skaamdele sou ingaan wanneer hy opstaan, of die wind kon stof (insluitende dan die toormiddel) in die slagoffer se oë laat kom en die persoon so blindmaak. 'n Wind wat deur 'n kwaadwillige gestuur is, is 'n //qâunab-wind genoem. 'n Kwaadwillige sou ook die weerlig kon stuur om 'n slagoffer raak te slaan.

Hierbenewens kon 'n kwaadwillige homself met sekere middels laat insny om dan in staat te wees om ander te benadeel. 'n Slegte qai-aob kon dit self vir 'n kwaadwillige kliënt doen of 'n derde persoon kon die medisynemiddel byvoorbeeld tydens die kwaadwillige se !qaoqom-behandeling op sy versoek vir hom insny. Die snytjies is op die persoon se rug of boarms of op sy voete en bene gemaak, in laasgenoemde geval, volgens een informant sodat hy deur slegs rond te loop mense kon benadeel.

'n Persoon wat met middels ingesny is om ander mee te benadeel, sou oor besondere negatiewe krag beskik. Sy blote nabyheid en veral reuk, maar ook sy skaduwee, sou voldoende wees om 'n ander mee te benadeel. Wanneer hy agter 'n persoon verbygeloop het of slegs sy skaduwee oor laasgenoemde se liggaamlike afval, waswater, of menstruele afval laat val het, of wanneer hy op 'n ander se bed gesit het, of oor sy bene getree het, was dit genoeg. Veral die oggendskadu van 'n kwaadwillige en die kwaad wat van sy rugkant uitstraal, sou besonder gevaarlik wees. Vir eersgenoemde kon informante geen verklaring bied nie. Ten opsigte van die kwaadwillige se rugkant het een informant gemeld dat die rugkant gevaarliker sou wees omdat die snye, al is hul miskien aan die voorkant, 'agteraf' werk dit wil sê skelm agterlangs.

Die rugkant van die slagoffer sou ook besonder kwesbaar wees omdat die rugmurg en harsings direk benadeel kan word en dit daartoe aanleiding kon gee dat die persoon van sy verstand

raak. Hierbenewens sou sy kruis-are op die rug aangetas kon word. Lyntjie Springbok verklaar die kwesbaarheid van die rugkant met die siening dat 'n persoon nie sou weet wat agter hom gebeur nie.

'n Ingesnyde kwaadwillige kon egter sy slagoffer selfs deur indirekte kontak tref, byvoorbeeld wanneer albei van dieselfde vleis sou eet, of op dieselfde bed sou sit, of slegs deur 'n slagding van sy slagoffer te slag. Die benadeling kon natuurlik ook deur direkte fisiese kontak met die slagoffer geskied het, byvoorbeeld wanneer die slagoffer gemasseer of geslaan sou word.

'n Kwaadwillige sou ook van gedienstiges gebruik kon maak om sy slagoffer te tref. Informante het as voorbeelde genoem 'n padda wat gif spoeg, 'n koggelmander of skilpad wat nadelige middels saamdra, en 'n vlermuis wat krale uitspoeg. Indien die slagoffer die krale optel, inryg en dra, sou dit sy liggaam binnedring.

Laastens sou woorde wat 'n kwaadwillige as 'n verwensing geuiter het 'n nadelige uitwerking kon hê. Dit was die geval wanneer iemand 'n kwaadwillige leed aangedoen het. Indien laasgenoemde dan die dader sou toewens dat hy sy been breek, sou dit kon gebeur.

2.2.2.4 Metodes om kwaadwillige benadeling te voorkom

Daar is van verskeie metodes gebruik gemaak om kwaadwillige benadeling te voorkom. Die kragdokter kon 'n persoon van middels voorsien het om in die huis te brand en sodoende die kwaad uit te hou.

'n Persoon kon hom ook deur 'n kragdokter teen moontlike kwaadwillige benadeling laat insny. Dit kon byvoorbeeld op die handgewrig, op die oorgang aan die voorkant van die voet na die been of op die slape gedoen word. Die redes vir hierdie bepaalde plekke sou volgens een informant gewees het dat snytjies op die slape benadeling in die kop sou verhoed het, en dat die snytjies bo die voet benadeling deur towermiddels op die voetpad sou verhoed. In die snytjies is dan sekere medisyne soos

≠nūhaib (swartstorm), bomeester of die niertjie van die //ǃe-jakkals geplaas. Die kragdokter het gewoonlik nie die middels aan die pasiënt bekend gemaak nie. Hierdie middels sou sterker as die towermiddels wees en dus die kwaad teëghou het. In die geval van die //ǃe-niertjie het die sterk reuk 'n rol gespeel.

Hierbenewens kon die kragdokter van sy eie sweetvullis vir die persoon insny. Dit sou gehelp het omdat sy eie liggaam reeds ingesny was en dus beskerm was teen benadeling.

Benewens die funksie dat die middels waarmee 'n persoon ingesny is die kwaad sou teëhou, sou dit ook 'n persoon gewaarsku het indien iemand hom wou benadeel deurdat die snyplek sou begin jeuk of 'spring'.

Daar is ook van ander toetse gebruik gemaak om vas te stel of 'n bepaalde persoon kwaadwillige bedoeling het. Wanneer 'n verdagte opdaag, kon 'n stukkie //ǃe-niertjie in die vuur gegooi word. Indien die persoon opstaan en wegloop, sou dit 'n bewys wees dat die persoon kwaadwillige bedoelinge gehad het. 'n Persoon kon ook 'n stukkie //ǃe-niertjie in die kies hou wanneer hy in die geselskap van 'n verdagte was. Indien die niertjie begin 'kook', sou dit 'n bewys wees van die verdagte se skuld. Indien 'n verdagte vir 'n persoon iets te drinke aanbied, moes laasgenoemde sy vingernael in die vloeistof gesteek het. Die vloeistof sou dan kook indien die verdagte kwaadwillig was.

Hierbenewens kon omvangryke voorkomingshandelinge uitgevoer word om te voorkom dat 'n kwaadwillige iets van sy slagoffer in die hande kry. Dit was daarom belangrik om menslike afval ongesiens te begrawe byvoorbeeld indien moontlik in die donker. Dit kon ook in 'n bos gegooi word aangesien mense nie deur 'n bos stap nie. Lyntjie Springbok meld dat indien 'n persoon in die veld urineer en hy daarop sou spoeg voordat hy dit toegooi, 'n kwaadwillige dit nie teen hom sou kon gebruik nie. Sy kon egter geen verklaring hiervoor bied nie. 'n Ander meld dat sout vir geluk by die huisvullis en as gegooi is. Liggaamsafval soos naels, hare, liggaamsvullis en nageboorte, asook dinge wat vir 'n persoon se welstand gebruik is soos 'n medisinale

pleister moes liewer begrawe word sodat 'n ingesnyde en kwaadwillige nie deur daaroor te loop waar dit bo-op die grond lê die persoon kon benadeel nie. 'n Vreemde moes ook liewer nie agter 'n ander verbyloop nie omdat een van die twee met nadelige middels 'ingesny' kon wees. Laastens is nie enige persoon somer toegelaat om oor die eie huis- en veewerf asook die ashoop te loop nie. Hy kon dalk kwaadwillige opset hê.

2.2.2.5 Behandeling teen kwaadwillige benadeling

Volgens die informante sou die San oor die beste vermoë beskik het om besonder geslaagd teen kwaadwillige benadeling op te tree. Voor daar opgetree kon word, moes daar eers seker gemaak word dat dit wel 'n geval van kwaadwillige toordery is.

Wanneer 'n persoon siek word, sou hy eers probeer het om homself te genees. Hy sou byvoorbeeld poog om sy liggaam skoon te maak met middels soos /qira-haib (jakkalshout) wat die maag sou laat gaan, en dassie-urine wat die baarmoeder sou skoonmaak. Eers as die eie behandeling nie help nie, kan die siekte aan kwaadwillige benadeling te wyte wees en sou net 'n qai-aob die toestand kon behandel.

Die qai-aob het dan deur sy waarseggingstukke die probleem en sy oorsaak bepaal. Hy het die kwaad gewoonlik 'bymekaar gesmeer' en dan vir die pasiënt medisyne gee om die kwaad uit te werk. Laasgenoemde kon 'n vloeistof wees om te drink, of snuif om die kwaad uit te nies. Hy sou 'n !ūros (houer van skilpad-dop) gehad het met middels daarin wat lewendige goed wat in die pasiënt geplaas is, sou aanlok sodat hul daarin gaan. Bepaalde middels kon ook op 'n kooltjie verhit en onder die pasiënt se neus gehou word. Indien die pasiënt dan die dampe inasem sou die dampe die lewendige goed by sy ore, neus ensovoorts laat uitkom. Die kwaad kon ook deur die kragdokter by 'n snytjie uitgesuig word of deur 'n spesiaal behandelde tou uit die liggaamsdeel verwyder word (vgl. II:2.2.1.1).

Dinge soos naalde en lewendige goed wat so uitgehaal is, kon die qai-aob dan na die kwaadwillige eienaar terug stuur sodat dit hom kon benadeel. Die kwaadwillige kon dan sy krag ontnem

word deur koue water op hom te gooi. Een informant meld dat 'n kwaadwillige 'n vyand van koue water was en daarom nooit gewas het nie. Sout is op die blikke van 'n 'blikdraer' gegooi om die kwaad te kanselleer.

2.2.2.6 Gevolgtrekkings

Dit wil voorkom of daar geglo is dat 'n toornaar by die kwaadwillige aanwending van sy kennis met //Gâunab verband hou. Dit word uit die literatuur, maar ook uit inligting verkry van informante in verband met die //Gâunab-wind wat deur 'n toornaar gestuur sou kon word, bevestig (vgl. II:2.2.2.5). Kolb verwys na //Gâunab as dié een van wie die toornaars hul kennis van towery leer (Kolben 1731:52, 53). Wikar meld dat toornaars daarop aanspraak maak dat hul hom dikwels sien (Wikar 1935:92), terwyl Hahn na die toornaars as die dienaars van //Gâunab verwys (Hahn 1881:87). Dit skyn dus of 'n toornaar sy negatiewe krag van //Gâunab verkry het. Hierbenewens sou hy dit ook uit medisyne met 'n negatiewe uitwerking kon bekom (vgl. II:2.2.2.5). 'n Mens moet egter aanvaar dat sy kennis oor die uitwerking van die medisyne ook van //Gâunab kom.

'n Toornaar was gewoonlik 'n man (vgl. II:2.2.2). Die persoon het 'n negatiewe kragkomponent in sy liggaam, aura (veral in sy slegte reuk), en in sy skaduwee bevat (vgl. II:2.2.2.2, 2.2.2.4). Hierdie negatiewe krag sou hy aan alles waarmee hy in aanraking kom, oorgedra het (vgl. II:2.2.2.3). Hy sou ook oor die bonatuurlike vermoë beskik het om die wind en swaarweer vir kwaadwillige doeleindes te rig (vgl. II:2.2.2.3). Die vermoë van //Gâunab ten opsigte van die swaarweer kan moontlik verbind word met die feit dat sommige San-groepe donderweer en weerlig aan hom toeskryf (Schapera 1930:187, 189).

Die toornaar het tot die nadeel van mense gewerk en veral teen nabye en goeiebekende persone (vgl. II:2.2.2.1). Hy het sy slagoffers probeer benadeel op die gebiede van verhoudinge, voortplanting, ekonomie en gesondheid en het selfs die lewe van sy slagoffers bedreig (vgl. II:2.2.2.2). Vir die benadeling van ander het hy van sy eie negatiewe kragkomponent (vgl.

II:2.2.2.2, 2.2.2.3), kontakmagie, sekere medisynes en analogiewerking gebruik gemaak (vgl. II:2.2.2).

Benewens bonatuurlike wesens soos gode, bese geeste en die slange (vgl. II:1.1, 1.2.2.1, 1.3) kon toornaars dus ook teen medemense optree. Die mense het as verweer teen sulke kwaadwillige benadeling van voorkomende handeling, vermydings, bepaalde middele en die dienste van 'n goeie kragdokter gebruik gemaak (vgl. II:2.2.2, 2.2.2.4, 2.2.2.6). Die sweet en liggaamsvullis van die kragdokter sou 'n positiewe kragkomponent bevat het wat kwaad kon teëhou (vgl. II:2.2.2.4). Wanneer 'n slagoffer se liggaam deur 'n toonaar benadeel is, was die doel van die kragdokter om die kwaad uit die liggaam van die slagoffer uit te werp. Hy het hiervoor van verskillende metodes gebruik gemaak (vgl. II:2.2.2.6). As deel van die wêreldbeskouslike teenstelling tussen goed en kwaad staan die goeie kragdokter wat hulp verskaf aan die mens, onder andere teen siektes en ekonomiese teëspoed (vgl. II:2.2.1.1), teenoor die toonaar wat sy slagoffer benadeel het ten opsigte van gesondheid, voortplantingsvermoë, die ekonomie, ensovoorts (vgl. II:2.2.2.2).

In die natuur sou ook kragkomponente teenwoordig wees wat ten goede of kwade aangewend kan word. Koue water (vgl. II:2.2.2, 2.2.2.4), sout (vgl. II:2.2.2.5) sekere plante soos die swartstorm (vgl. II:2.2.2.4) en die niertjie van die //āe-jakkals (vgl. II:2.2.2.4) sou kwaad kon neutraliseer. Dit impliseer dat hierdie kragkomponente kragtiger moes wees as die kwaad. Sommige diere soos slange, akkedisse, koggelmanders, verkleurmannetjies, skilpaaie, paddas en die vlermuis sou as gediensdiges egter met die kwade verband hou (vgl. II:2.2.2). Die wind, soms 'n warrelwind, en die weerlig, is soms deur 'n kwaadwillige gemanipuleer (vgl. II:2.2.2.3). Daar is ook aan sekere plante 'n uitsluitlike negatiewe kragkomponent toegeskryf, maar die informante het nie oor volle kennis hiervan beskik nie omdat kennis hiervan nie deur die toonaars meege-deel word nie.

Die San-kragdokter sou oor die vermoë beskik om besonder geslaagd teen kwaadwilligheid te kan optree (vgl. II:2.2.2.5).

142

Dit impliseer dat daar geglo is dat hulle oor kragtiger vermoëns as Khoekhoe-kragdokters beskik het (vgl. II:2.2.2.5).

HOOFSTUK III

DIE WÊRELDBESKOULIKE IN DIE SOSIALE ORGANISASIE

Navraag oor die sosiale organisasie is vanweë die klem op intermenslike verhoudinge en die nadruk op die mens as sodanig, besonder geskik om inligting oor 'n teikengroep se siening oor die mens en sy verhouding teenoor andere te bekom. Aangesien die Self uit sowel die biologiese as die geestelike bestaan, is hier meer aandag aan die biologiese geskenk aangesien die geestelike reeds in Hoofstuk II aandag geniet het.

1. DIE MENSLIKE LIGGAAM

Die Khoekhoen het bepaalde sieninge gehad oor die menslike liggaam en die werking daarvan wat 'n invloed uitgeoefen het op beskouinge oor verbandhoudende fasette soos geslagsomgang, swangerskap, bevalling en siekte.

1.1 Die bloed

Aan die bloed is baie prominensie verleen. Dit moes 'werk in die are' dit wil sê goed sirkuleer omdat goeie sirkulasie en dus 'n warm liggaam sou aandui dat die persoon 'die lewe in hom het'. Die bloed moes dus warm bly. Dit moes egter nie 'vurig' word nie. Faktore wat tot koudheid of vurigheid van die bloed kon lei, moes vermy word, aangesien 'n persoon as gevolg daarvan kon siek word, en selfs sterf. Hierbenewens kon bloed ook skoon of vuil wees, gesond of ongesond, sterk of swak, jonk of oud.

Na vuil bloed word dikwels verwys as bloed wat 'nie goed' sou wees nie. Mense met vuil bloed se bloed kon siektes bevat, dikwels gevreesde siektes soos kanker, vuilsiek, sere, die 'witlewersiekte', die 'afsaksiekte', ensovoorts. Die liggaam sou deur middel van uitskeiding van vuil bloed ontslae geraak het. 'n Man het die vuil bloed tydens geslagsomgang uitgeskei en 'n vrou tydens maandstondes. Hierbenewens is ook van medisyne gebruik gemaak om uitskeiding te bevorder. 'n Persoon se bloed sou slegs vuil wees indien hy of sy met persone wie se bloed vuil was kontak gehad het veral deur geslagsomgang, dit

wil sê indien hy of sy na willekeur met enige persoon omgang sou gehad het, of met 'n lewensmaat wat aan een van bogenoemde siektes dood is, of indien hy of sy dit van die ouers wie se bloed as gevolg van genoemde redes vuil was, geërf het. 'n Akkumulاسie van verskillende persone se vuiligheid kon dus by een persoon voorkom. Manlike en vroulike prostitute was voorbeelde hiervan.

Die informante is egter nie by magte om te verduidelik hoe persone se bloed oorspronklik vuil geword het nie, slegs hoe die vuil bloed van een persoon na 'n ander oorgedra kon word. Dit skyn of siektes soos kanker en kontak met die dood moontlike ontstaansoorsake van vuilheid kon wees. Waarskynlik was kontak met die dood die rede vir die voorkoms van die 'afsaksiekte'.

Die 'afsaksiekte' sou daartoe gelei het dat die persoon nie kon voortplant nie. Dit rym indien die dood as teenproduktief vir lewe beskou sou gewees het. In die lig van Hoernlé se verwysing na siektes wat met dieselfde term as die dood (//ob) beskryf is (Hoernlé 1918:77), is dit moontlik dat volgens Khoekhoe-begrip siektes soos kanker en vuilsiek vanuit kontak met die dood sou ontstaan het, veral as in gedagte gehou word dat ook kanker en vuilsiek voortplanting sou bemoelik het.

Aangesien vuil bloed tydens maandstondes en geslagsomgang uitgeskei sou word, was dit vir 'n man as besonder gevaarlik beskou om met 'n menstruerende vrou geslagsomgang te hê. Vir vroue was dit ewe eens gevaarlik om met enige man geslagsomgang te hê. Hierbenewens sou geslagsomgang met 'n persoon wat iemand aan die dood afgestaan het, besonder gevaarlik gewees het en moes die twee persone wat geslagsomgang wou hê se bloed deur middel van die !gao#gom-behandeling (vgl. III:10) by mekaar aangepas word sodat die een wat 'n lewensmaat aan die dood afgegee het nie die ander sou kon benadeel nie. Die paartjie wat so behandel is, sou egter steeds vir ander wat nie ook die !gao#gom-behandeling ondergaan het nie, gevaarlik wees.

Indien 'n vrou tydens swangerskap met 'n man met vuil bloed geslagsomgang sou hê, kon die baba daardeur benadeel word. Die

siening is in ooreenstemming met die gedagte dat die man se bloed die baarmoeder bereik.

Vuil bloed sou dooierig wees. Hierna is ook as 'afgewerk' verwys. Sulke bloed vloei nie lewendig soos skoon bloed nie, maar sou kragteloos wees.

Die Khoekhoen verwys na vuil bloed sowel as die bloed van ongelukkige persone, dit wil sê dié wat van geboorte ongelukkig ('unlucky') is, as ongesonde bloed; hoewel vuil bloed en die bloed van ongelukkige persone twee verskillende begrippe is. Om verwarring uit te skakel sal in hierdie studie na slegs die toestand van ongelukkige persone se bloed as ongesond verwys word. Ongelukkige persone, met ongesonde bloed se hande sou ook ongesond wees. Dit waarmee hul werk (mense sowel as lewensbronne) sou dus nie voorspoedig gewees het nie. Hulle kon slegs deur fisiese aanraking benadeel en nie deur hul nabyheid of skaduwee nie. Enkele informante verbind egter nie die konsep van ongelukkigheid met ongesondheid nie of het twyfel in verband daarmee. Hierbenewens sou die hande van 'n persoon wat met opset snytjies in sy vel laat maak en kwaadwillige middels daarin laat 'insny' het met die doel om ander te benadeel, ongesond wees. Hulle kon ook deur geslagsomgang of ander aanraking 'n ander sieklik maak.

'n Persoon se bloed kon ook sterk of swak wees. 'n Persoon met sterk bloed sou meer bloed hê, die bloed sou gesond wees en so 'n persoon sou dus meer krag hê, en harder kon werk. Sulke mense sou fris gebou wees, en 'n vrou sou maklik by so 'n man swanger kon raak. Sterk bloed was dus as gewens beskou. Persone sou sterk bloed gehad het indien hul daarmee gebore is; dit wil sê deurdát hulle dit van hul ouers geërf het, of indien hul die regte voedsel geëet het, of weinig bekommernisse gehad het. Jongmense se bloed sou sterker en daarom gesonder wees as die bloed van ou mense. Persone met swak bloed was dikwels tingerig en maer. Informante verklaar swak bloed in die eerste plek met min bloed en verkeerde voeding. Persone se bloed kon verswak as gevolg van baie bloedverlies met menstruasies, of as gevolg van vele bevallings. Dit was dus as besonder belangrik beskou om vir 'n kraamvrou te slag om haar krag te herwin.

Blankes en Swartes sou volgens een informant sterker bloed hê as die Khoekhoen, omdat hulle ekonomies beter daaraan toe is, en dus die regte voedsel kan eet.

Die beskrywing 'swak' bloed is egter ook wyer gebruik en dan gewoonlik verduidelik met die begrippe kragteloosheid en dooierigheid. In hierdie verband is ingesluit persone wie se bloed swak was omdat hulle bloed vuil was, omdat hulle te veel bekomernisse gehad het, koue sou gevat het, of te veel harde werk sou verrig het wat veroorsaak het dat die bloed 'afgewerk' was.

Bloed kon jonk of oud wees. Ouer persone se bloed sou waterig en dun wees. Dit kon kragteloos of 'afgewerk' wees van te veel harde werk, of omdat dit vuil kon wees van al die siektes waaraan die persoon al gely het, en omdat die persoon moontlik in sy of haar lewe met die verkeerde persone geslagsomgang gehad het. Vandag kan dit egter as gevolg van losbandigheid gebeur dat 'n persoon se bloed reeds op jeugdige leeftyd vuil is. Soos reeds vermeld is, word kragteloos of afgewerkte bloed soms ook as swak beskryf. Kinders en jongmense se bloed sou vars en skoon wees. Indien hulle egter na willekeur met enige persoon omgang sou hê, kon die bloed vuil raak.

Die voedsel wat ingeneem is, sou die bloed en massatoename beïnvloed het. Die voedsel wat ingeneem is, sou 'deursig' in die are blykbaar deur 'n proses soortgelyk aan osmose. Genoeg voedsel en veral genoeg van die regte soort voedsel soos half-gaar lewer, vleis en melk moes ingeneem word om genoeg en sterk bloed wat nie dun, waterig of swak sou wees nie, te verseker. Ou mense sou as gevolg van gebrekkige dieet geneig gewees het om min, dun, swak, en waterige bloed te hê.

Die menstruele bloed van 'n vrou sou uit die hele liggaam afkomstig wees, maar die kruis is as 'n besonder belangrike herkoms punt beskou omdat die bloed by die niere versamel en daarvandaan na die baarmoeder en lewensare vloei. As gevolg hiervan sou 'n vrou se maandstonde en voortplantingsvermoë dus maklik deur aantasting van die kruis benadeel kon word.

Die teelvloeistof van 'n man en vrou is ook as deel van die bloed van 'n persoon beskou en die toestand daarvan sou 'n belangrike faktor gewees het by die voortplantingsvermoë.

1.2 Winde

Daar word geglo dat elke mens winde in die liggaam het wat veral in die derms en baarmoeder gesetel sou wees. Hierbenewens sou hardlywigheid tot windvorming lei, en sou vroue en kinders blootgestel wees aan winde wat die liggaam van buite kon binnekom. 'n Wind kon by 'n vrou se geslagsopening inwaai indien sy nie daar bedek is nie, terwyl sy geboorte geskenk het, of indien die onderste deel van haar ruggraat (die kruisbeen) en heupbene na 'n bevalling nie behoorlik kontak gemaak, of 'gesluit' het nie. By 'n baba kon winde binnekom deur die naelstring indien dit nie behoorlik afgebind is nie, by die fontanel op die kop indien dit nie bedek is nie, of by die kopnate indien dit nie vasgebind is nie, of wanneer dit deur aanhoudende gehuil oopgeforseer is. Na 'n geboorte sou die baarmoeder 'plat' wees en die hele buik vol lê omdat die baba uit was, maar ook indien die maag nie vol was en dus teen die baarmoeder kon druk nie, en indien die baarmoeder nie in posisie gedruk is deur 'n 'smeervrou' nie. Dit sou daartoe lei dat winde in die baarmoeder kon vergader. Faktore soos koue, skok, hartseer, en verergerdheid sou winde wat reeds binne die liggaam is, aktiveer. Laasgenoemde kon tot stuipe by babas aanleiding gee, en, indien dit by 'n volwassene in die kop ingaan, tot verlies van verstand.

1.3 Die lewer

In die woorde van informante sou die lewer 'die bron van lewe in 'n mens en die mens se lewe' wees, omdat dit die 'hoogste (belangrikste) vir die bloed' sou wees. Daar is veral gevrees dat die lewer benadeel kon word indien dit sou verskuif.

1.4 Die maag-aar

Ook die maag-aar word as die 'lewe van die mens' beskryf omdat dit met, onder andere, die hart verbind is. Die klopping van die maag-aar sou duidelik sigbaar wees by die nael. Die maag-

aar sou egter as gevolg van hartseer, of as gevolg van hongerte by 'n sterwende, kon skuif. Gepaardgaande daarmee sou die hart dan ook skuif. Skuiwing van die maag-aar en hart is gevrees omdat dit tot die dood van 'n persoon kon lei.

1.5 Die lewensare

'n Vrou sou 'n aar in elke lies hê wat die lewensare genoem is en met are uit die kruis en met die baarmoeder verbind is. Die lewensare sou die menstruele bloed bevat wat afkomstig sou wees van die are in en om die baarmoeder en die kruis. Hierbenewens vervoer die lewensare na geslagsomgang die 'bloed' van die man en na bevrugting die bloed met die fetus na die baarmoeder. Wanneer die vrou swanger raak, sou die lewensare vol raak en geen menstruele bloed meer uitgeskei word nie. Die lewensare voed die baba in die baarmoeder. Koue sou veroorsaak dat die bloed in die lewensare koud word, klonte vorm en die vrou pyn sou ondervind tydens maandstondes of dat haar maandvloei sou staak. Die lewensare was dus van besondere belang vir 'n vrou se kruis, maandvloei en voortplantingsvermoë aangesien probleme in die lewensare die kruis, maandvloei en voortplantingsvermoë sou kon beïnvloed.

1.6 Die baarmoeder

Volgens Khoekhoe-opvatting het 'n vrou twee baarmoeders, die lewensbaarmoeder of //hās wat permanent in die vrou is, en die ≠hōs of nageboorte wat saam met elke baba gevorm word, en na die geboorte van die baba afsonderlik afkom. Wanneer die ≠hōs met 'n geboorte oopgaan, ondervind die vrou kraampyne.

Die lewensbaarmoeder sou nooit oud raak nie, en bly in die vrou tot haar dood. Indien dit afgaan, sou sy sterf, vandaar die term lewensbaarmoeder. Die maag is bo die baarmoeder geleë en sou daaraan en daarteen druk wanneer dit vol is.

Die lewensbaarmoeder van 'n volwasse vrou het haar status as volwasse vrou gesimboliseer. Een informant het dit as volg gestel: 'Dit maak haar vrou'. Vanaf puberteitsbereiking is spesiale sorg aan die baarmoeder bestee deur te verhoed dat 'n vrou daar koue vat. Voor die tyd is sy as 'n seun beskou.

Volgens een informant sou die meeste gesondheidsprobleme van 'n vrou as gevolg van probleme by die baarmoeder ontstaan.

Die lewensbaarmoeder sou vanaf die geboorte van die eerste kind en daarna, na elke geboorte, so fyngevoelig wees 'soos 'n lewendige mens' of soos 'n vrou. Die baarmoeder se toestand direk na 'n geboorte is as 'nuut, vars, en jonk' beskryf.

Die fyngevoeligheid het hom daarin gemanifesteer dat dit onder andere sou 'kwaai' raak. Hiervolgens sou die baarmoeder dan opgeblaas wees en ondertoe beweeg, en sou die gevaar bestaan dat dit by die geslagsopening uitgaan, omdat laasgenoemde na 'n geboorte wyd oop is, of omdat die kruis- en heupbene nie goed gesluit het nie. Die meeste informante verwys hierna 'as dat die baarmoeder sou 'rondloop' en sommige vermeld dat dit 'n uitgaanplek sou soek, wat tot die dood van die vrou kan lei.

Verskillende faktore kon daartoe lei dat 'n baarmoeder 'kwaai' word, byvoorbeeld 'n klontjie bloed of 'n vliesie wat na die geboorte agtergebly het, 'n wind wat die baarmoeder met bevalling 'geskep' het, verergdheid by die vrou wat 'n parallelle reaksie by die baarmoeder sou laat ontstaan het, en die natuurlike reaksie van die baarmoeder om die baba 'te soek'. Koue kon die winde wat altyd in die baarmoeder teenwoordig is, (vgl. III:1.2) aktiveer en veroorsaak dat die baarmoeder 'kwaai' raak. Terselfdertyd het die gevaar ontstaan dat 'n wind as gevolg hiervan na die vrou se kop gaan en sy van haar verstand raak. Die vrou moes dus na die bevalling warm toegedek in die bed bly, haarself nie met koue water was nie, en slegs warm vloeistowwe inneem.

Skok en hartseer sou 'kwaaiheid' en ander reaksies by die baarmoeder tot gevolg kon hê. Selfs geraas by die kraamvrou kon skok veroorsaak en sou voldoende vir sodanige reaksies wees.

Die skok van 'n sterfgeval sou veroorsaak dat 'n eggenote of moeder se baarmoeder rondbeweeg en die winde daarin geaktiveer word. Die gevaar het bestaan dat die winde na haar kop sou gaan en sy dan haar verstand sou verloor. Een informant beskryf die reaksie van die baarmoeder op skok as 'n parallelle

reaksie van skrikkerigheid. Andersins kon die skok veroorsaak dat die baarmoeder plat val en 'uitmekaar voel'. Soos reeds vermeld is, sou ook na 'n geboorte, wanneer die gewig van die baba uit was, die baarmoeder die hele buik vol gelê het. Dit moes dan weer in posisie ge-apu (gedruk) word aangesien dit in sodanige toestand maklik winde sou skeep. Intense hartseer, soos na 'n sterfgeval, kon ook die baarmoeder affekteer deurdat dit winde kon aktiveer, of saam met die vrou sou treur. Skynbaar sou die baarmoeder net soos tydens skok gereageer het deur 'kwaai' te raak asook 'uitmekaar' en 'plat' te voel. Die feit dat dit uitgesprei sou gelê het, sou ook die vorming van winde bevoordeel.

Die baarmoeder sou egter nie net op die moeder ingestel wees nie, maar ook op haar kind. 'n Vrou se baarmoeder sou dus ruk wanneer haar kind seerkry omdat laasgenoemde volgens Lyntjie Vos 'mos die baarmoeder se kind is'. Parallele reaksies in die vorm van steekpyntjies sou ook in haar borste ondervind kon word.

Die behandeling van die baarmoeder na 'n geboorte of na 'n sterfgeval was in baie opsigte dieselfde omdat die doel ooreenstemmend was, naamlik die handhawing van stilte sodat die baarmoeder nie sou skrik nie, die voorsiening van warm voedsel om die baarmoeder te kalmeer, asook genoeg voedsel om die aktivering van winde te verhoed, massering deur drukbewegings sodat die baarmoeder die regte posisie kan inneem, en nie uitsprei nie, asook die ombind van 'n band om die baarmoeder in posisie te hou sodat dit nie sou kon ondertoe beweeg nie.

Benewens bogenoemde faktore kon die baarmoeder deur 'vuiligheid in die bloed' benadeel word, wat tot 'n miskraam kon lei, en waarna dit belangrik was om die baarmoeder te reinig deur die korrekte medisyne te drink. Dit is ook gedoen indien daar bloedklonte of vliesies agtergebly het.

Indien die kruis- en heupbene nie behoorlik na 'n geboorte sou sluit nie, kon die baarmoeder uitsak.

Die hoofvrese in verband met die baarmoeder was dus eerstens dat die voortplantingsvermoë benadeel sou word deur miskrame of deurdat die baarmoeder by die geslagsopening sou uitgaan (dit wil sê deur verlies van die baarmoeder) en, tweedens, dat winde vanuit die baarmoeder na die kop sou gaan en 'n verlies van verstand tot gevolg kon hê.

1.7 Die kruis

Die kruis van 'n persoon sou gekenmerk word deur baie aartjies wat daarheen loop en versprei, en deur die teenwoordigheid van die niere. Die aartjies sou onder andere met die lewensare en baarmoeder kontak maak. Die niere sou deur are verbind wees met die baarmoeder. Volgens Khoekhoe-siening hou die kruis van 'n vrou dus verband met haar voortplantingsvermoë en menstruasie. Koue op die niere kon die baarmoeder en haar lewensare, en dus menstruasie, benadeel, of, in die geval van 'n swanger vrou, 'n miskraam tot gevolg hê. Om gewoon te raak om in die reën te werk en nie as gevolg daarvan koue te vat nie, en om te verhoed dat die vrou tydens menstruasie en veral swangerskap deur die weerlig getref sou word, is sy as deel van die puberteitseremonie in die reën rondgejaag en op die kruis geslaan.

Ongewenste persone kon die kruis van veral 'n menstruerende vrou benadeel, en dus ook haar voortplantingsvermoë en menstruasie, byvoorbeeld sodat haar menstruasie sou staak of sy meer as een keer per siklus sou menstrueer. Hulle kon ook 'n swanger vrou se kruis benadeel en gepaardgaande daarmee haar voortplantingsvermoë. Ongewenste mense sou in hierdie geval onder andere wees : kwaadwillige persone, persone wat die !gao/gom-behandeling ondergaan het en dus volgens Khoekhoe-siening alle mense wat nie hierdie behandeling ondergaan het nie sou kon benadeel (dit wil sê persone wat by mekaar aangepas moes word omdat minstens een se bloed vuil kon wees), en menstruerende of swanger vroue wat ander deur middel van analogie sou kon benadeel. Ongewenste persone kon haar kruis benadeel deur haar daarop te slaan, agter haar verby te loop, oor haar bene te loop, indien hul skadu op haar kruis val, of indien hul eet van die vleis van die kruis- en heupbene van 'n slagding

wat spesiaal uitgeslag is om te verseker dat 'n vrou se kruisen heupbebe na geboorte sou sluit.

Skynbaar is daar ook 'n verband tussen die !gao#gom-behandeling en 'n vrou se kruis aangesien hierdie handeling sou verhoed dat die vrou 'n swak kruis en pyne in die kruis en niere kry. Persone wat nie die !gao#gom-behandeling deurloop het nie, sou die 'afsaksiekte' kry wat in die kruis by die niere sou begin. Volgens een informant sou die vuil bloed dan die niere aangetas het.

Volgens vroulike informante was 'jou kruis jou krag'. Twee verklarings word hiervoor gebied. Die een verwys na die are wat in die kruis sou 'werk' en dat dit daarom 'n vrou se 'krag' genoem sou word. Die ander verwys na die kruisspiere, ook die kragspiere genoem, wat gedurende swangerskap die gewig van die baba moes dra en wat gedurende die bevalling ondersteuning sou bied.

Die kruis se rol by bevalling was veral belangrik as gevolg van die kruis- en heupbene of //haus wat sou ontsluit het. Dit sou dikwels gebeur het dat die kruis- en heupbene wat met die bevalling van mekaar getrek het, nie weer na die geboorte sluit nie. Dit kon tot gevolg hê dat die baarmoeder uitsak, of koue of 'n wind by die baarmoeder ingaan en laasgenoemde later in die kop beland. Omdat daar hiervoor gevrees is en daar dus verseker moes word dat die kruis- en heupbene sou sluit, is na die geboorte besonder baie aandag aan die vrou se //haus gegee. Hierbenewens is daar reeds met die puberteitseremonie, en soms ook met die huwelik, seremoniële handeling uitgevoer om dit te verseker (vgl. III:2.1.6.1, 4.3).

1.8 Die milt

Hoewel die Khoekhoen glo dat die milt kan skuif, kon weinig inligting oor die milt verkry word. Die milt word in Nama znubis genoem. Volgens een informant bestaan die milt uit bloed, terwyl 'n ander van mening is dat dit nie die milt self is wat skuif nie maar die wind van die milt. Hoewel die skuiwing van

die milt as 'n belangrike oorsaak van pyn beskou is, is skynbaar weinig verdere belangrikheid daaraan verleen.

1.9 Die kop-are

Die kop sou die eerste deel van die liggaam wees wat genoem word. Daarom sou dit ook die meeste are hê en sou die are van die liggaam met dié in die kop verbind wees. Indien probleme in die res van die liggaam ondervind word, sou dit dus dikwels 'n uitwerking toon in die kop. Daarom kon 'n wind in die baarmoeder of vuil bloed veroorsaak dat 'n persoon van sy verstand raak en hongerte selfs winde in die kop, en dan hoofpyne, kan veroorsaak.

Die are by die fontanel kon warm word indien te veel gedink sou word, maar ook vanweë ergerlikheid, hartseer, skok, of hoë koors. Dit kan daartoe lei dat 'n persoon van sy verstand raak of dat die are selfs bars wanneer dit te hewig klop.

Verlies van verstand en van lewe is in besonder gevrees en die toestand van die kop-are is dus noukeurig waargeneem.

1.10 Die fontanel (nam#am!nâs)

Die fontanel op 'n persoon se kop sou 'n verband hê met spraak. Dit sou regoor die kleintongetjie geleë wees. Wanneer 'n persoon se stem wegraak, moes 'n garedraadjie aan die hare by die voorkop, die fontanel en agter in die nek vasgemaak word of net van die fontanel tot in die nek. Dit is gedoen sodat die kleintongetjie dan sou oplik aangesien dit 'geval' het. Dit het volgens een informant gewoonlik gebeur omdat die kopnate oopgetrek en daar koue ingekom het. Hierbenewens is geglo dat indien op die fontanel gedruk sou word, die persoon nie meer sou kon praat nie. Volgens een informant sou die rede hiervoor wees dat die drukking die kleintongetjie sou benadeel en dat laasgenoemde verband het met spraak.

Die verstand sou by die fontanel gesetel wees. Daarom is geglo dat die hare van 'n agterblywende na 'n sterfgeval hier geskeer moes word om te verhoed dat hy of sy as gevolg van gedurige gedagtes aan die oorledene van sy verstand raak. Volgens sommige

informante sou dit deur die gedinkery op die fontanel warm word, en kon daar naas die afskeer van die hare ook warm, droog gebraaide, balerja-blare (pepermentblare) op die plekkie gesit word, sodat die persoon sou sweet en dit die plekkie verkoel. Volgens Maria Swartbooi sou dit die are wees wat warm word. Dit is in ooreenstemming met die siening dat 'n mens van die kop af ondertoe geskape word en dat die kop dus die meeste are sou hê. Dit skyn of 'n bykomende doel met bogenoemde behandeling van die fontanel verandering in toestand (waartydens die dood 'n invloed op die persoon gehad het) en dus bereiking van 'n nuwe toestand kon gewees het. Hierbenewens is geglo dat indien op die fontanel van 'n volwassene geslaan sou word, of op die fontanel van 'n baba gedruk sou word, verlies van verstand kon volg.

Daar sou 'n verband wees tussen die fontanel en die lewe van 'n persoon. Een informant verwys daarna as die baba se asem en ander na die plek waar die asem, die siel of lewe uitgaan. Volgens een informant is dit 'jou lewe, want dit klop daar', en volgens 'n ander is die siel van die baba by die fontanel geleë omdat dit nog nie versprei het in die liggaam nie. Ongewenste persone se skadu moes nie hierop val nie omdat dit die plek is waar die siel uitgaan, dit wil sê die persoon se lewe kon hom hier ontnem word. Hoewel al die informante dit nie so beredeneer het nie, wil dit dus voorkom of die fontanel beskou is as dié deel van die liggaam waar die siel die liggaam verlaat. Hierbenewens is geglo dat winde by 'n baba se fontanel kon inkom indien die kopnate nie 'vasgebind was' nie, dit wil sê daar nie 'n doek om die kop gebind is om die kopnate toe te hou nie. Sulke winde kon hoofpyn en selfs verlies van verstand tot gevolg hê.

1.11 Gevolgtrekkinge

Volgens Khoekhoe-siening ontstaan 'n mens se lewe uit die bloed van 'n man en vrou en wel uit 'n bepaalde deel van die bloed naamlik die teelvloeistof (vgl. III:1.1). Die kop word eerste gevorm en sou daarom die meeste are bevat (vgl. III:1.9). Vermoedelik het die Khoekhoen die kop-are, en dus die bloed daarin as setel van die verstand beskou (vgl. III:1.9, 1.10).

Aan die bloed van 'n persoon is dus volgens Khoekhoe-siening besondere prominensie verleen. Samehangend hiermee het al die liggaamsdele wat as besonder belangrik beskou is met die bloed verband gehou : Die lewer is as die bron van bloed en lewe beskryf; die maag-aar, lewensare en kop-are het as kanale gedien vir die bloed; die kruis, baarmoeder en kop het baie are bevat (vgl. III:1.3, 1.4, 1.5, 1.9, 1.7, 1.6). Die sirkulasie van bloed sou lewe aangedui het (vgl. III:1.1). Faktore soos die vuilheid of skoonheid, ongesondheid of gesondheid, swakheid of sterkheid, en oudheid of jonkheid, asook koue en ongewenste persone kon die toestand van 'n persoon se bloed beïnvloed en, indien dit negatiewe faktore was, daartoe lei dat die persoon se gesondheid en lewensverwagting asook die voortplantingsvermoë benadeel word (vgl. III:1.1). Benadeling van die bloed in die kop-are as gevolg van vuil bloed, emosionele toestande, aanhoudende gedagtes, of hoë koors kon lei tot benadeling van die gesondheid of verstand (vgl. III:1.9).

Die mens bestaan uit 'n liggaam sowel as 'n siel. Die siel van 'n persoon word nie met die bloed verbind nie, maar sommige informante verbind die siel, wat as 'n wind beskryf word, wel met die gal (vgl. II:1.2.1). Tog heg die Khoekhoen vandag skynbaar geen besondere waarde aan die gal nie. Die opvattinge rondom die geeskwaliteit van die mens, die siel, is reeds in Hoofstuk II:1.2.1 behandel.

Bevorderende handeling is uitgevoer vir die instandhouding van die liggaam en die verkryging van vermoëns wat daaraan gekoppel is. Genoeg en veral voldoende van die regte soort voedsel soos halfgaar lewer, vleis, en melk moes ingeneem word om te verseker dat 'n persoon genoeg bloed sou hê, en dat die bloed sterk sou wees (vgl. III:1.1). In besonder kinders, 'n puberteitsinisiënt en 'n kraamvrou moes groot hoeveelhede voedsel, en veral melk, inneem (vgl. III:1.1, 2.1.6). Skynbaar is daar nie medisyne ingeneem met die oog op die verkryging van vermoë nie. Die gebruik, in hierdie verband, van bepaalde middels soos sâ-i (gemaalde wêlriekende plantmateriaal) is reeds bespreek (vgl. II:2.2.1.3).

Die menslike liggaam was blootgestel aan gevare van buite. Invloede uit die natuur soos koue en wind kon die liggaam benadeel (vgl. III:1.1, 1.2). Die ongewenste toestand van ander mense soos vuil bloed, asook ongesonde bloed en hande (vgl. III:1.1) kon 'n persoon se liggaam skaad. Gebeure wat aanleiding kon gee tot toestande soos bekommerdheid, skok en hartseer sou ook die gesondheid van 'n persoon negatief kon beïnvloed het (vgl. III:1.2, 1.4, 1.6, 1.9). Die gevolge van hierdie invloede en die voorkomende maatreëls ter beskerming van die liggaam word elders in meer besonderhede bespreek (vgl. IV).

Dit is insiggewend dat die Khoekhoen nie soveel prominensie aan die hart toegeskryf het soos die Westerse mens nie, maar dat ander liggaamsdele as belangriker beskou is.

2. BEREIKING VAN FISIËSE RYPHEID

2.1 Die puberteitseremonie van die Khoekhoe-meisie

'n Khoekhoe-meisie het haar puberteitseremonie oorspronklik met haar eerste maandstonde deurloop. Die seremonie was 'n besonder belangrike komponent van die Namakultuur onder andere omdat die meisie hiertydens begelei is van kind na volwassene, maar daar ook vasgestel moes word of die meisie ongelukkig of gelukkig (in die sin van 'unlucky' en 'lucky') is, aangesien ongelukkige menstruerende vroue as baie gevaarlik vir die lewensbronne soos die veldkos, die vee, en die melk beskou is. Dit was dus noodsaaklik om haar uitwerking reeds met die eerste maandstonde vas te stel. Sekerheid hieroor is verkry deur haar as enkeling te toets.

2.1.1 Aankondiging van menstruasie

'n Khoekhoe-meisie is eers met haar eerste maandstonde oor maandvloei (//Khâ/aesenni) ingelig. Die eerste aanvang hiervan was dus gewoonlik vir haar ontstellend. Omdat sy te skaam was om haar eie moeder hieroor te nader, het sy gewoonlik ander vroue soos 'n tante of suster daarvan vertel wat dan die moeder in kennis gestel het. Indien die maandstonde in die veld 'n aanvang neem, moes toegesien word dat sy onverwyld na haar ouerhuis terugkeer. Soms is sy selfs ge-aba. Die redes hier-

voor was dat eers vasgestel moes word of sy 'n gelukkige of ongelukkige vrou was voordat sy weer as menstruerende vrou vrylik kon rondbeweeg. Alle puberteitsinisiante sou as gevolg van die oorgangstadium waarin hulle hul bevind, vir die lewensbronne byvoorbeeld die vee, eetbare veldplante, wild, vis, heuning en die water gevaarlik wees. Dit kan toegeskryf word aan die selfwerkende gevaarlike krag wat 'n persoon tydens oorgangstadiums besit.

2.1.2 Reëlings in verband met die seremonie

Sodra die moeder in kennis gestel is, is die dogter 'in die hok' gesit, dit wil sê sy is afgesonder, en het haar moeder 'n volwasse vrou verby die oorgangsjare ('n 'groot' vrou of kai taras), en soms ook 'n jong meisie, die 'strooimeisie', gekies om die dogter te versorg. Verskeie 'groot' vroue (kai taradi) het tydens die seremonie gehelp, maar een het meer bepaald met die meisie in die kharu-oms (letterlik : eerste menstruasie huisie) gewerk. Om verwarring te voorkom, sal voortaan slegs in verband met laasgenoemde vrou die enkelvoud (kai taras) gebruik word.

Terwyl die meisie warm toegemaak in die matjieshuis wag, het haar moeder en die kai taradi met pale en matjies 'n hoek agter in die matjieshuis afgeskort met 'n opening gedek deur 'n opgerolde matjie wat tot die afgesonderde ruimte lei. Die ruimte was gewoonlik net groot genoeg sodat die meisie en soms ook die kai taras of strooimeisie saam daarin kon lê.

Om bloedvlekke te versteek, het sy op 'n swart vel gesit wat mettertyd aan die kai taras na afloop van die seremonie gegee is. Benewens haar beddegoed was daar 'n plat en 'n ronde klip vir die maal van sâ-i (welriekende plantmateriaal) en grimeermiddels, asook voorrade van hierdie middels, en !ūrodi (skilpaddoppe) wat met gemaalde sâ-i gevul is. Die openinge in die skilpaddop vir die agterpote is met 'n mengsel van gestampde keelkliere van 'n bok of skaap en warm uitgebrande kole verseël. Somtyds is sandrapuis (die uitgeloopde gom van die rapuisbos) hierby gevoeg.

Die kai taras moes 'n bekende betroubare, gesonde, vrugbare en gelukkige vrou met gesonde hande wees. Sy kon 'n verwant of nie-verwant wees, wat nie probleme ondervind het tydens haar swangerskappe of bevallings nie sodat sy nie willekeurig of onwillekeurig die meisie sou benadeel nie. Dit was belangrik dat sy verby haar oorgangsjare moes wees sodat sy nie swanger kon wees of menstrueer terwyl sy as kharu-hulp optree nie. Dit was 'n voorsorgmaatreël teen die gevaarlike invloed van menstruerende en swanger vroue. Sy moes op hoogte wees van die reëls en verbodsbepalings in verband met die seremonie, asook die kennis wat aan die meisie oorgedra moes word.

Die kai taras moes verkieslik in die kharu-oms slaap sodat sy ongewenste persone kon wegwys. Hoewel sy soms klein geskenkies ontvang het, was dit nie verpligtend om haar te vergoed nie aangesien dit as 'n 'geloof'-werk beskou is; dit wil sê 'n noodsaaklike tradisie. Die vel waarop die meisie gesit het, is aan haar gegee omdat sy as betroubaar beskou is, en nie die menstruele bloed daarop sou gebruik om die meisie te benadeel nie. Hierbenewens was sy verby haar oorgangsjare en kon die bloed van die meisie haar nie meer benadeel nie. Benadeling as gevolg van die vrylating van 'n selfwerkende krag was dus nie meer moontlik nie. Hierdie selfwerkende kragte is reeds in meer besonderhede in Hoofstuk II:2.1 beskryf

Soos vermeld is, het die kai taradi die kharu-oms gebou en ingerig. Hierna het hulle die inisiant die kharu-oms binne geneem. Volgens sommige (vgl. Hoernlé 1918:70) is sy ge-aba. Vervolgens het die kai taras aan die meisie die prosedure wat gedurende die seremonie gevolg sou word, meegedeel.

Die vernaamste taak van die kai taras was om daarop te let dat die meisie nie langs bonatuurlike weg andere benadeel of self benadeel word nie. Daarom moes sy sorgdra dat ongewenste persone nie in kontak kon kom met die liggaamsvullis (dit wil sê die sweet en vuiligheid op haar vel) en menstruele afval van die meisie, die voedsel wat vir haar voorberei is, of die meisie self nie. Hierbenewens moes sy toesien dat die meisie, as gevolg van die oorgangstadium waarin sy haar bevind het, en omdat nog nie bepaal was of sy dalk ongelukkig was nie, nie

kontak met die lewensbronne maak nie. Die kai taras was betrokke by die toetsing van die meisie om te bepaal of sy gelukkig of ongelukkig is.

Haar taak was ook van 'n opvoedkundige aard. Sy het die meisie onderrig om haarself te reinig, sâ-i en oker te maal, naaldwerk te doen, asook hoe om gedurende haar toekomstige maandstondes op te tree, nl. om geen geslagtelike omgang te hê nie, om haarself te reinig sodat haar reuk nie !gāxa (giftig) sou wees en sy as gevolg daarvan slange ens. sou aantrek wat aggressief sou wees nie, en sodat haar menstruele reuk nie haar eie gesondheid en dié van ander sou benadeel nie, om warm aan te trek en uit die wind te bly, en om te waak teen benadeling deur ongewenste persone. Laasgenoemdes moes byvoorbeeld nie oor die plek waar haar waswater uitgegooi is, kon loop nie, of toegelaat word om op haar beddegoed te sit nie. Sy het aan die inisiant haar pligte as volwassene teenoor haar verwante en die gemeenskap vertel, en haar vermaan dat sy voortaan kon swanger raak, en dus stemmig moes optree voor mans. Die meisie moes, as voorbereiding vir haar latere optrede teenoor mans, min en sag praat en lag, om sodoende te voorkom dat sy as losbandig geag sou word. Sodoende is die meisie ook vir die huwelikslewe gereed gemaak. 'n Meisie kon dan ook eers nadat sy die puberteitseremonie deurloop het, in die huwelik tree.

Die strooimeisie het self reeds die puberteitseremonie deurgegaan. As voorsorgmaatreeël teen moontlike benadeling is daarop gelet dat sy 'n gelukkige meisie was, en dat sy nie menstrueer terwyl sy die inisiant assisteer nie. Sy kon die inisiant help om sâ-i te maal, kon vir haar kos aandra, en deelneem aan die verrigtinge wanneer die meisie 'uitgedans' word, en by die lewensbronne getoets word.

Die lengte van die afsonderingstydperk was teen die begin van die twintigste eeu van een tot vier weke, maar periodes van twee maande en selfs langer is ook bekend. Die lengte was eerstens bepaal deur die ekonomiese posisie van die ouers; die gesondheid van die meisie ('n sieklike meisie is langer binne gehou om haar met medisyne op te bou, en haar te 'smeer', dit wil sê te masseer deur eers die hande met sagtevet in te vryf.

Tweedens het dit afgehang van die werklike duur van haar maandvloei (sommige meisies het 'n 'nabreek' gekry, dit wil sê die eerste maandvloei het in meer as een hoeveelheid gekom).

2.1.3 Doel van die seremonie

Eerstens moes die meisie spesiale aandag of behandeling ontvang. Sy is deur middel van hierdie seremonie van kind na volwassene begelei. Sy is in die proses om 'n 'nuwe mens' te word en moes geleer word hoe om as volwassene op te tree. Sy is byvoorbeeld haar pligte teenoor haar ouers en toekomstige eggenoot vertel, asook hoe om teenoor mans in die algemeen op te tree. Hierbenewens moes sy vet word, 'groei' en haar vel moes gebleik wees sodat sy mooi en begeerlik vir mans sou wees. 'n Vet vrou is as mooi en gesond beskou. Haar voorkoms moes vir die jong mans 'n verrassing wees wanneer sy uitkom.

Die behandeling wat sy tydens hierdie kwesbare periode met haar eerste menstruasie ontvang het, moes verseker dat haar maandstondes voortaan gereeld en pynloos sou wees, en dat sy goeie gesondheid sou geniet aangesien tydens menstruasies van vuil bloed, met soms siektes daarin, ontslae geraak is. Omdat die inisiant menstrueer, kon haar maandvloei in besonder dus nou makliker negatief beïnvloed word. Dit kon aanleiding gee tot probleme ten opsigte van toekomstige maandstondes en swangerskappe asook swak gesondheid. Dit kon geskied as sy nalatig was ten opsigte van kouevat, of deur kontak met ongewenste persone wat van dieselfde kos as die inisiant eet, wat agter haar verby stap, of oor haar stap, of hul skaduwees oor haar laat val. As gevolg van die nalaat van hierdie puberteitseremonie in die huidige tyd sou die vroue volgens die informante vandag skraal en uitgeteer ('winddroog') wees.

Tweedens moes die inisiant afgesonder word. Dit was nodig omdat sy ander mense, en hulle vir haar, kon benadeel. Tot sy seremonieel van haar ou liggaamsvullis gereinig en met die omgewing geassosieer is, kon sy die ekonomie nadelig beïnvloed. Sy sou byvoorbeeld die veld en tuin brand as sy daardeur loop en die melk bloederig maak indien sy die melktaak verrig. 'n Persoon in 'n oorgangstadium kon egter wel alle soorte voedsel

et. Dit was dus noodsaaklik om haar af te sonder en te reinig van haar ou liggaamsvullis en ou lewe. Die ou liggaamsvullis sou ook haar gesondheid benadeel het aangesien dit kon veroorsaak dat sy nie in massa toeneem nie.

Hierna is sy as nuwe mens met die lewensbronne geassosieer. Hierbenewens moes sy 'n wilde dier hanteer, asook haar met die Rivierslang en die donderweer assosieer omdat hierdie invloede haar as nuwe mens kon benadeel.

Vervolgens moes ook deur middel van toetse vasgestel word of die inisiant van nature gelukkig (!gâi!ô : 'lucky') of ongelukkig (tsû!ô : 'badluck') was. Die uitslag kon slegs bo alle twyfel bepaal word indien sy afgesonder sou word van ongewenste persone. 'n Ongelukkige vrou se nadelige uitwerking op die ekonomie sou tydens menstruasies en swangerskappe vererger het. Aangesien volgens Khoekhoe-opvatting menstruasie en swangerskap skynbaar baie in gemeen het, moes die geluk van 'n vrou dus met haar eerste maandstonde getoets word. Hierbenewens is dit dan reeds gedoen sodat 'n ongelukkige meisie deur die kai taras gewaarsku kon word om in die toekoms, terwyl sy menstrueer of swanger is, die lewensbronne te vermy en dit dus nie per ongeluk te benadeel nie. 'n Ongelukkige menstruerende of swanger vrou kon ook deur die inname van sekere voedsel die lewensbronne benadeel. Daar moes ook gepoog word om die meisie se geluk te bevorder, byvoorbeeld deur die gebruik van sâ-i en die vereiste dat die kai taras 'n vrugbare vrou moes wees.

Verskeie informante was ook van mening dat geglo is dat die naalat van die inisiasieseremonie die verbreking van tradisie beteken en dat die meisie en die mense van haar werf daarom ongelukkig kon word.

2.1.4 Die kwesbare posisie van die meisie

Die meisie het haar in 'n kwesbare posisie ten opsigte van haar eie gesondheid en vermoë tot voortplanting bevind. Benewens faktore soos koue, haar eie menstruele reuk en die ou liggaamsvullis op haar liggaam, kon ongewenste persone soos mense wat van nature ongelukkig was, kwaadwilliges, persone wat die

!gao#gom-seremonie (vgl. III:10) deurloop het, asook swanger en mede-menstruerende vroue, en vroue wat geneig was tot probleme tydens swangerskappe en bevallings, haar benadeel. Vandag word egter al hoe meer gereken dat slegs ongelukkige, dit wil sê net sommige, menstruerende en swanger vroue vir andere nadelig sou wees. Die soort benadeling het saamgehang met die aard van die betrokke ongewenste persoon. 'n Persoon wat van nature ongelukkig was, kon veroorsaak dat die meisie ook ten opsigte van die lewensbronne ongelukkig word, en dat sy ook aggressiwiteit uit die natuur sou ontlok. 'n Kwaadwillige persoon se benadeling van die gesondheid van die meisie kon feitlik enige vorm aanneem : die menstruerende vrou se maandstonde kon staak, pynlik wees of ongereeld wees, ensovoorts. Persone wat die !gao#gom-behandeling ondergaan het, kon veroorsaak dat die menstruerende vrou dieselfde siekte kry as waarvoor hulle behandel is; dit wil sê haar baarmoeder sou afsak, of sy sou 'n probleem in die kruis ontwikkel, terwyl kontak met mede-menstruerende en swanger vroue tot gevolg kon hê dat 'n menstruerende vrou se menstruasie staak.

Ongewenste persone kon die puberteitsinisiënt en ander menstruerende vroue benadeel deur hul blote nabyheid, veral deur hul reuk, wanneer hul agter haar verby of oor haar en haar menstruele afval sou loop. Hulle kon haar ook benadeel indien hul skadu op haar, of oor haar menstruele bloed sou val. Hierbenewens kon hul haar benadeel deur van dieselfde kos te eet of deur op dieselfde stoel of bed as sy te sit. Kwaadwilliges kon haar op soortgelyke wyses benadeel indien hulle opsetlik met nadelige middels in die vel ingesny was, soos dikwels tydens die !gao#gom-seremonie gedoen is. Hulle kon ook nadelige middels in die wind na haar stuur, of haar menstruele afval en voedsel op kwaadwillige wyse behandel, respektiewelik deur byvoorbeeld kontakmagie of deur bepaalde toormedisynes by te voeg.

Ongewenste persone se nadelige invloed kon aan verskeie oorsake toegeskryf word. Kwaadwillige persone kon haar benadeel deur kontakmagie (byvoorbeeld deur haar waswater te behandel) of deur hulself met nadelige middels te laat 'insny' (dit wil sê

deur nadelige middels in snytjies in die vel te plaas.) Persone wat van nature ongelukkig was, sou die nadeligheid in hul bloed, sweet en reuk gehad het. Een informant stel dit as volg : 'Die kwaad is in hulle en hulle skaduwees krimp alles en gee 'n lam gevoel'. Dit skyn of persone wat die !qao#gom-seremonie deurloop het haar kon benadeel omdat hul bloed vuil was (sy kon die 'afsaksiekte' kry), omdat hulle die !qao#gom-behandeling ondergaan het en sy nie (sy was dus nie met hulle geassosieer nie), en deur middel van analogie (haar menstruasie het gestaak of sy het dieselfde siekte as hulle gekry). Menstruerende en swanger vroue sou die puberteitsinisiant benadeel omdat hulle toestande analoë reaksies by haar tot gevolg sou hê. Lucia Laberlot verduidelik dat menstruerende en swanger vroue die meisie se vloei sou kon laat staak omdat eersgenoemde reeds besig was om te vloei (dit wil sê die proses van vloei reeds aan die verbygaan was) en laasgenoemdes nie vloei nie.

Die toegang tot die kharu-oms is deur die kai taras beheer. Indien sy nie daar kon wees nie, is 'n ander volwasse vrou gevra om toesig te hou. Die norm was om net gelukkige, volwasse vroue verby hul oorgangsjare en klein kindertjies, meer bepaald dogtertjies, toe te laat. Die dogtertjies doen graag vir die inisiant werkies soos om vir haar water en kos te bring, omdat hul dan self ook iets te ete kry. Die volwasse vroue wat haar kon besoek, moes in die eerste plek gelukkige vroue wees, en tweedens verby die oorgangsjare sodat hul nie moontlik kon menstrueer nie. Menstruerende vroue kon die meisie nadelig beïnvloed en veroorsaak dat haar menstruasie wegslaan en sy 'wind-droog raak' (onder andere toring kry). Daarom is daar aan 'n vrou wat die meisie wil besoek gevra : 'Is jy skoon?' alvorens sy toegelaat is. Dit dui dus daarop dat daar tog effens van die norm betreffende vroue verby die oorgangsjare afgewyk kon word. Dit lyk of bogenoemde reël in resente tye in wisselende grade toegepas is met betrekking tot swanger vroue. Volgens sommige informante is veiligheidshalwe geen swanger vroue in die kharu-oms toegelaat nie. Volgens ander kon 'n gelukkige swanger vrou toegelaat word, soms met die voorwaarde dat die kai taras vir haar sâ-i sal gee waarmee sy haarself eers oor die maag moes smeer. Sâ-i bring geluk en sou dus verhoed dat

die swanger vrou die meisie se 'are toemaak'. Indien 'n swanger of menstruerende vrou die meisie in die kharu-oms wou besoek, moes eersgenoemdes hulle eers met die inisiant assosieer deur van hul eie sweet op die maag aan die maag van die meisie te smeer.

Die meisie sou volgens Khoekhoe-siening as gevolg van die oorgangstadium waarin sy haar bevind, omdat sy menstrueer, en indien sy ongelukkig was, te meer indien sy menstrueer, aggressiwiteit kon ontlok by die slange, roofdiere, die riviere, die see, die Grootlange, die weerlig, en skuheid by die wild, maar haar afsondering het dit voorkom.

2.1.5 Die negatiewe invloed van die meisie

Terwyl sy menstrueer, is die meisie vir sekere persone gevaarlik. Geen man is daarom in die kharu-oms toegelaat nie. Die volwasse mans wat met haar toetsing gemoeid was, kon egter tot by die opening van die kharu-oms kom. Hoewel mans ook gevaarlik kon wees vir die meisie, byvoorbeeld omdat hulle van nature ongelukkig was, of van toormiddels vir negatiewe doeleindes gebruik kon maak, was 'n menstruerende meisie vanweë die vuil bloed wat sy uitskei, en haar menstruele reuk, onsettend gevaarlik vir 'n man se geslagsdele wat byvoorbeeld kon vergroot. Die uitwerking kon dodelik wees indien daar met haar geslagsomgang sou plaasvind terwyl sy menstrueer. Die menstruerende inisiant kon mede-menstruerende vroue, swanger vroue en ernstige siek persone, soos dié wat aan kanker en stuipe ly, benadeel as gevolg van die analogie verbonde aan bloed. Sy kon veroorsaak dat mede-menstruerende vroue aanhoudend vloei of dat hul maandstondes wegslaan, dat 'n swanger vrou 'n miskraam kry, en dat siekes se siektetoestand vererger.

Die konsep van die aangebore besit van geluk of ongeluk (vgl. II:2.1.3) sluit al hoe meer ook gedagterigtings soos benadeling van ander persone deur middel van analogie en vuil bloed in. Die meeste informante is dus vandag van mening dat slegs ongelukkige, menstruerende en swanger vroue ander vroue deur middel van analogie sou kon benadeel en dat slegs 'n ongelukkige,

menstruerende vrou veral deur haar vuil bloed 'n man sou kon benadeel wanneer kontak, uitgesonderd geslagsomgang, plaasvind.

Die meisie kon, as gevolg van die oorgangstadium waarin sy haar bevind het voordat sy van haar ou liggaamsvullis gereinig is en ook indien sy van nature ongelukkig was (vgl. II:2.1.3), die lewensbronne benadeel. Daarom is sy afgesonder en kon sy slegs tydens die toetse met die lewensbronne kontak hê.

2.1.6 Prosedure gedurende afsondering

2.1.6.1 Voeding

Sorg is gedra dat die meisie nie van buite benadeel kon word nie en daar dus objektief geoordeel sou kon word oor die vraag of sy gelukkig is of nie. Haar eetgerei is daarom apart bewaar. 'n Gelukkige volwasse vrou soos haar moeder of die kai taras het die meisie se kos afsonderlik berei en dit selfs vir haar gegee. Dit kon ook deur klein dogtertjies geneem word omdat hulle nog nie menstrueer nie en nog nie van middels om ander te benadeel gebruik maak nie.

'n Puberteitsinisiant moes baie kos kry sodat sy kon groei, sterk word en omdat gesetheid as mooi beskou is (vgl. Hoff 1981:58, 59). Daarom moes daar deurentyd 'n kalbas met dikmelk in die kharu-oms wees (vgl. Hoff 1981:66 vir voedingswaarde van dikmelk). Melk is as die gesondste kos en as medisyne beskou omdat dit 'in die are sou werk' en krag sou gee (vgl. ook Schultze 1907:186). Daar is ook geglo dat sy sousryke vleisdisse moes eet omdat dit groei sou bevorder. Sy is selfs met medisyne behandel om haar eetlus te prikkel.

Sommige informante is egter van mening dat 'n inisiant nie gebraaide vleis moes eet nie aangesien dit 'vurigheid' in die liggaam sou veroorsaak.

Die inisiant is nie toegelaat om wildsvleis te eet, koeimelk, veral die melk van 'n jong vers, te drink of haar bene met beesroom skoon te maak nie voordat haar geluk nie getoets is nie en daar seker gemaak is dat sy gelukkig was nie. Eers daarna kon sy dit vrylik eet.

Daar is by twee geleenthede geslag, nl. by die aanvang en beëindiging van die meisie se afsondering. Na eersgenoemde is verwys as die kharuʒab (vgl. Hoernlé 1918:71). Indien die vleis opraak gedurende haar afsonderingstyd is daar weer geslag. Gewoonlik het die meisie se vader die slaggoed voorsien.

Die slagding wat eerste geslag is, moes 'n vroulike dier wees en moes vet wees sodat die meisie sou vet word. Dit is in besonder deur die meisie en die kai taradi geëet om te verhoed dat menstruerende of swanger vroue sou veroorsaak dat die meisie se maandstonde staak indien hulle sou saam eet. Enige bekende gelukkige volwasse man met 'gesonde' hande wat dus nie die meisie sou benadeel nie en kennis gedra het van hoe om die kruis- en heupbene van die eerste slagding uit te sny, kon slag.

Die kruis- en heupbene (//haus) was die vernaamste deel van die eerste slagding. Dit is as 'n geheel, soms met 'n stukkie van die rugstring daaraan vas, uitgeslag. Dit moes nie deurgesny of oopgebreek word nie om deur analogie te verseker dat die inisiant se kruis- en heupbene weer sou sluit na geboortes, en haar baarmoeder nie uitsak en dus veroorsaak dat sy nie kon voortplant nie. Die kruis- en heupbene kon ook vir bruide en vir kraamvroue uitgeslag word. Die kai taras het hierdie //haus afsonderlik van enige ander vleis gekook, selfs afsonderlik van die res van die eerste slagding. Sorg is gedra dat dit nie te sag kook sodat die bene los raak nie. Dit moes nie gebraai word nie.

Volgens baie informante is die //haus slegs deur gelukkige kai taradi geëet. Volgens ander het die meisie saamgeëet terwyl sommige ook klein kindertjies noem. Hierdie kai taradi moes vroue verby die oorgangsjare wees wat baie kinders gebaar het en/of geen kraamprobleme ondervind het nie. Geen menstruerende of swanger vrou is dus toegelaat om saam te eet nie. Die keuring was streng om te verhoed dat die meisie later moeilike bevallings sou hê, min of geen kinders nie sou kry en //haus-probleme sou ondervind omdat hierdie probleme deur swanger vroue met sulke probleme aan haar oorgedra kon word.

Hierna het die kai taras die kruis- en heupbene skoon gekrap, dit met oker, hardevet en sâ-i (laasgenoemde vir geluk) gesmeer. Die oker en hardevet is aangesmeer sodat die bene nie wit sou word en breek nie, maar altyd kleur sou hê en dus intact sou bly. Hierna is 'n gaatjie aan die bokant van die //haus, waar die rugstring begin, gemaak en is die //haus in die huis of buite voor die huis opgehang. Wanneer dit na jare sou begin verbrokkel, moes dit verbrand of begrawe word sodat ongewenste persone nie daaroor kon loop en dus die meisie waar sy ook al was, kon benadeel nie.

Volgens sommige informante moes die inisiant nou die harslag eet (dit wil sê kontak maak daarmee) as 'n toets vir haar geluk ten opsigte van die vee aangesien dit as die 'lewe' van die dier beskou is (vgl. Hoff 1983:11). Hiervolgens sou die toets deel uitmaak van 'n hele reeks toetse om te bepaal of sy gelukkig of ongelukkig is en dus of sy haar omgewing positief of negatief sou beïnvloed. Ander is van mening dat sy die harslag saam met die kai taradi moes eet of dat dit slegs deur die kai taradi geëet moes word. Die eet van die harslag op hierdie stadium kon dus as 'n toets beskou gewees het of, indien die gelukkige kai taradi saamgeëet het, as 'n poging om benadeling te verhoed en haar geluk te verseker. Al die bene van die eerste slagding, behalwe die //haus, moes bymekaar gemaak en begrawe of verbrand word.

Met die eerste slagtery is daar benewens die //haus-slagding gewoonlik ook ander vee geslag. Volgens die informante kon laasgenoemde enige vee wees, dit wil sê ook kapaters en hamels, maar nie manlike diere nie, aangesien die vleis daarvan 'n bitter smaak sou hê. Dit is 'n afwyking van die gewoonte aan die begin van die twintigste eeu om slegs vroulike diere vir die puberteitseremonie te slag (Hoernlé 1918:72, 73). Dit het primêr as voedsel gedien vir die res van die gesin en die besoekers, maar as haar vleis op was, kon die inisiant ook hiervan eet, indien sy nie meer menstrueer nie. Net soos by die //haus-slagding moes die inisiant as sy hierdie ander vleis eet teen die negatiewe beïnvloeding van ongewenste persone beskerm word. Laasgenoemdes is dus nie toegelaat om van die vleis te

eet nie. Klein kindertjies is nooit as gevaarlik beskou nie. Die eters moes egter ook teen die inisiant beskerm word aangesien sy vir hulle en veral die jongmans en seuntjies gevaarlik kon wees indien sy die verbod oortree, en sonder hul wete van dieselfde vleis as hulle sou eet. Al die eters, buiten die ou mans en vroue, maar in besonder die jongmans en seuntjies, is dus eers met sâ-i gepoeier. Die mans en seuntjies is gewoonlik op hul skaamdele gepoeier; vroue en dogters oor die bors of om die hals. Die meisie kon die mense poeier deur haar hand buite die kharu-oms te hou of deur die sâ-i aan hulle te oorhandig om hulself te poeier. Soms is die poeieraksie deur die kai taras gedoen.

Dit blyk dus dat die voedsel van die inisiant baie belangrik was, eerstens omdat verseker moes word dat sy 'n kragtige en gesonde vrou sou word en tweedens, omdat beïnvloeding van 'n ongelukkige vrou makliker geskied tydens voedselinname en veral ook gedurende menstruasie. Indien 'n besoekende menstruerende vrou van dieselfde vleis as die inisiant sou eet, kon laasgenoemde se maandstonde wegslaan. Dit kon aanleiding gee tot tering en die dood.

Die kharu#ab (letterlik : eerste menstruasie slagtery) was, soos ook deur Hoernlé (1918:71) vermeld word, tradisioneel net vir vroue. Hoernlé het egter in die tyd toe sy navorsing gedoen het, gevind dat weens ekonomiese druk ook mans tot die kharu#ab toegelaat is. My informante het dit bevestig en verduidelik dat die aanpassing gemaak is dat slegs die eerste slagding van die eerste slagtery net vir vroue sou wees. In meer onlangse tye is mans en kinders egter toegelaat om selfs van die eerste slagding van die eerste slagtery te eet. Die enigste bepaling wat behou is, is dat die persone gelukkig moes wees en dat slegs vroue toegelaat is om die //haus te eet.

2.1.6.2 Gesondheid

Benewens bogenoemde maatreëls met betrekking tot haar gesondheid moes die meisie gedurende haar afsondering en in besonder terwyl sy menstrueer haarself gereeld reinig en met sâ-i bestrooi omdat haar menstruele reuk haar eie gesondheid en dié

van ander kon benadeel, en moes sy nie met koue water was of werk nie omdat dit tot gevolg kon hê dat haar maandvloei pynlik word, of wegslaan, en sy dus nie die vuil bloed kwyd kan raak nie. Hierbenewens sou die lou water gekoppel met massering haar bloed verwarm sodat dit beter vloei. Sy is medisyne gegee en deur kundige vroue gemasseer om te verseker dat sy goed sou vloei en heeltemal 'uitvloei'. 'n Normale menstruele vloei is as 'n teken van goeie gesondheid beskou. Dit verduidelik waarom //khâ/aesenni (maandvloei) met 'gesondheid' vertaal kan word. Dit sou baie gevaarlik wees indien haar eerste menstruasie sou staak voordat sy uitgevloei het, aangesien sy daarvan sou opblaas. Sy moes uit die wind of trek wees en daarom in die beskutte kharu-oms bly, dik klere aantrek en met 'n kombers bedek wees sodat sy nie koue sou vat nie. Dit kon tot gevolg hê dat haar menstruasie wegslaan, dat sy ophou groei en 'wind-droog' raak (onder andere tering kry). Daarenteen sou 'n meisie wat warm aangetrek is en in 'n beskutte kharu-oms bly, gesond wees en groei. Volgens een informant moes die meisie tydens haar eerste maandstonde in 'n warm plek bly sodat sy die koue en winderigheid kon uitsweet wat sy opgedoen het toe sy nog as 'seun' (axab) buite sonder skoene rondgeloop het. Haar are moes warm word andersins sou dit nie tydens menstruasies goed vloei nie.

Dit was belangrik dat sy seremonieel van haar ou liggaamsvullis gereinig sou word sodat dit nie haar gesondheid sou benadeel nie. Dit is teen die einde van die seremonie gedoen.

2.1.6.3 Skoonheidsorg

Die winddigte kharu-oms was warm binne en die meisie is met 'n kombers toegemaak sodat sy haar liggaamsvullis kon afsweet en haar vel skoon was en lig ('eiergeel') van kleur kon word. Sy het haarself elke dag gereinig, andersins het die kai taras dit gedoen of haar daarmee gehelp. Die vernaamste reinigingsmiddel was mis en room, maar gemaalde //kau-pitte gemeng met 'n bietjie melk, of slegs lou water, of koffiemoer met melk, is ook gebruik. Grimering kon ook met 'vaseline', uitgebraaide botter of sagtevet en 'n sagte lappie afgehaal word. Daar is geglo dat 'n vrou nooit met grimering moet slaap nie aangesien dit in

haar vel sou vasbrand indien sy in haar slaap sterf. Suiwelprodukte is gebruik slegs nadat vasgestel is dat sy gelukkig is. Sy moes daagliks gereinig word vir skoonheidsredes maar ook om die reuk van haar menstruele bloed te verwyder wat haar gesondheid kon benadeel.

Die term boro of die Afrikaanse term om te 'blom' is gebruik om die aanwend van grimering aan te dui. Dit is elke dag deur die meisie self of die kai taras gedoen. Volgens sommige informante is daar egter nie deurentyd van ingewikkelde patrone by gesigversiering gebruik gemaak nie. Sulke patrone is aangebring net wanneer die meisie uitgeneem is vir oefening, wanneer sy finaal uitkom, of wanneer bepaal moes word watter patroon vir die uitdansseremonie gebruik moes word.

Haar hele liggaam, selfs onder haar klere, kon met 'n mengsel van oker, hardevet en sâ-i, of oker en water of melk, gesmeer word. Haar gesig is gegrimeer met gestampde rou hardevet (âu-i) wat met haasboegoe (!ôasâ-i), fyngestampde melkhoutboombas, rosyntjieboom- of kameeldoringboomkern (!qû-i), of oker gemeng is.

Versieringspatrone kon op die gesig geteken word deur in hierdie basis met 'n lappie strepe te vee of deur die basiskleur om die oë, neusvleuels, mond en gesig uit te vee. Daar kon met okerpoeier 'n sirkel op en om die mond gemaak word, of kolletjies op die wange. 'n Mengsel van hardevet en !qû-i kon in 'n rolletjie gevorm en verhit word en dan op die gesig gedruk word om kolletjies te maak. Die kolletjies is dikwels moesies genoem en is as begeerlik beskou. In resente tye word lipstiffie hiervoor gebruik. Die wenkbroue is met potswartsel gekleur.

Daar is veral twee bepaalde soorte patrone gebruik nl. die springbok- en in meerdere mate die gemsbokpatroon. Informante se weergawe hiervan verskil egter geweldig, waarskynlik as gevolg van gebrek aan kontak met wild. Dieselfde vorm van grimering word deur sommige informante as 'n nabootsing van die gemsbok en deur ander as 'n nabootsing van die springbok beskryf.

Dit wil voorkom of die gemsbokvorm die algemeenste was. Die inisiant se bene en arms is veral met oker en melk of water gesmeer waarin sigsagpatrone met die vingers getrek is. Bogenoemde patrone is ook by ander spesiale geleenthede, soos deur 'n vrou na die geboorte van haar baba, gebruik. Die verklaring wat die informante vir die nabootsing van die twee wildsoorte verskaf het, was dat hulle die skoonheid van hierdie diere bewonder. Verdere verklarings mag dalk in mites en legendes gesetel wees.

Die hardevet met oker, haasboegoe of !gû-i is nie net vir grimering aangesmeer nie, maar ook om die inisiant se vel te bleik. Die hardevet het ook gedien om die vel sag te maak. Die skoonheidsorg was 'n aanduiding van haar status as volwassene : sy is nou 'n 'nuwe mens'.

2.1.6.4 Sâ-i, grimeermiddels, versierings en geskenke

Die meisie is gewys hoe om sâ-i en grimeermiddels te maal en het dit daarna self gedoen. Sy het haar skilpaddophouertjies met sâ-i gevul en haarself, haar klere, haar beddegoed en die swart vel waarop sy sit, daarmee besprinkel om haar reuk te verdoesel. Wanneer sy uitkom, het sy om geluk te verskaf sâ-i op die besoekers en by die verskillende plekke wat sy besoek, gestrooi. Ou vroue, haar ma en ook haar vriendinne het die los krale wat sy moes inryg om teen die einde van die seremonie as versiering te dra en die bestanddele van die sâ-i verskaf. Sy het versierings egter ook as geskenke gekry. Die meisie het somtyds reeds tydens haar afsondering geskenke in die vorm van vee, klerasie en versierings van verwante en vriende ontvang. Die gee van geskenke is as metode beskou om geluk oor te dra.

2.1.6.5 Liggaamsafval

Die swart vel waarop die inisiant sit, is elke oggend gebrei en gekam om die droë bloed uit te kry, uitgeskud en dan teruggeplaas. Die kai taras het die menstruasie-afval wat afkom wanneer die meisie gereinig is, en haar klere gewas is, begrawe of in 'n bos gegooi sodat ongewenste persone nie daarvoor kon loop nie, of kwaadwilliges dit nie deur kontakmagie teen die meisie

kon gebruik nie. Dieselfde prosedure is gevolg met al haar ander liggaamsafval.

Die inisiant is gewoonlik snags, toegewikkel in 'n kombers, toilet toe geneem sodat ander haar nie sou sien nie. 'n Gelukkige vrou het voor gestap om te verhoed dat 'sy die veld brand' as sy dalk ongelukkig is.

2.1.6.6 Besoekers

Terwyl die meisie in die kharu-oms was, kon besoekers soos vriende en verwante elke aand kom dans. Hulle is met die vleis van 'n afsonderlike slagding, nie dié waarvan die meisie eet nie, onthaal, sodat sy nie vir hulle of hulle vir haar deur van dieselfde slagding te eet kon benadeel nie. Om te verhoed dat sy styf word, is die meisie af en toe saans vir 'n kort rukkie uitgeneem om saam met die besoekers te dans. Sy dra dan 'n sluier aangesien haar gesig net gesien mag word wanneer sy finaal uitgedans word.

2.1.6.7 Toetse

Die toetse om te bepaal of die inisiant van nature gelukkig is, is gewoonlik tydens haar afsondering, terwyl sy nog menstrueer, uitgevoer. Die toetse is as noodsaaklik beskou omdat haar uitwerking die lewensbronne en dus ook die gemeenskap, en nie net haarself nie, kon beïnvloed.

Die kenmerke van gelukkige en ongelukkige persone is reeds volledig bespreek (vgl. II:2.1.3). Daar is onder meer geglo dat gelukkige persone gesonde bloed en hande het, en 'n voordelige en suksesvolle uitwerking op die lewensbronne soos die vee, water en plante sou hê. Hierbenewens kon so 'n persoon die jag, hengel en versamelaksie positief beïnvloed, en sou 'n gelukkige persoon, in teenstelling met 'n ongelukkige, nie aggressiwiteit, by voorbeeld die slange uitlok nie. Daar is geglo dat 'n gelukkige persoon nooit gebrek sou ly nie, en voorspoed aan ander sou bring. 'n Gelukkige meisie se geboorte en eerste maandstonde is deur reën, misreën, mis en koelte gekenmerk terwyl 'n ongelukkige meisie oostewind, hitte en droogte sou ontlok het. Aangesien hierdie negatiewe invloed

vermeerder tydens menstruasie is die meisie met haar eerste maandstonde getoets om te bepaal of sy gedurende haar toekomstige maandstondes aan verbodsbepalinge onderwerp moes word. Hierbenewens is sy getoets omdat sy nou 'n 'nuwe mens' was. Die persone wat by die toetse betrokke was, moes gelukkige mense wees.

Dit is opvallend dat die informante hulself altyd as gelukkig beskou het en met entoesiasme vertel het hoeveel dit met hul puberteitseremonies gereën het. Volgens sommige het selfs die Oranjerivier dan afgekom, maar meestal word baie waarde aan misreën geheg.

Die toetse is deur middel van assosiëring met verskillende entiteite uitgevoer. Eerstens is die inisiant se uitwerking op die beeste bepaal. Sy is getoets met die bies of melk wat sy moes drink van 'n jong koei met 'n eerste kalf. 'n Jong koei se melk is verkies omdat dit nadelige invloed vinniger sou uitwys en omdat 'n jong koei wild is en daarom enige invloed op die hanteerbaarheid van die dier maklik vasgestel kon word; in teenstelling met ou koeie wat reeds mak is en bokke wat nooit so wild soos koeie is nie. Indien 'n jong koei se melk nie beskikbaar was nie, is 'n ou koei en later, in sommige gevalle, selfs bokmelk gebruik. Hierdie aanpassing het met die waardevermeerdering van bokke gepaard gegaan (vgl. Hoff 1981:42). Sommige segslui beweer egter steeds dat 'n ongelukkige, menstruerende vrou slegs op koeimelk 'n invloed het. Sover vasgestel kon word, moes die melker 'n volwasse gelukkige vrou of man wees en kon die melk afkomstig wees van die huisgesin se eie kudde, of dié van ander.

'n Gelukkige meisie sou die produksie van melk en veral hoë gehalte melk bevorder. Sy sou ook tot gevolg gehad het dat die jong koeie maklik hanteerbaar bly, en die kalwers en lammers vet word.

'n Ongelukkige meisie wat melk drink, kon veroorsaak dat die beesmelk daarna bloederig word, in die uier klont of opdroog, of dat die spene toetrek en die kalwers dus vermaer. Die uier kon opswel, barsies kry en die jong koei kon wild word. Sulke

bloederige melk is vir die honde gegee. Die Nama van die Richtersveld het die koei dan ter behandeling met die !galisa-bos 'ingesny' : klein snytjies is in die uier gemaak waarin stukkies van die !galisa-bos geplaas is. By die !Gâmi-nûn het die kai taras hardevet en van die meisie se liggaamsvullis aan die uier gesmeer, waarna die koei dan gereed was om met veiligheid gemelk te word.

Sodra die inisiant, in die kharu-oms gegaan het, is 'n skaap of bok as voedsel vir haar geslag. Sommige Nama-informante het dit ook as 'n toets beskou om haar uitwerking op die vleis en die aanteel van die vee te bepaal. Sy is sekere dele soos die kop en harslag gegee om te eet. As sy ongelukkig was, sou die rou vleis bederf en indien dit lamtyd was, sou die pasgebore lammertjies vrek.

Die invloed van die meisie op die jag is ook bepaal. Die jagters het met hul kieries, gewere en honde uitgegaan. Hulle was gewoonlik, maar nie noodwendig nie, mans van haar eie gesin wat in die jag gelukkig was. Voordat hulle vertrek en sy hulle 'loop gelukkig' toewens, het hulle net buite die ingang van die kharu-oms gaan staan sodat die inisiant hul met die sâ-i wat sy gemaal het, kan 'streep' (dit wil sê 'n vinger in die sâ-i druk en 'n streep daarmee trek), meestal oor die waai van die werksarm, en oor hul wapens. Sy kon laasgenoemde ook met haar spoeg 'streep' en selfs daaroor blaas, of dit net aanraak. Die jagters kan ook hul jaghonde melk met sâ-i daarin gee om te drink, of hulself met sâ-i-poeier of met water en sâ-i was, om hul geluk te probeer vermeerder. Die water word dan in 'n bos weggegooi om nadelige beïnvloeding te verhoed. Indien die jagters reeds die eerste dag wild kry, of andersins jong wild of baie wild kry, is die inisiant as gelukkig bestempel en het sy ringe, krale en kopdoeke van die jagters as geskenke ontvang. 'n Ongelukkige meisie sou egter veroorsaak dat 'n jagter geen wild kry nie, die koeël agtertoe trek sodat die jagter homself skiet, daar hout in 'n jaghond se oog steek, die hond se hakskene en stertpunt bloei, of 'n roofdier die jagters aanval. Dan sê die jagters : 'Die meisie is slegte geluk. Sy is niks werd nie'.

As verdere toets vir haar invloed op die wild moes sy die harslag en soms die gekookte kop, wat volgens sommige informante aan die nek vas moes wees, eet. Dit was 'n besonder belangrike toets omdat sy hierdeur met die vleis van die wild in aanraking gekom het, die harslag en kop enige uitwerking vinniger sou uitwys as ander dele, en dit as die belangrikste dele van die wild (die 'lewe' van die dier) beskou is. Indien die stuk wild dragtig was, moes sy die gekookte fetus eet, om haar invloed op die aanteel van die wild te bepaal. Sy kon ook van die vleissop uitspoeg waarna sy 'loop gelukkig' sê, en die mans met die vleissop 'streep'. Hierna het die mans 'n laaste keer uitgegaan en indien hul weer wild kry, was hulle van haar geluk seker.

Gelukkige vroue het uitgegaan om veldkos te versamel. Die !Gâmi#nû-inisiante het die vroue se hande en graafstokke met sâ-i bestrooi. Indien hulle baie veldkos kry, of veldkos van besondere gehalte kry, was die meisie gelukkig en moes sy van die veldkos eet voordat hulle weer veld toe gegaan het.

Dieselfde prosedure is met betrekking tot heuninguithaal en visvang gevolg. Die inisiante 'streep' die mans oor die waai van die werksarm, en hul gereedskap (heuningstok en hengelgerei), met sâ-i en soms haar spoeg, waarna sy daarvoor kon blaas, of sy kon die gereedskap net aanraak. Hiernaas is 'n by tussen haar wenkbroue of op haar hand of werksarm vasgedruk tot dit haar steek. Indien sy ongelukkig was, sou die bye in die veld dan kwaai wees sodat die mans nie naby die nes kon kom nie, of die nes sou leeg wees. Indien heuning of vis gekry is, moes die meisie van die heuningkoek en stroop eet asook van die vis, gewoonlik die kop. Van die heuning is heuningbier gemaak waarvan die meisie dan 'n bietjie in haar mond sou neem en uitspoeg. Sy 'streep' die mans met die heuning en visvloeistof op die waai van die werksarm en wens hul geluk toe in hul tweede jag poging. Hierna is weer eens uitgegaan. As die heuninghalers en vissers meer suksesvol is, was dit duidelik dat die inisiante 'n gelukkige meisie is.

'n Persoon kon nie net ten opsigte van sekere lewensbronne gelukkig of ongelukkig wees nie. Dit beteken dat 'n meisie wat

negatief ten opsigte van die vee toets ook die jag en ander lewensbronne negatief sal beïnvloed. Die informante kon nie verklaar waarom dit dan nodig was om die meisie ten opsigte van al die fasette te toets nie.

Indien vasgestel is dat 'n meisie gelukkig is, het sy meer geskenke ontvang van verwante en vriende as 'n ongelukkige meisie. Dit het gevarieer van pruimtwak tot vee. Van 'n gelukkige meisie is baie gebruik gemaak. Haar vader en broers sou byvoorbeeld liewers vir haar vra om hul jagstokke en heuning-sakke aan te gee, en wildsvleis gaar te maak, omdat hulle dan verseker sou wees van wild en heuning.

Indien vasgestel is dat 'n meisie ongelukkig is, het die kai taras haar vermaan om nie tydens haar maandstonde self te melk, of 'n jong koei se melk te drink nie - veral nie as dit 'n koei met 'n eerste kalf is nie. Sy moes ook nie in die veld loop, in die groente tuin kom, en so meer nie. Hierbenewens moes sy nie oor mense se bene stap of agter hul verby stap sodat haar skaduwee op hul val nie.

Hoernlé (1923:525) en Vedder (1928:136) maak melding van toetse waarby die puberteitsinisiant betrokke sou gewees het. Vedder meld meer bepaald die melktoets waartydens die meisie melk van 'n koei met 'n eerste kalf gegee is om te drink. Hierbenewens meld Hoernlé dat die toetse 'n resente toevoeging van daardie tyd sou wees : 'In these degenerate days the Naman find it very inconvenient to have their women incapacitated so often and unable to attend to their daily tasks, and they have discovered that for most women it is quite safe to do these tasks'. Hierteenoor is van die informante wat vir die onderhawige studie ondervra is reeds in 1900 gebore. Hulle meld dat die toetse in die vorm soos hierbo uiteengesit op hulle sowel as hul moeders uitgevoer is. Dit beteken dat die konsep van natuurlike geluk teen minstens 1880 en vermoedelik ook lank voor die datum reeds 'n belangrike denklyn by die Khoekhoen was.

2.1.7 Die voltooiing van die seremonie

2.1.7.1 Die finale slagtery

Op die dag waarop die inisiant uit haar afsondering kom, is weer geslag - weer eens enige stuk vee, dit wil sê ook kapaters en hamels, net nie manlike diere nie. Die vleis was vir verbruik deur die gaste sowel as die meisie. Die informante is nie bewus van die gebruik om van die vet van die geslagte dier om die meisie se kop te hang soos deur Hoernlé (1918:74) vermeld word nie. Die vader van die meisie het die vleis voorsien. In resente tye word slegs tee en koek bedien.

2.1.7.2 Besoekers

Enige besoeker kon die verrigtinge bywoon. Die kwesbare periode was nou verby. Sommige is genooi, ander het vanself gekom. Volgens een informant het die kai taras sâ-i oor die aangekome besoekers in hul donkiekarretjies gestrooi. Die besoekers het vir die meisie geskenke gebring : klerasie soos 'n mooi kopdoek, versierings soos krale, of vee. Indien bevind was dat 'n meisie gelukkig is, het sy besonder baie geskenke ontvang. Daar word gesê : 'Ons gee geluk', dit wil sê 'n persoon se geluk is vermeerder deur die ontvangs van geskenke.

2.1.7.3 Die verskyning van die meisie

Die inisiant is gewoonlik teen sonder 'uitgedans' en reeds vanaf die oggend hiervoor voorberei.

Eerstens moes sy seremonieel gereinig word : om skoonheidsredes, maar veral om die verwydering van haar kinderlewe, waartydens sy eintlik maar net 'n seun was, te simboliseer, aangesien sy nou 'n 'nuwe mens' geword het (vgl. Hoernlé 1918:72); en volgens een informant om haar 'vry te maak, los te maak' na haar afsondering. Die finale reiniging is deur die kai taras gedoen, soms met die hulp van ander ou vroue en die meisie self, deur room, gestamppte hardevet, melk, of room en mis aan die meisie te smeer en die vullis dan 'af te rol'. Indien sy nie so ge-//am sou word nie, sou sy nie voorspoedig wees nie deurdat dit haar massatoename sou benadeel (sy sou 'geen groei

in haar hê nie'), en sy sou byvoorbeeld die veld brand met die vullis van haar vorige lewe as kind, of die rivier kon afkom en haar meesleur wanneer sy deurstep, ensovoorts. Hierna het die kai taras haar gegrimeer of 'geblom' sodat sy mooier sal lyk as by enige van die vorige geleenthede. Die gemsbokpatroon en 'toesteeek'-wenkbroue (wenkbroue wat mekaar aanraak) was besonder gewild. Laasgenoemde eienskap asook moesies is as begeerlik beskou en deur die Rivierslang wat self ook 'toesteeek'-wenkbroue het, bewonder. Haar arms en bene is met sigsagpatrone versier. Die grimering het haar nuwe status as nuwe mens en volwasse vrou beklemtoon.

Sy is nuwe klere wat by haar volwasse status pas, aangetrek. Haar kort rok is nou verruil vir 'n lange, en hierby is gedra verskeie kopdoeke (swartes, wittes en geles was besonder gewild), velskoene en versierings soos oorkrabbetjies, 'n kraleband wat styf om die nek pas, stringe krale, 'n kralekraag, enkelbande van krale, koper armbande en -ringe. Die versierings was normaalweg geskenke, of is aan haar geleen, of deur haar gemaak terwyl sy in die kharu-oms was. Verskeie skilpad-doppe gevul met sâ-i is deur 'n velgordel om haar middel geryg.

Die uitdansery uit die matjieshuis was die hoogtepunt van die seremonie. Gelukkige sowel as ongelukkige meisies is uitgedans.

Die musiekinstrumente wat by die uitdans gebruik is, was vroeër slegs rietfluite (zâdi) (vgl. Hoernlé 1918:73), later is ghitare, konsertinas en mondfluitjies gebruik. Die dansvorm word die 'Namastap' genoem. Die gaste dans aanvanklik alom die huis agter die orkes aan terwyl ou vroue die opening van die matjieshuis versper. Wanneer dit donker is, bring die kai taradi die meisie uit die kharu-oms tot in die matjieshuis, of daarbuite. Hulle omring haar. Haar kop word met 'n tjalie bedek. Volgens sommige informante het sy gebukkend agter die kai taras geloop en volgens ander het die kai taras die meisie ge-aba, in beide gevalle was sy toegemaak met die tjalie.

Die jongmans het gewedywer om eerste met haar te dans. Dié een wat daarin slaag om deur die vroue voor die ingang te dring en

die meisie te 'steel' kry die eer. Hy verskyn dan al dansend met haar. Hierdie jongman, die kai taras of die strooimeisie haal haar sluier af, en die meisie strooi sâ-i oor die dansers en in die vuur; volgens Hoernlé (1918:73) slegs oor die mans en seuns. Hierdeur 'strooi sy geluk uit'. Tussen die dansery deur word daar geëet.

Die meisie dans nie so lank soos die ander gaste nie, maar word weer deur die kai taradi na binne geneem. Die pensmis van die eerste slagding is op 'n bepaalde plek uitgegooi waar die dansers dit moes droogdans. Die besoekers het dikwels gedans tot die dagster verskyn. Die meisie het daardie aand weer in die kharu-oms geslaap, maar volgens sommige informante is laasgenoemde tydens die uitdansseremonie afgebreek en het sy op haar gewone plek in die matjieshuis gaan slaap.

Met die finale verskyning van die meisie is die kwesbare periode waarin sy en ander hul bevind het, en waartydens sy nie met haar gewone werksaamhede kon voortgaan nie, beëindig. Klem is gelê op die verkryging van haar volwasse status (die reiniging, grimering, nuwe kleding), maar veral haar volwasse status as vrou waarin mans sal belangstel. As gevolg hiervan was die uitdansseremonie met die jongmans van besondere betekenis.

2.1.7.4 Assosiëring

Die volgende dag is die meisie as 'n nuwe mens by herhaling in aanraking gebring met fasette wat van besondere belang was in die lewe van die Nama. Dit was nodig omdat die posisie van die inisiant verander het van kind, waartydens sy eintlik as 'n seun beskou is, na 'n volwasse vrou en dus 'nuwe' mens. Sy was dus vreemd aan die omgewing en sou daarom die lewensbronne kon benadeel het deur byvoorbeeld die veld te brand. Aan die ander kant sou, as gevolg van haar vreemdheid, fasette in die omgewing soos die reën, donderweer en Rivierslang ook negatief teenoor haar kon reageer. Die inisiant moes dus deur 'n proses van geleidelike toetrede weer met die omgewing verenig word. Daar is terselfdertyd op haar uitwerking ten opsigte van geluk gelet hoewel sy nie meer menstrueer nie, en die reaksie dus nie so duidelik sou wees nie. Aangesien sy 'n 'nuwe' mens geword

het, was die proses van assosiëring ook toetse ten opsigte van geluk op die 'nuwe' mens. Behandeling deur middel van assosiëring sou nie vir 'n ongelukkige vrou gehelp het nie en die negatiewe uitwerking van so 'n vrou sou dus in die daaropvolgende tyd geblyk het. Die meeste informante is dit eens dat die vrou eers tydens die proses van assosiëring die kharu-oms afgebreek het. Volgens sommige informante is sy 'vrygemaak' toe die kai taras haar gereinig het, en kon sy daarom opnuut met die lewensbronne en haar take verbind word. Ander reken dat sy eers na die herverbindings vry was van die beperkinge waaraan sy tydens haar afsondering onderworpe was.

Dit is insiggewend dat dit die gelukkige kai taras was wat die meisie in aanraking moes bring met die lewensbronne en take. Die kai taras het dus eerste kontak gemaak met hierdie fasette en sodoende probeer verseker dat die meisie 'n gelukkige nuwe begin sou maak. Hierbenewens is van middels (sâ-i) gebruik gemaak sodat die meisie se geluk behoue kon bly of vermeerder.

Die eerste assosiëring was met die werfvuur. Party informante vertel dat die agterste opening van die matjieshuis oopgemaak is. Die kai taras het 'n plaat met gloeiende kole voor die meisie se gesig gehou waarop laasgenoemde sâ-i gestrooi het sodat die rook en reuk in haar gesig opslaan, terwyl die kai taras haar tot by die vuur buite die huis gelei het waar die meisie sâ-i in die vuur gegooi, en drinkgoed gemaak het. Volgens ander het hierdie verrigtinge slegs by die buitenste vuur geskied.

Die kai taras het die meisie met as op die bokant van haar voet 'gestreep', en wel op die oorgang van haar voet na haar been, tussen die wenkbroue, op haar hand, of van die as op haar voet gestrooi. Die meisie gooi dan sâ-i in die vuur. Die kai taras het daarna 'n brandende stomp voor die meisie se gesig gehou sodat die reuk van die sâ-i in haar gesig kon kom. Die vuur het as simbool van 'n voldoende voedselvoorraad gedien. Sy het nou opnuut kontak verkry daarmee. Indien sy so gelukkig is, sal daar elke dag kos wees om gaar te maak : 'of die vuur sal elke dag brand'. Om dieselfde redes moes sy drinkgoed maak en

kruideniersware soos suiker uit ongeopende pakkies hanteer wat dus nog nie deur ander aangeraak is nie.

Die kai taradi, die inisiant, haar strooimeisie en die musikante het nou al dansende onder rietfluitbegeleiding na verskeie plekke gestap. By elke huis waar hul aangegaan het, het die kai taras die meisie met die as van die vuurmaakplek vertikaal tussen die wenkbroue, op die oorgang van haar voet na haar been, op haar hand, en onder haar knie 'gestreep'. Hierna het die meisie sâ-i in die vure, rondom die vure, in en rondom die huise gestrooi, en oral kruideniersware hanteer.

Die tweede assosiëring was met haar ouers se veekraal. Voordat sy toegelaat is om in te gaan, het die kai taras die meisie met mis bo-op die voet, op die hakskeen, onder die knie, tussen die wenkbroue of vertikaal op die hand 'gestreep'. Een informant verduidelik dat sy op die hakskeen 'gestreep' is sodat sy orals kon loop. Andersins strooi die kai taras bokmis op die inisiant se voete of laasgenoemde neem 'n bietjie mis in haar hand. Die inisiant strooi nou sâ-i in die kraal en oor die vee (vgl. Hoernlé 1918:74). Volgens een informant het sy 'n bietjie sâ-i in die mis begrawe. Dit is gedoen in 'n poging om geluk te bring aan die vee.

Volgens sommige informante moes die meisie die vee melk en hanteer (vgl. Hoernlé 1918:74). Sodoende het sy haar op nuut met hierdie lewensbron en haar take in verband daarmee geassosieer. Daar is ook gelet op die gedrag van die koei of ooi en die toestand van die melk. Sy is dikwels 'n wilde dier gegee om vas te hou en om vas te stel of sy 'n kalmerende uitwerking sou hê. Sy kon haar hande en die uier met sâ-i smeer voordat sy begin melk. Indien die dier siek sou word, onhanteerbaar sou raak, of vrek, of die melk bloederig sou wees, wys dit op 'n negatiewe invloed by die meisie.

Sy kon ook nou 'n jong bok vir haarself vang as 'n geskenk om vir haar geluk te gee. Dit is in ooreenstemming met die beskouing dat met die ontvangs van geskenke 'n persoon se geluk vermeerder.

Hierna is sy derdens met die tuin herverbind. Die inligting oor hierdie herverbinding neig tot teenstrydighede en dui waarskynlik op die resente toevoeging van tuinmaak tot die Nama-ekonomie. Dit skyn of die kai taras ook hier eers die meisie 'gestreep' het waarna laasgenoemde 'n bietjie water en sâ-i in haar mond geneem, en oor die groente ens. gestuif het, of sâ-i in die tuin gestrooi het. Hierna het sy van die groente aangeraak, daaraan gekou en dit dan uitgespoeg, waarna sy 'geluk' gesê, en die kai taras haar ook geluk toegewens het. 'n Gelukkige meisie het gesonde hande en die plante waarmee sy in aanraking kom, sou daarom floreer het.

Ten vierde is sy met die waterbron geassosieer. Hierna is sy na 'n waterbron soos 'n fontein, rivier, gora of selfs 'n sandleegte geneem en in resente tye na 'n leivoortjie of kraan. Een informant vertel dat sy nie na 'n waterbron geneem is nie, omdat haar ouers op daardie stadium in die Sandveld was waar waterbronne skaars is. Die meisie is tussen haar wenkbroue, op die enkel, op die skeen of kuit, onder die knie of op die hand met klam grond 'gestreep'.

Die inisiant, en volgens een informant ook die kai taras, het sâ-i in en by die waterbronne soos gora's en waterpype gestrooi om geluk ten opsigte van die watervoorraad te bewerkstellig. Sommige informante is van mening dat wanneer dit by riviere gedoen is, dit ook gedien het om die Rivierslang te sus en weg te hou, dit wil sê ook vir voorspoed ten opsigte van die gevare wat in die rivier skuil. Een informant het dit as medisyne teen dié slang beskryf. Dit is in ooreenstemming met wat Engelbrecht (1936:164) oor die Korana berig, asook met die Namagebruik dat 'n man met sâ-i gepoeier is voordat hy gevaarlike diere soos leeus of gemsbokke gaan jag het. Volgens ander informante sou sâ-i juis die Rivierslang en Grootlang aangetrek het, en moes dit dus nie buitekant gestrooi word nie.

Die kai taras het soms ook met 'n stok op die water geslaan sodat dit in die meisie se gesig spat. Haar vriendinne en die strooimeisie kon meedoen. Dit is gedoen omdat die meisie lanklaas in aanraking met water was, en om vas te stel of sy ongelukkig is en die bron sou laat opdroog. In resente tye het die

kai taras sommer met 'n stok in 'n emmer met water geslaan sodat dit op die meisie spat, of haar met water uit 'n bakkie besprinkel. Sommige informante is van mening dat daar op die water in die rivier geslaan is om die inisiant aan die Rivierslang bekend te stel, sodat hy haar nie sou pla as sy voortaan by die rivier kom nie. Die stok waarmee geslaan is, was met medisyne behandel. Die Rivierslang sou dan daar naby verskyn en na die inisiant gekyk het.

Die meisie het ook 'n bietjie water in die mond geneem en dit uitgespoeg terwyl die kai taras 'geluk, geluk' sê. 'n !Kharakaikho-vrou by die Kalahari Gemsbokpark vertel dat die kai taras met 'n stokkie in die grond gekrap en gesê het : 'Die vet loop soos water; die rivier is vol; baie water; dis 'n mooi jaar'.

Hierna is die meisie met die veldkos in die veld geassosieer. Sy moes deur die veld stap, die struik aanraak, van die blare afstroop, blomme pluk, van die takkies tussen haar hande vryf, die blare of vruggies kou en uitspoeg, of die vruggies van byvoorbeeld die rosyntjie- en hakiesdoringbome onder haar arms vryf. Volgens een informant het die kai taras van die blaartjies gekou en aan die meisie se bene gevryf. 'n !Kharakaikho-vrou vertel dat die kai taras en die meisie oor 'n nes met volstruiseiers gesprong het en daarna daarvan gaargemaak en geëet het. Die meisie het sâ-i op die struik en bo in die bome gestrooi sodat die veld nie sou verbrand nie, dit sou reën, die bome boomgom en veldkos sou dra, en die veld sou mooi word. Die kai taras het haar geluk toegewens. 'n Gelukkige meisie sou reën en vogtigheid bring sodat die veld nie sou verdroog nie en die plante floreer, maar 'n ongelukkige meisie sou die veld skroei en die plante laat verwelk. Droogtes is vroeër onder meer toegeskryf aan ongelukkige meisies aangesien hulle nie by die proses van assosiering baat sou gevind het nie, en dan tydens menstruasies die omgewing sou benadeel het. Die periodieke droogtes in resente tye word daaraan gewyt dat meisies nie meer die puberteitseremonie deurloop en met die water en veld geassosieer word nie.

Laastens moes die meisie as assosiëring met haar take en as toets onder die toesig van die kai taras voedsel vir die gaste voorberei. Daar is gelet op die uitwerking indien sy suiker, heuning of melk in die vuur sou stort. Indien dit skerpioene, slange, roofdiere of die Grootlang sou aantrek, is sy as ongelukkig beskou.

Gelyktydig met bogenoemde assosiëring met die lewensbronne as sulks is die inisiant volgens sommige informante opnuut ook met haar take nl. die melk van vee, water- en hout haal, veldkos-versamel, en voedselbereiding herverbind deurdat die kai taras haar in hierdie take formeel voorgegaan het. Sy sou byvoorbeeld aan die speen vat, die meisie se hand daarop plaas en so saam met haar melk (vgl. Hoernlé 1918:74). Die assosiëring was nodig na haar afwesigheid van hierdie take. Dit is terselfder tyd ook 'n poging tot vermeerdering van die meisie se geluk deurdat die kai taras wat gelukkig moes wees telkens eerste die voorwerp aangeraak het voordat sy die meisie se hand bo-oor haar eie geplaas het.

Die kai taradi het die meisie tydens die eerste reën en donderweer ook met hierdie natuurverskynsels geassosieer. Dit kon geskied reeds terwyl sy in die kharu-oms was, maar nie meer gemeenstrueer het nie, of nadat sy uitgekom het. Hierdie handeling om in die eerste reën te loop, is tuteba genoem. Ook ander meisies wat onlangs die puberteitseremonie deurloop het, maar nog nie aan die reën en weerlig bekendgestel is nie, moes die prosedure nakom. Die meisies word deur die kai taradi of ander jong meisies in die reën rondgejaag en met die hand of 'n voorwerp soos 'n stokkie of doeke en tjalies op veral die kruis geslaan, of hulle doen dit self met mekaar. Volgens een informant is hul telkens op die weerligslag geslaan, maar volgens ander is dit ook gedoen wanneer reën sonder weerlig voorgekom het. Hiertydens word die meisies na die leegtes waar reënwater is of na 'n riviértjie geneem waar hulle water in die mond neem en uitstuif of daarmee oor die gesig vee en dan deurstap.

Die doel met hierdie handeling was om die meisie met die reën en donderweer te verbind sodat sy nie nadelig daardeur geaffekteer sou word wanneer sy buite moes wees nie. Die Khoekhoen

verwys hierna as om te 'dokter'. Eerstens sou dit voorkom dat sy wanneer sy byvoorbeeld later moet gaan hout haal, koue vat, op veral haar kruis, en sou dit verhoed dat sy swangerskapprobleme ontwikkel of haar maandstonde wegslaan, en sy dus tering kry. Dit skyn of die kruis van 'n vrou as besonder belangrik beskou is veral ten opsigte van menstruasie, swangerskap en geboorte. Tweedens sou dit verhoed dat die weerlig haar veral tydens swangerskap, maar ook tydens menstruasie wanneer vroue as gevolg van hul reuk makliker getref kon word, raakslaan. Volgens twee informante is dit ook gedoen sodat die meisie nie voortaan vir die weerlig en donderweer sou skrik nie.

Die toetse met betrekking tot versamel, hengel en jag wat vroeër beskryf is, kon ook nou, nadat die meisie die kharu-oms verlaat het, uitgevoer word. Aangesien sy egter nie nou menstrueer nie sou hierdie toetse, nie haar invloed so duidelik uitwys as tydens menstruasie nie.

2.1.7.5 Die eerste dae na haar afsondering

Omdat sy vir 'n lang tydperk in 'n beskutte omgewing afgesonder was, moes die 'nuwe' meisie die eerste en soms ook die tweede opeenvolgende week tuis bly, haar uit die wind hou, net met lou of warm water kontak hê, en haarself warm aantrek sodat sy nie siek word nie.

2.1.8 Verandering

Die puberteitseremonie is vroeër deur die kerke afgekeur omdat dit die jongmans se aandag op die meisie se volwassenheid sou vestig.

Sover bekend is die laaste puberteitseremonie in die Richtersveld in 1974 uitgevoer. In die periode tussen 1940 en 1950 het die uitvoering oral 'n vinnige afname getoon. Volgens Budack is dit nog in 1965 te Tses uitgevoer. Du Pisani meld dat dit te Gibeon in die geheim uitgevoer is in 1976. Op Hairaxabes en Gabis word dit glad nie meer gedoen nie. Dit is interessant dat dit egter nog gereeld in Upington uitgevoer word. Dit kan moontlik toegeskryf word aan 'n teruggryp na die tradisionele as gevolg van ontworteling deur te snelle akkulturasie.

Vandag word die meisie gewoonlik hoogstens binnenshuis gehou en warm aangetrek. Sorg word ook gedra dat sy nie in 'n trek kom of met koue water in aanraking kom nie. Sy word gewaarsku dat sy voortaan kan swanger raak.

Die periodieke droogtes en gebrekkige kos vir die mense word as oorsake vir die nalaat van die seremonie genoem. Dit lei daartoe dat ongelukkige, menstruerende vroue nie meer deur toetse uitgewys word en daarvolgens aan verbodsbepalings onderwerp kan word nie.

2.1.9 Gevolgtrekkings

'n Dogter verander met die bereiking van puberteit van kind na volwassene en word dus volgens Khoekhoe-siening 'n 'nuwe' mens (vgl. III:2.1.3). Die mens se jeugfase en volwasse fase word dus beskou as twee afgeslote verbande waartussen 'n oorgangseremonie bewerkstellig moes word.

Die meisie se liggaamlike welsyn is vanaf bereiking van puberteit in 'n groot mate aan haar vermoë om goed te menstrueer gekoppel. Hierbenewens kan sy voortaan voortplant en hou ook dit met haar menstruasie verband (vgl. III:2.1.3). Voortaan moes ook met haar potensiële vermoë om 'n negatiewe uitwerking op die omgewing te hê, rekening gehou word (vgl. III:2.1.3).

Daar is ongesiene kragentiteite aan 'n persoon verbonde. Eerstens beskik die mens, naas 'n liggaam, oor positiewe persoonlikheidseienskappe wat aanwesig is in liggaamskomponente soos die bloed, afskeidings, skaduwee en aura van die persoon (vgl. III:2.1, 2.1.4, 2.1.6.7). Hierdie aangebore besit van geluk of ongeluk word veral by vroue tydens menstruasie duidelik meetbaar (vgl. III:2.1.3). Hiernaas is daar die kragentiteit wat met die menstruele reuk van 'n vrou (vgl. III:2.1.5) en met die potensiële analogie verbonde aan haar menstruele vloei (vgl. III:2.1.5) verband hou. Hierdie kragentiteit is dus in 'n besondere mate aan bloed en, vanweë hul vermoë om te menstrueer, veral aan vroue verbonde, en is juis vanaf puberteit sigbaar. Laastens was daar vanweë die oorgangstadium waarin sy haar bevind kragkomponente aan haar verbonde wat met haar ou lig-

gaamsvullis en haar verandering na 'n nuwe mens verband hou (vgl. III:2.1.5).

Hierdie kragentiteite wat aan 'n mens verbonde was, kon die omgewing, dit wil sê ander mense, die natuur en bonatuurlike wesens in die natuur beïnvloed. Die negatiewe uitwerking van die kragentiteite kon voorkom word deur bepaalde belemmeringe in ag te neem (vgl. III:2.1.3). Hoewel hierdie kragentiteite wat aan die mens verbonde is, wel die donderweer, slange en Rivierslange kon beïnvloed deurdat hierdie verskynsels aggressief kon word, kon dit nie hierdie verskynsels benadeel nie (vgl. III:2.1.3).

Dit wil voorkom of daar, volgens Khoekhoe-siening, ook kragentiteite buite die mens voorgekom het aangesien 'n gelukkige persoon by magte sou wees om die vermoë van 'n kragentiteit in die natuur te verbeter byvoorbeeld die groeivermoë van plante en aanteelvermoë van diere (vgl. III:2.1.6.7). Ook sou 'n ongelukkige persoon in staat gewees het om aggressiwiteit op onnatuurlike wyse by slange te ontlok (vgl. III:2.1.6.7). Die moontlikheid van 'n kragentiteit in die natuur word gesuggereer in die gebruik van melk (vgl. III:2.1.6.1), bepaalde middels soos sâ-i uit die natuur (vgl. II:2.1.6.4), en deur die gebruik van die gemsbok- en springbokgrimeerpatrone (vgl. III:2.1.6.3), wat moontlik op bonatuurlike krag by hierdie komponente kan dui. Dit wil voorkom of gereken is dat 'n konsentrasie van krag in bepaalde dele van die vee en wind voorgekom het naamlik in die kop en harslag (vgl. III:2.1.6.7).

Daar was ook kragkomponente buite die mens wat nie entiteitsgebonde was nie. Eerstens was daar kragkomponente wat tot voordeel van die mens aangewend kon word. So 'n positiewe kragkomponent was teenwoordig in bepaalde woorde (vgl. III:2.1.7.4) en in handeling van uitwissing soos reiniging van die liggaam (vgl. III:2.1.7.3). Dit lyk of die beginsel van analogie hier 'n belangrike rol gespeel het. Tweedens wil dit voorkom of 'n negatiewe kragkomponent in werking kon tree indien die tradisionele patroon van handeling verbreek sou word (vgl. III:2.1.3).

'n Meisie wat die puberteitseremonie deurloop het, sou dus die kragbalans in die heelal versteur. Die rede hiervoor was dat sy 'n 'nuwe mens' geword het onder andere vanweë die groter krag waaroor sy na die oorgangsfase beskik. Dit het enersyds tot gevolg dat sy die lewensbronne kon benadeel en andersyds dat groter kragte in die natuur teenoor die buitengewone kragkomponent naamlik die nuwe mens, in opstand kom.

Benewens 'n nuwe mens het ook 'n ongelukkige mens 'n negatiewe uitwerking op die omgewing gehad. 'n Nuwe mens kon egter harmonie met die omgewing verkry, terwyl dit vir 'n ongelukkige persoon nie moontlik was nie.

Dit wil voorkom of daar volgens Khoekhoe-opvatting verskillende kategorieë van kragentiteite buite die mens teenwoordig was. Eerstens was daar die werfgoed (byvoorbeeld die vuur, veekraal, tuin en take in verband hiermee) van die ouerhuis waarmee 'n meisie haar na haar puberteitseremonie moes assosieer. Tweedens was daar die ander nabygeleë huise wat almal deel uitgemaak het van die patrilokale gesinnegroep (vgl. III:8.4), en saam met die ouerhuis die werf uitgemaak het waar nabye verwante saamwoon. Die laaste kategorie het entiteite buite die omlyning van die patrilokale gesinne-eenheid insluit, naamlik die lewensbronne in die veld soos die waterbronne, veldkos en take in verband daarmee, en kragentiteite soos die reën, donderweerlig en Rivierslang wat met die negatiewe krag van water verband hou en sterker as die mens is (vgl. II:1.3.7).

Die vereiste dat 'n persoon, omdat sy fisies verander het van kind na volwassene, haar as nuwe mens met die omgewing moes assosieer (vgl. III:2.1.7.4), impliseer die verbreking van 'n band wat tussen die meisie en die omgewing bestaan het, en die herstel van die verbroke band. Die meisie het vanaf geboorte natuurlikerwys 'n band met haar geboorteplek, terwyl deur middel van assosieringshandelinge 'n band met die omgewing buite die werf opgebou is. Hierdie bande is met die oorgangstadium verbreek en moes dus herstel word (vgl. II:2.2.1.4.1). Die feit dat 'n ongelukkige meisie nie by 'n proses van assosiering sou gebaat het nie (vgl. III:2.1.7.4), impliseer verder dat

daar vanweë die persoonlikheidskenmerke nie 'n band tussen 'n ongelukkige persoon en die omgewing kon bestaan nie.

Die Khoekhoen het die oue as die teenoorstaande van die nuwe beskou (vgl. III:2.1.7.4). Daar was dus in hierdie opsig 'n basiese teenstelling in hul wêreldbeskouing.

2.2 Die puberteitseremonie van die Khoekhoe-seun

Daar word in die literatuur van 'n puberteitseremonie vir 'n Khoekhoe-seun melding gemaak. Die hoofelemente was skynbaar dieselfde as dié van die seremonie vir 'n meisie, naamlik afsondering, verbodsbepalings, onderrig en assosiëring. Insgeelyks was die doel om die oorgang van 'n seun na 'n man te bewerkstellig (Schapera 1930:279-284). Die Khoekhoe-informante is egter, sover vasgestel kon word, vandag totaal onbewus van hierdie gebruike. Dit het reeds verval.

3. MENSTRUASIE

Die natuurlike proses van menstruasie bied insig in die werking van die liggaam en invloede van buite daarop.

Om te menstrueer is met die werkwoorde //khâ/aesen en kharu aangedui. In Afrikaans is gesê 'n vrou 'was' of 'het haar gesondheid'. Eersgenoemde het op die gedurige was van doekies in die resente verlede, en onderklere, tydens maandstonde, gedui en laasgenoemde op die verband tussen haar algemene gesondheid en menstruasie.

Die tradisionele plaasvervanger vir die hedendaagse sanitêre doekie was 'n deurtrekkertjie van saggebreide onthaarde vel wat met oker en sâ-i ingevryf was. Die vroue het oker aan hul bene gesmeer om moontlike afgeloopte bloederigheid te verbloem en hul liggame met sâ-i gepoeier, sodat geen menstruele reuk bespeur sou kon word nie.

3.1 Die nut van menstruasie

Menstruasie is as 'n natuurlike proses beskou wat gereeld moes geskied en waartydens 'n vrou genoegsaam moes vloei aangesien hierdeur van vuil bloed, waarin siektes soos kanker kon wees, en wat branderig sou wees, ontslae geraak kon word, en dit dus haar gesondheid kon bevorder. As gevolg hiervan is na die maandstonde as 'n vrou se 'gesondheid' verwys. 'n Menstruerende weduwee sou byvoorbeeld op hierdie wyse van die siekte waaraan haar man moontlik gesterf het, en wat sy waarskynlik oorgeneem het, ontslae kon raak. Die Khoekhoen beskou dit as 'n voorreg wat vroue bo mans geniet. 'n Man sou slegs deur gereelde geslagsomgang van siekte verlos kon raak. Daarom was dit as besonder gevaarlik beskou om sommer met enige man geslagsomgang te hê.

Indien 'n vrou nie gereeld haar maandstonde kry nie, sou sy sieklik en opgeblaas word, soos dikwels blykbaar met vroue verby hul oorgansjare die geval is. Daar is geglo dat indien 'n vrou se menstruasie staak, dit 'boontoe sou slaan' en die longe verstop. Dit sou daartoe lei dat sy uitteer en 'winddroog raak', tering kry, bloed braak, en selfs sterf. Indien 'n vrou egter te sterk vloei sou dit ewe-eens gevaarlik wees.

3.2 Die kwesbare posisie van 'n menstruerende vrou

'n Menstruerende vrou was in 'n kwesbare posisie aangesien verskeie faktore haar gesondheid kon benadeel.

'n Vrou se menstruasie sou nie met koue water en die wind 'paar' ('n paar kon vorm) nie. Dit was veral belangrik dat haar kruis moes warm bly. Sy moes dus nie met koue water was nie, maar haarself met beesmis en room of lou water reinig, warm aangetrek wees, en uit die wind bly sodat haar menstruasie nie sou wegslaan nie. Koue sou veroorsaak dat haar bloed koud word en in die are stol, sodat die vloei staak en die blokkasie pyn en klonte veroorsaak.

Sy sou dus nie vuil bloed kon uitskei nie. Staking van menstruasie kon daartoe lei dat die vrou winddroog geraak het, dit wil sê uitgeteer het, nie groei nie, en selfs kon tering kry.

Hierbenewens sou koue veroorsaak dat sy pyn ondervind tydens menstruasie, swangerskap en bevallings. Omdat warmte bloedvloei stimuleer is die vrou gemasseer. Hierbenewens moes sy medisyne soos dassie-urine en nunu drink sodat sy kon uitvloei.

Die reuk van 'n menstruerende wat haarself nie reinig nie, kon vir haarself ongesond wees. Sy kon ook hiervan naar word, braak, of diarree kry.

Ongewenste persone soos kwaadwilliges, persone wat die !qao#gom-seremonie deurloop het, asook swanger en mede-menstruerende vroue kon 'n menstruerende benadeel veral tydens haar eerste menstruasie of net nadat sy geboorte geskenk het aangesien sy dan baie kwesbaar was (vgl. III:2.1.4, 7.2). As gevolg van haar kwesbare toestand moes 'n menstruerende vrou liefs tuis bly, om kontak met ongewenstes uit te skakel, en moes sy nie haar menstruele afval gooi waar ongewenste persone daaroor kon loop, of dit kon bekom om haar te benadeel nie.

'n Menstruerende vrou, en veral 'n ongelukkige menstruerende vrou, moes haarself gereeld reinig en sâ-i gebruik sodat sy nie as gevolg van haar menstruele reuk sou veroorsaak dat slange en skerploene die Veldslang of Rivierslang en roofdiere aggressief sou raak en na haar toe sou kom nie. Indien daar van haar menstruele bloed in die vuur sou val, as sy byvoorbeeld daaroor tree, sou hierdie uitwerking erger wees omdat die reuk dan skerper sou wees. Hierdie hele reaksie is deur een informant toegeskryf aan die feit dat die menstruele bloed mensbloed is. Die afleiding sou dus gemaak kon word dat sekere fasette in die natuur as aggressief teenoor die mens voorgestel is.

Die menstruele reuk het 'n vrou kwesbaar, maar ook 'n risiko vir ander persone wat by haar was, gemaak. 'n Menstruerende vrou en veral 'n ongelukkige, menstruerende vrou, sou as gevolg van haar reuk makliker deur die weerlig raakgeslaan kon word. Hierbenewens sou sy kon veroorsaak dat die see kwaai en rooi van kleur sou word, en haar sou wou intrek. Die man van 'n menstruerende vrou moes liefs nie oorlog toe gaan nie, omdat hy dan definitief sou sterf.

3.3 Die negatiewe invloed van 'n menstruerende vrou

Menstruerende vroue kon op mense 'n nadelige uitwerking hê.

Alle menstruerende vroue is as besonder gevaarlik vir 'n man tydens geslagsomgang beskou. Die verbod op geslagsomgang met menstruerende vroue, en die gevolge indien omgang tog sou plaasvind, sal later (vgl. III:5.3) bespreek word. Hierbenevens moes 'n menstruerende vrou nie oor 'n man se bene tree, of vir hom voedsel voorberei nie. Hulle moes ook nie op mekaar se beddens sit nie. 'n Man moes geen kontak met haar vuil menstruele bloed hê nie, aangesien dit kon veroorsaak dat sy geslagsdele opswel, hy verstop raak en dus nie meer sou kon urineer nie, sy geslagsdele uitsak, hy sere op sy bene kry, ensovoorts. Volgens sommige kon hy ook verlam raak. Vroue wat ligter van kleur is, sou egter minder gevaarlik wees. 'n Man kon /nunu of wildepampoewortel drink om die nadelige bestanddeel waarmee hy besmet geraak het uit te skei.

'n Menstruerende vrou kon 'n baba benadeel indien sy byvoorbeeld die sagtevet waarmee hy gesmeer word, sou aanraak, sy neus afvee, ensovoorts, te meer indien dit 'n seuntjie was. Die baba se oë sou rooi, branderig en dus waterig word. Die baba kon selfs swak oë kry, of blind raak. Aanraking met die baba se neus kon sere daar veroorsaak. Hierdie reaksies kon verhoed word indien die menstruerende vrou eers van haar maagvelvullis oor die baba se oë smeer, dit wil sê haar eers met die baba se oë geassosieer het. Die informant was nie in staat om te verduidelik waarom dit juis die maagvelvullis moes wees nie.

Behalwe vir mans en babas is sy as besonder gevaarlik beskou vir persone in 'n kwesbare toestand. Na die invloed van menstruerende vroue op mede-menstruerende vroue is reeds verwys (vgl. III:3.2). 'n Menstruerende vrou sou die siekte van 'n sieke vererger, veral ten opsigte van gevaarlike siektes soos //âudas ('n siektetoestand in die litte van veral die nek), of kanker, en sou veroorsaak dat die snye van persone wat die !gao#gom-behandeling ondergaan het, nie genees nie. Volgens

een informant kon die uitwerking toegeskryf word aan die reuk van die vuil bloed van die menstruerende.

Alle menstruerende vroue sou vanweë die teenwoordigheid van bloed en die bloedreuk veroorsaak het dat die wild sku sou word. Ongelukkige, menstruerende vroue was ≠khâi (verbode) en nadelig vir die lewensbronne. Indien sy dus deur die veld of tuin sou geloop het, sou sy dit gebrand het, indien sy gemelk het, sou die melk bloederig geword het, indien sy oor 'n jaghond geloop het, sou hy sterf, ensovoorts. As gevolg hieraan was sy kontak met die lewensbronne verbied. Dit was byvoorbeeld vir haar verbode om koeimelk te drink, om oor die jaghond te loop, wildsvleis of vis te eet, of in die tuin te werk. Aangesien mense nie altyd bewus was van 'n persoon se staat van geluk nie was die verbodsbepalinge veiligheidshalwe dikwels op alle menstruerende vroue van toepassing gemaak. Indien 'n ongelukkige menstruerende vrou haarself nie aan die verbodsbepalinge wou of kon onderwerp nie, kon sy voor kontak met die lewensbronne deur 'n gelukkige vrou 'gestreep' word, byvoorbeeld onder die arms, tussen die wenkbroue, of op die regterbeen. Dit is gedoen met die stroop van heuning, rou wildsvleis of wildsbloed, rou vis, visbloed of vloeistof binne die vis. Maria Swartbooi meld met betrekking tot veldkos dat 'n gelukkige vrou en daarna die ongelukkige menstruerende vrou daaraan kon kou en dit uitspoeg. Volgens sommige kon geen assosiëring gedoen word met groente, melk en harslag nie omdat kontak daarmee totaal verbode was. Maria Swartbooi verduidelik dat 'n menstruerende vrou tussen die wenkbroue 'gestreep' is omdat 'n mens as baba by die kop begin groei, en op die regterbeen omdat dit die been is waarmee eerste gestap word.

Indien 'n ongelukkige menstruerende vrou 'n ander persoon ekonomies ongelukkig gemaak het, moes laasgenoemde ook deur 'n gelukkige persoon 'gestreep' word om sodoende die nadeel te beëindig.

Slegs wanneer daar definitiewe sekerheid was oor 'n vrou se goeie geluk is sy toegelaat om tydens menstruasies melk te drink, by die vee of tuin te kom, asook wildsvleis, vis en heuning te eet. Veral 'n jong vers, en in 'n groter mate 'n

jong vers met 'n eerste kalf, is met groot omsigtigheid benader. As veiligheidsmaatreëls teen menstruerende vroue het mense somtyds hul koeie met sekere middels ingesny. Dit sou veroorsaak dat indien 'n menstruerende vrou onwettig van die melk sou drink, sy sou opblaas en siek word.

3.4 Gevolgtrekkinge

Die gesondheid van 'n Khoekhoe-persoon was onderhewig aan gereelde belemmeringe vanuit die omgewing. Persone kon wel van vuil bloed en siektes ontslae raak, in die geval van 'n vrou deur maandelikse menstruasie terwyl 'n man dit deur geslagsomgang moes doen (vgl. III:3.1). Menstruasie was dus 'n bewys van gesondheid. Vroue verby die oorgangsjare was daarom dikwels minder gesond as dié wat nog menstrueer.

Daar was 'n gevaarlike kragkomponent in 'n menstruerende vrou aanwesig. Dit was gesetel in die menstruele bloed as sulks (vgl. III:3.3), in die reuk van die menstruele bloed (vgl. III:3.2, 3.3), en in die analogie verbonde aan bloed (vgl. III:3.3). Hierdie kragkomponent kon 'n negatiewe uitwerking op die omgewing hê. Dit het 'n siekmakende en skadelike gevolg gehad veral op mans, babas, kwesbares soos siekes, asook op die voedselbronne in die natuur (vgl. III:3.3). 'n Menstruerende vrou moes dus vermydings nakom om nie die omgewing te benadeel, en dus van opsetlike benadeling beskuldig te word nie. Hierbenewens het hierdie kragtige kragkomponent van die menstruerende vrou tot gevolg gehad dat negatiewe kragte vanuit die natuur na die vrou aangelok is (vgl. III:3.2). Hierdie kragkomponent verbonde aan die vrou kon egter nie die Grootslange en die weerlig benadeel nie.

Dit is duidelik dat ongelukkige menstruerende vroue 'n sterk negatiewe invloed geopenbaar het. Hierdie negatiewe invloed was ten opsigte van fyngvoelige mense soos babas, siekes en sovoorts, maar ook ten opsigte van die natuur. Gewone gelukkige menstruerendes kon net fyngvoelige mense benadeel en nie die natuur nie. Omdat mense nie altyd kennis gedra het van 'n persoon se toestand nie is alle menstruerendes aan verbodsbe-

palinge onderhewig gemaak, en is daar nie onderskei tussen die twee omvange van kragwerking nie.

Benewens genoemde kragte in die natuur wil dit voorkom of daar volgens Khoekhoe-siening 'n kragkomponent in plante soos die /nunu en in diere soos die dassie gesetel is wat tot voordeel van die mens aangewend kon word (vgl. III:3.2).

Dit wil voorkom of basiese teenstellings in die Khoekhoe-wêreldbeskouing 'n rol gespeel het. Persone met ligte velle sou meer aanvaarbaar gewees het as dié met donker velle (vgl. III:3.3), en koue sou, in teenstelling met warmte wat die liggaamprosesse sou bevorder het, dit benadeel het (vgl. III:3.2).

Dit blyk dat in resente tye die konsep van geluk uitgebrei is om die konsep van vuil bloed en analogie in te sluit aangesien geglo is dat veral ongelukkige menstruerende vroue 'n slegte reuk sou gehad het, en dat net sommige menstruerendes ander deur middel van analogie sou kon benadeel.

4. HUWELIKSLUITING

4.1 Vereistes by huweliksluiting

Hoewel die Khoekhoen vandag monogame huwelike sluit, meld Hahn (1867:332), Kohler (1902:342) en Wandres (1903:317) dat poligynie vroeër deur sommige gegoede en gesagdraende mans beoefen is.

Informante is tans onbewus daarvan dat eksogamie in die verlede voorgekom het (vgl. Schapera 1930:244). Die enigste aansluitende vereiste waarvan hulle bewus is, is dat nie met nabye verwante soos broers, susters en parallelle neefs en niggies in die huwelik getree moes word nie. Die meeste informante sluit kruisneefs en -niggies hierby in omdat alle neefs en niggies as broers en susters beskou is, en aangesien huwelike tussen hierdie persone volgens hulle tot gebrekklike kinders sou lei. Slegs enkeles is van mening dat sulke huwelike toegelaat is. Volgens Hoernlé (1925:21) het huwelike tussen kruisneefs en -niggies wel voorgekom, maar was dit nie baie algemeen nie.

'n Meisie moes reeds die puberteitseremonie deurloop het alvorens sy toegelaat was om in die huwelik te tree. Volgens die literatuur skyn dit of 'n seun reeds geïnisieer moes wees, dit wil sê adolessente ouderdom moes bereik het, hoewel die informante onbewus is van inisiasieseremonies wat vir seuns uitgevoer is (Schapera 1930:244, 280, 281).

Die ouers het beheer uitgeoefen oor 'n kind se keuse van 'n huweliksmat, en kon hom of haar verbied, of verplig, om met 'n sekere persoon te trou. Daar moes uit eerbied vir die insig van die ouers nooit teen hul wil gehandel word nie, aangesien die ouers nie oppervlakkig na die potensiële huweliksmat sou kyk nie, maar die gedrag en agtergrond van die persoon in ag sou neem. Indien wel teen hul wil gehandel sou word, sou die huwelik ongelukkig wees. Hoewel dit nie in alle gevalle gebeur het nie, kon 'n man se moeder op eie inisiatief of omdat sy deur haar seun daartoe versoek is, vir hom 'n vrou kies. Sy het dit gedoen deur 'n string krale of 'n kralekraag om die meisie se nek te hang en haar dus sodoende as bruid vir haar seun te 'merk'. Sou die seun se moeder reeds oorlede wees, kon dit deur sy grootmoeder, tante, of selfs oudste suster gedoen word. Indien die meisie en haar ouers hiermee saamstem, moes sy die string krale of kralekraag in die openbaar dra, indien nie, moes sy dit nie aanvaar nie. Dit was 'n teken vir die ander jongmans dat sy reeds aan 'n man beloof was.

4.2 Die verhouding

'n Man en meisie wat 'n verhouding met die oog op 'n huwelik wou aangaan, het saam 'n stokkie deurgebreek, volgens een informant sodat die gedeelte van die man (die manlike deel) langer as dié van die vrou sou wees. Die verhouding is deur wedersydse respek gekenmerk en die betrokkenes het mekaar dan ook as 'my skaamte' (titaos of ti taob) aangespreek. Hierdie gebruik is lank reeds gestaak.

Met die aanvang van 'n voorhuwelikse verhouding het 'n tydperk van vermyding tussen die man en meisie ingetree wat tot met die huwelik volgehou is. Volgens die literatuur (Schapera 1930:245) asook informante in die Richtersveld het die ver-

myding gesprekvoering ingesluit. Sommige informante meld dat daar wel in die geheim of deur 'n tussenganger met mekaar gepraat kon word. In elk geval moes die man, wanneer hy in die aand vir die meisie gaan kuier het, huis toe gaan wanneer die meisie se ouers gaan slaap het. Die vermyding het die voorkoming van voorhuwelikse swangerskap ten doel gehad.

Gedurende hierdie tyd het die meisie en man ook die een se getrouheid aan die ander getoets deurdat die man die meisie vir 'n tydlank nie sou besoek nie, en die man en meisie dan by hulle vriende sou uitvind of die een aan die ander getrou was.

4.3 Die huweliksprosedure

Nadat die man en sy ouers besluit het op 'n dag wat hulle by die meisie se ouers sou gaan 'vrou vra', het die meisie, of 'n skoonsuster van haar, die meisie se moeder van die dag in kennis gestel. Sy het dit dan aan haar man, die vader, oorgedra. 'n Skoondogter het 'n belangrike status gehad omdat sy in die familie ingetrou en haar by haar man se mense gevestig het, terwyl eie dogters die huis verlaat om hulle by hul skoonfamilie te vestig. Hierbenewens het eerbied vir die eie moeder en veral die vader verhoed dat hulle direk deur die meisie genader kon word. Die meisie het self die res van die verwante, en soms selfs goeie vriende, in kennis gestel.

Wanneer 'vrou gevra' is, moes, benewens die man en meisie, nabye verwante soos die vader en moeder, grootmoeder en grootvader, ooms en tantes, en soms ook goeie vriende, teenwoordig wees as getuies van die huwelik. Die huwelik is as 'n aangeleentheid tussen twee families beskou en was dus ook die verantwoordelikheid van beide families. Beide groepe het aanverwante en die gepaardgaande verpligtinge (vgl. III:8.5) bygekry. Sodoende sou dit na die huwelik byvoorbeeld die plig van die man se ouers wees, om die meisie met die opvoeding van die kinders by te staan, en was haar eerste plig by hulle wanneer hulle siek was. Dit was dus noodsaaklik dat beide groepe teenwoordig moes wees.

Die man se mense het tee, koffie, suiker, melk, en tabak saamgebring wat gedurende die vraery gebruik is. Hulle en die mense van die meisie het by die tuiste van die meisie se ouers regoor mekaar plaasgeneem. Die eerste paar keer wat die vraery plaasgevind het, het slegs die vroue gesels. Die seun se ma sou heel eerste gevra het of haar seun die meisie kon kry, waarna die meisie se moeder sou weier op grond van denkbeeldige foute van haar dogter, soos dat sy lui, vuil, ongeskik, ensovoorts sou wees. Die man se mense sou dan huis toe vertrek het, en op 'n ander dag terugkeer het. Die man se mense sou volgehou het dat hulle tog die meisie wou hê, waarop die grootmoeder, soms ook die tantes, en na die eerste besoeke ook die mans, die bespreking verder sou gevoer het. Die man se groep moes by verskeie geleenthede kom 'vrou vra' en is telkens die meisie geweier. Die man sou egter nooit moed verloor het nie, omdat hy vooraf deur sy ouers van die prosedure verwittig was. Die meisie se mense het hul toestemming weerhou, om vas te stel hoe graag die man die meisie wou hê, en hoeveel hy dus vir haar omgee, maar ook sodat die man nie later kon kla dat hy onbewus was van haar tekortkominge nie.

Nadat die man se mense namens hom die 'vrou gevra' het, sou die meisie se ouers, hoewel die man al die tyd teenwoordig was, gevra het : 'Wie is die man wat ons dogter wil hê? Het hy nie 'n mond nie?' Wanneer hy dan aangewys is, is hy met opmerkings soos dat hy soos 'n skelm sou lyk, gekritiseer. Hierop sou die man tussen die twee groepe gekniel, na die meisie se ouers gekyk, en om die meisie gevra het, waarna die meisie ook by haar eie ouers verlof sou gevra het om met die man te mag trou. Die meisie se moeder sou geantwoord het : 'Hier is die kind, vat haar, ek gee haar af. Moenie haar verniel nie. Bring haar terug sonder 'n merkie aan haar soos jy haar ontvang het'. Hierop het die man en sy mense die meisie se mense bedank deur met hul hand te skud.

Nadat op die wyse toestemming gegee is, is begin met die voorbereidings vir die huwelik, byvoorbeeld die bepaling van die dag deur die man en sy ouers, die bekendmaking daarvan aan die meisie se ouers, en die maak van 'n matjieshuis vir die paar-

tjie. 'n Paar ou vroue met 'n gelukkige huwelikslewe het as toesighouers opgetree sodat die huweliksprosedure reg uitgevoer sou word, en geen onreëlmatighede sou plaasvind nie.

Die man se vader het die slaggoed voorsien, en sy moeder en tantes nuwe velklere vir die bruid, vir die huweliksfees aan huis van die meisie se ouers. Slaggoed is gegee omdat 'n mens' aan die bruidegom en sy familie gegee is. Vroulike diere, vroeër koeie, is as slaggoed gegee vanweë die simboliese betekenis van voortplanting wat daaraan geheg is, en in die geval van een koei meer bepaald die simboliese betekenis van die //haus. Die hoeveelheid koeie wat gelewer is, was in ooreenstemming met die ekonomiese posisie van die man se ouers. Van twee tot ses diere word vermeld. Indien die meisie reeds voor die huwelik 'n baba gehad het by daardie of 'n ander man, het dit geen verskil gemaak aan die hoeveelheid beeste wat gelewer is nie. Die diere moes gesond en vet wees, en nie gebreklik nie, aangesien slegs die beste vir die vrou gegee moes word.

Op die bestemde dag het die man se mense met die verskyning van die oggendster die beeste stilweg na die meisie se ouerhuis aangejaag, om die meisie se mense te verras. Wanneer hulle die huis nader, het hulle op rietfluite begin speel en rondom die diere gedans, sodat die meisie se verwante nie kon sien hoeveel diere gebring is nie. Die man en meisie moes intussen in hul onderskeie ouerhuise bly tot met die formele ontmoeting. Enig-een van die meisie se mense wat slaperig sou verskyn, is deur 'n lid van die man se groep met 'n doek om die nek gevang en moes hom- of haarself dan 'loskoop' deur eers 'n paar rondtes te dans.

'n Volwasse persoon van die meisie se mense het met 'n wit vlag die pad na die plek waar geslag moes word, aangewys deur met die dansers en vee regs om die huis te beweeg, terwyl die meisie se mense links om gegaan het. (Regs en links wanneer in die rigting van die voordeur gekyk word). Regs is met 'n man en links met 'n vrou geassosieer. Die man en vrou het ook volgens hierdie aanduiding in die huis geslaap.

Die man se mense het die pale vir die slagpale verskaf, en die slagpale regs voor die voordeur van die huis opgerig (wanneer vanuit die voordeur na buite gekyk word). Hierdie pale moes nie weer uitgehaal word nie, maar vanself afvrot sodat die huwelik nie sou opbreek nie. Die slagpale moes die nuwe egpaar later aan hulle huwelik herinner. 'n Volwassene van die meisie se groep het hierna een van die slaggoed aangerak wat dan nie geslag moes word nie, maar bewaar moes word om vir gaste wat laat opdaag, geslag te word.

Terwyl die meisie en man in hul onderskeie ouerhuis wag en die gaste nog deurentyd dans, het volwasse mans van die man se groep die diere geslag, en die vleis en ander dele aan die slagpale gehang en in bakke op 'n biesiematjie voor die slagpale geplaas sodat die vrou se mense dit kon inspekteer. Alle dele, selfs die vel, blaas, gal, bloed, en mis moes teenwoordig wees, omdat die meisie se mense nie vir dié van die man 'n onvolledige mens nie, maar 'n hele gegee het. Die mis is uitgestrooi en moes weg of droog gedans word. Slegs een voorpootjie is uitgehou sodat 'n kai taras met 'n gelukkige huwelikslewe dit kon afskroei en in die as gaarmaak om te eet. Dit sou gedoen gewees het sodat die man en vrou nie uitmekaar sou gaan nie. Die voorpootjie sou simbolies gewees het van die voet van die persoon wat die eerste tree gee.

Uit een van die slaggoed is die kruis- en heupbene (die //haus) gesny. Dit is apart gaar gemaak en slegs deur kai taradi met 'n gelukkige huwelikslewe, en wat geen probleme met bevallings ondervind het nie, geëet. Die been is met oker en hardevet ingesmeer en aan die binnekant van die voordeur in die meisie se ouerhuis opgehang sodat haar eie //haus na elke geboorte sou sluit.

Die man se mense het die meisie s'n meegedeel wanneer hulle gereed was vir die inspeksie, en het dan die uitgestalde dele een vir een hardop uitgeroep. Indien al die slaggoed, behalwe die een wat uitgehou is, of al die dele nie daar was nie, of die vleis maer was, moes die probleem reg gestel word. Hierop het die meisie se groep dié van die man bedank en gesê dat hulle

die slaggoed aanvaar. Die vleis is onmiddellik gaargemaak en deur al die aanwesiges geëet.

Die doel van die slagtery en die fees was om die twee families aanmekaar te bind, en die meisie se ouers te bedank vir die dogter wat hulle groot gemaak het, en wat voortaan tot die uitbreiding van die man se familie sou bydra. Die slaggoed moes lewendig, en nie reeds geslag nie, by die meisie se ouerhuis aankom, omdat die meisie se mense nie vir die mense van die man 'n dooie mens gegee het nie.

Volgens informante in die Richtersveld is 'n hart gekook en in stukke gesny waarna 'n kai taras, wat 'n goeie huwelikslewe gehad het, die punt van die hart geëet het, en die bruidspaar die res. Dit sou gedoen gewees het sodat die paartjie se huwelikslewe net so gelukkig sou wees soos dié van die kai taras. Die hart sou verder as simbool van 'n goeie lewe of liefde beskou gewees het. Aangesien ander informante onbekend was met hierdie gebruik, kan aanvaar word dat dit 'n meer resente gebruik is, en moontlik geskoei is op die Westerse siening van die hart as simbool van liefde.

Buite die Richtersveld meld twee informante dat die kortribbetjie deur die bruidspaar geëet moes word. Dit sou in die middel met die beenlangs in die lengte gesny gewees het, maar nie heeltemal deur nie, sodat die bruidspaar dit saam moes deurbreek en eet. Hierdie gebruik toon ooreenkoms met die Westerse sny van die troukoek, en is slegs by twee informante bekend. Die een informant het die snywyse van die ribbetjie met die siening dat die vrou uit die rib van die man geskape is, verduidelik.

Die dag nadat die man se mense geslag het, het die meisie se mense weer by die man se ouerhuis gaan slag. Dit is ook met die 'uitkom' (opkoms) van die oggendster gedoen. Die prosedure en gebruike wat gevolg is, was ongeveer dieselfde. Dit het die prosedure in verband met die voorpootjie asook die inspeksie ingesluit. Dit is !gamme#ā!oab (terugslag van die vrou) genoem. Hoewel sommige informante vermeld het dat dieselfde hoeveelheid diere geslag moes word, kon die hoeveelheid volgens

ander minder wees. Die //haus is nie weer uitgeslag nie. Die 'terugslag' deur die meisie se groep, sou gedoen gewees het om te vergoed vir die seun wat hulle bykry, en sodat die man nie later sy vrou sou verwyf dat net sy ouers geslag het nie. Hierbenewens sou ongeluk die huis van die meisie se ouers tref, indien die gewoonte nie nagekom word nie.

Die vleis is in beide gevalle dadelik nadat daar geslag is deur vroue met 'n gelukkige huwelikslewe gaargemaak, waarna dit deur al die aanwesiges geëet is. Alle lede van die gemeenskap was welkom by die fees waar daar geëet is tot al die vleis op was. Daar is aanhoudend musiek gemaak by die ouerhuise van die man en die meisie. Die huweliksfees het van 'n paar dae tot selfs drie weke aangehou.

Na die 'terugslag van die vrou', gewoonlik die volgende dag, het vroue van die meisie se mense die meisie in haar ouerhuis vir die ontmoeting met die man voorberei. Hulle het die nuwe velklere en kraleversierings vir haar aangetrek, haar grimeer en met sâ-i bestrooi. Intussen is die man, gewoonlik deur sy oudste suster in sy ouerhuis, gehelp om aan te trek. Hierna het die man se mense al dansende om hom na die ouerhuis van die meisie beweeg, sodat hy nie sigbaar sou wees nie.

Wanneer hulle daar aangekom het, het hulle die huis waar die meisie wag, binne gegaan. Beide ouerpare het hier hul seën op die huwelik uitgespreek en die egpaar weer op hul pligte gewys. Die ouers en egpaar het binne in die huis geëet, terwyl die ander gaste buite die huis geëet en gedans het. Hierop het van die ou vroue en ou mans wat buite gedans het die huis binnegekome en die man en meisie 'uitgedans', terwyl 'n ou man en vrou by die deur hulle probeer verhinder het. Jongmans en meisies het die bruid en bruidegom by die oumense probeer afneem, en met hulle gedans tot die bruid en bruidegom uiteindelik daarin geslaag het om met mekaar te dans.

Dieselfde of die volgende dag het die man, die meisie, en hul nabye verwante by die meisie se ouerhuis versamel. Die man het die vorige aand nog by sy eie ouerhuis geslaap. Hulle moes daar byeenkom sodat die moeder van die man toestemming kon vra,

om met die meisie na hulle werf te vertrek. Dit is 'uitvra' genoem. Hierop sou die meisie se ma geantwoord het : 'Daar sit sy. Ek gee haar aan julle. Julle het julle bloed (kind) aan ons gegee en ons gee bloed (kind) aan julle'. Aan die meisie sê haar ouers dat haar man se ouers voortaan haar moeder en vader sou wees, en dat hulle haar nou afgee aan daardie ouers. Hierdie woorde is deur die man se ouers ten opsigte van hom en sy skoonouers herhaal. Die meisie het die aanwesiges met drinkgoed bedien, eers die man en sy mense, en dan haar eie mense. Dit is gedoen om die twee groepe aanmekaar te bind, maar ook as afskeid van haar ouers.

Die doel met die uitvraery was om veral die meisie daarvan bewus te maak dat sy nou van haar eie ouers afskeid neem, en dat sy voortaan 'n ander man se kind' sou wees, hulle dus moes aanneem asof hulle haar bloedverwante is, en na hulle moes omsien. Tydens hierdie geleentheid het die ouers hul kinders vir 'n laaste keer op die verantwoordelikhede van die huwelik ge-wys. Dit is onder die bruid en bruidegom se aandag gebring dat die vrou aan haar man gehoorsaam moes wees; dat die man nie sy vrou moes mishandel nie, maar, indien hulle nie klaarkom nie, hy haar dan soos hy haar ontvang het, aan haar ouers moes teruggee; dat hulle voortaan nie meer met ongetroudes nie, maar met getroudes moes assosieer omdat die belange van 'n ongetroude verskillend sou wees van dié van 'n getroude, dat elkeen, vir die familie van die ander verantwoordelik moes wees, ensovoorts.

Dieselfde of die volgende dag het die paartjie dan na die man se werf vertrek. Hulle was nie toegelaat om saam te slaap voordat die meisie nie 'uitgevra' was nie. Die man se mense het die meisie se besittings vervoer. Volgens sommige informante het beide die man en meisie se ouers elk 'n matjieshuis aan die man en meisie geskenk en was eersgenoemde reeds by die bruid se nuwe tuiste opgerig wanneer sy daar met haar besittings arriveer. Ander meld weer dat die man en meisie se ouers saam een matjieshuis aan die egpaar geskenk het. Hierbenewens het die man en meisie elk velmatte, velkomberse, houtbakke en bekers gehad.

Die meisie se vee wat sy, terwyl sy opgegroeï het, van haar ouers en andere as geskenke ontvang het, is eers na een of twee jaar vir haar deur haar vader uitgekeer. Dit is dan eers gedoen sodat haar vader hom kon vergewis van die man se gedrag ten opsigte van verkwisting. Hierbenewens het haar vader 'n paar stuks vee uitgehou sodat, indien dit later ekonomies sleg met haar sou gaan, of indien sy die man sou verlaat, die vee tot haar beskikking sou wees.

In die literatuur word vermeld dat die egpaar vir een jaar of tot die geboorte van die eerste kind in hul eie matjieshuis op die werf van die meisie se ouers gebly het, waarna hulle na die werf van die man se mense sou vertrek het. Die man sou by daardie geleentheid 'n melkkoei aan sy skoonouers oorhandig het om verlof te kry om met sy vrou te vertrek. By hul aankoms sou die bruid se skoonmoeder 'n slagding geslag het om haar skoonogter te verwelkom, waarop die skoonogter die gebaar sou herhaal het. Versuim hiervan deur die skoonmoeder sou onvriendelikheid teenoor die jong vrou impliseer (Wandres 1903:318, 319; Kohler 1902:343; Schmidt 1930:350). Hoewel sommige informante die bilokale vestigingspatroon bevestig het, is ander onbewus daarvan. Geen informant was bewus van hierdie reëling in verband met die melkkoei nie.

'n Skoonseun het met die geboorte van die eerste kind 'n dragtige vers, genoem die abagomas (abbakoei) of aba//hanis (abbavel), aan sy skoonmoeder geskenk. Sommige vermeld egter dat dit op die huweliksdag (Schultze 1907:298), of 'n jaar of twee daarna, gedoen is. Hy het dit gedoen as erkenning vir die grootmaak van sy vrou in die abbavel. Hierbenewens sou dit gedien het as simbool vir die voortplantingsvermoë van die vrou sodat sy soos die abagomas sou voortplant. Hoewel Schultze (1907:278) meld dat die bruid ook 'n abagomas aan haar skoonmoeder sou stuur, kon geen bevestiging hiervoor gekry word nie.

Indien dit tydens die huwelik gereën het, sou die paartjie 'n gelukkige huwelik hê, volgens een informant omdat hulle van geboorte gelukkige mense was, en dus die reën sou /hōa (bring). Hierdie stelling sluit aan by die vermelding van twee informante langs die Oranjerivier dat die man of ander mans die geluk

van hom en sy vrou in die jag, hengel, en heuningversamel sou toets. Dié gebruik by die huwelik was by ander informante onbekend.

4.4 Huwelikslewe

4.4.1 Inwoning na die huwelik

Soos reeds vermeld is, het die nuwe egpaar patrilokaal gewoon, maar in sommige gevalle vir 'n kort tydperk eers by die vrou se ouers.

Volgens die oorspronklike woonwyse by die hoofkwartier van die stam, soos deur Schapera (1930:228) vermeld, was die matjieshuise in 'n sirkel geplaas omring met 'n doringtakheining en met twee ingange, een noordwaarts en 'n ander na die suide. Die matjieshuise van die stamhoof en sy sibbelede sou in die westelike deel gewees het met die hoofingange na die oostekant. Aan beide kante hiervan was, in 'n vaste patroon, die huise van ander sibbelede. Hoewel hoofkwartiere van 'n stam baie lank nie meer volgens hierdie patroon daar uitsien nie, was dié woonwyse van gesinnegroepe nog tot in die onlangse verlede en soms tot die huidige gehandhaaf. Die matjieshuise van 'n man se getroude seuns was regs (wanneer vanuit die hoofuitgang na buite gekyk is) van sy eie opgerig met die oudste die verste regs, terwyl enige getroude dogter en haar man se matjieshuis links van die van die ouers opgerig was tot hulle na die skoonseun se groep sou vertrek. Die hoofingange het altyd oos gekyk. Binne die huis het die ongetroude seuns regs en onge troude dogters links geslaap wanneer vanaf die hoofingang na binne gekyk is.

4.4.2 Statusverandering

Die huwelik het 'n verandering teweeg gebring in die status van die man en vrou. 'n Ongetroude persoon is as onvolwasse beskou, en is nie toegelaat om besluite van deurslaggewende aard in die huishouding te neem nie. Nuwe verhoudinge en dus verpligtinge het tot stand gekom soos dié tussen man en vrou, ouers en kinders, grootouers en kleinkinders, asook tussen aanverwante onderling. Die opvoeding van die kinders was deel

van hierdie verpligtinge. Die vrou het die dogters geleer om kos, velklere te maak, velle te brei, veldkos te versamel ensovoorts, terwyl dit die man se plig was om die seuns te onderrig in die jag tegniek, om dikker velle soos beesvelle te brei, en om met die vee te werk, rieme te maak, ens^ovoorts. Die ouer kinders was hul ouers met die opvoeding behulpsaam. Vir 'n volledige behandeling van die verhoudinge tussen gesinslede en verwante kyk by Hoofstuk III:8.

4.4.3 Huweliksprobleme en ontbinding van die huwelik

Hoewel die ouers hul kinders 'afgegee' het, was dit steeds hulle plig om as daar ernstige probleme in die huwelik opduik, wat die egpaar skynbaar nie by magte was om op te los nie, hul eie kinders te vermaan. Indien 'n man sy vrou mishandel, of 'n vrou haar plig versuim het, kon die man se ouers hom vermaan en die meisie se ouers vir haar, maar nooit die skoonkind nie.

Huweliksontbinding is deur die gemeenskap afgekeur. Die vernaamste redes vir huweliksontbinding was ontrouheid, mishandeling van die vrou, en luiheid. Hoewel onvrugbaarheid ook deur sommige genoem word, kon 'n egpaar wat nie kinders kon kry nie, deur middel van 'n buite-egtelike verhouding wat die man aangaan, kinders bekom. Hy het dit met die vrou se toestemming gedoen. Sulke kinders het nie aan die natuurlike moeder nie, maar aan die natuurlike vader en sy vrou behoort. Vroeër was mishandeling die vernaamste rede vir huweliksontbinding. Bewys moes aan die stamraad gelewer word dat mishandeling wel plaasgevind het alvorens die stamraad toestemming tot huweliksontbinding verleen het (Schapera 1930:253).

Indien 'n huwelik nie wou slaag nie, moes die vrou, soos ooreengekom tydens die huweliksonderhandelinge, deur die man se familie by haar ouers 'afgegee word' (terugbesorg word), of indien hulle oorlede was, by 'n broer, verkieslik 'n ouer broer. Die man het by sy ouers gaan bly.

4.4.4 Sluiting van 'n nuwe huwelik

Sou 'n lewensmaat sterf, is verkies dat die agterblywende met die oorledene se broer of suster trou, aangesien die huwelik as

'n aangeleentheid tussen twee families beskou is. Indien 'n broer of suster nie beskikbaar was nie, kon 'n huwelik aangegaan word met 'n neef of niggie van die oorledene. Informante is dit eens dat dit gedoen is omdat 'n familielid as gevolg van die bloedverwantskap die kinders van die oorledene beter sou versorg. Skynbaar was behoud van die manlike lyn nie die oorwegende faktor nie.

As die weduwee met 'n vreemde man wou trou, moes hy, aangesien sy vanaf haar troue by haar oorlede man se familie ingeskakel was, by laasgenoemde gaan ouers vra. Wanneer 'n man se vrou gesterf het en hy weer wou trou, moes sy oorlede vrou se ouers vir hom gaan 'vrou vra', en wanneer die man oorlede is en die weduwee weer wou trou, moes die voornemende eggenoot by haar oorlede man se ouers gaan 'vrou vra'. Hierdie reëlings was in ooreenstemming met die gedagte dat 'n man en vrou nadat hulle in die huwelik getree het, by die skoonfamilie behoort.

4.5 Gevolgtrekkings

'n Persoon wat adolessensie bereik het, kon in die huwelik tree en was dus as volwasse beskou vanweë fisiese rypheid en dus die vermoë om die voortplantingsfunksie te vervul, maar ook omdat so 'n persoon in staat sou wees om die verpligtinge van 'n huwelik na te kom (vgl. III:4.1, 4.4.2). 'n Volwasse persoon was iemand wat getroud was (vgl. III:4.4.2), hardwerkend (vgl. III:4.4.3), nie verkwistend (vgl. III:4.4.3), wat met volwasse nes geassosieer het (vgl. III:4.3), wat vir die lewensmaat omgee het (vgl. III:4.3, 4.4.3), en aan die lewensmaat getrou was (vgl. III:4.4.3), sodat daar nie rede sou wees vir huweliksontbinding nie.

Met 'n huweliksluiting het 'n persoon se verwantskapsbande uitgebrei om die verwantskapsgroep van die huweliksgenoot in te sluit (vgl. III:4.3, 4.4.2), en moes die persoon alles in die vermoë doen om goeie verhoudinge met die nuwe groep aan te knoop (vgl. III:4.3, 4.4) en te behou.

Die huwelik kon deur kragte van buite beïnvloed word. Die negatiewe kragkomponent van ongelukkige persone (vgl. III:4.3),

die negatiewe krag van analogie verbonde aan persone waarvolgens 'n persoon wie se huwelik ongelukkig is, kon veroorsaak dat 'n ander se huwelik ook ongelukkig sal wees (vgl. III:4.3), en die negatiewe krag van ongeluk wat sou volg indien nie by tradisionele voorskrifte gehou word nie (vgl. III:4.3), kon die huwelik benadeel. Hierteenoor kon die krag van gelukkige persone die huweliksgenote positief beïnvloed (vgl. III:4.3), en is van die kragkomponente in plante gebruik gemaak om voorspoed te verseker. Die plante wat vir sâ-i gebruik is, het dus 'n positiewe uitwerking (vgl. III:4.3).

Die huwelikspartjie is nie deur 'n proses van assosiëring na die huwelik met die omgewing herenig nie (vgl. Hoernlé 1981:75). Dit impliseer dat volgens Khoekhoe-siening 'n persoon nie met huweliksluiting 'n 'nuwe' mens word nie, dit wil sê verander het, en as nuwe mens oor 'n sterk kragkomponent sou beskik (vgl. II:2.1.4). Dit is natuurlik die geval met 'n puberteitsinisiënt, persone wat die !gao/gom-behandeling ondergaan het, en 'n persoon wat iemand aan die dood afgestaan het (vgl. III:2.1.7.3, 10.6.3, 9.13.1). Iemand wat in die huwelik getree het, het nie 'n fisiese verandering ondergaan nie (vgl. III:2.1.1), en ook nie kontak met die gevaar van die dood gehad nie (vgl. III:9.13.1).

Dit wil voorkom asof volgens die ruimtelike oriëntering van die Khoekhoen die oostekant met voorspoed verband gehou het, waarskynlik as gevolg van die verband met Tsui//Goab, en dat dit die rede was vir die plasing na die hoofingange van die stamhoof en sy sibbelede se huise in daardie rigting (vgl. III:4.4.1). Links en regs is onderskeidelik met vroulikheid en manlikheid verbind (vgl. III:4.3). Genoemde ruimtelike oriëntasies mag deel uitmaak van 'n reeks basiese teenstellings in die Khoekhoe-kultuur, byvoorbeeld oostelike rigting (voorspoed) teenoor westelike rigting (teëspoed).

5. GESLAGSOMGANG

5.1 Die rol van bloed by geslagsomgang

Verskeie hoedanighede is aan die bloed van 'n persoon gekoppel en kon 'n rol speel by geslagsomgang. Dit was as belangrik beskou omdat die 'bloede' moes 'saamwerk', dit wil sê verenigbaar moes wees. Die teelvloeistof wat 'n man en 'n vrou tydens geslagsomgang afgeskei het, is as deel van die bloed gereken. Die saadvloeistof sou met die lewensare van die vrou na die baarmoeder vervoer word selfs al sou bevrugting nie plaasvind nie. 'n Vrou moes gereeld geslagsomgang hê sodat haar lewensare vol bloed kon bly vir bevrugting om plaas te vind.

'n Man en vrou se bloed kon mettertyd gewoon raak aan mekaar, veral jong bloed sou meer aanpasbaar wees. Omdat getroudes 'n lang assosiasie met mekaar gehad het, het hul bloed by mekaar aangepas en was enige ander bloed vreemd aan hulle. Ouer persone se bloed sou omdat dit oud is, nie meer so maklik by vreemde bloed aanpas nie. Indien 'n ongetroude se bloed skoon was, sou die bloed maklik aanpas by 'n getroude. Sou die getroude se bloed vuil wees, kon die skoon jong bloed egter benadeel word omdat dit fyngvoelig is.

'n Negatiewe toestand van die bloed, byvoorbeeld vuiligheid of ongelukkigheid, kon oorgedra word aan 'n maat. Jongmense kon makliker benadeel word omdat hulle bloed fyngvoeliger sou gewees het as dié van ouer persone. 'n Negatiewe toestand kon soms reggestel word met behandeling, byvoorbeeld deur die gebruik van medisyne in die geval van vuil bloed.

'n Man sou skynbaar veral tydens geslagsomgang van vuil bloed en siektes ontslae geraak het. Twee informante meld dat 'n wewenaar gou weer moes trou aangesien die vuil bloed na sy kop sou 'opwerk', indien hy dit nie met gereelde geslagsomgang kon uitskei nie. Dit kon tot gevolg hê dat hy van sy verstand raak. Vroue het net tydens menstruasie, of deur medisyne soos khamagu te drink, van vuil bloed en siektes ontslae geraak.

Indien 'n persoon omgang gehad het met iemand wie se bloed vuil was, sou siektes oorgedra kon word, wat veral die geslagsorgane

van vroue en mans kon benadeel, deurdad dit kon afsak of kanker daar kon laat ontwikkel. Hierbenewens sou bevrugting moeilik plaasvind aangesien die vuiligheid die bloed dooierig sou maak. Indien wel, sou die liggaam die vuiligheid probeer uitwerk en 'n miskraam dus gevolg het. Indien 'n swanger vrou of haar man, met 'n ander wie se bloed vuil was, omgang gehad het, en in die geval van die man dan weer met die swanger vrou, sou die vuil bloed die baba benadeel. Indien die baba wel gebore word, sou dit sieklik wees.

Om van die vuiligheid ontslae te raak en die bloed dus lewendig te maak, moes die man en vrou medisyne soos Engelandbos, khamagu, !qūxa, dassie-urine en klipsweet drink. By 'n vrou is die vuiligheid dan tydens menstruasie uitgeskei, en by 'n man tydens urinering. Om die bloed warm en lewendig te maak sodat dit goed sou vloei, nie net in die geval van vuil bloed nie, maar by enige oorsake vir dooierigheid van die bloed (vgl. III:1.1), kon die persoon masseer word. Hierbenewens kon die warm pasafgeslagte vel van 'n bok om die persoon gevou word tot dit afgekoel en losgetrek het. Sommige informante het verduidelik dat, in die geval van vuiligheid, die warmte die vuiligheid los maak sodat dit makliker uitgewerk kon word, terwyl, volgens ander, die warm vel veroorsaak dat die vuiligheid uitgesweet sou word.

Hierbenewens is in die geval van 'n weduwee of wewenaar wat 'n lewensmaat aan die dood afgestaan het, die toestand behandel deur eerstens 'n tydperk van onthouding van geslagsomgang te volg, en tweedens 'n proses van gelykmaking of assosiering uit te voer. Na laasgenoemde is verwys as die !qaoʒgom-behandeling (letterlik : snyboud) (vgl. III:10). In beide gevalle wil dit voorkom asof die gevolge van vuil bloed 'n rol speel.

Indien 'n persoon se bloed te sterk was, was sy 'natuur' te sterk vir die ander en kon dit die maat se dood veroorsaak. Informante verskil egter oor die vermoë van swak bloed om 'n egmaat se bloed te verswak. Indien die bloed van beide swak sou wees, of een se bloed te swak was, sou geen bevrugting kon plaasvind nie, of, indien wel, sou 'n miskraam volg. Het beide egter sterk bloed sou bevrugting wel plaasvind, maar indien een

van die betrokkenes se bloed te sterk was, sou bevrugting nie plaasvind nie of, indien dit wel plaasvind, sou 'n miskraam gevolg het.

Die inneem van bloed, veral rou of rouerig, rouerige lewer, vleis, en veral sterk vleissop, asook melk (vgl. Hoff 1981:52) sou 'n persoon se bloed versterk en lewenskrag verskaf. Medisyne soos !noa/harab (ystervarkmis), en die gemaalde afgetrekte lewer van die //āe-jakkals sou dieselfde gevolg gehad het. Hierdie produkte sou voordelig wees omdat dié diere gesonde veldkos eet. Plantaardige medisyne soos slangneus, auhai (bitterbos), en /apa-i (rooibos) het ook die bloed versterk. Hiervan is die /apa-i se blare rooi van kleur, en die wortel van die slangneus rooi buite en pienk binne. Hoewel volgens sommiges !āu/aru-i (urine van die dassie), khamagu, sterk heuningbier, of medisyne met bokmelk gedrink kon word om bloed wat te sterk is swakker te maak, is ander van mening dat daar geen medisyne was vir so 'n doel nie.

Ongelukkige persone se hande en bloed sou ongesond gewees het. Hulle kon dus 'n egmaat sieklik maak. Ongelukkige persone kon egter ook ander in die ekonomie benadeel indien kontak oor 'n lang tyd volgehou is. Enkele informante ontken egter dat 'n persoon se natuurlike geluk ten opsigte van die ekonomie op hierdie wyse benadeel kon word. Ekonomiese nadeel of ongeluk kon deur die persoon self reggestel word deur met water waarin /naukuis-aftreksel ('n struik wat gebruik is om persone se natuurlike geluk te vermeerder) te was, of van die takke in die vuur te gooi, sodat die reuk daarvan die ongeluk kon verdryf. Andersins kon die kragdokter die persoon met medisyne 'in sny' (in snytjies in die vel plaas) of gee om te drink.

Die bloed van twee persone is verenigbaar gemaak deur twee soorte behandelings. In die eerste plek is dit deur die verandering van die ongewenste toestand gedoen. Dit kon bereik word deur byvoorbeeld die vuil bloed af te dryf, of deur 'n wagperiode na die dood van 'n lewensmaat. In die tweede plek is van 'n gelykmakingsproses, naamlik die !gao#gom-behandeling, gebruik gemaak.

5.2 Kwesbaarheid by geslagsomgang

Tot ses maande na die geboorte van haar baba, sou dit vir 'n vrou gevaarlik wees om geslagsomgang te hê, aangesien dit kon veroorsaak dat haar kruis- en heupbene nie sluit nie, haar baarmoeder uitsak, of 'n wind of koue by die geslagsopening inkom.

'n Man moes nie geslagsomgang hê die aand voordat hy hom in 'n oorlogsituasie moes begewe nie, aangesien dit kon veroorsaak dat hy heel eerste sou sterf, of dat die koeël wat hy afgeskiet het homself sou tref. 'n Man moes ook nie voordat hy hom in 'n oorlogsituasie begewe het langs 'n menstruerende vrou slaap nie. Lyntjie Springbok skryf die verbod op geslagsomgang toe aan die rou bloedreuk wat nie in die veld sou pas nie. Dieselfde verbodsbepalinge het gegeld vir 'n jong getroude man, en vir die man van 'n swanger vrou. In eersgenoemde geval is die verklaring dat dit verbied was omdat so 'n man later nog baie omgang met sy vrou kon hê en dat hy dus 'n risiko sou wees. Slegs een informant kon 'n verklaring bied vir die tweede geval naamlik die teenwoordigheid van 'n groter hoeveelheid bloed by 'n swanger vrou. Dit is egter 'n aanvaarbare verklaring aangesien 'n menstruerende vrou ook in hierdie verband genoem is, en haar bloedreuk aggressiwiteit en dus die dood kon ontlok.

Persone sou pas na geslagsomgang aggressie ontlok het by die wilde diere, veral die slange, maar ook by die bye en jong diere, soos jong perde of verse. Die Grootlange sou diesulkes aangeval het, en die weerlig sou hul makliker raak geslaan het. Hierbenewens sou enige wild wat hulle wou jag vir hulle sku wees. Die bepaalde reuk wat na geslagsomgang aan 'n persoon sou kleef, word as die oorsaak van die aggressiwiteit en skuld genoem. Die reuk sou anders wees as dié van die omgewing en ander mense. Een informant beskryf dit as 'n rou bloedreuk. Dit sou veroorsaak het dat die wild vlug en die roofdiere op die reuk afpeil.

5.3 Die negatiewe invloed van persone tydens en na geslagsomgang

'n Weduwee of wewenaar moes vir 'n sekere tyd na 'n sterfgeval nie geslagsomgang hê nie. Die tydperke wat genoem word, wissel van ses maande tot twee jaar. Die rede hiervoor was dat die agterblywende se bloed nog warm sou wees. Daar word ook gesê dat die bed nog te warm sou wees, of dat die agterblywende nog te 'vars' was, dit wil sê dat dit nog te kort na die sterfgeval is. Volgens een informant sou 'n persoon, indien hy of sy voor daardie tyd om was, met 'n weduwee of wewenaar omgang het, die 'afsaksiekte' kry.

Alle informante, behalwe twee, het dieselfde verklaring gegee vir die warm bloed van die agterblywende, naamlik dat dit warm sou wees as gevolg van die vuiligheid van die oorledene se bloed, en dus ook die siekte waaraan laasgenoemde oorlede is, en wat nog in eersgenoemde se bloed deur die geslagsomgang wat hul gehad het aanwesig sou wees. In hierdie geval kon die warmte natuurlik ook verwys na moontlike vuiligheid wat die oorledene kon opgedoen het deur geslagsomgang met die verkeerde persone, of deur siektes wat hy of sy self gehad het. Dit was besonder gevaarlik om met hierdie weduwee of wewenaar geslagsomgang te hê voor die wagperiode verby is, aangesien hulle oor 'n langer periode as jonger mense vuil bloed kon bekom het, en wel as gevolg van geslagsomgang met verkeerde mense, of die vele siektes waaraan hulle gely het. Ouer vroue menstrueer nie meer nie en skei dus nie meer op hierdie wyse die vuil bloed uit nie. Hierbenewens het vroue as versorgers van siekes opgetree en het hulle dus meer kontak met siektes gehad. Mans kon egter ewe gevaarlik wees omdat hulle van nature meer sou 'rondloop' en tydens geslagsomgang die vuiligheid sou uitskei. Die onthouding sou dan as veiligheidsmaatreël dien aangesien die agterblywende nie seker sou kon wees oor die oorledene se toestand by afsterwe nie.

'n Tweede verklaring wat van bogenoemde verskil, is die een afkomstig van 'n baie ou !Gâmi#nû-informant te Gabis. Volgens haar moes daar 'n wagperiode wees omdat die dooie se bloed nog in die agterblywende was, en dit nog nie dood sou wees nie. 'n

Ander informant het na die 'gas' van die oorledene wat nog op die agterblywende sou wees, verwys. Indien in ag geneem word dat wewenaars of weduwees ook 'n wagperiode moes deurgaan indien die oorledene aan natuurlike oorsake soos 'n besering oorlede is, lyk laasgenoemde verklarings aanneemlik.

Dit wil voorkom of dit nie as besonder gevaarlik beskou is vir drie persone se bloed om vanweë owerspel kontak te maak terwyl almal nog leef nie, behalwe as van die bloed baie vuil sou wees. Wanneer 'n vrou owerspel pleeg, kan daar kontak plaasvind tussen haar bloed, dié man haar eie man wie se bloed na vorige geslagsomgang nog in haar liggaam is, en die bloed van die persoon met wie sy owerspel pleeg. Die verklaring vir die wagperiode ten opsigte van geslagsomgang na die afsterwe van 'n huweliksgeenoot moet dus waarskynlik gevind word in 'n ander vermelding naamlik dat die dooie en lewende nie saamwerk nie. 'n Veilige afleiding sou waarskynlik wees dat die wagperiode twee doeleindes gehad het naamlik die verwydering van die bloed van die oorledene in die algemeen, en die verwydering van die moontlike vuil bloed van die oorledene. Hierbenewens is dit moontlik dat die bloed van 'n agtergeblewene as gevolg van kontak met die dood as vuil beskou is.

Met betrekking tot die mening dat die bloed warm sou wees as gevolg van vuiligheid sou die doel met die wagperiode, volgens informante, gewees het dat die agterblywende die bloed eers moes uitskei met ekskresies soos maandvloei, urinering en saadvloei. Die proses kon bespoedig word deur die drink van medisyne soos khamagu. Sodoende sou die bloed van die agterblywende afkoel en sou verhoed word dat die siekte die geslagsdele aantast.

Dit was ten strengste verbode om met 'n menstruerende vrou geslagsomgang te hê aangesien dit kon veroorsaak dat 'n man se geslagsdele verstop en opswel sodat hy nie sou kon urineer of omgang hê nie. Hierbenewens kon 'n man se geslagsdele 'afvrot' en hy kon sterf. Vroue met 'n ligter velkleur sou gevaarliker as donkeres gewees het. As behandeling kon hy die afgetrekte wortels van die wilde pampoen of die khamagu drink sodat hy die menstruele bloed kon uitwater. Een informant meld dat die mid-

delste ry blokkies op die bokant van 'n skilpaddop gebrand is en dan gemaal en gedrink is.

Die oorgrote meerderheid informante is van mening dat 'n swanger vrou met die vader van die kind wat sy verwag, geslagsomgang kon hê omdat die kind daardeur gevoed sou word, maar dat sy met geen ander man omgang moes hê nie, aangesien dit 'n miskraam kon veroorsaak, skynbaar omdat die bloed van daardie man vir die kind nadelig kon wees indien dit nie sou saamwerk met die ander bloedsoorte nie. Volgens vier informante egter was geslagsomgang met die vader van die kind ook nie toegelaat nie, en volgens twee is dit 'n resente gebruik dat daar verdere omgang met die verwekker mag plaasvind. Een verklaring is dat die wrywing die kind 'n sagte kol op die kopnate kon gee en dat die drukking daar, die kind kon laat sterf. Die ouer persone sou verwys het na 'deesdae se goddelose mense met hul sagtekop kinders'. 'n Ander sê dat geglo is dat dit die kind te vroeg kon laat afkom.

Mense moes nie kort na geslagsomgang by persone kom wat aan ernstige siektes soos //âudas ('n siektetoestand in die litte en veral die nek) (vgl. IV:2.2), kanker (vgl. IV:2.2), of vuilsiek (vgl. IV:2.2), ly nie, of by persone wat pas die !gao/gom-behandeling deurloop het nie (vgl. III:10.4), aangesien hulle die sieke se toestand sou kon vererger. Die pasiënt wat aan //âudas ly se nek sou byvoorbeeld hiervan heeltemal los geraak het.

Weinig informante beskik nog oor omvattende kennis oor negatiewe reaksie op die lewensbronne deur die betrokkenes na geslagsomgang. Indien 'n paartjie hulself nie gereinig het na geslagsomgang nie, kon hulle deur hul blote nabyheid of aanraking 'n negatiewe reaksie by die lewensbronne ontlok. Dit het gegeld ten opsigte van veldkosplante, die groente- en vrugtetuin, die vee, wild, vis, heuningkoeke en melk, asook werktuie wat in verband met die heuninguithaal, hengel en jag gebruik is. Die wyse van benadeling van die tuin het skynbaar nie die eet van die groente en vrugte ingesluit nie, maar net nabyheid daaraan en aanraking daarmee.

Die aanraking en/of nabyheid van die paartjie kon veroorsaak dat die lewensbronne nie produkte lewer nie. Hulle kon byvoorbeeld die eetbare veldplante en tuinplante verbrand, of veroorsaak dat die versamelaars geen heuning en veldkos, die jagters geen wild of die hengelaar geen vis kry nie, en dat die melk bloederig sou word.

Die aggressiwiteit by die wilde diere, Grootslange en die weerlig asook die skuheid by die wild wat persone na geslagsomgang ontlok het, sou ook vir persone saam met hulle, nadeel ingehou het.

Volgens sommige informante sou net ongelukkige persone sulke ernstige negatiewe reaksies na geslagsgemeenskap ontlok het.

As voorsorgmaatreël teen hierdie negatiewe uitwerking is persone na geslagsomgang kontak met hierdie lewensbronne verbied tot hul hulself gereinig het. Hulle moes hulself eers was en, volgens een informant met sâ-i bestrooi alvorens kontak gemaak kon word met die lewensbronne. Een informant meld dat die kai taradi die jagters voordat hulle uitgegaan het met 'n mengsel van naub (hardevet en oker), nanunu en sâ-i gesmeer het om enige mens- of huisreuke te versteek. Mans moes verkieslik voor hul sou gaan jag, en veral voor 'n leeujaag, afsonderlik van hul vroue slaap byvoorbeeld in die veekraal.

5.4 Gevolgtrekkinge

Volgens Khoekhoe-siening is die teelvloeistof deel van 'n mens se bloed (vgl. II:5.1). Die bloed het onder andere die kenmerke dat dit aanpasbaar sou wees, (veral die bloed van 'n jonger persoon) by die bloed van 'n ander persoon (vgl. III:5.1), maar dat dit fyngevoelig sou wees vir invloede van buite (vgl. III:5.1). 'n Ongelukkige persoon se bloed en dus ook teelvloeistof sou ook die kenmerke van ongelukkigheid en ongesondheid bevat (vgl. III:5.1). Geslagsomgang is as heilzaam vir die gesondheid van 'n man beskou omdat hy daardeur van siektes ontslae sou raak (vgl. III:5.1). Die teelvloeistof van 'n man is as voedsaam beskou vir die baba wat hy verwek het

(vgl. III:5.1). 'n Persoon se bloed kan versterk word. Dit is gedoen deur die inname van sekere voedselsoorte (vgl. III:5.1).

Bloed is 'n setel van lewenskrag. Die kragveld van 'n oorledene bly 'n tyd lank in en op 'n huweliksgenoot vanweë die geslagsomgang wat vroeër tussen die twee persone plaasgevind het, en vanweë hul kontak met mekaar (vgl. III:5.3).

'n Kragtige kragveld sou na geslagsomgang 'n persoon omring het vanweë die aanwesigheid van bloed (die teelvloeistof), en die reuk daarvan buite die liggaam (vgl. III:5.2, 5.3). Die kragveld sou 'n siekmakende en aftakelende uitwerking gehad het op die persoon self (vgl. III:5.2), siek persone (vgl. III:5.3), en die lewensbronne (vgl. III:5.3). Dit sou ook veroorsaak het dat groot negatiewe kragte in die omgewing na die persoon aangelok is (vgl. III:5.2).

Daar is dus, volgens Khoekhoe-siening, kragte in die omgewing rondom die mens aanwesig wat die mens kon beïnvloed. Sommige kragte is as heilsaam beskou. Aan sommige plante soos die khamagu en /naukuis (vgl. III:5.1) was 'n positiewe werking toegeskryf. Dieselfde geld ten opsigte van bepaalde liggaamsdele van wilde diere soos die erdvark en //āe-jakkals (vgl. III:5.1) en ten opsigte van sekere produkte van die vee (vgl. III:5.1). Die produkte van die vee skyn verband te toon met bloed en dus lewenskrag (vgl. III:5.1).

6. SWANGERSKAP

6.1 Bevrugting

Die Khoekhoen het bevrugting beskou as 'n proses waartydens kontak plaasvind tussen die bloed van die betrokkenes. Die bevrugting sou in die lewensare van die vrou skied vanwaar die fetus na die baarmoeder, sou verskuif het. Daar is twee opvattinge oor die presiese proses van bevrugting. Volgens sommige sou die bloed van die twee persone meng terwyl ander die mening toegedaan is dat dit nie meng nie, maar dat die baba uit die man se bloed gemaak is, en die vrou se bloed as groeimedium sou dien. Een informant het laasgenoemde as die grond waarin die baba groei, beskryf en het geargumenteer dat die baba uit

die man se bloed gemaak word omdat 'n vrou nie sonder 'n man 'n kind kan kry nie. Die man se teelvloeistof is vanweë die kleur 'vaalvloei' genoem, terwyl dié van die vrou rooi sou wees.

Sodra bevrugting geskied, het menstruasie gestaak omdat die lewensare vol sou wees en nie meer sou vloei nie. Indien bevrugting nie plaasgevind het nie, is die saadvog met menstruasie uitgeskei. Die vorming van die baba sou reeds in een van die lewensare begin het, maar daar is nie eenstemmigheid oor die tyd wanneer dit na die baarmoeder sou kon verskuif nie. Tydperke van een tot vier maande word genoem. Volgens een informant sou die koppie en nekkie van die baba reeds in die are gevorm word. Voortaan sou die lewensare die baba in die baarmoeder voed. Die baba se kop en dan die rugstring is eerste gevorm.

'n Onvermoë tot voortplanting is onder andere toegeskryf aan bepaalde hoedanighede van die betrokkenes se bloed. Indien 'n man en vrou se bloed nie 'by mekaar gepas' het nie, sou dit nie saamwerk nie, en die vrou dus nie swanger word nie. Dit kon egter gebeur dat die betrokkenes wel by ander by wie se bloed hulle pas, sou kon voortplant. Volgens een informant sou dit eintlik 'n geluk wees indien 'n paartjie se bloed wel by mekaar pas. Bevrugting sou moeiliker by ouer persone geskied aangesien hul bloed oud, vuil en kragteloos sou wees. Vuiligheid, swak bloed by beide persone, te sterk bloed by een van die twee, en die persoonlikheidsienskap van ongeluk kan veroorsaak dat bevrugting nie sou plaasvind nie.

Probleme in verband met die hoedanighede van die bloed kon geassosieer word deur die betrokkenes te masseer. Persone met dooierige of swak bloed se are sou byvoorbeeld stadiger klop, terwyl are met vuil bloed knoppe sou vertoon wat in kanker kon verander. Persone is masseer om dooierige en swak bloed weer lewendig te maak, en is medisyne soos khamagu gegee om vuil bloed uit te skei. Vir te sterk bloed en inherente ongeluk was daar skynbaar ten opsigte van voortplanting geen sodanige behandeling nie.

Benewens bogenoemde hoedanighede kon ook ander faktore 'n rol by voortplanting speel. Probleme in die vrou se lewensare kon voortplanting bemoeilik, of verhoed. Koue in die lewensare kon klonte en dooierigheid veroorsaak wat tot gevolg sou hê dat die bloed nie maklik 'vat' nie, dit wil sê dat bevrugting moeilik sou plaasvind. Dit kon ook gebeur dat daar nie genoeg bloed in die lewensare was waar die bevrugting moes plaasvind nie, of dat die lewensare nie bloed in die baarmoeder stort nie sodat die fetus nie bloed sou kry nie, maar afkom. Die oorsake vir die tekort kon wees dat die vrou koue gevat het, byvoorbeeld op die kruis, en haar bloed dus koud en vol klonte was, dat haar bloed as gevolg van hoër ouderdom minder was, of dat sy nie dikwels genoeg geslagsomgang gehad het nie, en haar are dus nie vol gebly het nie. Vol are sou styf en hard wees. Hierdie probleme kon deur massering vasgestel word. Die massering is deur kundige volwasse vroue gedoen. Die bogenoemde probleme kon dus behandel word deur die are te masseer tot dit warm en lewendig is. Die bloed kon 'bymekaar' masseer word sodat die lewensare vol kon wees, want dit is hier waar die man se bloed daarmee in aanraking sou kom en vanwaar die bloed in die baarmoeder gestort word.

'n Vrou of man se onvermoë tot voortplanting kon ook die gevolg wees van kwaadwillige benadeling. Die skuldiges kon dit doen deur die vrou se menstruele bloed of nageboorte, en die man se saadvloeistof of urine deur kontakmagie aan te tas (vgl. II:2.2.2.3).

Benewens bogenoemde metodes kon 'n vrou wat nie kinders kon kry nie behandel word deur assosiëring met 'n smeervrou wat wel baie kinders het; dit wil sê met 'n vrou wat gesondheidsdienste waaronder massering tel, lewer (vgl. IV:2.4.3). Sy moes dan iemand wees met baie kinders. Die assosiëring is verkry deur die smeervrou se onderrokband of voorskootband om die vrou wat probleme ondervind se buik te bind. Een informant het verduidelik dat die suksesvolle vrou se sweet aan die kledingstuk sou kleef.

6.2 Voortplanting en swangerskap

'n Vrou is vanaf die bereiking van puberteit as 'n meisie en nie meer as 'n seun nie, beskou. Vanaf die geboorte van haar eerste baba is sy as 'n vrou geag.

Voorsorgmaatreëls tydens die puberteitseremonie dui op die waarde wat geheg is aan vrugbaarheid en vermoë tot bevalling : die kai taras moes 'n vrugbare vrou wees, die slagding se kruisbeen moes op 'n bepaalde wyse behandel word sodat die meisie nie later probleme met bevallings sou ondervind nie, ensovoorts. Sekere verbodsbepalings het deur die lewe dieselfde ten doel gehad. Daarom moes vroue wat nog kon kinders kry byvoorbeeld nie die vleis eet van 'n slagding met min of geen aandeel nie. 'n Swanger vrou moes nie die vleis eet van 'n ooi wat moeilik gelam het, of waarvan die lam met geboorte gevrek het nie, en sy moes nie aandagtig kyk na vee wanneer laasgenoemde probleme ondervind om te lam nie.

Aborsie is as moord beskou en is daarom deur die stamraad of die ouers met lyfstraf gestraf. Hierbenewens sou dit die vrou so hinder wanneer sy eendag sterwend is dat sy nie sou kon sterf nie.

Schultze (1907:223) en Hoernlé (Schapera 1930:266) meld dat die geboorte van meerlinge onwelkom was en volgens Grevenbroek (Grevenbroek 1933:181, 182) is by die Kaapse Khoekhoen in sulke gevalle meisies selfs tot prooi van wilde diere gelaat of lewend begrawe. Volgens oorlewering was meerlinge egter in die resente verlede baie welkom, en is die moeder geprys omdat beide verwantskapsgroepe dan vernoem kon word.

Die gemeenskap was gekant teen voorhuwelikse swangerskap. 'n Meisie is reeds tydens haar puberteitseremonie daarteen gewaarsku (vgl. III:2.1.2). Indien 'n meisie 'n buite-egtelike baba verwag het, is die man en meisie deur 'n lid van die stamraad geslaan. Hiervoor moes die meisie op die grond lê met haar buik in 'n holte. Ook uit ander gebruike is dit duidelik dat voorhuwelikse swangerskap afgekeur is. Die skuldige man is sekere verpligtinge opgelê. Hy moes met die meisie trou of die

kind met skenkings van vee onderhou, sodat laasgenoemde die gebruik van die aanteel en melk kon hê. Indien hy besluit om met haar te trou, moes hy die meisie se ouers om vergifnis vra deur vir hulle 'n slagding te slag. Hiermee het hy 'die vuiligheid wat hy oor die werf gebring het, afgewas van die deur waar hy wil inkom'.

Die redes wat aangevoer is vir die afwysing van voorhuwelike swangerskap, is dat die ouers dan nie soos met 'n gewone huwelik, beheer kon uitoefen oor die keuse van die huweliksmat nie, en dat 'n buite-egtelike kind 'n onnodige ekonomiese las op die ouers van die vrou geplaas het wanneer die man geweier het om vir die kind te sorg.

Dit wil voorkom of seuns bo dogters as kinders verkies is, want die vergoeding van die vroedvrou was in die geval van 'n seun hoër as vir 'n meisie.

Verskeie redes is aangevoer vir miskrame. Daar is geglo dat indien die vrou vroeër vrugafdrywende middels gebruik het, die proses later vanself sou geskied, en dat herhaalde miskrame sou veroorsaak dat die bloed gewoon raak daaraan om nie die embryo te hou nie. Hierbenewens sou vuiligheid in die bloed, byvoorbeeld as gevolg van geslagsomgang met die verkeerde persone, tot miskrame lei omdat die liggaam die vuil bloed sou wou uitwerk. Hartseer sou miskrame tot gevolg kon hê, maar informante kon nie verklaar waarom nie. Dit kan moontlik toegeskryf gewees het aan die siening dat die baarmoeder saam met 'n vrou sou treur (vgl. III:1.6). 'n Swanger vrou wat sekere begeerde kos nie kry nie, of wat twisgierig, ergerlik, of ontsteld is, veral in die begin van swangerskap, kon haar baba verloor. Ook indien 'n vrou koue vat, byvoorbeeld op die niere of lewensare, kon dit na die baarmoeder versprei en veroorsaak dat die baba te vroeg afkom.

'n Dreigende miskraam kon voorkom word deur 'n vrou wat nie 'n miskraam gehad het nie, die swanger vrou te laat masseer met bewegings wat van die baarmoedermond af wegdui, of andersins moes sy haar onderrokband om die pasiënt se buik vasmaak.

Indien die miskraam nie verhoed kon word nie, is daar handelinge uitgevoer om verdere miskrame en siektes wat as gevolg daarvan kon ontstaan, te voorkom. Die vrou wat die miskraam gehad het, is eerstens ge-//am (die liggaam is met 'n mengsel van room en mis ingesmeer waarna die liggaamsvullis afgevryf is), en met sâ-i bestrooi, en volgens drie informante is haar hare geskeer. Een informant meld dat die hare slegs vir 'n miskraam op sewe maande swangerskap geskeer was. Dit is gedoen om 'die ongelukkigheid af te haal' en toekomstige geluk te verseker. Hierbenewens moes sy medisyne soos khamagu, slangneus, of 'n mengsel van dassie-urine, klipsweet en !gūxa drink om die vuiligheid tydens menstruasie uit te werk. Die medisyne sou verdere miskrame voorkom, en verhoed het dat die vrou kanker of tering sou kry. Die vrou wat die miskraam gehad het, moes haar klere uitruil met dié van 'n gesonde vrou, wat maklik kinders kry, aangesien die 'onsuiwerheid' ook in haar klere sou wees, en laasgenoemde dus 'uitgevars' moes word.

'n Miskraam is tot met ses of sewe maande swangerskap nie in 'n begraafplaas nie maar in die ashoop begrawe aangesien dit tot dan nog nie as 'n mens beskou is nie, en sodat ongewenste persone dit nie maklik sou kon vind en tot benadeling van die vrou sou kon aanwend nie. 'n Baba wat na ses of sewe maande swangerskap doodgebore is, is nie in die ashoop of naby die ander grafte begrawe nie, maar eenkant in die begraafplaas of in die veekraal. Dit is in die donker, byvoorbeeld voor sonop gedoen, sodat, volgens twee informante, die kinders dit nie moes sien nie. 'n Ander rede kon wees dat dit gedoen is sodat ongewenste persone wat die moeder deur middel van die oorskot sou wou benadeel, nie sou weet waar dit begrawe is nie.

Benewens verskeie tekens soos menstruasie wat staak, borste wat swel, en 'n breër kruis wat sou aandui dat 'n vrou swanger is, kon 'n kai taras dit ook met massering ('smeer') vasgestel het. Een van die eerste tekens in hierdie verband sou die lewensare wees wat vol geword het.

Die posisie wat die baba inneem, sou 'n aanduiding van die geslag wees. Volgens sommige informante langs die Oranjerivier sou 'n dogtertjie meer aan die regterkant en 'n seun meer links

gedra word. Ander informante was hiervan onbewus, maar was van mening dat 'n vrou se buik rond was vir 'n dogter, en langer en meer gepunt na voor vir 'n seun.

Aangesien die Khoekhoen die siening gehuldig het dat die kruis van die swanger vrou die gewig van die baba moes dra, is spesiale sorg aan die kruisspiere geskenk. Wanneer hout gehaal is, is die hout op die rug ge-aba sodat dit op die kruis kon druk en sodoende die kruisspiere kon versterk. Na beswangering is die kruis gereeld masseer.

Vanaf twee tot vyf maande swangerskap kon begin word om die swanger vrou te masseer. Dit is aanvanklik met drukkewegings gedoen om te verhoed dat die twee bloedsoorte van die man en vrou wat kontak gemaak het, 'uitmekaar' masseer word, of die baba seer kry en selfs afkom. Die smeervrou, wat gewoonlik ook die vroedvrou was, moes 'n ouer vrou wees sodat sy nie meer kon menstrueer of swanger wees, en dus die vrou as gevolg van die analogie verbonde aan laasgenoemde toestande kon benadeel nie (vgl. III:3.3, 6.4), en sodat sy oor kennis sou beskik van masering en geboortehulp. Hierbenewens moes sy gesonde hande hê en self maklike bevallings gehad het. Indien die nageboorte lank sou neem om af te kom, of die probleme waarvoor masseer is, nie opklaar nie, sou dit 'n aanduiding wees dat die smeervrou se hande ongesond is.

Die swanger vrou is om verskeie redes masseer, waaronder die vernaamstes was om vas te stel hoe die kind ontwikkel, om te voorkom dat die baba inmekaar groei of vasgroeï aan die moeder, vir klagtes soos lyfseer en pyne, om die baba korrek geplaas met die kop regoor die baarmoedermond te hou, en om probleme soos 'n naelstring om die nek reg te stel. In laasgenoemde geval is die naelstring altyd na vore dit wil sê na die baba se maag 'afgesmeer' en nie bo-oor die kop nie aangesien die naelstring andersins die kop agteroor sou trek en die kop dan altyd in daardie posisie sou bly.

Die benadering wat deur die swanger vrou gevolg is, was ener syds daarop gemik om haar eie benadeling te voorkom, en ander syds, om haar lewe en dié van haar baba te beveilig. As gevolg

van haar swangerskap was sy in 'n kwesbare posisie ten opsigte van haar eie lewe sowel as dié van die baba. Haar eie moontlike negatiewe invloed op ander mense en die natuur, sowel as die benadeling wat ongewenste persone asook die natuur vir haar kon inhou is reeds tydens haar puberteitseremonie met haar bespreek. Om vooruitgang van ander persone, die natuur, haarself en die baba te verseker, moes sy dus volgens sekere voorskrifte handel en 'n houding van vermyding volg, soos vervolgens aangedui word .

6.3 Die kwesbare posisie van die swanger vrou en haar baba

Die swanger vrou sou self haar baba nadelig kon beïnvloed ten opsigte van geaardheid en gesondheid. Die geaardheid van 'n twisgierige, kwaai of humeurige vrou se baba sou soos dié van die moeder kan word. 'n Ongesonde vrou se baba sou ook ongesond wees. Indien 'n swanger vrou hewig sou skrik, of humeurig sou wees, kon dit lei tot stuipe of skrikkerigheid by die baba. Hartseer kon tot 'n miskraam lei. Verwondering aan en dus betrokkenheid by iets soos 'n donkie, bobbejaan, of 'n lyk kon veroorsaak dat die baba daarna sou lyk, of aard. Die baba kon byvoorbeeld in laasgenoemde geval gebore word met slap ooglede of ledemate, blindheid, of stomheid.

Daar moes gepoog word om in 'n swanger vrou se voedselbehoefte te voorsien aangesien dit 'n aanduiding van die baba se behoeftes sou wees. Indien dit nie bevredig sou word nie, sou sy die baba kon verloor. Een informant noem die ekstreme geval van mense wat 'n koei moes slag omdat 'n swanger vrou juis vir dié koei se lewer lus was. Sy moes baie melk en vleis inneem sodat sy en die baba vet, en dus gesond, sou wees.

'n Swanger vrou moes, indien sy haira (doringboomgom), of wildsvleis wou eet, haarself eers op die maag daarmee 'streep'. Dit was nodig omdat enige persoon wat veral haira lanklaas geëet het daarvan sou opblaas, winderig word, of pyne en selfs diarree kry. Aangesien die baba geneig was om invloede van die moeder oor te neem, en onbekend was met hierdie produkte, kon dit winderigheid by hom of by die moeder veroorsaak.

Verskeie voedselsoorte was verbode as gevolg van ongewenste uitwerkings wat analogie-verbande kon hê. Die swanger vrou moes nie derms, pootjies (laasgenoemde as gevolg van die senings daaraan) of senings, en seningrige vleis eet nie, sodat die naelstring nie om die nek van die kind sou draai, en laasgenoemde versmoor nie, of die nageboorte vasgestrengel raak nie. Die kleinpensie van 'n slagding moes nie soos gewoonlik, omgekeer en binne skoongemaak word nie, sodat die baba nie later deurentyd melk sou opgooi nie. Die moeder moes nie vleis van 'n dier wat moeilik gelam het, eet nie, sodat dieselfde lot haar nie sou tref nie.

Die swanger vrou kon die geboorte vertraag deur te veel water te drink. Die vrugwater sou dan te veel wees en die bevalling sou dus baie lank aanhou.

'n Swanger vrou moes teen koue vat waak aangesien dit haarself en die baba kon benadeel. Die koue kon onder andere deur die lewensare die baba bereik. Die baba sou koud word en daarom sieklik wees, of kon selfs te vroeg afkom. As die verwagte vrou in die lewensare koue vat, kon laasgenoemde verstop en die baba sou dus nie bloed kry nie en afkom. Hierbenewens kon koue veroorsaak dat die swanger vrou moeilik geboorte skenk aangesien haar bloed 'stram' sou raak, en die baba nie so maklik sou uitkom nie.

Branderige medisyne en medisyne soos klipsweet en dassie-urine wat menstruasie stimuleer, moes vermy word, aangesien dit tot 'n miskraam kon lei.

'n Swanger vrou moes sekere bewegings, insluitende sekere werk vermy. Vinnige stamperige bewegings kon daartoe lei dat die naelstring om die baba se nek gaan, en die baba versmoor. Indien van byvoorbeeld 'n donkiekar afgespring sou word, swaar goed opgetel sou word, of die vrou met haar hande bo haar kop moes werk, en dus moes rek, kon die naelstring breek en die baba, en selfs die vrou, sterf. Die swanger vrou moes nooit plat op haar boude sit nie, maar skuins sodat die baba se hofie nie swel, en dus die geboorte bemoeilik nie. Gaan sy vinnig sit, of ry sy op 'n stamperige ryding, of dra sy swaar goed kon

die baba afsak. Die moontlike nadeligheid van die beweging tydens geslagsomgang is reeds bespreek (vgl. III:5.3).

Die swanger vrou moes die gebruik vermy van ringe, stringe, krale, voorskote met bande, bande vir hout haal, asook gare en toue. Hierbenewens moes sy nie toue draai, in naaldwerk oorhandsteek gebruik, of haar hare vleg nie. Dit was soos die geval met vele voedselsoorte verbode as gevolg van die ooreenkoms in vorm met die naelstring, of met die posisie (byvoorbeeld 'n lus) van die naelstring, omdat dit 'n parallelle gevolg by die naelstring kon veroorsaak, soos dat die naelstring om die baba se nek sou skuif. Volgens twee informante kon bogenoemde probleem met betrekking tot naaldwerk oorkom word deur eers 'n ringetjie van gare om die vinger te draai. 'n Swanger vrou moes ook nie haar hare en naels sny nie sodat die baba nie daarsonder gebore sou word nie.

'n Ongelukkige persoon met ongesonde hande, byvoorbeeld 'n ongesonde smeervrou, kon die swanger vrou benadeel deurdat die probleme waarvoor sy die swanger vrou masseer het nie sou verbeter nie, of die nageboorte lank sou neem om af te kom. Persone wat die !gao/gom-behandeling ondergaan het, was vir alle mense en ook vir die swanger vrou as gevolg van haar bepaalde toestand gevaarlik. Hulle kon 'n swanger vrou se kruis benadeel, veroorsaak dat sy 'n miskraam kry, die baba te vroeg gebore word of dat die baba sieklik sou wees.

'n Mede swanger vrou wat langer swanger is as 'n ander vrou kon laasgenoemde se bevalling vertraag. 'n Menstruerende vrou kon veroorsaak dat die kraamvrou oormatig vloei. 'n Menstruerende vrou kon, indien sy byvoorbeeld sou eet van die vleis wat vir die swanger vrou geslag was, die ongebore baba benadeel sodat laasgenoemde se oë bloedrooi word. Volgens sommige sou slegs ongelukkige menstruerende en swanger vroue 'n baba of 'n mede swanger vrou kon benadeel.

Hierbenewens sou die natuur aggressief wees teenoor 'n swanger vrou en veral 'n ongelukkige, swanger vrou. Sy sou aggressiwiteit by die bye, slange, roofdiere, bobbejane, die olifante en die Grootlange ontlok het. Ook die weerlig sou op 'n swanger

vrou kon slaan. Indien sy wel tydens swaarweer in die veld was, moes sy 'n vuurtjie maak sodat die 'vuur' van die weerlig die vuurtjie sou vind, en dit nie by die mense sou slaan nie. Laastens sou ook die see in die teenwoordigheid van swanger vroue kwaai word.

Die aggressie wat die swanger vrou in bogenoemde gevalle ontlok het, word deur sommige toegeskryf aan die opgaring van bloed in haar liggaam tydens swangerskap terwyl ander die bepaalde reuk wat sy tydens swangerskap sou gehad het, hiervoor blameer. Een informant verklaar die aggressie van 'n Grootslang as jaloesie omdat die vrou nie by hom swanger sou wees nie.

Hierdie benadeling uit die natuur het die swanger vrou genoop om sover moontlik kontak hiermee te vermy. Daar moet egter in verband met 'n ongelukkige swanger vrou in gedagte gehou word dat persone nooit hulself nie, maar vir ander persone as ongelukkig aangedui het (vgl. III:2.1.6.7).

6.4 Die negatiewe invloed van 'n swanger vrou

In teenstelling met 'n menstruerende vrou wil dit voorkom of 'n swanger vrou nie vir 'n baba gevaarlik kon wees nie. Sy kon ook nie deur geslagsomgang of ander kontak 'n man benadeel nie, maar 'n swanger vrou se man moes liefs nie gaan jag nie aangesien die roofdiere ens. hom dan sou dood maak. Hy moes ook nie oorlog toe gaan nie, aangesien by maklik sou sterf. Dieselfde sou vir 'n jong getroude man geld. Die verbod op die man van 'n swanger vrou mag moontlik verband hê met die sieninge van twee informante dat 'n swanger vrou 'n reuk sou hê, deur een beskryf as 'n baba reuk, en sou dus toegeskryf kan word aan sy kontak met haar. Die weerlig sou egter nie op die eggenoot van 'n swanger vrou geslaan het nie.

'n Swanger vrou sou wel nadelig wees vir persone in 'n kwesbare toestand. Soos reeds vermeld (vgl. III:6.3) kon sy vir 'n mede swanger vrou gevaarlik wees indien sy langer swanger was as die ander persoon. 'n Swanger vrou kon nie 'n menstruerende vrou deur middel van analogie benadeel nie, maar wel indien laasgenoemde in 'n besonder kwesbare toestand was, byvoorbeeld met

bereiking van puberteit, of gedurende bevallings, in welke geval laasgenoemdes se menstruasie dan sou wegslaan, of die geboorte vertraag sou word.

'n Swanger vrou het die siektetoestand van mense met gevaarlike siektes soos //âudas ('n siektetoestand in die litte), vuilsiek of kanker vererger. Sy kon dit deur haar blote nabyheid doen. Verskeie redes word aangevoer. Volgens een informant was dit omdat die reuk van 'n swanger vrou so sleg sou wees vir 'n sieke dat as eersgenoemde net aankom, die sieke al sieker en swakker sou voel. 'n Ander verklaring kan aan kontaminasie toegeskryf word naamlik dat dit sou gebeur omdat die swanger vrou se bloed opgegaar sou wees (dit sou 'staan') en omdat sy nie menstrueer nie (haar are sou 'toe' wees). Dit sou veroorsaak het dat die sieke se 'gesondheid nie ontvou nie'. Dieselfde verklaring, naamlik dat sy sou veroorsaak dat hul snye nie genees nie, word gegee as rede waarom 'n swanger vrou nie naby persone wat pas die !gao/gom-behandeling ondergaan het, moes kom nie. Die derde verklaring het betrekking op die groot hoeveelheid bloed wat nou in haar versamel sou wees, dit wil sê die menstruele bloed wat nie meer uitgeskei word nie sowel as die bloed van die baba. Volgens een informant sou die baie bloed haar kragtig of sterk gemaak het sodat 'n //âudas-pasiënt se litte van mekaar sou trek. Dit was volgens haar ook die rede waarom persone wat aan //âudas ly, nie met rou vleis 'wat rou en vol bloed sou wees', in aanraking moes kom nie. Die sieke se siekte sou dan rou en ongenees gebly het.

Indien 'n swanger vrou iets van 'n ander persoon begeer het, sou laasgenoemde 'n karkaattjie kry wat behandel moes word deur van die swanger vrou se maagvullis aan die oë van die vrou van wie die swanger vrou iets begeer het, te smeer.

Alle swanger vroue sou as gevolg van hul reuk veroorsaak dat die wild sku sou wees en 'n ongelukkige swanger vrou veroorsaak dat die wild sku sou wees indien haar man gaan jag, en dat die vis nie sou byt of sy of hy nie heuning sou kry nie indien een van hulle sou gegaan het om vis te vang of heuning uit te haal. Enkele informante meld dat sy die tuin en veldkos kon brand asook die vee en melkproduksie sou kon benadeel.

As gevolg hiervan moes 'n ongelukkige swanger vrou liefs nie gaan visvang of heuning en veldkos soek nie en is sy nie toegelaat om in die tuin in te gaan of met die vee te werk nie. Sy moes nie voedsel soos veldkos, wildsvleis en koeimelk, veral 'n jong vers se melk inneem nie. As veiligheidsmaatreël is alle swanger vroue somtyds verbied om hierdie produkte in te neem.

Enkele informante meld dat haar man of enige ander man die geluk van 'n swanger vrou kon getoets het soos die geluk van die puberteitsinisiënt getoets is (vgl. III:2.1.6.7). Maria Swartbooi meld dat die man homself vir die jag getoets het wanneer sy vrou swanger was.

6.5 Gevolgtrekkinge

Volgens Khoekhoe-siening sou 'n persoon se toestand van geluk of ongeluk bepalend gewees het vir 'n persoon se vermoë tot voortplanting (vgl. III:6.1). Dit beteken dat 'n ongelukkige persoon moeiliker sou voortplant as 'n gelukkige persoon, of glad nie sou voortplant nie.

'n Mens se lewe het uit die bloed van die vader en moeder ontstaan. Dié lewe kon net ontstaan indien daar genoeg bloed was in die lewensare van die moeder en indien die bloed van die vader en moeder by mekaar gepas het (vgl. III:6.1). Hierbenevens het die ontstaan van lewe saamgehang met die suiwerheid, lewendigheid en sterkte van die ouers se bloed (vgl. III:6.1). Die bloed van die vader sou die bron gewees het van die persoon se bepalende eienskappe, terwyl die bloed van die moeder slegs as groeimedium, dit wil sê voedsel vir die nuwe lewe sou gedien nie (vgl. III:6.1). Aangesien die voedsel wat 'n persoon inneem in die bloed te lande sou kom (vgl. III:1.1), beïnvloed die voedsel die baba (vgl. III:6.3). 'n Baba is as besonder fyngvoelig beskou (vgl. III:6.2).

Die liggaam het die kenmerk dat dit vuil bloed wil uitwerk. Dit is een van die redes vir miskrame (vgl. III:6.2). Die bloed kan, as gevolg van die aanhoudende gebruik van vrugaf-

drywende middels, die neiging behou om die embrio uit te werk (vgl. III:6.2).

Aborsie is as moord geag (vgl. III:6.2). Die embrio is dus as 'n lewende wese beskou. Die embrio het geleidelik ontwikkel tot dit op ses of sewe maande swangerskap as 'n mens beskou is (vgl. III:6.2). 'n Seun is verkies bo 'n dogter (vgl. III:6.2). 'n Meisie is met die geboorte van 'n eerste kind as vrou beskou (vgl. III:6.2).

Die swanger vrou het 'n sterk kragkomponent besit wat in haar liggaam, aura, skaduwee en afskeidings, veral haar reuk, teenwoordig was (vgl. III:6.3, 6.4). Die kragveld het skynbaar met die opgaring van bloed in haar verband gehou (vgl. III:6.3, 6.4). As gevolg hiervan was sy nadelig vir kwesbare persone en die lewensbronne en het sy veroorsaak dat kragte in die omgewing haar tref (vgl. III:6.3, 6.4). Die aangebore kenmerk van geluk of ongeluk was by vroue tydens swangerskappe duidelik meetbaar (vgl. III:6.3, 6.4), en het die negatiewe invloed wat van haar uitgegaan het ernstig verhoog.

Natuurgesteldhede soos koue het 'n negatiewe uitwerking op voortplanting gehad (vgl. III:6.1, 6.2), en kon die baba se lewe beëindig (vgl. III:6.3). Sommige produkte uit die natuur soos doringboomgom en wildsvleis kon die gesondheid van die vrou en baba benadeel (vgl. III:6.3).

Dit wil voorkom of daar geglo is dat 'n baba vreemd was vir sekere elemente uit die natuur soos doringboomgom en wildsvleis en dat 'n persoon altyd na verloop van 'n onaanduibare periode vir sodanige elemente vreemd geword het (vgl. III:6.3)

Daar is blykbaar geglo dat die mens deur voortdurende skakeling die band met sekere entiteite buite sy geboorteplek moes behou. 'n Ongebore baba het nog nie hierdie band aangeknoop nie en persone kon die band verloor indien hulle 'n fisiese verandering ondergaan het en dus vreemd aan die omgewing geword het (vgl. III:6.3).

7. GEBOORTE

7.1 Reëlings in verband met geboortes

'n Swanger vrou het vir die geboorte van haar eerste kind na haar ouerhuis gegaan omdat sy daar van die beste hulp verseker sou wees, en sodat die man se familie nie blameer kon word indien iets verkeerd gaan nie. Sy kon vir die geboorte van 'n tweede kind na die man se ouers gaan, en vanaf die derde bevaling tuis bly, indien nie vanaf die tweede bevalling nie.

Die bevalling is as 'n besonder belangrike gebeurtenis beskou. Wanneer die moeder opstaan, is 'n groot fees gevier, wat deur familie en bekendes bygewoon is. Heuningbier is gemaak en daar was skynbaar geen verbodsbepalings vir die kraamvrou ten opsigte van voedsel nie.

Twee of drie ouer vroue, wat nie meer kon menstrueer of swanger wees nie, en met kennis van kraamhulp het die kraamvrou bygestaan. Een het saans tot sy finaal opgestaan het by haar geslaap, om te verseker dat niks verkeerd sou gaan nie. Een van hierdie vroue was ook die vroedvrou. Sy was gewoonlik 'n smeervrou en moes 'n gelukkige en gesonde vrou wees met gesonde hande. 'n Sieklike vrou of 'n vrou met ongesonde hande kon veroorsaak dat die kraamvrou sieklik sou word, haar vrouedele benadeel word, die kind se nael lank sou neem om te genees of die kind sieklik sou wees.

Die vroedvrou het vir haar dienste betaling ontvang, vroeër in die vorm van vee. Volgens sommige is daar vir 'n seun meer as vir 'n dogter betaal. Volgens een informant is in resente tye vir 'n dogtertjie tien sjielings en vir 'n seun een pond betaal.

Dit moes tydens die bevalling en tot sy opstaan stil wees om die kraamvrou sodat haar baarmoeder, wat nou baie fyngvoelig sou wees, nie 'kwaai' sou word nie. 'n Geraas kon veroorsaak dat die baarmoeder skrik, en 'n wind as gevolg daarvan na haar kop gaan, of dat die baarmoeder sou neig om by die geslagsopening uit te beweeg. Beide reaksies kon tot die dood van die vrou lei.

Die kai taradi het besoekers aan die kraamvrou en baba gekontroleer terwyl die vrou nog in die bed was en die baba se naelstring nog nie af was nie. Albei is nog in 'n kwesbare toestand en ongewenste persone kon hulle dus makliker benadeel.

Terwyl die vrou geboorte skenk, kon haar man by wees omdat sy vrou sy verantwoordelikheid was, soos haar ouers dit met die huwelik aan hom gestel het, maar ook sodat hy ondervinding sou opdoen, en dus oor die nodige kennis sou beskik indien hy in die toekoms in sulke omstandighede alleen met haar sou wees.

Om geraas te voorkom, maar ook omdat dit as 'n volwasse aangeleentheid beskou is, is geen kinders by die bevalling toegelaat nie.

7.2 Die kwesbare posisie van die vrou

Vroeër is geen menstruerende of swanger vrou by die kraamvrou toegelaat nie. 'n Menstruerende vrou kon byvoorbeeld nie saam met die kraamvrou eet of die baba hanteer, byvoorbeeld sy oë of neus afvee of van die sagtevet waarmee die baba gesmeer is op haarself gebruik nie, aangesien dit tot gevolg kon hê dat die baba vroeër gebore word, die kraamvrou onophoudelik vloei of dat die vloei sou staak, die baba se oë seer, waterig, branderig of blind kon word of die baba sere onder die neus kry. Indien 'n menstruerende vrou tog met die baba kontak sou hê, moes sy as voorsorgmaatreeël van haar eie maagvullis aan byvoorbeeld die oë van die baba smeer. Swanger vroue sou die geboorte vertraag, maar daar is nie geglo dat swanger vroue die baba direk kon benadeel nie. In resente tye is veral ongelukkige menstruerende en swanger vroue kontak met die kraamvrou en haar baba verbied.

Alle sogende vroue sou die weerlig aangetrek het as gevolg van die melkreuk wat aan hulle gekleef het. Sy moes dus nadat sy opgestaan het nie tydens swaarweer rondstap nie.

7.3 Die negatiewe invloed van 'n kraamvrou

Terwyl sy menstrueer het sy dieselfde negatiewe invloed as 'n menstruerende vrou op ander persone gehad. Volgens een infor-

mant sou 'n kraamvrou egter kon veroorsaak dat 'n besoekende swanger vrou 'n miskraam kon kry.

'n Kraamvrou is soos die puberteitsinisiant met die geboorte van haar eerste kind getoets om te bepaal of sy gelukkig of ongelukkig was ten opsigte van die lewensbronne. In die geval van die kraamvrou is egter net enkele toetse uitgevoer. Dit is gedoen om vas te stel of haar toestand na die puberteitseremonie verander het. Haar invloed is bepaal ten opsigte van wild, die vee, veldkos, ensovoorts.

7.4 Die kraamproses

Wanneer die vroedvrou opmerk dat die kraamvrou tydens die duur van die bevalling swak word, het sy haar om haar te versterk sterk vleissop of melk gegee. Sy het ook voortdurend gevoel of die baba nie dalk in 'n verkeerde posisie lê nie, of die naelstring om die baba se arm gedraai het, ensovoorts, en dit dan reggesmeer.

Die kraamvrou het op haar sy gelê met haar kop teen haar bors en die vroedvrou het dan met haar knie of hand as steun op die kruis van die vrou gedruk. Omdat 'n kraamvrou tydens die bevalling bewerig word, druk die vroedvrou die voet van die kraamvrou se been wat bo lê, op die knie van haar onderste been vas. Hierdie posisie het verseker dat al die vrou se krag by die bevalling betrokke kon wees.

Nadat die naelstring deurgesny en afgebind is, is die gedeelte wat aan die nageboorte vas was, en wat nog moes afkom, aan die bobeen van die moeder vasgemaak, sodat dit nie sou terugspring en veroorsaak dat die vrou sterf nie. Indien die nageboorte traag was om af te kom, kon 'n band om die vrou se middel gebind word, en sy ge-apu word, dit wil sê met drukbewegings gesmeer word, of sy kon medisyne soos khamagu, !gūxa, rooibos, dassie-urine en klipsweet, gegee word, om die nageboorte en haar menstruele vloei aan te bring. Indien iets sou agterbly, sou die baarmoeder 'kwaai' word. Alle vloeistowwe moes daarom lout wees sodat die baarmoeder nie ontstel sou word nie. 'n Mengsel van bogenoemde medisyne in 'n bak met warm water, of

gestamppte medisinale boegoelare met 'n warm klip daartussen, kon onder die vrou op die bed geplaas word, sodat die wasem in haar intrek. Dit sou haar menstruele vloei verbeter en enige pyne, wanneer die baarmoeder 'kwaai' was, laat bedaar. Een informant stel dit dat die kraamvrou sodoende van binne skoongemaak is, en later van buite skoongemaak is wanneer sy ge-am (vgl. III:2.1.7.3) is.

Twee !Gâmi-nû-vroue wat dikwels as vroedvroue opgetree het, meld dat indien die nageboorte nie wou afkom nie, die kraamvrou in haar eie bakgemaakte hande moes blaas sodat die lug daarteen sou stuit, by haar mond sou ingaan, en die nageboorte sodoende afdryf. Andersins is die punt van 'n riem in haar mond gedruk sodat sy naar geword het, en die skok van die naarheid die nageboorte afgedryf het.

Die nageboorte is in die donker in 'n ashoop begrawe sodat ander mense nie sou sien waar dit begrawe is en dus die baarvermoë van die vrou deur kontakmagie kon benadeel nie. Volgens slegs een informant van die Richtersveld moes dit in warm as begrawe word sodat die vrou nie koue sou vat en na-pyne kry nie. Andere beweer dat die as koud kon wees. Die nageboorte is met die naelstring na bo begrawe. Twee verklarings word gegee, naamlik dat dit gedoen was sodat die baarmoeder nie om-draai en die vrou se vermoë om kinders te kry kortwiek nie, en sodat die volgende baba nie met voete eerste gebore sou word nie. Die nageboorte is begrawe sodat ongewenste persone nie daarvoor kon loop, of kwaadwilliges dit vir toormedisynie kon opgrawe en die vrou benadeel nie.

Dit was belangrik om die baba se naelstring goed af te bind, sodat 'n wind nie daar sou ingaan en in die kop gaan, of stuipe veroorsaak nie. Nadat die naelstring afgebind is, is dit deur 'n gaatjie in 'n plat stukkie hardevet wat eers saggebrei is, getrek en opgedraai sodat dit bo-op die hardevet lê. Nog 'n stukkie hardevet is hier bo-op geplaas. Die hardevet het veroorsaak dat die naelstring gou afval, en dus nie as gevolg van nattigheid soos water of urine sou ontsteek nie. Hierna is 'n bietjie wit as op die naelstring gestrooi om dit droog te hou. Die afgevalde naelstring en die hardevet wat gebruik is, is be-

waar. Indien die kind later oogprobleme sou kry, is van die vet daaraan gesmeer, of indien die kind stuipe kry, is van die naelstring en vet vir die kind ingegee. Dit is bewaar tot die kind sterk en gesond is, en is dan in 'n muisgat gedruk sodat ongewenste dit nie kon kry, en die baba daarmee kon benadeel nie.

7.5 Versorging na die bevalling

Na die bevalling, het die smeervrou die kraamvrou se kruis- en heupbene in posisie gedruk (ge-apu). Dit kon ook gedoen word deur 'n gesonde vrou, gewoonlik die vroedvrou, wat nie self probleme in haar kruis- en heupbene of vrouedele het nie, sywaarts op die kraamvrou, wat op haar sy lê, se heup te laat sit, en so skuiwende van haar heup te laat afbeweeg. Indien haar kruis- en heupbene nie sluit nie, sou sy pyne verduur, kon haar baarmoeder uitsak, en kon 'n wind in die baarmoeder en dan ook haar kop gaan, en sy deurmekaar raak.

'n Vrou wat geboorte geskenk het, moes vir agt tot tien dae in die bed bly, om haar krag te herwin, sodat haar kruis- en heupbene kon sluit, en sodat sy in 'n warm omgewing sou wees. Die warmte sou help dat haar ou vullis makliker afkom wanneer sy ge-//am moes word, om haar status as nuwe mens te betree. Koue kon veroorsaak dat haar bloedvloei wegslaan en sy winddroog raak.

Die baarmoeder sou na die geboorte onrustig wees omdat dit die baba sou soek, of ook vanweë vliesies of bloedstukkies wat agtergebly het, winde wat die baarmoeder gedurende die geboorte geskep het, of parallelle emosies van ergerlikheid, maar ook omdat die winde wat altyd in die baarmoeder teenwoordig sou wees, maklik geaktiveer word. Laasgenoemde kon byvoorbeeld normaalweg deur skok, hartseer en koue geskied. Al hierdie faktore kon daartoe bydra dat die baarmoeder 'kwaai' sou raak. Winde kon geaktiveer word wat in die kop kon gaan, en veroorsaak dat die vrou van haar verstand raak, of sterf. Hierbenevens kon die baarmoeder by die geslagsopening uitgaan. Om dit te verhoed moes die kraamvrou medisyne drink om die bloed- of vliesdeeltjies uit te skei, 'n maagband dra om die baarmoeder

in posisie te hou, genoeg voedsel inneem sodat die vol maag teen die baarmoeder sou druk en laasgenoemde in posisie sou hou. Sy moes ook nie ergerlik word, skrik, of koue vat nie. Sy moes dus warm bly, nie met koue water was nie, en slegs warm vloeistowwe soos sop inneem. Hierbenewens kon 'n baarmoeder rustig gemaak word deur 'n warm handdoek daarop te plaas, en dit met warm hande te apu.

Die vrou is ook ge-apu dat haar baarmoeder die regte posisie kon inneem en dat dit nie meer uitgesprei die buik vol, sou lê, soos na 'n geboorte die geval is nie. In so 'n geval sou die vrou moeilik swanger word omdat die bloed wat die baarmoeder binnevloei, versprei, en nie op een plek opgevang sou word nie. Hierdie siening is egter strydig met die gedagte dat bevrugting in die lewensare sou plaasvind, en mag 'n moderne toevoeging wees (vgl. III:6.1). Hierbenewens kon die uitgespreide baarmoeder maklik 'n wind skep wat dan na die kop kon gaan. 'n Band kon ook om die buik gebind word, om te sorg dat die baarmoeder 'aanmekaar bly'.

Hierna is die vrou met byvoorbeeld khamagu en hardevet ge-apu om die afkom van die nageboorte, klonte en menstruele vloeï, te stimuleer. Dit is gedoen benewens die medisyne wat sy vir hierdie doel moes drink (vgl. hierbo). Die apu-proses is met warm hande gedoen.

Die vrou, haar klere en haar beddegoed is met sâ-i bestrooi sodat sy aangenaam sou ruik, volgens een informant omdat 'n slegte reuk by haar slange, skerpioene ensovoorts, sou aantrek. Daar is ook 'n houer met sâ-i, met 'n warm klip daarin, onder haar rok geplaas sodat dit 'n aangename reuk sou versprei.

Die vader het net na die geboorte, wanneer die vee werf toe gekom het, 'n bok of skaap geslag. Volgens twee informante moes dit 'n ooi wees aangesien die //haus daarvan gebruik moes word, maar volgens 'n ander kon dit ook 'n kapater wees. Die vleis was net vir die kraamvrou, die huismense en ou vroue, soos die vroedvrou en ander wat toevallig daar was, bedoel. Dit was nie vir onbekende en jongmense nie aangesien menstruerende of

swanger vroue wat daarvan eet, sou veroorsaak dat die baba se oë seer, of branderig word.

Die vleis is deur die kai taradi gekook sodat daar sopperige vleis vir die kraamvrou sou wees, maar ook omdat die baba seer, rooi of slegte oë sou kry indien die moeder geroosterde vleis sou eet. Indien die mense dit tog wou rooster, moes eers die pootjies in die vuur gebrand word, (nie gaargemaak nie) en van die swartsel aan die baba se oë gesmeer word, sodat die kind se oë nie benadeel word nie.

Dit was as besonder belangrik beskou om vir die kraamvrou te slag aangesien sy haar kragte moes herwin. Sy moes veral vleissop drink, ook omdat dit haar maag sou vul. Volgens sommige moes die kraamvrou juis die harslag eet, om sterk te word, terwyl ander meld dat die werf se mense (eienaars) nie toegelaat is om na 'n geboorte of sterfgeval die binnegoed te eet nie. Dit word daaraan toegeskryf dat binnegoed maklik mense se mae sou aantast en dat die vrou se maag en baarmoeder nou nuut is, en nie gewoon is aan sulke kos nie en sy daarom diarree sou kry. Afval se uitwerking sou nog erger as dié van binnegoed wees, en daarom is kraamvroue verbied om dit te eet. Volgens een informant is dié rede hier dat die verwydering van die mis uit die afval parallelle uitwerking, dit is diarree, tot gevolg sou hê. Die kleinpensie en vetderms moes ook nie soos gewoonlik omgekeer word nie, omdat dit andersins daartoe sou lei dat die baba opgooi.

Benewens die afval en binnegoed van die slagding kon ander kosse ook vir die kraamvrou en die baba nadelig wees. Haira, wildsvleis en heuning kon haar maag en dié van die baba windrig maak, of diarree veroorsaak. Sy kon die benadeling voorkom deur haarself en die baba daarmee op die maag te 'streep' of 'n bietjie daarvan te spuitspoeg op die baba se boudjies. Dié kos sou hierdie uitwerking hê op die baba omdat hy dit nie ken nie.

Die kruis- en heupbene van die ooi wat geslag is, is om dieselfde rede en volgens dieselfde metode vir die kraamvrou uit-

geslag as wat by die puberteitseremonie gedoen is (vgl. hierbo III:2.1.6.1).

'n Vrou wat geboorte geskenk het, moes gereeld genoeg kragtige kos kry soos vleissop, melk (indien sy gelukkig was) en vleis. Dit was nodig sodat haar maag altyd vol sou wees en die baarmoeder dus nie winderig kon raak nie. Volgens een informant het die ou mense gesê dat voedsel die baarmoeder se medisyne was. Hierbenewens moes sy volgens een informant baie kos kry sodat sy mooi sou lyk, dit wil sê soos 'n nuwe mens, as sy uitkom.

Wanneer die vrou opstaan, is weer geslag en met die eerste kind se geboorte is 'n groot fees gehou wat deur familie en bekendes bygewoon is. Ook heuningbier is gemaak en daar was geen verbodsbeplinge op die voedsel nie.

7.6 Prosedure nadat sy opgestaan het

Wanneer die kraamvrou opstaan, het die kai taras haar ge-//am, gegrimeer, en soos 'n puberteitsinisiant met krale versier. Die vrou kon dit ook self doen. Dit is volgens enkele informante gedoen om die ou lewe se vuiligheid te verwyder aangesien sy voortaan 'n 'nuwe mens' met 'n nuwe lewe sou wees. Die vullis is in die matjieshuis begrawe sodat ongewenste persone nie daaroor kon loop en haar benadeel nie.

Sy moes haarself die eerste paar weke nadat sy opgestaan het, nie met strawwe werk ooreis, of geslagsomgang hê nie, aangesien haar liggaamskragte en haar baarmoeder asook haar heup- en kruisbene eers moes herstel.

Daar was volgens die informante geen assosiëring met haar take of die lewensbronne nie, maar die enkele verwysings na die idee van 'n 'nuwe mens' in verband met die nuwe moeder, laat die vraag ontstaan of dit nie vroeër tog gedoen is nie, en of die geboorte nie vroeër as 'n oorgangstadium beskou was nie.

7.7 Gevolgtrekkings

'n Vrou ondergaan met die geboorte van 'n baba fisiese veranderinge deurdat die kruis- en heupbene tydelik oop bly na geboorte en die baarmoeder besonder fyngvoelig raak (vgl. III:7.5, 7.14). Die baarmoeder sou ook 'n band met die baba ontwikkel het en dus na die geboorte die baba soek (vgl. III:7.5). Die liggaamlike versorging van die vrou het dus besondere aandag vereis. Bevorderende handeling soos die inneem van kragtige voedsel is uitgevoer, om die kraamvrou se krag op te bou. Hierbenewens is voorkomende maatreëls geneem soos dié in verband met die //haus (vgl. III:7.5).

Dit skyn of geglo is dat 'n vrou met geboortes verlies aan krag sou ondervind en dat sy daarom kraggewende voedsel soos vleis-sop, harslag en melk moes nuttig (vgl. III:7.4, 7.5).

Soos by vorige geleenthede (vgl. III:6.2) is daar ook in verband met geboorte 'n verwysing wat daarop dui dat die Khoekhoen 'n seun van meer waarde as 'n dogter beskou het (vgl. III:7.1).

Solank die ou lewe nog deel van die vrou was, sou sy nie voorspoedig wees nie. Sy moes dus daarvan gereinig word (vgl. III:7.6) en kan slegs voorspoedig wees indien daar 'n nuwe begin gemaak is. Daar was desondanks nie sprake van 'n proses van assosiering met die omgewing en dagtake soos by 'n puberteitinisiant nie.

Die negatiewe uitwerking van die kragtige kragkomponent van die kraamvrou is in ooreenstemming met dié van menstruerende vroue. Hierbenewens het die sogende kraamvrou se melkreuk 'n negatiewe uitwerking (vgl. III:7.2).

Natuurgesteldhede soos wind en koue kon die kraamvrou se gesondheid benadeel (vgl. III:7.4), terwyl warmte heilsaam sou wees (vgl. III:7.5).

Produkte uit die natuur soos doringboomgom, wildsvleis en heuning was vir die kraamvrou en baba nadelig (vgl. III:7.5).

Hierteenoor sou sekere plantmedisyne 'n positiewe werking geopenbaar het (vgl. III:7.4, 7.5).

Bepaalde fasette van die natuur soos slange en roofdiere asook die Grootslange sou hul krag teen die kraamvrou aangewend het (vgl. III:7.2, 7.5).

Die kraamvrou is, soos die puberteitinisiant deur die gemeenskap bygestaan. Sy het vir haar eerste bevalling na haar ouerhuis gegaan en is tydens alle bevallings deur ou vroue versorg (vgl. III:7.1).

8. VERHOUDINGE

8.1 Die verhouding tussen man en vrou

Die Khoekhoe-vrou het 'n vername status in die huishouding gehad. Die versorging en opvoeding van die kinders was hoofsaaklik haar taak. Die melkery, dit wil sê die produsering van die vernaamste voedsel, is deur haar gedoen of het onder haar toesig geskied. Sy was in beheer van die voedselvoorraad en het in dié opsig die rol van 'n meesteres van die huis vervul. Haar man was byvoorbeeld nie toegelaat om 'n mondvul melk te neem sonder haar toestemming nie (vgl. Theal 1910a:49; Theal 1910b:85, 86; Hahn, T. 1881:19; Wandres 1910:279; Schultze 1907:299). Geen bevestiging kon egter gevind word vir die bewering (Schapera 1930:251) dat haar man nie toegelaat is om haar vee te slag, of te verruil, of sy eie vee te verruil, sonder haar toestemming nie. Volgens informante het hy haar gewoonlik in sulke sake geken, maar was dit nie omdat hy daartoe verplig was nie. Hy het met die huwelik beheer verkry oor haar vee, en kon volgens hulle daarmee na goeddunke handel.

Siek diere is deur die mans behandel, hoewel een informant meld dat geglo is dat so 'n dier van kant gemaak moes word. Vroue het gehelp wanneer die vee moeilik lam, hoewel 'n jong vrou wat nog kon swanger raak, nie toegelaat is om te help nie aangesien dit kon veroorsaak dat sy later moeilik geboorte skenk. Die man was verantwoordelik vir die slag, afslag en opsny van 'n slagding, terwyl dit die vrou se werk was om die afval te skraap. Volgens Maria Swartbooi het die man die grond voor-

berei en het die vrou dan die saad geplant en verder versorg. Die versameling van veldkos, soos eetbare dele van plante en boomgom, was die werk van die vroue, dogters en klein kindertjies. Jag en heuninguihaal was die man se werk, en so ook hengel; hoewel vroue ook vandag langs die Oranjerivier hengel.

Hoewel die vrou 'n belangrike posisie binne die huishouding beklee het, is die man as hoof van die vrou beskou, en is daar van haar verwag om hom te versorg, en hom gehoorsaam te wees. Sy was byvoorbeeld nie toegelaat om haar ouers sonder sy toestemming te besoek nie. Die status van die man was dus hoër as sy vrou. Dit is in ooreenstemming met Khoekhoe-ouers se begeerte van seuns bo meisies as kinders (vgl. III:6.2, 7.1).

8.2 Die verhouding tussen ouers en kinders

Die verhouding tussen ouers en kinders is deur wedersydse respek gekenmerk. Ouers was streng en het verwag dat hul kinders eerbiedig teenoor hulle sou optree. Kinders was nie toegelaat om hul ouers op die naam aan te spreek, of in volwasse geselskap te verkeer nie. Hulle het ook apart van die volwassenes geëet. Besondere respek vir die gesag van die vader het die kinders dikwels weerhou om sake direk met hom te bespreek, en die moeder is dan as tussenganger gebruik. Kinders was, op grond van geslag, hul ouers behulpsaam met take ter instandhouding van die gesin.

Die ouers het die oudste kind met baie respek behandel omdat hy of sy 'die eerste liefde' van die ouers sou gewees het. Hierbenewens is dit gedoen as voorbeeld vir die ander kinders van die korrekte optrede teenoor 'n oudste suster of broer. Die oudste kind was die persoon wat, nadat hy of sy getroud was, altyd seker gemaak het dat dit goed gaan met die ouers.

Daar was 'n besondere band tussen 'n dogter en haar ouers. Daarom het sy met die geboorte van haar eerste kind na haar ouerhuis gegaan en is daardie eerste kleinkind dikwels deur haar ouers grootgemaak, veral in die geval van 'n voorhuwelikse swangerskap. Na so 'n kind is met vertedering deur die grootmoeder verwys as 'n 'ouma-kind'. Volgens twee informante is

die eerste kind aan die vrou se ouers gegee in die plek van die een wat hulle verloor het. Die oudste dogter was somtyds die moeder met die vername melktaak behulpsaam.

Dogters, en veral die oudste dogter, is met besondere respek deur die vader behandel. Op haar beurt het sy groot eerbied vir haar vader gehad en dit sover moontlik vermy om direk met hom te praat, maar eerder haar moeder as tussenganger gebruik.

Ouers was selfs na die huwelik van 'n kind betrokke by die huweliksprobleme van die kind. Dit was hul plig om hul eie kind te vermaan. 'n Skoonkind is nooit direk deur die skoonouers berispe nie. Hulle het egter die probleem onder die aandag gebring van die skoonkind se eie ouers, en hulle moes die saak dan met hom bespreek. 'n Getroude seun het sy ouers steeds hoog aangeskryf. Wanneer hy slag is van die beste vleissnitte soos die rib aan hulle gestuur.

Die gewoonte om meisies na die vader te vernoem en seuns na die moeder kon waarskynlik gedien het om 'n nouer band tussen die verskillende geslagte daar te stel.

8.3 Die verhouding tussen broers en susters

Die terme broer en suster is ook vir die kinders van ego se vader en moeder se broers en susters benut. Parallele neefs en niggies is ook so aangespreek. Skynbaar is hierdie terme in die resente verlede ook ten opsigte van kruisneefs en -niggies gebruik. Daar is egter aanduidings dat dit vroeër nie die geval was nie (Hoernlé 1925:19, 20). Alle persone wat as broers en susters beskou is, moes mekaar met besondere respek behandel. Hulle moes nie lelike taal voor mekaar besig nie, onbeskof met mekaar praat, of mekaar se vee vloek nie, aangesien dit sou wees asof dit die eienaar is wat gevloek word. Indien 'n persoon hom of haar hieraan skuldig maak, moes 'n bok of skaap aan die veronregte betaal word. Die veronregte kon dit vereis (vgl. Schapera 1930:271).

'n Broer betoon besondere groot respek aan 'n suster, en veral sy oudste suster. Wanneer 'n getroude broer slag, het hy vir sy suster van die beste vleissnitte, soos die boud, gestuur.

Die besondere posisie wat 'n suster in die oë van haar broer^{be} klee, het tot die ū//qā-gebruik aanleiding gegee waarvolgens die susterskind met dieselfde respek behandel is. Hiervolgens moes 'n man enige gebrekkige item van sy susterskind se eiendom met 'n ongeskonde weergawe vervang, byvoorbeeld gebrekkige met ongeskonde vee, 'n gekraakte waterhouer met 'n heel houer, ensovoorts. ū//qā sou afgelei wees van ūsa (gebreklik). Die susterskind kon ook enigiets van die moedersbroer vra, insluitende hulpverlening. Indien die moedersbroer die susterskind sou vloek, moes hy 'n bok of skaap as vergoeding betaal. Die omgekeerde het ook vir die susterskind gegeld.

Huwelike tussen persone wat as broer en suster beskou is, was ongehoord. Sulke persone moes mekaar vermy deur so min moontlik met mekaar te praat, nie alleen in mekaar se geselskap te wees nie, fisiese kontak te vermy, en mekaar byvoorbeeld as 'ouboet' en 'ousus' aan te spreek.

Die seuns en dogters in 'n gesin het verskillende take gehad. Dogters was met take in die huis, met versameling van veldkos, en met die melkery gemoeid. Hoewel dit oorwegend die seuns se plig was om die vee op te pas, moes die meisies soms help, byvoorbeeld indien 'n egpaar geen seuns gehad het nie. Take is egter ook op grond van ouderdom verdeel. Jong vee wat naby die werf moes bly, soos kalwers en lammers, is deur klein kindertjies opgepas. Indien dit nodig was om die groot bokke en skape op te pas, byvoorbeeld in die lamtyd, of wanneer roofdiere besonder lastig was, het die ouer seuns dit gedoen, omdat hulle reeds meer bedrewe was. Die beste is nie opgepas nie maar kon die weiveld ongekontroleerd benut. Hulle keer self na die kalwers en die drinkplek by die huis terug (vgl. Du Pisani 1976:147; Schapera 1930:295). Kinders het deur die voorbeeld van ouer kinders geleer hoe om vee op te pas.

Tussen 'n aantal broers of susters het die oudste, veral die oudste seun, die mees geëerde posisie bekleed, en is dié een se opinie hoog geag aangesien die oudstes die ouers behulpsaam was met die opvoeding van die jongeres. Slegs ouer broers en susters kon jongeres direk op die naam aanspreek. Jongeres

moes die terme *ousus* of *ouboet* gebruik. Die senioriteitsposisie is dus deur hierdie terme aangedui.

Verskeie gebruike wys op die hegte band tussen respektiewelik broers onderling, susters onderling asook tussen broers en susters. Getroude broers het tradisioneel volgens 'n bepaalde rangorde (vgl. III:4.4.1) dieselfde werf bewoon en saam oor belangrike sake soos weiding besluit (vgl. Schapera 1930:270, 316). Hoernlé (1918:70) meld dat susters 'n jonger suster met haar puberteitseremonie bygestaan het deur saam met haar skoonsusters die kharu-oms op te rig. Die band het egter ook oor geslagsgrense gestrek. 'n Suster het dikwels tussenbeide getree wanneer haar broer in 'n bakleiery getrokke geraak het (Schapera 1930:271).

8.4 Die verhouding met ander bloedverwante

Daar is reeds verwys na die gebruik van 'n stelsel van klasifiserende verwantskapsbenoeming in die aanduiding van broers en susters. Hierbenewens is, behalwe die eie vader en moeder, ook ander persone as vaders en moeders aangespreek. Die broers van ego se vader en hul vroue is respektiewelik ook vaders en moeders genoem. Die oudste broer en sy vrou was die 'grootpa' en 'grootma'. Indien ego se vader sou sterf, was die 'grootpa' in beheer van die oorledene se kinders en vrou tot laasgenoemde weer trou.

Ook die susters van ego se moeder en hul mans is respektiewelik as moeders en vaders beskou en die oudste en haar man is as 'grootma' en 'grootpa' aangespreek. Indien ego se moeder sou sterf, het haar oudste suster as moeder vir haar kinders opgetree tot die vader weer in die huwelik sou tree. Persone wat as vaders en moeders aangespreek is, moes dienooreenkomstig eerbiedig behandel word.

Ego se vader se susters en hul mans asook ego se moeder se broers en hul vroue is nie as moeders en vaders aangespreek nie, maar as ooms en tantes. Die senioriteitsposisie van ego se vader se broers en hul vroue asook ego se moeder se susters en hul mans is met die toevoeging van die byvoeglike naamwoorde

'groot' en 'jonger' aangedui soos blyk uit 'grootpa' en 'kleinpa'.

Die verhouding tussen grootouers en kleinkinders was baie meer informeel as tussen ouers en kinders. Grootouers het hul kleinkinders dus baie meer toegelaat. Binne die generasie van ego se grootvaders is die terme //naob en //naos onderskeidelik vir manlike en vroulike persone gebruik. Dieselfde respek is betoon vir alle persone wat aldus aangespreek is. Volgens Hoernlé (1925:18) is hierdie terme afgelei van die term //naon wat ook vir die punt van 'n pyl gebruik sou word en sou dit daarom na die begin van die familie verwys.

Hoernlé (1925:15) en Schapera (1930:228) meld in verband met die verlede veel groter samewoningsverbande as wat vandag voorkom. Elke stam het aanspraak gemaak op 'n eie gebied (Budack 1972b:248). Daar was selfs gevalle waar 'n groot gedeelte van 'n stam saamgewoon het, maar dit was meer gebruiklik vir sibbelede om saam te woon (Hoernlé 1925:15; Schapera 1930:228).

Sibbe-eksogamie is toegepas en die groepsgevoel tussen sibbelede was dus sterk. Sibbe-lidmaatskap het vroeër 'n groot mate van beskerming en bystand gewaarborg (Hoernlé 1925:16).

Hoewel die Khoekhoen vroeër poliginiste was, meld Hoernlé (1925:16) dat dit, toe sy navorsing gedoen het lank nie meer voorgekom het nie. Die Khoekhoen het in die resente verlede in patrilineêre gesinnegroepes saamgewoon en getrek. So 'n groep kon die volgende samestelling vertoon : ego en sy vrou, hulle getroude seuns en met hul vroue, hul ongetroude kinders, hulle kleinkinders asook ego se ouers. Hierbenewens kon ego se getroude dogters en hul mans hul ook vir 'n tydperk na hul huwelik by die groep aansluit (vgl. III:4.3). Die drakrag van die veld het die grootte van samelewingsverbande beperk (vgl. Hoernlé 1913:10).

Die groep is deur noue samewerking tussen lede gekenmerk. Schapera (1930:270) meld byvoorbeeld dat almal saamgewerk het om die grootouers van werk te spaar. Bloedverwante het nie net die lewendes ingesluit nie, maar ook geeste van gestorwenes.

Daarom is daar, hoewel nie op 'n gereelde basis nie, met gestorwenes soos 'n moeder in verbinding getree (vgl. II:1.2.2).

In die gebiede waar navorsing gedoen is, met die oog op hierdie studie, word vandag veel kleiner samelewingsverbande aangetref. Die informante dra dus tans weinig kennis van die vroeëre lokale groeperinge. Samewoningsverbande bestaan vandag dikwels net uit 'n grootmoeder en haar kleinkinders, 'n grootmoeder en -vader en hul kleinkinders, 'n man en vrou met hul kinders, of 'n vrou met haar kinders. Vanweë die neiging tot buite-egtelike kinders en die tendens vir mans om elders te werk, ontbreek 'n man dikwels as hoof van 'n huishouding. Aangesien verwante vandag vanweë die veranderde ekonomiese opset dikwels ver van mekaar woon, is bure menigmaal nie-verwante, en speel buurskap 'n belangrike rol in hulpverlening. In een geval in 1985 te Upington het 'n vrou met die bystand van haar nie-verwante bure vir haar dogter 'n puberteitseremonie gereël.

Hoernlé (1925:17, 21) en Schapera (1930:270) meld dat familieverband vir die Khoekhoen van groot belang was. Hierdie tendens word vandag nog gevind, en blyk uit die moeite wat aangegaan word om huwelike en begrafnisse by te woon en familiebesoeke af te lê.

8.5 Die verhouding met aanverwante

Die verhouding met aanverwante is deur versigtigheid gekenmerk om nie die harmonie wat in verhoudings bestaan, te versteur nie. Wanneer 'n meisie in die huwelik tree, is sy aan die man en sy familie afgegee, en moes haar lojaliteit in die eerste plek by hulle wees. Sy moes byvoorbeeld na haar skoonouers omsien, huweliksprobleme met haar skoonmoeder bespreek, en kon nie sonder haar man se toestemming by haar ouers gaan kuier nie. Hoewel die man en sy vrou patrilokaal gewoon het, moes ook die man lojaliteit teenoor sy skoonouers openbaar en na hulle omsien.

Indien die ouers van ernstige probleme in die huwelik van die kinders bewus sou raak, sou hulle dit met hul eie kind en nie met die skoonkind nie bespreek. Wanneer 'n skoonseun 'n dogter

mishandel het, het sy skoonouers hom nie vermaan nie, maar daarvoor met sy ouers gepraat. Hierteenoor was die skoonkind die verantwoordelikheid van die skoonouers, en laasgenoemde moes dus aan die eie ouers kon verantwoording doen indien byvoorbeeld die man sy vrou mishandel het, of die vrou die man verwaarloos het. Ouers het dit dus vermy om te direk by hul kinders se huweliksprobleme betrokke te raak omdat dit verskeurde lojaliteit by die kinders en groter spanning tot gevolg kon hê. 'n Skoondogter en skoonseun het as gevolg van respek vir die skoonvader dit vermy om te vryelik met hom te praat, maar eerder die skoonmoeder genader, wat dan die saak met die skoonvader bespreek het.

'n Skoonseun en skoondogter het 'n belangrike status gehad omdat hulle in die gesin 'ingetrou' het. Hierbenewens was dit belangrik om hulle te laat voel dat hulle werklik 'n kind van die gesin was. 'n Skoonseun sou egter 'n hoër status as 'n skoondogter gehad het. Dit blyk uit die gewoonte om aan 'n sares (warrelwind) wat moontlik tot gevolg kon hê dat iemand sterf, te skree dat daar 'n skoonseun in die huis is (vgl. III:9.3). Een informant verklaar dit uit die feit dat die sares vroulik is en dus net vir 'n man sou skrik, en dat 'n vrou 'tog niks' sou wees nie, dit wil sê, nie die huisgesin sou kon verdedig nie.

Skoondogters en soms ook skoonseuns, het saam in noue verband met bloedverwante in 'n werfgroep gewoon.

8.6 Verhoudinge met ander persone

Seuns en dogters van ongeveer dieselfde ouderdom wat saam opgegroeï het, het mekaar vir die res van hul lewe as vriende beskou en kon op wedersydse hulpverlening staatmaak.

Lede van 'n werfgroep het vroeër beperkte skakeling met persone buite die werf gehad. Die stamhoof of sy raadslede het gereeld 'n werfgroep besoek (vgl. Budack 1972b:274) of 'n lid van 'n werfgroep het die stamhoof besoek

'n Stamhoof en sy raadslede moes eerbiedig en gasvry ontvang word. Sommige gesinne het 'n spesiale koei aangehou waarvan

die melk net vir die ouers en die stamhoof bedoel was. Van die melk is in 'n bepaalde kalbas na die stamhoof se tuiste geneem deur die vrou of oudste dogter van die huis wat sorg moes dra dat sy netjies en skoon daar uitgesien het.

Die stamhoof moes, indien hy bereikbaar was, die beste deel, naamlik die boud of rib, van elke slagding of wildsbok wat doodgemaak is, ontvang. Die vleis moes rou wees sodat die indruk nie geskep sou word dat die stamhoof nie vertrou word nie. Die veeboerdery en jagbedryf kon slegs deur rou en nie verwerkte vleis nie, benadeel word. Hierbenewens is daar van elke voorraad heuning wat uitgehaal is suiwer heuningstroop aan die stamhoof gestuur. Hierdie dele van die vee, wild en heuning is as die beste beskou. Die vroue van die stam het vir die stamhoof velklere gemaak.

Hierdie goedere het die stamhoof toegekome as eerbewys en omdat die 'kapteinshuis beskerm moet word'. Die stamhoof van die Kai//Khaun het skynbaar reeds in 1779 dieselfde idee gehad toe hy volgens Wikar grootvee ingesamel het om sy 'honor op te houden' (Wikar 1935:26). Hierbenewens was hy die onderhouer van die bejaardes en armes en moes die stam hom dus onderskraag.

Die stamhoof het byvoorbeeld van sy eie vee onder behoeftiges uitgeplaas vir die gebruik van die melk en 'n gedeelte van die aanteel. Hierbenewens is dit van hom verwag om besoekers gasvry te ontvang en aan hulle slaapplek en voedsel te verskaf. Hy het 'n spesiale houer met melk vir die doel aangehou.

Hoewel stamhoofde tuis aan die beheer van hulle vroue oor die melkvoorraad onderworpe was, het hulle self melk aan behoeftiges en gaste aangebied (vgl. Godée Molsbergen 1916-1922 I:46, 56; Shaw 1915:219). Hierbenewens het die stamhoof een keer per jaar 'n groot jagtog vir die stamlede gereël (vgl. Budack 1972b:277).

Saamskakeling met ander mense het wel geskied vanweë gemeenskaplikheid van belangstelling. Met spesiale geleenthede soos 'n puberteitseremonie, huwelik, begrafnis, reënseremonie of

jagtog het verwante en bekendes byeengekom. Hoernlé (1922:20) meld in verband met 'n reënseremonie dat alle stamlede dit probeer bywoon het. Dit is deur informante bevestig in verband met 'n reënseremonie wat vroeër deur die !Gâmi#nûn te Warmbad gehou was. Reënseremonies en jagtogte is egter hoogstens een keer per jaar gereël. Nietemin het sulke byeenkomste die groepgevoel versterk en is bande opgebou wat toekomstige hulpverlening verseker.

Swartvolke en die San is met versigtigheid bejeën. Die Herero is as veglustig en slu beskou, terwyl die San sku sou wees vir mense maar tog gevaarlik. As gevolg van die lang assosiasie met die Damara is laasgenoemde skynbaar nie gevrees nie.

Wat mede Khoekhoen betref, was mense buite die gesin of gesin-negroep, dit wil sê mense van ander werwe, vir 'n baba vreemd en dus gevaarlik (vgl. II:2.2.1.4.1). 'n Band moes dus eers deur assosiëring met hul opgebou word (vgl. II:2.2.1.4.1). Daar is telke male waargeneem dat die Khoekhoen vreemdelinge waarvan hulle nie kennis dra nie, nie spontaan gasvry ontvang nie, maar versigtig. Gasvryheid word eers betoon as die vreemde persoon aanvaarbaar geag word, en 'n band met die persoon dus gevestig kon word. Wanneer persone mekaar na 'n tydsvloep weer sien, word dieselfde prosedure gevolg.

Vanweë die verwestersing van die Khoekhoen en die gepaardgaande verandering in woonwyse is dit tans onmoontlik om 'n beeld van die tradisionele samewoningsverbande af te lei uit die waarneming van die woonwyse by die lokaliteite waar navorsing gedoen is.

8.7 Faktore wat verhoudinge bevorder

Verskeie oorweginge het verhoudinge tussen persone bevorder en 'n groepsgevoel verseker. Die eerste hiervan is verwantskap. Daar was 'n noue band tussen gesinslede wat uitgekring het na alle verwante. Die band tussen ouers en kinders is nie met die huwelik van 'n kind verbreek nie (vgl. III:8.5). Patrilineêre verwantskap het mense saamgesnoer as sibbelede en patrilineêre verwantskap was die basis waarop 'n werfgroep saamgestel was

(vgl. III:8.4). 'n Werfgroep het ook aanverwante naamlik 'n huweliksgenoot en skoondogter of skoonseun ingesluit. 'n Skoondogter het op daaglikse basis met haar skoonfamilie geskakel terwyl die skakeling tussen 'n skoonseun en sy vrou se mense meer sporadies was (vgl. III:8.4). Die reëling dat 'n man en vrou 'n jaar na hul huwelik by die vrou se ouers moes bly (vgl. III:4.3), en die geëerde posisie wat 'n skoonseun bekleed het, het egter die bande tussen 'n skoonseun en sy skoonfamilie versterk (vgl. III:8.5). Ook het klassifiserende verwantskapsterminologie noue bande met bepaalde persone tot gevolg gehad en 'n persoon stewig met ander persone buite die gesin verbind (vgl. III:8.4).

Stamlede is bewus van 'n eie stamidentiteit. 'n Groepsgevoel is bevorder deur sake soos 'n stamnaam, gesamentlike bewoning van 'n bepaalde gebied en gereelde besoeke deur die stamhoof aan stamlede (vgl. III:8.6).

Derdens het ekonomiese oorweginge intermenslike skakeling bevorder. Vanweë die negatiewe uitwerking van bepaalde toestande en oorgangstadiums waarin die mens haar- of homself bevind, moes die mens vermydings nakom ten opsigte van die natuur. Hulpverlening deur ander persone was in sulke omstandighede belangrik. In die geval van ongetroude menstruerende meisies, is hul pligte ten opsigte van die vee en versamelaksie deur 'n suster of moeder vervul. Vroulike aanverwante het vir 'n getroude menstruerende of swanger vrou ingestaan. Persone in oorgangstadiums is deur ouer mense, veral vroue (verwant of onverwant) versorg (vgl. III:2.1.2, 9.2, 10.3). Die individu, en dikwels 'n vroulike individu, word dus deur ander mense soos bloedverwante, aanverwante, bure en mede-vroue of mans gedra.

Gasvryheid was een van die uitstaande kenmerke van die Khoekhoen wat reeds deur vele vroeë skrywers vermeld is (vgl. Wandres 1903:324; Hahn, T. 1881:32; Schultze 1907:318; Hahn, C.H. 1916:191; Kolben 1731:165). Ten grondslag hiervan het hul besondere mededeelsaamheid gelê (vgl. Tindall 1856:40; Barrow 1806:101; Schapera 1930:239, 304). Suinigheid was verag. Die verhaal word vertel van 'n man wie se vrou so suinig was dat sy

nooit enige voedsel aan die man se vriende aangebied het nie, hoewel hy altyd by hulle gasvry ontvang is. Die vriende se vroue het toe opgehou om aan die man kos te gee wanneer hy hulle besoek. Sodoende het die man die implikasies van sy vrou se houding besef en haar geslaan tot sy verander het. Volgens Hahn (Hahn, T. 1881:17) was die bewering dat 'n stamhoof suinig sou wees, as die grootste belediging beskou wat hom toegevoeg kon word. Daar is van 'n persoon in besit van voedsel verwag om dit met ander te deel. Resiprositeit was 'n belangrike grondslag by die verspreiding van produkte. Wanneer 'n persoon het, moes hy gee aan 'n ander wat nie het nie. Wanneer laasgenoemde later in 'n gunstige posisie kom, het hy weer aan eersgenoemde gegee. Uit 'n gesegde van Lyntjie Vos se grootmoeder blyk hierdie beginsel : 'Mee deel, dan kry jy elke dag'. Dieselfde beginsel het ten opsigte van die stamhoof gegeld. Die stam en stamhoof moes wedersyds mekaar versorg. Die gebruik by welvarende manne om van hul vee by arm mense uit te plaas sodat laasgenoemde dit versorg in ruil vir die gebruik van die melk, helfte van die aanteel, en gebruik as slaggoed, is 'n voorbeeld van so 'n wederkerige handeling.

Die tweede vername oorweging in verhoudinge is dus die soeke na blote vriendskaplikheid. Hoewel resiprositeit sekerlik aan die wortel van hierdie gasvryheid en mededeelsaamheid gelê het, kan daar met Schultze (1907:318) akkoord gegaan word dat die Khoekhoen se besondere soeke na broederlikheid hiertoe, en tot die soregus-verhoudings aanleiding gegee het. Dit is dan ook 'n faset van die Khoekhoe-karakter wat deur baie Westerlinge waargeneem word. Daar is selfs in gesprekvoering gepoog om met die ander persoon te assosieer (vgl. II:2.2.1.4.1).

Informante verwys in Afrikaans na die soregus-gebruik as 'deurdrink' aangesien twee persone uit een beker drink. Hiervolgens drink die een die helfte en die ander dan die res. Dit is as die aanvang van 'n bepaalde vriendskapsverhouding beskou tussen twee persone wat besonder baie van mekaar gehou het, maar wat nie nabye verwante, byvoorbeeld kinders van 'n broer en suster, was nie. Twee informante het dit soos Schultze (1907:318), as 'n soeke na broederlikheid verklaar. Lyntjie Vos verduidelik

dat 'n Khoekhoe-persoon 'n sagmoedige lang liefde vir 'n ander' sou hê, terwyl 'n ander die soregus-gebruik vergelyk met 'n broer- of susterverhouding buite familieverband. Geen ander redes hiervoor kon bekom word nie. Die verskillende elemente in die verhouding het ook nie hierop lig gewerp nie. Dit kon byvoorbeeld geskied tussen persone van dieselfde of teenoorgestelde geslag, getroud of ongetroud, van dieselfde of verskillende lokaliteite, en indien 'n man en vrou betrokke was, kon die vrou baie ouer gewees het as die man. Volgens hierdie ooreenkoms kon die twee lewenslank enigiets van mekaar vra of selfs aan mekaar gee in die vorm van geskenke byvoorbeeld vee, 'n hangkas, of selfs 'n wa, of dienste. Hulpverlening was nie die enigste rede om so 'n verhouding aan te gaan nie. Ook persone wat genoeg ander mense gehad het waarop hul kon staatmaak, het die soregus-verhouding aangegaan. In meer resente tye het die verhouding 'n seksuele konnotasie gekry.

Laastens het gemeenskaplikheid van belangstelling inter-menslike skakeling bevorder. Hierna is reeds verwys (vgl. 8.6).

8.8 Gevolgtrekkinge

In ooreenstemming met wat Redfield (1953:6-8) vermeld in verband met primigene gemeenskappe, het die Khoekhoen saamgewoon in klein selfversorgende en geïsoleerde verbande wat uit dieselfde soort mense met dieselfde basiese ervarings bestaan het, en het hulle ook 'n sterk groepsgevoel geopenbaar (vgl. III:8.4). Redfield kom tot die gevolgtrekking dat : ' the very smallness and isolation of the precivilized community everywhere allows us to say that in the early condition of humanity, the community, as well as the cosmos of which its members felt it to be a part, was essentially made up of personal relationships, and that the patterning of these relationships was primarily accomplished by development derived from the differences of age, sex and familial connection' (Redfield 1953:10). Verskillende groeperinge skryf hy toe aan 'kwalitatiewe' verskille wat tot verskillende leefwêreldes gegrond op faktore soos geslag en ouderdom lei, en tot bepaalde verbande soos dié gegrond op verwantskap (Redfield 1953:91, 92).

Die verskillende leefwêreld van mans en vroue word geïllustreerd in onder andere verskillende take (vgl. III:8.1, 8.3), asook in verskille in benutting van ruimtes (vgl. III:4.3, 4.4.1). Ouer persone het 'n veel hoër status as jongmense gehad (vgl. III:8.2, 8.6).

Verwantskap het samewoningsverbande bevorder tussen patri-lineêre en aanverwante (vgl. III:8.4).

In lyn met die onderskeiding tussen die Self en Ander, was die Khoekhoen bewus van menslike groeperinge wat nader was aan 'n individu, en ander wat ver en verskillend was. Die nouste skakeling van 'n persoon was met die eie gesin, dan met ander persone in die patrilokale gesinnegroep en hierna met ander patri-lineêre verwante soos ander sibbelede (vgl. III:8.2, 8.3, 8.4). Hiernaas was daar 'n noue band met alle persone wat met klassifiserende verwantskapsterme aangespreek is (vgl. III:8.3, 8.4). Dit het ook verwante aan moederskant ingesluit naamlik haar ouers en haar susters (vgl. III:8.4). Daar het met bepaalde aanverwante noue verbintenisse bestaan. Veral 'n vrou het noue skakeling met haar skoonouers en swaers gehad as gevolg van die patrilokale samewoningsverband (vgl. III:8.5). Verder op die periferie van skakeling was daar verhoudinge met ander stamgenote, vreemdes en, veral in die huidige tyd, individue van ander volke. In hierdie geval was die bekendheid met 'n persoon 'n deurslaggewende faktor tot goeie verhoudinge (vgl. III:8.6). Daar was egter 'n duidelike onderskeid tussen Ons en Ander.

Skakeling tussen persone is dus bevorder deur verwantskap en bekendheid, maar ook deur vriendskap, gemeenskaplike belangstellings, die behoefte aan hulpverlening en pligsbesef (vgl. III:8.7). Faktore soos die dravermoë van die veld wat veroorsaak het dat werfgroepe ver uit mekaar bly (vgl. III:8.4), het skakeling beperk.

Dit wil voorkom of noue skakeling met ander mense en goeie verhoudinge van besondere belang was in die lewensbestaan. Die aantal verwante wat as nabye verwante gereken en behandel is en met klassifiserende terme aangedui is, het wyer gestrek as die

gesin (vgl. III:8.3, 8.4). Ego se vader se suster en haar man, asook ego se moeder se broer en sy vrou is egter nie as klassifiserende vaders en moeders aangespreek nie. Die aanduidinge dat kruisneefs en -niggies vroeër waarskynlik wel in die huwelik kon tree (vgl. Hoernlé 1925:21), bring die moontlikheid na vore dat kruisneefs- en niggies vroeër nie as broers en susters beskou is nie. Skakeling met 'n persoon se ouers is nie met die persoon se huwelik verbreek nie (vgl. III:8.3). Die verhouding met aanverwante is deur versigtigheid gekenmerk omdat hulle nie met bande van bloed aan 'n persoon gebind was en dus so toegewyd tot 'n persoon was as bloedverwante nie (vgl. III:8.5).

Die Khoekhoe-groeperinge was saamgebind deur 'n gedeelde bewustheid van die aard en uiteindelijke doel van die lewe. Hierdie doel was nie in verklaarde teenstelling vervat nie, maar was geïmpliseer in die vele lewenshandelinge van die lede van die groep (vgl. Redfield 1953:12). Daar kan dus akkoord gegaan word met Schultze (1907:318) se waarneming oor die belangrikheid van 'n broederlike verhouding tussen verwante en ook tussen goeie vriende onderling.

In die lewenstryd was dit belangrik om met baie persone verbintenisse te hê en om nie die harmonie tussen jou en ander persone te versteur nie (vgl. III:8.7).

9. DOOD EN BEGRAFNIS

9.1 Voorbodes en bekendmaking van sterfgevallen

Die natuur en die mens kon as aankondigers dien dat 'n bepaalde persoon sou sterf of reeds gesterf het. Sterfgevallen is egter nie noodwendig altyd aangekondig nie.

Die ongewone gedrag van diere kon aankondigings wees van sterfgevallen wat reeds plaasgevind het of kon voorbodes wees. Hieronder kon die volgende tel : die uil, die //nananab ('n sprinckaansoort) en die nuusdraervoël indien hulle droewig naby die huis sou skree, of 'n slang wat reguit na 'n huis seil en ingaan. Die aangekondigde boodskap van die uil, //nananab en nuusdraer moes erken word met die woorde : 'Ja, ek het gehoor.

Jy kan maar gaan'. Andersins sou die boodskapper nie ophou skree nie. Volgens twee informante is in die geval van die //nananab 'n lewendige kooltjie onder die sand begrawe waarna die //nananab dan sou dood neerval of wegvlieg. Dit beteken nie dat meer mense sou sterf indien die boodskap nie beëindig word nie, maar bloot dat die boodskapper verseker moes wees van die ontvangs van die boodskap.

Wanneer enkele reëndruppels val, is daarna verwys as menstrane of traandruppels, en sou dit 'n aanduiding wees dat iemand sterwende is, of reeds gesterf het, en dat die agterblywendes treur. Indien 'n warrelwind (sares) direk in die rigting van 'n bepaalde huis beweeg, kon dit beteken dat iemand van die huis daar of elders, sou sterf, of dat iemand reeds elders gesterf het. Die rol van die sares is hier dus bloot dié van 'n voorbode of boodskapper. Dit is in ooreenstemming met die siening dat die warrelwind 'n voorbode kon wees van 'n besoeker wat lank weg was en dan op pad was na die huis waar die warrelwind voor draai.

Mensgebonde voorbodes, of aankondigings van die dood, kon insluit dat 'n persoon die sterwende, of pas gestorwene, 'sien', of van die betrokke persoon droom. 'n Persoon kon ook van iets anders droom, byvoorbeeld 'n ander persoon of gebeure soos 'n huwelik, waarna die droom dan 'omgedraai' moes word, om dit te kon interpreteer. 'n Lyk wat slap bly, sou 'n voorbode van 'n sterfte wees omdat dit 'nog 'n liggaam sou vra'.

Bepaalde gebeure is dus as doodsgerig beskou as gevolg van die ongewoonheid daarvan. Dit is egter ook moontlik dat die uil, //nananab, nuusdraervoël, slang en warrelwind vroeër as sulks 'n besondere konnotasie met die dood gehad het.

Hierteenoor is geglo dat indien 'n sieklike persoon se vee onverwags begin vrek, die persoon nie hartseer daaroor moes wees nie omdat die godheid, Tsui//Goab, die persoon jammer gekry het en besluit het om die vee in sy plek te neem.

9.2 Begeleiers

Ouer volwasse vroue, waarvan een die leiding neem, het die agterblywendes in die familie bygestaan. Dit was belangrik dat veral die kai taras wat die leiding neem, kennis moes dra van die nodige handeling, en daarom verkieslik self al iemand aan die dood moes afgestaan het. Sy kon verwant of onverwant aan die oorledene gewees. Sy moes 'n gelukkige vrou wees en 'n voorspoedige huishouding hê sodat 'die vuur van die huis van die agterblywende, nie sou doodgaan nie'. Daarbenewens moes sy gelukkig wees ten opsigte van voorspoedigheid om kinders te kry en ten opsigte van gesonde hande. Sy moes 'n eerbare lewe lei.

Ouer persone is as begeleiers verkies omdat enige aangebore ongelukkigheid met die jare sou verminder het, en dit ook reeds sou geblyk het indien hulle onkeerbaar gelukkige persone was. Hierbenewens beskik ouer persone oor die kennis, is jongmense kwesbaarder, en sou dit nie 'n groot verskil maak indien ou mense deur kontak met die dood benadeel sou word nie, omdat hulle in elk geval binnekort sou sterf. Volgens een informant moes vroue wat met die lyk werk vroeër ouer as ongeveer sewentig gewees het. Ou mans kon behulpsaam wees om die lyk van 'n man te versorg, of om 'n wewenaar geselskap te hou.

Aangesien die begeleiers in direkte aanraking met die lyk, die agterblywendes, en somtyds ook die sterwende gekom het, was bogenoemde oorwegings belangrik. Die begeleier het gewoonlik al tydens die afgestorwene se siekte gekom, en het by die agterblywendes tuisgegaan tot 'n maand na die begrafnis, onder andere om die agterblywendes geleidelik gewoond daaraan te maak om voortaan sonder die afgestorwene in die huis te woon.

9.3 Die dood van 'n persoon

Benewens natuurlike oorsake kon iemand ook sterf as gevolg van kwaadwillige benadeling deur 'n persoon of vanweë die toedoen van 'n bonatuurlike verskynsel, of wese.

In teenstelling met voorbodes soos die uil, kon die warrelwind ook betrokke wees by die veroorsaking van 'n persoon se dood. Hiervolgens sou dit die dood van die ernstige siek persoon in

die huis waarheen dit direk beweeg, tot gevolg kon hê. Die sares sou dan iemand in daardie huis kom soek, of kom haal, om te sterf. Volgens die meeste informante was hierdie 'n lang warrelwind wat reguit na 'n bepaalde huis en dan daardeur beweeg het. Een informant meld dat dit 'n geluid sou gemaak het soos 'n asem of siel wat uitblaas. Dié sares is nie deur 'n mens gestuur nie.

Wanneer die mense sien dat so 'n warrelwind na hul huis aankom, het hulle die deur toegemaak, sodat die wind nie deur die huis kon beweeg nie, terwyl hulle vir hom skree om weg te gaan. Hierbenewens het hulle hom gedreig met die woorde : 'Hier is 'n skoonseun in die huis', waarskynlik omdat 'n skoonseun versigtig behandel moes word. Dit sou tot gevolg gehad het dat die warrelwind by die huis verbygaan. Aangesien mense nooit seker kon wees of 'n bepaalde warrelwind as doodsoorsaak gekom het nie, is daar altyd koue water agter 'n sares wat reguit na 'n huis beweeg het, aan gegooi.

Uit bogenoemde gegewens blyk die kwaadwillige bedoelinge van dié bepaalde sares en die vrees van die mens daaroor.

Uit die literatuur wil dit voorkom asof die bose godheid //Gâunab 'n verband gehad het met die dood (Hahn 1881:85, 86; Hoernlé 1923:519; Schapera 1930:388). Volgens slegs een bejaarde !Gâmi#nû-informant sou die sares wat die dood van die mens kon veroorsaak, 'n kwaadwillige bonatuurlike wese, //Gâunab, kon wees. Volgens 'n ander was dit 'n gees, in hierdie geval dus 'n kwaadwillige. Dit is natuurlik moontlik dat dit beskou is as 'n kwaadwillige gees wat deur //Gâunab gestuur is. Sommige informante antwoord dat Elotsi, en op spesifieke navraag deur my, Tsui//Goab, dié sares stuur. Die gebruik van die term Elotsi dui op die Christelike God en die gebrek aan toewysing van kwaadwilligheid waarskynlik op 'n resente Christelike godsdiensbeskouing. Tsui//Goab was die Khoekhoe-godheid wat oorwegend goedaardig sou wees (vgl. Carstens 1975:82).

Die kwaadwilligheid van die sares en die gebruik van water om die kwaadwillige bedoelinge te neutraliseer, is in

ooreenstemming met die gebruik van koue water in verband met kwaadwilligheid (vgl. II:2.2.2.6). 'n Kwaadwillige toornaar kon byvoorbeeld 'n warrelwind na iemand stuur met die doel om die persoon se geluk te benadeel. Die kwaad kon dan geneutraliseer word deur die dompeling van die toornaar in koue water. Volgens een informant sou die koue water 'te sterk' gewees het vir die towery en volgens 'n ander sou die 'duiwel' (//Gâunab) nie water drink nie. In aansluiting by die kwaadwilligheid van die sares is geglo dat 'n warrelwind siektes kon bring (vgl. Hoernlé 1923:519). Volgens sommige informante langs die Oranjerivier is daar 'n slang in die warrelwind, maar ander was van mening dat dit na 'n ander warrelwind waarin die Rivierslang sou trek, verwys.

Twee faktore sou aangedui het dat 'n persoon sterwend was. Eerstens wys die liggaam wat begin afkoel hierop, aangesien 'n warm liggaam sou beteken dat 'n mens nog 'die lewe in jou het'. Tweedens is, volgens sommige informante, 'die reuk van die dood' teenwoordig net voordat 'n persoon sterf, en ook daarna. Een informant het vertel dat sy so siek was dat sy reeds self die reuk van die dood gekry het. Volgens ander het slegs die liggame van persone wat aan siektes soos kanker gesterf het reeds direk na die dood 'n reuk.

Wanneer 'n persoon sterf, is gesê dat die siel vertrek. Die siel kon 'in 'n wind' vertrek dit wil sê 'n wind kon opkom en die siel wegneem. Twee informante meld dat dit by alle sterftes sou gebeur het, maar dat almal net nie daarna oplet nie. Volgens Lyntjie Springbok was haar man dood toe die wind bedaar het. Dit kan 'n gewone wind wees, dikwels 'n sagte windjie, wat vir 'n kort rukkie waai, selfs sagte reën of 'n warrelwind, laasgenoemde dikwels klein. In een geval sou 'n ernstige siek grootmoeder net voordat sy gesterf het, gesê het dat die lang warrelwind wat bokant die huis draai haar man is wat haar kom haal. Uit die houdinge van die informante skyn dit of hierdie weersomstandighede nie vrees by die mens ontlok het nie, maar bloot as middele van vertrek vir die siel beskou is.

Hierbenewens het sulke klimaatsomstandighede by 'n dood of begrafnis somtyds ook met die konsep van geluk verband gehou

deurdat 'n gelukkige persoon by sy of haar dood of begrafnis weer eens, soos by die geboorte, reën of die reën bringende wind sou /h^oa (bring), in teenstelling met die ongewenste toestand wat met 'n ongelukkige persoon geassosieer is.

Enkele informante het aangedui dat die agterblywendes na 'n sterfgeval tot Tsui//Goab gebid het, volgens twee informante waaronder Lyntjie Springbok, sodat die oorledene by hom sou uitkom. 'n !Ama-informant meld dat dit gedoen is omdat Tsui//Goab die siel geneem het, en met die gebed getoon is dat die agterblywendes nie sy wil wil teëstaan nie, aangesien Tsui//Goab dan sy mag kon wys deur nog mense te laat sterf. Die verwysing na Tsui//Goab kan egter dui op 'n Christelike godsbeskouing wat tot gevolg gehad het dat hierdie toevoegings gemaak is. Moontlik is oorspronklik in hierdie verband tot //Gâunab gebid, maar is //Gâunab later met Tsui//Goab vervang. Carstens (1975:82) spekuleer in dié verband dat vroeër beide Tsui//Goab en //Gâunab vir ongeluk verantwoordelik kon gewees het.

9.4 Afsondering van die agterblywendes

Die huismoeder en/of -vader moes na die dood van 'n lewensmaat of kind, nie met hul ou lewenspatroon voortgaan nie, maar vanaf direk na die afsterwe van 'n naasbestaande vir 'n tyd tuisbly, sodat hulle op 'n bepaalde wyse behandel kon word. Slegs nadat hulle gereinig is, kon hul hul nuwe lewe begin. Die persone moes afgesonder en gereinig word, omdat hulle in 'n kwesbare toestand verkeer het, maar ook omdat hulle gevaarlik kon wees. Die agterblywendes kon wel die begrafnis bywoon.

Dit was veral belangrik dat 'n volwasse vrou of moeder hierdie behandeling en reiniging moes ondergaan, omdat 'n vrou kwesbaarder was as 'n man, en vanuit haar posisie as versorger meer kontak met die oorledene sou gehad het. Hierbenewens het sy as volwassene 'n langer assosiasie gehad met die ou lewe wat nou verwyder moes word. Kinders is dus nie tuis gehou om gereinig te word nie. Die afsonderingsfase het gedien as oorbruggingsfase om die agterblywende gewoond te maak om sonder die oor-

ledene te bly leef en om die persoon te heroriënteer ten opsigte van 'n toekomstige lewe.

Eerstens is die persoon nie toegelaat om in hierdie fase rond te loop, en moontlik in 'n gewoonte van losbandigheid te raak nie, omdat die pligte as ouer dan versak sou word, en dit tot verbroekeling van die gesin kon lei. Insgelyks moes die agterblywende stemmig praat en optree sodat 'n dringende behoefte aan sosiale verkeer nie sou ontwikkel, en die huisgesin verwaarloos word nie. Die kai taras het die agterblywende ouer vermaan dat hy of sy voortaan die rol van moeder sowel as vader sou moes vervul. Net soos met die puberteitseremonie is geglo dat die gedrag waarby die agterblywende direk na die dood inval, die toekomstige optrede sou bepaal.

Tweedens is die persoon afgesonder omdat hy of sy die lewensbronne kon benadeel en volgens een informant, omdat hy of sy aggressiwiteit by die natuur sou ontlok. Die voorbeeld is genoem van 'n rivier wat skielik sou afkom, as 'n agterblywende sou wou deurstap.

9.5 Die kwesbaarheid van die agterblywendes

Die agterblywende was in 'n kwesbare toestand. Die gevaar het bestaan dat die agterblywende se geestestoestand en gesondheid benadeel kon word en dat die agterblywende selfs kon sterf. Hierbenewens kon die gesin ekonomies benadeel word. Die persoon moes deur die regte optrede en behandeling hierdie gevolge verhoed.

Om die gesondheid van die agtergeblewene te verseker, het ou vroue by 'n vrou gesit en ou mans by 'n man om sodoende die aandag af te lei. Dit is gedoen sodat die agterblywende nie aanhoudend aan die oorledene sou dink nie aangesien dit kon veroorsaak dat hy of sy deurmekaar raak. Net soos hartseer, waarvan die aanhoudende dink 'n deel was, sou dit die persoon warm maak en tot gevolg hê dat hy of sy deurmekaar of siek kon raak, en selfs sterf. Hierbenewens kon voortdurende gedagtes aan die oorledene veroorsaak dat laasgenoemde se siel nie ver trek nie en onrustig sou wees.

Die agterblywendes moes warm gehou word en moes dus uit die wind bly, en 'n tjalie of baadjie aantrek, om nie koue te vat nie. Dit was veral belangrik by 'n vrou omdat sy fyngvoeliger sou wees as 'n man, en omdat haar baarmoeder as gevolg van die skok van die dood maklik aangetas kon word.

Verskeie redes waarom die agterblywende warm gehou moes word, is vermeld. Eerstens is aangevoer dat elke mens winde in die liggaam het wat veral in die derms en baarmoeder gesetel sou wees, en deur omstandighede soos skok geaktiveer kon word, sodat dit in die kop kon trek. Dit kon veroorsaak dat die persoon van sy verstand raak. Indien die persoon wat dan reeds in 'n skoktoestand was, ook aan koue blootgestel sou word, sou die gevolge baie gevaarlik kon wees. Dit was dus belangrik om die agterblywende warm te hou. Veral tussen die blaaië en vanaf die voete kon maklik koue gevat word en dus was dit belangrik om 'n tjalie of baadjie en dik kouse te dra.

Tweedens sou die hartseer die bloed van die agterblywende warm maak, veral die hart, en daarom moes die persoon versigtig wees om nie koue te vat nie.

Derdens moes onthou word dat liggaamlike kontak met die gestorwe eggenoot of kind verbreek is. Die agterblywende se liggaam sou die oorledene mis. Deur die persoon dus warm te hou, sou die gemis minder wees, en daar nie so maklik koue gevat word, tussen veral die blaaië nie.

Behalwe die voorskrif om warm te bly, wat uiteindelik verhoed dat die agterblywende van sy verstand, of siek raak, en die oorledene baie mis, moes die agterblywende ook genoeg eet sodat daar nie in die liggaam ruimte sou wees vir winde nie, wat as gevolg van skok en koue geaktiveer kon word.

Benewens bogenoemde gevolge kon die hartseer veroorsaak dat die maag-aar hewig klop, en dat die vibrasie daarvan daartoe lei dat dit skuif, en dat die hart, as gevolg van die verbinding met die maag-aar, benadeel word. Hierbenewens sou die hartseer die hart swak (kragteloos) kon maak.

Aangesien 'n vrou se baarmoeder baie fyngvoelig sou wees, sou die skok en hartseer by 'n sterfgeval dit kon beïnvloed. Die skok en hartseer sou kon veroorsaak dat dit 'kwaai' word en rondbeweeg en 'n wind in die kop kon laat gaan. Die skok en hartseer sou ook kon veroorsaak dat die baarmoeder 'skuif', en so die voortplantingsvermoë van die vrou benadeel. Hierbenevens sou dit in beide gevalle 'plat en uitmekaar' voel. Bogenoemde beskrywings word in meer verstaanbare terme verduidelik as 'n bewerige, senuagtige gevoel wat met hartkloppens en windrigheid gepaard kon gaan.

Om te verhoed dat die baarmoeder benadeel word, of 'n wind in die vrou se kop gaan, is haar emosionele reaksies op die dood verwyder deur die vrou te lam (vgl. III:2.1.7.3), 'n band om haar buik te bind, en sorg te dra dat sy genoeg eet en drink, veral warm drinkgoed en sop, sodat daar nie ruimte sou wees vir winde nie, en sodat die baarmoeder kalm sou wees. Hierbenevens is die baarmoeder gekalmeer deurdat die kai taras haar hande verwarm en met sagtevet gesmeer het en dan met drukbewegings oor die vrou se liggaam na die baarmoeder toe beweeg het. Daar word gesê die baarmoeder is sodoende 'bymekaar gedruk'. Dit het ook die uitlaat van winde wat moontlik reeds gevorm het, bevorder. Daar kon ook medisyne soos khamagu gedrink word, om die baarmoeder rustig te maak. Volgens twee informante is ook mans gesmeer om hul rustig te maak, maar ander sê hulle is net getroos.

Na 'n sterfgeval het ongeluk dikwels die agterblywendes na bewering getref, veral op ekonomiese terrein. Informante is dit eens dat die dood nie outomaties ongeluk oor die werf laat kom nie, aangesien alle mense eendag moet sterf. Die teespoed manifesteer byvoorbeeld in vee wat vrek of wegraak, en voorrade wat nie hou nie. Verskeie oorsake is onderskei.

Enersyds kon ongeluk die agterblywendes tref as gevolg van redes wat meer bepaald op die oorledene betrekking gehad het.

Etlike faktore kon daartoe lei dat die siel langer sou neem om te vertrek en so ongeluk oor die agterblywendes sou bring. Die ongeluk kon op ekonomiese terrein sigbaar word of die agterbly-

wendes siek maak en laat sterf. Die agterblywendes moes daarom op 'n bepaalde wyse optree om dit te verhoed. Soos vermeld is, is tot Tsui//Goab gebid dat die siel by hom sou uitkom. Hierbenewens is gebid dat die siel tevrede en sonder kwade gevoelens sou vertrek, en dat dit nie sou terugkom nie. Dit is egter nie duidelik of in laasgenoemde geval tot die siel of tot die godheid gebid is nie. Dit is wel duidelik dat 'n siel wat nie vertrek het nie, gevrees is.

Die pligte in verband met die dood, moes noukeurig uitgevoer word om te verseker dat die oorledene tevrede sou wees en daar dus 'n goeie verhouding tussen eersgenoemde en die agterblywendes sou wees. Dit is as besonder belangrik beskou om 'n sterwende water te gee om te drink sodat die persoon nie dors sou sterf nie. Een informant meld dat dit gedoen is sodat die siel nie droog sou wees nie. Hierbenewens moes die sterwende emosioneel rustig gestem word : as dit nodig was, moes hy vergewe word. Indien die oorledene bekommerd was oor onafgehandelde sake sou die liggaam vir twee dae na die dood nog warm bly en die een oog nog effens oop. Die agterblywendes moes dan enige probleme met die oorledene opklaar en sê : 'Verlaat die wêreld. Ek wil jou nie terugtrek nie. Ek vergewe jou' of : 'Ek sal regstel wat verkeerd is'. Dan sou die oog sluit en die liggaam koud word.

Indien die agterblywende aanhoudend ween, sou dit volgens een informant dui op ontevredenheid met Tsui//Goab se werk, en sou laasgenoemde die treurende ook kon laat sterf.

Vanweë die baie nou band tussen 'n eienaar of eienares en sy of haar vee, sou van die vee kon vrek as dié persoon sterf. Die vee sou die oorledene soek, en laasgenoemde sou die vee 'trek'. Om te keer dat die vee aanhou vrek, moes van die lewendige en gesonde vee geslag, verkoop of geruil word, of ander moes gekoop word. Dit sou 'n verandering in die vee besit teweeg bring. Volgens een informant het die ou mense gesê hulle slag sodat daar 'n lig in die veewerf is en dat die vee se vooruitgang hiermee 'ooggemaak' is. Laasgenoemde optrede sou suksesvol wees omdat gesonde vee wat nie vanself gevrek het nie, geslag is en die klem dus op die lewendigheid en die ge-

sondheid van die diere geplaas is om 'n verandering, dit wil sê voortgesette voorspoed in die sterftoestand, teweeg te bring. Lyntjie Springbok stel dit as volg : 'Een wat nie self gesterf het nie is nou by die dooies. Dit veroorsaak dat die dood nou opraak'.

Laastens het die aanraking met die dood daartoe aanleiding gegee dat die agterblywende in 'n oorgangstadium verkeer het en dus die lewensbronne soos die veld, groente, veldvrugte en vee kon benadeel. In die geval van 'n volwasse agterblywende sou hierdie negatiewe reaksie dus ook die persoon self en enige afhanklikes benadeel het. Hierbenewens meld Lucia Laberlot dat die rivier sou afgekom het indien die agterblywende wou deurgaan voor hy of sy gereinig was. Hiervolgens skyn dit dus of sy of hy aggressiwiteit sou ontlok het. Om hierdie toestand van ongeluk, in Korana en Nama na verwys as !khorab, te verwyder en kontak met die vorige lewe te verbreek moes die agterblywendes, die huis en die inhoud daarvan ge-//am (gereinig) word. Hierbenewens is die huis en kraal met pensmis besprinkel om geluk te verseker.

In die eerste week na die begrafnis of dikwels agt dae daarna het dit gereën of het die wind gewaai om die spore na die graf uit te wis sodat die agterblywende verwante nie, as gevolg van die spore na die graf, ook sou sterf nie. Hoewel twee bejaarde informante meld dat Tsui//Goab die wind gestuur het, is dit as gevolg van die Christelike beskouinge onmoontlik om die gegewens te verifieer.

9.6 Die negatiewe invloed van die agterblywendes

Volwasse agterblywendes is tot hul gereinig is van die lewensbronne afgesonder, sodat hulle toestand nie sou veroorsaak dat hulle die lewensbronne benadeel, of deur die aggressiwiteit wat hul in die natuur sou ontketen, ook vir 'n metgesel gevaarlik sou wees nie.

9.7 Die lyk

Die kai taradi het gewoonlik die lyk versorg hoewel ou mans ook kon help met die lyk van 'n man. Dit was gewoonlik bejaarde persone wat in elk geval binnekort sou sterf.

Die lyk is met koue water gewas om te verhoed dat dit gou bederf. In resente tye word ook seep gebruik. Die oorskot is op die rug gedraai en met die voete na die deur uitgelê in 'n afsonderlike matjieshuis wat ontruim is vir goeie lugsirkulasie. Koue water is binne en rondom die matjieshuis gesprinkel om die omgewing van die lyk af te koel sodat dit nie gou sou bederf nie.

Die reuk of 'wind' van 'n lyk, en veral die reuk van 'n wind wat tydens hantering van 'n lyk deur laasgenoemde opgebreek is, is as besonder gevaarlik vir die lewendes beskou, te meer nog as die lyk bederf was, as gevolg van weersomstandighede of 'n siekte soos kanker of toring. Die agterblywendes kon hiervan opblaas, maar ook dieselfde siekte as die oorledene kry, of sterf. Om die reuk teë te werk, is die lyk nadat dit gewas is met sâ-i bestrooi en, indien dit reeds begin ruik het, is 'n bietjie sout in 'n lappie geknoop en op die naeltjie van die lyk geplaas. Diegene wat die lyk moes hanteer, het naeltjies gekou, 'Vicks' of kamferroom onder die neus gesmeer, of het die neus en mond met 'n doek toe gebind. Die informante beskik nie meer oor inligting oor die tradisionele middels en voorwerpe wat gebruik is nie. Indien die werker reeds aangetas gevoel het, kon soutwater of net kookwater gedrink word, om die gevoel van 'n opgeblase maag te laat sak.

Die fisiese aanraking met 'n lyk is ook as gevaarlik beskou omdat die 'sig' van die lyk dan aan die hanteerder se hande sou wees. Dit was belangrik dat diegene hul hande sou was, maar nie met dieselfde seep as waarmee die lyk gewas is nie. Mense moes nie voedsel wat hul wou inneem of ander mense, veral klein kindertjies, met hul hande aanraak voordat hulle dit gewas het nie, aangesien diesulkes almal kon sterf. Die seep waarmee die lyk gewas is, is na gebruik deur die kai taras geneem sodat nie

nog mense sou sterf nie en omdat ou mense soos die kai taras in elk geval binnekort sou sterf.

Selfs al het die oorledene as gevolg van 'n besering gesterf, moes hierdie maatreëls gevolg word, volgens een informant omdat die lyk nie 'n lewendige mens is nie, en die dooies en lewendiges nie saamwerk nie, want eersgenoemdes gaan weg en laasgenoemdes bly agter. Die lyk is slegs hanteer om dit weg te kry, net soos die huis skoongemaak is, om skeiding tussen die lewendes en die dooies te bewerkstellig.

9.8 Besoekers by die lyk

Kinders sou baie fyngvoelig wees, en moes daarom veral voor die ouderdom van ongeveer vyf jaar nie by 'n lyk kom nie, aangesien hulle kon siek word. Insgelyks is 'n swanger vrou dit verbied en wel om te verhoed dat die baba 'n ooreenkoms met 'n lyk, sou toon, byvoorbeeld slap ooglede of ledemate hê, blind of stom wees. Ook siek mense moes nie by 'n lyk kom nie, aangesien hulle nog sieker kon word, of selfs kon sterf.

Die lykwaak het in die resente verlede 'n belangrike rol gespeel, en kom nog voor, hoewel dit vanweë drankmisbruik onder die wakers nou deur die kerke afgekeur word. Met so 'n lykwaak sou belangstellendes by die huis waar die sterfgeval plaas gevind het bymekaar gekom het, om onder ander Christelike liedere te sing. Die lykwaak is elke aand na die afsterwe tot voor die begrafnis gehou.

Die redes hiervoor sou wees om die lyk teen diere op te pas en die agterblywendes by te staan sodat hulle nie eensaam voel nie. Die informante kon aanvanklik geen verdere verklaring bied nie. Die bejaarde Rooms-Katolieke Vader Vellet wat van 1946 tot 1965 onder die Riemvasmakers werksaam was en self die Namataal magtig is, het egter verduidelik dat dit gedoen is om die siel tevrede te hou aangesien die agterblywendes deur die lykwaak sou toon dat die siel nie deur die mense vergeet is nie. Lyntjie Springbok verduidelik dat die lykwaak nodig is sodat die siel tevrede kon vertrek. Vader E Fuchs van Karasburg wat reeds bykans dertig jaar onder die Nama werk,

meld dat dit gedoen word sodat die gees nie sou terugkom nie, dit wil sê ontevrede sou wees nie. Hierna het spesifieke navraag by bejaarde informante aan die lig gebring, dat geglo is dat die siel nie dadelik vertrek nie, maar kon sien hoe die agterblywendes optree, en dat die siel eers na die begrafnis vertrek.

Baie informante meld dat besoekers wat na die lyk kom kyk, deur die kai taras ingewag, en met koue water nat gesprinkel is. Volgens sommige is dit net dié wat van ver kom. Eenvormige verklarings vir die gewoonte ontbreek egter. By die Aman van Kosis is die gewoonte onbekend. Volgens Lyntjie Springbok is dit 'n Damaragewoonte. In twee gevalle word genoem dat dit gedoen is om die besoekers koel te maak.

9.9 Slagtery

Hoewel daar nie volle eenstemmigheid bestaan nie, is daar skynbaar, in ooreenstemming met die gebruike in verband met 'n doodgebore baba, nie vir 'n baba wat met geboorte geleef het, en kort daarna gesterf het, geslag nie. Dit wil voorkom of 'n baba nie die agterblywendes kon benadeel indien daar nie geslag is nie, en dat 'n doodgebore baba eenkant begrawe moes word sodat hy nie die volgende baba sou 'roep' nie, dit wil sê sodat die volgende baba nie ook sou sterf nie. Die twyfel by informante of daar vir 'n baba wat wel 'n tydjie geleef het, geslag is, mag moontlik daarop dui dat wel vroeër vir so 'n baba geslag is, maar dat die gebruik later geleidelik in onbruik geraak het.

In die geval van 'n volwassene is die eerste slagding direk na die sterfgeval sodra die vee van die veld af teruggekeer het, geslag. Enige stuk vee, behalwe 'n ram of bul, wat in elk geval nooit geslag is nie omdat die vleis 'n bitter smaak sou hê, kon geslag word. Dit moes egter die beste slagding wees en die verwante van die gestorwene se werf, byvoorbeeld 'n vader, ongetroude broer of seun, moes die slagding voorsien. Die vleis was eintlik vir die oorledene se werf bedoel en die werfgenote kon daarvan eet sodra die slagding geslag is.

Dit wil voorkom asof die eerste slagding eerstens in belang van die oorledene geslag is. Een informant meld dat volgens 'n ou Namagebruik daar vir die afgestorwenes geslag is om hul guns te wen. Volgens Lyntjie Springbok het die ou mense gesê daar moes geslag word sodat die siel veilig van hierdie werf by die groot werf kon uitkom. Dit is in ooreenstemming met sommige se siening (waarvan die meeste langs die Oranjerivier woon) dat die eerste slagding geslag is om die siel of asem van die gestorwene te vergesel. Die meeste !Gâmi#nû-informante is onbekend met die gebruik en voer aan dat dit geslag word omdat die oorledene nie kon eet voordat hy of sy gesterf het nie. Een informant stel dit as volg : 'Die kos is vir die siel wat uit die huis gaan'. Indien nie vir die oorledene geslag sou word nie, kon die graf insak, die oorledene aan die agterblywendes verskyn, of ekonomiese ongeluk die huis tref, as tekens dat die oorledene ontevrede was. In verband met die ekonomiese teenspoed meld een informant dat die getal stuks vee wat vir die oorledene geslag moes gewees het, sou vrek.

Tweedens word gesê dat die eerste slagding geslag word sodat die agterblywendes met bloed 'gestreep' kon word. Hierdeur is die 'honger gevoel' wat by die agterblywendes gevoel word omdat die oorledene nie op die sterfbed kon eet nie, verdryf. Die agterblywendes ervaar na die sterfgeval dieselfde hongerte waarmee die oorledene gesterf het. Indien daar nie geslag word sodat die agterblywendes hulle met die bloed kon 'streep' nie, sou die hongerte voortduur, al eet hulle, en kon hulle selfs diarree kry.

Hierbenewens het die eerste slagding sekere dele verskaf wat in die vuur gebraai moes word, eerstens sodat die daaropvolgende slaggoed se vleis gebraai en die afval afgebrand kon word, en tweedens vir 'n toekomstige gelukkige lewe. Volgens een informant is laasgenoemde in die geval van 'n doodgebore baba eers gedoen nadat die moeder gereinig is, omdat daar nie direk na die dood geslag is nie. Volgens twee informante in die RSA sou hierdie handeling 'n Damaragewoonte wees.

Laastens moes die slag van die eerste slagding na 'n nuwe en goeie ekonomiese begin verwys. Die lewe moes net so voortgaan

soos dit was, toe die oorledene geleef het. Daar moes geen agteruitgang wees nie. Lyntjie Springbok stel dit as volg : 'Die goeie lewe moet aangaan'. Hierbenewens sou dit ook aan die gestorwene toon dat dit goed gaan met die agterblywendes, sodat niks die siel sou pla en verhinder om te vertrek nie.

Meer slaggoed is mettertyd na die eerste vir die agterblywendes, die besoekers aan die lyk, en die begrafnisgangers geslag.

9.10 Voorbereiding vir die begrafnis

Vroue het nooit gehelp om die graf te grawe nie. 'n Eggenoot of vader, en 'n broer of seun kon wel help indien niemand anders beskikbaar was nie, maar gewoonlik het enige man buite die gesin dit gedoen.

Voor 1900 is daar in ronde grafte begrawe waarin die lyk regop, in 'n hurkende posisie, omvou met 'n vel, geplaas is. Die langwerpige graf met 'n nis in die sykant waarin die lyk lê, sodat die grond nie daarop val wanneer die graf toegegooi word nie, is 'n meer resente soort graf. Dit is 'n grondkis (!hū//hawas) genoem.

Nadat die graf gegrawe is, moes die grawers hul hande was, om die 'sig' van die ander grafte, dit wil sê lyke wat daar begrawe is, af te was.

Volgens enkele informante is artikels wat die oorledene altyd by hom of haar gehad het, soos die !ūros (skilpaddophouer met sâ-i), of 'n pyp, saam met die lyk begrawe. Die meeste informante is egter onbekend met hierdie gebruik.

Die lyk is in 'n vel toegedraai en by die voordeur, nie die agterdeur nie, voete eerste uitgedra. Verskeie verklarings word gebied vir die gebruik om die lyk by die voordeur uit te dra. Die eerste is empiries, naamlik dat die opening van die agterdeur te klein sou wees. Lyntjie Springbok het egter op die vraag, waar die lyk uitgedra is, spontaan bygevoeg dat die voordeur altyd sonop was en dat die lyk daar uitgedra moes word. Geen verdere besonderhede oor die assosiasie tussen die lyk en hierdie rigting kon egter verkry word nie. Volgens

ander informante is dit waarskynlik gedoen omdat die lyk behandel moes word soos hy sou opgetree het toe hy geleef het. 'n Laaste informant meld dat sy waargeneem het dat ou mense net voor hul sterf, versoek het dat die voordeur oopgemaak moes word, asof hul iets daar verwag.

Die lyk is op 'n draagbaar van latte gedra deur broers, seuns of ander mans. Volgens een informant is die draagbaar dan op die graf gelaat, om te vergaan.

9.11 Die begrafnis

Volgens drie informante het die begrafnisstoet voor die aanraking met die Christelike godsdienst, onder fluitbegeleiding na die graf beweeg. Lyntjie Springbok meld dat dit al singende gedoen is, en volgens 'n baie ou man van Riemvasmaak ook dansende. Die lykdraers het heel voor beweeg. Die ou man van Riemvasmaak meld dat rondom die graf gedans is, en dat nadat dit toegegooi is en die kopklip in posisie geplaas is, weer al dansende huis toe gekeer is.

Die lyk is met die kop in 'n westelike rigting begrawe. Hierdie posisie is in so 'n mate met 'n lyk geassosieer dat indien kinders in hierdie posisie sou lê, hulle deur volwassenes beveel is om anders te lê, omdat dit die dood tot gevolg kon hê. Die lyk word tans op die rug geplaas sodat die oë in 'n oostelike rigting kon 'kyk'. Laasgenoemde was ook belangrik toe die lyk vroeër in 'n hurkende posisie begrawe was. Volgens twee informante is sâ-i in die graf gegooi.

'n Bejaarde persoon het die spore wat na die graf gemaak is met water dood gesprinkel, sodat verdere sterfgevallen nie in daardie werf sou volg nie. Lyntjie Springbok verduidelik dat die dooie en lewende 'nie saamwerk nie'. Die sprinkelaksie sou verdere sterftes verhoed net soos die reën wat na die begrafnis sou val om spore dood te vee. Die handeling is volgens Lyntjie Springbok gedoen om 'n verandering teweeg te bring en nie omdat die voetspore as warm beskou is nie. Die gebruik is by Kosis onbekend.

'n Volgroeiende, doodgebore baba is nie by die ander grafte begrawe nie. Volgens sommige is die baba in die bokkraal begrawe. Een informant se verklaring hiervoor is dat die baba nie as deel van die familie beskou is nie, en ook dat dit so gedoen is sodat die oorledene nie die volgende baba sou 'roep' nie, dit wil sê, sou veroorsaak dat daardie baba ook sterf nie. Gebrekkige kinders wat met geboorte geleef het en dan sterf, is wel by die ander grafte begrawe.

Bywoningsgewys was 'n Khoekhoe-begrafnis 'n groter geleentheid as die puberteitseremonie of die huwelik. Verwante en vriende, maar veral die nabye verwante moes die oorledene 'begrawe' sodat laasgenoemde tevrede en rustig kon wees. Indien die gees ontevrede was, kon hy of sy aan die skuldiges verskyn, ook in 'n droom, of die graf kon as teken van die ontevredenheid insak. Die skuldige moes dan om vergifnis vra en die graf herstel.

Die begrafnis van 'n doodgebore baba en skynbaar ook 'n baba wat wel geleef het, maar net na die geboorte gesterf het, was 'n baie kleiner geleentheid omdat so 'n baba nie die agterblywendes kon benadeel indien hul nie die begrafnis bygewoon het nie.

'n Kai taras het die begrafnisgangers by die werf ingewag om hul met koue water te besprinkel. Volgens sommige is dit gedoen om die hartseer 'af te koel'. Dit sou die besoeker tevrede maak sodat laasgenoemde nie sou treur en dus die dooie verhinder om te vertrek en rustig te wees nie. Indien bogenoemde in verband gebring word met die informante se verduidelikings vir die doodsprinkel van die spore wat na die graf lei, en met spesifieke navraag na die moontlike vurigheid, hitte of warmte van die dood, wil dit voorkom of die dood as sulks nie as warm beskryf is nie, maar dat die klem met hierdie handeling eerder geplaas is op 'n verandering van toestand. Dit skyn of die begrip van warmte hier eerder as 'ou' toestand of omstandighede geïnterpreteer moet word. Waar wel van warmte melding gemaak is, hou dit verband met die fisiese toestand na die agterblywendes as gevolg van hulle droefheid. Slegs een

informant van Griekwa-afkoms verwys pertinent na die hitte van die dood.

Verskeie persone is vroeër verbied om 'n begrafnis by te woon. Die eerste hiervan was 'n swanger vrou. Indien sy egter wel gegaan het, moes, volgens twee informante, sy of iemand by die hek grond oor haar buik strooi, dit wil sê, sy moes haar met die begraafplaas assosieer. Hierbenewens moes sy in elk geval nie grond op die kis gooi nie. 'n Swanger vrou moes 'n begrafnis vermy omdat haar ongebore baba as gevolg daarvan kon siek word, sterf, of 'n ooreenkoms met 'n lyk toon. Volgens een informant kon dit ook vir die vrou nadelig wees omdat 'n swanger vrou 'met die een been in die gat (graf) staan', dit wil sê, omdat sy maklik tydens die bevalling kon sterf. Dit dui op haar kwesbare toestand.

'n Sogende moeder moes liefers nie 'n begrafnis bywoon nie, maar indien sy dit wel doen, moes sy na die begrafnis haar 'voormelk', dit wil sê, die eerste melk wat aangetas sou wees, op die graf, by die hekkie of tuis op die baba se bors uitmelk, sodat haar hartseer nie die baba sou benadeel nie. Daar is na dié melk as hartseermelk (!oa hâ dai-i) verwys. Hierdie melk sou warm wees. Die baba kon hiervan diarree kry of braak. Eers daarna is die baba toegelaat om aan haar te drink. Hierdie soort warmte van die melk sou gevaarlik wees omdat dit uit 'n persoon se liggaam afkomstig is. Daar is ook geglo dat indien 'n sogende moeder 'n lang ent gestap het, haar melk warm is. Dan moes sy eers wag dat die melk afkoel, voor die baba daarvan kon drink. Die melk is op die baba se bors uitgemelk omdat dit die baba is wat by die behandeling moes baat, dit wil sê, die handeling moes op die baba toegespits wees.

Kinders is tot die ouderdom van ongeveer vyf jaar tuis gelaat wanneer 'n begrafnis bygewoon is, aangesien hulle as besonder fyngvoelig beskou is, en dus kon siek word. Met 'n kind se eerste bywoning van 'n begrafnis of eerste besoek aan 'n begraafplaas moes die volwasse metgesel die kind byvoorbeeld vertikaal tussen die wenkbroue, of aan die voorkant van die been, tussen die enkel en die knie, 'streep', en 'n klappgeluid van die kind af weg maak met die vingers, sodat enige ongeluk sou

weggaan. Indien die moeder die kind abba, kon sy of 'n ander volwasse vrou grond oor haar skouer en die baba se rug gooi. Dit dien dieselfde doel as die 'streep', naamlik om die baba 'veilig te maak' deur assosiering 'veilig te maak'. Hierdeur sou die kind die 'reuk' van die begraafplaas sonder skade gegee word.

Net soos in die geval van 'n lyk, sou siek mense indien hul 'n begrafnis bywoon, sieker word, en kon hul selfs sterf. Hierbenewens kon die hartseer vir hulle nadelig wees.

Die graf is onmiddellik na die begrafnis toegegooi en met klippe toegepak, en 'n kopklip en soms ook 'n voetklip, is opgesit. Na die begrafnis moes die begrafnisgangers wat wegstap, nie na die graf omkyk nie, sodat daar nie aanhoudend iemand van die betrokke huis sou sterf nie. Die assosiasie met die dood moes dus verbreek word. Dit stem ooreen met 'n soortgelyke verbodsbepaling by die !hũ//haru-behandeling (vgl. IV:2.1.2).

9.12 Handelinge pas na die begrafnis

9.12.1 Hande was

Na die begrafnis het die begrafnisgangers na die tuiste van die oorledene gegaan waar hulle hul hande gewas het om die begrafnisstof te verwyder. Dit is gedoen sodat hulle die stof nie sou inneem wanneer hulle eet, en dit daartoe lei dat hulle diarree, veral 'n bloedmaag, kry en selfs sterf nie, of sodat dit nie in hul oë sou kom en hulle seer, branderige oë sou kry, of selfs blind raak nie. Sommige spoel selfs hul monde uit om die ingeasemde stof te verwyder. Die stof is as gevaarlik beskou omdat dit van die grond sou kom waarin die dooies begrawe is.

9.12.2 Ete

Hierna het die begrafnisgangers en agterblywendes aan 'n ete deelgeneem waarvan die vleis, spesiaal vir die begrafnis geslag, deel uitgemaak het.

Sommige wou nie die vleis wat vir die begrafnis geslag is, eet nie en party ook nie die ander voedsel nie. Volgens sekere informante is dit slegs vleis, of geregte waarin produkte van dié vleis gebruik is, wat nie geëet is nie.

Die probleem berus blykbaar nie by die feit dat dit vee is van daardie werf se kudde nie, maar dat die vleis by die 'doodshuis' geslag en gaargemaak is, en 'n 'wilde' reuk sou hê. Party mense probeer die probleem omseil deur elders te slag en die vleis daar gaar te maak. 'n Ander rede waarom sommige nie die vleis wou eet nie, is dat dit, na bewering, sou voel of die eter die dooie persoon eet. Een informant sê dit is omdat 'n mens se verbeelding so werk. Diegene wat so daaroor voel, eet eers wanneer die lyk reeds begrawe is, en nie voor die tyd nie soos, ook gebeur het.

Die vleis moes net gekook en nie oor die vuur gebraai word nie, en moes nie oorkook nie, skynbaar omdat geen rou vleis in die vuur moes beland nie. Die vleis kon slegs gebraai word nadat die oorledene klaar begrawe is. Dit sluit aan by die verklaring van twee ander informante naamlik dat dit andersins sou voel of dit die dooie is wat gebraai word. Alle ander informante kon nie eenstemmige verklarings bied nie. Indien bogenoemde verbod oortree is, sou die honde by die graf gaan graawe of die graf inval, volgens een informant direk oor die maag van die afgestorwene.

Die verbod om te braai kon egter oorkom word deurdat die kai taras van die eerste slagding stukkies netvet en lewer, 'n bietjie pensmis, die blompensie (kleinpensie), en die voorpootjie waarvan die hare eers in die vuur afgekrap is, gebraai het, of in die kole rond gekrap het tot dit half gaar was. Dit is skynbaar binnenshuis gedoen. Na hierdie handelinge kon die vleis gebraai word en die afvalle afgebrand word, maar in elk geval kon die vleis slegs gebraai word nadat die persoon begrawe is.

Dit moet onthou word dat die aangeduide dele van die eerste slagding in elk geval in die kole gerol tot dit effens gaar was, gebraai is tot dit gaar was, of heeltemal verbrand is.

Lyntjie Springbok meld ook dat die netvet winddroog gemaak en dan by die lyk aan die brand gestee en verder in die vuur verbrand is vir die versekering van die geluk van die werf. Sommige meld in verband met die dele wat nie verbrand is nie dat dit deur die kai taradi geëet is. Die doel was onder andere dat die reuk van die dele, en meer bepaald die vette-
righeid en die hare van die voorpootjie, in die huis moes kom. Die kai taras sou hiertydens gebid het. Volgens een informant sou sy die godheid gevra het om genadig teenoor die oorledene en die agterblywendes te wees. Volgens 'n ander het die gebed as volg gelui : 'God, laat die geluk in hierdie huis bly soos dit altyd was'. Dit is onmoontlik om te bepaal of die gebruik oorspronklik op 'n Khoekhoe-godheid betrekking gehad het.

Bogenoemde handeling met die dele van dié slagding sou gedoen gewees het vir die geluk van die huis, veral die ekonomiese voorspoed. Hiermee is ook 'n positiewe begin gemaak sodat die nuwe lewe sonder die oorledene gelukkig sou wees soos toe die oorledene geleef het, nie omdat na die sterfgeval die huis noodwendig ongelukkig was nie. 'n Nuwe reuk is hiermee in die huis gebring. Een informant vergelyk die aanwending van bogenoemde dele met die sprinkel van miswater in die huis en kraal. 'n Ander verduidelik dat die geluk voortaan in die huis sou bly, aangesien in hierdie dele die 'binnekrag' van die dier gesetel is.

Die volgende afleidinge kan gemaak word : Benewens die feit dat die dele gebraai is as 'n voorbeeld sodat die res van die vleis gebraai kon word, het die reuk daarvan aan 'n nuwe begin en toekomstige voorspoed verwys. Die moontlikheid dat dit ook as 'n rookoffer vir Tsui//Goab gedoen is, kan egter nie uitgesluit word nie. Hoewel daar skynbaar nie vir 'n baba of vir 'n doodgebore baba geslag is nie, meld enkele informante dat hierdie handeling gedoen kon word sodat die volgende baba nie ook dood sou wees by geboorte nie. Volgens die informante is bogenoemde handeling nie uitgevoer wanneer die werf in die daaglikse gang van sake ongelukkig geraak het nie, maar slegs by die dood. Pensmiswater of sâ-i kon ook gesprinkel word.

Die as van die vuur waarin bogenoemde dele behandel is, is begrawe. Twee redes word gegee : Die eerste het betrekking op die dooie. Een informant meld dat dit andersins sou voel of daar op die dooie geloop word, en volgens 'n ander sou mense seerplekke onder hul voete kry, indien hul oor hierdie as sou loop. Laasgenoemde is in ooreenstemming met beskouinge oor die graf wat later in meer besondere bespreek sal word (vgl. III:9.19.1). Die tweede rede hou verband met die toekomstige geluk van die agterblywendes. Die as sou daarvolgens begrawe gewees het sodat ongewenste persone nie oor die as van dié dele wat spesifiek vir die agterblywendes se geluk gebraai is, kon loop en sodoende hul geluk kon benadeel nie.

Voordat enige voedsel, nie slegs vleis nie, geëet is, moes die agterblywendes en besoekers eers 'gestreep' word, en wel met die bloed van die eerste slagding. Daar is slegs by die dood met bloed 'gestreep' . Bloed is gebruik omdat dit kragtig sou wees. Dit was nodig selfs al was dit nie vee van daardie werf nie en al was die vee elders geslag. Die bloed is effens gekook en met 'n bietjie potswartsel gemeng waarby soms 'n bietjie pensmis gevoeg is. Volgens twee informante sou dit potswartsel gewees het om die rooi kleur van die bloed minder intens te maak, maar hulle kon hierdie gedagte nie verklaar nie. Lyntjie Springbok meld dat die pensmis en potswartsel 'medisyne' was sodat die persone gesond sou wees. Beide kon dus as gelukbringers gegeld het.

Die kai taras het die voornemende eters 'gestreep'. Gewoonlik is 'n vrou van onder die bors tot op die naeltjie 'gestreep' en 'n man in 'n kruis oor die waai van sy 'werksarm', gewoonlik die regterarm. Kinders is volgens geslag soos die volwassenes 'gestreep', ook sogende kinders omdat hulle deur die moeder se melk beïnvloed kon word.

Drie oogmerke kan met die 'streping' onderskei word : Eerstens sou begrafnisgangers dieselfde hol, honger gevoel op die maag as wat die oorledene by sy dood gehad het, ervaar omdat 'n sterwende persoon nie kon eet nie, en dus altyd honger sou sterf. Indien die agterblywendes sou eet, sou hul nie versadig raak alvorens hul nie met die bloed 'gestreep' is nie. As ge-

volg van analogie was die agterblywendes se ervaring dus dieselfde as die van die oorledene. Hiernaas is die eerste slagding vir die oorledene geslag en kon die lewendes slegs daarvan kon eet indien hul hulleself eers daarmee geassosieer het. In eersgenoemde geval is assosiëring nie die belangrike faktor nie aangesien met bloed 'gestreep' is selfs al is ander voedsel as vleis geëet. Indien persone sou eet sonder om 'gestreep' te word, sou hul nie versadig word nie en daarnaas ook maagprobleme soos maagpyn, diarree, en bloedmaag ondervind het.

Die tweede en derde doeleindes met die 'streping' is deur die liggaamsdeel waar 'gestreep' is, aangedui. Volgens die informante is die vroue oor die buik 'gestreep' vir geluk ten opsigte van hulle baarvermoë, en mans op die werksarm vir geluk in die werk omdat hierdie die belangrikste fasette van die daaglikse lewe vir die twee geslagte was. Die 'streping' het dus krag verskaf en sodoende ook geluk. Dit hou waarskynlik ook verband met die gedagte van 'n goeie, nuwe begin.

Indien 'n nabye bloedverwante nie die begrafnis kon bywoon nie, en eers later die graf vir die eerste keer besoek, byvoorbeeld wanneer die oorledene se klere uitgedeel is, moes hy of sy dan met bloed 'gestreep' word. 'n Slagding is spesiaal hiervoor geslag, hoewel volgens een informant van die droë bloed van die begrafnis bewaar kon word om later met water te klits en te 'strep', en volgens 'n ander potswartsel alleen, ook gebruik kon word. Laasgenoemde twee gedagtes dui waarskynlik op aanpassing by die huidige ekonomiese omstandighede. Volgens een informant sou die honger gevoel van die oorledene by die agterblywendes bly vanaf die dood tot hul 'gestreep' word. Die informante van Kosis was onbekend met hierdie gebruik.

Daar kon ook van die bloed geëet word wanneer die mense 'gestreep' is, volgens een informant, om die maag te versterk. Hoewel hulle 'gestreep' is, moes, volgens informante langs die Oranjerivier, die werf se mense nie die binnegoed, dit wil sê, die derms, hart, longe, lewer, en niere van die geslagte vee eet nie. Indien hulle dit wel doen, sou hulle maagpyn, diarree of 'n bloedmaag kry. Die redes vir die aantasting sentreer skynbaar om die besondere waarde wat aan die binnegoed geheg

is, en om die feit dat dit die werf se eie vee is. Dit hou waarskynlik verband met die gedagte dat die agterblywendes die ekonomie kon benadeel. Hierbenewens sou dit voel of die eter die oorledene se binnegoed eet. Volgens die meeste !Gâmiꞑnû-informante en die mense van Kosis kon die werf se mense wel die binnegoed eet.

Dit was vroeër in die daaglikse lewe die gewoonte om nie die afval met water te krap of in die vuur af te brand nie, maar dit met die hare aan te kook, die vel af te trek, en die vel aan die honde te gee. By die dood is die vel van die afval in die ashoop begrawe sodat ongewenste persone nie daaroor sou loop of die honde nie by die graf sou grawe nie. Volgens een informant kon dit aan die honde gegee word omdat dit gaar is en die honde daarom nie by die graf sou gaan grawe nie. Later is begin om in die daaglikse lewe, en by die dood, die hare van die afval af te brand, maar dit kon slegs in verband met die dood gedoen word nadat die reeds vermelde stukkies lewer, netvet ensovoorts van die eerste slagding, in die vuur geplaas was. Die afval kon egter nooit by die dood gekrap word nie, volgens een informant, omdat die warm water die afgestorwene se siel sou brand. Hoewel sommige meld dat die familie nie toegelaat is om die afval te eet nie (in ooreenstemming met beskouinge oor die binnegoed), skyn dit of dit by die Nama van Namibië toelaatbaar was.

Die as van die eerste slagding is begrawe en 'n nuwe vuur is gemaak vir die ander slaggoed. Die bene van die eerste slagding en ander reste, soos koffiemoer of teeblare, wat tot op daardie stadium oorgebly het, nadat die agterblywendes en besoekers daarvan gebruik het, is saam verbrand en dan in die ashoop begrawe. Skynbaar was die rede daarvoor dat die eerste slagding vir die oorledene geslag was en dus soos die oorledene behandel moes word, dit wil sê op een plek begrawe moes word. Andersins sou dit voel of oor die dooie geloop word. Een informant meld dat indien die bene nie soos die dooie op een plek begrawe sou word nie, en dus sou rondlê, sou dieselfde met die huishouding en boerdery gebeur deurdat alles sou verwaarloos en uitmekaar gaan. Dit sou gebeur omdat die oorledene

daaroor ontevrede is. Deur dit te verbrand is ook verhoed dat die honde die bene kon uitgrawe en die bogenoemde ongeluk dus sou volg.

Uit die reëlings in verband met die eerste slagding blyk dit eerstens, dat die agterblywendes na 'n sterfgeval 'n besondere gevoel van assosiëring met die oorledene ondervind het. As gevolg hiervan is die vleis, binnegoed en afval nie geëet nie, moes die vleis nie gebraai word nie, moes die as begrawe word en moes die begrafnisgangers 'gestreep' word. Tweedens was daar 'n besorgdheid oor toekomstige geluk sodat sekere dele van die vleis in die vuur geplaas moes word, sorg gedra moes word dat kwaadwilliges nie die agterblywendes se geluk benadeel nie, persone vir geluk in die baarvermoë en ekonomiese vooruitgang 'gestreep' moes word. Moontlik was dit die rede waarom sekere Khoekhoen geglo het dat die agterblywendes nie die binnegoed en afval moes eet nie. Derdens skyn dit of gevrees is dat die oorledene ontevrede sou raak. 'n Aanduiding hiervan sou byvoorbeeld gewees het dat die graf sou inval as die vleis ge-rooster sou gewees het.

9.13 Die reiniging van die agterblywende

Die agterblywendes is onttrek aan hul werksaamhede en kon eers daarmee voortgaan nadat hul gereinig is. Hiermee is hul 'los-gemaak', dit wil sê vrygemaak, om met hul take voort te gaan.

9.13.1 Reiniging en aanwending van oker

Die agterblywendes is 'n dag of twee na die begrafnis gereinig. Alle informante meld dat 'n weduwee of agterblywende moeder gereinig is, en volgens die informante in Namibië was dit ook met die wewenaar die geval. Die meerderheid informante aldaar meld ook dat 'n agterblywende vader gereinig is. Die Khoekhoen langs die Oranjerivier ontken skynbaar dat 'n wewenaar en agterblywende vader gereinig is, maar ook hier is daar meningsverskil. Wanneer 'n baba doodgebore is, is die ouers ook gereinig.

Die gegewens oor die reiniging van kinders is teenstrydig. Dieselfde informante wat vermeld het dat kinders gereinig word,

het dit by latere ondervraging ontken. Hulle is dus onseker. Dit kan waarskynlik verklaar word uit twee informante se inligting dat kinders net gewas is. Ander informante het beweer dat om kinders te reinig en om met koue water te reinig om die dood 'af te koel', of die dood 'dood te maak', resente gebruike is. Die dood as sulks is skynbaar nie tradisioneel as warm beskou nie, slegs die liggaam van die sterwende persoon. Twee informante meld dat dit nie nodig was om kinders te reinig nie, omdat hulle nog nie soveel 'vullis opgetel het nie', dit wil sê nog nie so 'n lang lewenservaring gehad het as volwassenes nie.

Agterblywende volwassenes moes gereinig word omdat hulle 'n lang assosiasie gehad het met die ou lewe. Agterblywendes is nie slegs wanneer die dood met siekte gepaard gegaan het ge-//am nie, maar ook indien die oorledene as gevolg van 'n besering gesterf het. Hierbenewens was dit noodsaaklik dat volwasse vroue gereinig moes word omdat hulle die versorgers was van siekes en dus meer kontak met die oorledene voor sy dood gehad het, en omdat hulle fyngvoeliger sou wees as 'n man.

Die reiniging is deur 'n kai taras gedoen, maar volgens sommige kon dit ook in die geval van 'n man deur 'n ou man gedoen word. Die persoon is op 'n velletjie gereinig sodat die liggaamsvullis daarop versamel kon word. Die persoon is gereinig deur haar of hom te //am, dit wil sê met 'n mengsel van room en mis in te vryf, en die liggaamsvullis dan af te rol. Sâ-i kon by die mengsel gevoeg word vir geluk.

Die kai taras kon ook die agterblywende met die mis waarmee sy of hy ge-//am was, op die regterbeen 'streep'. Hierbenewens het sy 'n bietjie in die mond geneem en dit dan oor die agterblywende uitgespoeg. Dit is gedoen indien die agterblywende nie later by die veekraal met die vee geassosieer sou word nie. Die doel was om die persoon 'vry te maak' om later met die diere te werk.

Die rede vir die reiniging was dat die Khoekhoen dit as besonder belangrik beskou het om alle bande met die ou lewe saam met die oorledene en die assosiasie met die dood te verwyder,

sodat die nuwe lewe gelukkig en voorspoedig sou wees. Daar word verwys na die ou lewe wat moes 'afgehaal' word, en die nuwe lewe wat moes 'inkom'. Dit het op sigbare vlak die verwydering van die ou sweet, liggaamsvullis en reuk behels. Dit moes gedoen word omdat daar in die lewenswyse 'n versteuring ingetree het, wat die naasbestaandes verplig het om 'n nuwe lewe te begin en hulle dus moes verseker dat hierdie nuwe lewe gelukkig sou wees.

Dit wil voorkom asof verbreking van kontak met die dood, as verskynsel of mag, ook 'n rol gespeel het, aangesien sommige informante na die dood as gevaar verwys het. Lyntjie Springbok meld dat die naasbestaande(s) ge-//am moes word omdat hulle die oorledene aan die dood afgegee het, en die lewende en die dooie nie meer saamspan nie. Een informant verwys na die reiniging van die liggaam en die huis as die verwydering van die 'sig' van die dood. Verskeie informante meld die belangrikheid daarvan dat 'n vrou wie se kind doodgebore was, gereinig moes word om sodoende herhaling te voorkom. Volgens een informant was een rede waarom die naasbestaandes ge-//am is na die afsterwe van 'n volwasse die voorkoming van verdere sterftes.

Hierbenewens sou, indien die naasbestaandes nie ge-//am word nie, die ou sweet hul liggame jeukerig en branderig maak, en hulle die lewensbronne gebrand of verdroog het wat dus ekonomiese agteruitgang tot gevolg sou behad het. Hulle toestand kon ook gevaar vir hulself inhou deurdat byvoorbeeld die rivier sou afkom wanneer so 'n persoon deurgaen.

Die reiniging het egter ook die verwydering van die seksuele kontak wat die agterblywende se bloed warm gelaat het, sodat dit na die sterfgeval koel gemaak moes word, behels. Saam hiermee is die agterblywende se gedagtes aan die oorledene wat ook die bloed warm maak, verwyder sodat eersgenoemde nie onverstandig sou optree nie, soos iemand wat deurmekaar is en in niks meer belangstel, en alles sou laat verwaarloos nie. Dit kon daartoe lei dat die gesin opbreek. Dit is opmerklik dat klem geplaas is op die verwydering van die emosies wat op die dood gevolg het. Naasbestaandes is dus ge-//am om gevoelens van skok en hartseer te verwyder en dus die bloed koel te maak.

Indien dit nie gedoen word nie, kon die skok en hartseer veroorsaak dat die persoon van sy verstand raak, of siek word, en selfs sterf.

Slegs twee informante het na reiniging as 'n proses om kieme te verwyder verwys. Dit is duidelik dat dit nie tradisioneel die primêre doel was nie aangesien agterblywendes ook gereinig moes word as die dood as gevolg van 'n besering plaasgevind het.

Nadat 'n vrou gereinig is, is sy met ≠naub ('n mengsel van hardevet en oker) gesmeer. Volgens een informant is mans ook gesmeer, maar volgens ander het mans nooit ≠naub gebruik nie. Dit is ook gedoen indien die dood as gevolg van 'n besering plaasgevind het, nie net in geval van siekte nie. Die hele liggaam is ingesmeer, selfs onder die klere, maar nie in die vorm van versierings nie. Dit is later weer met uitgebraaide botter afgehaal. Die doel hiermee was om die liggaam en meer bepaald die bloed koel te maak. Dit was warm as gevolg van die geslagsomgang met die oorledene voordat hy gesterf het, en as gevolg van die gedurige gedagtes aan die oorledene, hartseer, en skok.

Die agterblywendes, waaronder somtyds kinders ook vermeld word, moes hierna skoon klere aantrek. Dit was veral by die dood van 'n baba belangrik sodat 'n volgende baba nie ook sou sterf nie. In laasgenoemde geval moes die klere van 'n vrou wat voorspoedig kinders kry, dan aangetrek word. Daar is klem geplaas op die verandering van onderklere, en die aantrek van skoon klere. Hierdeur kon die agterblywende 'n nuwe lewe begin. Die voorganger kon die ou klere vir haar of homself neem, of verbrand indien die oorledene aan 'n aansteeklike siekte gesterf het.

9.13.2 Behandeling van die fontanel

Nadat die liggaam gereinig is, is die agterblywendes se hare geskeer. Dit is ook na die sterfte van doodgebore en ander babas gedoen, sodat die ouers nie 'n volgende baba sou verloor nie. Slegs Lyntjie Vos meld dat kinders se hare geskeer sou gewees het. Informante noem altyd hierdie gebruik saam met die reiniging van die liggaam. 'n Bietjie hare is op die fontanel

(namam!nâs) afgeskeer. In resente tye is dit nie meer so gedoen nie omdat geglo is dat die wind daar sou inkom, en die persoon van sy verstand sou raak. Verwysings na hare wat net voorlangs in die nek of net korter gesny is, is waarskynlik resente veranderings. Die hare is gewoonlik deur 'n kai taras gesny, maar soms deur 'n ou man.

Hierna is oker, soms gemeng met die afgesnyde hare wat verbrand is, aan die kaal kolletjie gesmeer, waarna die kai taras haar vinger geklap het terwyl sy 'n handbeweging weg van die agterblywende maak, en 'geluk' sê, sodat die ongeluk sou weggaan en die geluk inkom.

Twee redes word aangedui vir die haarknippery. Eerstens was die haarknippery 'n volgende stap om kontak met die ou lewe te verbreek, en word daar altyd hierna verwys as 'n reinigingsproses. Sodoende is ook die assosiasie met die dood dan 'kort geknip'. Dit is waarskynlik ook die rede waarom 'n vrou se hare geknip is na 'n miskraam of as haar baba gesterf het. Tweedens sou dit gedoen gewees het, om te verhoed dat die persoon van sy verstand raak of hom doodtreur omdat hy of sy baie aan die oorledene dink. In hierdie verband is daar verwysings na warmte naamlik dat die gedurige gedagtes aan die oorledene die verstand sou warm maak. Twee informante verwys meer bepaald na die are by die fontanel wat warm sou geword het. Die plekkie is dus verkoel. Die oker in die mengsel sou aangesmeer gewees het om te verkoel, en dus te verhoed dat die agterblywende van sy verstand raak.

Die bekommernis oor die fontanel was in ooreenstemming met die verband wat dit sou gehad het met 'n persoon se verstand en lewensbehoud (vgl. III:1.10). Benadeling van die fontanel kon dus verlies van verstand en lewe tot gevolg hê.

9.14 Behandeling van tuiste

Nadat die agterblywende self gereinig is, het die kai taradi die tuiste en inhoud daarvan skoongemaak terwyl die agterblywende eenkant gesit het. Dit is ook, indien 'n baba doodgebore is, gedoen. Een informant stel die doel, naamlik die beëindig-

ing van die ou lewe sodat 'n nuwe kon begin as volg : 'Die huis moes 'n nuwe huis word, die eerste natuur wat was het weggeval, nou moet daar 'n nuwe natuur, 'n nuwe reuk inkom'.

Die klere, komberse ensovoorts van die oorledene is gewas of uitgehaal, natgespat, uitgelug en weggepak, tot dit later uitgedeel kon word. Volgens Lyntjie Springbok is vroeër jare toe velartikels gebruik is, dit net uitgelug en met sâ-i bestrooi. Daar word gesê dat die artikels natgespat en uitgelug is om dit koel te maak. Die terme vurigheid en warmte word hier, deur sommige, in verband met die siekte en die dood gebruik. Een informant verduidelik dit as die warm lug van die oorledene, dit wil sê, die liggaamshitte, wat moes koel gemaak word. Dit word beklemtoon dat die artikels 'n 'nuwe lug' of reuk moes kry, deur dit koel te maak. Volgens twee informante is sâ-i ook hiervoor aangewend. Een informant meld dat dit gedoen is omdat die lewende nie met die dooie se sweet kon 'saamwerk' nie.

Wat bogenoemde betref, skyn dit of die klem nie soseer was, soos by die Swartmense, op sekere toestande wat as warm beskryf kon word nie, maar eerder dat die klem eintlik op die verandering van die ou toestand na 'n nuwe toestand geval het.

Terselfdertyd is die bergplekke uitgeskud of uitgevee. Die vullis is op een hokie bymekaar gemaak, gewoonlik op die vel waarop die agterblywende gereinig is. Die bergplekke is natgesprinkel, die inhoud teruggepak, en die bergplekke ooggelaat om uit te lug. Die huis is dan uitgevee, en al die huisvullis is bymekaar gevee. Die meubels is afgewas en afgevee, die matjieshuis met koue water besprinkel, en ooggelaat sodat dit kon uitlug.

Skynbaar was die doel hiermee om 'n nuwe reuk in die huis te bring, naamlik 'n nuwe koel reuk. Behalwe vir die mening van een informant van Griekwa-afkoms skyn dit of die klem meer geval het op die verkryging van 'n nuwe toestand en nie soseer op afkoeling nie. Sodoende sou die geluk in die huis inkom en voortgaan. 'n Ander stel dit as volg : 'Die eerste vuiligheid wat in die huis was van toe die oorledene geleef het, moes

uitgaan sodat nuwe lewe in die huis inkom'. Ook is hiermee 'n skeiding bewerkstellig tussen die dooie en die lewende sodat die agterblywende vrygemaak kon wees van die kontak met die dood.

Nadat die huis skoongemaak is, is 'n vuurtjie binne gemaak. Vervolgens is die voorrade behandel, naamlik enige medisyne, voedsel, stukkies materiaal, gare, kraletjies, sâ-i, selfs geld, ensovoorts. Dit is in alle gevalle gedoen, naamlik by die dood van 'n man, vrou of kind. Die voorrade is oopgemaak of 'wind gegee' sodat dit 'n 'nuwe lug' kon kry. Dit is gedoen om ongeluk te keer en vir toekomstige geluk. Volgens een informant sou die geluk toe bly indien die voorrade toe bly. Maria Swartbooi meld dat die oopmaak van die voorrade 'die pad aanwys vir toekomstige geluk' en dat die siel van die dooie nie sou vertrek as dit nie gedoen is nie.

Die kai taradi het as volg te werk gegaan : Hulle het byvoorbeeld van elke soort medisyne in die huisvuur gedrup, en die res vir hulself geneem. Volgens sommige is nadat bietjies in die vuur gedrup is, slegs klein hoeveelhede geneem, en die res vir die gesinslede gelaat. Ander meld dat daar niks in die vuur gedrup is nie, maar dat slegs bietjies deur die kai taradi geneem is. Die oorblywende voorrade moes deur die gesin opgebruik word. Volgens Lyntjie Springbok kon alle voorrade verwyder en vir ander omgeruil word. Die kai taradi kon hiervan wegneem om te gebruik omdat hul nie daardeur benadeel kon word nie, en hulle in elk geval binnekort sou sterf.

Dit wil voorkom of die rede vir die verbranding van die voorrade die beëindiging van die kontak met die dood was. Die rede vir die verwydering van die voorrade is dat dit in die huis was toe die oorledene gesterf het. Indien dit nie gedoen is nie, sou die voorrade in die toekoms aanhoudend opraak en indien die agterblywendes daarvan gebruik, sou hul opblaas. Een informant meld dat die voorrade net soos die oorledene sou vergaan. Die voorrade moes verwyder en opgebruik word sodat nuwe voorrade kon inkom. Anna Velskoen vergelyk dit met die snoei van 'n boom sodat nuwe blare kon uitgroei. Hierbenewens was hierdie handeling 'n voorbeeld van hoe voorrade in die toekoms ver-

bruik sou word. Daar is 'n positiewe begin vir 'n nuwe lewe gemaak. Die agterblywendes is vry gemaak om weer van die voorrade te gebruik.

Die huisstof en alle reste soos teeblare en die bene van die slaggoed wat na die eerste slagding geslag is, asook die huisvuur se as, moes versamel en begrawe word, omdat dit aan die ou lewe behoort het. Dit moes nie verbrand word nie, sodat die reuk van die ou lewe nie in die lug sou wees nie. Die informante kon nie verduidelik waarom die voorrade wat verbrand is, nie hierdie uitwerking sou hê nie. Hierdie handeling het deel uitgemaak van die reinigingsproses. Lyntjie Springbok meld dat dit beskou is as deel van die dood en dat dit daarom uit die huis verwyder moes word, sodat net skoon en nuwe dinge in die huis sou wees, en inkom. Hierbenewens is die reste, volgens twee informante, as nadelig beskou vir die agterblywendes deurdat hulle die siekte waaraan die persoon oorlede is, kon kry. Dit is waarskynlik 'n Westerse siening gebaseer op die invloed van kieme. Die huisstof, reste en as moes begrawe word omdat dit soos die dooie behandel moes word. Mense moes nie daarop trap nie, volgens een informant omdat dit sou voel of daar op die dooie getrap word. Indien daar nie so gehandel word nie, kon meer gesinslede sterf, of kon dit ekonomies sleg gaan met die agterblywendes. Hierbenewens moes dit ook begrawe word sodat ongewenste persone nie daarvoor kon loop en die agterblywendes sodoende kon, benadeel nie.

Hierna is 'n nuwe huisvuur gemaak. Die ou lewe is verwyder en 'n nuwe vuur, dit wil sê, 'n nuwe lewe en reuk het begin. Die nuwe vuur was simbool van die lewe wat voortgaan al is die oorledene dood. Een informant stel dit so : 'Die nuwe vuur is 'n lewendige vuur. Dit wys daar is nog lewe oor. Hierdie vuur moet nog warm wees'. Om te verseker dat die lewe vorentoe gelukkig sou wees, het sommige sâ-i in die vuur gestrooi. Die reuk daarvan, dit wil sê 'n nuwe reuk, het dan die bergplekke en huis gevul.

Vervolgens is die matjieshuis geskuif deur dit af te breek en elders te bou, soms net 'n paar meter verder. Volgens een informant is in die geval van 'n muurhuis, net die deure en

vensters geskuif, om te verhoed dat die gees terugkom. Die matjieshuis is in die geheel geskuif omdat daar iemand gesterf het en die 'sig' van die oorledene nog op die plek sou wees, dit wil sê, die plek verband sou hou met die dood en die ou lewe. Indien dit nie gedoen sou word nie, kon ander lede van die gesin siek word, of selfs sterf. Die wind moes dus oor die plek gaan. Tweedens moes dit geskuif word om te verhoed dat die gees, as dit ontevrede word, die agterblywendes sou vind.

Nadat die huis skoongemaak en verskuif is, het die kai taras 'n mengsel van bloed, pensmis, sâ-i en water, of net die pensmis van 'n slagding wat spesiaal vir hierdie doel geslag is, of 'n voorraad wat gehou is van die slaggoed wat vir die dood geslag is, in die groentetuin en die veekraal gespreinkel. Enkele informante meld dat dit ook in die huis en op die veldkos, bome en blomme gespreinkel is. Dit is veral by die dood van 'n volwassene gedoen, skynbaar omdat laasgenoemde meer by die ekonomie betrokke was. Dit is vir die versekering van toekomstige ekonomiese geluk gedoen.

9.15 Assosiëring

Die agterblywendes is na die reiniging op nuut met die lewensbronne en die take geassosieer. Hoewel volgens enkele informante 'n man ook so geassosieer kon word, wil dit voorkom of dit gewoonlik net in die geval van 'n vrou nodig was, en veral wanneer haar man en nie haar kind nie oorlede is. Die rede vir die vrou se betrokkenheid hou verband met die feit dat sy as die spil waarom alles draai, beskou is. Hierbenewens sou haar verantwoordelikheid na die dood van haar man vermeerder. Na haar word as die 'vuur' of 'vuurmaker' verwys. Ander argumenteer dat 'n weduwee sowel as 'n wewenaar so geassosieer is, omdat beide as die nuwe ekonomiese versorgers van die gesin beskou was. Volgens Maria Swartbooi is weeskinders ook geassosieer. Vele informante meld egter dat daar geen assosiëring was nie.

Slegs een bejaarde !Gâmi#nû-informant, Maria Swartbooi, kon volledige inligting oor die tradisionele assosiëringsproses

verskaf, terwyl Lyntjie Springbok tot in besonderheid feite oor die meer resente gebruike gegee het.

Volgens 'n informant van Riemvasmaak is die vrou eers na ses maande 'losgemaak' vir algemene werk. Voor die tyd kon sy deur die reinigingshandelinge 'losgemaak' word vir die belangrikste take, en deur haar aan onmiddellike take soos vuurmaak bekend te stel. Na ses maande sou sy weer skoongemaak moes word, en geassosieer word met die veeboerdery, waterbronne ensovoorts.

Dieselfde prosedure is gevolg as met die puberteitseremonie (vgl. III:2.1.7.4). Ook in hierdie geval het 'n gelukkige kai taras as voorganger opgetree. Sy het vir die agterblywende 'die pad ook gemaak'.

Diegene wat meld dat 'n wewenaar geassosieer is, vermeld dieselfde prosedure aangesien hy voortaan ook vir die pligte van die vrou verantwoordelik sou wees.

Die doeleindes met die assosieringsproses was om die weduwee vry te maak ('los te maak') om haar take in haar nuwe lewe te hervat. Een informant beskryf dit as vrymaak van die 'boeie', dit wil sê, die beperkinge. Volgens twee informante sou die weduwee ekonomies ongelukkig wees byvoorbeeld die veld kon brand en aggressiwiteit ontketen indien sy nie met die omgewing geassosieer sou word nie.

Hierbenewens moes haar toekomstige ekonomiese geluk nou op positiewe wyse gevestig word, aangesien die dood 'n versteuring in die balans gebring het deurdat haar man nie meer daar was nie en haar eie verantwoordelikhede daarom vermeerder het. Sy is dus geassosieer met al haar toekomstige werkplekke en daar is verseker dat die begin van die assosiasie gelukkig sou wees. Die prosedure is in ooreenstemming met die gedagte dat geluk op 'n gelukkige voorbeeld sou volg.

9.16 Verdeling van die klere

Ongeveer ses maande na die sterfgeval is die oorledene se klere onder verwante verdeel. Die kai taras het dit uitgepak en elke verwant kon self uitkies, aangesien daar, in die woorde van een

informant, geglo is dat net skelms uitdeel. Daar kon geslag word om aan die besoekende verwante voedsel te verskaf, of indien laasgenoemde nie die begrafnis bygewoon het nie en nog met bloed 'gestreep' moes word.

Indien 'n baba sterf, moes die moeder haar eie klere uittrek en weggee sodat die volgende baba nie ook sou sterf nie.

9.17 Verdere handeling vir geluk

Drie informante langs die Oranjerivier meld die gewoonte om die agterblywendes te was met 'n sâ-i, bloed en pensmiswater mengsel. Dit is eers gedoen wanneer die klere uitgedeel is, of wanneer 'n verwant vir die eerste keer die graf besoek indien hy nie die begrafnis kon bywoon nie. Dit sou vir geluk gedoen gewees het, en was volgens Lyntjie Springbok 'n Koranagewoonte. Indien dit lank na die begrafnis was, is spesiaal vir die doel geslag.

9.18 Reëlins vir die behoud van die gesin

Twee verdere gewoontes dui op die waarde wat geheg is aan die behoud van die gesin. Na die afsterwe van veral 'n lewensmaat, moes die agterblywende 'n bewuste poging aanwend om die eerste paar maande tuis te bly om sodoende die korrekte gewoonte te vestig sodat die huisgesin nie sou verwaarloos of opbreek nie.

Hierbenewens is 'n huwelik beskou as 'n aangeleentheid tussen twee families en dat daarom die verantwoordelikheid vir die behoud daarvan ook op die ander verwante rus. Na die afsterwe van 'n lewensmaat is dus verkies dat die afgestorwe man se broer of neef, of andersins, in die geval van 'n vrou, haar suster met die agterblywende trou. Dit is gedoen omdat geglo is dat daardie persoon beter vir die kinders sou sorg as 'n vreemde. Na hierdie gebruik is verwys as //nuri//qā.

9.19 Die verhouding met die oorledene na die begrafnis

Benewens die behoeftes wat 'n siel voor sy vertrek na die hiernamaals sou gehad het, sou ook die gees behoeftes hê. Die be-

hoeftes van die oorledene is grootliks geantisipeer, maar word tog soms ook deur laasgenoemde bekendgemaak.

9.19.1 Geantisipeerde behoeftes

Die oorledene moes na sy dood te alle tye met eerbied behandel word. Wanneer 'n Khoekhoe persoon by die graf van 'n bekende verbygestap het, het hy of sy 'n klippie, stokkie of bietjie grond daarop gegooi om die dooie te groet. Dit was belangrik om aandag te skenk aan 'n graf waarby hy verbystap sodat die dooie nie onrustig sou raak en sou pla nie. Hierdeur is, volgens een informant, iets vir die dooie gedoen.

Die verdere verbodsbepalinge ten opsigte van grafte behels dat daar nie oor 'n graf geloop moes word nie. Die oortreder sou blase, sere of vratte onder sy voete kry, of sy bene sou uitdroog, omdat die oorledene nie met die optrede tevrede sou wees nie. Ook moes daar nie, behalwe met 'n gebuigde vinger, na 'n graf gewys word nie.

'n Bottel water is gewoonlik op die graf geplaas omdat die oorledene moontlik nie op die sterfbed water kon drink, of genoeg kon drink nie. Die water wat verminder, sou bewys wees daarvan dat die oorledene dit gedrink het. Volgens een informant moes lewendes nooit hiervan drink nie, omdat die 'sig' van die dooie al daarin sou getrek het. Twee informante langs die Oranjerivier meld dat geliefkoosde gebruiksmiddele soos tabak en sekere kossoorte wat die oorledene nie op die sterfbed kon gebruik nie, asook medisyne wat die oorledene nie kon drink nie omdat hy of sy te siek was, op die graf geplaas kon word. Indien die persoon tydens sy siekte baie gerook het, is aanvaar dat die persoon ook na die dood die behoefte sou hê.

Enige onopgeloste probleem ten tye van die oorlye moes opgelos word. Sou die oorledene voordat hy of sy gesterf het iets verlang het, of iets kort gekom het, soos voedsel of skulde aan hom wat nie betaal was nie, moes ook dit op die graf geplaas word. Die dooie se eie skulde moes ook vereffen word en sy naam skoongemaak word sodat hy of sy nie onrustig sou wees nie.

Alle artikels is by die koppenent van die graf geplaas of begrawe en daar is geglo dat dit deur die oorledene gesien is en gebruik sou word. Volgens een informant het die oorledene nie die artikels geneem nie, maar indien iemand anders dit sou neem, sou die oorledene ontevrede wees, en dit by die persoon gaan vra het.

Goeie vriende en verwante moes na die begrafnis gereeld die graf besoek. Dit is gedoen omdat die oorledene na die agterblywendes sou verlang, van hulle sou verwag om in hom of haar belang te stel, en sou waarneem of hulle dit wel doen. Die graf is dus as gevolg hiervan besoek en ook om seker te maak dat die graf nie ingesak het as teken dat die oorledene oor iets ontevrede is nie.

Indien 'n agterblywende nie die begrafnis van 'n goeie vriend of 'n verwant kon bywoon nie, was dit vir hom noodsaaklik om die graf na die begrafnis te besoek. Dit is gedoen om die oorledene te groet, in hierdie geval om totsiens te sê, sodat die oorledene nie na die agterblywende sou verlang en onrustig wees nie. 'n Persoon wat nie die begrafnis kon bywoon nie is, wanneer hy of sy wel opdaag om die graf te besoek, met water besprinkel. Die besoeker is deur 'n kai taras wat in die tradisies bedrewe was, vergesel. Sy het, terwyl sy die graf nat-sprinkel die besoeker aan die oorledene bekendgestel, byvoorbeeld : 'Giel, Lena kom nou vir jou groet' en verduidelik dat die besoeker nie die begrafnis kon bywoon nie. Hierby is gevoeg : 'Sy kom met vrede, so, ontvang haar met vrede'. Hierna het die besoeker die prosedure herhaal en vergifnis gevra dat hy of sy nie vir die oorledene water kon gee voordat laasgenoemde gesterf het nie, of die begrafnis kon bywoon nie. Die persoon het die wens uitgespreek dat die oorledene rustig sou wees en die agterblywendes sou uitlos. Hierbenewens kon die persoon iets van hom of haar by die graf begrawe.

Die doel met die sprinkel van water op die graf sou wees om vir die oorledene water te gee omdat die besoeker dit nie kon doen voor hy gesterf het nie. Dit kon ook gedoen word deur die water in 'n houer op die graf te plaas. Een informant meld dat nadat die besoeker die graf natgesprinkel het, hy of sy nie

moes terugkyk nie. Hierbenewens sou die water gesprinkel gewees het om die oorledene te groet. Die opgooi van 'n bietjie grond het dieselfde betekenis gehad. Die oorledene kon ook net met woorde gegroet word, maar deur water te sprinkel, of op die graf te plaas, is 'n weldaad aan die oorledene gedoen wat laasgenoemde dankbaar en tevrede sou stem.

9.19.2 Bekendgemaakte behoeftes

Indien die oorledene, (en wel 'n goeie gees) onrustig was, is dit as 'n teken van ontevredenheid, van die bestaan van behoeftes, of van verlange na die agterblywendes beskou.

Die gestorwene kon sy of haar ontevredenheid en behoeftes bekendmaak deur aan die agterblywendes te verskyn, deurdat die agterblywende net die stem van die oorledene hoor en dan kon aanvoel dat dit die oorledene was, deur ekonomiese teëspoed wat die agterblywendes tref, deurdat die graf insak, of deurdat die agterblywende aanhoudend aan die oorledene dink.

Die agterblywende kon die saak in die reine bring, deur met die oorledene in gesprek te tree indien die oorledene verskyn het, of deur die graf vergesel van 'n kai taras te besoek volgens die benadering vroeër vermeld. Sou die oorledene na die agterblywende verlang het, moes laasgenoemde iets van hom of haar byvoorbeeld krale, 'n knoop, of hare by die koppenent van die graf begrawe anders 'wil hy nie van jou deel nie'.

Indien die oorledene ontevrede was oor byvoorbeeld die gedrag van die agterblywende en dit deur byvoorbeeld ekonomiese teëspoed getoon het, het die kai taras nadat sy laasgenoemde se aankoms aangekondig het, gemeld dat hy gekom het om om vergifnis te vra en dat die oorledene hom moes vergewe. Hierop het die agterblywende die doel herhaal. As die graf ingesak het, moes die agterblywende dit met sy eie hande regmaak. Die dooie sou dan tevrede voel omdat die agterblywende die saak in die reine gebring het en omdat die dooie iets 'uit die hand van die agterblywende' ontvang het.

9.20 Gevolgtrekkinge

Bepaalde kenmerke van die mens blyk uit die voorafgaande. Warmte in die menslike liggaam het lewe aangedui. 'n Sterwende persoon se liggaam koel af (vgl. III:9.3). 'n Persoon kon steeds, ooreenkomstig sy of haar persoonlikheidskenmerke van geluk of ongeluk, op die sterfbed die weersomstandighede beïnvloed (vgl. III:9.3).

Elke mens het 'n invloedssfeer waarna deur die Khoekhoen verwys word as sy of haar 'lug', 'sig' en sweet en waarvan in die omgewing waar hy geleef het, agterbly as die persoon sterf (vgl. III:9.14). Dit vind neerslag op dinge soos die voorrade en meubels in die huis waar hy of sy gewoon het (vgl. III:9.14). Die opmerking van een informant dat die siel nie sou vertrek voor die voorrade nie oopgemaak en uitgelug was nie, dui waarskynlik daarop dat die agtergeblewe 'lug', 'sig' en sweet van die afgestorwe persoon 'n verbinding met laasgenoemde daarstel. Die voorskrif dat voorrade wat voor die dood van 'n persoon in die huis was net soos die oorledene behandel moes word (vgl. III:9.14), moet waarskynlik in die lig van die verband met die afgestorwene verklaar word. Na die dood van die persoon word hierdie agtergeblewe kragveld vir die lewendes negatief. Hierbenewens sou ook die lyk van die persoon 'n definatiewe negatiewe kragveld bevat (vgl. III:9.7, 9.8, 9.10, 9.12.1).

Die dood van 'n gesinslid het 'n ontwrigtende uitwerking op die lede van die werfgroep. Die naasbestaende se gesondheid (vgl. III:9.5) en die ekonomiese welsyn van die groep (vgl. III:9.5) kon agteruitgaan, en die gevaar bestaan dat die gesin kan verbrokkel (vgl. III:9.4, 9.18). Hierbenewens verkry die oorledene bonatuurlike vermoë en is hy of sy dus voortaan as gees in 'n sterker posisie om al die verwante te benadeel (vgl. III:9.5). Die gees behou nie net met die werf as 'n geografiese eenheid bande nie (vgl. III:9.14), maar ook met die werfgroep as 'n sosiale eenheid sodat die gees die groep kon besoek selfs indien hulle vanaf die geografiese terrein wegtrek (vgl. II:1.2.2).

Die lewensloop van 'n agterblywende vader, moeder of huweliks-genoot vorm tot en met die dood van 'n naasbestaande en daarna twee afsonderlike verbande waartussen 'n oorbruggingsfase werkstellig moes word. Die Khoekhoen beskou die lewe en die dood as twee onversoenbares aangesien die dood die lewe bedreig (vgl. III:9.13.1). 'n Oorbruggingsfase was nodig om die verlede uit te wis en die agterblywende te heroriënteer ten opsigte van die toekomstige lewe (vgl. III:9.4). Die persoon moes afgesonder word en bepaalde behandeling ontvang (vgl. III:9.13.1, 10.14).

Die ou lewe het die kontak met die oorledene en met die dood ingesluit. Die agterblywende moes behandeling ontvang vanweë sy eie kwesbare toestand (vgl. III:9.5), en om te verhoed dat sy of haar gesondheid en geestesgesondheid benadeel word (vgl. III:9.5). Kinders en vroue, veral swanger vroue was in ooreenstemming met hul algemene fyngvoeligheid (vgl. III:9.8) kwesbaarder ten opsigte van kontak met die invloed van die dood as mans (vgl. III:9.5, 9.8, 9.11, 9.13.1). Die agterblywende se bloed was warm vanweë gedurige gedagtes aan die oorledene (vgl. III:9.5, 9.13.1, 9.13.2), hartseer (vgl. III:9.5, 9.13.1), skok (vgl. III:9.5, 9.13.1) en die nagevolge van geslagsomgang met die oorledene voordat hy of sy gesterf het (vgl. III:9.13.1). Die warm bloed kon veroorsaak dat die persoon maklik koue vat (vgl. III:9.5). Hierbenewens kon hartseer en skok veroorsaak dat bepaalde liggaamsdele soos die baarmoeder skuif (vgl. III:9.5). Die agterblywende moes dus warm en rustig gehou word sodat haar gesondheid en geestesgesondheid nie benadeel sou word nie (vgl. III:9.5). Ook moes die oorsake vir haar besondere toestand, naamlik haar gedagtes aan die oorledene, die hartseer en skok en die nagevolge van die geslagsomgang met die oorledene voor sy dood verwyder word. Dit is deur middel van reiniging en die aanwending van naub gedoen (vgl. III:9.13.1). Hierdeur het haar bloed koel geraak en het die ander nagevolge verdwyn. Die reiniging en gebruik van naub het 'n verandering na 'n nuwe toestand en lewe teweeg gebring (vgl. III:9.13.1, 9.13.2). Hiermee is die kontak met die dood en met die ou lewe saam met die oorledene verbreek.

Die ou lewe wat verwyder moes word, het onder andere behels die kontak met die oorledene en met die dood, en het neerslag gevind in die vorm van sweet, liggaamsvullis, 'sig' en reuk op die huis waar die oorledene gewoon het, die artikels daarin (vgl. III:9.14) en die agterblywende (vgl. III:9.13.1, 9.13.2) wat ook daar woon. Slegs dié area en inhoud daarvan waarmee die oorledene die meeste kontak gehad het, moes dus gereinig word. Die sweet ensovoorts op die agterblywende was oorblyfsels van die ou lewe, en het 'n negatiewe kragkomponent bevat wat 'n siekmakende uitwerking gehad het op die lewensbronne (vgl. III:9.4, 9.5), en wat kragte in die omgewing negatief ingestel het teenoor die agterblywendes (vgl. III:9.5). Dit het dus nie net vir die betrokke persone nie, maar vir die gemeenskap, gevaar ingehou (vgl. III:9.5, 9.6). Oorblyfsels van die ou lewe was dus nie vir 'n nuwe lewe bevorderlik nie (vgl. III:9.13.1).

Tekenend van die nuwe lewe van die agterblywende na reiniging was die koel toestand van die persoon se bloed en liggaam (vgl. III:9.13.1, 9.13.2) en die nuwe sweet, liggaamsvullis, reuk, ensovoorts van die persoon (vgl. III:9.13.1). Die nuwe reuk van die nuwe lewe moes ook in die huis en huisvuur teenwoordig wees (vgl. III:9.14). Sâ-i is aangewend vir die verkryging van die nuwe reuk (vgl. III:9.14).

'n Verandering is veroorsaak in die lewe van die agterblywende deur dié persoon van die ou lewe te reinig. Die nuwe lewe van die persoon het tot gevolg gehad dat die persoon se bande met die omgewing verbreek is en dat die persoon dus weer daarmee geassosieer moes word (vgl. III:9.15). Dit was veral vir 'n vrou belangrik om haar met die omgewing te assosieer aangesien sy uit die aard van haar rol in die huishouding by vele fasette van die omgewing betrokke (vgl. III:9.15) is. Indien sy nie met die omgewing geassosieer sou word nie, sou sy vir die lewensbronne nadelig wees en sou groot kragte in die natuur negatief teenoor haar optree (vgl. III:9.15).

Die Khoekhoen het kragkomponente buite die mens onderskei. Dit blyk uit die literatuur dat siekte en dood aan //Gâunab toegeskryf was en dat bepaalde voorbodes met hierdie godheid ver-

band gehou het (vgl. II:1.1). Die dood is dus direk met //Gâunab verbind. Hoewel die Khoekhoen vandag die dood en 'n lyk as selfstandige kragentiteite beskou, is die dood oorspronklik toegeskryf aan die handeling van 'n persoonlike bonatuurlike wese. Hierbenewens was sekere verskynsels in die natuur, soos sekere warrelwinde en diere, wat as voorbodes van die dood optree, met //Gâunab verbind (vgl. III:9.1). Ook toon 'n bepaalde warrelwind wat die dood veroorsaak 'n definetiewe verband met //Gâunab (vgl. III:9.3).

Hierteenoor het sekere positiewe natuurverskynsels ook met 'n godheid verband gehou. Die reën wat gestuur is om die spore na die graf uit te wis, en sodoende mense se lewens te bewaar, kan waarskynlik aan Tsui//Goab toegeskryf word (vgl. III:9.5). In ruimtelike oriëntering is die oostekant met Tsui//Goab verbind (vgl. II:1.1; III:9.10, 9.11).

Wanneer 'n persoon sterf, verlaat die siel die liggaam en vertrek (vgl. III:9.3, 9.8), behalwe indien iets die siel pla (vgl. III:9.5). 'n Sterwende wat dors gesterf het se siel sou dors wees (vgl. III:9.5). 'n Gees het bepaalde kenmerke en behoeftes. Hy of sy kon praat, aan agterblywendes verskyn (in sigbare of onsigbare vorm), in agterblywendes se gedagtes wees, dors en honger word, water drink en moontlik ook ander gebruiksmiddele gebruik, waarneem wat die agterblywendes doen, verlang na die agterblywendes, 'n behoefte hê om met eerbied behandel te word en om onthou te word (vgl. III:9.19), ensovoorts. Die siel (vgl. III:9.5, 9.8) en gees (vgl. III:9.9, 9.11, 9.14) kon agterblywendes benadeel. Dit skyn of slegs volwasse gestorwenes die agterblywendes kon benadeel aangesien 'n doodgebore baba nie daartoe in staat was nie (vgl. III:9.9) en daar onsekerheid bestaan oor die vermoë van babas wat wel geleef het om agterblywendes te benadeel (vgl. III:9.9). Enigiets wat in verband gestaan het met die oorledene, soos die slaggoed wat in verband met die oorledene geslag is, kon die agterblywendes benadeel indien bepaalde handeling nie uitgevoer is nie (vgl. III:9.9, 9.12.2).

Bepaalde entiteite in die natuur het 'n positiewe kragkomponent bevat wat deur die mens benut is. Hieronder ressorteer sekere

dele van die vee (vgl. III:9.12.2, 9.14), koue water (vgl. III:9.11, 9.3), bepaalde plante (vgl. III:9.7, 9.13.1, 9.14, 9.17), en bepaalde gesteentes (vgl. III:9.13.1).

Benewens bogenoemde kragkomponente in die natuur het die Khoekhoen ook kragkomponente onderskei wat nie entiteitsgebonde was nie, maar wat tot voordeel van die mens in werking gestel kon word en opgesluit kon wees in bepaalde woorde (vgl. III:9.15), of handeling byvoorbeeld handeling van uitwissing (vgl. III:9.13.1, 9.14), en klapbewegings met die vingers (vgl. III:9.11). Invloede van buite die mens kon die mens positief of negatief beïnvloed.

Dit wil voorkom of die Khoekhoen die siening gehad het dat daar bande tussen sekere entiteite in die heelal bestaan en dat daar ook maklik bande tussen entiteite kon ontstaan. Dit skyn of daar 'n noue verband was tussen 'n eenaar en sy vee en dat Tsui//Goab as gevolg daarvan die vee in plaas van die persoon kon laat sterf (vgl. III:9.1). Ook die verskynsel dat die vee vrek as die eenaar sterf, kan moontlik aan hierdie band toegeskryf word (vgl. III:9.5). Daar kon ook 'n nou band tussen mense ontwikkel wat tot gevolg kon hê dat die agterblywende se liggaam die oorledene mis (vgl. III:9.5), of dat die agterblywendes 'n besondere gevoel van assosiasie met die oorledene ondervind, byvoorbeeld wanneer die agterblywendes dieselfde hongerte as die oorledene sou ondervind, ensovoorts (vgl. III:9.12.2, 9.14).

Dinge wat in verband met die dooie aangewend is, is blykbaar as deel van die oorledene beskou. Daarom sou die begrafnisgangers gevoel het asof hulle die oorledene eet wanneer hulle die vleis eet wat vir die oorledene se begrafnis geslag is, ensovoorts (vgl. III:9.12.2). Die mens kon egter ook met die negatiewe soos die dood of 'n siekte 'n band opbou. Daarom moes nie omgekyk word na 'n graf (vgl. III:9.11), of plek waar 'n siekte behandel is nie (vgl. IV:2.4.2). Die assosiëring kon ook bewustelik geskied met die doel om die mens te bevoordeel. Daarom is daar met 'n eerste besoek van 'n kind of swanger vrou met die begraafplaas geassosieer (vgl. III:9.11) en moes die agterblywende met die omgewing assosieer (vgl. III:9.15).

Daar kon basiese teenstellings in die Khoekhoe-wêreldbeskouing onderskei word. Die lewe en die dood is in direkte teenstelling gestel vanweë die onversoenbaarheid van die twee verskynsels (vgl. III:9.7, 9.11, 9.13.1, 9.14). Sekere warm toestande van die liggaam soos 'n bepaalde warm reuk (vgl. III:9.13.1, 9.14) en warm bloed (vgl. III:9.13.1) teweeggebring deur die afsterwe van 'n naasbestaande, moes verander word na 'n koel reuk en koel bloed. Hierdie warmte was onaanvaarbaar en in teenstelling met die warmte wat polsende lewe voorstel soos die warmte van 'n nuwe vuur (vgl. III:9.14).

10. DIE !GAO≠GOM-SEREMONIE

Dit was besonder moeilik om gegewens oor die !gao≠gom-seremonie (letterlik : snyboud-seremonie) te bekom. Eerstens word die seremonie nie meer uitgevoer nie. Die mees resente datum waarop dit nog uitgevoer is, was as ongeveer op 1950 gestel. Die belangrikste rede is egter 'n onwilligheid by persone wat dit wel deurloop het om oor die redes vir die seremonie te praat, aangesien diesulkes daarmee sou impliseer dat hul eie bloed vuil is. Slegs buitestaanders met goeie kennis kon dus as betroubare segslui beskou word.

10.1 Betrokkenes

Indien enige persoon, voorheen getroud al dan nie, met 'n weduwee of wewenaar wou trou, moes die twee betrokkenes 'n seremonie bekend as die !gao≠gom-seremonie deurloop, ongeag of die wewenaar/weduwee kort of lank getroud was. Dit was veral belangrik indien een van die betrokkenes nie voorheen getroud was nie, aangesien so 'n persoon makliker benadeel sou word omdat sy of haar bloed waarskynlik nog skoon en dus fyngvoelig sou wees.

Diegene wat reeds getroud was, was tydens geslagsomgang in die huwelik met die bloed van 'n lewensmaat, wat later gesterf het, in aanraking en moes daarom hierdie seremonie deurloop. Die seremonie is nie slegs uitgevoer wanneer die oorlede huweliksmaat aan 'n siekte oorlede is nie, maar ook in die geval van 'n besering.

10.2 Doel en redes

Die doel van die behandeling sou wees, om die bloed en sweet van die voornemende egliede te laat ooreenstem en dus 'saamwerk', aangesien een of beide se bloed vuil kon wees, en die ander persoon dus na geslagsomgang kon benadeel. Een informant het dit as volg gestel : 'Die vuiligheid moet aan albei kante wees, die gevaar moet gelyk gemaak word'. Daarom was dit dan ook nodig vir persone wat 'n derde of meer keer wou trou en dus reeds vir 'n vorige huwelik die !gao#gom-behandeling ondergaan het, om dit weer eens te laat doen.

Die rede vir die seremonie hou nie slegs met die betrokke paartjie verband nie, maar ook met die gestorwe lewensmaat(s). Daar is gevrees dat, indien laasgenoemde aan 'n siekte gesterf het, hierdie siekte aan die lewensmaat oorgedra is en dan die nuwe maat kon benadeel. Die paartjie is egter behandel al was die gestorwene dood as gevolg van 'n besering en nie 'n siekte nie. Dit sou nodig gewees het omdat die paartjie nie altyd kennis gedra het van al die doen en late van die gestorwene nie en die agterblywende se bloed dus sonder sy of haar medewete vuil kon wees. Hierbenewens sou die bloed van die oorledene selfs na die wagperiode wat ten opsigte van geslagsomgang na die dood van 'n lewensmaat nodig is, nog nie heeltemal uit die agterblywende se liggaam gewees het nie (vgl. III:5.3).

Indien die paartjie nie hierdie behandeling sou ondergaan nie, kon die vuiligheid in die bloed tot gesondheidsprobleme aanleiding gee. Die 'afsaksiekte' waarvoor hulle behandel moes word, sou begin deur pyn en 'n lam gevoel in die kruis. Dit was skynbaar veral die niere wat in die kruis benadeel word. Hiervandaan sou die probleme na die derms verskuif. Die derms sou afsak en die vrou se baarmoeder of haar man se scrotum afdruk. As gevolg hiervan sou die persoon sieklik bly en probleme in die voortplantingsdele en dus voortplantingsvermoë ondervind. Volgens een informant het die geslagsdele uitgesak omdat die vuil bloed swaar was. Die afgesakte derms het, omdat dit op die blaas sou druk, veroorsaak dat die betrokkenes nie kon urineer nie. Hulle het aanhoudende diarree ondervind wat in 'n bloedmaag kon oorgaan. Informante verduidelik dit as die

liggaam se metode om die vuiligheid uit te werk. Bogenoemde probleme sou veroorsaak dat die betrokkenes 'geen groei in hul het nie', maar 'winddroog' raak. Volgens informante was die !gao#gom-behandeling egter gewoonlik suksesvol.

Daar is ook verwysings na die feit dat die siekte wat opgedoen sou word indien persone nie die !gao#gom-behandeling ondergaan nie 'in die are sou vreet', en dat dit aanleiding kon gee tot kanker. Indien een van die paartjie hierbenewens 'n 'witlewer' sou hê (dit wil sê 'n toestand wat tot die dood van die lewensmaat sou lei) en die !gao#gom-behandeling word nie uitgevoer nie, kon die maat dit oorleef en sterf. Die 'afsaksiekte' en 'n 'witlewer' kon tot die dood van die lewensmaat lei.

Hoewel ander dit ontken, meld twee informante dat benewens die gewoonte om 'n paartjie die !gao#gom-behandeling te laat ondergaan as minstens een reeds vroeër getroud was, dit ook gedoen kon word indien beide persone vir die eerste keer trou. Dit sou gedoen gewees het indien oor inligting beskik is dat een of beide voor die huwelik met ander persone wie se bloed vuil was, omgang gehad het, dat so 'n persoon iemand anders as gevolg van omgang laat sterf het, of dat die persoon se bloed vuil was as gevolg van oorerwing. Dit is egter moontlik dat in só 'n geval die paartjie nie met die voorganger geassosieer is nie (en dus ook nie met mense wat reeds die !gao#gom-seremonie deurloop het nie), maar slegs met mekaar.

Hierteenoor laat verskeie faktore die vraag ontstaan of die !gao#gom-seremonie oorspronklik nie vanweë wyer redes as net die moontlike teenwoordigheid van vuil bloed toegepas is nie. Eerstens is daar die opmerkings van twee bejaarde informante dat daar voor geslagsomgang 'n wagperiode na 'n sterfgeval nodig sou wees omdat die bloed van die afgestorwene nog in die liggaam van die agterblywende lewensmaat sou wees (vgl. III:5.3). Tweedens was die dood die mees gevreesde verskynsel en het die nawerking daarvan nie vanself afgeneem nie. Dit is dus moontlik dat die !gao#gom-seremonie uitgevoer kon gewees het om die nadele daarvan te verminder. Derdens is daar by informante 'n onmag bespeur om verduidelikings vir sommige vrae te bied soos indien gewone vuil bloed die rede vir die sere-

monie was waarom die seremonie dan primêr in verband met persone wat voorheen getroud was, uitgevoer is. Vierdens meld een informant dat indien 'n agterblywende nie na 'n sterfgeval by die wagperiode met betrekking tot geslagsomgang wou hou nie, ander persone met wie omgang sou plaasvind die 'afsaksiekte' sou kry. Dit is in ooreenstemming met die gevolge wat 'n paartjie sou tref as hul nie die !gao#gom-behandeling ondergaan het nie. Laastens is die verwysings na die kry van 'n bloemaag as gevolg van die 'afsaksiekte' in ooreenstemming met die gevolge wat 'n persoon kon tref na kontak met die dood (vgl. III:9.9, 9.12.1, 9.12.2). In die lig van bostaande wil dit voorkom of dit moontlik was dat die vuil bloed wat die !gao#gom-seremonie sou noodsaak, vroeër na 'n wyer konsep naamlik vuiligheid van 'n vorige lewe, insluitend die kontak met die dood, kon verwys het, en waaraan 'n nuwe lewensmaat deur die !gao#gom-behandeling gewoonde gemaak moes word.

10.3 Reëlings in verband met die seremonie

'n Ouer volwasse man en vrou wat self die !gao#gom-seremonie deurloop het, het saam as begeleiers opgetree, hoewel hul nie met mekaar getroud hoef te wees nie. Die man sou byvoorbeeld die snytjies maak en die vrou die middels insit. Soms tree net een, gewoonlik dan die vrou, as begeleier op. Sy moes bejaard wees sodat sy nie meer kon menstrueer of swanger wees nie. Hulle moes self die seremonie deurloop het sodat hulle kennis sou hê van die verrigtinge, maar ook sodat hulle vry sou wees van die 'afsaksiekte' en dus van hul sweet en liggaamsvullis vir die paartjie kon insny sonder om die paartjie te benadeel. Hierbenewens is alle mense wat die !gao#gom-seremonie deurloop het, beskou as dieselfde soort mense wat by mekaar pas en wat mekaar kon help en nie benadeel nie.

Dit was as belangrik beskou dat die begeleiers gesond moes wees en mense was wat voorspoedige kinders gekry het. Hierbenewens moes die voorgangers ekonomies gelukkig wees en gesonde hande hê sodat hulle die paartjie nie kon benadeel nie. Hulle moes ook nie kwaadwillig wees nie. Kwaadwilliges het hulself dikwels tydens hul eie !gao#gom-seremonie met bepaalde middels

laat insny sodat hul ander later bloot deur hul nabyheid kon benadeel.

Volgens die meeste informante het die paartjie hierdie behandeling in hul eie huis ondergaan, maar verkieslik moes dit 'n huis wees wat eenkant staan, sodat dit nie maklik bereikbaar sou wees vir die bogenoemde ongewenste persone nie. Informante se weergawes van die tyd wat die begeleier(s) by die paartjie sou bly, wissel van een tot vier weke. Daar is 'n bok as vergoeding betaal.

Die paartjie kon direk na die hertroue en voordat hul omgang gehad het, behandel word, maar soms is dit later in die huwelik gedoen omdat eers waargeneem is of hulle 'bloede sou saamwerk'.

Die paartjie was tot hul snye genees het, aan verskeie verbodsbepalinge onderworpe aangesien hulle hul in 'n oorgangstadium bevind het, en as gevolg daarvan die lewensbronne kon benadeel. Hierna sal later in meer besonderhede verwys word.

10.4 Die kwesbare posisie van die paartjie

Die paartjie was gedurende die seremonie baie kwesbaar tot hul snyplekke genees het. Hulle moes tuis bly sodat hulle nie wind op die snyplekke sou kry nie. Indien hulle bloed koud word, sou die werking van die 'bloede' en die middels nie so kragtig wees nie, en kon die betrokkenes 'winddroog' word. Dit was ook een van die redes waarom hul nie met koue water in aanraking moes kom nie. Die kai taras moes sorg dat hul geen besoekers ontvang nie, sodat ongewenste gaste nie die paartjie kon benadeel nie. Hieronder val ongelukkige persone, kwaadwilliges, jonger vroue wat moontlik kon menstrueer of verwagkend kon wees, asook mense wat pas geslagsomgang gehad het. In die geval van menstruerende en swanger vroue sou die snyplekke van die paartjie nie genees nie. As veiligheidsmaatreël is dus net die voorgangers en somtyds ander mense wat die vrugbaarheidsjare verby was by die paartjie toegelaat. Ook moes daar nie rou vleis naby hul gehou word nie, aangesien dit sou veroorsaak het dat die snyplekke nie genees nie.

Indien die paartjie, terwyl die snye nog nie genees het nie, in die veld sou loop, sou die roofdiere en die Grootslange aggressief raak en indien hul deur 'n rivier stap, sou dit hul meesleur.

Volgens Maria Swartbooi moes die paartjie nie rosyntjiebessies eet nie omdat die rosyne die paartjie sou benadeel sodat hul diarree en bloedmaag kry. Dit kan waarskynlik toegeskryf word aan hul fyngvoeligheid as 'nuwe mens'.

10.5 Die negatiewe invloed van die paartjie

Mense wat die !qaoꞑgom-seremonie deurloop het, was vir alle ander mense gevaarlik, veral terwyl eersgenoemdes se snyplekke nog nie genees het nie. Verskeie redes word genoem, naamlik die moontlikheid dat hul tydens die !qaoꞑgom-seremonie met toormiddels ingesny kon gewees het, die oordraagbaarheid van hul toestand van vuil bloed, en die feit dat hulle deur hierdie behandeling net by mekaar aangepas is ('met mekaar gepaar is'). Laasgenoemde skyn die belangrikste rede te wees. Een informant meld dat hul nou tot 'n ander groep behoort. Alle persone wat hierdie seremonie deurgegaan het, sou dus nie mekaar benadeel nie, maar net vir ander.

Hulle kon 'n ander vrou se //haus benadeel of veroorsaak dat ander persone dieselfde 'afsaksiekte' kry as waarvoor hulle behandel is. Een informant meld dat enige seerplekkie op 'n persoon kon begin sweer na kontak met die paartjie.

Die paartjie sou besonder gevaarlik gewees het vir persone wat as kwesbaar beskou is. Hieronder ressorteer jongmense omdat hulle kwesbaarder sou wees as ouer persone, asook menstruerende en swanger vroue, volgens twee informante omdat menstruerende en swanger vroue se bloed nie sou 'saamwerk' met die van persone wat die !qaoꞑgom-behandeling ondergaan het nie, asook persone wat aan ernstige siektes soos //âudas of kanker ly. In die geval van menstruerende vroue kon hul menstruasie staak, kon hul dieselfde siekte kry as die twee wat die !qaoꞑgom-behandeling ontvang het, en sou hul probleme in die kruis ontwikkel. 'n Swanger vrou kon 'n miskraam kry, haar baba kon te

vroeg gebore word, of sieklik wees, en die swanger vrou se kruis kon benadeel word. Lyers aan ernstige siektes sou nog sieker word.

Dit was besonder gevaarlik om met iemand wat die !gao?gom-behandeling ondergaan het, omgang te hê, maar hulle kon mense ook benadeel deur net oor hul bene of beddegoed te loop, op hul beddegoed te sit, agter hul verby te loop, of indien hul skaduwee op 'n ander sou val. Indien 'n persoon wat die !gao?gom-behandeling ondergaan het, wel agter 'n ander verby geloop het, of oor 'n ander se bene geloop het, is hy of sy aangesê om om te draai en op sy spore terug te loop, dit wil sê om die benadeling te kanselleer.

Terwyl die paartjie hulself in hierdie oorgangstadium bevind het, sou hulle die veld en tuin brand en veroorsaak dat die verse se melk bloederig raak en die vee vrek. Maria Swartbooi verduidelik dat die mensbloed wat nou een was asook rou en vars, te sterk en daarom nadelig sou gewees het vir die diere. Hierbenewens sou hul die roofdiere aggressief en die wildsbokke sku gemaak het, en was hulle dus in hierdie opsig gevaarlik en nadelig vir persone wat hul vergesel. As gevolg hiervan moes die paartjie die lewensbronne vermy tot hul gereinig is en die snye genees het.

10.6 Die prosedure

10.6.1 Die metode

Volgens enkele informante is die warm pas afgeslagte vel van 'n slagding tydens die seremonie gebruik, maar hulle verskil oor die rede vir die gebruik daarvan. Die vel kon voor die behandeling om die paartjie gevou word tot dit afgekoel het. Dit sou gedoen gewees het sodat die siekte kon uitsweet. Volgens een informant is die warm pas afgeslagte vel om die betrokkenes, indien hul baie sieklik was, gevou, tot dit afgekoel het, sodat hulle bloed kon verwarm, en dus beter 'oormekaar' sou werk. Hierna is hul masseer om die bloed warm en lewendig te maak sodat die bloed, sweet en middels wat 'ingesny' sou word (dit wil sê in snytjies in die vel geplaas word) beter daarin

sou werk, asook om die derms wat afgesak het, weer in posisie te kry.

Die paartjie het op 'n swart vel gelê. Eerstens het die kai taras hulle ge-//am om van hul liggaamsvullis te kry wat 'ingesny' moes word. Hierna het die voorganger een of twee snytjies aan die sykante onder die heupe of onder die boude en aan die voorkant onder die heupe gemaak. In laasgenoemde twee gevalle sou die snytjies van die twee persone kontak maak wanneer die paartjie in een rigting, en dan weer in 'n ander, 'lepel'-lê. Die voorganger het by elk van die twee betrokkenes van mekaar se bloed en sweet sowel as van die voorganger se sweet in die snytjies ingevryf. Volgens een informant is die voorganger se sweet gebruik omdat laasgenoemde gelukkig sou wees. Volgens 'n ander omdat die voorganger klaar ingesny was en dus deel uitgemaak het van die mense wat die !gao#gom-seremonie deurloop het. In laasgenoemde geval was die doel waarskynlik assosiëring met die mense wat reeds behandel was.

Ander middels kon bygevoeg word, byvoorbeeld bomeester, ook genoem klipsout, en /gare sâ-i om die 'bloede te laat saamwerk'. Die klipsout, 'n gesteente, sou in die betrokkenes se 'are werk' omdat dit in die liggaam intrek, en die bloed en sweet lei om dieselfde te doen. Dit sou ook die bloed uit die snytjies trek sodat dit kon meng. Een informant verduidelik dat die gesteente nie are het nie, en juis daarom in 'n mens se are werk. Die /gare sâ-i-wortel is by informante van Pella bekend en sou effektief wees omdat die bos 'menstrueer' dit wil sê dit 'n bloedrooi gom het. Hierdie bykomende middels was nuttig waar ouer persone se bloed nie wou saamwerk nie.

Hierna het die voorganger die snytjies van die twee persone teen mekaar gedruk waarna die paartjie die naglank so teen mekaar moes lê sodat die 'bloede oorkruis kon werk', en dus kon saamwerk.

Die paartjie moes medisyne soos khamagu en !gūxa drink om die vuiligheid uit te werk, en die bloed koel (nie koud nie) te maak, sodat die behandeling suksesvol kon geskied. Hierbenevens is hul liggame, nadat hul ingesny is, masseer sodat die

behandeling meer effektief kon wees. Een informant meld dat daar vir geluk sâ-i op hul onderklere gestrooi is. Volgens sommige informante moes die paartjie die eerste aand geslagsomgang hê, 'sodat die snye oormekaar kon werk'.

Hulle moes nie was voor die snye gesond sou wees nie anders sou dit nie genees nie, en hulle moes vir 'n dag of langer lê. Die paartjie moes tuis bly tot die snyplekke gesond was sodat hulle nie ander en die omgewing kon benadeel nie, en omgekeerd.

10.6.2 Voedsel

Daar is geslag sodat daar voedsel vir die paartjie sou wees en die vel vir gebruik beskikbaar sou wees (vgl. III:10.6.1). Die slaggoed moes slegs ooie wees sodat die vrou se voortplantingsvermoë bevorder kon word. Die manlike voorganger was ook die slagter. Hy moes gesonde hande hê.

Slegs die paartjie, ou mense (met inbegrip van die voorgangers) en klein kindertjies kon van die vleis van die slagding eet aangesien hulle nie die paartjie sou kon benadeel nie.

Die kai taras het die voedsel voorberei. Volgens sommige is die vleis nie gebraai nie, maar gekook, moontlik om vurigheid in die liggaam te verhoed. Die boude en blaaie moes nie deurgekapt word nie, dit wil sê daar moes geen verdeling wees nie, sodat die paartjie se boude soos dié van een mens sou pas. Hiermee is die eenheid van die twee persone beklemtoon.

Die afgeëte bene is op die vel waarop die paartjie sit, versamel en dan in 'n gat by die vuur of in die ashoop begrawe sodat mense nie daaroor sou loop en sodoende deur die paartjie benadeel kon word nie, asook sodat kwaadwilliges nie die paartjie sou kon aantast nie.

10.6.3 Reiniging

Nadat die snye genees is, is die paartjie deur die begeleier gereinig. Dit is gedoen deur die liggaamsvullis met vars mis en room, of botter, af te rol (te //am), waarna hul met naub (oker en hardevet) gesmeer is. Dit is gedoen om die ou lewe af

te haal en meer bepaald die ongesondheid en siektes van die ou lewe, en 'n nuwe skoon lewe te begin. Die liggaamsvullis is op die vel versamel en deur die kai taras in die huis of ashoop begrawe sodat ander mense nie hierdeur benadeel kon word nie of kwaadwillige persone nie die paartjie hiermee kon benadeel nie.

Die paartjie is hierna masseer om die behandelingsproses aan te help. Hulle het skoon klere aangetrek 'om die gesondheid in te bring'. Die voorgangers het die ou klere en die swart vel waarop die paartjie behandel is, geneem omdat hulle ook ge-!gao is, dus deel uitmaak van persone wat die !gao#gom-seremonie deurloop het, en nie daardeur aangetas kon word nie.

Eers hierna is die paartjie toegelaat om met die lewensbronne in aanraking te kom deur middel van assosiëring, asook met ander mense.

10.6.4 Assosiëring

Hoewel alle ander informante dit ontken, is die paartjie volgens die bejaarde Maria Swartbooi, wat self hierdie behandeling deurloop het, na bogenoemde handeling wel as 'nuwe mense' met die lewensbronne en take geassosieer. Die gegewens deur haar verskaf is egter baie onvolledig.

In al die handeling sou die manlike of vroulike begeleier afhange van die betrokke take, voorgestaan het, ~~afhange van die betrokke take~~. Hierop sou die betrokke lid van die paartjie die handeling navolg.

Eerstens sou die kai taras en die vrou vuurmaak waarna na die vee gestap is, waar die kai taras by die ingang van die kraal die vrou vertikaal op die regterbeen onder die knie en die man in 'n kruisvorm in die waai van die werksarm, met die mis 'gestreep' het. Die kai taras het van die mis in haar mond geneem, dit uitgespoeg en 'geluk' gesê, waarna die vrou haar nagevolg het. Dit sou net deur die vroue gedoen gewees het omdat die vroue die meeste met die vee gewerk het. Hierna het die kai taras en die vrou gemelk.

Die manlike voorganger het 'n bok gevang waarop die man die handeling herhaal het. Hierna het net die voorganger die dier geslag sodat daar nie as gevolg van die 'ongesondheid van die gesnydes' ongelukkigheid by die vee kon kom nie. Daar is geslag sodat die vleis geëet kon word, maar ook om uit te vind of die diere gesond is en die vleis nie laf is nie. Waarskynlik kan hierdie invloed van die paartjie toegeskryf word aan die kontak met die dood toe 'n voormalige lewensmaat gesterf het.

Daar is ook na die waterbron gegaan waar die voorganger op die water geslaan het sodat dit in die gesigte van die paartjie spat. Hierna het die vrou en man water geskep en dit huis toe geneem.

In die veld het die kai taras van die veldvrugte afgestroop, dit gekou en weer uitgespoeg, waarna sy 'geluk' gesê het. Dieselfde geld by die tuin en in beide gevalle het veral die vrou die handeling herhaal.

Die verklaringe vir die assosiering was dat dit gedoen is omdat die paartjie nou 'nuwe mense' geword het, en dat dit 'n poging is om hul geluk by die lewensbronne te laat voortgaan, dit wil sê sodat die gras nie sou doodgaan, die diere vrek, ensovoorts nie, en sodat hulle nie aggressiwiteit ontketen nie. Persone wat van nature ongelukkig was, sou egter selfs na die assosiering steeds 'n negatiewe invloed op die lewensbronne hê.

10.7 Gevolgtrekkinge

'n Persoon op wie die !qaoꝯgom-behandeling uitgevoer is se lewe was, voor hy of sy afgesonder en gereinig is en daarna, twee afsonderlike verbande waartussen 'n oorgangseremonie bewerkstellig moes word (vgl. III:10.6.4).

Die bloed van een persoon wat verenig is met dié van 'n ander was skynbaar besonder kragtig, so ook die rou en vars bloed in snytjies op die liggaam (vgl. III:10.5). Die bloed in die snytjies van persone wat die !qaoꝯgom-behandeling ondergaan het, sou te sterk en daarom nadelig gewees het vir die vee (vgl. III:10.5).

'n Persoon se bloed moes nie koud wees nie omdat dit dan nie goed sirkuleer nie (vgl. III:10.4), en medisyne nie goed daarin sou werk nie (vgl. III:10.4, 10.6.1).

'n Persoon wat reeds die !gao#gom-behandeling ondergaan het se positiewe toestand was onder andere in sy of haar sweet en liggaamsvullis teenwoordig (vgl. III:10.3). So 'n persoon het ook 'n negatiewe kragkomponent in sy of haar liggaam, aura, skaduwee, ensovoorts, gehad wat ander persone deur kontaminasie kon benadeel (vgl. III:10.5).

Hierbenewens verwerf persone wat die !gao#gom-behandeling ondergaan, soos alle ander persone in oorgangstadiums (vgl. III:2.1.5, 9.20), 'n kragkomponent wat 'n siekmakende uitwerking op die lewensbronne sou hê en tot gevolg sou hê dat groot kragte buite die mens teen hom of haar optree (vgl. III:10.5).

Die individu se band met die omgewing wat deur geleidelike of doelbewuste assosiering opgebou is, is deur die afsondering en reiniging tydens die !gao#gom-seremonie verbreek. Die band moes dus weer deur assosiasie met die omgewing herstel word. Dit was veral vir 'n vrou as gevolg van haar gemoedheid met vele fasette van die omgewing belangrik (vgl. III:10.6.4).

Uit die gegewens oor die !gao#gom-seremonie blyk dit weer eens dat die Khoekhoen ook kragkomponente buite die mens onderskei het. Daar was 'n negatiewe kragkomponent verbonde aan die dood as verskynsel (vgl. III:10.2), en aan die agtergeblewe bloed van 'n gestorwe lewensmaat in die liggaam van die agterblywende (vgl. III:10.2). In die natuur was daar 'n kragkomponent met 'n positiewe uitwerking verbonde aan die ooie (vgl. III:10.6.2), in plante soos dié waarvan sâ-i gemaak is (vgl. III:10.6.1), en aan gesteentes soos bomeester (vgl. III:10.6.1). Daarteenoor was daar 'n negatiewe krag in bonatuurlike wesens in die natuur soos die Grootlang (vgl. III:10.4), en kan fasette in die natuur soos roofdiere, riviere (vgl. III:10.4), en rou vleis (vgl. III:10.4) die mens negatief beïnvloed. Die Khoekhoen het, benewens kragkomponente in die natuur en in bonatuurlike wesens ook kragkomponente onderskei wat nie entiteitgebonde was nie en wat tot voordeel van die

mens inwerking gestel kon word deur die gebruik van bepaalde woorde (vgl. III:10.6.4), of deur die gebruik van handelinge soos reiniging (vgl. III:10.6.3).

Die kragkomponente buite die mens kon die mens, afhange van die aard daarvan, positief of negatief beïnvloed. Persone wat die !gao/gom-behandeling ondergaan het, kon diegene wat dit nie ondergaan het nie, en dus nie met hulle geassosieer was nie, benadeel (vgl. III:10.5). Hoewel 'n agterblywende na die dood van 'n lewensmaat van die ou lewe gereinig was, met die omgewing geassosieer was, en geslagsomgang vir 'n tydperk na die dood van 'n lewensmaat vermy het (vgl. III:9.13, 9.15, 5.3), moes 'n nuwe lewensmaat tog by die agterblywende aangepas word. As rede hiervoor word vandag aangevoer bloed wat as gevolg van siektetoestande (vgl. III:10.2) vuil sou wees. Dit wil voorkom asof 'n ouer konsep ook ter sprake kon wees en dat die behandeling uitgevoer moes word om die nuwe eggenoot met die ou lewe (waarby kontak met die dood en die oorlede lewensmaat ingesluit is) van die agterblywende te assosieer. Dit impliseer dat die nagevolge van die dood in die bloed van die agterblywende nie deur die reiniging na die dood van die lewensmaat uitgewis was nie.

Dit wil voorkom asof daar vroeër gemeen is dat die bloed van so 'n persoon vuil was as gevolg van kontak met die dood (vgl. III:10.2), en dat die 'afsaksiekte' beskou is as 'n siekte wat sou volg op kontak met die dood. Dit is moontlik dat daar gereken is dat kontak met die dood ook die oorsaak was vir ander siektes soos kanker en vuilsiek, aangesien al hierdie siektes volgens meer resente Khoekhoe-siening aan vuil bloed toegeskryf word. Hoernlé (1918:77, 78) meld dat die Khoekhoen sekere siektes met die term //ob (dood) beskryf het, en dat daardie siektes behandel kon word deur onder andere die liggaamsvullis van 'n geneesde persoon in te sny. Sy maak egter nie van die 'afsaksiekte' as sulks melding nie. Vuil bloed as gevolg van kontak met die dood is skynbaar nie met menstruasie uitgeskei en ge-elimineer nie maar sou tot die 'afsaksiekte' en dus benadeling van die voortplantingsvermoë en 'n bloedmaag gelei het, en kon ook die dood tot gevolg hê (vgl. III:10.2). Moontlik is

by die !gao#gom-seremonie die voortplantingsvermoë beklemtoon (vgl. III:10.2) omdat die dood as teenproduktief vir die lewe beskou is.

Volgens Khoekhoe-siening sou verskynsels waartussen 'n band bestaan het mekaar nie kon benadeel nie. Daarom kon alle persone wat die !gao#gom-behandeling ondergaan het mekaar nie benadeel nie, maar wel vir diegene wat dit nie ondergaan het nie (vgl. III:10.5). Die band tussen die mens en die omgewing wat deur die !gao#gom-behandeling verbreek is, moes herstel word sodat daar harmonie tussen mens en omgewing kon wees (vgl. III:10.6.4).

Dit blyk weer eens uit die gegewens dat dood en lewe as basiese teenstellings beskou is en dat die dood dus 'n negatiewe uitwerking op voortplanting sou hê (vgl. III:10.2, 10.5).

HOOFSTUK IV

DIE WÊRELDBESKOULIKE IN GESONDHEIDSBEVORDERING

1. INLEIDING

Daar is reeds in Hoofstuk I aangedui dat dit algemene kennis is dat kultuurfasette soos die politieke organisasie en ekonomiese orde van die Khoekhoen deur verowering en inskakeling by die Westerse ekonomie ernstig verander het. Veral op ekonomiese terrein is die Westerse voorbeeld feitlik ten volle oorgeneem.

Dit is dus nie moontlik om vanuit die tradisionele ekonomiese organisasie van die Khoekhoen begrip te kry van die verhouding tussen die mens en die natuur nie. Sommige elemente kon wel by wyse van 'n studie van die assosiasiehandelinge (vgl. Hoofstuk II:2.2.1.4.1) bepaal word. Die beeld is egter nie volledig nie.

Die terrein van gesondheidsbevordering en die genesing van siektes is egter 'n verdere kultuurfaset wat die mens met die natuur, al is dit net die medisynemiddels in die natuur, in aanraking bring. Dit is met die oog op die bepaling van hierdie skakeling dat informante oor die terrein van gesondheidsbevordering uitgevra is. Dit is vanselfsprekend dat die beste inligting oor hierdie terrein van praktiserende kragdokters verkry kan word. Soos reeds aangedui is (vgl. II:2.2.1.1), kon geen kragdokter vir ondervraging betrek word nie. Daar was net nie meer sulke mense in die navorsingsgebied nie. 'n Mens moes dus volstaan met die gegewens wat van die normale informante en van praktiserende smeervroue bekom kon word. Selfs vanuit hierdie gegewens kon 'n sinvolle en samehangende beeld van die Khoekhoe-beskouing oor gesondheidsbevordering verkry word.

Uit die aard van die ondervraging het 'n wyer beeld as slegs die verband na die natuur ter sprake gekom. Dit word hier in die geheel aangebied omdat die wyer beeld verdere klem plaas op, en insig gee in, die totale kragordening in die hele wêreldstruktuur. Hierbenewens bied dit insig in die samestelling van die mens volgens die siening van die Khoekhoen.

Wanneer 'n persoon simptome soos aanhoudende 'vurigheid' of pyn ontwikkel, het die persoon gewoonlik self aanvaar dat hy of sy siek is en 'n siekte probeer diagnoseer. Gewoonlik is daarna eers self probeer om die siekte deur byvoorbeeld die gebruik van medisyne te genees. Sou die behandeling nie bevredigende resultate lewer nie, is die hulp van 'n smeervrou of -man ingeroep. Hierdie persone het siektes hoofsaaklik deur te masseer of 'smeer' behandel en het 'n goeie kennis van veldmedisyne gehad. Indien ook hierdie persoon nie suksesvol was nie, is 'n kragdokter besoek. Die kragdokter het deur middel van waarsegging vasgestel of die siekte aan kwaadwillige of natuurlike oorsake te wyte is.

Daar word vandag steeds van smeervroue gebruik gemaak. Die rol van die kragdokter is egter met dié Westerse geneesheer vervang.

Die kragdokter kon van verskeie genesingsmetodes gebruik maak, byvoorbeeld bloedlaat, massering en medisinale behandeling. As gevolg van sy betrokkenheid by medisyne het die Khoekhoen na hom as die kruie- of bossiedokter verwys.

Die behandelingswyses wat deur die smeervroue en kragdokters onder die Khoekhoen gevolg is, was in ooreensteeming met wat hulle as die geaardheid van siektes beskou het. Twee hoofkategorieë van siektes is onderskei naamlik siektetoestande vanweë vreemde invloede binne die liggaam asook siektetoestande verbonde aan verskuifde liggaamsdele. Beide kategorieë gaan met verlies in krag gepaard. Verder was siektes aan bonatuurlike asook natuurlike oorsake toegeskryf.

2. VREEMDE KRAG IN DIE EIE LIGGAAM

Die menslike liggaam was onderhewig aan invloede van buite wat die liggaam kon binnedring en siektetoestande veroorsaak.

2.1 Kwaadwillige invloede

Behalwe vir goeie geeste wat as straf vir verkeerde gedrag siektes en kwale kon veroorsaak (vgl. II:1.2.2.2), was bonatuurlike oorsake vir siektetoestande dikwels die gevolg van

kwaadwillige benadeling. Hierdie oorsaak kan teruggevoer word na //Gâunab, die bose god, wat vir siekte en dood verantwoordelik sou wees en na die bose geeste, 'n bepaalde warrelwind en kwaadwillige persone wat almal met //Gâunab verband hou (vgl. II:1.1). Indien die siekte deur goeie geeste veroorsaak was, moes benewens geneeskundige behandelinge ook versoenende handeling teenoor die gees uitgevoer word (vgl. II:1.2.2.2). Was die siektetoestand vanuit kwaadwillige oorde afkomstig moes die persoon slegs behandeling daarteen ontvang.

Siektes, vanweë kwaadwillige oorsake kan feitlik enige vorm aanneem. Die slagoffer kan byvoorbeeld kreupel of van die verstand raak. Die toornaar het gewoonlik van kontakmagie of bepaalde middels gebruik gemaak om die slagoffer te benadeel. Soms is natuurverskynsels soos die wind, uile, slange, ensovoorts, as gediensdiges gebruik om die nadelige middels te vervoer (vgl. II:2.2.2.5). Die informante het egter nooit siektes vanweë vuil bloed aan toornaars of bose geeste gewyt nie.

2.2 Vuil bloed

Vuil bloed (vgl. III:1.1) was 'n belangrike oorsaak van siektes. Dit wil voorkom of die mening oorspronklik gehuldig is dat vuil bloed vanweë kontak met die dood ontstaan (vgl. III:10.2, 10.7).

Vuil bloed sou siektes dra, hoewel alle siektes nie van vuil bloed sou ontstaan het nie. Siektes wat met vuil bloed geassosieer is, soos die 'afsaksiekte', kanker en vuilsiek is as besonder aansteeklik beskou. Sulke siektes sou veral gedurende geslagsomgang oorgedra word, maar in sommige gevalle soos persone wat die !qao#gom-behandeling ondergaan het, was hul nabyheid voldoende om die oordrag te bewerkstellig. Indien die persone wat die !qao#gom-behandeling ontvang het se snye nog nie genees was nie, of die ander persoon in 'n kwesbare toestand was, byvoorbeeld as menstruerende of swanger vrou, kon so 'n siekte maklik opgedoen word. Geslagsomgang was die belangrikste wyse waarop 'n man van siektes ontslae geraak het. Daarom was dit gevaarlik om sommer met enige persoon geslagsomgang te hê. Indien 'n persoon omgang sou hê met 'n ander wie

se bloed vuil is, kon hy of sy kanker in die geslagsdele kry. 'n Man kon ook 'n gevreesde siekte genaamd !gams kry wanneer hy met 'n menstruerende vrou omgang sou hê. Persone met vuil bloed sou sere aan die liggaam hê, of seer oë hê, en geneig wees tot diarree, veral as hul die 'afsaksiekte' het.

//Âudas sou 'n siektetoestand in die litte en veral die nek en soms die rug wees. Hiervolgens sou die litte uitmekaar trek sodat byvoorbeeld die nek slap ('los') sou wees. Indien die //âudas ook in die rug voorgekom het, is daarna verwys as die kai of goma //âudas, dit wil sê groot of bees-//âudas. Mans en vroue kon //âudas opdoen en dit sou hoogs aansteeklik wees. Hoewel die meeste informante nie die oorsaak van //âudas kon verklaar nie, sou stuipe in //âudas kon oorgaan omdat stuipe in die litte trek ('pull') en 'n lam gevoel in die litte gee.

//Âudas word te same met kanker, vuilsiek en die 'afsaksiekte' as hoogs aansteeklike siektes beskou. Die ooreenstemmende immuniserings- en behandelingswyses van hierdie siektes laat die vermoede ontstaan dat ook //âudas aan vuil bloed te wyte kon wees. 'n Lier aan een van hierdie siektes se siektetoestand sou ook in sy sweet teenwoordig wees. Ander persone moes dus as voorsorgmaatreël nie lyers aan hierdie siektes se krale of nekdoeke omsit nie.

Diarree en braking is beskryf as die liggaam se 'slimmigheid om van vuiligheid ontslae te raak'. Diarree sou in sulke omstandighede verband gehou het met toestande van vuil bloed soos 'n vuil baarmoeder of die 'afsaksiekte'. Hierbenewens sou 'n persoon diarree ontwikkel het indien hy of sy nie 'gestreep' word voordat voedsel na die dood van 'n ander geëet is nie. Dit wil dus voorkom of kontak met die dood 'n vername rede vir diarree en bloedmaag was (vgl. III:9.12.1, 9.13.1, 9.13.2).

2.3 Nadelige invloede vanuit die natuur

Kragentiteite uit die natuur kon die mens benadeel. Dit wil voorkom of hierdie kragentiteite deur die Khoekhoen beleef is as kragte wat negatief teenoor die mens ingestel is. Skerpiene word tesame met slange en roofdiere as entiteite wat gou

aggressiewiteit teenoor die mens openbaar, beskou (vgl. II:2.1.4). Die wind in die natuur word dikwels met negatiewe optrede vereenselwig (vgl. II:2.2.2.3, III:9.3).

Indien 'n persoon deur 'n skerpioen gesteek is, kon die gif van die skerpioen tot die dood van die persoon lei.

Dit wil voorkom of geglo is dat 'n persoon wat van die bed geval het met negatiewe krag in die grond in aanraking was, dit wil sê dat negatiewe krag in die grond die liggaam van die persoon binnegedring het (vgl. IV:2.4.2). 'n Mens moes dus vir hierdie krag en sy invloed, versigtig wees.

Wind was 'n verdere belangrike oorsaak vir siektetoestande. Die ontstaan en aktivering van winde is reeds bespreek (vgl. III:1.2). Faktore soos koue, skok, hartseer en verergdheid sou winde wat reeds binne die liggaam is, aktiveer. Sulke winde kon pyn, die verlies van verstand by volwassenes, en stuipe by babas tot gevolg hê. Daar was egter ook wind wat die liggaam van buite kon binnedring en dieselfde siektetoestande kon veroorsaak.

Vroue sou na 'n bevalling, en agterblywende verwante (manlik en vroulik) sou na 'n sterfgeval, besonder kwesbaar gewees het vir winde wat die liggaam van buite kon binnedring. Dit het gewoonlik na die kop getrek en die oorsaak geword van die verlies van verstand. Dit was 'n gevreesde toestand en volgens informante sou vroue makliker deurmekaar geraak het as mans.

By geboorteskenking was die baarmoeder maklik aangetas deur koue, skok, ergerlikheid en hongerte wat dan die baarmoeder se eie winde geaktiveer het. Hierbenewens kon winde van buite makliker binnekom indien die vrou se kruis- en ysbene nie behoorlik gesluit het nie. In al die gevalle kon die wind in die kop gaan en die vrou deurmekaar raak. Na 'n sterfgeval kon die winde in die baarmoeder deur dieselfde faktore geaktiveer word. Hieruit blyk dus dat vroue besonder vatbaar was vir siekte wat met winde verbind is. Spesiale voorsorg is dus aan die dag gelê om dit te verhoed.

Geaktiveerde winde in die liggaam kon tot stuipe aanleiding gee. Stuipe is ook kindersiek genoem omdat, hoewel volwassenes dit ook kon kry, dit veral in die kinder stadium voorkom. Die benaming kindersiek is moontlik gebruik omdat geglo is dat indien die siekte op die regte naam (stuipe) genoem word, dit 'n aanvang sou neem. Indien 'n kind maklik skrik, sou dit 'n teken wees van 'n geneigdheid tot stuipe. 'n Kind wat stuipe kry se rug en maag sou saamtrek sodat dit die kind agteroor trek. Die pasiënt sou lam voel in die litte en die litte sou 'uitmekaar voel'. As gevolg hiervan sou dit maklik in //âudas kon oorgaan.

2.4 Die behandeling van hierdie siektes

Siektetoestande as gevolg van invloede wat die liggaam van buite binnedring, is deur middel van verskillende uitwerpingsaksies behandel.

2.4.1 Uitwerping deur bloedlaat

Daar is eerstens van bloedlaat gebruik gemaak. Dit is veral op die bene gedoen, byvoorbeeld wanneer 'n persoon kanker gehad het. Hierbenewens is dit gedoen om die nadeel van kwaadwillige benadeling (die 'kwaad') uit die bloed te verwyder. Een informant meld dat dit gedoen is om die gif uit die steekplek van 'n skerpioen of pikplek van 'n slang te kry. Volgens een informant is die steek- of pikplek eers weerskante met 'n riempie afgebind en is die snytjie nie in die steekplek nie, maar langsaan gemaak sodat die gif nie sou versprei as daarin gesny word nie. Sy meld verder dat bomeester (vgl. IV:4.1) in die snytjies geplaas is om die gif 'uit te werk'.

Die pasiënt moes voor bloedlaat eers heen en weer stap sodat die bloed kon warm word. 'n Persoon kon die behandeling self uitvoer of 'n ander persoon soos 'n kruiedokter kon dit doen. Daar is met 'n stukkie kwarts of met 'n skerp mes op die are gekap totdat die bloed uitloop. Veral kragdokters het soms van 'n horing gebruik gemaak om die bloed uit te suig. Die bloed wat uitgeloop het, moes begrawe word sodat kwaadwilliges dit nie kon benut nie.

Die sere van vuilsiek pasiënte is oopgesny sodat die vullis sou dreineer waarna dit met water en die as van die asbos gewas is.

2.4.2 Uitwerping deur teruggawe

Indien 'n vrou geval het terwyl sy swanger was, of geval het terwyl sy 'n kind ge-abba het, of indien die kind self van 'n hoogte soos 'n bed geval het, kon die kind se derms afsak en hy of sy daarvan diarree kry. Twee probleme is dus ter sprake: Eerstens kon die val veroorsaak dat die kind se liggaamsdele skuif. Tweedens kon die kontak met die grond 'n negatiewe uitwerking hê. Die eerste is deur massering reggestel en die tweede deur die !hũ//haru-tonnelbehandeling.

Die twee kai taradi wat by die tonnelbehandeling as voorgangers opgetree het, moes 'n tonnel ongeveer 50 cm onder die oppervlakte grawe waardeur die kind getrek kon word. Hulle moes dit na sonder doen en die kind voor sonop deurtrek. Dit moes in die donker gedoen word sodat ongewenste persone, soos ongesondes of kwaadwilliges, nie sou sien waar die behandeling gedoen word en die plek dus benadeel kon word nie. Ongesondes en kwaadwilliges sou die terrein kon benadeel deur oor die plek te loop en hul skaduwees daaroor te laat val. Ook die voorgangers se skaduwees, veral die oggendskaduwees moes nie op die tonnel val nie anders sou die behandeling nie help nie. Een informant verduidelik dat die pasiënt die 'eerste ontvanger' moes wees.

Nadat die tonnel gegrawe is, het die een vrou die kind op die maag in die tonnel geplaas en die ander het hom daardeur deurtrek. Terselfdertyd is die brug van die tonnel op die kind se kruis afgeslaan. 'n Bietjie van hierdie grond van die brug is bewaar. Die een kai taras hardloop dan sonder omkyk van die tonnel huis toe met die kind. Die ander kai taras gryp die grond en hardloop ook sonder omkyk agterna. Die siekte sou nou agter lê en indien omgekyk word, word na die siekte omgekyk en sou die diarree nie staak nie. Vandat die vroue die oggend opgestaan het en tydens die hele behandeling tot hul die huis bereik, moes hul nie praat nie.

Die grond is in 'n sakkie geplaas wat met 'n bandjie om die kind se middel vasgemaak is en op die kruis gehang het. Soms is 'n tweede sakkie ook voor gedra, skynbaar omdat dit van die kruis en maag 'na die derms toe werk'. Die kind moes die sakkie dra tot hy genees is waarna dit begrawe is sodat ongewenste persone die kind nie daarmee kon benadeel nie. 'n Meer resente gebruik is om 'n kind wat van die bed geval het onderdeur die bed in stede van 'n tunnel te trek.

Die verklaring vir die !hū//haru-behandeling sou wees dat die kind op die grond geval het en dat daarom net die grond die kind kon help en dat die siekte sodoende onder die grond begrawe moes word. Die afleiding kan gemaak word dat die siekte-toestand teruggegee is aan die grond.

Na die behandeling moes vee oor die plek waar die tunnel was, gejaag word om die spore van die betrokkenes en die tekens van die tunnel uit te wis. Dit is gedoen sodat ongewenste persone nie in aanraking hiermee kom en die gesondheid van die pasiënt benadeel nie.

Om 'n steekplek van 'n skerpioen te behandel is die lewelose liggaam van die skerpioen teen die plek gedruk. Die beginsel waarvolgens die behandeling werk, is dat die skerpioenliggaam die gif terugtrek van waar dit gekom het.

2.4.3 Uitwerping deur massering

Smeerdery of massering was 'n besonder belangrike behandelingswyse en is deur mans en vroue beoefen, hoewel die smeerders vandag meestal vroue is. 'n Smeerder kon ook iemand van die teenoorgestelde geslag 'smeer', en moes oor kennis van smeerdery beskik. Enige persoon met gesonde hande wat in massering belangstel, kon die kuns by 'n smeerder aanleer deur sulke masserings by te woon. In baie gevalle het 'n kind die tegniek sodoende by 'n ouer geleer. Indien die smeerder se hande ongesond is, sou die pasiënt nie gesond raak nie. Daar is ook daarop gelet dat dit nie 'n persoon met kwade bedoelings sou wees nie. Wanneer 'n smeerder ouer word, kon sy of haar hande minder gesond raak omdat die persoon van alle siekes se siektes

wat hy of sy moes 'smeer', iets sou oorhou. Tog was die beste smeerders ouer persone aangesien hulle die meeste ondervinding van massering gehad het.

Wanneer 'n persoon deurmekaar is, is gepoog om die wind uit sy kop te verwyder deur die pasiënt te masseer. Dit is gedoen sodat die 'winde sou afkom'. Pyn kon deur 'n wind veroorsaak word wat dan 'bymekaar en uit', 'losgesmeer', of net 'uitgesmeer' moes word sodat dit uitgelaat kon word. 'n Wind in die longe kon veroorsaak dat die persoon hoës en moes dan 'losgesmeer' word. Hierbenewens is persone vir stuipe masseer, wat waarskynlik ook deur winde veroorsaak is, wat dan 'los en uitmekaar' masseer moes word, deur oor die litte te masseer. Wanneer 'n persoon kwaadwillig benadeel is, moes die 'kwaad' bymekaar en dan uitmasseer word.

2.4.4 Uitwerping deur gebruik van natuurmedisyne

Daar is van medisyne gebruik gemaak om nadeel deur kwaadwillige benadeling, asook die werking van vuil bloed, winde en stuipe te verwyder.

Khamagu (in Namakwaland en Noord-Kaap na verwys as kamestegu), !qūxa, dassie-urine, klipsweet en Engelandbos en /nunu is gedrink om die bloed 'skoon te maak' en menstruele vloei aan te bring, aangesien dieselfde beginsel in beide gevalle geld, naamlik die uitwerk van die vuil bloed. By 'n vrou is die vuiligheid dan tydens menstruasie uitgeskei en by 'n man tydens urinering en geslagsomgang. Benewens bogenoemde middele is wildepampoenwortel deur 'n man gedrink indien hy met 'n menstruerende vrou geslagsomgang gehad het, waarskynlik omdat die uitwerking van dié besondere medisyne as besonder kragtig beskou is. Rooibos (/apa-i) wat in verband met die stimulering van menstruasie vermeld word, is die enigste medisyne in hierdie verband waarby analogie, naamlik die rooi kleur van die bos, 'n rol kon speel. Hierbenewens is khamagu of /nunu met vet gemeng en aan seer oë gesmeer om die vuiligheid uit te trek.

Medisyne soos khamagu, dassie-urine en !gūxa sou die bloed 'beter laat werk' en dus die vloei stimuleer omdat dit die bloed sou skoon maak. Medisyne soos khamagu, !gūxa, auhai (bitterbos), almal met 'n bitter smaak, is as besonder goeie medisyne beskou, volgens een informant omdat dit kragtiger sou wees en dus enige negatiewe toestand van die bloed sou verander.

Vir winde, en dus ook stuipe, is khamagu, dassie-urine, bomeester of klipsweet gedrink. Hierbenewens is die niertjie van die //āe-jakkals, gemaalde volstruiseierdop en ystervark-pensmis ook gebruik. Dit is gebruik om die winde los te kry. Indien khamagu met die vet gemeng word waarmee persone masseer word om winde uit te 'smeer', sou die behandeling besonder suksesvol wees.

Khamagu, !gūxa, Engelandbos, /nunu, rooibos en die bitterbos is almal van plantaardige oorsprong, terwyl klipsweet en bomeester gesteentes is, en die res van dierlike oorsprong. Die informante het dikwels na die 'krag' van hierdie medisyne verwys. Dit moet dus aanvaar word dat hier, benewens die medisinale waarde waaroor die medisyne waarskynlik beskik, na inherente kragkomponente wat dié items uit die natuur besit, verwys is. Daar is so 'n kragkomponent by en in baie natuurelemente teenwoordig.

2.4.5 Gebruik van menskrag vir behandeling en immunisering

Indien 'n persoon //āudas, kanker, vuilsiek of die 'afsaksiekte' gehad het en daarvan genees is, sou hy of sy immuniteit teen die siekte verkry, en kon so 'n persoon dus gebruik word om mense teen hierdie siektes te immuniseer of om //āudas-, kanker en vuilsieklyers te versorg. So 'n geneesde persoon se spoeg, sweet of liggaamsvullis kon gebruik word om 'n lyer van hierdie siektes te genees, of om te verhoed dat 'n ander persoon die siekte kry. Die spoeg, sweet of liggaamsvullis is aangesmeer of ingesny. Dit kon dus in behandeling of voorkoming aangewend word.

Die helper moes gedurende die volle behandeling nie praat nie. Sy het gewoonlik reeds die vorige aand gekom en by die pasiënt geslaap sodat sy die pasiënt vroeg die volgende oggend kon handel. Sy het sonder om te praat opgestaan, haar mond uitgespoel, in haar hande geblaas, daarop gespoeg en dan op die probleem-area gedruk. Slegs een informant kon 'n verklaring gee vir die feit dat die behandeling vroeg in die oggend moes geskied en dat die helper nie mag gepraat het nie. Volgens haar moes die vroegoggendse spoeg gebruik word omdat die helper nog geen 'sig' of krag deur praterij uit die mond verloor het nie.

3. VERSKUIFDE LIGGAAMSDELE

Emosionele faktore soos ergerlikheid, hartseer en skok kon tot gevolg hê dat liggaamsdele skuif en 'n persoon dus pyn verduur en selfs sterf. Die hart sou geskuif het as gevolg van skok, ergerlikheid en hartseer, of omdat die maag-aar waarmee dit verbind was, geskuif het. Die hart kon dan byvoorbeeld afskuif of tot selfs agter die blad skuif. Die maag-aar kon skuif as gevolg van hartseer, omdat die hart geskuif het en die maag-aar daaraan verbind is, of indien 'n persoon baie kwaad word.

Liggaamsdele kon ook skuif wanneer 'n persoon val (vgl. IV:2.4.2). Indien 'n persoon te hard sou val, kon dit veroorsaak dat die lewer skuif of derms afsak. As 'n te swaar gewig opgetel word, kon die lewer en rugspiere skuif. Indien 'n kind omhoog gegooi word, 'n persoon bo die kop werk of van 'n hoogte afspring, kon ook dit daartoe bydra dat die lewer 'val'. Braeking en oormatige gehoes kon veroorsaak dat die maag-aar en maag skuif.

Die derms kon, indien dit te veel winde ingehad het, opskuif ('klim') en tot gevolg hê dat die persoon braak, of dit kon 'val' met diarree tot gevolg.

Die derms van 'n persoon kon skuif (afsak) vanweë vuil bloed. Indien 'n persoon dus aan die 'afsaksiekte' ly (vgl. IV:2.2) moes die verskuifde liggaamsdele sowel as die toestand van vuil bloed aandag geniet.

3.1 Behandeling van die verskuifde liggaamsdele

Vir die behandeling van geskuifde liggaamsdele is van massering gebruik gemaak. Hierdie behandelingswyse is vir 'n verskeidenheid van probleme gebruik. In sommige gevalle, soos die behandeling van //âudas, is van smeerbewegings gebruik gemaak, terwyl drukbewegings gebruik is om byvoorbeeld die lewer, maag-aar en hart in posisie te druk. Die hande is warm gemaak en in uitgebraaide skaapvet gedruk voordat begin is met die massering.

'n Verskuifde hart en maag-aar moes nie in posisie masseer word nie, maar met lou hande daarheen gedruk word. Indien die hart afgeskuif het, kon 'n bok of skaap geslag word, die kloppende hart vinnig uitgehaal en onder die pasiënt se hart vasgemaak word sodat dit laasgenoemde in posisie sou 'skop'. 'n Swart doek kon na beide laasgenoemde metodes onder die hart omgebind word om dit in posisie te hou.

Ewe-eens moes 'n verskuifde lewer in posisie gedruk en nie masseer word nie aangesien die lewer uit bloed sou bestaan. 'n Swart doek is dan soms onder om die lewer gebind om dit in posisie te hou.

'n Kind wat van 'n bed geval het en 'n persoon wat aan die 'afsaksiekte' ly, is masseer om hul derms weer in posisie te kry. Vir die behandeling van die 'afsaksiekte' kon die pasiënt onderstebo hang of met die bene omhoog lê. Die afgesakte derms is dan in posisie masseer, die persoon is medisyne gegee om die vuil bloed uit te werk, en kon die !gao#gom-behandeling ontvang (vgl. III:10.2) sodat die derms na die oorspronklike posisie sou terugkeer.

'n Pasiënt wat aan //âudas ly se litte is deur massering weer teen mekaar gedruk. Dit is van die kop en oor die nek en rugwerwels gedoen deur 'n persoon wat reeds //âudas gehad het en daarvan genees is.

4. BELEMMERING VAN DIE KRAGKOMPONENT IN DIE BLOED

Te min voedsel en verkeerde voedsel het tot swak bloed en siek-likheid aanleiding gegee (vgl. III:1.1).

Koue vat kon nadelig wees vir mans en vroue, maar vroue sou ten opsigte hiervan fyngevoeliger wees. Koue sou die bloed koud maak sodat klonte gevorm word en/of dit nie goed sou sirkuleer nie. Sirkulasie van die bloed sou noodsaaklik wees vir lewe.

Sommige liggaamsdele sou meer vatbaar wees vir koue. Mense vat makliker koue tussen die blaaië. Dit kon 'n wind in die kop veroorsaak. Koue op die kruis en meer bepaald die niere kon die baarmoeder en lewensare bereik, veroorsaak dat 'n vrou se menstruasie wegslaan, sy pyn tydens menstruasie en geboorte-skenking en swangerskap ondervind, of kon 'n miskraam tot gevolg hê.

Koue skyn dus vir vroue gevaar in te hou ten opsigte van hul verstandelike vermoë en ten opsigte van voortplanting. Hierbenewens sou medisinale middels nie goed werk in koue bloed nie.

Dit wil voorkom of geglo is dat persone tydens alle siektetoestande, kragverlies ondervind, aangesien kragmedisyne altyd gepaardgaande met enige ander behandeling toegedien is. Volgens Khoekhoe-siening werk alle medisyne in die bloed. Daar is na 'n toestand van besondere kragloosheid verwys as 'n toestand van 'winddroogheid'. Vandag word hierna as tering verwys.

4.1 Behandeling van die bloed

Die bloed kon versterk word deur die lewer van die //āe-jak-kals, erdvarkmis en slangneus, 'n plantaardige medisyne. Dié deel van 'n gewone doringboom se bas wat net onder die buitenste bas is en rooi van kleur is, kon ook gemaal, getrek en gedrink word, of andersins kon rooibos (/apa-i) gedrink word. Laasgenoemdes se uitwerking is oënskynlik as gevolg van die analogie verbonde aan die rooi kleur. Hierbenewens is khamagu en dassie-urine genoem, waarskynlik omdat dit die vuil bloed uitwerk wat tot swakheid kan lei.

Persone is ook vir beter bloedsirkulasie masseer sodat medisyne wat ingeneem is ten beste sou werk. Persone wat die !gao#gom-behandeling ontvang, is byvoorbeeld masseer sodat die bloed warm en lewendig sou wees en die medisyne beter daarin sou werk. Hierbenewens is persone ingesmeer met medisyne soos /nunu en gemaalde volstruiseierdop sodat die persoon sou sweet en die bloed koel maak.

Bomeester, 'n vaal gesteente, verdien as gevolg van die waarde vir die Khoekhoen besondere aandag. Bomeester (so genoem omdat dit as die 'boonste' of belangrikste medisyne beskou is), ook na verwys as klipsout, sou besonder goed 'in die are werk' en sou die bloed lei om net so lewendig te wees. Dit is ingesny tydens behandeling van die 'afsaksiekte' en ter voorkoming daarvan omdat dit die bloed lewendiger sou maak en verskillende persone se bloed beter sou laat saamwerk. Hierbenewens trek dit die bloed uit die snytjies wanneer 'n pasiënt ingesny is en veroorsaak dus dat twee soorte bloed makliker meng. Dit sou ook help teen winderigheid en stuipe. Dit is ingesny vir iemand wie se lewer 'geval' het. Snytjies is in die maagvel onder die lewer gemaak en bomeester is daarin geplaas.

Die kragmedisyne kon dus van dierlike sowel as plantaardige oorsprong wees, of kon 'n gesteente wees. Hierbenewens kon, soos vroeër aangedui is (vgl. IV:2.4.5), ook van menskrag gebruik gemaak word.

5. VERSEKERING VAN SUKSES IN BEHANDELINGS

'n Persoon wat die laaste kind van 'n gesin was, dit wil sê wat die jongste was, is dikwels gebruik om 'n verskeidenheid sieketoestande te behandel, byvoorbeeld om 'n sieke te masseer, en om as voorganger by 'n //âudas-lyer op te tree. Na die behandeling het die versorger, met die vinger in die mond geklap en 'geluk' gesê. Die versorger kon ook wanneer hy of sy die vinger met spoeg uit die mond haal, dit op die voorkop of op die maag van die persoon druk. Die laaste kind sou soos hy sy moeder se vermoë om kinders te kry, afgesluit het ook die einde van die siekte kon bewerk.

Alle versorgers van siekes moes gelukkige persone met gesonde hande wees sodat ongeluk en ongesondheid nie aan die kwesbare pasiënt oorgedra sal word nie.

6. OPVATTINGE IN VERBAND MET BEHANDELINGS

By die insameling van plantmedisyne moes 'n persoon bedag wees daarop dat die skaduwee van 'n mens nie op die medisynebos waarvan die wortel gebruik sou word, geval het nie. Dit sluit die gebruiker se skaduwee in sowel as enige ander persone s'n. Daarom moes 'n bos wat langs 'n voetpad staan, nie gebruik word nie. Volgens een informant moes selfs 'n gelukkige persoon se skaduwee nie op die medisynebos val nie. Indien iemand se skaduwee op die bos geval het, sou die medisyne nie help nie. Dit sou die bos 'ongelukkig' maak. Volgens een informant sou die bos selfs verlep raak en doodgaan.

Dit wil voorkom of die rede vir die voorsorg nie vrees vir kwaadwillige handeling, ongelukkigheid of ongesondheid was nie, maar vrees dat die kraginvloed in die skaduwee van 'n mens deur bonatuurlike werking kragvermindering tot gevolg kon hê. Dit bevestig die gedagte dat die mens oor 'n kragkomponent en kragveld beskik wat sterker sou wees as dié van entiteite soos plante. Waarskynlik is dan geglo dat elke keer as 'n skaduwee op 'n plant val dit kragvermindering kon ondervind.

Dieselfde beginsel, naamlik dat die kragwerking uit die natuur net die eerste keer met volle krag of die hoogste kraglewering geskied, is vermoedelik van toepassing by die tunnelbehandeling, dit wil sê die grond, vir die !hū//haru-behandeling (vgl. IV:2.4.2). Anna Velskoen het in hierdie geval verduidelik dat die pasiënt die 'eerste ontvanger' moes wees.

'n Medisynebos waarvan die wortels gebruik sou word, moes 'betaal' word, dit wil sê iets van die persoon wat van die wortels uithaal, byvoorbeeld 'n knoop, moes begrawe word waar die worteldeel uitgehaal is. Indien dit nie gedoen word nie, sou die medisyne nie werk nie. Volgens twee informante is dit gedoen sodat die bos en die persoon kon 'saamwerk'. Volgens die informante is hiermee nie assosiëring bedoel nie, maar het die

persoon hierdeur aan die bos getoon dat hy in die waarde van die medisyne glo. Ander persone wat weer by die eienaar van die medisyne daarvan kry, moes op hul beurt weer vir laasgenoemde ook met iets kleins betaal. Andersins sou die medisyne nie vir die nuwe eienaar help nie.

Gedurende sekere behandelings soos van 'n kind wat geval het, asook //âudas moes die voorganger nie praat vandat hy of sy die oggend opgestaan het tot na die behandeling nie. Anders sou die persoon nie gesond word nie. Oor die algemeen kon die informante nie hierdie gewoonte verklaar nie. Volgens een informant, egter, moes nie gepraat word nie sodat die helper nie deur praat krag sou verloor nie.

Met die !hū//haru-behandeling moes die voorgangers en pasiënt nie terugkyk na die tunnel nie, dit wil sê na die plek waar die siekte agter gebly het. Andersins sou die diarree nie staak nie. Dit is gedoen omdat geglo is dat die geluk voor lê.

Persone moes verder nooit dankie sê as hul medisyne ontvang het nie, aangesien dit dan nie sou help nie.

Dit was as besonder belangrik beskou dat die bloed van 'n pasiënt wat medisyne gebruik nie koud moes wees nie, maar warm. Hoewel informante die term 'warm' gebruik het vir normale bloedhitte sowel as vir vurigheid, heg hulle baie duidelik twee verskillende betekenisse aan die begrip warm. Indien die bloed van 'n persoon egter koud is, sou enige medisyne wat hy of sy per mond inneem, of wat ingesny word, nie effektief werk nie. Daarom is 'n pasiënt dikwels eers masseer of 'n warm pas-afgeslagte vel omgesit. Dit sou die bloed warm en 'lewendig' maak. Hierbenewens sou goed sirkulerende bloed aandui dat die persoon 'die lewe in hom het'.

7. GEVOLGTREKKINGE

Dit is duidelik dat volgens die Khoekhoe-siening oor gesondheidsbevordering die verskillende kategorieë siektes onderskeibare behandelingswyses vereis het.

Twee kategorieë siektes is onderskeibaar. Eerstens is daar siektes wat deur invloede van buite soos kwaadwillige benadeling, vuil bloed en natuurkragte veroorsaak word. Persone wat aan siektes ly wat uit vuil bloed spruit, het vroeër spesiale aandag ontvang. Hulle is onder andere afgesonder en met menskrag behandel. Dit wil voorkom of hierdie die siektes kan wees waarna Hoernlé (1918:77-79) as 'die dood' verwys. Hoernlé se siening mag steun verleen aan die afleiding dat vuil bloed die gevolg van kontak met die dood is (vgl. III:1.1, 10.7). Siektes veroorsaak deur invloede wat van buite af die liggaam binnegedring het, is deur verskillende metodes van uitwerping behandel (vgl. IV:2). Hieronder is massering in die huidige tyd die belangrikste. Dit is egter duidelik dat medisynes in 'n vroeër fase, toe kragdokters nog algemeen gepraktiseer het, meer geredelik beskikbaar was en gebruik is.

Tweedens sou verskeie faktore daartoe bydra dat liggaamsdele binne die mens van posisie verander. Hierdie toestand is gereguleer deur die liggaamsdele na hul oorspronklike posisies terug te masseer of terug te druk (vgl. IV:3). Dit gaan hier egter nie net om die fisiologiese effek van die masseringsaksie nie maar juis om die kragwerking van mens op mens.

Hierbenewens het faktore soos 'n verkeerde voeding en koue die kragkomponent en lewendigheid van die mens se bloed benadeel en het alle siektetoestande met verlies aan krag gepaard gegaan. Kragtige voedsel, massering en kragtige natuurmedisyne is dus aangewend om die kragvlak van die bloed te herstel (vgl. IV:4).

Die inligting oor gesondheidsbevordering by die Khoekhoen verskaf waardevolle gegewens oor kragkomponente in die natuur soos die kragkomponente in plante, diere en die grond, asook oor die plek wat hierdie entiteite in die kraghiërargie inneem teenoor die mens (vgl. IV:2.4.4, 4.1, 6).

Dit is uit die gegewens duidelik dat ten minste die natuurmiddels wat as medisynes gebruik is oor 'n eie kragvermoë beskik het. 'n Mens sou by uitbreiding kon beweer dat alle natuurverskynsels oor 'n sterker of swakker kragvermoë beskik het. Hierdie kragdraers in die natuur sluit nie net plante en diere

in nie maar ook die aarde (in die algemeen), en besondere gesteentes soos byvoorbeeld bomeester. Die algemene indruk is dat die mens se eie kragveld normaalweg sterker is as dié van die natuur en dat hy ten minste 'n versteurende effek in die kragverbande in die natuur veroorsaak. Die afleidinge spruit uit die effek wat slegs maar die mens se skaduwee op natuurplante (medisynes) kon hê.

Die studie oor die gesondheidsbevordering bied dus insig in die mens as kragentiteit, die ossilerende aard van die menslike krag, en die plek van die mens bo bepaalde natuurentiteite in die kraghiërargie (vgl. IV:6). Dit blyk verder dat volgens Khoekhoe-oordeel enige bykomende negatiewe of positiewe toestand, soos die ongeneesde of geneesde toestand van 'n siekte waaraan 'n persoon ly of gely het, ook 'n deel van die mens se kragveld uitmaak (vgl. IV:2.4.5).

HOOFSTUK V

DIE WÊRELD BESKOUING VAN DIE KHOEKHOEN1. INLEIDING

Kearney (1984:106) onderskei die beskouinge oor die Self en die Ander as die ruggraat van 'n wêreldbeskouing. Die Ander sluit die sosiale verband en die natuurverband in. In die natuurverband neem die bonatuurlike dan plek in as deel van 'n vae onbekende. Ander universalia wat uit die teenwoordigheid van die Self en die Ander spruit, is die Verband tussen Self en Ander asook ten opsigte van Klassifikasie. Die Verband is dan die gevolg van 'n begrip van oorsaaklikheid wat in die verduideliking van oorsake die universalia van tydsverloop en ruimte in ag neem.

Kearney se uiteensetting kan as 'n derde vlak abstraksie oor wêreldbeskoulike in die algemeen beskou word, as die tweede vlak die navorser se afleidinge by een volk is en die eerste vlak die navorser se aanbieding van die feite (soos hy dit verstaan het en soos die informante dit aangebied het) is.

Dit is moeilik om die samehang van die onderdele wat Kearney uitlig by die informante by enige enkele volk as 'n samehangende sisteem terug te vind omdat baie min volke die samehang van Kearney se sisteem in hulle eie denke weerspieël. Die onderdele wat hy in die geheel onderskei, is egter wel as universele kenmerke aanduibaar en kan daarom as 'n afleiding deur die navorser uit die gegewens opgebou word.

'n Nuttiger weergawe vir navraag na die samehang tussen die dele van een wêreldbeskouing word gevind in die gedagtes van Hammond-Tooke (1974:318) wat eerstens 'n samehangende sisteem van 'beliefs' soek. Hierdie 'beliefs' is nie geloofsoortuiginge, dit wil sê godsdienste, nie maar die besinning oor die aard, samehang en onderdele van die heelal by sy teikengroep. In hierdie aanduiding is sy gedagtes versoenbaar met 'n ondersoek na die bevrediging by die teikengroep van die sogenaamde integratiewe behoefte wat Malinowski onderskei het (vgl. Firth 1957:37) : 'To the sphere of integrative imperatives, then, be-

long the phenomena subsumed under such terms as tradition , normative standards and values, religion, art and ceremonial, as well as language and other forms of symbolism'. By hierdie reeks kan besinning oor die aard en samehang van die kosmos met reg ook gevoeg word. Dit gaan dus vir Hammond-Tooke oor 'n ondersoek na die samehang wat die teikengroep self in die heelal en sy dele onderskei.

By so 'n samehang van opvattinge kom die geheelsiening asook die samehang tussen die Self, die Natuur en ook die Bonatuurlike outomaties aan die orde. So 'n sisteem verduidelik dan ook heel logies die inheemse opvattinge oor tyd, ruimte en oorsaaklikheid.

Tweedens onderskei Hammond-Tooke wêreldbeskouing as 'n sisteem van handeling wat uit die bogenoemde sisteem van simbolisme spruit. 'n Studie van die handeling van informante lei dan tot navraag na en begrip van die sisteem van opvattinge oor die Heelal. Daar is dus in Hammond-Tooke se benadering en metode sprake van sowel waarneming van handeling as navraag na die sin en betekenis van die handeling en die teoretiese agtergrond vir die handeling.

Dit is in Hoofstuk I aangedui (I:1) dat dit die oogmerk is om 'n sinvolle weergawe van die wêreldbeskouing van die Khoekhoen te gee vanuit die waarneming van die optrede van informante en ondervraging oor hulle beskouing oor die terrein van die wêreldbeskoulike as 'n besondere kultuurfaset. Dit is ook in die stellingname erken dat die wêreldbeskoulike met elke ander kultuurfaset skakel.

Die bestudering van die tradisionele Khoekhoe-lewenswyse in ongerepte vorm is vanweë omvangryke verwestersing nie meer moontlik nie. In Hoofstuk I:3 is aangedui dat die oorspronklike politieke struktuur en semi-nomadiese bedryfslewe totaal verdwyn het. Daar is dus bewustelik op drie belowende kultuurfasette gekonsentreer. Die religie is bestudeer om die tradisionele samehang tussen die mens en die bonatuurlike te probeer peil. Die sosiale organisasie is nagegaan om in die gang van die lewensloop van die individu die verhouding tussen mens en mede-

mens te ondersoek. Dit spreek vanself dat die houding teenoor die bonatuurlike en die natuur ook, binne verband, aandag gekry het. Laastens is die gesondheidsbeskouinge ondersoek waar die aandag onder andere op die benutting van natuurkomponente toegespits is. In hierdie opsig moes staatgemaak word op die kennis van leke omdat dit nie moontlik was om praktiserende kragdokters te ondervra nie.

2. DIE SAMEHANG IN DIE HEELAL

Wanneer die Khoekhoe-siening van die verband en samehang in die totale skepping beskou word is dit duidelik dat die aard van alle entiteite en die samehang tussen alle entiteite deur bonatuurlike kragvermoë en kragvelde wat op mekaar inwerk bepaal word. Die Khoekhoen het dus 'n beskouing van 'n kragbelaaide heelal wat in 'n hiërargie van krag georden is. 'n Hoër en 'n aardse orde kan daarom in die Khoekhoe-wêreldbeskouing onderskei word.

2.1 Die hoër orde

Die hoër orde het slegs manlike figure, naamlik Tsui//Goab en sy antitese //Gâunab, asook Haitsi Aibeb ingesluit. Die ooste- of sonopkant wat as die pragtige hemel of rooi lug beskryf is, is as die woonplek van Tsui//Goab beskou, terwyl die weste- of sononderkant, as die donker of swart hemel beskryf is, en as die woonplek van //Gâunab aangedui is. Aan die ooste- en westekant is, vanweë die teenstellende geaardhede van die twee gode, onderskeidelik 'n konnotasie van geluk en ongeluk geheg. Hierbenewens is die woonplek van Tsui//Goab ook as êrens bo aangedui (vgl. II:1.1) en ontvang hy die siel van die mens na die dood by die Grootwerf (vgl. II:1.2.1).

Haitsi Aibeb is blykbaar nie as 'n godheid van dieselfde prominensie as Tsui//Goab en //Gâunab beskou nie. Geen skeppingshandeling is aan hom toegeskryf nie en dit wil voorkom of daar nie seremonies in groepsverband in verband met hom uitgevoer is nie. Hy is wel deur individue by sy graftes vir hulp in die jag- en versamelaksie genader (vgl. II:1.1).

Die Khoekhoen het, in die onlangse verlede altans, vir Tsui//Goab as die belangrikste van die drie gode beskou. Hy was die skepper van die aarde en die mens, en was die eerste Khoekhoe waaruit die ander Khoekhoen ontstaan het. Hy laat die son opkom en is die gewer van reën waarvan die mens en plante vir hulle bestaan afhanklik is. Dit wil dus voorkom of goedwillige vermoë in die natuur met hom verband het. Hy was 'n vername stamhoof en kragdokter van die Khoekhoen wat die toekoms kon voorspel. Hierbenewens is gesondheid en genesing van siektes aan hom toegeskryf. Hy het die dood oorwin, want hy het verskeie kere gesterf en herleef. Hy is deur die mense eerbiedig en seremonies is in verband met hom uitgevoer. Daar is ten minste spore van dienshandeling teenwoordig in die reënseremonie wat in verband met hom uitgevoer is. Die mens was afhanklik van hom en het hulself as nietig voor hom ervaar (vgl. II:1.1).

//Gâunab is, ten minste in die meer onlangse geskiedenis van die Khoekhoen, as 'n antitese van Tsui//Goab voorgestel. In teenstelling met Tsui//Goab is hy vir siektes en die dood verantwoordelik. Daarom hou entiteite soos slegte voorbodes, bose warrelwinde en geeste, toornaars en waarskynlik ook die Groot-slange (vgl. II:1.1, 1.3.7), wat primêr negatief teenoor die mens ingestel is, met //Gâunab verband. Daar is, sover vasgestel kon word, nooit enige dienshandelinge of ander verering van //Gâunab deur mense uitgevoer nie. Daar was egter, soos later aangedui sal word, afweerhandelinge uitgevoer om die invloed van //Gâunab, en die negatiewe invloede in die natuur en vanaf mense te neutraliseer.

2.2 Die aardse orde

Die aardse orde omsluit die natuur en die mens en binne die orde werk daar net swakker kragte as dié van Tsui//Goab en //Gâunab.

Binne die natuur is dit nie duidelik of entiteite soos die weerlig (vgl. II:1.1), en die Groot-slange (vgl. II:1.3.7), as groot kragte in die natuur geklassifiseer moet word en of hulle tot 'n hoër orde behoort nie. Die weerlig kan deur Tsui//Goab

gestuur word, maar tree ook met 'n eie geneigdheid op en kan daarom met afweerhandelinge afgeweer word. Sóiets is natuurlik nie moontlik ten opsigte van Tsui//Goab nie. Die Grootlange het groot krag. Dit is egter aan hulle woonplekke en hulle leefomgewing, dit wil sê die riviere of die veld, gekoppel. Hulle invloed kan dus vermy word. Ook in dié geval was afweerhandelinge moontlik. Dit is egter onduidelik of soortgelyke afweerhandelinge teen die werkinge van //Gâunab sou help. In soverre moontlik oorspronklik gereken was dat hy die Grootlange gestuur het, kon sy invloed egter wel deur afweerhandelinge tot niet gemaak word.

Daar is in die interaksie tussen mens en die omgewing besondere prominensie verleen aan die vermoë van water. 'n Dualistiese siening is in verband met water gehuldig. Water is enersyds as 'n onontbeerlike lewensmiddel, en andersyds, as 'n krag wat negatief teenoor die mens ingestel sou wees en vernietigend sou optree, beskou. Hierdie beskouinge oor water is in die sieninge oor die Grootlange en Turus uitgebeeld (vgl. II:1.3.7).

Bepaalde diere soos die haas (vgl. II:1.2.2.3.2), maar ook die weerlig (vgl. II:1.1) en die see (vgl. II:2.2.1.4.1) is as natuurkragte gepersonifiseer. Daar kon met hulle gepraat word (vgl. II:1.1, 1.2.2.3.2), of hulle kon 'n rat voor die oë gedraai word (vgl. II:2.2.1.4.1). Hulle vermoë om die natuur te beïnvloed is egter, soos dié van die mens, beperk.

Die alledaagse natuurkomponente soos groente, plante, diere, gesteentes en water het elkeen sy eie kragkomponent bevat. Die opvatting dat plante, diere en gesteentes kragkomponente bevat, blyk veral uit die Khoekhoe-beskouinge oor medisyne (vgl. IV:2.4.4, 4.1). Die kragkomponente van die natuurelemente kon deur kundige mense soos kragdokters en toornaars benut word (vgl. II:2.2.1.1, 2.2.2).

Daar kan verder aanvaar word dat daar 'n balans tussen die kragte in die natuur bestaan het en dat die mens hierdie balans kon verstuur (vgl. II:2.1). Die onderlinge invloed van entiteite in die natuur op mekaar is egter onduidelik. Een besondere kragkomponent in die natuur, naamlik die weerlig, sou sy

krag teen te sterk kragvelde in die natuur wat die kragbalans bedreig, kan inspan. Hiervolgens sou die weerlig op vee, honde, diere wat paar, die Grootlange, rou vleis, bloed, melk, en bepaalde plante slaan. Die rede sou die sterk reuk of kragveld van hierdie entiteite wees wat die kragbalans bedreig (vgl. II:1.1) en die aggressiwiteit van die weerlig lok.

Natuurentiteite wat onnatuurlik optree, het vir die Khoekhoen as 'n bewys gedien van hulle benutting deur 'n bonatuurlike wese of 'n kundige toornaar. Die optrede van die swaarweer is so met Tsui//Goab verbind (vgl. II:1.1), die wind somtyds met //Gâunab (vgl. III:9.3), en die haas met 'n goeie gees (vgl. II:1.2.2.3). Kundiges soos toornaars sou entiteite soos die wind en bepaalde diere soos uile, koggelmanders, ensovoorts as hulle gediensdiges kon stuur (vgl. II:2.2.2.3). Die Khoekhoen se geloof in hierdie diere se moontlike gestuurdheid verseker vandag nog dat daar vir elke slang gevlug word.

Benewens die kragveld om elke entiteit in die natuur het ook elke mens as deel van die hiërargie van kragte in die heelal oor 'n inherente kragkomponent en kragveld beskik (vgl. IV:6). Hierdie kragveld bly voortleef na sy dood en beïnvloed die agterblywende mense (vgl. III:9.14). As mens was hy die enigste wese in die aardse orde wat sy eie krag bewustelik kon aanwend, dit met ander kragvelde in harmonie kon bring (vgl. hieronder), of selfs van die krag van plante en diere tot sy voordeel kon gebruik. Dit beteken dus dat die mens deur sy optrede die balans wat in die natuur bestaan het, kon beïnvloed en dit selfs kon versteur. Die kwaadwillige neiging by sommige mense is deur die Khoekhoen met //Gâunab verbind (vgl. II:2.2.2.6). Die kragkomponent van die mens en die basiese goedwilligheid daaraan verbonde is gekoppel aan Tsui//Goab, die skepper van die mens (vgl. II:1.1). Benewens hierdie inherente neutrale kragkomponent wat alle mense soos die res van die skepsele besit het, kon mense oor die persoonlikheidseienskap van geluk of ongeluk, wat dus positief of negatief kon wees, beskik (vgl. II:2.1.3). Dit moet hier onthou word dat die mens eintlik met die inherente basiese eienskap van geluk geskape is. Slegs enkelinge het, volgens die informante, die inherente eienskap

om ongelukkig gebore te wees. Al die informante was byvoorbeeld gelukkig gebore. Diegene wat ongelukkig gebore is, kon die natuur baie maklik negatief beïnvloed en moes besondere behandeling ondergaan om hulle ongelukkigheid te probeer neutraliseer (vgl. II:2.1.3.2).

Die mens moes hom in nederigheid met die natuur verbind om hom in harmoniese assosiasie met die natuur te bring. Dit was veral na oorgangsfases nodig (vgl. II:2.2.1.4.1). Die mens tree dus aktief handelend teenoor die natuur op. Wanneer hy vanuit die werf die onbekende inbeweeg, moes hy homself teen vreemde natuurinvloede beskerm (vgl. II:2.2.1.4.1).

Hierbenewens is die mens ook as aktief handelend teenoor die geeste voorgestel. Hy moes handelend optree om hul goedgesindheid te behou (vgl. II:1.1; III:9.19). Dit geld hier veral die betuiging van sy afhanklikheid van Tsui//Goab, en sy handhawing van goeie verhoudinge met die geeste van gestorwe verwante. Teenoor negatiewe kragte, soos die Grootlange het die mens afweermiddels gebruik (vgl. II:1.3.1.1.4, 1.3.1.2.4).

Die bestaan van selfwerkende of onpersoonlike bonatuurlik krag in die natuur en ook by mense kan uit die interpretasie van gewens oor die leefwyse van die Khoekhoen veronderstel word. Vanuit die werking van kragvelde teenoor mekaar kan afgelei word dat daar 'n kragbalans bestaan ten opsigte van selfwerkende kragte. 'n Individu sou die omgewing (dit wil sê die natuur en ander mense) in sekere omstandighede negatief kon beïnvloed dit wil sê wanneer sy kragveld te sterk is. Dit gebeur tydens bepaalde toestande, soos gedurende menstruasie, en tydens oorgangstadiums soos met bereiking van puberteit, na die dood van 'n naasbestaande, ensovoorts (vgl. II:2.1.1, 2.1.2). Die mens skyn die enigste entiteit op aarde te wees wat 'n vermeerdering in kragpotensiaal kan toon (vgl. II:2.1.1, 2.1.2; III:1.11) en dus die kragbalans sodoende kon versteur. Die mens kon die versteurde kragbalans herstel deur vermydingshandelinge (vgl. III:2.1.3, 3.3, 6.4, 9.6, 10.5) en deur beskermingshandelinge soos assosiëring (vgl. III:2.1.7.4, 9.15, 10.6.4).

Onpersoonlike bonatuurlike krag wat in natuurelemente setel, was benutbaar deur diegene met kennis. Die positiewe kragkomponente in plante, diere, gesteentes en water kon vir goedwillige doeleindes aangewend word (vgl. II:2.2.1; IV:2.4.4, 4.1). Hierteenoor kon die negatiewe kragkomponente in hierdie entiteite vir kwaadwillige doeleindes gebruik word (vgl. II:2.2.2.3). Die informante het hierdie positiewe en negatiewe entiteite as afsonderlike elemente onderskei. Hulle het egter ook aangedui dat 'n kundige kragdokter sy kennis sowel ten goede as ten kwade kon gebruik. 'n Mens sou dus ook die moontlike verklaring in gedagte moet hou dat die kragentiteite in die natuur primêr neutraal is, maar volgens die opset van die kragdokter en sy kliënt ten goede of ten kwade gerig kan word. Om die gewenste uitwerking te kry, moes die kragdraende medisyne met die teikens in aanraking gebring word. Wanneer die oogmerk goedwillig was, het dit met die instemming van die pasiënt geskied en het hy die medisyne uit eie beweging gedrink of gesnuif, of toegelaat dat hy ingesny word. As die oogmerk kwaadwillig was, was daar nie van samewerking deur die slagoffer sprake nie, en moes die toormedisyne op die slagoffer gerig word deur dit met 'iets' van die slagoffer in aanraking te bring. Liggaamsafval, klere ensovoorts sou geskikte items wees om toorkrag op dié wyse te rig.

3. DIE MENS

Die mens kom in die Khoekhoe-heelalbeskouing as 'n aktiewe dader in die bewaring van harmonie en as benutter van ander kragkomponente na vore. Trouens die individu staan in 'n sekere opsig in die sentrum van die wêreldbeskouing omdat alle ander komponente in wisselwerking met hom en uit sy optredes teenoor hulle kenbaar word.

3.1 Die mens en sy liggaam

Volgens Khoekhoe-siening ontstaan die mens se lewe uit die vereniging van die bloed van 'n man en vrou, en wel uit 'n bepaalde deel van die bloed naamlik die teelvlloeistof van albei (vgl. III:6.1). Die bloed van die vader sou die bron wees van die kind se bepalende fisiese en karaktereienskappe, terwyl die

bloed van die moeder slegs as groeimedium, dit wil sê voedsel vir die nuwe lewe, sou dien (vgl. III:6.1). Aborsie is as moord geag (vgl. III:6.2). Die embrio is dus as 'n lewende wese beskou. Die embrio het geleidelik ontwikkel tot dit op ses of sewe maande swangerskap as 'n mens beskou is (vgl. III:6.2).

Die Khoekhoen het aan die bloed van die mens besondere prominensie verleen. Warmte, maar nie vurigheid nie, in die menslike liggaam en die bloed dui lewe aan (vgl. III:1.1). 'n Sterwende persoon se liggaam koel af (vgl. III:19.3). Samehangend hiermee het al die liggaamsdele, wat as besonder belangrik beskou is, met die bloed verband gehou. Die lewer is as die bron van bloed en lewe beskryf; die teelvloeistof is as deel van die bloed van 'n persoon beskou; die maag-aar, lewens-are en kop-are het as kanale gedien vir die bloed; die kruis, baarmoeder en kop het baie are bevat (vgl. III:1.3, 1.4, 1.5, 1.9, 1.7, 1.6, 5.1).

Die gesondheid van die mens was aan Tsui//Goab te danke (vgl. II:1.1). Die liggaam van die mens is onder bepaalde toestande en tydens sekere stadiums besonder gevoelig vir siektes (vgl. III:3.2, 6.3, 10.4). Die belangrikste negatiewe invloede wat spontaan kan inwerk of gestuur kan wees, en waarteen gewaak moes word, is koue (vgl. III:1.1, 6.1), winde (IV:2.3), en die besmetting van die dood (vgl. III:9.3, 10.3, 10.2).

Geslagsomgang met persone wie se bloed vuil is, kan die toestand van die bloed bedreig (vgl. III:1.1). Natuurlike reiniging geskied egter tydens menstruasie by 'n vrou en tydens geslagsomgang by 'n man (vgl. III:1.1). By staking van menstruasie en geslagskragtigheid word ouer mense se bloed met die toename in jare al vuiler (vgl. III:1.1).

Dit is duidelik dat die Khoekhoen se werklike kennis oor die menslike anatomie en fisiologie vir ons onverstaanbaar en baie karig is. Die funksionering van die liggaam word, soos ook in die geval van die natuur, veral deur die handhawing en bevordering van 'n balans van kragentiteite bepaal.

3.2 Die mens as kragentiteit

Die lewensessensie van die mens is verbonde aan sy bloed en liggaamsvog (II:2.1.4). Elke mens het 'n kragveld wat ook in die skaduwee van die persoon geleë is (vgl. IV:6). Hierdie invloed sfeer waarna deur die Khoekhoen verwys word as sy of haar 'lug', 'sig' en sweet bly in die omgewing waar die persoon geleef het, agter as hy of sy sterf (vgl. III:9.14). Die menslike kragveld word oorgedra op dinge soos die klere, persoonlike gebruiksartikels, voorrade en meubels in die huis waar 'n persoon gewoon het (vgl. III:9.14), asook op die mede-bewoners van die huis (vgl. III:9.13.2, 19.13.1) en op die menslike afval van elke persoon (vgl. II:2.2.2.5).

Die kragkomponent in die mens sou sterker wees as die kragkomponent in sekere plante en die grond (vgl. IV:6). Daarom kon kontak van die mens se kragveld en skaduwee die krag van plante en die grond verminder (vgl. IV:6). Daar moes dus kontak met die oog op harmonie gesoek word (vgl. II:2.2.1.4.1). Assosiëringshandelinge is dus met geboorte en by geleentheid van eerste kontak met 'n entiteit in die natuur uitgevoer (vgl. II:2.2.1.4.1). Hierdie handelinge was ook na tydperke van afwesigheid en na oorgangstadiums in die lewe van die mens noodsaaklik. Die rede waarom die assosiëringshandelinge na elke oorgangstadium herhaal moes word, was die verandering wat die mens by oorgangsfases sou ondergaan en die vermeerdering wat hy of sy dan in kragpotensiaal sou ondervind. Die verkryging van harmonie was dus nie 'n eenmalige handeling nie. Die assosiëringshandelinge beklemtoon die mens se posisie as aktiewe dader in die verkryging en handhawing van harmonie teenoor die kragte.

Bepaalde aangebore persoonsgebonde kwaliteite, wat positief of negatief kan wees, vorm deel van die kragkomponent en kragveld van die mens. Die positiewe kwaliteite was vermoedelik die basiese inherente vermoë soos die vermoë van 'n gelukkige persoon om sukses in sy ekonomiese taak te hê (vgl. III:2.1, 2.1.4, 2.1.6.7), die vermoë in die spoeg en asem van 'n laaste kind (vgl. IV:5) waarmee siekte beëindig kan word, en die vermoë in die sweet, spoeg en kragveld van 'n geneesde persoon

waarmee ander tot hulle voordeel ingesny kon word (vgl. IV:2.4.5). Dit kon ook verkreë vermoëns wees soos die vermoë wat uit die sweet en liggaamsvullis van 'n persoon wat reeds die !gao#gom-behandeling ondergaan het verkry is wanneer hy jou insny (vgl. III:10.3), of die vermoë van die ≠nobos (akkedissoort) wat in die liggaam en kragkomponent van 'n persoon opgeneem is (vgl. II:2.2.1.3). Negatiewe kwaliteite soos inherente ongelukkigheid en ongesondheid (vgl. III:2.1, 2.1.3., 2.1.6.7) of verkreë siektes en kwaadwilligheid (vgl. IV:2.4.5; II:2.2.2.5) kan egter ook deel wees van die kragveld, en dus die bloed, sweet, liggame, skaduwee, ensovoorts van die mens. Soos aangedui is, bestaan daar 'n redelike vermoede dat die mens as gelukkige en gesonde wese geskape is en dat ongelukkigheid, siekte en verlies van 'krag' van buite ontvang word. Hoe dit gebeur weet selfs die Khoekhoen nie baie mooi nie.

'n Persoon sou die meeste krag hê in die oggend wanneer hy net opgestaan het (vgl. IV:2.4.2), maar ervaar algaande gedurende die dag kragverlies (vgl. IV:2.4.2), byvoorbeeld deur te praat. Na die krag wat deur die mond verloor word, word verwys as 'sig' (vgl. IV:2.4.5). Die oggendskaduwee het dus die meeste krag (vgl. II:2.2.2.5; IV:6). Die mens is na 'n oorgangstadium as 'n 'nuwe' mens beskou (vgl. III:2.1.7.3, 9.13.1, 10.6.3) en sou dan oor groter kragpotensiaal beskik het wat enersyds te sterk was vir die omgewing en andersyds kragte in die natuur daarteen laat optree het omdat dit die balans van kragte in die heelal sou bedreig. Hierbenewens sou die mens tydens toestande soos menstruasie en swangerskap vermeerdering in kragpotensiaal toon, en dus die balans van kragte in die heelal bedreig. Die mens sou dus veral by groot konsentrasie van krag bepaalde entiteite in die natuur, soos die veld, kon benadeel of kon veroorsaak dat ander kragte in die natuur soos riviere en die Grootslange daarteen optree. Sulke benadeling kon natuurlik ook deur ongelukkiges veroorsaak word. Diegene met so 'n verhoogde negatiewe potensiaal moes besondere vermydingsbepalings nakom want die benadeling van die natuur het die hele gemeenskap negatief getref.

3.3 Die mens teenoor ander mense

Waar die voorafgaande met inherente en aangebore kwaliteite by die mens gemoeid was, is daar egter by die reëling van verhoudinge met medemense ook sprake van aangeleerde gesindhede en morele riglyne vir die behoorlike optrede teenoor verwante en andere. Daarom moes, byvoorbeeld, 'n kind met respek teenoor sy ouers optree (vgl. III:8.2) en is losbandigheid by volwassenes afgekeur (vgl. III:2.1.3, 9.18).

Gedurende die kinderfase tot die bereiking van puberteit word daar by die Khoekhoen baie min beperkinge aan die opgroeiende individu gestel. Vanaf puberteit, en veral gedurende die oorgang na volwassenheid, is daar gevare waaroor elke individu en veral die dogters voorligting moet ontvang. Die mens kan tydens die oorgangsfase na volwassenheid vanweë 'n verhoogde kragvermoë die natuur benadeel en benadeling van die natuur ontvang. Daar is dus sprake van 'n afsondering en dan heropname tussen mense en herassosiering met die natuur by die aanvang van hierdie nuwe lewe (vgl. III:2.1.4, 2.1.5, 2.1.7.4). 'n Meisie is dus na die puberteitseremonie met verskeie elemente in die natuur soos die water, vee en veldkosplante herverbind deur streepaksies.

Gedurende volwassenheid gaan die beperkinge op die mens voort. Die mens kan, benewens die natuur, nou ook ander mense benadeel vanweë kragkonsentrasies tydens bepaalde toestande soos menstruasies en swangerskappe, na die !gao/gom-behandeling en na geslagsomgang. Hierdie hoër kragkonsentrasies gaan met die aanwesigheid van bloed gepaard (vgl. II:2.1.2). Hierbenewens neem die vermoë van ongelukkiges ook vanaf bereiking van puberteit toe (vgl. II:2.1.3.1). Vanaf die bereiking van puberteit was die mens dus aan omvangryke vermydings- en reinigingshandelinge onderwerp (vgl. II:2.2.1.4.3; III:2.1.7.3, 9.13, 10.6.3). Die mens moes gedurende toestande soos menstruasie, asook na oorgangstadiums die lewensbronne soos die vee vermy, en tydens menstruasie, swangerskappe, ensovoorts kwesbare mense soos siekes (vgl. II:2.1.1, 2.1.2). Reinigingshandelinge op die mens is na elke oorgangstadium uitgevoer (vgl. III:2.1.7.3, 9.1.3.1, 10.6.3).

Wanneer die mens sterf, word hy 'n goeie of bose gees en verkry hy bonatuurlike vermoë waardeur hy 'n invloed op die lewe van ander mense kan uitoefen (vgl. II:1.2.2).

Die aardse verhouding van die mens teenoor andere is in die eerste instansie 'n verhouding teenoor mense, maar ook in die tweede instansie 'n verhouding teenoor ruimtes omdat leefruimte gevul word deur kontak met mense. Die primêre leefruimte van die mens by die Khoekhoen was die werf en die gesinnegroep wat daar saamgebly het.

Daar is 'n primêre teenstelling tussen mans en vroue vanweë geslags-, opvoedings- en arbeidsverskille wat ook uitgebeeld word in verskille in leefruimtes in die werf. Die opvoeding van 'n Khoekhoe-meisie was daarop gemik om haar vir haar rol as vrou en moeder gereed te maak, en het dus verband gehou met bewaring van haar vermoë tot voortplanting en met die versorging van die gesin (vgl. III:2.1.2, 2.1.3, 8.3). Daarteenoor moes seuns bedreweheid in die jag verkry, behendigheid in die kuns van verdediging, en was hulle met die oppas van vee gemoeid (vgl. II:2.1.3.1; III:8.3). Hierdie verskillende leefwêrelde van die geslagte is uitgebeeld in die benutting van verskillende leefruimtes. Die ruimtelike oriëntasies links en regs is dus onderskeidelik met vroue en mans verbind (vgl. III:4.4.1). Vroue is as ondergeskik aan mans beskou. Dit blyk byvoorbeeld daaruit dat seuns bo meisies as kinders verkies is (vgl. III:7.1).

Die werfgroep was vroeër 'n patrilokale gesinnegroep wat saam gewoon en getrek het. Die gesinnegroep het onder die gesag van 'n vaderfiguur, gewoonlik 'n grootvader, gestaan, en het dikwels vier generasies ingesluit. Die grootte van die werfgroep is deur die dravermoë van die weiveld en die nomadiese bestaanswyse van die Khoekhoen beperk. In resente tye het die groep aansienlik verklein (vgl. III:8.4).

Die werf was altyd 'n veilige hawe waarmee daar nie assosiasie nodig was nie. Assosiasie was egter noodsaaklik wanneer die omgewing buite die werf betree is. Hierdie omgewing waarmee geassosieer moes word, het die natuur en ander mense ingesluit (II:2.2.1.4.1). Buite die werf is daar kragte opgesluit in die

aardbodem self, in sekere veldkos, in die riviere, die see, die reën en die Grootslange en ander slangagtige wesens. Hierdie kragentiteit sou negatief teenoor die mens ingestel wees. Hoewel die mens outomaties na geboorte 'n band met sy eie werfgroep gehad het, was daar nie so 'n band met mense van ander werwe nie. Daar moes dus met die omgewing buite die werf geassosieer word (vgl. II:2.2.1.4.1, 2.2.1.4.1.1).

Volgens Khoekhoe-beskouing is die groep belangriker as die enkeling. In die lewensstryd was dit belangrik om lojaal teenoor gesinslede te wees en om met verwante en vriende verbintenisse te hê, en om nie die harmonie tussen persone te versteur nie (vgl. III:8). Dit blyk besonder duidelik uit die huweliksreëlings waarvolgens individue nie net met mekaar trou nie, maar ook in mekaar se verwantskapsgroepe introu (vgl. III:4.3, 4.4.4, 8.5). Kearney verwys na die belangrikheid van die groep as 'Self in society rather than Self and society' (Kearney 1984:151).

Die mens was in noue daaglikse skakeling met die verwante in sy werfgroep. Vroeër was die aantal verwante waarmee binne so 'n groep geskakel was natuurlik veel groter (vgl. III:8.4). Die werfgroep was 'n patrilokale gesinnegroep. Broers het mekaar bygestaan, 'n moeder en dogter het in noue verband saamgewerk, ensovoorts (vgl. III:8.3). Bepaalde aanverwante soos 'n getroude vrou en haar man se bloedverwante en skoonsusters op dieselfde werf het daaglikse skakeling geniet (vgl. III:8.5). Die reël van sibbe-eksogamie en die afstande tussen werwe was verantwoordelik daarvoor dat skakeling tussen ander aanverwante soos skakeling tussen 'n man en sy skoonfamilie meer sporadies was, byvoorbeeld net tydens familiebesoeke of spesiale geleenthede (vgl. III:4.1, 8.5).

Die Khoekhoen het ook in sibbe- en stamverband met ander mense geskakel. Hierdie skakeling was egter meer sporadies en in afnemende graad op die buiterand van skakeling (vgl. III:8.4, 8.6). Vanweë vinniger vervoermiddele is hierdie skakeling vandag makliker. Die Khoekhoen openbaar steeds 'n sterk familie- en stamgevoel. Gereelde familiebesoeke vind plaas en kultuurfeeste word graag bygewoon.

Vriendskapsbande is met persone buite die werfgroep aangeknoop. Vrienskappe is gesmee tussen ouderdomsgenote wat saam opgegroeï het (vgl. III:8.6) en tydens spesiale geleenthede soos jagtogte (vgl. III:8.6). Die soregus-verhouding is aangegaan met persone buite die werfgroep (vgl. III:8.6). Vriendskapsbande het hulpverlening verseker. Elke individu was betrokke by 'n netwerk van verpligtinge en dus verwagtinge van hulp, maar het ook die versekering van potensiële ondersteuning geniet. Hoewel hulpverlening 'n faktor was by die smee van vriendskapsbande was 'n soeke na broederlikheid van oorwegende belang (vgl. III:8.6).

Vreemdes is met versigtigheid bejeën tot waarborge deur voorstelling gegee is. Daarna is diesulkes gasvry ontvang (vgl. III:8.6).

Gewaardeerde karaktertrekke tussen bekendes en verwante was mededeelsaamheid, gasvryheid asook lojaliteit teenoor vriende soos uit die soregus-verhoudinge blyk (vgl. III:8.7). Hierbenewens is bejaardheid met respek bejeën vanweë die kennis waarvoor sulke persone beskik (vgl. III:2.1.2, 8.6), maar waarskynlik ook vanweë die feit dat 'n bejaarde persoon die stadium van geeswording nader (vgl. II:1.2).

3.4 Die mens teenoor die bonatuurlike

Soos reeds vermeld is, was die mens inisiatiefnemer in die verhouding teenoor die bonatuurlike al was dit van hom verwag om tekens te lees of verklarings te soek (vgl. II:2.2.1.2; III:9.1). Die mens het in sy skakeling met die bonatuurlike, en veral in die ontvangs van boodskappe onduidelike mededelings gekry. Vroeër is dan van waarsegging gebruik gemaak. Tans word van die selfinterpretasie van vele voorbodes gebruik gemaak wat die ouer sisteem op die agtergrond dwing. Hoewel waarsegging vroeër, wanneer iets onverklaarbaars gebeur (vgl. II:2.2.1.1), deur die kragdokter gedoen is, ontbreek kennis daarvan by informante. Dit is egter uit die vertellings van informante duidelik dat die kragdokter 'n belangrike rol vervul het.

Periodieke gebede is vroeër teenoor die opperwese ge-uiter en daar is veral met reënseremonies aan hom geoffer (vgl. II:1.1). Hoewel Hoernlé (1922:20) meld dat die reënseremonie op 'n jaarlikse basis uitgevoer was, is die informante wat hieroor onder- vra is onbekend met so 'n gewoonte. Ten spyte van moontlike onkunde by informante in die huidige hieroor kan die afleiding gemaak word dat daar geen vaste dienspatroon tot Tsui//Goab bestaan het nie.

Ook met betrekking tot die natuur kon geen bewyse van 'n dienspatroon vasgestel word nie. Assosiasiehandelinge (vgl. II:2.2.1.4.1) en die gebruik van afweermedisyne (vgl. II:1.1, 2.2.1.3) is wel aangewend.

Dienshandelinge is teenoor die mensgeeste uitgevoer met begraf- nisse (vgl. III:9.9) en periodiek daarna as die geeste dit ver- eis (vgl. III:9.19). 'n Vaste dienspatroon het egter ontbreek. Nietemin het die gestorwenes 'n belangrike plek ingeneem in die lewe van die lewendes. Hulle kon die mens se lewe beïnvloed deur byvoorbeeld ekonomiese teëspoed en siekte. Die mens moes dus voortdurende die behoeftes van die gestorwenes in ag neem (vgl. II:1.2.2.1, 2.1.3.4).

Die mens se omgang met onpersoonlike bonatuurlike krag deur vermydingshandelinge en sy benutting daarvan ten goede en ten kwade vorm vandag die belangrikste deel van die Khoekhoe-reli- gie. Dit moet egter aanvaar word dat hierdie siening nie in die verlede korrek was nie. Die veranderende effek van die Christelike sendingaksie het belangrike dele van die tradisio- nele godsdiens laat verdwyn.

In reënseremonies is probeer om reën deur middel van analogie- handelinge te bekom (vgl. II:1.1). Assosiasiehandeling is in nederigheid tussen mense en teenoor die natuur uitgevoer (vgl. II:2.2.1.4.1). Bonatuurlike onpersoonlike krag is ook deur kundiges gemanipuleer. Dit is aangewend vir beveiliging deur middel van insnyding met natuurgoed (vgl. II:2.2.1.3) en deur immunisering met menskrag (vgl. IV:2.4.5). Dit is ook aangewend vir genesing deur die gebruik van natuurmedisyne waarin die krag dan gekonsentreerd is (vgl. IV:2.4.4). Daar is

gebruik gemaak van die onpersoonlike bonatuurlike krag van gelukkige persone deur smeervroue en gelukkige begeleiers (vgl. IV:5; III:2.1.2, 9.2). Hierbenewens is ook van onpersoonlike bonatuurlike krag vir benadeling van ander persone gebruik gemaak. Hierdie kragaanwending is grootliks gevrees. Dit kon deur direkte of indirekte kontak met die slagoffer geskied (vgl. II:2.2.2.3). 'n Verdere voorbeeld van die gebruik van onpersoonlike bonatuurlike krag is die gebruik van gediensdiges deur toornaars, soos byvoorbeeld die padda (vgl. II:2.2.2.3).

Vanuit bostaande gegewens oor die verhouding tussen die mens en die bonatuurlike is dit duidelik dat die rol van selfwerkende kragte as besonder belangrik beskou is en dat die kragdokter vroeër as waarsêer en geneser 'n besonder belangrike funksie in die lewe van die Khoekhoen moes vervul het. Verwestersing en die Christelike godsdiens het egter sy praktisering laat verdwyn. Dit is vervang met Westerse mediese dienste. Die agterliggende veld van sy optrede is egter steeds aanduibaar.

4. DIE NATUUR

Op gevaar af dat daar herhaal sal word, word slegs enkele sake skerp belig.

In die Khoekhoe-wêreldbeskouing is die aard van die natuurorde nie geskei van die bonatuurlike of mense nie. Daar is sprake van 'n alles-omvattende kragorde wat 'n samehangende verband vorm soos reeds aangedui is. Dit is die rede waarom natuur-entiteite gepersonifiseer is en begeertes en kwaliteite soos mense het (vgl. II:1.1), en waarom die oorgang van die Groot-slange en die weerlig na die groot bonatuurlike kragte onduidelik is (vgl. II:1.1, 1.3.7).

Die leefruimte van mense is begrens deur die omtrek van die werf waarbuite daar die ongerepte en gevaarlike natuur was. Die gebied buite die werf kon slegs deur assosiasiehandelinge betree word en dan sonder gevaar benut word (vgl. II:2.2.1.4.1, 2.2.1.4.1.1). Buite die leefruimte is oos aangedui as goed en wes as sleg omdat dit respektiewelik met die goeie god,

Tsui//Goab, en die bose god, //Gâunab, verband hou (vgl. II:1.1).

Die tydsbegrip van die Khoekhoen is deur die natuurorde bepaal. Daar is tussen dag en nag, maansiklusse en seisoensiklusse onderskei. Die herhaling van gebeure in die natuur het 'n siening van tyd as 'n ossilerende proses en van herhalende gebeure in die mens se lewe tot gevolg gehad. Daar was dus telkens 'n ossilasieperiode van lewe tot by 'n bepaalde oorgangspunt, dan volg reiniging van die ou lewe en die aanvang van 'n nuwe lewe, en dus die aanvang van 'n nuwe ossilasieperiode. Dit blyk uit die lewensfases tot met die bereiking van puberteit en tot met die dood van 'n naasbestaande (vgl. III:2.1.7.3, 9.13, 10.6.3). Onderliggend aan hierdie siening van tydsverloop is die gedagte dat vernuwing goed is en voorspoed inhou. In ooreenstemming hiermee is aan oggende en vroegoggende 'n konnotasie van kragtigheid geheg (vgl. IV:2.4.2; II:2.2.2.5). Die siening is gehuldig dat dit wat nuut is goed is. Dit het tot omvangryke verwestersing gelei (vgl. II:2.1.4).

Die kragbalans in die natuur is nie deur die informante as 'n filosofiese sisteem verduidelik nie maar is afgelei uit die kontaksituasies waarby die mens betrokke is. Hieronder resorteer verwysings na assosiasiehandelinge (vgl. II:2.2.1.4.1), die skaduwee van mense wat die krag in medisynepiante kan verminder (vgl. IV:6), die 'sig' van plekke (vgl. II:2.2.1.4.1), die vermoë van sommige natuurentiteite om die weerlig te lok (vgl. II:1.1), en die inherente kragwaarde van dele wanneer geslag word (vgl. III:9.12.2, 9.14, 9.15).

5. OORSAAKLIKHEID EN KLASSIFIKASIE

Daar is reeds op terloopse wyse aan hierdie beginsels wat Kearney as universaliala beskou, aandag gegee. By wyse van opsommende herhaling word die beginsel dat alle kousaliteit kragbepaald is, uitgewys. Daar word nie deur die Khoekhoen onderskei tussen bonatuurlike krag en fisiese wette soos swaartekrag nie. Informante het ontwykend geantwoord as hieroor te diep ingevra word.

By klassifikasie is daar sprake van reekse teenstellings soos goed teenoor boos, geluk teenoor ongeluk, asook mans teenoor vroue.

Hahn (1881:61, 62) wys reeds in die vorige eeu op die antitese tussen Tsui//Goab en //Gâunab waarvolgens eersgenoemde met voorspoed geassosieer is en laasgenoemde met teëspoed. Tsui//Goab, die goeie geeste en die kragdokter vorm 'n samehang wat in 'n direkte kontras teenoor //Gâunab, die bese geeste, die toornaar en die Grootslange staan (vgl. II:1.3.7, 2.2.1.1, 2.2.2.3). Hierdie teenstelling tussen voorspoed en teëspoed of goed teenoor boos word verder geïllustreer deur die verband van Tsui//Goab met die kant waar die son opkom en deur die verband van //Gâunab met die 'donkerkant' (vgl. II:1.1), dit wil sê deur middel van die teenstellings lig en donker. Hiervolgens is aan die ooste- en westekant respektiewelik 'n konnotasie van geluk en ongeluk geheg (vgl. III:4.4.1), is goeie geeste as lig en bese geeste as donker voorgestel (vgl. II:1.2.2.1, 1.2.2.2), en is 'n persoon met 'n ligte vel verkies bo een met 'n donker vel (vgl. III:3.3). Hierdie teenstelling tussen voorspoed en teëspoed kom ook voor in die ruimtelike oriëntasies met betrekking tot regs en links asook voor en agter. Indien 'n persoon dus met sy regterbeen sou struikel, of 'n haas voor 'n persoon opspring, sou dit op geluk dui (vgl. II:2.2.1.2).

Die onderskeid tussen manlik en vroulik het saamgehang met die ruimtelike oriëntasies van regs en links. Dit hou verband met die sterker regterkant en swakker linkerkant by die menslike liggaam (vgl. II:1.2.2.1; III:4.3, 4.4.1). Hiervolgens het ongetroude seuns byvoorbeeld regs in die huis geslaap en ongetroude dogters links (vgl. III:4.4.1). Die onderskeie pligte van mans en vroue (vgl. III:8.1) het met hierdie beginsel verband gehou. Mans was betrokke by werk wat fisies groter inspanning vereis, soos jag.

Wat vir die Westerse mens skerp geskei is, vloei soms by die Khoekhoen ineen. Daar is deur die Khoekhoen nie deurgaans onderskei tussen die bonatuurlike en die natuurlike nie maar die heelal is as 'n samehangende geheel beleef. Die Grootslange wat wesens was met groot bonatuurlike krag is deur die

Khoekhoen as natuurlike wesens in die natuur beskou en is byvoorbeeld saam met roofdiere en gewone slange gegroep as diere wat aggressief teenoor die mens sou wees (vgl. III:2.1.4, 10.4). Ook die hotnotsgot, Turus, die fonteinslang, !Ganan!gūb, die dassieadder en die Witslang is as 'diere' met besondere bonatuurlike vermoëns aangesien (vgl. II:1.3). Hierbenewens is aan die natuurlike omgewing menslike kenmerke toegedig soos dat dit aggressief (vgl. III:2.1.3.1, 3.2) of sku (vgl. II:2.1.3.1, III:3.3) kon wees.

Hierdie gebrek aan onderskeid tussen natuurlik en bonatuurlik asook menslik en nie-menslik kan uitgebrei word tot 'n mindere onderskeid tussen plante, diere en mense wat toegeskryf kan word aan die aanwesigheid van 'n ooreenstemmende en inherente lewenskrag wat, hoewel in wisselende grade, teenwoordig sou wees in al hierdie verskynsels (vgl. IV:6, 7; III:2.1.6.1).

Die Khoekhoen gaan van die veronderstelling uit dat dinge nie altyd is soos hulle op sigwaarde lyk nie. Daar is 'n kragkomponent wat eintlik alles bepaal. Daarom kon vreemdelinge vriendelik lyk maar tog gevaarlik wees of die Rivierslang hom soos 'n kopdoek vermom (vgl. II:1.3.1.1.3). Daar is dus in Khoekhoe-redenering 'n waarheidsdimensie teenwoordig wat die Westerling nie ken nie.

6. BEVINDINGE

Verskeie basiese denklyne kan ten slotte in die wêreldbeskouing van die Khoekhoen onderskei word. Die belangrikste hiervan is die gedagte dat die heelal met krag belaaie is. Daar is in ooreenstemming met Kearney se mening dat binne 'n wêreldbeskouing verskillende variasies van 'n bepaalde denklyn kan voorkom, gevind dat verskillende variasies van die denklyn oor die kragbeginsel in die wêreldbeskouing van die Khoekhoen aanwesig is (vgl. I:2.2). Die sieninge dat die geheel belangriker is as die besondere (vgl. III:8.8), dat vernuwing goed is (vgl. V:4), dat nie duidelik onderskei kan word tussen natuurlik en bonatuurlik asook mens en nie-mens nie (vgl. V:5), dat tyd as proses ossilerend is (vgl. V:4) asook die prominensie wat aan

analogiewerking geheg word (vgl. II:2.2.1.4.2) hou almal met die gedagte dat die heelal kragbelaai is, verband.

'n Tweede belangrike denklyn is die siening dat dit waarmee daar 'n band bestaan, nie gevaarlik kan wees nie. Hierdie gedagtelyk word gevind ten opsigte van mense en die natuur. Die Khoekhoen beleef die wêreld buite die werf as primêr negatief ingestel teenoor die individu. Dit sluit die aardbodem en die kragveld daarvan, die riviere, die reën en die Grootslange en mense van ander werwe in. Die Khoekhoen gaan van die standpunt uit dat indien 'n band deur middel van assosiëringshandelinge tussen die mens en hierdie entiteite tot stand gebring word, hulle nie negatief teenoor die individu sou optree nie. Die assosiëringshandelinge tussen die mens en die omgewing is deur middel van 'n streepaksie gedoen, maar daar kon ook in gesprekvoering tussen mense gepoog word om met die ander persoon te assosieer deur met hom saam te stem (vgl. II:2.2.1.4.1.1). 'n Verdere belangrike denklyn is die gedagte dat dit wat goed is in die heelal reëlreg in teenstelling is met die bose. Die oorsaak vir hierdie sieninge hou waarskynlik met waarnemings van kontraste in die fisiese omgewing verband (vgl. II:1.1).

Die feit dat ten spyte van verwestersing, 'n beeld van die tradisionele Khoekhoe-wêreldbeskoulike saamgestel kon word, in sommige gevalle self honderde jare na die eerste kontak met die Westerse kultuur, bevestig die uitgangspunt dat die wêreldbeskouing van 'n volk dié faset van hul kultuur is wat die stadigste verander (Möller 1976:1; Forde 1954:vii; Van Rooy 1978:1). Hierbenewens toon dit dat die voortdurende invloed van 'n groep se wêreldbeskouing op hul gedagte-wêreld en handelinge nie onderskat moet word nie.

Hoewel die aanwending van die Khoekhoe-wêreldbeskouing om probleme in die ontwikkelingsproses van die Khoekhoen op te los nie binne die bestek van hierdie studie val nie, word ter illustrasie van so 'n doel na enkele voorbeelde verwys.

Die fatalistiese siening van die Khoekhoen oor persone wat ongelukkig sou wees, doen afbreuk aan enige begeerte om bo sulke omstandighede uit te styg en lei soms tot 'n gebrek aan inisi-

atief : As 'n mens ongelukkig gebore is, of word, kan jy niks daaraan doen nie. Dit moet dus verstaan word dat die eerste ontwikkelingsboodskap vir die Khoekhoen moet wees dat alle mense eintlik gelukkig gebore word. Slegs enkelinge is, of word later, ongelukkig. Fatalisme vanuit die aanvaarding van eie ongeluk is dus moreel verkeerd. Die individu moet hom deur inspanning in die nuwe lewe telkens opnuut toets en sal dan vind dat hy nie inherent ongelukkig is nie, maar sukses kan behaal.

Aangesien die belange van die individu dikwels ondergeskik gestel is aan dié van die groep, en daar geglo is dat 'n persoon in harmonie met die omgewing moet leef, was inskiklikheid as 'n deug beskou en is geglo dat gepoog moes word om ander, ook die ontwikkelingsagente, te behaag en met hulle saam te stem. Aan die positiewe kant sou dié besondere siening van die Khoekhoen dat dit goed is om in harmonie met die medemens en die natuur te leef (vgl. II:2.2.1.4.1; III:8.7, 8.8), met vrug deur geestelikes en natuurbewaarders benut kan word.

BIBLIOGRAFIE

- Albrecht, A. 1915 Beobachtungen im Gross-Namalande, Mitteilungen aus dem Deutsch- Südwestafrikanischen Schutzgebiete, 28:202-205.
- Albrecht, C. 1918 Die Anfänge von Warmbad, Mitteilungen aus dem Deutsch- Südwestafrikanischen Schutzgebiete, 31:93-127.
- Alexander, J.E. 1838 An expedition of discovery into the interior of Africa, vol. 1. London:Colburn.
- Barrow, J. 1806 Travels into the interior of Southern Africa, vol. 1. London: Cadell & Davies.
- Beals, R.L. & Hoijer, H. 1965 An introduction to Anthropology. New York: Macmillan, 3rd edition.
- Benedict, R. 1934 Patterns of culture. London: Routledge & Kegan Paul.
- Berglund, A-I. 1976 Zulu thought-patterns and symbolism. Cape Town: David Philip.
- Bettison, D.G. 1954 The cosmology of the Southern Bantu. Chalmers Memorial Prize essay, s.u.
- Biden, C.L. & Kling, H. 1911 The funeral ceremonies of the Hottentots, Transactions of the Royal Society of South Africa, 2:223-225.
- Bidney, D. 1967 Theoretical Anthropology. New York: Schocken, 2nd edition.

- Bleek, W.H.I. 1864 Reynard the fox in South Africa.
London:Trübner.
- Boëseken, A.J. 1972 Meaning, origin and use of the
terms Khoikhoi, San and Khoisan,
Cabo, August.
- Bothma, C.V. 1972 Handleiding by etnografiese veld-
werk, In Eloff, J.F. &
Coertze, R.D. (reds.) : Etno-
grafiese studies in Suidelike
Afrika. Pretoria:Van Schaik.
- Bredenkamp H.C. 1982 Van veeverskaffers tot veewagters.
Bellville:Wes-Kaaplandse Instituut
vir Historiese Navorsing.
- Bruwer, J.P. van 1966 South West Africa : the disputed
S. land. Cape Town:Nasionale Boekhan-
del.
- Budack, K.F.R.H. 1965 'n Volkekundige studie van die
Tsés-reservaat. MA-verhandeling,
Pretoria:Universiteit van
Pretoria.
- Budack K.F.R. 1969 Inter-etnische Namen in Súdwest-
afrika, Ethnological Publ. No. 52.
Pretoria: Government Printer.
- Budack K.F.R. 1970-71 Preisgedichte von Khoekhoe Häupt-
lingen in Súdwest-Africa, Journal
of the South West African Scien-
tific Society, 25:65-75.
- Budack, K.F.R. 1971-72 Der Unterhäuptling bei den Khoek-
hoen in Súdwestafrika, Journal of
the South West African Scientific
Society, 26:57-84.

- Budack, K.F.R. 1972a Die Traditionelle politische Struktur der Khoe-khoen in Südwestafrika. D. Phil-proefskrif, Pretoria:Universiteit van Pretoria.
- Budack, K.F.R. 1972b Stam en stamkaptein by die Khoekhoen in Suidwes-Afrika, In Eloff, J.F. & Coertze, R.D. (reds.) : Etnografiese studies in Suidelike Afrika. Pretoria:Van Schaik.
- Budack, K.F.R. 1977 Die ≠Aonin und das Meer, In Möhlig, W.J.G., Rottland, F., Heine, B. : Zur Sprachgeschichte und Ethnohistorie in Afrika. Berlin:Dietrich Reimer.
- Budack, K.F.R. 1980 Kampf in den Oranjebergen 1897, Afrikanischer Heimatkalender, pp.65-69.
- Budack, K.F.R. 1983 A harvesting people on the South Atlantic coast, South African Journal of Ethnology, 6 (2):1-7.
- Budack, K.F.R. 1987 Inter-ethnic relations as expressed in name-giving and cultural mimicry, Namibiana, 11:41-53.
- Campbell, J. 1915 Bericht von Gross Nama- und Damaraland, Mitteilungen aus dem Deutsch-Südwestafrikanischen Schutzgebiete, 28:259-263.
- Carstens, P. 1983 The inheritance of private property among the Nama of Southern Africa reconsidered, Africa, 53 (2):58-69.

- Carstens, W.P. 1966 The social structure of a Cape Coloured reserve. Cape Town:Oxford University Press.
- Carstens, W.P. 1975 Some implications of Khoikhoi supernatural beliefs, In Whisson, M.G. & West, M. (eds.): Religion and social change in Southern Africa. Cape Town:David Philip.
- Coertze, P.J. 1971 Volke en kulture onder gebondenheid en vryheid, Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede, 22 (4):154-164.
- Coertze, P.J. 1980 Filosofiese en metodologiese grondslae van die Volkekunde. Johannesburg:Lex Patria.
- Coertze, R.D. 1985 Kulturele implikasies van identiteitsontploffing, In Du Toit, S.I. (red.): Menswees in die kollig. Pretoria:NG Kerkboekhandel.
- Coertze, R.D. 1983 Objek en metode in die Volkekunde, In Dreyer, P.S. (red.): Objek en metode in die Geesteswetenskappe. Pretoria:Universiteit van Pretoria.
- Dapper, O. 1933 Kaffraria or land of the Kafirs, also named Hottentots (translation; original edition 1668), In Schapera, I. (ed.): The early Cape Hottentots. Cape Town:Van Riebeeck Society.

- Deacon, J. 1984 Later stone age people and their descendants in Southern Africa, In Klein, R.G. (ed.): Southern African prehistory and paleo-environments. Rotterdam:A.A. Balkema
- Dreyer, P.S. 1974 Inleiding tot die filosofie van die Geskiedenis. Pretoria: H.A.U.M.
- Du Pisani, E. 1976 Die Nama van Gibeon. MA-verhandeling, Stellenbosch:Universiteit van Stellenbosch.
- Du Pisani, E. 1978 Dama settlement and subsistence along the Ugab valley, South West Africa, Navorsinge van die Nasionale Museum, 4 (1):1-20.
- Du Toit, S.J. 1954 Enkele Hottentotdanse, Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal, 10 (3):7-11.
- Elphick, R. 1985 Khoikhoi and the founding of White South Africa. Johannesburg:Ravan Press.
- Engelbrecht, F.J. 1974 Tyd en ruimte by die Bantoe. Pretoria:Van Schaik.
- Engelbrecht, J.A. 1936 The Korana. Cape Town:Maskew Miller.
- Epstein, H. 1937 Animal husbandry of the Hottentots, Onderstepoort Journal of Veterinary Science and Animal Industry, 9 (2):631-666.
- Firth, R.W. 1957 Man and culture. London: Routledge & Kegan Paul.

- Fischer, A. 1981 Mensbeskouing en wêreldbeeld by die Nhlangu, Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie, 4 (1):33-41.
- Forde, D. (red.) 1954 African worlds. Oxford:Oxford University Press.
- Fortes, M. & 1965 African systems of thought.
Dieterlen, G. (reds.) Oxford:Oxford University Press.
- Foster, G.M. 1973 Traditional societies and the impact of technological change. New York:Harper & Row.
- Fritsch, G. 1872 Die Eingeborenen Süd-Afrika's. Breslau:Hirt.
- Grevenbroek, J.G. 1933 An elegant and accurate account of the African race living around the Cape of Good Hope commonly called Hottentots (translation of letter, 1695), In Schapera, I. (ed.): The early Cape Hottentots. Cape Town:Van Riebeeck Society.
- Haacke, W.H.G. 1982 Traditional hut building technique of the Nama (with some related terminology), Cimbebasia, series B, 3 (2):78-98.
- Hahn, C.H. 1916 Die Reisen C. Hugo Hahns, Mitteilungen aus dem Deutsch- Südwestafrikanischen Schutzgebiete, 29:163-219.
- Hahn, J.S. 1916 J. Samuel Hahns Reise von Berseba nach dem Kaplande 1852, Mitteilungen aus dem Deutsch- Südwestafrikanischen Schutzgebiete, 29:245-248.

- Hahn, T. 1867 Die Nama-Hottentotten: Ein Beitrag zur Ethnographie, Globus, 12:238-242; 275-279; 304-307; 332-336.
- Hahn, T. 1881 Tsuni-//Goam. London:Trübner.
- Halford, S.J. s.a. The Griquas of Griqualand. Cape Town:Juta.
- Hammond-Tooke, W.D. 1974 World-View : A system of beliefs, In Hammond-Tooke, W.D. (ed.): The Bantu speaking peoples of Southern Africa. London:Routledge.
- Hammond-Tooke, W.D. 1981 Boundaries and belief : The structure of a Sotho worldview. Johannesburg:Witwatersrand University Press.
- Hartland, E.S. 1913 Hottentots, In Hastings, J. (ed.): Encyclopedia of Religion and Ethics, vol.6. Edinburgh:Clark.
- Hausman, A.J. 1982 The biocultural evolution of Khoisan populations of Southern Africa, American Journal of Physical Anthropology, 58 (3):315-330.
- Herskovits, M.J. 1948 Man and his works : The science of Cultural Anthropology. New York:Knopf.
- Herskovits, M.J. 1962 The human factor in changing Africa. London:Routledge.
- Hessen, J. 1950 Lehrbuch der Philosophie, vol.3. München:Ernst Reinhardt.

- Hitzeroth, H.W. 1972 Fisiese Antropologie van die inheemse mense in Suidelike Afrika. Pretoria:Afrika-Instituut.
- Hoernlé, A.W. 1913 Richtersveld, the land and its people. Johannesburg:Witwatersrand Council of Education.
- Hoernlé, A.W. 1918 Certain rites of transition and the conception of !nau among the Hottentots, Harvard African Studies, 2:65-82.
- Hoernlé, A.W. 1922 A Hottentot rain ceremony, Bantu Studies, 1 (2):20, 21.
- Hoernlé, A.W. 1922 - 1923 South-West Africa as a primitive culture area, South African Geographical Journal, 6:14-28.
- Hoernlé, A.W. 1923 The expression of the social value of water among the Nama of South-West Africa, South African Journal of Science, 20: 514-526.
- Hoernlé, A.W. 1925 The social organization of the Nama Hottentots of Southwest Africa, American Anthropologist, 27 (1):1-24.
- Hoff, J.A. 1981 Melk by die Nama in Volkekundige perspektief, met besondere verwysing na die /Hai/Khuan van Berseba. MA-verhandeling, Pretoria:Universiteit van Suid-Afrika.
- Hoff, A. 1983 Die konsep geluk by die Nama, Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie, 6 (2):9-15.

- Honigmann, J.J. 1963 Understanding culture.
New York:Harper.
- Honigmann, J.J. 1976 The development of Anthropological ideas. Homewood:The Dorsey Press.
- Horton, R. 1967 African traditional thought and Western science, Africa, 37:50-71, 155-187.
- Inskeep, R.R. 1978 The peopling of Southern Africa. CapeTown:David Philip.
- Jonas, P.J. 1986 Clanship as a cognitive orientation in Xhosa worldview, South African Journal of Ethnology, 9 (2):58-66.
- Karsten, S.F. 1979 Vestiging en territoriale organisasie by die Nama van Namaland, S.W.A. MA-verhandeling, Stellenbosch:Universiteit van Stellenbosch.
- Kearney, M. 1975 World view theory and study, Annual Review of Anthropology, 4:247-270.
- Kearney, M. 1984 World view. Novato:Chandler & Sharp.
- Kiernan, J. 1981 World view in perspective : towards the reclamation of a disused concept, African Studies, 40 (1):3-11.
- Kies, C.W. 1972 Die Kleurlinge van Noord-Kaapland noord van die Oranje Rivier, 2 volumes. D. Phil-proefskrif, Pretoria:Universiteit van Pretoria.

- Kitchingman, J. 1915 Tagebuch des Missionars James Kitchingman über seine Reise im Nordosten von Bethanien, Mitteilungen aus dem Deutsch-Südwestafrikanischen Schutzgebiete, 28:214-219.
- Kohler, J. 1902 Das Recht der Hottentotten, Zeitschrift für vergleichende Rechtswissenschaft, 15:337-360.
- Köhler, O. 1960 Sprachkritische Aspekte zur Hamiten-theorie über die Herkunft der Hottentotten, Sociologus, 10:69-77.
- Kolben, P. 1731 The present state of the Cape of Good-Hope, vol. I (translation; original edition 1719). London: Innys.
- Kluckhohn, C. 1943 Covert culture and administrative problems, American Anthropologist, 45:213-227.
- Kreft, H.H.G. 1926 - The diary of Hendrik Witbooi, 1927 Journal of the South West Africa Scientific Society, 2:49-61.
- Laidler, P.W. 1928 The magic medicine of the Hottentots, South African Journal of Science, 25:433-447.
- Laidler, P.W. 1929 Hottentot and Bushman pottery of South Africa, South African Journal of Science, 26:758-786.

- Le Roux, H.J. 1945 Die toestand, verspreiding en verbrokkeling van die Hottentotstamme in Suid-Afrika 1652-1713. MA-verhandeling, Stellenbosch:Universiteit van Stellenbosch.
- Lévy-Bruhl, L. 1923 Primitive mentality (translation; original edition 1922). New York:Macmillan.
- Lévy-Bruhl, L. 1926 How natives think (translation; original edition 1910). London:George Allen & Unwin.
- Lewis, O. 1953 Controls and experiments in field work, In Kroeber, A.L. (ed.): Anthropology today. Chicago:University of Chicago Press.
- Lewis-Williams, J.D. 1981 Believing and seeing : Symbolic meanings in southern San rock art. London:Academic Press.
- Linton, R. 1936 The study of man. New York:Appleton
- Lowery-Palmer, A. 1980 Yoruba world view and patient compliance. Ph.D-thesis, Riverside:University of California.
- Lowie, R.H. 1937 The history of ethnological theory. New York:Holt.
- Macnamara, M. 1980 World views. Pretoria:J.L. Van Schaik.
- Maingard, L.F. 1931 The lost tribes of the Cape, South African Journal of Science, 28:487-504.

- Maingard, L.F. 1932 Studies in Korana history, customs and language, Bantu Studies, 6:103-162.
- Malan, J.S. 1985 Swazi culture. Communications of the Africa Institute No. 52. Pretoria: Africa Institute.
- Malan, J.S. 1988 The cosmological factor in development programmes, South African Journal of Ethnology, 11 (2):61-66.
- Malan, J.S. 1989 Ontwikkelingsperspektief vanuit kognitiewe Antropologie, Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie, 12 (2):39-49.
- Malinowski, B. 1932 The sexual life of savages. London: Routledge, 2nd edition.
- Malinowski, B. 1944 A scientific theory of culture and other essays. New York: Oxford University Press.
- Malinowski, B. 1945 The dynamics of culture change. New Haven: Yale University Press.
- Mbiti, J.S. 1969 African religions and philosophy. London: Heineman.
- Mendelson, E.M. 1956 World-view. Ph.D-thesis, Chicago: University of Chicago.
- Mendelson, E.M. 1968 World view, International Encyclopedia of the Social Sciences, 16:576-579.
- Möller, H.J. 1976 Die lewens- en wêreldbeskouing van die stedelike Bantoe. Die Verslag oor die Stedelike Bantoe en die Kerk, vol. 4. Pretoria: R.G.N.

- Mönnig, H.O. 1967 The Pedi. Pretoria:Van Schaik.
- Moolman, E. 1981 Lekkersing - 'n Studie van verwantskap in 'n Richtersveldse gemeenskap. MA-verhandeling, Stellenbosch:Universiteit van Stellenbosch.
- Moolman, E. 1984 Food and food consumption in the Richtersveld - An overview, South African Journal of Ethnology, 7 (1):23-31.
- Nienaber, G.S. 1989 Khoekhoense stamname. Pretoria: Academica, vir R.G.N.
- Nurse, G.T., 1985 The peoples of Southern Africa and Weiner, J.S. & their affinities. Oxford: Jenkins, T. Clarendon Press.
- Murdock, G.P. 1959 Africa : Its people and their culture history. New York:McGraw-Hill.
- Olpp, J. 1884 Angra Pequena und Gross Namaland. Elberfeld:R.L.Friedrich.
- Olpp, J. 1888 Aus dem Sagenschaftz der Nama Khoi-khoin, Mitteilungen der geographischen Gesellschaft für Thüringen zu Jena, 6:1-47.
- Opler, M.E. 1968 The themal approach in Cultural Anthropology and its application to North Indian data, South Western Journal of Anthropology, 24 (3):215-227.
- Parrat, J. 1977 Time and traditional African thought, Religion : Journal of Religion and Religions, 7 (2): 117-126.

- Pauw, B.A. 1981 Basiese begrippe:kultuur en volk,
In Myburgh, A.C.(red.): Volkekunde
vir Suider-Afrika. Pretoria:Van
Schaik.
- Pelto, P.J. & 1978 Anthropological research.
Pelto, G.H. Cambridge:Cambridge University
Press, 2nd edition.
- Penniman, T.K. 1935 A hundred years of Anthropology.
London:Duckworth.
- Redfield, R. 1952 The primitive world view, Pro-
ceedings of the American Philo-
sophical Society, 96:30-36.
- Redfield, R. 1968 The primitive world and its trans-
formations. Harmondsworth:
Penguin.
- Reyneke, J.L. 1986 Teksmetode in volkekundige navo-
ring, Suid-Afrikaanse Tydskrif vir
Etnologie, 9 (1):41-45.
- Ridsdale, B. 1883 Scenes and adventures in Great
Namagualand. London:Woolmer.
- Robertshaw, P.T. 1978 Khoi and San : aspects of the
later pre-history of the Western
Cape. Cambridge:University of
Cambridge.
- Rudner, I. & 1957 A. Sparrman's ethnographical
Rudner, J. collection from South Africa.
Stockholm:Statens Ethnografika
Museum.

- Rudner J. 1979 The use of stone artefacts and pottery among the Khoisan peoples in historic and protohistoric times, The South African Archaeological Bulletin, 34 (129):3-17.
- Rudner, I. 1982 Khoisan pigments and paints and their relationship to rock paintings, Annals of the South African Museum, 87:1-281.
- Rust, F. 1963 Bemerkingsreg by die Nama (vertaling uit Duits deur G.S. Nienaber), Tydskrif vir Geesteswetenskappe, 3:55-56.
- Schapera, I. 1930 The Khoisan peoples of South Africa. London:Routledge & Kegan Paul.
- Schapera, I. 1933 General introduction, In Schapera, I. (red.): The early Cape Hottentots. Cape Town:Van Riebeeck Society.
- Schapera, I 1965 Government and politics in tribal societies. London:Watts.
- Schinz, H. [1891] Deutsch Südwest-Afrika : Forschungreisen. Oldenburg-Leipzig:A. Schwartz.
- Schmidt, M. 1930 Die Nama, Bergdama und Namib-Buschleute, In Schultz-Ewerth, E. en Adam, L. (reds.): Das Eingeborenenrecht, vol. 2. Stuttgart:Strecker & Schröder.

- Schmidt, S. 1973 Die Mantis Religiosa in den Glaubenvorstellungen der Khoesan Völker, Zeitschrift für Ethnologie, 98:102-127.
- Schmidt, S. 1975/6 Alte Götter der Khoisan-sprechenden Völkernim Südlichen Afrika, Journal of the South West African Scientific Society, 30:59-74.
- Schmidt, S. 1979 The rain bull of the South African Bushman. Johannesburg:Witwatersrand University Press.
- Schmidt, S. 1980 Märchen aus Namibia. Düsseldorf: Eugen Diederichs.
- Schmidt, S. 1982 Khoisan folktales. Johannesburg: Witwatersrand University Press.
- Schultze, L. 1907 Aus Namaland und Kalahari. Jena:Fischer.
- Schultze, L. 1914 Südwestafrika, In Meyer, H. (red.): Das Deutsche Kolonialreich, vol. 2. Leipzig: Bibliographisches Institut.
- Shaw, B. 1915 Shaws Schilderung des Gross-Namalandes, Mitteilungen aus dem Deutsch - Südwestafrikanischen Schutzgebiete, 28:219, 220.
- Shaw, E.M. 1972 The Hottentots/Die Hottentotte. Kaapstad:Suid-Afrikaanse Museum.
- Smith, A.H. 1977 Treasures of the Africana Museum. CapeTown:Purnell.
- Smith, M.G. 1982 Cosmology, practice and social organization among the Kadara and Kagoro, Ethnologie, 21 (1): 1-20.

- Smith, A.B. 1983 Prehistoric pastoralism in the southwestern Cape, South Africa, World Archaeology, 15 (1):79-89.
- Sparrman, A. 1975 A voyage to the Cape of Good Hope towards the Antarctic polar circle round the world and to the country of the Hottentots and the Caffres from the year 1772-1776, vol. 1 (edited by V.S. Forbes). Cape Town:Van Riebeeck Society.
- Sparrman, A. 1977 A voyage to the Cape of Good Hope towards the Antarctic polar circle round the world and to the country of the Hottentots and the Caffres for the year 1772-1776, vol. 2 (edited by V.S. Forbes). Cape Town:Van Riebeeck Society.
- Stoker, H.G. 1961 Beginnels en metodes in die wetenskap. Potchefstroom:Pro Rege.
- Stow, G.W. 1905 The native races of South Africa. London:Sonnenschein.
- Tax, S. 1941 World view and social relations in Guatemala, American Anthropologist, 43:27-42.
- Tempels, P. 1959 Bantu Philosophy. Paris: Présence Africaine.
- Ten Rhyne, W. 1933 A short account of the Cape of Good Hope and of the Hottentots who inhabit that region (translation; original edition 1686), In Schapera, I. (ed.): The early Cape Hottentots. Cape Town:Van Riebeeck Society.

- Theal, G.M. 1902 The beginning of South African history. London:Fischer & Unwin.
- Theal, G.M. 1910(a) History and ethnography of Africa south of the Zambezi, vol. 1. London:Sonnenschein.
- Theal, G.M. 1910(b) The yellow and dark-skinned people of Africa south of the Zambezi. London:Sonnenschein.
- Thunberg, C.P. 1796 Travels in Europe, Africa, and Asia, vol.2. London:Rivington.
- Tindall, H. 1856 Two lectures on Great Namaqualand and its inhabitants delivered before the Mechanics Institute. CapeTown:Pike.
- Tobias, P.V. 1955 Physical Anthropology and some somatic origins of the Hottentots, African Studies, 14 (1):1-15.
- Van der Walt, B.J. 1976 'n Vergelyking tussen Bantoedenke en Westerse denke, In Kontak en Kommunikasie : Aspekte van die ontmoeting tussen die Swartman en Blanke in Suider-Afrika, Wetenskaplike bydraes van die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., reeks F, Potchefstroom:Instituut vir die bevordering van Calvinisme, P.U. vir C.H.O.
- Van Rooy, J.A. 1978 The traditional worldview of Black people in Southern Africa. Wetenskaplike bydraes van die Potchefstroom Universiteit vir C.H.O., Reeks F, Potchefstroom:Instituut vir die bevordering van Calvinisme, P.U. vir C.H.O.

- Van Wateren, H. 1976 Bantu filosofie : Enkele opmerkings, In Kontak en Kommunikasie : Aspekte van die ontmoeting tussen die Swartman en Blanke in Suider-Afrika. Wetenskaplike Bydraes van die P.U. vir C.H.O., Reeks F, Potchefstroom: Instituut vir die bevordering van Calvinisme, P.U. vir C.H.O.
- Vedder, H. 1928 The Nama, In Hahn, C.L., Vedder, H. en Fourie, L. : The native tribes of South West Africa. Cape Town: Cape Times.
- Vedder, H. 1937 Die voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika. Windhoek: Meinert.
- Voget, F.W. 1975 A history of Ethnology. New York: Holt, Rinehart & Winston.
- Von Francois, H. [1896] Nama und Damara. Magdeburg: Baensch.
- Vorster, L.P. 1981 Grondbesit en grondgebruik by die Bakwena - Bamare-a-Phogole. D. Phil-proefskrif, Potchefstroom: Potchefstroom Universiteit vir C.H.O.
- Wallace, A.F.C. 1968 Cognitive Theory, International Encyclopedia of the Social Sciences, 2:536-540.
- Wandres, C. 1903 The Khoi-khoi oder Nama, In Steinmetz, S.R. (ed.): Rechtsverhältnisse von eingeborenen Völkern in Afrika und Ozeanien. Berlin: Springer.

- Wandres, C. 1909 Über das Recht der Naman und Bergdaman, Zeitschrift für Kolonialpolitik, Kolonialrecht und Kolonialwirtschaft, 9 (11):657-680.
- Wandres, C. 1910 Über Rechtsbewusstsein und Recht unserer Eingeborenen besonders der Hottentotten, Zeitschrift für Kolonialpolitik, Kolonialrecht und Kolonialwirtschaft, 12:269-281.
- Werner, A. 1917 Nama, In Hastings, J. (ed.): Encyclopedia of religion and ethics, vol. 9. Edinburgh:Clark.
- Westphal, E.O.J. 1963 The linguistic prehistory of Southern Africa : Bush, Kwadi, Hottentot, and Bantu linguistic relationships, Africa, 33 (3): 237-264.
- Wikar, H.J. 1935 The journal of Hendrik Jacob Wikar (1779), In Mossop, E.E. (ed.): The journals of Wikar, Coetsé and Van Reenen. Van Riebeeck Society No. 15, Cape Town:Van Riebeeck Society.
- Wilson, M.C. 1978 The early records of the Cape and their relevance to the archaeology of the Khoisan. MA-thesis, Stellenbosch:University of Stellenbosch.
- Wuras, C.F. 1929 An account of the Korana, Bantu Studies, 3:287-296.
- Zaby, A. 1982 Die Riemvasmaker, Geschichte und Kultur einer Gemeinschaft, Namibiana, 4 (1):3-153.

NAMAWOORDELYS

!gâi!ō	: gelukkig
!galisa	: plant, aangewend om negatiewe uitwerking van menstruerende vroue op vee te verhoed
!gams	: siekte wat mans se geslagsdele aantast
!ganan!gūb	: slangagtige dier met bonatuurlike vermoëns
!gao	: sny
!gao≠goms	: 'snyboud' - seremonie
!gāxa	: giftig
!gū-i	: gemaalde kern van kameeldoringstomp
!gūxa	: plantaardige medisyne
!hū//haru	: geneeskundige behandeling waarvolgens 'n kind deur 'n grondtonnel getrek word
!hū//hawas	: bepaalde soort graf
!ūros, !ūrodi	: skilpaddophouer(s)
//āb	: bakoorkakkels
//am	: reiniging van liggaam deur afvrywing
//āudas	: siekte in litte van mens
//gāuabgagab	: bose gees
//Gāunab	: die bose god
//habas	: veldaartappel
//hās	: baarmoeder
//haus	: kruis- en heupbene van mens
//kau-boom	: boom waarvan sade gebruik word as reinigingsmiddel vir die vel
//nananab	: sprinkaansoort
//nuri//gā	: gewoonte waarvolgens 'n verwant van die oorledene met laasgenoemde ^{ee} weduwee/wewenaar trou
//ob	: dood
//opo	: soort witgatboom
/apa-i	: plantaardige medisyne
/gare-sā-i	: plantaardige medisyne
/gīb	: maaanhaarjakkals
/girihaib	: plantaardige medisyne
/hās	: gees wat onder andere in die vorm van 'n haas verskyn

/hōa	: bring
/naukuis	: plant, gebruik om geluk te bevorder
/nunu	: plantaardige medisyne
≠gai-aob	: kragdokter
≠kanab	: plantaardige medisyne; die plant sou die weerlig aantrek
≠hōs	: nageboorte
≠naub	: mengsel van oker en hardevet
≠nobos	: soort akkedis
≠nubis	: milt
aba	: abba
apu	: massering deur drukbewegings
auhai	: medisyne van plantaardige oorsprong
balerja	: pepermentplantjie
boro	: grimeer
haira	: doringboomgom
kai taras,	: 'groot vrou(e)', dit wil sê volwasse vrou(e)
kai taradi	
khamagu	: plantaardige medisyne
kharu-oms	: afgeskorte ruimte vir puberteitsinisiant
sâ-i	: gemaalde, welriekende plantmateriaal
sares	: warrelwind
soregus	: bepaalde vriendskapsverhouding tussen twee persone
Tsui//Goab	: die goeie god
tsū!ōb	: ongeluk
tuteba	: assosiëringshandeling
u//gā	: besondere verhouding tussen moedersbroer en susterskind